

**PRAKTYKMODEL VIR EGSKEIDINGSEVALUERING:
`n SISTEMIESE PERSPEKTIEF OP DIE BELANGE VAN
DIE MINDERJARIGE KIND BY SORG EN KONTAK**

deur

MARTHA PETRO (HARMSE) KIMBERG

VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES

VIR DIE GRAAD

DOCTOR PHILOSOPHIAE

IN MAATSKAPLIKE WERK (D.PHIL)

IN DIE
FAKULTEIT GEESTESWETENSAPPE
DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF. C.S.L. DELPORT

APRIL 2008

PRETORIA

ERKENNING

’n Omvangryke projek soos hierdie studie berus op ’n spanpoging. Verskeie persone het insette in die realisering van hierdie onderneming gelewer. My opregte waardering en dank word aan die volgende persone opgedra:

Prof. C.S.L. (Rina) Delport vir haar professionele leiding, hoogstaande standaard van verwagtinge, insig en begrip, ongelooflike geduld en ondersteuning.

Die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria vir goedkeuring om betrokke te wees by en deelname aan die empiriese navorsing.

Doretha Rost vir uitstekende professionele taalversorging van die proefskrif.

Die Universiteit van Pretoria vir die toekenning van ’n studiebeurs.

My man, Matt, vir eindelose liefde en geduld, praktiese en finansiële ondersteuning.

Alberto Mostert as tegnologiese assistent vir onbaatsugtige hulp met die toegewyde en hoogstaande gehalte van verwerking van die statistiese gegewens.

Joan Marais van UNISA se Regshulpklyniek asook Advokaat Van Niekerk van die Departement Justisie se Regshulpraad vir ondersteuning van die navorsing en betrokkenheid in verwysing van respondente en fasilitering van bronne.

Die respondente vir bereidwilligheid tot deelname aan die navorsingsprojek.

Amanda Badenhorst vir liefdevolle ondersteuning en aanmoediging deurentyd.

Al die vriende wat elk op ’n besondere en unieke wyse bygedra het tot ondersteuning en aanmoediging ten einde hierdie projek te kon voltooi.

My kinders, Renier, Ronel en Niel vir hulle ondersteuning en aanmoediging.

In nederigheid en bewondering is ek dankbaar teenoor die Allerhoogste God vir die krag en energie, insig en wysheid, en geduld tot volharding in die verwesenliking van hierdie projek.

OPSOMMING

PRAKTYKMODEL VIR EGSKEIDINGSEVALUERING: \n SISTEMIESE PERSPEKTIEF OP DIE BELANGE VAN DIE MINDERJARIGE KIND BY SORG EN KONTAK

deur

MARTHA PETRO (HARMSE) KIMBERG

PROMOTOR: PROF. C.S.L. DELPORT

DEPARTEMENT: MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE

GRAAD: DOCTOR PHILOSOPHIAE (D.PHIL)

In hierdie ondersoek is daar gepoog om die belange van die minderjarige kind in egskeiding te bevorder deur die egskeidingsevalueringproses waarvolgens die belange van die kind bepaal word, te ondersoek en te beskryf. Die sisteemteoretiese benadering, wat op holisme as uitgangspunt gebaseer is, is gedefinieer en beskryf ten einde die sistemiese perspektief op die gesin-in-egskeiding uit te klaar. Voorts is egskeiding as internasionale fenomeen en die implikasies van egskeidingsdispute vir die minderjarige kind ondersoek en in terme van die juridiese en maatskaplike implikasies asook die beginsel van die “beste belang” van die kind beskryf en verduidelik. Navorsers het \n selfontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering ontwikkel en geëvalueer met die doel om die vasstel van die belange van die minderjarige kind in egskeiding te bevorder. Dit is gevolg deur die empiriese resultate, \n algemene opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings.

Die volgende navorsingsvraag is geformuleer om die ondersoekende en beskrywende gedeelte van die empiriese navorsing te rig: Wat is die aard en inhoud van die egskeidingsevalueringproses wat in die praktyk deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word ten einde die belange van die minderjarige kind te bevorder? Gelei deur die navorsingsvraag is die volgende hipotese geformuleer: Indien die sisteemteoretiese praktykmodel tydens egskeidingsdispute toegepas word, sal die beste belang van die minderjarige kind bevorder word.

Vir hierdie ondersoek, waar twee evalueringsprosesse met mekaar vergelyk is, was die kwantitatiewe navorsingsbenadering die aangewese keuse. Intervensienavorsing as tipe navorsing is volgens die Ontwerp- en Ontwikkelingsmodel toegepas. Die kwantitatief-beskrywende opname navorsingsontwerp is benut ten einde die doel van die studie te bereik, naamlik:

- Om 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering te ontwikkel en empiries te evalueer ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.

Voortspruitend uit die doel is die volgende doelwitte geformuleer:

- Om vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief egskeiding as maatskaplike verskynsel, die gesin as maatskaplike sisteem en die belange van die minderjarige kind, teoreties te konseptualiseer.
- Om die huidige egskeidingsevalueringproses, soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, te ondersoek en te beskryf.
- Om 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief, wat die belange van die minderjarige kind bevorder, te ontwikkel.
- Om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering empiries te evalueer.
- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die praktykbenutting van die nuut ontwikkelde praktykmodel om die belange van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering te bevorder.

Ten einde die heersende evalueringsproses wat deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in egskeidingsdispute toegepas word met die evalueringsproses soos deur die nuut ontwikkelde praktykmodel toegepas is, te kon vergelyk, het navorser 'n vraelys ontwerp vir evaluering van beide prosesse. Die vraelys het uit die volgende drie afdeling bestaan: (1) die professionele profiel van die deskundige (gesinsraadgewer/navorsers); (2) profiel van die gesinsisteem in egskeiding wat geëvalueer is; en (3) die aard en inhoud van die evalueringsproses vir egskeidingsdispute. Voltooiing van die vraelys deur die deskundiges wat die twee egskeidingsevalueringprosesse toegepas het, het meegebring dat die data vergelykbaar was. Daarvolgens kon die twee evalueringsprosesse dus vergelyk word en die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel empiries geëvalueer word.

Die empiriese resultate ten opsigte van die toepassing van die twee egskeidingsevalueringprosesse in die praktyk, het 'n wesenlike onderskeid

in die aard en inhoud van die twee prosesse met betrekking tot die beste belang van die minderjarige kind aangetoon.

Dit het geblyk dat in die toepassing van die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat die assessering van die behoeftes, wense, ontwikkelingsvlak, verhoudings asook sistemiese verbintenisse van die minderjarige kind nie prioriteit geniet nie. Tydsbesteding aan konsultasies met die minderjarige kind is baie beperk en is slegs op `n ad hoc basis uitgevoer. Kollaterale bronne is ook op `n ad hoc basis betrek sodat dit nie moontlik was om die sistemiese verbintenisse van die minderjarige kind te eksploreer nie.

Die evalueringsproses soos deur die nuut ontwikkelde praktykmodel toegepas is, bepaal as `n standaard prosedure individuele konsultasies vir assesseringsdoeleindes met die minderjarige kind ten einde die wense, behoeftes, ontwikkelingsvlak, verhoudings en sistemiese verbintenisse te kan bepaal met die oog op die vaststelling van die beste belang van die minderjarige kind vir die post-egskeidingsfase. Voldoende tydsbesteding aan die assessering van die minderjarige kind het hoë prioriteit volgens die praktykmodel geniet. Die evalueringsproses volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel het kollaterale bronne as `n standaard prosedure betrek sodat die sistemiese verbintenisse van die minderjarige kind volledig geëksploreer kon word.

Dit het dus uit die empiriese resultate geblyk dat die hipotese wat vir die studie gestel was, bevestig is.

Kern terme:

Sisteem, gesin, minderjarige kind, egskeiding, assessering, evaluering, egskeidingsevaluering, sorg en kontak, beste belang van die kind, praktykmodel, Kantoor van die Gesinsadvokaat.

SUMMARY

PRACTICE MODEL IN DIVORCE EVALUATION: A SYSTEMS PERSPECTIVE ON THE INTERESTS OF THE MINOR CHILD IN CARE AND CONTACT

by

MARTHA PETRO (HARMSE) KIMBERG

PROMOTER: PROF. C.S.L. DELPORT

**DEPARTMENT: SOCIAL WORK AND CRIMINOLOGY
DEGREE: DOCTOR PHILOSOPHIAE (D.PHIL)**

The aim of this study was to promote the interests of the minor child in a divorce situation, through an investigation into the process of assessment and evaluation whereby the best interests of the minor child in divorce disputes are determined. The systems theory approach, which sees holism as basic principle, was defined and described to explain the systems perspective of the family system in a divorce situation. Divorce as an international phenomenon and the implications of divorce disputes on the minor child were investigated, described and explained according to the legal and social implications as well as the principle of “the best interests” of the child. The researcher presented a self-developed practice model for divorce evaluation with the aim to promote the best interests of the minor child in divorce disputes. The study was concluded with the empirical results, a general summation, conclusions and recommendations.

One research question was formulated to guide the investigative and descriptive part of the study, namely: What is the nature and content of the process of evaluation in divorce disputes to determine the best interests of the minor child which is administered by the Office of the Family Advocate?

The following hypothesis was formulated according to the research question: If the practice model in divorce evaluation, based on systems theory, is administered in divorce disputes, the best interests of the minor child will be promoted.

The quantitative research approach was selected in this investigation where two processes of evaluation were to be compared and the type of research was identified as Intervention Design and Development. The quantitative-descriptive survey design was selected to achieve the following goal of the study, namely:

- To develop a practice model for evaluation in divorce and to evaluate the practice model empirical to promote the best interests of the minor child.

In order to obtain the goal of the study the following objectives were formulated:

- To conceptualise theoretically divorce as social phenomenon, the family as social system and the interests of the minor child from a systems perspective.
- To investigate and describe the current process of evaluation in divorce disputes as it is administered by the Office of the Family Advocate.
- To develop a practice model for evaluation in divorce disputes from a systems perspective to promote the interests of the minor child.
- To evaluate empirically the effectiveness of the newly developed practice model for evaluation in divorce disputes.
- To make recommendations regarding the implementation of the newly developed practice model to promote the interests of the minor child in divorce disputes.

A questionnaire was developed by the researcher to enable the comparison of the two processes of evaluation in divorce disputes. The questionnaire had three sections, namely: (1) the professional profile of the expert investigator (family counsellor/researcher); (2) profile of the family system who was evaluated; and (3) the nature and content of the process of evaluation. Data from the questionnaires completed by the expert investigators was compared to enable researcher to evaluate the effectiveness of the newly developed practice model to promote the interests of the minor child.

The empirical results from the two evaluation processes confirmed a distinct difference in the nature and content of the two processes.

The evaluation process in divorce as done by the Office of the Family Advocate did not put emphasis on the assessment of the needs, wishes, developmental status, relationships or systemic bonds of the minor child in a

divorce situation. The time allocated to assessment of the minor child is extremely limited and consultations with the minor child was only done on an ad hoc basis. Consultations with collateral sources were also done on an ad hoc basis. It was thus not possible for family counsellors to explore in-depth the systemic relationships of the minor child in a divorce situation.

The evaluation process according to the new practice model recognised the importance of individual consultations with the minor child. Individual assessment of the minor child was done as a regular procedure to establish the needs, wishes, developmental status, relationships as well as the systemic associations of the minor child in a divorce situation. The practice model recognised the need for adequate time allocation for assessment of the minor child. Exploring collateral sources was done as a standard procedure according to the practice model to allow opportunity for assessment of the systemic bonds of the minor child.

The empirical results confirmed the hypothesis which was developed for this study.

Key words:

System, family, minor child, divorce, assessment, evaluation, divorce evaluation, care and contact, best interests of the child, practice model, Office of the Family Advocate.

INHOUDSOPGAWE

| | |
|-----------|-----|
| ERKENNING | ii |
| OPSOMMING | iii |
| SUMMARY | vi |

HOOFTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

| | | |
|-------|--|----|
| 1.1. | Inleiding | 2 |
| 1.2. | Rasionaal vir die studie | 3 |
| 1.3. | Probleemformulering | 5 |
| 1.4. | Doel en doelwitte van die studie | 9 |
| 1.5. | Navorsingsvraag en hipoteseformulering | 10 |
| 1.6. | Navorsingsbenadering | 12 |
| 1.7. | Tipe navorsing | 13 |
| 1.8. | Navorsingsontwerp en –prosedures | 29 |
| 1.9. | Voorondersoek | 32 |
| 1.10. | Universum, populasie, steekproef en steekproefwyse | 32 |
| 1.11. | Etiese aspekte | 34 |
| 1.12. | Tekortkominge van die studie | 42 |
| 1.13. | Definisies van hoofkonsepte | 44 |
| 1.14. | Indeling van navorsingsverslag | 52 |
| 1.15. | Slotsom | 53 |

HOOFSTUK 2

ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING

| | | |
|------|---|----|
| 2.1. | Inleiding | 55 |
| 2.2. | Die inhoud van die algemene sisteemteorie | 60 |
| 2.3. | Die waarde van die algemene sisteemteorie | 91 |
| 2.4. | Slotsom | 94 |

HOOFSTUK 3

DIE GESIN AS MAATSKAPLIKE SISTEEM

| | | |
|------|--|-----|
| 3.1. | Inleiding | 97 |
| 3.2. | Die veranderende gesinsisteem | 100 |
| 3.3. | Die verwantskap tussen die gesin as maatskaplike sisteem en die juridiese sisteem | 133 |
| 3.4. | Samevatting | 143 |

HOOFSTUK 4

DIE MINDERJARIGE KIND AS SUBSISTEEM IN DIE GESINSISTEEM

| | | |
|------|--|-----|
| 4.1. | Inleiding | 147 |
| 4.2. | Subsisteme binne die gesinsisteem | 149 |
| 4.3. | Mensontwikkeling van die minderjarige kind | 157 |
| 4.4. | Behoeftes van die minderjarige kind tydens die ontwikkelingsfases | 179 |



| | | |
|------|-------------|-----|
| 4.5. | Samevatting | 192 |
|------|-------------|-----|

HOOFSUK 5

EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM

| | | |
|------|---|-----|
| 5.1. | Inleiding | 197 |
| 5.2. | Konseptualisering van egskeiding as maatskaplike probleem | 200 |
| 5.3. | Voorkoms van egskeiding as maatskaplike probleem | 204 |
| 5.4. | Egskeiding as proses | 214 |
| 5.5. | Die sistemiese impak van egskeiding | 231 |
| 5.6. | Slotsom | 245 |

HOOFSUK 6

DIE BELANGE VAN DIE MINDERJARIGE KIND BINNE DIE KONTEKS VAN EGSKEIDING

| | | |
|------|--|-----|
| 6.1. | Inleiding | 248 |
| 6.2. | Konseptualisering van die konsep minderjarige kind | 253 |
| 6.3. | Die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind | 254 |
| 6.4. | Uitklaring van die beginsel: “Die beste belang van die kind“ | 277 |
| 6.5 | Samevatting | 298 |

HOOFSTUK 7

GESINSASSESSERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING VANUIT 'N SISTEMIESE PERSPEKTIEF

| | | |
|------|---|-----|
| 7.1. | Inleiding | 302 |
| 7.2. | Konseptualisering van die volgende konsepte: Gesinsassessering, egskeidingsevaluering en maatskaplike funksionering | 304 |
| 7.3. | Rasionaal vir gesinsassessering binne die konteks van egskeiding | 311 |
| 7.4. | Dimensies van gesinsassessering binne die sistemiese konteks | 314 |
| 7.5. | Eienskappe van gesonde funksionerende gesinsisteme | 331 |
| 7.6. | Samevatting | 333 |

HOOFSTUK 8

MODEL VIR GESINSASSESSERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING

| | | |
|------|---|-----|
| 8.1. | Inleiding | 335 |
| 8.2. | Grondliggende uitgangspunte van die model vir gesinsassessering | 336 |
| 8.3. | Die aard en praktiese toepassing van die model gesinsassessering | 344 |
| 8.4. | Waarde van die model | 371 |
| 8.5. | Slotsom | 372 |

HOOFSTUK 9

EMPIRIESE RESULTATE

| | | |
|-----|--|-----|
| 9.1 | Inleiding | 376 |
| 9.2 | Doel en doelwitte van die studie | 377 |
| 9.3 | Navorsingsvraag en hipotese van die studie | 378 |
| 9.4 | Navorsingsmetodologie | 378 |
| 9.5 | Empiriese resultate | 380 |
| 9.6 | Samevatting | 461 |

HOOFSTUK 10

ALGEMENE SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

| | | |
|--------------|--|-----|
| 10.1 | Inleiding | 464 |
| 10.2 | Literatuurstudie | 467 |
| 10.3 | Empiriese resultate | 479 |
| 10.4 | Bereiking van doel en doelwitte van die studie | 501 |
| 10.5 | Slotsom | 502 |
| BIBLIOGRAFIE | | 504 |

LYS VAN AANHANGSELS

| | |
|--|-----|
| Aanhangsel A: Brief ter goedkeuring van navorsing deur Kantoor van die gesinsadvokaat | 527 |
|--|-----|

| | |
|--|-----|
| Aanhangsel B: Brief aan praktisyns ter bekendstelling van die navorsingsprojek | 534 |
| Aanhangsel C: Ingeligte toestemmingsvorm vir gesinsraadgewers | 536 |
| Aanhangsel D: Ingeligte toestemmingsvorm vir gesinsisteme | 539 |
| Aanhangsel E: Ooreenkoms van dienslewering met gesinsisteme | 542 |
| Aanhangsel F: Riglyn vir gesinsassessering in egskeiding | 546 |
| Aanhangsel G: Vraelys vir gesinsraadgewers/navorser | 552 |

LYS VAN TABELLE

| | |
|--|-----|
| Tabel 1: Aantal lede per gesinsisteam wat geëvalueer is | 384 |
| Tabel 2: Professionele tegnieke deur gesinsraadgewers toegepas | 399 |
| Tabel 3: Professionele vaardighede deur gesinsraadgewers toegepas | 400 |
| Tabel 4: Leidinggewende faktore in die evalueringsproses | 415 |
| Tabel 5: Professionele tegnieke deur die navorser toegepas | 440 |
| Tabel 6: Professionele vaardighede deur die navorser toegepas | 441 |
| Tabel 7: Aanbevelings ten opsigte van egskeidingsdispuut na evaluering | 456 |
| Tabel 8: Faktore wat egskeidingsevaluering kan bevorder | 460 |
| Tabel 9: Bereiking van die studiedoelwitte | 501 |

LYS VAN FIGURE

| | |
|---|-----|
| Figuur 1: Voorstelling van die unieke samestelling van elke gesin | 55 |
| Figuur 2: Voorstelling van die proses van teoretisering | 61 |
| Figuur 3: Voorstelling van die aanvullende beredeneringsproses | 64 |
| Figuur 4: Hiërargiese sistemiese verwantskap van die gesinsisteam | 101 |
| Figuur 5: Interwantskap van sistemiese vlakke in gemeenskap | 103 |
| Figuur 6: Skematiese voorstelling van sistemiese wisselwerkende verhoudings | 338 |



Figuur 7: Fases en komponente van praktykmodel

344

Figuur 8 - 78: Grafieke van empiriese resultate

380- 460



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 1

*A theory can be proved by experiment;
but no path leads from experiment to the birth of a theory.*

Albert Einstein



HOOFSTUK EEN

ALGEMENE INLEIDING

1.1 INLEIDING

Die kompleksiteit en veranderlikheid van die gemeenskap word ook in die gesin as mikro-gemeenskap weerspieël. Die mens bestaan nie in isolasie nie en is van geboorte af deel van 'n gesinsisteem, ongeag die aard van die verbintenis. Allers (2002: 722) haal Ackerman in die volgende stelling ter beskrywing van die karakter van die lewe aan: “ ... life is ... a shared and sharing experience.” Dit word verder beklemtoon dat die gesinsisteem die basiese eenheid is vir groei en ondervinding, vervulling of mislukking, gesondheid of siekte van die mens en veral van die jong kind (Allers, 2002: 722). Gesinne word egter voortdurend weens egskedding verdeel en as gevolg daarvan volg radikale veranderinge vir elke lid van die gesin, maar veral vir die minderjarige kind.

Egskedding as fenomeen is 'n wêreldwye verskynsel. Dit is die lewensgebeurlikheid wat die tweede hoogste stresgradering uit 43 algemene lewensinsidente op die Holmes en Rahe Maatskaplike Heraanpassingskaal meet (Holden, 1992: 118; 120; Herbert, 1997b: 2). Slegs die dood van 'n huweliks- of saamleefmaat meet hoër in terme van die graad van stres en gevolglike gesondheidsrisiko wat dit vir die individu veroorsaak (Holden, 1992: 118-120). Volgens statistiese gegewens het egskeddings in die VSA in 1980 'n koers van 5,2 per 1 000 van die bevolking beloop, teen 1990 was dit 4,7 en teen 2002 was die koers 4,0 per 1 000 (Lauer, 1998: 461; Lauer & Lauer, 2006: 349). In reële terme beteken dit daar word jaarliks in die VSA bykans een miljoen huwelike deur egskedding beëindig (National Center for Health Statistics, 2006: 6). In Brittanje word die hoogste risiko vir egskedding in die vierde huweliksjaar bereken wat meebring dat die kinders wat beïnvloed word baie jonk is (Herbert, 1997b: 3). Teen 1981 was daar 145 713 egskeddings in Brittanje, in 1991 was die getal 158 745 en in 2001 het dit 143 818 beloop (Statistics UK, 2006: tabel 4). In 2003 en 2004 was daar in Engeland 'n toename in egskeddings, onderskeidelik 153 490 en 153 399, terwyl 2005 se statistiek van 141 750 egskeddings 'n afname toon (Statistics UK, 2006: tabel 4). In Kanada wissel die heersende egskeddingsyfer rondom 40% (Special Joint Committee on Child Custody and Access, 1998: 3) wat in die jaar 2000 'n totaal van 71 144 beloop het (Pearce in *The Globe & Mail*, Oktober 2003).

Die aantal minderjarige kinders wat deur egskedding geraak word, is aansienlik. Gedurende 1996 was daar in Suid-Afrika alleen 'n totaal van 23 830 kinders in egskedding betrokke (Statistics South Africa, 1996: 1-4). Teen 1998 het die



getal byna verdubbel, naamlik 45 123 kinders uit 35 792 egskeidings (Statistics South Africa, 2006). Teen 2003 het die minderjarige kinders in Suid-Afrika 'n totaal van 33 424 uit 31 566 egskeidings beloop (Statistics South Africa, 2004: 1). In 2004 was daar 29 597 kinders uit 31 768 egskeidings en in 2005 is 32 394 kinders deur 32 484 egskeidings geraak (Statistics South Africa, 2005: 4). Uit die statistiese gegewens blyk dit dus dat daar ongeveer een minderjarige kind per gesin-in-egskeiding betrokke is. In Brittanje blyk die stand van sake feitlik dieselfde te wees, naamlik 153 527 minderjarige kinders in 2003, 149 275 in 2004 en 136 332 kinders in 2005 uit 141 750 egskeidings (Statistics UK, 2006: tabel 4).

Egskeiding impliseer verandering in die gesinsisteam se struktuur en funksionering. Die ondersoek na die aard van die implikasie van hierdie veranderinge, veral met betrekking tot die toekoms van die minderjarige kinders, is baie dikwels die bron van ernstige dispuut tussen die ouers.

Sodanige dispuut lei daartoe dat die hulp van professionele deskundiges ingeroep moet word ten einde die hof by te staan in die oorweging van die invloed van die verandering op die gesinsisteam. Die navorser wou poog om met hierdie navorsing 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering te ontwikkel waardeur die belange van die minderjarige kind by die vasstel van sorg(bewaring) en kontak(toegang) bevorder word en om die effektiwiteit daarvan empiries te evalueer. Daardeur wou die navorser op teoretiese en praktiese vlak 'n wetenskaplike bydrae lewer tot die kennisbasis van Maatskaplike Werk as profesie.

1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE

Die rasionaal vir wetenskaplike navorsing in die maatskaplikewerkveld is gebaseer op die soeke na beter ingeligte antwoorde op vraagstukke aangaande die maatskaplike lewe van die mens (Neuman, 2000: 2, 17).

Die navorser was vir die afgelope twaalf jaar 'n maatskaplike werker in 'n privaat praktyk waar die uitdaging bestaan het om professioneel vir die evaluering van die belange van minderjarige kinders uit gesinne in egskeiding beskikbaar te wees. Die doel daarvan was om, waar 'n dispuut bestaan het aangaande die sorg(bewaring) en/of kontak(toegang) van die afhanklike kinders, aanbevelings aan die hof te maak ten opsigte van die volgende:

- aan watter ouer die verantwoordelikheid van die sorg(bewaring) van die minderjarige kind(ers) toegestaan behoort te word, en
- hoe die minderjarige kind(ers) se kontak(toegang) tot die ander ouer gereël moet word.



Die navorser word voorts gekonfronteer met die scenario waar minderjarige kinders ná egskeiding probleme ondervind. Enersyds ontstaan die situasie waar die sorg(bewaring) ongunstig is vir die kind en 'n wysiging van die hofbevel ondersoek moet word. Andersyds ondervind die kind probleme om kontak met die nie-bewarende ouer te bekom en word 'n ondersoek na die wenslikheid en aard van die kontak(toegang) versoek. Ander betekenisvolle persone in die minderjarige kind se lewe mag ook betrokke raak as party in 'n dispuut aangaande die belange van die kind in egskeiding. Grootouers of stiefouers kan onder andere vanweë hulle besondere verbintenis met 'n gesinsisteam aanspraak maak op deelname aan beslissings met betrekking tot die kind se toekoms. Ondersoeke van hierdie aard behels aanbevelings aan die Hooggeregshof ten einde beslissings in die beste belang van die minderjarige kind te kan gee.

Die navorser het 'n uitgebreide literatuurstudie onderneem in soeke na 'n antwoord om die leemtes aan te spreek wat in die praktyk geïdentifiseer is. Die na-graadse studies op meestersgraad- sowel as doktorale vlak wat in Suid-Afrika oor die onderwerp van egskeiding onderneem is asook verskeie internasionale bronne is bestudeer. Die literatuur het die stryd wat by egskeiding tussen ouers ontken word, indien daar nie oor die toekoms van die kind(ers) ooreengekom kan word nie, bevestig (Rosen, 1977: 19; Potgieter, 1986: 42-43; Gardner, 1989: 2; Winner, 1996: 45; Woudstra, 1997: 133; Bosman-Swanepoel, Fick & Strydom, 1998: 105; Special Joint Committee on Child Custody and Access, 1998: 2; Coltrane & Collins, 2001: 533; Barratt, 2003: 145; Glasser, 2003: 108; Benokraitis, 2005: 429, 440; Brandt, Swartz & Dawes, 2005: 132).

Uit informele gesprekke met maatskaplike werkers het dit duidelik geblyk dat maatskaplike werkers dikwels onseker en onbemagtig voel om as deskundige getuies tydens egskeidingsevaluering op te tree en wel vanweë 'n gebrek aan kennis sowel as professionele vaardighede.

Die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering wat op die maatskaplike funksioneringspatrone van gesinsisteme gerig is, sal die kundigheid van die maatskaplikewerkprofessie in die veld van forensiese evaluering bevorder. Dit is die navorser se oortuiging dat die maatskaplikewerkprofessie 'n meer dinamiese rol in hierdie veld behoort in te neem. Die daarstel van 'n empiries getoetste praktykmodel vir egskeidingsevaluering sal voorsien in die behoefte aan 'n effektiewe betroubare evalueringinstrument vir die professie.

Uit eie professionele praktykervaring het die navorser 'n eiesoortige wyse van maatskaplike evaluering vir die doel van forensiese ondersoeke by egskeiding



ontwikkel. Hierdie werkwyse het effektiewe resultate gelewer wat professioneel gemotiveer kon word en derhalwe positiewe inslag by die hof gevind het. Dit is die navorser se oortuigde mening dat 'n ingrypende en wetlike bepaling, soos die toekoms van 'n kind in egskeiding, nie slegs op die assessering van individuele eienskappe van hetsy ouers en/of kind(ers) gegrond kan word nie. Die doel van sodanige evaluering behoort te wees om vas te stel watter een van die ouers die besondere kind die beste geleentheid tot volle ontwikkeling van sy/haar potensiaal as mens kan bied.

Vanuit praktykervaring het die navorser onder die indruk gekom van die noodsaaklikheid om tydens deskundige getuienis die hof van wetenskaplik gefundeerde feite te voorsien. Mense se emosionele en persoonlike belewenis van hulle situasie bied geleentheid tot verskillende perspektiewe en hierdie feit lei dikwels tot weersprekende interpretasies wat deur professionele deskundiges aan die hof voorgelê word. Dit bring dikwels mee dat die hof op grond van tradisionele of stereotipe bevindings tot 'n beslissing kom, terwyl die uniekheid van elke gesin-in-egskeiding erken behoort te word.

Die rasionaal vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering was dus om deur middel van 'n wetenskaplik getoetste model die maatskaplike evaluering van gesinne-in-egskeiding te bevorder ten einde die belange van die minderjarige kind voorop te stel, die emosionele trauma vir die kind te verlig, gefundeerde beslissings met betrekking tot die kind se sorg(bewaring) en kontak(toegang) te bevorder, kostes te beperk asook die tydsduur van die litigasieproses te verkort. Die rasionaal van die studie was derhalwe te vind in die fokus op die aanspreek van die vraagstukke wat betrekking het op die belange van die minderjarige kind in egskeiding ten einde die kind se ontwikkeling en maatskaplike funksionering te bevorder.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Probleemformulering is 'n belangrike stap in die navorsingsproses. Bless en Higson-Smith (1995: 29) stel dit soos volg: “... a well-formulated problem is already a half-solved problem.” Formulering van die probleem is die stap waartydens die onderwerp van die navorsing in 'n beantwoordbare vraag saamgevat word (Neuman, 2000: 11). Probleemformulering as stap in die navorsingsproses kan beskou word as die bewuste uitvoer van keuses ten opsigte van die eenheid van analise, die navorsingsdoelwit en die navorsingsbenadering (Fouche & De Vos, 2005: 103).



Egskeiding is 'n algemene fenomeen wat voorkom waar daar wetgewing bestaan wat huwelike reël. Die meer resente tendens van kohabitasie/saamleefverhoudings dra by tot verlaging van die statistiek van egskeidings, maar verminder nie die implikasie vir die kind(ers) betrokke in die verhouding wanneer so 'n verbintenis verbreek word nie (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 5; Lauer, 1998: 461; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5).

Die sorg(bewaring) van 'n kind na egskeiding is tot diep in die negentiende eeu outomaties aan die vader toegestaan (Bosman-Swanepoel et al., 1998: vii; Cherlin, 2002: 433). Teen die einde van die negentiende eeu het 'n verandering met die aanvaarding van die sogenaamde “tender years doctrine” ingetree (Winner, 1996: 44-45; Bosman-Swanepoel et al., 1998: vii). Die sorg(bewaring) van veral jong kinders is in egskeidingsdispute geleidelik meer aan die moeder toegestaan en 'n simpatieke houding het ontwikkel ten opsigte van moeders as die mees geskikte ouer vir kinders se sorg(bewaring) (Winner, 1996: 32; Bosman-Swanepoel et al., 1998: vii; Cherlin, 2002: 433).

Die implementering van die sogenaamde “no fault”-wetgewing gedurende die 1970's het die gronde vir egskeiding vereenvoudig sodat blamering van een party uitgeskakel is (Saxton, 1996: 419). Die “no fault”- of skuldlose beginsel in egskeiding behels dat daar bepaalde wettige gronde vir egskeiding bestaan sonder dat daar van 'n skuldige of onskuldige party sprake hoef te wees (Cronje & Heaton, 2004a: 123). Teen die einde van die 1980's het byna elke Westerse land 'n vorm van “no fault”-wetgewing vir egskeiding aanvaar (Cherlin, 2002: 423). Voorts is die beginsel van “die beste belang van die kind” in egskeidingsdispute aangaande die sorg(bewaring) van die minderjarige kind(ers) teen die 1970's aanvaar (Winner, 1996: 46; Cherlin, 2002: 433). Hierdie veranderinge het egter nie noodwendig vir die kinders 'n beter situasie geskep nie. Die teendeel het gebeur, soos Gardner (1989: 4) tereg daarna verwys:

(it) ... did not reduce the frequency of litigating for money, property, and/or children ... In fact, children then become open prey to both parents, each of whom claimed equal rights to their custody. As a result we have witnessed an epidemic of custody litigation unlike that which has ever existed in the history of humankind.

In Suid-Afrika word 'n soortgelyke situasie aangetref. Soos voorheen genoem, is die aantal minderjarige kinders wat by egskeiding betrokke is, naamlik 45 123 in 1998 (Statistics South Africa, 2006), 33 424 in 2003 (Statistics South Africa, 2004: 2) en 32 394 in 2005 (Statistics South Africa, 2005: 4), kommerwekkend hoog. Ten einde die minderjarige kind se belange in die



egskeidingsproses deur wetgewing te beskerm is die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede (Wet 24 van 1987) ingestel wat voorsiening maak vir die aanstelling van gesinsadvokate om die hof in die bepaling van die belang van elke minderjarige en afhanklike kind betrokke in egskeiding by te staan (Visser & Potgieter, 1998: 166; Cronje & Heaton, 2004a: 165). Enige party in 'n egskeidingsdispuut of die hof kan die gesinsadvokaat versoek om 'n ondersoek te loods na die belange van 'n kind wat by 'n dispuut betrokke is. Die Kantoor van die Gesinsadvokaat voorsien dan aan die hof 'n verslag met aanbevelings aangaande die betrokke kind(ers) (Visser & Potgieter, 1998: 166-167; Cronje & Heaton, 1999b: 178; Cronje & Heaton, 2004a: 166). Die gesinsadvokaat word in sodanige ondersoeke bygestaan deur 'n gesinsraadgewer wat in terme van bogenoemde wet ingestel is. Die Kantoor van die Gesinsadvokaat word voorts deur die wet bemaatig om gebruik te maak van enige hulp, hetsy professionele persone, familieleden of ander gemeenskapsbronne wat tot uitklaring van die beste belang van die betrokke kind(ers) mag lei (Visser & Potgieter, 1998: 167; Cronje & Heaton, 1999a: 352).

Gegrand op die navorsing se waarneming asook eie betrokkenheid as gesinsraadgewer by ondersoekte deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat, is die volgende probleme in die uitvoering van die egskeidingsevalueringsproses geïdentifiseer:

- Die voorkoms van ernstige konflik wat tydens sodanige evalueringsproses tussen die egskeidende ouers bestaan en wat dikwels in intensiteit toeneem. Hierdie konflikbelaaide omstandighede is soos 'n oorlog. Die wen-verloormotief vorm die doelwit van dié stryd, ongeag hoeveel slagoffers sneuwel.
- Die fokus wat te dikwels op die ouers se belange en behoeftes geplaas word terwyl die “kind se beste belang” slegs as motivering vir argumente gebruik word. Die minderjarige kind het amptelik geen verteenwoordiging in die egskeidingsproses nie en word die slagoffer van die volwassenes se stryd.
- Die oormatige aanwending van deskundige menings ten einde 'n ouer se argument en saak te versterk sodat daar dikwels tot ses of meer deskundiges by dieselfde gesinsisteam se evaluering betrokke is.
- Die uitgerekte tydsverloop wat met hierdie evalueringsproses gepaardgaan, gee dikwels daartoe aanleiding dat 'n finale bevel soms tot twee of drie jaar uitgestel word vanweë doelbewuste of subtiele vertragingstegnieke.
- Die aansienlike koste wat 'n uitgerekte evalueringsproses asook hofgeding soms beloop. Daar is dikwels sprake van aansienlike uitgawes wat tot hon-



derde duisende rande, na gelang van die partye se dryfveer en finansiële vermoë in die litigasieproses, kan beloop.

- Die beleving van frustrasie weens die gebrek aan 'n meganisme om beide ouers in die evalueringsproses deur dieselfde ondersoeker betrokke te kry. Hierdie leemte skep geleentheid tot onvolledige en onbevredigende evaluering wat die voorbereiding van aanbevelings aan die hof belemmer, aangesien feite en beskuldigings in afwesigheid van die ander ouer moeilik verifieerbaar is.
- In Suid-Afrika fokus evaluering van die partye betrokke in 'n egskeidingsdispuut tans hoofsaaklik op die onderskeie individue en word 'n holistiese sistemiese benadering nie primêr gevolg nie. Dit impliseer dat die onderskeie ouers asook die betrokke kind(ers) se individuele eienskappe onafhanklik van mekaar geëvalueer word. Die inligting wat vanuit hierdie benadering ingewin word, word as riglyn gebruik vir die aanbevelings in verband met die kind(ers) se sorg(bewaring) en kontak(toegang). Daar bestaan dus 'n gebrek aan fokus ten opsigte van die interverwantskap tussen die onderskeie lede van die gesinsistiem asook die verwantskap tussen die gesin- en gemeenskapsistiem.
- Die kind het in die huidige scenario geen wetlike verteenwoordiging of spreekbuis nie. Die Kantoor van die Gesinsadvokaat is ingestel om die belange van die kind te dien, maar in die praktyk realiseer dit nie dat hierdie sisteem werklik die “stem” van die kind in die egskeidingsproses word nie.
- Daar bestaan geen empiries getoetste model aan die hand waarvan professionele persone, wat as deskundige getuies in hierdie vorm van litigasie betrokke raak, die evaluering van die partye kan onderneem en vanuit dieselfde teoretiese verwysingsraamwerk aanbevelings aan die hof kan doen nie.

Ten einde die beginsel van “die beste belang van die kind” tot sy reg te laat kom, is dit die navorser se mening dat die dispuut tussen egskeidende ouers aangaande hulle kind(ers) se sorg(bewaring) en kontak(toegang) vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief behoort te geskied. Die aard en fokus van die sisteemteoretiese perspektief word volledig in hoofstuk twee bespreek. Hierdie siening en die toepaslikheid van die sisteemperspektief word soos volg deur Goldenberg en Goldenberg (1998: 21) ondersteun: “The systems view, by comparison, is more holistic and better attuned to tangled interpersonal relationships and stresses the reciprocity of behaviors between people.”



Dit kan algemeen aanvaar word dat geen gesinsisteem perfek is nie. Daarom is dit veral in egskeidingsevaluering noodsaaklik om in belang van die minderjarige kind se toekomstige sorg(bewaring) en kontak(toegang) die beskikbare alternatief te bepaal wat die minste skadelik en die mees opbouend vir die kind is.

Deur middel van hierdie studie het die navorser dus beoog om bogenoemde probleme wat tans in die wyse van evaluering van gesinne-in-egskeiding bestaan, aan te spreek deur die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering wat vanuit die sisteemteoretiese perspektief die belange van die minderjarige kind se bewaring en toegang kan bevorder.

1.4 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doel van die navorsing kan beskou word as die bewustelike voorgestelde eindpunt wat bereik wil word (Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997: 72). Fouché en De Vos (2005: 104) beskryf die doel van navorsing as die “droom” wat bereik wil word.

Plug et al. (1997: 72-73) beskryf 'n doelwit as die verklaring van wat binne 'n bepaalde tydsverloop gedoen en bereik wil word. Fouché en De Vos (2005: 104) beskou die doelwitte van navorsing as die bepaalde stappe wat gedoen moet word om die “droom” binne 'n bepaalde tydsduur te verwesenlik.

Die doel van die navorsing verwys dus na die breër eindresultaat wat bereik wil word terwyl die doelwitte op die stappe dui wat gedoen moet word om die eindresultaat binne 'n bepaalde tydskedule te bereik.

Die doel en doelwitte van hierdie studie kan dus soos volg geformuleer word:

1.4.1 Doel

Die doel van hierdie navorsing was om 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering te ontwikkel en empiries te evalueer ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.

1.4.2 Doelwitte

Die doelwitte van hierdie studie waardeur die doel, soos vooraf uiteengesit, bereik kon word, was die volgende:



1. Om vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief egskeiding as maatskaplike ver-skyinsel, die gesin as maatskaplike sisteem en die belange van die minder-jarige kind teoreties te konseptualiseer.
2. Om die huidige egskeidingsevalueringproses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, te ondersoek en te beskryf.
3. Om 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief, wat die belange van die minderjarige kind bevorder, te ontwik-kel.
4. Om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering empiries te evalueer.
5. Om aanbevelings te maak ten opsigte van die praktykbenutting van die nuut ontwikkelde praktykmodel om die belange van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering te bevorder.

1.5 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESEFORMULERING

Die formulering van 'n navorsingsvraag en hipotese is deel van die fase waarin die navorser die onderwerp van die studie fokus (Neuman, 2000: 11). Volgens Fouché en De Vos (2005: 100) word die navorsingsvraag deur goed ontwikkelde kennis met betrekking tot vorige navorsing en teorie asook deur die navorser se eie idees en spekulasies gesteun.

Padgett, soos aangehaal deur Fouché en De Vos (2005: 101), wys daarop dat kwantitatiewe navorsing op toetsbare operasionele hipoteses steun terwyl kwalitatiewe navorsing neig tot formulering van “working hypotheses or research questions”.

In hierdie studie word daar op kwantitatiewe navorsing gefokus. Een gedeelte van die studie ondersoek en beskryf tot watter mate die huidige proses van egskeidingsevaluering in die praktyk, soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, die belange van die minderjarige kind bevorder. Die tweede gedeelte van die navorsing fokus op die ontwikkeling en evaluering van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering vanuit 'n sistemiese perspektief.

1.5.1 Navorsingsvraag



Die ondersoekende en beskrywende deel van hierdie studie is deur die volgende navorsingsvraag gerig:

Wat is die aard en inhoud van die egskeidingsevalueringsproses wat in die praktyk deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word ten einde die belange van die minderjarige kind te bevorder?

Gelei deur bogenoemde navorsingsvraag is die hipotese vir hierdie studie geformuleer.

1.5.2 Hipotese

Die tweede gedeelte van hierdie studie, wat gefokus het op die ontwikkeling en evaluering van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering, is deur 'n hipotese gerig.

Plug et al. (1997: 144) omskryf 'n hipotese as 'n tentatiewe aanname van die verhouding tussen twee of meer veranderlikes wat deur eksperimentering of waarneming getoets gaan word. Volgens Neuman (2000: 128) is hipoteses “ ... guesses about how the social world works; they are stated in a value-neutral form”.

Waar die navorsingsprobleem in werklikheid 'n vraag aangaande die verhouding tussen veranderlikes is, is die hipotese 'n tentatiewe, konkrete en toetsbare antwoord op die probleem (Bless & Higson-Smith, 1995: 37). Die skrywers beklemtoon verder dat die hipotese as voorgestelde antwoord empiries getoets moet word voordat dit in 'n teorie geïnkorporeer kan word.

Die navorsingshipotese wat vir hierdie studie geformuleer is, was die volgende:

Indien die sisteemteoretiese praktykmodel tydens egskeidingsdispute toegepas word, sal die beste belang van die minderjarige kind bevorder word.

1.6 NAVORSINGSBENADERING

Die benadering of paradigma van 'n navorsingsprojek is die breedste raamwerk waarvolgens die navorsing uitgevoer word. Dit verteenwoordig dus die navorser se perspektief tot die projek. Neuman (2000: 121-122) verwys na die



benadering as die oriëntering tot die navorsing en wat die navorser se logika tot die ondersoek verteenwoordig.

Die twee algemeen aanvaarde en erkende benaderings tot navorsing is naamlik die kwantitatiewe en kwalitatiewe paradigmas (Neuman, 2000: 122; Fouché & Delpont, 2005: 73). 'n Kombinasie van hierdie twee benaderings as paradigma word algemeen aanvaar en daarom is dit noodsaaklik dat die navorser 'n keuse tussen die drie opsies uitoefen (Fouché & Delpont, 2005: 73).

Volgens Neuman (2000: 122) asook Fouché en Delpont (2005: 73-74) kan die volgende eienskappe van **kwantitatiewe navorsing** uitgelig word:

- dit is gebaseer op die positivistiese siening van wetenskap;
- dit is hoogs geformuleerd en gekontroleerd en volg 'n liniêre rigting;
- die strekking daarvan is duidelik gedefinieerd;
- die navorser se rol is dié van objektiewe waarnemer wat die data verkry soos benodig en versoek;
- die studie fokus op spesifieke vrae en hipoteses wat konstant bly;
- dataversamelingsprosedures word op 'n gestandaardiseerde wyse toegepas;
- dataversamelaars vermy toevoeging van eie persoonlike menings tot data;
- meting fokus gewoonlik op spesifieke veranderlikes wat onder andere deur graderingskale of frekwensietellings gekwantifiseer word;
- analise van data word deur statistiese ontleding van die verspreiding van veranderlikes gedoen.

Creswell (1994), soos aangehaal deur Fouché en Delpont (2005: 73), dui aan dat die kwantitatiewe benadering wetenskaplike verklaring as “nomothetic” beskou, wat beteken dat dit op universele wette gegrond is. Dit kan dus gestel word dat die navorser wat vanuit 'n kwantitatiewe paradigma werk, ingestel is op 'n objektiewe meting van die maatskaplike lewe, die toets van 'n hipotese en die voorspelling en beheer van menslike gedrag (Fouché & Delpont, 2005: 73).

Vir die doel van hierdie studie, waar twee evalueringsprosesse met mekaar vergelyk is ten einde die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel aan te toon, was die kwantitatiewe navorsingsbenadering die aangewese keuse. By data-analise was dit noodsaaklik dat die data van die twee gedeeltes van die studie vergelykbaar is en dit kon bereik word deur die dataversamelingstegnieke wat hoofsaaklik deur die kwantitatiewe benadering aangewend word.

1.7 TIPE NAVORSING



Vir die doeleindes van hierdie studie is daar binne die konteks van toegepaste navorsing van intervensienavorsing gebruik gemaak.

Intervensienavorsing is 'n resente tipe navorsing en word voorts aan die hand van die beskrywing deur De Vos (2005: 392-407) bespreek. Dié tipe navorsing het uit die werk van Edwin Thomas en Jack Rothman (1994) op die gebied van ontwikkelingsnavorsing ontstaan. Intervensienavorsing het 'n spesifieke intervensie-missie wat op die ontwikkeling van innoverende intervensies gerig is. Ontwikkelingsnavorsing in hierdie sin verwys na die ontwikkeling van 'n tegnologiese item wat noodsaaklik is vir 'n professie soos maatskaplike werk.

Die fokus is dus op die ontwerp, voorsiening en toetsing van alternatiewe oplossings vir praktykvraagstukke deur die ontwikkeling van 'n spesifieke intervensie (De Vos, 2005: 392-394).

Vir die doeleindes van hierdie studie was intervensienavorsing dus toepaslik aangesien die studie gefokus het op die ontwikkeling en toetsing van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering (intervensie) ten einde die belange van die minderjarige kind in die praktyk te bevorder.

Die praktykmodel soos ontwikkel was in hierdie studie is gebaseer op Rothman en Thomas (1994) se ontwerp en ontwikkelingsmodel, voortaan na verwys as die O&O-model.

Die O&O-model van intervensienavorsing bestaan uit die volgende ses fases soos weergegee deur De Vos (2005: 395):

- Probleemanalise en projekbeplanning
- Inligtingversameling en -sintese
- Ontwerp
- Vroeë ontwikkeling en voortoets
- Evaluasie en gevorderde ontwikkeling
- Verspreiding of disseminasie

Dit word beklemtoon dat hierdie model, soos ander tipes navorsing, 'n prosesmatige verloop volgens bepaalde stappe het. Dit beteken egter nie dat stappe mekaar noodwendig op rigiede wyse volg nie. Oorvleueling van stappe kom voor en dikwels is dit in die proses nodig om na sekere stappe terug te beweeg. Die interaktiewe karakter van navorsing waarin stappe in mekaar vloei, word deur verskillende skrywers erken (Bless & Higson-Smith, 1995: 12-13; Neuman, 2000: 12; De Vos, 2005: 397).



Die onderskeie fases en stappe in elke fase van die O&O-model van intervensie-navorsing word vervolgens beskryf aan die hand van 'n uiteensetting van die toepassing daarvan vir hierdie studie.

1.7.1 Toepassing van die O&O-model van intervensienavorsing

1.7.1.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning

Hierdie eerste fase in die proses handel oor die ontleding van die maatskaplike probleem wat ondersoek word. 'n Maatskaplike probleem is 'n toestand wat 'n betekenisvolle aantal mense op 'n ongewenste wyse beïnvloed en waarvoor kollektief 'n oplossing gevind moet word (De Vos, 2005: 395).

Soos voorheen genoem, beïnvloed egskeiding as maatskaplike probleem jaarliks 'n groot aantal gesinsisteme en minderjarige kinders in Suid-Afrika. In die Hooggeregshof in Pretoria alleen word daar volgens Van Zyl (2005) ongeveer 180 onbestrede egskeidings en twintig bestrede egskeidings per week hanteer. Die omvang van egskeiding asook die verreikende implikasie daarvan vir die minderjarige kind, die ouer sowel as die breër gemeenskapsisteme maak dit dus een van Suid-Afrika se mees beduidende maatskaplike probleme.

Hierdie eerste fase behels die volgende stappe soos deur De Vos (2005: 398) beskryf:

- Identifiseer en betrek kliënte
- Verkry toegang tot en samewerking van belanghebbendes
- Identifisering van probleme ervaar deur teikenpopulasie
- Analise van geïdentifiseerde probleme
- Stel van doel en doelwitte

Stap 1: Identifiseer en betrek kliënte

Hierdie stap verwys na die keuse van 'n teikenpopulasie met heersende of ontluikende probleme wat vir hulself, die gemeenskapsisteme en navorsers relevant is. Indien die kritiese sterktes en probleme van 'n populasie deur die navorsing aangespreek word, verhoog dit die mate van ondersteuning daarvoor deur die



populasie, die professionele gemeenskap asook die algemene publiek (Fawcett et al., 1994 in De Vos, 2005: 396).

Die teikenpopulasie in hierdie studie is geïdentifiseer as die gesinne-in-egskeiding met 'n dispuut oor die belange van die minderjarige kind. Sodanige dispuut noodsaak die tussengang van deskundiges in die praktyk ten einde 'n oplossing te help vind. In Suid-Afrika word dispuut tussen egskedende ouersisteme aangaande die belang van die minderjarige kind in terme van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskedingsaangeleenthede vir ondersoek na die Kantoor van die Gesinsadvokaat verwys (Davel, 2000: 66-67). 'n Gesinsadvokaat is 'n persoon wat gekwalifiseer is om as advokaat in die Suid-Afrikaanse regsisteem toegelaat te word en oor ervaring in die beslegting van gesinsaangeleenthede te beskik (Cronje & Heaton, 2004a: 165). Die gesinsadvokaat word in sodanige ondersoek deur 'n gesinsraadgewer bygestaan. 'n Gesinsraadgewer is 'n professionele persoon wat in die veld van geestesgesondheid werksaam is en is in die algemeen maatskaplike werkers, sielkundiges, psigiaters of soms predikante (Cronje & Heaton, 2004a: 165).

Die Kantoor van die Gesinsadvokaat vorm dus deel van die regsisteem wat in die gemeenskap van Suid-Afrika 'n belangrike rolspeler in egskeding as maatskaplike probleem is en derhalwe 'n bepalende invloed op die kliëntsisteem, naamlik die gesinsisteem in egskeding, uitoefen.

Gesinsraadgewers, maatskaplike werkers en regsverteenwoordigers uit die gemeenskap wat by egskeding as maatskaplike probleem betrokke is asook die regsisteme van die staat, 'n senior regter van die Hooggeregshof asook die hoof gesinsadvokaat is as kerninformante tydens hierdie stap betrek.

Die populasie vir die navorsing behels alle gesinne-in-egskeiding in Suid-Afrika. Vanuit die sisteemteoretiese perspektief vorm die gesin-in-egskeiding 'n subsisteem van die gemeenskapsisteem waarbinne die gesin funksioneer. Dit bring mee dat alle ander subsisteme in die gemeenskap, wat in verwantskap met die gesin-in-egskeiding staan, soos onder andere die opvoedkundige sisteem/skool, werksisteme, familiesisteme soos grootouers, in die wisselwerkende proses van die probleem betrek word. Hierdie kontak tussen die gesin-in-egskeiding en die res van die gemeenskap bring noodwendig mee dat sodanige subsisteme belangrike insette kan en behoort te lewer ten opsigte van die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind. Hierdie subsisteme vorm dus deel van die kollaterale ondersoek na die probleem en die bepaling van 'n oplossing daarvoor.



Die navorser het uit eie professionele praktykervaring 'n behoefte aan 'n instrument geïdentifiseer, waarvolgens 'n bepaalde standaard vir die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering in die praktyk daargestel kan word. Die doel van die intervensie, naamlik die ontwerp en ontwikkeling van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering waardeur die belange van die minderjarige kind bevorder kan word, is sodoende geïnisieer. Die aanvanklike betrokkenheid deur die kliëntsisteem was indirek deur die weergee van misnoeë en ontevredenheid met die heersende sisteem van evaluering, soos deur die navorser vanaf bestaande kliënte verkry is. Bespreking van die probleem tydens professionele konsultasies met ander rolspelers, naamlik onder andere gesinsraadgewers, maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers asook regsverteenvoerders, het die geïdentifiseerde behoefte bevestig (Marais, 2005; Niewoudt, 2005; Van der Merwe, 2005). Die bestaande leemte is ook deur die literatuurstudie ondersteun (Burman, Matthias, Sloth-Nielsen & Zaal, 2003: 1; Barratt, 2003: 150-151; Brandt et al., 2005: 138-139).

Die kliëntsisteem is tydens die tweede gedeelte van die studie direk by die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering betrek. Die direkte betrokkenheid van die kliëntsisteem by die navorsingsproses is in die bespreking van die tweede fase, naamlik inligtingversameling en sintese, hanteer. Hierdie wysiging bevestig die dinamika van die navorsingsproses en dat 'n rigiede patroon nie bestaan nie.

Stap 2: Verkry toegang tot en samewerking van belanghebbendes

Kerninformante uit die gemeenskap kan waardevolle inligting aangaande werkswyses verskaf asook sleutelpersone identifiseer wat toegang tot 'n instansie behoor (De Vos, 2005: 396).

Twee areas van die gemeenskap is geïdentifiseer waaruit samewerking verkry moes word ten einde die navorsing uit te voer, naamlik die Kantoor van die Gesinsadvokaat, wat as primêre beskermer van minderjarige kinders in egskeiding funksioneer, asook die professionele gemeenskap in die privaat praktyk en in die staatsdiens wat gesinne-in-egskeiding bedien.

Binne die konteks van hierdie studie was die volgende aksies tydens hierdie stap uitgevoer:

- 'n Skriftelike versoek tot toestemming vir en deelname aan die studie is per brief gerig aan die hoof van die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria (Aanhangsel A);



- 'n Skriftelike versoek tot ondersteuning van en deelname aan die studie deur verwysing van gesinne is per brief aan 30 regsverteenwoordigers in die privaat praktyk, wat gesinne-in-egskeiding bedien, gerig en persoonlik oorhandig (Aanhangsel B);
- 'n Skriftelike versoek tot ondersteuning en deelname aan die studie is aan vier maatskaplike werkers in die privaat praktyk, wat gesinne-in-egskeiding bedien, gerig en persoonlik oorhandig (Aanhangsel B);
- 'n Skriftelike versoek tot ondersteuning en deelname aan die studie is aan die Regshulpkliniek van UNISA sowel as die Regshulpraad van die Departement van Justisie gerig en persoonlik oorhandig (Aanhangsel B).

Deur samewerking met die kerninformante is goedkeuring tot deelname van die Kantoor van die Gesinsadvokaat verkry asook verwysings vanaf die sewentien staatsinstansies en UNISA vir regshulp aan gesinne-in-egskeiding. Samewerking is verder van een regsverteenwoordiger in die privaat praktyk verkry.

Stap 3: Identifisering van probleme ervaar deur teikenpopulasie

Dit is noodsaaklik om die probleme te verstaan wat die teikenpopulasie ervaar. Die navorser het uit professionele praktykervaring onder die indruk gekom van die gemeenskap se ontevredenheid ten opsigte van die huidige wyse van egskedingsevaluering waarin die belange van die minderjarige kind nie bevorder word nie. Sodanige ontevredenheid is onder andere deur ouers, kinders, grootouers, skole, maatskaplike werkers en regsverteenwoordigers uitgespreek.

Die navorser het tydens die tweede stap van hierdie eerste fase, naamlik die verkryging van toegang tot en samewerking van belanghebbendes met betrekking tot die probleem, persoonlike gesprekke met die professionele gemeenskap gevoer waartydens die geïdentifiseerde probleme van die populasie deurgaans bevestig is. Daar is herhaaldelik beklemtoon dat 'n verandering in die situasie dringend noodsaaklik geword het.

Stap 4: Analise van geïdentifiseerde probleme

Fawcett (in De Vos, 2005: 397) beskou analise van die probleme wat as gemeenskapsprobleme geïdentifiseer word as die kritieke stap in die navorsingsproses.



Die probleem wat in hierdie studie ter sprake was, is naamlik dat die beginsel van die beste belang van die minderjarige kind nie in die huidige evalueringssituasie tydens egskedingsdispute bevorder word nie. Dit blyk uit hierdie studie dat die gesinsisteam in egskeding die probleme wat tydens die evalueringproses van die beste belang van die minderjarige kind voorkom, die moeilikste beleef. Die ouersisteam het egskeding as oplossing vir die interne verhoudingsprobleme bepaal. Die toestaan van die egskeding is egter totaal afhanklik van die regsisteam wat 'n proses van evaluering en besluitneming in hierdie verband moet inisieer.

'n Dispuut aangaande die belange van die minderjarige kind in egskeding bring mee dat die gesinsisteam tans in Suid-Afrika die opponerende of akkusatoriese regsproses moet volg ten einde 'n oplossing vir die dispuut te vind (Cronje & Heaton, 2004a: 189). Sodanige proses bring mee dat die skeidende ouersisteam elk 'n regsverteenwoordiger moet aanstel om hulle eie belange te beskerm. Die minderjarige kind het geen direkte regsverteenwoordiger of enige ander vorm van verteenwoordiging in hierdie regsproses nie en word dikwels die middelpunt van die opponeringsproses in die egskeding tussen die ouers.

Die omvang en duur van die evalueringproses in egskeding word grootliks deur die mate van finansiële sterkte van die ouersisteam bepaal. Sterk finansiële vermoë kan die ouersisteam in staat stel om uitgebreide deskundige ondersoeke aan te vra ten einde die beste belang van die betrokke minderjarige kind te bepaal. Die “belang” van die kind kan deur ouers misbruik word ten einde hulle eie belange te bevorder. In hierdie verband het regter De Villiers in sy uitspraak in die *Van Vuuren v Van Vuuren*-egskedingsgeding hom pertinent teen die aanvaarding van toegewings aangaande die minderjarige kind ter wille van finansiële skikkings uitgespreek (Cronje & Heaton, 1999a: 355; Cronje & Heaton, 2004a: 165).

Binne die konteks van hierdie studie was die volgende probleme dus van belang:

- vertraging van die egskedingsproses;
- konflik tussen die ouers as partye in die dispuut;
- oormatige aanwending van deskundiges;
- geen amptelike verteenwoordiging vir die minderjarige kind nie;
- hoë koste;
- negatieweit tussen ouers na egskeding.

Die afwesigheid van 'n bepaalde model waarvolgens egskedingsevaluering die belange van die minderjarige kind kan bevorder, skep die scenario waar evalue-



ring in egskeidingsdispute volgens die individuele oordeel van elke deskundige beoefen word. Die beginsel dat die beste belang van die minderjarige kind in alle sake rakende die kind voorop gestel moet word, word algemeen aanvaar. Die toepassing van die beginsel is egter vaag en ongedefinieer. Daar bestaan dus by die professionele gemeenskap 'n behoefte aan 'n duidelike riglyn vir die toepassing van die genoemde beginsel.

Stap 5: Stel van doel en doelwitte

Die finale stap in die eerste fase van die intervensie-navorsingsproses is naamlik die stel van doel en doelwitte. Fawcett (1994) soos aangehaal deur De Vos (2005: 398) stel dit dat 'n deeglike probleemanalise (vorige stap) moontlike teikenaspekte vir verandering en intervensie bied. Sodanige elemente moet in die doel en doelwitte ingesluit word.

Die doel en doelwitte van hierdie studie is volledig in afdeling 1.4 weergegee.

1.7.1.2 Fase 2: Inligtingversameling en -sintese

Die tweede fase van die O&O-model in intervensienavorsing is om te bepaal wat reeds deur ander gedoen is om die besondere probleem aan te spreek. By die voltooiing van hierdie fase behoort die navorser funksionele elemente te identifiseer wat by die ontwerp van die navorsing ingesluit kan word (De Vos, 2005: 399).

Die stappe wat in hierdie fase voorkom, is die volgende:

- Aanwending van bestaande inligtingsbronne
- Bestudering van natuurlike voorbeelde
- Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle

Hierdie stappe van die tweede fase van intervensienavorsing en die toepassing daarvan in hierdie studie word vervolgens kortliks bespreek.

Stap 1: Aanwending van bestaande inligtingsbronne

In hierdie eerste stap is die fokus op literatuurnavorsing. Literatuur verwys na die gepubliseerde materiaal wat oor 'n bepaalde vakterrein of probleemarea handel (Plug et al., 1997: 209).



'n Literatuuroorsig bestaan uit die bestudering van geselekteerde empiriese navorsing, praktykverslae en alle materiaal wat relevant is tot die onderwerp van die studie (Bless & Higson-Smith, 1995: 22; De Vos, 2005: 399). 'n Belangrike aspek in hierdie verband is om kennis te neem van literatuur uit ander dissiplines (De Vos, 2005: 399).

Die navorser het vir die doeleindes van hierdie studie 'n uitgebreide soektog gedoen na empiriese ondersoeke in Suid-Afrika aangaande egskeding sowel as gesinsevaluering en die belange van die minderjarig kind. Voorts het die navorser verskeie beskikbare literatuurbronne oor egskeding vanuit lande soos Australië, Brittanje, die VSA en Kanada geraadpleeg. Inligtingsbronne uit die dissiplines van maatskaplike werk, sosiologie, psigologie, psigiatrie, obstetrie, regs wetenskap insluitend personereg, familiereg en die Grondwet, opvoedkunde asook teologie is nagegaan.

Uit die literatuurondersoek het dit geblyk dat die beskikbare inligting fokus op onderwerpe soos die impak van egskeding. Dit wil voorkom of die studies hoofsaaklik fokus op die ontwikkeling van die hulpverleningsproses aan die onderskeie gesinslede wat by egskeding as maatskaplike probleem betrokke is. Die afwesigheid van 'n bepaalde model waarvolgens egskedingsevaluering onderneem kan word, blyk duidelik uit die literatuur. Die afwesigheid van insette deur die minderjarige kind met betrekking tot sy/haar eie toekoms is bevestig. Die beginsel dat die beste belang van die minderjarige kind voorop gestel moet word, word deurgaans in die literatuurondersoek erken. Die toepassing van hierdie beginsel blyk onderworpe te wees aan die mening van die betrokke deskundige (Rosen, 1977: i-ii; 36-37; Potgieter, 1986: 144-146; Silver, 1987: 99-108; Gardner, 1989: 4; Yatt, 1996: 3-4; Woudstra, 1997: 2; 10; 19; 133; Bosman-Swanepoel et al., 1998: ix-xii; Rossouw, 1998: 3; 10; 13-14; 17; Froneman, 2000:286-287; Coltrane & Collins, 2001: 533; Burman et al., 2003: 1; Brandt et al., 2005: 138-139).

Studies wat sedert 1990 tot 2000 in Suid-Afrika onderneem is om vas te stel watter kriteria in die praktyk aangewend word om die beste belang van die minderjarige kind in egskedingsevaluering te bepaal, het 'n onderskeid in fokuspunt tussen sielkundiges en maatskaplike werkers aangetoon (Africa, Dawes, Swartz & Brandt, 2003: 129). Maatskaplike werkers beklemtoon die verhouding tussen kind en ouer asook die status quo-benadering terwyl sielkundiges die kind se basiese ontwikkelingsbehoefte as belangrikste kriteria beskou (Africa et al., 2003: 123-124).

'n Ondersoek in 2000 in Suid-Afrika na die kriteria wat deur gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat tydens egskedingsevaluering



aangewend word, het die volgende dertien items gelys, maar nie in 'n bepaalde volgorde nie (Africa et al., 2003: 129):

- praktiese sorg;
- emosionele band tussen ouer en kind;
- fisieke kontak tussen ouer en kind: watter ouer se kontak word deur die kind opgesoek, na wie roep die kind, in wie spreek die kind vertroue uit;
- vermoë van ouer om met kind op sy vlak te kommunikeer;
- vermoë van ouer om individuele behoeftes van die kind aan te spreek en die ontwikkelingsbehoefte van die kind te identifiseer;
- watter ouer is die “psigologiese” ouer;
- vermoë van ouer om konstante en volgehoue sorg aan die kind te bied;
- insig van kind: vermoë van kind om “dinge” realisties te sien, want “wat ’n kind wil hê, is nie noodwendig wat ’n kind nodig het nie”;
- ouer se emosionele stabiliteit;
- ouer se vermoë om streng dissipline en roetine te handhaaf;
- ouer se fisieke en maatskaplike stand: behuising, werk, ens.;
- ouer se sigbare belangstelling in die sake van die kind: buitemuurse aktiwiteite ens.;
- huidige ouerlike plan: huidige omstandighede van kind se verblyf en sorg voor en tydens die egskeidingsproses; vlak van aanpassing en sorg.

Uit bogenoemde studie in 2000 (Africa et al., 2003: 125) is vasgestel dat die gesinsraadgewers in sekere kantore van die gesinsadvokaat nie opleiding in mediaasie ontvang het nie en slegs beperkte insette met betrekking tot die regsaspekte van egskeiding en bewaring kan lewer. Daar is wel sprake van indiensopleiding met betrekking tot die uitvoer van konsultasies.

Die inligting wat tydens hierdie eerste stap van die tweede fase ingesamel is, bevestig die geïdentifiseerde probleme wat deur die teikenpopulasie ervaar word. Daarby bied dit nuwe inligting met betrekking tot die kriteria wat deur gesinsraadgewers en deskundiges by evaluering van die beste belang van die minderjarige kind in egskeiding aangewend word. Uit die nuwe inligting blyk dit dat die fokus van die studies gerig is op die kriteria en nie op die evalueringsproses wat gevolg word nie. Daar is geen inligting met betrekking tot die ontwikkeling van ’n bepaalde evalueringsmodel gevind nie.

Stap 2: Bestudering van natuurlike voorbeelde

Onderhoude met persone wat kennis oor die betrokke probleem het of daarby betrokke is, kan waardevolle inligting aangaande intervensies verskaf (De Vos, 2005: 399). Volgens Fawcett, soos aangehaal deur De Vos (2005: 399), kan die



bestudering van onsuksesvolle programme in die gemeenskap ook bydra tot insig in metodes en aspekte wat krities is vir sukses.

In hierdie ondersoek is persoonlike gesprekke gevoer met deskundiges uit die dissiplines van maatskaplike werk, psigologie asook die regs wetenskap wat in die veld van egskeding en egskedingsevaluering betrokke is.

Die Kantoor van die Gesinsadvokaat is as diensverskaffer op die gebied van egskeding een van die belangrike rolspelers in die Suid-Afrikaanse konteks van hulpverlening aan die gesin-in-egskeding. Africa et al. (2003: 124) beklemtoon die feit dat baie gesinsisteme vanweë hulle finansiële posisie nie in staat is om van privaat deskundiges se dienste in die egskedingsevalueringproses gebruik te maak nie. Sodanige gesinsisteme is dus slegs aangewese op die diens van die Kantoor van die Gesinsadvokaat. Gesien in die lig van die hoë egskedingsyfer in Suid-Afrika, soos vroeër aangedui, is die aanspraak op die diens deur hierdie kantoor aansienlik. Die eis om steeds getrou te bly aan die beginsel dat die beste belang van die minderjarige kind in egskedingsevaluering voorop gestel moet word, word dus steeds groter.

Stap 3: Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle

Die derde stap in die tweede fase van die intervensie-navorsingsproses is die identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle.

Hierdie derde stap behels volgens Fawcett (in De Vos, 2005: 400) die samevoeging van bestaande kennis en inligting waardeur die ontwerp van die navorsing en die ontwikkeling van aktiwiteite gerig kan word.

Funksionele elemente is uit die navorsers se eie professionele praktykervaring asook die bestudering van 'n suksesvolle internasionale model (Gardner, 1989: 67-223, 253-431) en genoteerde hofuitsprake in sekere egskedingsdispute (Cronje & Heaton, 1999a: 355, 356-360, 362-364, 365-366) geïdentifiseer. Hierdie elemente het waardevolle inligting verskaf vir die ontleding van die huidige situasie in die praktyk asook die ontwerp van die intervensie. Die volgende funksionele elemente uit bogenoemde modelle en praktyke is in hierdie studie toepaslik:

- **Gesinsterapie:** Vanuit die navorsers se addisionele opleiding in gesinsterapie asook sestien jaar ervaring in die professionele veld, waarvan ses jaar in 'n gespesialiseerde gesinseenheid uitgevoer is, het die navorsers se sistemiese perspektief op maatskaplike problematiek ontwikkel en gevestig.



- **Kinderterapie:** Vanuit die navorser se addisionele opleiding in assessering en terapie met kinders en uitgebreide ondervinding in dié veld, waarvan ses jaar in 'n gespesialiseerde gesinseenheid beoefen is, het die navorser deeglik bewus geword van die noodsaaklikheid van grondige kennis van en insig in die ontwikkeling en funksionering van die kind by kinderassessering.

Die belangrike rol van die verhouding tussen kind en assessor tydens die evalueringsproses is uitgelig.

- **Psigiatriemodel:** Vanuit die navorser se addisionele opleiding in psigiatrisie maatskaplike werk asook ses jaar professionele ervaring in hierdie gespesialiseerde mediese veld is die volgende funksionele elemente bevestig:
 - die holistiese benadering tot die mens se funksionering;
 - die noodsaaklikheid van deeglike kliniese waarneming;
 - die belangrike rol van struktuur wat 'n bepaalde riglyn of model aan 'n ondersoek verleen;
 - die belangrike rol van 'n wetenskaplike beskouing en interpretasie in 'n ondersoek;
- **Internasionale model** (Gardner, 1989: 67-223, 253-431): Die bestudering van die model wat deur Gardner, 'n Amerikaanse psigiater wat in egskeidingsevaluering spesialiseer, ontwikkel is, het die volgende aspekte vanuit die praktyk vir die navorser bekragtig:
 - die noodsaaklikheid van gesamentlike insette deur beide ouers in die evalueringsproses;
 - die noodsaaklikheid van 'n bepaalde standaard in egskeidingsevaluering;
 - die noodsaaklikheid om die opponerende element tussen ouers in egskeidingsevaluering sover moontlik uit te skakel.
- **Kantoor van die Gesinsadvokaat:** Vanuit die navorser se professionele ondervinding van twee jaar as gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat is die volgende elemente uitgelig wat van toepassing is in hierdie studie:
 - die noodsaaklike rol wat die gesinsadvokaat se kantoor as spreekbuis vir die minderjarige kind se belange kan en behoort te speel;



- die tekortkominge in die sisteem vanweë verskeie faktore, naamlik gebrek aan kennis in evaluering van kinders en gesinsisteme, gebrek aan voldoende tyd vir volledige ondersoek;
 - gebrek aan voldoende opgeleide personeel waardeur egskeidingsvertraag word;
 - gebrek aan 'n standaard waarvolgens egskeidings-evaluering uitgevoer word.
- **Genoteerde hofuitsprake** (Cronje & Heaton, 1999a: 355, 362-364, 365-366): Uit die bestudering van genoteerde hofuitsprake in die genoemde egskeidingsgedinge is die volgende elemente uitgelig:
- die regsisteem se benadering tot en perspektief op die ouersisteem se verantwoordelikhede en rol by die bepaling van die belange van die minderjarige kind;
 - die regsisteem se perspektief op die funksie van die Kantoor van die Gesinsadvokaat in egskeidingsdispute;
 - die regsisteem se perspektief op die bemoederingsfunksie van die ouersisteem.

1.7.1.3 Fase 3: Ontwerp

Die derde fase in die intervensie-navorsingsproses behels die funksie om die elemente van gedrag, relevant tot die probleem van ondersoek, te definieer en in waarneembare prosedure-terme uiteen te sit ten einde dit in die intervensie te inkorporeer (De Vos, 2005: 400-401).

Die twee stappe in hierdie derde fase is:

- Ontwerp van 'n waarnemingsisteem
- Spesifisering van prosedure-elemente

Stap 1: Ontwerp van 'n waarnemingsisteem

Hierdie eerste stap in die ontwerpfasie behels die ontwerp van 'n werkwyse om relevante elemente van die verskynsel asook die omvang daarvan waar te neem. 'n Funksionele analise kan tydens hierdie stap uitgevoer word (De Vos, 2005: 401).



Geen formele waarnemingsstelsel is vir hierdie studie ontwerp nie.

Stap 2: Spesifisering van prosedure-elemente van die intervensie

Die taak tydens hierdie tweede stap van die derde fase van intervensieavontuur verwys na die identifisering van prosedure-elemente wat in die uiteindelijke intervensie geïntegreer kan word.

Die suksesvolle internasionale model (Gardner, 1989: 67-431) en hofuitspraak (Cronje & Heaton, 1999a: 355-366) wat bestudeer is, asook eie praktykervaring ten opsigte van die evalueringproses het bygedra tot die identifisering van die volgende prosedure-elemente van die beoogde intervensie:

- grondliggende uitgangspunte soos die fokuspunt, teoretiese perspektief en mensbeskouing;
- prosesmatige karakter van egskeidings-evaluering wat 'n aanvangsfase, eksplorasiefase en termineringfase insluit;
- evalueringprosedure ten opsigte van die waarde van die intervensie.

1.7.1.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek

Die vierde fase van die O&O-model verwys na die implementering van die konsepintervensie op 'n toetsbasis ten einde die toereikendheid daarvan te bepaal en afronding aan die ontwerp, soos benodig, toe te pas (Thomas 1989 in De Vos, 2005: 401-402).

Die drie stappe in hierdie fase is die volgende:

- Ontwikkeling van 'n prototipe / voorlopige intervensie
- Uitvoer van loodsondersoek
- Toepassing van ontwerp kriteria tot voorlopige intervensiekonsep

Stap 1: Ontwikkeling van 'n prototipe / voorlopige intervensie

In hierdie studie het die eerste stap van die vierde fase die vroeë ontwikkeling van twee instrumente behels, naamlik die samestelling van 'n konsepvraelys, waardeur die egskeidings-evalueringproses in die praktyk ondersoek kon word, asook die ontwikkeling van 'n riglyn vir die voorgestelde praktykmodel van egskeidings-evaluering.



Stap 2: Uitvoer van loodsondersoek

Tydens die tweede stap van die vierde fase van die intervensienavorsingsproses is die bruikbaarheid van die genoemde twee konsepinstrumente getoets. Twee maatskaplike werkers in privaat praktyk wat as vrywillige gesinsraadgewers optree, is by die voortoets van die vraelys betrek. Die navorser het persoonlik twee gesinne-in-egskeiding by die voortoets van die konsepriglyn vir egskeidingsevaluering betrek. Hierdie gesinsraadgewers asook die gesinsisteme betrokke by die voortoets het nie deel van die respondente van die hoof empiriese ondersoek gevorm nie.

Die elemente van tydsduur, verstaanbaarheid en toepaslikheid van die twee instrumente is tydens hierdie stap geëvalueer. Die aard en inhoud van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering word in hoofstuk agt volledig uiteengesit.

Stap 3: Toepassing van ontwerpkriteria tot voorlopige intervensiekonsep

Die derde en laaste stap in die vroeë ontwikkeling en voortoetsfase as vierde fase van die intervensie-navorsingsproses sluit die toepassing van waardecriteria in. Aspekte wat hier ter sprake is, is die effektiwiteit, eenvoud, herhaalbaarheid, praktiese aard en aanpasbaarheid van die intervensie asook die mate waartoe die intervensie met verskeie kulture vereenselwig kan word (De Vos, 2005: 402).

Die voortoets het die toepaslikheid van die intervensie in verskeie kontekste bevestig. Die prosesmatige karakter van die intervensie en afwesigheid van 'n rigiede riglyn verhoog die praktiese aard en aanpasbare eienskap daarvan. Die meer omvattende tydsduur van die intervensie is relatief, aangesien die resultaat van die evaluering baie belangrik is weens die verreikende impak daarvan.

1.7.1.5 Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Die vyfde fase van die intervensie-navorsingsproses behels die volgende vier stappe:

- Seleksie van eksperimentele ontwerp
- Versameling en analise van data
- Herhaling van intervensie in veldtoestande



- Afronding van intervensie

Bespreking van die stappe dui die doel en funksie daarvan in hierdie fase aan.

Stap 1: Seleksie van eksperimentele ontwerp

Die funksie van die eerste stap van die vyfde fase is naamlik om die eksperimentele ontwerp vir die navorsing te bepaal. Die eksperimentele ontwerp in navorsing verwys, volgens Bless en Higson-Smith (1995: 63), na die keuse van die mees toepaslike stappe wat in die toetsing van die hipotese onder bepaalde toestande uitgevoer moet word. Die eksperimentele ontwerp help om die verband tussen die intervensie, die gedrag en die toestande wat verander wil word aan te dui (De Vos, 2005: 403). Die keuse van eksperimentele ontwerp word volgens Fawcett (in De Vos, 2005: 403) deur die volgende faktore beïnvloed:

- doel en omvang van gewenste verandering
- tipe gedrag
- dringendheid van verandering
- stabiliteit van die konteks
- doel van die navorsing

Vir die doeleindes van hierdie studie is van die kwantitatief-beskrywende opname ontwerp gebruik gemaak (Fouché & De Vos, 2005: 137; Fouché, 2005: 272). Hierdie keuse van ontwerp het die navorser in staat gestel om twee evalueringprosesse te vergelyk. Die navorsingsontwerp word volledig onder punt 1.8 bespreek.

Stap 2: Versameling en analise van data

Die taak van die tweede stap van die vyfde fase van die O&O-model van intervensienavorsing is naamlik die versameling en analise van data. Volgens De Vos (2005: 403) verseker voortdurende notering van gedrag en verwante resultate dat bepaal kan word wanneer aanvanklike intervensie geïmplementeer kan word en wanneer ondersteunende prosedures nodig is. Die proses van dataversameling en ontleding word volledig in hoofstuk nege beskryf. Data is versamel met die doel om twee evalueringprosesse in egskeiding te vergelyk. Daar is van vraelyste as dataversamelingsmetodes gebruik gemaak.



Stap 3: Herhaling van intervensie onder veldtoestande

Die funksie van hierdie derde stap is die assessering van die algemene toepaslikheid van die uitwerking van die intervensie in verskeie kontekste.

Addisionele toetsing word slegs uitgevoer waar die aanvanklike evaluering onder gesimuleerde omstandighede plaasgevind het (De Vos, 2005: 404). In hierdie studie is nie van gesimuleerde toestande gebruik gemaak nie en daarom is addisionele toetsing nie van toepassing nie.

Stap 4: Afronding van intervensie

Die vierde stap in die evaluering en gevorderde ontwikkelingsfase bied die navorser die geleentheid om regstellings in terme van aspekte soos taal, inhoud en metodes van die intervensie te maak (De Vos, 2005: 404). Geen regstellings ten opsigte van die intervensie was nodig nie.

Die bespreking van die vorige vier stappe sluit die beskrywing van die vyfde fase van die O&O-model vir intervensienavorsing af. Die sesde fase, naamlik verspreiding of disseminasie, word vervolgens na verwys.

1.7.1.6 Fase 6: Verspreiding of disseminasie

Hierdie laaste fase in die proses van die O&O-model van intervensienavorsing verwys na die verspreiding van die intervensie as finale produk vir gebruik deur die gemeenskap. Fawcett (1994), soos na verwys deur De Vos (2005: 404), identifiseer die volgende vyf stappe ten einde hierdie fase af te handel:

- Voorbereiding van die produk vir verspreiding
- Identifisering van potensiële markte
- Skep van aanvraag vir die intervensie
- Aanmoediging van toepaslike aanpassings
- Voorsien tegniese ondersteuning

Die verspreidingsfase van die O&O-model is nie op hierdie studie van toepassing nie. Die navorser sal as deel van die navorsingsverslag aanbevelings maak met betrekking tot verdere aanwending van die praktykmodel.

Die voorafgaande bespreking sluit die gedeelte oor die tipe navorsing af. Die aandag word voorts daaraan gewy om die navorsingsontwerp in meer detail te beskryf.



1.8 NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURES

Die navorsingsontwerp kan gesien word as die strategie of plan waarvolgens die navorsing uitgevoer gaan word. Sommige skrywers verwys na die ontwerp as die totale beplanningsproses wat die uitvoer van die studie van begin tot einde beskryf (Bless & Higson-Smith, 1995: 63; Mouton, 2001 in Fouché & De Vos, 2005: 132).

Neuman (2000: 122) is van mening dat navorsers vanuit 'n kwantitatiewe benadering meer gesteld is op aspekte soos ontwerp vanweë die klem op gespesifiseerde beplanning voor dataversameling. Die skrywer lig uit dat navorsers vanuit die kwalitatiewe benadering meer gesteld is op aspekte soos die ontwikkeling van insig en veralgemening uit ingesamelde data. Die tipe ontwerp vanuit die twee verskillende benaderings sal dus verskil. Die doel en doelwitte van 'n studie behoort die keuse van ontwerp(e) te bepaal.

Ten einde die doel en doelwitte van hierdie studie te bereik het die navorser van die kwantitatief-beskrywende opname(survey) as ontwerp gebruik gemaak. In dié studie is daar gefokus op die ontleding en vergelyking van egskeidings-evalueringsprosesse soos in die praktyk uitgevoer. Vanweë die prosesmatige, diepgaande, beskrywende aard van die studie is daar slegs tien gevalle ontleed om die huidige evalueringsproses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word te beskryf en vyf gevallestudies om die nuut ontwikkelde praktykmodel te evalueer.

In hierdie studie was 'n vergelyking van twee evalueringsprosesse vir egskeiding, naamlik die huidige proses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in die praktyk toegepas en die sistemiese proses soos deur die nuut ontwikkelde praktykmodel geïmplementeer, noodsaaklik. Uit sodanige vergelyking kon die verskil by bepaling van die belange van die minderjarige kind uitgelig word.

Die kwantitatief-beskrywende opname ontwerp is derhalwe gekies ten einde die navorsingsvraag te beantwoord asook die hipotese te toets.

1.8.1 Dataversamelingsmetode

Maatskaplike navorsing het te make met aspekte wat maklik sigbaar is soos geslag en ouderdom asook met aspekte wat nie sigbaar is nie soos houdings, ideologieë, rolle, funksionering en prosesse (Neuman, 2000: 157). Navorsers in die maatskaplike veld moet dus maniere ontwikkel om aspekte wat moeilik waarneembaar is te bepaal of te meet.



Ten einde die evalueringsproses wat tans in die praktyk deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in egskeidingsdispute toegepas word te kon vergelyk met die sistemiese evalueringsproses vir egskeiding, soos in die nuut ontwikkelde praktykmodel geïmplementeer, was dit noodsaaklik om die aard en inhoud van die proses te bepaal. Vir hierdie doel het die navorser 'n vraelys ontwerp vir voltooiing deur die gesinsraadgewers in diens van die Kantoor van die Gesinsadvokaat.

Die vraelys het uit die volgende drie afdelings bestaan:

- Afdeling A: profiel van die gesinsraadgewer
- Afdeling B: profiel van die gesinsstelsel in egskeiding
- Afdeling C: aard en inhoud van die evalueringsproses vir egskeidingsdispute

Hierdie vraelys is voltooi deur vyf gesinsraadgewers verbonde aan die Kantoor van die Gesinsadvokaat ten opsigte van die egskeidingsevalueringsproses soos toegepas op tien gesinsisteme. Elke gesinsraadgewer het dus twee vraelyste met betrekking tot twee verskillende gesinsisteme voltooi.

Die navorser het na voltooiing van die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel dieselfde vraelys voltooi ten opsigte van die sistemiese egskeidingsevalueringsproses soos toegepas op vyf nuwe gesinsisteme.

Volgens Delpont (2005: 166) is die doel van 'n vraelys om feite en menings aangaande 'n verskynsel vanaf persone te bekom wat ingelig is oor die bepaalde onderwerp. Die navorser het van die handafgelewerde vraelys gebruik gemaak. Delpont (2005: 168) verduidelik dat hierdie tipe vraelys gebruik word waar respondente dit in hulle eie tyd kan voltooi en verkieslik 48 uur tyd gegun word vir die voltooiing daarvan. Die voordeel van die handafgelewerde vraelys is die tydbesparende aspek daarvan asook die beter respons vanweë die persoonlike kontak met respondente (Delpont, 2005: 168). Die navorser het die vraelys persoonlik per afspraak by elke gesinsraadgewer afgelewer en afgehaal.

Elke gesinsraadgewer het 'n skriftelike onderneming tot vrywillige en ingeligte deelname aan die navorsing onderteken (Aanhangsel C). Die handafgelewerde vraelysmetode het verseker dat respondente navrae direk met die navorser kon uitklare en daardeur is 'n 100%-respons verseker.

Die vraelys as dataversamelingsmetode in hierdie studie het eksakte feite aangaande die profiel van gesinsraadgewers, gesinne-in-egskeiding met 'n dispuut sowel as die aard en inhoud van die evalueringsproses soos dit in die praktyk gevind word, aangebied. In terme van numeriese waardes het hierdie feite data



gebied wat objektief is, vergelykbaar is met soortgelyke feite en wat in spesifieke terme die duidelikste beskrywing van die evalueringsproses gee.

1.8.2 Data-analise

Data-analise, veral in die kwantitatiewe benadering, voorsien nie as sodanig antwoorde op die navorsingsvraag nie. Interpretasie van die data en resultate verskaf die antwoord in terme van afleidings en gevolgtrekkings (Kruger, De Vos, Fouché & Venter, 2005: 218). Die meer omvattende doel van resultate in navorsing is die vergelyking van die afleidings met die teorie: wat is die betekenis en implikasie van die navorsingsresultate binne die studieresultate en in watter mate is dit kongruent met die resultate van ander navorsers (Kruger et al., 2005: 218).

Die navorser het die data van die vraelyste per hand verwerk aangesien dit 'n klein steekproef was met hanteerbare inligting. Die data verkry is statisties ontleed en is in hoofstuk nege uiteengesit. Die doel van die data wat uit die vraelyste verkry was, is die vergelyking van twee verskillende egskeidings-evalueringsprosesse ten einde die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsdispute te bevorder. Interpretasie van die data met gevolgtrekkings en aanbevelings is volledig in hoofstuk nege en tien bespreek.

1.9 VOORONDERSOEK

Strydom (2005: 206) verwys na die voorondersoek as die kleedrepetisie vir die hoofondersoek. Huysamen (1993), soos aangehaal deur Strydom (2005: 206), beskryf die doel van die voorondersoek as 'n ondersoek na die uitvoerbaarheid van die studie en moontlike tekortkominge in die metingsprosedure.

1.9.1 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Betrokkenheid in die privaat praktyk het die navorser in staat gestel om die elemente van die model uit eie ervaring te ontwikkel ten einde die probleem van die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind aan te spreek.

Die navorser se persoonlike en professionele benadering tot die gesin spruit uit eie identifisering met die sistemiese perspektief as mees toepaslike benadering



tot gesinsproblematiek. Dit was dus moontlik om die studie in die normale verloop van navorser se privaat praktyk uit te voer.

1.9.2 Toetsing van die meetinstrumente

Die navorser kon in eie praktyk vooraf die voorgestelde model vir egskedings-evaluering by die evaluering van twee gesinsisteme toepas en sodoende die verstaanbaarheid, tydsduur en volledigheid van die proseselemente ondersoek.

Die navorser het die konsepvraelys vir die gesinsraadgewers vooraf aan twee vrywilliger gesinsraadgewers vir voltooiing gegee ten einde die aspekte van duidelikheid, tydsduur en inhoud te ondersoek.

Geen aanpassings was by die konsepvraelys nodig nie. Die navorser kon na die voorondersoek voortgaan om die evalueringsmodel in besonderhede te beskryf en die riglyn te finaliseer.

1.10 UNIVERSUM, POPULASIE, STEEKPROEF en STEEKPROEF-WYSE

'n Universum is volgens Bless en Higson-Smith (1995: 85) die totale omvang van objekte of gebeure of mense wat die onderwerp van studie is waarvan die navorser bepaalde data wil verkry. Arkava en Lane (in Strydom, 2005: 193) onderskei tussen die begrippe universum en populasie. 'n Universum verwys, volgens die skrywers, na al die moontlike persone of voorwerpe wat die eienskappe besit waarin die navorser geïnteresseerd is. Populasie dui op 'n begrensing van die universum in die sin dat dit verwys na persone of objekte in die universum wat spesifieke eienskappe besit waarin die navorser belangstel.

1.10.1 Universum en populasie

In hierdie studie was die universum alle gesinne in Suid-Afrika wat in egskedingsdispute aangaande die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind betrokke is.

Vir die doeleindes van hierdie studie was die populasie ter wille van die praktiese aspekte van die navorsing, soos afstand, toeganklikheid van



respondente, tyd en koste, afgebaken tot 'n bepaalde geografiese gebied, naamlik Gauteng en spesifiek Pretoria.

Die populasie in hierdie studie het twee dele behels. Ten opsigte van die deel van die studie wat gefokus het op die gesinsevalueringproses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, het die populasie al die gesinne in egskeidingsdispute aangaande die minderjarige kind wat deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in die Pretoria-gebied bedien word, behels. Ten opsigte van die deel van die studie wat gefokus het op die evaluering van die nuut ontwikkelde praktykmodel, het die populasie alle gesinne in Pretoria betrokke in egskeidingsdispute aangaande die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind waar 'n evalueringsondersoek benodig is, omsluit.

1.10.2 Steekproef

Arkava en Lane, soos aangehaal deur Strydom (2005: 194), beskryf 'n steekproef as 'n deel van die populasie wat die elemente besit wat in die studie ingesluit word. Strydom (2005: 194) wys daarop dat tyd, fondse en energie beter gekonsentreer kan word op 'n steekproef en derhalwe navorsing van beter gehalte kan produseer.

Die steekproef vir hierdie studie het, soos die populasie, uit twee dele bestaan. Die een deel het bestaan uit die seleksie van tien gesinsisteme (gevalle) in egskeidingsdispute wat deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria bedien is. Die ander deel het behels vyf gesinsisteme in egskeidingsdispute wat by die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel betrek is en deur hulle onderskeie regsvertegenwoordigers in Pretoria na die navorser verwys is.

1.10.3 Steekproefwyse

Die volgende beskrywing deur Powers et al. (in Strydom, 2005: 194) som die doel van steekproefneming duidelik op:

We study the sample in an effort to understand the population from which it was drawn. As such, we are interested in describing the sample not primarily as an end in itself, but rather as a means of helping us to explain some facet of the population.

Die nawaarskynlikheidsseleksie-steekproeftegniek waarvan in hierdie studie gebruik gemaak is, is 'n kombinasie van doelgerigte en beskikbaarheidssteekproeftrekking. Doelgerigte steekproeftrekking verwys volgens Singleton, soos



aangehaal deur Strydom (2005: 202), na 'n steekproef wat saamgestel is uit elemente wat die eienskappe van die populasie besit en dus die populasie die beste verteenwoordig. Beskikbaarheidssteekproeftrekking verwys na die insluiting van enige geval wat in kontak kom met die navorser en betrokke is by die verskynsel in ondersoek (Singleton, 1998 in Strydom, 2005: 202).

In die een deel van hierdie studie, waar die aard en inhoud van die huidige egskedingsevalueringsproses soos toegepas in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskryf word, het die steekproef bestaan uit gesinne (gevalle) wat volgens bepaalde kriteria deur die gesinsraadgewers (respondente) self geselekteer is. Dit het beteken: (1) gesinne-in-egskeding waarvan die evalueringsproses aangaande die dispuut oor die sorg en kontak van die minderjarige kinders teen Maart 2005 deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat afgehandel moes wees, en (2) 'n evalueringsverslag met aanbevelings aan die Hof reeds deur die gesinsraadgewers gelewer was. In die ander deel van die studie, wat die toepassing van die egskedingsevalueringsproses aan die hand van die nuut ontwikkelde praktykmodel behels het, het die steekproef bestaan uit gesinne (gevalle) wat uit die gemeenskap na navorser verwys is. Die kriteria vir seleksie van gevalle het bepaal dat die gesin (1) in 'n egskedingsproses met 'n dispuut aangaande die sorg en kontak van die minderjarige kinders was, en (2) nog nie 'n evalueringsproses met die oog op uitklaring van die dispuut deurloop het nie, (3) beskikbaar was en (4) bereid was om aan die navorsing deel te neem. Seleksie van die steekproef deur die navorser self was dus beperk tot die stel van bepaalde seleksiekriteria.

1.11 ETIESE ASPEKTE

Toenemende fokus op en erkenning van die regte van die mens dwing die geesteswetenskappe tot bewuswording van die etiese aspekte wat op hierdie terreine ter sprake is. Navorsing in die geesteswetenskappe betrek die mens as subjek en vestig derhalwe die aandag op unieke etiese aspekte ten einde suksesvolle professionele navorsing te verseker (Strydom, 2005: 56). Volgens Neuman (2000: 90) asook Gravetter en Forzano (2003: 60) het navorsers in geesteswetenskappe 'n etiese verantwoordelikheid van eerlikheid en korrektheid in twee areas, naamlik teenoor die deelnemers in 'n projek asook teenoor die wetenskaplike dissipline waarvan die navorser deel vorm.

Etiese aspekte verwys na die morele beskouings wat vir 'n bepaalde groep of in 'n bepaalde situasie reg en verkeerd is (Plug et al., 1997: 97; Neuman, 2000: 90; Babbie, 2001: 470). Volgens Strydom (2005: 57) se beskrywing behels etiek in navorsing 'n stel morele beginsels wat oor 'n wye spektrum as sodanig aanvaar



word en wat bepaalde reëls en verwagtinge voorstel met betrekking tot die mees korrekte gedrag deur die navorser teenoor die respondente, subjekte, werkgewers, borge, ander navorsers en almal betrokke. Etiek in navorsing impliseer dus 'n bepaalde morele standaard van optrede waarteenoor die navorser sy eie gedrag kan evalueer. Neuman (2000: 90) beklemtoon dat etiese navorsing afhanklik is van die persoonlike morele kode van die navorser.

'n Etiese kode verwys na 'n stel rigtinggewende beginsels waarvolgens die standaard vir professionele gedrag in terme van dienslewering, verhouding met kliënte asook met kollegas en “the world at large” gestel word (Plug et al., 1997: 98; Pierson & Thomas, 2002: 174-175; Strydom, 2005: 57).

In maatskaplikewerknavorsing behoort die etiese aspekte kongruent met die waardes en beginsels van die professie asook die etiese kode van die professie te wees (Pierson & Thomas, 2002: 176). Navorsing kan nie losgemaak word van die professionele toerusting van die maatskaplike werker nie en etiese beginsels behoort sodanig in die navorser se persoonlikheid geïnternaliseer te wees dat dit deel van die navorser se leefstyl vorm (Strydom, 2005: 57).

Etiese aspekte wat in die algemeen geldig is vir navorsing en wat in hierdie studie van toepassing was, is die volgende:

- ingeligte toestemming
- skade aan die respondent
- misleiding van respondente
- privaatheid en anonimiteit
- vertroulikheid
- bevoegdheid van die navorser
- hantering van konflik

1.11.1 Ingeligte toestemming

Ingeligte toestemming is gegrond op 'n fundamentele etiese beginsel, naamlik dat deelname aan 'n navorsingsprojek altyd vrywillig moet wees en dat deelnemers ingelig moet wees ten opsigte van die aard van die projek asook van hulle regte (Neuman, 2000: 96). Dit is belangrik om te verseker dat deelnemers wetlik en psigies in staat is om toestemming tot deelname te verleen asook dat hulle te enige tyd van deelname kan onttrek (Strydom, 2005: 59). Volgens Neuman



(2000: 97) is daar in die algemeen meer as voldoende rede om 'n getekende ingeligte toestemmingsvorm van deelnemers te verkry.

In die area van egskeidingsevaluering is die emosionele lading op gesinslede intens en is dit noodsaaklik dat die ondersoeker sorg dra dat die onderskeie betrokke persone voortdurend ingelig sal wees ten opsigte van die verloop van die proses. Hierdie aspek hou verband met respek vir die kliënt en sy/haar selfbeslissingsreg wat die basis vir vertroulikheid tussen ondersoeker en gesin ontwikkel. Uit die aard van hierdie studie, naamlik die ondersoek en evaluering van die egskeidingsevalueringproses, was dit vir die navorser reeds met die aanvang van die studie noodsaaklik dat alle respondente ten volle ingelig moet wees met betrekking tot die aard en doel van die navorsing. Die gebruik van tegnologiese hulpmiddels soos bandopnames is slegs met die goedkeuring van die respondente aangewend.

Die navorser was van mening dat skriftelike goedkeuring van die respondente noodsaaklik is. 'n Skriftelike ooreenkoms is na afloop van 'n inligtingsessie vooraf met elke deelnemer, naamlik elke gesinsraadgewer asook die ouers van die gesinne wat die navorser in die tweede deel van die studie betrek het, gesluit. Afsonderlike toestemmingsvorme, met toepaslike inhoud, is vir die gesinsraadgewers en die gesinsisteme opgestel (Aanhangsels C en D onderskeidelik).

Aspekte wat in die skriftelike ingeligte toestemmingsbrief ingesluit is, het uit die volgende bestaan:

- Die identiteit van die navorser en kontakbesonderhede
- Die titel en kort beskrywing van die inhoud van die projek
- 'n Kort beskrywing van die doel van die projek
- 'n Kort beskrywing van die prosedures
- 'n Stelling ten opsigte van die risiko's en 'n versekering van anonimiteit
- 'n Stelling ten opsigte van persoonlike en finansiële voordeel
- 'n Stelling ten opsigte van die reg om van die studie te onttrek
- 'n Stelling ten opsigte van vertroulikheid
- 'n Stelling ten opsigte van enige onduidelikhede en navrae
- 'n Stelling ten opsigte van vrywillige en ingeligte toestemming

Die doel van die getekende ingeligte toestemmingsooreenkoms was juis om onsekerheid en weerstand by respondente uit die weg te ruim en daardeur die spanning te verminder wat vanweë die vreemde situasie veroorsaak kon word.



1.11.2 Leed/skade aan respondente

Deelnemers aan navorsingsprojekte kan op verskeie wyses skade berokken word, naamlik fisiek, psigologies, wetlik of finansieel (Neuman, 2000: 92). Fisieke leed verwys na enige beserings of nadeel wat 'n deelnemer aan sy fisieke persoon mag opdoen. Selfs al is hierdie vorm van skade skaars, bly dit die navorser se etiese verantwoordelikheid om deelnemers waar moontlik teen sodanige leed te beskerm (Dane, 1990 in Strydom, 2005: 58).

Die aard van hierdie studie was sodanig dat, tydens die deel waar die gesinsisteme deur die navorser self by egskeidingsevaluering betrek is, die risiko vir fisieke besering teenwoordig was deurdat sommige deelnemers in intense konflik met mekaar verkeer het vanweë verskeie faktore ten opsigte van die egskeiding. By die deelname van twee gesinsisteme was dit onveilig om beide ouersisteme in gesamentlike konsultasies te betrek vanweë die aggressie by een van die ouers.

By een gesinsisteam was dit noodsaaklik om sekuriteitsmaatreëls vir die een ouer en die minderjarige kind te tref ten einde hulle te beveilig. By die ander gesinsisteam het die een ouer verkies om nie aan die ondersoek deel te neem nie. In die toepassing van die praktykmodel in hierdie navorsing het die moontlikheid bestaan dat 'n scenario kan ontstaan waar die respondente kontrole oor hulle aggressie jeens mekaar kan verloor. Dit spruit egter uit die realiteit van die deelnemers en vorm deel van die evalueringsproses in die algemeen en is dus nie gekoppel aan die navorsingsomstandighede per sé nie. Dieselfde vaardighede is dus by die hantering daarvan van die navorser vereis as van die professionele ondersoeker tydens die egskeidingsevalueringproses in egskeidingslitigasie. Die navorser het derhalwe by die kontrakteringssessie die potensiaal vir besondere kwesbaarheid by die respondente probeer identifiseer en die risiko met sodanige respondente uitgeklaar. Die respondente kon dan self of deur konsensus ten gunste van of teen deelname besluit.

Psigologiese leed verwys na emosionele skade wat 'n deelnemer kan ervaar tydens 'n projek deur in angsvolle situasies en vernederende of stresvolle omstandighede geplaas te word. Strydom (2005: 58) beklemtoon die navorser het die etiese verantwoordelikheid om 'n deelnemer se blootstelling aan ongunstige situasies wat emosionele skade kan berokken te probeer antisipeer en voorkom. Deelnemers behoort ingelig te word ten opsigte van die risiko's van sodanige situasies en behoort die keuse gebied te word om te onttrek indien hulle dit sou verkies (Neuman, 2000: 93-94; Strydom, 2005: 58).



In die uitvoering van hierdie studie het dieselfde beginsel ten opsigte van emosionele leed aan deelnemers gegeld as aangaande fisieke beserings, soos vooraf bespreek. Deur die deelnemers vooraf tydens 'n inligtingsessie deeglik ten opsigte van die prosedure van die projek sowel as die ondertekening van die ingeligte toestemmingsbrief voor te berei is die onsekerheid met betrekking tot die situasie verminder en die angstigheid verlig. Die navorser het deurentyd in kontak gebly met die deelnemers se belewenis. Die vertrouwe by al die deelnemers, behalwe die twee ouers waar intense emosionele ladinge reeds vooraf teenwoordig was, het deurgaans versterk.

1.11.3 Misleiding van respondente

Hierdie aspek word deur Loewenberg en Dolgoff (in Strydom, 2005: 60) beskryf as opsetlike wanvoorstelling van die feite aan respondente ten einde 'n ander waarheid voor te hou. Corey et al. (1993), soos na verwys deur Strydom (2005: 60), stel dit voorts dat die weerhouding van inligting of aanbied van verkeerde inligting ten einde deelname van respondente te verseker ook as misleiding gesien word. Neuman (2000: 95-96, 229) beklemtoon die aspek van opsetlikheid by die navorser in die weerhouding of wanvoorstelling van inligting aan die deelnemer.

Die navorser is van mening dat misleiding van die respondent voorkom kan word deur kontraktering waardeur die navorser verbind word tot 'n skriftelike aanbieding van die feite. In hierdie studie het die navorser elke deelnemer persoonlik ingelig ten opsigte van die aard en doel van die projek. Hierdie inligting is opgevolg met 'n ingeligte vrywillige getekende toestemmingsvorm deur al die deelnemers, behalwe twee ouers wat verkies het om nie verder deel te neem nie. Die navorser het gepoog om waar moontlik die deelnemers deeglik en korrek ingelig te hou en het te alle tye oop kommunikasie met die respondente verseker.

1.11.4 Privaatheid en anonimiteit

Volgens Singleton et al. (1988), soos aangehaal in Strydom (2005: 61), behels privaatheid van die respondent “... the right to decide when, where, to whom, and to what extent his or her attitudes, beliefs, and behaviour will be revealed”. Die gebruik van enige navorsingsprosedures waardeur die persoonlike lewe, gedrag, houding of persoonlike inligting van die deelnemer ingedring word of aan



'n derde party bekendgemaak word, skend die reg tot privaatheid van die deelnemer (Neuman, 2000: 98; Strydom, 2005: 62).

Dit is die etiese verantwoordelikheid van die navorser om die respondent in te lig aangaande die gebruik van prosedures soos video-opnames, luisterapparaat of bekendmaking van inligting aan enige derde party en verkieslik skriftelike toestemming van die respondent te verkry (Neuman, 2000: 98; Strydom, 2005: 63).

Anonimiteit verwys na die beskerming van die deelnemer se identiteit nadat inligting ingesamel is deurdat die respondent se identiteit van die response geskei word sodat die respondent nie deur die inligting herkenbaar is nie (Neuman, 2000: 98-99; Strydom, 2005: 62). Anonieme of naamlose inligting beskerm die privaatheid van die respondent en dit behoort skriftelik deur die navorser verseker te word.

Hierdie studie het die versameling van inligting ten opsigte van die onderskeie egskeidingsevalueringsprosesse van gesinsisteme behels. Identifiseerbare inligting met betrekking tot die gesinsisteme wat betrokke was by die evalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat is nie ter sprake vir die doeleindes van die studie nie. Die vraelyste wat deur die gesinsraadgewers aangaande die betrokke gesinsisteme voltooi is, was totaal anoniem. Die bepaalde gesinsraadgewer asook die gesinsisteme is nie geïdentifiseer nie en geen persoonlike inligting is aan die navorser bekend nie. Die vrae in die vraelys was van sodanige aard dat die gesinsraadgewers slegs feite aangaande die evalueringsproses moes weergee en nie persoonlike menings aangaande die proses moes uitspreek nie. Die navorser het die identiteit en privaatheid van beide gesinsisteme asook gesinsraadgewer hierdeur verseker.

Die egskeidingsevaluering wat die navorser deur die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel gedoen het, het meegebring dat die gesinsisteme-in-egskeiding se identiteit aan die navorser asook die regsverteenvoerders bekend is. Die vraelys wat ten opsigte van hierdie evaluering deur die navorser voltooi is, is egter anoniem en die navorser kon na afhandeling van die empiriese toetsing nie die identiteit van enige deelnemende gesinsisteme uit die inligting erken nie.

Die evalueringsverslag wat die navorser as deel van die ondersoek ten opsigte van elke gesinsisteme voltooi het, is die eiendom van die gesinsisteme om in die litigasieproses vir die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind aan te wend. 'n Afskrif daarvan is ook aan die regsverteenvoerder van elke



gesinsisteam voorsien. Vir die doeleindes van hierdie studie was die relevante inligting die feite wat met betrekking tot die evalueringsproses ingesamel is.

Gesinsisteme is volledig ingelig ten opsigte van die evalueringsproses en die relevansie daarvan vir die navorsing. Die navorser het sorg gedra dat inligting vir evalueringsdoeleindes geverifieer word en dat alle deelnemers vooraf ingelig is dat die navorser in belang van die belange van die minderjarige kind die rol van objektiewe ondersoeker inneem. Alle kollaterale bronne wat tydens die evalueringsproses geraadpleeg is, is in die evalueringsverslag geopenbaar. Die woordelike inhoud van elke bron se inligting is nie in die evalueringsverslag geopenbaar nie ten einde die minderjarige kind asook die ouersisteme teen konfrontasie deur die ander ouer of ander familieledede of regsvertegenwoordigers te beskerm.

Die navorser het besondere sorg gedra ten opsigte van die beskerming van respondente se privaatheid en anonimiteit.

1.11.5 Vertroulikheid

Anonimiteit beskerm die identiteit van die respondent terwyl vertroulikheid die inligting aangaande 'n deelnemer geheim hou (Neuman, 2000: 99). Robinson (1991), soos aangehaal in Strydom (2005: 62), beskou hierdie tipe inligting as "privileged information". Die etiese verantwoordelikheid van die navorser ten opsigte van vertroulikheid met betrekking tot die deelnemer se inligting bring 'n verpligting vir die navorser mee om sodanige inligting teen openbaarmaking aan enige derde party te beskerm (Strydom, 2005: 62).

Die empiriese fase van hierdie studie waartydens die praktykmodel getoets is, het 'n verpligting tot vertroulikheid op die navorser geplaas deurdat sekere inligting vanaf inligtingsbronne ander deelnemers leed kon aandoen indien dit bekend sou word. Dit was dus vir die navorser noodsaaklik om hierdie tipe inligting op 'n neutrale wyse weer te gee sonder om die deelnemer se identiteit daaraan te koppel. In egskeidingsevaluering word die minderjarige kind dikwels as speelbal tussen die ouersisteme gebruik en kan 'n woordelike weergawe van die kind se inligting of wense die kind onder andere in 'n kwesbare situasie vir konfrontasie plaas. Die samestelling van die vraelys ten opsigte van inligting met betrekking tot die evalueringsproses was sodanig dat die vertroulikheid van deelnemers se inligting verseker is.

1.11.6 Bevoegdheid van die navorser



Die verhouding tussen die navorser en die respondente of deelnemers berus op mag en vertroue waar die mag aan die navorser toegestaan word deur besondere geloofwaardigheid, vakkundigheid, opleiding en die rol van wetenskap in die gemeenskap (Neuman, 2000: 91). Strydom (2005: 63-64) beklemtoon dit is die navorser se etiese verantwoordelikheid om te verseker dat hy/sy voldoende toegerus, bevoeg en vaardig is om 'n bepaalde studie te onderneem. Dit behoort deel van die navorser se persoonlike toerusting te wees om kennis te neem van moontlike risiko's en voordele van 'n studie, die waardes, norme en klimaat van die gemeenskap waar die studie onderneem word en dat objektiwiteit gehandhaaf word (Strydom, 2005: 64).

Die navorser het 'n nagraadse kwalifikasie in Maatskaplike Werk met addisionele opleiding in psigiatriese maatskaplike werk, asook gesins- en kinderevaluering. Die navorser het uitgebreide ondervinding as maatskaplike werker in verskeie areas van die maatskaplikewerkdissipline opgedoen. Die navorser het uitgebreide ondervinding as maatskaplike werker in 'n spesialiteits gesins- en kindereenheid gehad. Die navorser het die afgelope twaalf jaar ondervinding in egskeidingsevaluering vanuit 'n eie professionele privaat praktyk opgedoen.

Die navorser het ook addisionele ervaring in egskeidingsevaluering as gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat opgedoen.

Die navorser het die goedkeuring van die professionele gemeenskap vir die studie asook voldoende supervisie oor die navorsingsprojek.

Die beginsels van die maatskaplikewerkprofessie en sistemiese benadering is in die navorser se persoonlikheid geïnternaliseer.

Die navorser het dus oor voldoende opleiding, ervaring en toerusting beskik om in hierdie studie die verantwoordelikheid vir die leiding aan, beskerming en belange van die respondente en alle deelnemers te aanvaar.

1.12 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE

Die beperkings en probleme van hierdie studie het hoofsaaklik twee aspekte behels, naamlik (1) die omvang van die steekproef en (2) die tydsduur van die ondersoek.

1.12.1 Die steekproef



Die steekproef, soos vooraf in hierdie hoofstuk beskryf, verwys na 'n gedeelte van die groot groep of populasie wat bestudeer word en dien as voorbeeld van die samestelling en elemente van die geheel. 'n Steekproef word uit die populasie getrek ten einde die ondersoek na die geheel meer hanteerbaar en koste-effektief te maak (Strydom, 2005: 194).

In hierdie studie het die steekproef in die eerste gedeelte uit tien gesinne-egskeiding bestaan en in die tweede gedeelte uit vyf. Die prosesmatige en intensiewe aard van die ondersoek het die insluiting van 'n groter steekproef prakties onhaalbaar gemaak. Andersyds het daar 'n hoë mate van homogeniteit ten opsigte van die populasie bestaan, aangesien al die gesinne betrokke in egskeding in 'n dispuut aangaande die belange van die minderjarige kind gewikkel was. Dit het meegebring dat 'n kleiner steekproef wel verteenwoordigend was van die populasie. Daarbenewens is die betroubaarheid van die data in die lig van die aard van die doel van die studie nie deur die kleiner steekproef belemmer nie. Die doel van die studie het die vergelyking van twee egskedingsevalueringsprosesse behels ten einde die beste belang van die minderjarige kind in egskeding te bevorder. Dit was dus noodsaaklik om vanuit die steekproef die betrokke proses te kon ondersoek en beskryf.

Die tydintensiewe aard van die egskedingsevalueringsproses asook die opponerende regsproses in Suid-Afrika bring mee dat 'n evaluering met aanbevelings ten opsigte van die betrokke minderjarige kind dikwels meer as een jaar in beslag neem voordat 'n finale verslag aan die hof gelewer kan word.

Die kriteria van die eerste gedeelte van hierdie ondersoek vir die steekproef was naamlik dat die evalueringsproses afgehandel moes wees. Dit het beteken dat daar 'n finale verslag met aanbevelings aan die hof gelewer moes wees en indien moontlik moes daar reeds 'n uitspraak met betrekking tot die belange van die minderjarige kind wees. Hierdie kriteria het die seleksie van die steekproef vir die eerste gedeelte van die studie baie bemoelik aangesien ondersoeke dikwels twee tot drie jaar kan neem om gefinaliseer te word. Een van die ondersoeke in die steekproef vir die eerste gedeelte van die studie het onder andere vyf jaar geduur. Sodanige lang tydperke wat 'n ondersoek neem om gefinaliseer te word, kan meebring dat feitelike gegewens aangaande die ondersoek by voltooiing van die vraelys kon vervaag.

Die kriteria vir die tweede gedeelte van die studie het bepaal dat gesinsisteme wat in 'n egskedingsproses met 'n dispuut verkeer en nog geen evalueringsproses deurloop het nie ingesluit word ten einde die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskedingsevaluering toe te pas.



Vir die seleksie van hierdie steekproef het die navorser persoonlik twintig praktiserende regsverteenwoordigers, wat familiereg in Pretoria beoefen, besoek en hulle ingelig ten opsigte van die studie en kriteria vir die steekproef. Die navorser het dieselfde proses van inligting gevolg met betrekking tot die staatsinstellings in Pretoria wat by familiereg en betwiste egskeidings betrokke is. Dieselfde proses is ook deur die navorser gevolg ten einde maatskaplike werkers in die privaat praktyk wat in Pretoria by egskeidingsevaluering betrokke is moontlik by die studie te betrek.

Een regsverteenwoordiger in privaat praktyk het twee gesinne verwys wat by die ondersoek ingesluit kon word. Geen verwysings is deur enige maatskaplike werker in die privaat praktyk gedoen nie. Drie gesinne is deur UNISA se regshulpkliniek verwys waarvan twee by die studie ingesluit kon word. Twee gesinne is deur die Departement van Justisie se Regshulpraad verwys waarvan een gesin by die ondersoek ingesluit kon word.

Die klein steekproef het egter meegebring dat die resultate van die studie nie tot die populاسie veralgemeen kon word nie.

1.12.2 Tydaspek

Die prosesmatige aard van die ondersoek het meegebring dat die studie veeleisend en besonder tydintensief was. Die steekproefseleksie vir die eerste gedeelte was minder tydintensief as die tweede gedeelte, aangesien die evalueringproses by die Kantoor van die Gesinsadvokaat reeds afgehandel was. Een probleem in hierdie verband was naamlik om voldoende afgehandelde sake uit die huidige lading van ondersoekte te vind. Die steekproefseleksie vir die tweede gedeelte van die ondersoek het besonder baie tyd in beslag geneem vanweë die omvangryke taak van die bemarking van die studie en tweedens die onwilligheid van die maatskaplike werkpraktisyne sowel as die regspraktisyne in die privaat praktyk om samewerking te verleen, met die oog op verwysing van gesinne-in-egskeiding.

Die intensiewe prosesmatige aard van die egskeidingsevalueringproses as sodanig was 'n besonder tydintensiewe ondersoek. Die tydaspek verbonde aan die studie het dus meegebring dat 'n groter steekproef vir die tweede gedeelte van die ondersoek prakties nie haalbaar was nie.

1.12.3 Ander beperkende aspekte



Die ondersoek was sonder enige borgskap of finansiële ondersteuning deur 'n instansie uitgevoer. Die evalueringsproses wat die navorser persoonlik in die tweede gedeelte van die ondersoek uitgevoer het, is sonder enige koste vir die respondente gedoen. Alle koste in terme van fasiliteite, toerusting, vervoer, telefoon en tyd is deur die navorser persoonlik gedra. Die koste-aspek was dus 'n verdere beperkende faktor in die ondersoek.

Die beskikbaarheid van geskikte respondente uit ander areas as Pretoria het 'n beperking op die ondersoek geplaas aangesien sodanige respondente nie ingesluit kon word nie vanweë die tyd- en koste-aspekte.

Dit is egter die mening van die navorser dat die tekortkominge wat tydens die ondersoek ondervind is, nie die betroubaarheid en geldigheid van die studie nadelig beïnvloed het nie.

1.13 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Die volgende hoofkonsepte was relevant in hierdie studie:

- sisteem
- gesin
- minderjarige kind
- evaluering
- egskeiding
- egskeidingsevaluering
- sorg(bewaring) en kontak(toegang)
- beste belang van die kind
- praktykmodel

1.13.1 Sisteem

'n Sisteem is 'n versameling objekte wat interafhanklik en interverwant is sodat dit as 'n enkel eenheid funksioneer (Pierson & Thomas, 2002: 467).

Goldenberg en Goldenberg (1998: 39) bied die volgende definisie van 'n sisteem aan: "... a complex of component parts or interacting elements that together form an interdependant entity. A system's wholeness, organization and patterns are its crucial characteristics."

'n Sisteem kan dus beskou word as 'n eenheid van interafhanklike dele wat voortdurend in interaksie funksioneer sodat die geheel daarvan groter is as die som van die dele daarvan.



1.13.2 Gesin

Verskeie skrywers dui op die invloed wat kultuur op die definisie van 'n gesin uitoefen asook die doel van die definisie, met ander woorde wat is die vraag ten opsigte van 'n gesin wat beantwoord moet word (Cherlin, 2002: 12; Benokraitis, 2005: 5).

Die tradisionele beskrywing beskou die gesin as 'n eenheid van gades wat 'n geldige huwelik gesluit het asook hulle kinders uit die huwelik (Cronje & Heaton, 2004a: 3; Benokraitis, 2005: 5).

Cherlin (2002: 14-17) onderskei soos volg tussen die “openbare gesin” en die “private gesin”:

... the **public family**: one adult, or two adults who are related by marriage, partnership, or shared parenthood, who is/are taking care of dependants, and the dependants themselves.

... the **private family**: two or more individuals who maintain an intimate relationship that they expect will last indefinitely – or ... until the child reaches adulthood – and who live in the same household and pool their income and household labor.

Benokraitis (2005: 5) gee die volgende omskrywing van 'n gesin: “ ... a family is as an intimate environment in which two or more people: (1) live together in a committed relationship, (2) see their identity as importantly attached to the group, and (3) share close emotional ties and functions.”

In die Suid-Afrikaanse Familiereg word die breër perspektief van die konsep van 'n gesin erken en soos volg deur Cronje en Heaton (2004a: 3) beskryf: “ ... alle persone wat deur bloedverwantskap of aanneming of op grond van 'n huwelik aan mekaar verbonde is asook die gesinseenheid wat geskep word deur persone wat 'n verhouding soortgelyk aan 'n huwelik aangegaan het.”

Die voorkoms van die gesin soos voorheen algemeen aanvaar was, naamlik in die vorm van die kerngesin waar die man die vader en broodwinner is, die vrou voltyds tuisteskepper, eggenoot en moeder, met een of meer kinders, het gedurende die afgelope dekades drasties verander. Goldenberg en Goldenberg (1998: 3-8) beskryf die voorkoms van enkelouer-gesinne, hersaamgestelde gesinne en families in saamleefverhoudings as die realiteit van die snel en dramatiese veranderinge wat die kerngesin ondergaan het.



Die UNICEF-konvensie beskryf die gesin as 'n fundamentele groep van die gemeenskap en die natuurlike omgewing vir die groei en welsyn van al sy lede, en in besonder die kinders (Hodgkin & Newell, 1998: 78).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is 'n gesin beskou as 'n sisteem bestaande uit twee ouers met kinders wat uit hulle verhouding verwek is of andersins aan hulle toegewys is, hetsy die ouers in terme van die Suid-Afrikaanse Familiereg getroud is of in 'n saamleefverhouding woon. 'n Gesin in die konteks van hierdie studie het dus behels 'n sisteem van individue waar die moontlikheid van 'n dispuut oor die voortgesette versorging van die kind(ers) mag ontstaan indien die sisteem sou verbrokkel en die toetrede van die reg vereis word.

1.13.3 Minderjarige kind

'n Kind word deur die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) beskryf as “'n persoon onder die leeftyd van agtien jaar” (Bosman-Swanepoel & Wessels, 1995: a1). Die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) spesifiseer nie die term minderjarige kind nie en definieer slegs die term “kind” as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar (Staatskoerant, 2006: 20).

Hierdie bepaling word in Artikel 28 van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) bevestig (Cronje & Heaton, 2004b: 531) asook deur Artikel 1 van die Konvensie vir die Regte van die Kind (Hodgkin & Newell, 1998: 1).

Vir statistiese doeleindes by dataversameling met betrekking tot egskeidings verwys die term minderjarige kind na 'n ongetroude kind onder die ouderdom van 21 jaar (Statistics South Africa, 2006: 3.8).

Vir die doeleindes van hierdie studie is gefokus op die belange van die kind in die gesinsisteem wat nog vir versorging van die ouersisteem afhanklik is. Dit verwys dus na die kind wat nog hoofsaaklik skoolgaande is, nie in 'n betrekking staan of getroud is nie. Die navorser het volstaan met die beskrywing van 'n minderjarige kind as 'n kind of persoon onder die ouderdom van agtien jaar en afhanklik van versorging deur die ouersisteem. In die konteks van hierdie navorsing sal 'n minderjarige kind dus verwys na 'n afhanklike kind jonger as agtien jaar binne 'n gesinsisteem-in-egskeiding waar 'n dispuut ten opsigte van die belange van die kind bestaan.

1.13.4 Evaluering



Evaluering word deur Pierson en Thomas (2002: 179) soos volg omskryf: “The process through which information is obtained and judgements made on whether an intended course of action is producing the desired results.”

Compton en Galaway (1989: 659) definieer evaluering soos volg: “ ... the application of scientific methods to measure both change processes and the results or outcomes of change efforts.”

Die omskrywing deur Washington (1984), soos aangehaal in Potgieter (1998: 172), gee ’n aanduiding van die doelwitte van die evalueringsproses en is toepaslik in hierdie studie:

Evaluation is the process of determining the amount of success a particular intervention has had in terms of costs and benefits and goal attainment. It is concerned with assessing adequacy of performance, appropriateness of the stated goal, the feasibility of attaining it, as well as the value or impact of unintended outcomes.

Evaluering verwys derhalwe na die proses van beoordeling van die meriete van ’n verskynsel of intervensie.

In die konteks van hierdie studie verwys evaluering enersyds na die twee prosesse waardeur egkeidingsdispute ten opsigte van die belange van die minderjarige kind beoordeel word, naamlik die huidige proses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word asook die proses soos deur die navorser in terme van die nuut ontwikkelde praktykmodel toegepas is. Andersyds verwys evaluering ook na die proses van beoordeling van die effektiwiteit van die praktykmodel.

Die vraag wat deur evaluering beantwoord moet word, is naamlik of die werk wat gedoen is effektief is. Binne die konteks van hierdie studie verwys dit dus na die beoordeling van die effektiwiteit van die evalueringsprosesse ten opsigte van die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind in egskedding.

1.13.5 Egskedding

Die regsdefinisie van egskedding word in Artikels 3 en 4 van die Wet op Egskedding (Wet 70 van 1979) beskryf as die ontbinding van ’n huwelik wanneer daar onherstelbare verbroekking van die huwelik plaasgevind het (Cronje & Heaton, 2004b: 543).



Van Staden in Woudstra (1997: 7) gee 'n omskrywing van die term egskedding wat die implikasies van die wetlike aksie vir die gesinsisteem weergee:

... wetlike beëindiging van die huwelik deur 'n hofbesluit, wat die traumatiese proses van vernietiging van die huweliksverhouding impliseer, met die gepaardgaande verandering van die gesinstruktuur en -funksionering asook die onderlinge interaksie van die gesinslede, wat aanpassing in kommunikasie en die ondersteunende netwerk meebring.

Beskrywings van egskedding behels uitsprake soos die volgende: “ ... the legal and formal dissolution of a marriage” (Benokraitis, 2005: 427); “ ... the unmaking of a marriage” (Cherlin, 2002: 430).

Egskedding is 'n emosiebelaaide proses van ontbinding van 'n huwelik met ernstige implikasies vir elke lid van die verbrokkelde huwelik en gesin.

1.13.6 Egskeddingsevaluering

Egskeddingsevaluering het te doen met die beoordeling van die meriete van die inligting deur elke party voorsien ten einde 'n oplossing vir die dispuut te vind.

Ten einde die vraag of die beoordeling effektief is te kan beantwoord, is die volgende aspekte van belang (Pierson & Thomas, 2002: 179-180):

- 'n vertrekpunt wat aandui watter verandering deur die intervensie aan die huidige stand van sake voorgestel word, met ander woorde watter oplossing vir die huidige dispuut word deur die intervensie voorgestel;
- indikatore van wat as 'n aanvaarbare oplossing deur al die deelnemers gesien word;
- versameling van tersaaklike inligting ten einde 'n geskikte oplossing te bepaal;
- versamelingstegnieke soos waarneming en onderhoudvoering;
- professionele insette deur die deskundige;
- prosesse van ontwikkeling vanaf die lewering van insette tot die bereiking van 'n oplossing;
- uitsette as die produk van bemagtiging in terme van aksies wat met ekonomiese, maatskaplike, politieke of omgewingsaspekte te doen het;
- resultaat van die insette ten opsigte van die oplossing vir die betrokkenes.

Binne die konteks van hierdie studie verwys egskeddingsevaluering dus na die dispuut as die vertrekpunt met die bepaling van die beste belang van die



minderjarige kind as aanwyser vir 'n aanvaarbare oplossing. Die deskundige lewer professionele insette ten einde die relevante inligting uit verskeie bronne te verkry waardeur 'n beoordeling van die beste belang van die minderjarige kind gedoen kan word. Die ideale situasie sou wees indien die voorgestelde oplossing vir alle partye aanvaarbaar is en finansiële, emosionele en tydskoste bespaar kon word.

1.13.7 Sorg en Kontak (Bewaring en Toegang)

Vanweë die feit van die fisiese skeiding van huise bring egskeiding noodwendig verdeling in ouerlike toesig oor die minderjarige kind mee. Die Wet op Egskeiding maak voorsiening vir die toekenning van die sorg (bewaring) van die minderjarige kind aan een (of albei) van die ouers terwyl die kontak (toegang) met die ander ouer deur die reg tot kontak (toegang) bepaal word (Cronje & Heaton, 2004b: 544-545).

1.13.7.1 Sorg (Bewaring)

Sorg of bewaring (voorheen toesig en beheer genoem) verwys na die bevoegdheid van 'n persoon om die kind fisies by hom of haar te hê en om die kind se daaglikse lewe te beheer en daarvoor toesig te hou (Cronje & Heaton, 2004a: 167). Sorg(bewaring) van die minderjarige kind behels dus beheer oor die daaglikse lewe van die kind en verantwoordelikheid vir die kind se versorging en opvoeding, gesondheid, veiligheid en welsyn.

Die term “toesig en beheer” (“custody and control”) wat voorheen vir die verantwoordelikheid van die minderjarige kind se versorging gebruik is, is sedert 1998 vervang met “bewaring” (“custody”) (Cronje & Heaton, 1999b: 182) nadat regter Wunsch beveel het dat die gebruik van die term “beheer” (“control”) onwenslik is. Tans word “bewaring” in die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) met die term “sorg” (“care”) vervang (Cronje & Heaton, 2004a: 291; Staatskoerant, 2006: 18, 20). Hierdie verandering is baie positief aangesien dit klem plaas op die versorgende verantwoordelikheid van die ouer teenoor die minderjarige kind.

Sorg(bewaring) van die minderjarige kind in egskeiding behels dus die verantwoordelikheid van die ouer vir die opvoeding, daaglikse versorging, leiding en vertroeteling waardeur die kind in staat gestel kan word om sy volle potensiaal as gesonde mens te kan ontwikkel. Dit vereis dus besondere emosionele



rypheid en volwassenheid, insig en begrip van 'n ouer om hierdie groot taak binne die konteks van 'n gebroke gesinstruktuur te verrig.

1.13.7.2 Kontak (Toegang)

Wanneer die sorg(bewaring) van 'n kind na egskeiding aan een ouer toegewys word, beteken dit die kind sal nie verder daaglikse kontak met die ander ouer hê nie. Dit is dus in belang van die minderjarige kind om kontak tussen die kind en die nie-versorgende(-bewarende) ouer te bevorder. Artikel 3 van die Wet op Egskeiding maak voorsiening vir die reël van die toegang of kontak tussen ouer en kind (Cronje & Heaton, 2004b: 544-545).

Vanuit die regspektief word kontak of toegang as “redelike toegang” beskryf. Dit is 'n byna niksseggende term, aangesien elke persoon se interpretasie van die begrip “redelik” verskil. In terme van die gemenerereg beteken dit die nie-versorgende(-bewarende) ouer het die reg tot kontak met die kind op redelike tye en plekke (Cronje & Heaton, 1999b: 187).

Kontak of toegang dui derhalwe op die reg en voorreg van die nie-versorgende (-bewarende) ouer en die minderjarige kind om deur gereelde besoeke voortdurende kontak met mekaar te hê ten einde hulle ouer-kind-verhouding te behou, te versterk en te ontwikkel in beide se belang.

Regter Foxcroft beskou toegang(kontak) tussen die minderjarige kind en die nie-versorgende(-bewarende) ouer as 'n wederkerige en tweerigtingproses; dit is deel van beide se reg tot 'n voortgesette verhouding tussen die ouer en kind tot voordeel van die kind (Cronje & Heaton, 1999a: 382).

Die term “toegang” word in die nuwe Kinderwet met “kontak” (“contact”) vervang (Cronje & Heaton, 2004a: 172; Staatskoerant, 2006: 20). Die navorser ondersteun die verandering in terminologie aangesien dit 'n vriendeliker en meer gemoedlike toon met betrekking tot die voortgesette verbintenis tussen die minderjarige kind en die nie-versorgende ouer aandui.

1.13.8 Beste belang van die kind

Die beste belang van die kind is die beginsel wat tans algemeen aanvaar word as die basis vir egskeidingsevaluerings waar daar tussen die ouersisteme 'n dispuut ten opsigte van die minderjarige kind se sorg(bewaring) en kontak (toegang) bestaan.



Hierdie beginsel is reeds in artikel 6 van die Wet op Egskeiding asook in die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, vervat (Cronje & Heaton, 1999b: 178-181).

Artikel 28.2 van die Handves van Regte, soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika, bepaal spesifiek dat 'n kind se beste belang van deurslaggewende belang is in elke aangeleentheid wat die kind raak (Cronje & Heaton, 2004b: 531). Die verpligte toepassing van hierdie beginsel word in die nuwe Kinderwet in artikel 9 bekragtig (Staatskoerant, 2006: 34) en bepaalde faktore wat in ag geneem behoort te word by bepaling van die kind se beste belang word in artikel 7 uiteengesit (Staatskoerant, 2006: 32).

Bosman-Swanepoel et al. (1998: 5) beskryf hierdie begrip soos volg: “The best interest is usually defined as the least detrimental available alternative.”

Dit is by uitstek die Handves vir die Regte van die Kind van UNICEF (Hodgkin & Newell, 1998: 145) wat internasionaal sterker erkenning vir hierdie beginsel meegebring het. Die beginsel word soos volg in artikel 3.1 van die Handves verwoord: “In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration” (Hodgkin & Newell, 1998: 37).

Dit blyk uit al die bogenoemde wetlike stellings dat die beginsel erken en aanvaar word as basis vir die bepaling van die belange van die minderjarige kind. Dit blyk egter verder dat hierdie “beste belange van die kind” nie gespesifiseer word nie en derhalwe word ruimte gelaat vir die interpretasie deur diegene wat die beginsel as motivering vir 'n bepaalde siening of argument gebruik.

Volgens die navorser se mening verwys die begrip “die beste belang van die kind” na die erkenning van die uniekheid van elke kind in sy besondere omstandighede. Dit behels derhalwe die noodsaaklikheid dat elke kind se besondere behoeftes op alle vlakke vasgestel behoort te word en alle pogings aangewend moet word om op die beste moontlike wyse daarin te voorsien.

1.13.9 Praktykmodel

Die term “model” word deur die *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordboek* (1993: 324) beskryf as: “toonbeeld; voorbeeld; kleinskaalnabootsing; patroon; vorm; eksemplaar of prototipe.”

Plug et al. (1997: 227) definieer 'n model as 'n ideaal om na te streef.



Die begrip “model” kan dus verstaan word as die voorbeeld of patroon wat daargestel word om na te volg indien ’n bepaalde uitkoms verkry wil word.

’n Praktykmodel kan dus binne die konteks van hierdie studie gesien word as die prototipe of ideaal wat tydens egskeidingsevaluering in die praktyk toegepas kan word ten einde die beste belange van die minderjarige kind te bepaal en te bevorder.

1.14 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag kan volgens Strydom (2005: 246) beskou word as die finale produk van die hele navorsingsproses. Die doel van die navorsingsverslag is naamlik om die inligting aangaande die navorsingsproses asook die inligting daaruit verkry op die mees effektiewe en ekonomiese wyse moontlik oor te dra (Strydom, 2005: 247).

Die inhoud van hierdie navorsingsverslag is in die volgende hoofstukke ingedeel: Hoofstuk een gee ’n breë oorsig oor die probleemstelling, doel en doelwitte van die studie, die navorsingsvraag en hipoteseformulering, die navorsingsbenadering wat gevolg is, die tipe navorsing wat onderneem is, die navorsingsontwerp en -prosedures waarvolgens die studie uitgevoer is, die vooronderzoek, die universum, populasie en steekproefwyse wat toegepas is, die tersaaklike etiese aspekte asook die tekortkominge van die studie en sluit met definisies van die hoofkonsepte af. In hoofstuk twee is die aandag gevestig op die uiteensetting van die sisteemteoretiese perspektief wat onderliggend aan die voorgestelde praktykmodel is. Hoofstuk drie is aan die bespreking met betrekking tot die gesin as maatskaplike sisteem gewy, terwyl hoofstuk vier daarby aangesluit het met die fokus op die minderjarige kind as subsisteem van die gesinsisteem. Egskeiding as maatskaplike probleem is in hoofstuk vyf bespreek ten einde die aard en omvang daarvan uit te lig. In hoofstuk ses is op gesinsevaluering in egskeiding gefokus. Die belange van die minderjarige kind is afsonderlik in hoofstuk sewe uitgelig. Die praktykmodel is in hoofstuk agt uiteengesit en in hoofstuk nege is die resultate van die empiriese toepassing van die praktykmodel bespreek. In die slothoofstuk, hoofstuk tien, is die gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die empiriese resultate bespreek en ’n samevatting van die studie aangebied.

1.15 SLOTSOM



Phillip Tobias (2005: 78), internasionaal bekende antropoloog en bekroonde wetenskaplike, maak die volgende stelling:

I used to believe there were two types of scientists: the cautious type whose hypotheses are ahead of the facts by not more than a fraction of a centimetre; and the bold, courageous type whose hypotheses stand out like signposts miles along the highway, pointing a way in the darkness. ... It now seems I must admit a third category, he who makes no hypotheses at all! – since measurement and statistical analysis have become a substitute for **thinking**.

Die voortdurende stryd tussen kreatiewe denke en rigiede meting in navorsing word met hierdie stelling beklemtoon. Die aard van die werk van geesteswetenskaplike beroepe maak wetenskaplike meting dikwels ongewild terwyl die gemeenskap op meetbare bewyse kan aandring.

Egskeiding is soos voorafbespreek 'n wêreldwye maatskaplike verskynsel waardeur duisende minderjarige kinders jaarliks ernstig beïnvloed word deurdat hulle sekuriteitsbasis, naamlik die gesinstruktuur, verbreek word. Sodanige verandering vereis dikwels ongekende asook onbekende aanpassings vir ouersowel as kindsisteme.

Hierdie studie was gerig op die beskrywing van 'n praktykmodel vir egskedingsevaluering waar daar tussen die ouers 'n dispuut bestaan oor die belange van die minderjarige kind. Die bepaling van die beste belange van die kind is steeds vaag en hierdie studie het gepoog om by wyse van 'n praktykmodel 'n standaard vir dié doel daar te stel.

Die teoretiese verwysingsraamwerk vir die praktykmodel, naamlik die algemene sisteemteorie, word in die volgende hoofstuk uitvoerig bespreek ten einde die uitgangspunt van die praktykmodel te kontekstualiseer.



HOOFSTUK 2

The essence of knowledge is, in having it, to apply it.

Confucius


HOOFSTUK 2

DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE AS TEORETIESE FUNDERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing is die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir egskedingsevaluering waardeur die maatskaplike vraagstuk van egskedingsdispute aangaande die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind effektief in belang van die kind aangespreek kan word. Die huidige fokus van aandag by die gesin-in-egskeding beklemtoon die individualiteit van lede van die gesin. Die navorser wil met hierdie studie 'n paradigmaskuif teweegbring by alle belanghebbendes betrokke by hierdie vraagstuk deur die unieke funksionering van elke besondere gesinsisteam as totaliteit en die interaksie tussen die afsonderlike lede uit te lig.

Elke gesinsisteam is saamgestel uit unieke lede wat 'n unieke karakter aan die bepaalde gesin verleen. Die wisselwerking tussen die lede van 'n gesin is eiesoortig aan dié bepaalde kombinasie mense en kan nie in 'n ander kombinasie herhaal word nie. Dit beteken dat indien die individuele lede van 'n gesin deel sou word van ander gesinne, die voorkoms en optrede van sodanige gesinne 'n heeltemal andersoortige karakter sal vertoon. Hierdie aspek kan visueel soos volg in Figuur 1 voorgestel word ten einde dié gedagte te demonstreer:



Figuur 1: Voorstelling van die unieke samestelling van elke gesin

In hierdie konteks is dit voorts belangrik om die langdurige verbintenis van 'n gesinsisteam in ag te neem, selfs nadat die gesin weens egskeding verbrokkel het. Herbert (1997: 3) lig die langdurende karakter van die gesin as maatskaplike struktuur uit en bevestig die holistiese eienskap daarvan deur soos volg te



konstateer: "... the family is a social structure which continues to exist long after it has legally been dissolved, and people who attempt to deal with the family as solitary individuals independent of each other, do the child no service." Hierdie stelling impliseer dus dat die gesinslede mekaar voortdurend beïnvloed, selfs al woon die gesin nie meer as 'n eenheid saam nie. Die praktyk bevestig hierdie stelling waar gesinne ná egskeiding noodgedwonge voortdurend oor 'n lang tydperk oor aspekte soos onderhoudsreëlins, toegangsreëlins en besluite oor die kinders se toekoms met mekaar moet skakel. Die bewuswording van die gesin as 'n unieke eenheid, saamgestel uit individuele lede wat voortdurend in wisselwerking met mekaar is, is noodsaaklik ten einde gesinsfunksionering vanuit 'n perspektief van totaliteit te benader.

Die teoretiese fundering wat as vertrekpunt vir sodanige beskouing dien, is essensieel en behoort universeel asook interdisciplinêr aanvaarbaar te wees. Die doel van 'n teorie is om enersyds verskynsels te verklaar deur die verwantskap tussen die konsepte van sodanige fenomeen uit te klaar, en andersyds om die toekomstige gedrag van die eienskappe te voorspel (Bless & Higson-Smith, 1995: 11; Potgieter, 1998: 52; Neuman, 2000: 39; Thomas, 2000: 12; De Vos, 2002: 46). Die algemene sisteemteorie wat op die holistiese benadering gebaseer is, is as sodanig geskik om die verwantskap tussen die lede van 'n gesin-in-egskeiding as geheel te verduidelik en 'n riglyn vir die samestelling van die nuwe gesinsisteme ná egskeiding te bied. Die algemene sisteemteorie is derhalwe as teoretiese grondslag vir hierdie ondersoek na gesinsassessering in egskeidingsevaluering geselekteer.

Motivering vir die keuse van die algemene sisteemteorie as fundering vir die studie en waarvan die inhoud diepgaande in hierdie hoofstuk bespreek word, is te vind in:

- die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie ten einde die georganiseerde kompleksiteit van die wetenskap in eenheid te orden;
- die bepaalde denkwysse wat fokus op holisme en die interverwantskap van die dele van 'n sisteem;
- die resente karakter van die teorie;
- die invloed daarvan in gesinsterapie in die besonder;
- die benutting daarvan, spesifiek in die maatskaplikewerkprofessie; en
- die erkenning en aanvaarding daarvan deur die gedragswetenskappe in die algemeen (Rapoort, 1974: xxii; Carter & McGoldrick, 1989: 4-10; Kaplan & Sadock, 1994: 844-847; Hanson, 1995: vii-3; Moore, 1997: 557-559; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 19-21; Minuchin & Fishman, 1999: 12-13; Becvar & Becvar, 2000: 1-2; Battino, 2001: 426; Allers, 2002: 720).



Die waarneming deur natuurwetenskaplikes in verskeie velde, naamlik dat die gedrag van die dele van 'n geheel verskil wanneer dit afsonderlik waargeneem word teenoor wanneer dit in dinamiese interaksie met mekaar bestudeer word, is reeds gedurende die 1940's en 1950's beskryf (Von Bertalanffy, 1967: 115-116; Von Bertalanffy, 1973: xvii, xix; Ackoff in Von Bertalanffy, 1974:11; Von Bertalanffy, 1974: 11-13). Terselfdertyd het gedragswetenskaplikes alternatiewe benaderingswyses tot menslike probleemgedrag gesoek, aangesien die reduksionistiese analitiese verklarings waarvolgens 'n individu se optrede in isolasie van die gesin of groep beskou is, onbevredigend was (Becvar & Becvar, 1996: 1; Moore, 1997: 556; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 19-20). Langton (in Page, 1996: 19) stel hierdie aspek soos volg: "Linear, reductionist science is great ... essential – but it only takes you so far. All you get is the sum of the parts. But most of the world ... is non-linear."

Die betekenis van die algemene sisteemteorie vir die gesinsterapiebeweging word soos volg deur Skynner (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 20) gestel:

The widening of our perspective from its earlier focus on the individual to an awareness of family and community systems has shown us clear reasons for the extraordinary difficulty everyone has found in changing individuals separately from their family systems ...

Die sistemiese verband van 'n siek kind en die noodsaaklikheid van erkenning van die gesinsverband as 'n geheel in die behandeling van die kind as pasiënt word ook deur Allers (2002: 720) beklemtoon. Die algemene sisteemteorie se erkenning van die dinamiese karakter van die wisselwerking tussen die mens en sy omgewing sluit direk aan by die kern van maatskaplike werk en dié teorie bied derhalwe 'n stewige basis vir die beoefening van hierdie professie (Compton & Galaway, 1998: 123; Potgieter, 1998: 54, 114; Ashford, LeCroy & Lortie, 2001: 105).

Die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie gedurende die afgelope 50 tot 60 jaar word deur erkenning en aanvaarding in verskeie velde van die wetenskap gekenmerk. Daar is reeds sprake van meer as 30 teoretiese konsepte binne die konteks van die sisteemteorie en volgens Hanson (1995: 1-2) is dié teorie bruikbaar in elke konvensioneel gedefinieerde dissipline wat die ekonomie, ingenieurswese, biologie en rekenaarwetenskap asook die sosiologie, gesinsterapie, psigologie en medisyne insluit (Potgieter, 1998: 114; Allers, 2002: 720). Hierdie multidissiplinêre toepassing word deur Hanson (1995: 2) beskryf as "... to think of the approach as 'pan-disciplinary' ..." Sy glo in die universele aanwending van die algemene sisteemteoretiese benadering en stel dit soos volg: "What is new is the potential of a wholes approach for



transforming debate on current global problems through rethinking the epistemologies that ground conventional analysis. In this shift new visions appear for intervention” (Hanson, 1995: 2). Becvar en Becvar (2000: xii) ondersteun die gedagte dat die sisteemteorie die verwysingsraamwerk bied waarvolgens meer as een moontlike realiteit (oplossing) vir vraagstukke gevind kan word.

Die waarde van die algemene sisteemteorie vir hierdie studie kan soos volg saamgevat word aan die hand van die eienskappe van ’n teorie in die algemeen soos deur Potgieter (1998: 52) uiteengesit:

- Die algemene sisteemteorie bied ’n holistiese benadering tot die komplekse dispute van gesinne-in-egskeiding aangaande die minderjarige kind. Volgens hierdie siening beskou die navorser die gesin-in-egskeiding as ’n sisteem waarvan die eenheid groter is as die som van die dele daarvan. Dit beteken die dinamiese aard van die interaksie tussen die lede van die gesin is nie waarneembaar wanneer die lede in isolasie geassesseer word nie. Dit beklemtoon die feit dat die wisselwerking tussen ouers en kinders, asook tussen ouers onderling en tussen die kinders onderling slegs waarneembaar is indien die gesin in die totaliteit van samestelling en funksionering geassesseer word.
- Die algemene sisteemteorie bied ’n omvattende beskrywing van die eienskappe van ’n sisteem waarvolgens die patrone van funksionering, wat die gesinsisteem oor die tydperk van sy bestaan ontwikkel, waargeneem en omskryf kan word. Dit beklemtoon weereens die feit dat hierdie patrone van gedrag in die gesin nie altyd deur liniêre oorsaak-en-gevolg-tegnieke bepaalbaar is nie. Die navorser is veral geïnteresseerd in die interaksionele patrone in die gesinsisteem, aangesien dit die unieke funksioneringswyse van die gesin uitlig. Daarby bied dit ’n effektiewe wyse vir assessering van die belange van die minderjarige kind met die oog op bepaling van die bewaring en toegang (sorg en kontak) na die eg skeiding.
- Ten opsigte van assessering van die gesin-in-egskeiding bied die algemene sisteemteorie ’n breër visie met betrekking tot die verhoudingsdinamika binne die gesinsisteem as basis vir die bepaling van ’n ingrypende besluit aangaande die minderjarige kind se toekoms en voortgesette ontwikkeling. Assessering en evaluering van die kind in verhouding met ’n individuele ouer, die ouers as egpaar asook die sibbe onderling is na die navorser se mening van kardinale belang ten einde soveel moontlik direkte inligting te versamel. Deur direkte waarneming en terugvoer, en nie slegs deur die ouers se weergawe of individuele gesprekvoering alleen nie, word die perspektief aangaande die onderlinge gesinsverhoudinge soveel meer verbreed.



- 'n Toepaslike teoretiese fundering bied dus aan die navorser 'n bepaalde kennisbasis waarvolgens 'n vraagstuk benader en oplossings gesoek word. Die geskiktheid van die algemene sisteemteorie vir die bestudering van die ingewikkelde organisatoriese samestelling van die gesinsisteem word deur Constantine in Goldenberg en Goldenberg (1998: 21) bevestig. Die skrywer beklemtoon dit is juis die gesinsisteem as eenheid se reaksie op probleme asook die mate waartoe die gesinsfunksionering deur probleme beïnvloed word, wat bepalend is vir die keuse van die sistemiese benaderingswyse.
- Egskeidingsdispute aangaande die bewaring en toegang (sorg en kontak) van minderjarige kinders is 'n universele maatskaplike vraagstuk wat op grond van die algemene sisteemteorie vanuit 'n ander perspektief benader kan word. Compton en Galaway (1989: 3) haal William Schwartz aan wat reeds in 1961 klem geplaas het op die gemeenskap se poging om sy dele in 'n geheel te integreer en die maatskaplike werker se rol in hierdie proses beklemtoon het. In die volgende uitspraak deur Compton en Galaway (1989: 123) word erkenning gegee aan die geskiktheid van die algemene sisteemteorie in die toepassing daarvan in maatskaplike werk:

It offers a conceptual framework that shifts attention from the cause and effect relationship between paired variables to the person/situation as an interrelated whole. The person is observed as part of his/her total life situation; person and situation are a whole in which each part is interrelated to all other parts in a complex way through a complex process ...

Ten einde die toepaslikheid van die algemene sisteemteorie ten opsigte van gesinsassessering in egskeidingsevaluering toe te lig, gaan daar in die verdere bespreking op die volgende aspekte gefokus word:

- die **inhoud van die algemene sisteemteorie** met verwysing na (1) die omskrywing van 'n teorie en (2) die algemene argitektuur van 'n teorie met beklemtoning van die intellektuele tradisie, uitgangspunte en relevante konsepte van die algemene sisteemteorie;
- die **waarde van die algemene sisteemteorie** met verwysing na (1) die teoretiese betekenis daarvan asook (2) die betekenis van die algemene sisteemteorie met betrekking tot bestudering van die gesin.



2.2 DIE INHOUD VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

Die algemene sisteemteorie behels 'n bepaalde denkwysie wat onderliggend is aan die perspektief van en benadering tot vraagstukke. Die vertrekpunt van hierdie teoretiese benadering is die gedagte van holisme. Hanson (1995: vii) vergelyk die proses van die teoretiese uiteensetting van die algemene sisteemteorie met die opstel van 'n riglyn om te leer loop of asemhaal. Dit is 'n gekompliseerde taak ten opsigte van 'n benadering wat as 'n inherente gegewenheid van die wetenskap beskou behoort te word. Die kerngedagte van die algemene sisteemteorie, naamlik dat die sisteem as 'n totaliteit gesien word waarvan die dele gesamentlik anders vertoon as wanneer dit afsonderlik beskou word, verteenwoordig die belangrike verskuiwing van denkwysie in benadering tot vraagstukke, naamlik vanaf 'n reduksionistiese tot 'n holistiese perspektief.

Die vraag ontstaan tot watter mate die algemene sisteemteorie aan die definiëring en vereistes van 'n wetenskaplike teorie voldoen. Teorieë is abstrakte en algemene idees wat onderworpe is aan organisatoriese reëls. Teorieë skakel met die feite en data van praktiese ervarings wat selektief en betekenisvol waargeneem is (Bless & Higson-Smith, 1995: 10; Klein & White, 1996: 1).

Die inhoud van die algemene sisteemteorie word vervolgens eerstens aan die hand van die omskrywing van 'n teorie behandel waarna die algemene argitektuur van die teorie beskryf word.

2.2.1 Omskrywing van 'n teorie

Die bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie word voorts deur die konseptualisering van 'n teorie in die algemeen gerig.

Die wetenskap is fundamenteel gemoeid met idees en data en die verhouding daartussen. Wetenskaplike teorieë behels 'n algemene beginsel en veronderstellings wat sistematies verband hou en empiries toetsbaar is (Nye, 1979: 1; Bless & Higson-Smith, 1995: 11; Klein & White, 1996: 3). Pierson en Thomas (2002: 476) beskryf 'n teorie as 'n stel gevolgtrekkings wat impliseer dat dit geformaliseer, gepubliseer, gedebatteer en getoets is. Dit behels dus die deurwerk en toepassing van die versamelde inligting.


Volgens De Vos (2002: 40) is 'n teorie 'n poging om 'n bepaalde verskynsel te verduidelik en/of te voorspel. Kerlinger, soos aangehaal in De Vos (2002: 40), bevestig dat 'n teorie 'n sistematiese voorstelling van 'n bepaalde verskynsel bied. Homans, soos aangehaal in Klein en White (1996: 2), omskryf 'n teorie soos volg: "A theory is nothing ... unless it is an explanation. ... Not until one

has properties, and propositions stating the relations between them, and the propositions form a deductive system – not until one has all three does one have a theory.”

Dit word algemeen gestel dat ’n teorie as oriëntasie met betrekking tot die versameling van feite aangaande die realiteit dien, waardeur die feite sistematies bestudeer en verklaar kan word en uitsprake oor toekomstige gebeure of gedrag gedoen kan word (Nye, 1979: 1; Bless & Higson-Smith, 1995: 11; De Vos, 2002: 41; Pierson & Thomas, 2002: 476). Compton en Galaway (1989: 94) stel die rol van teorie duidelik in die volgende uitspraak: “... data does not have meaning until it is interpreted. It is theory, constructed of known facts and phenomena held together by certain conceptual notions, that speaks to the meaning of facts.”

’n Teorie is dus die produk van ’n proses van teoretisering waardeur idees sistematies geformuleer en georganiseer word tot ’n stel interverwante beskrywings, voorstellings en hipoteses ten einde ’n bepaalde verskynsel te klassifiseer en te verstaan (Doherty et al., soos aangehaal in Klein & White, 1996: 2; De Vos, 2002: 47).

Hierdie proses van ontwikkeling vanaf feite tot teorie word skematies deur Potgieter (1998: 51) soos volg in Figuur 2 voorgestel:



Figuur 2: Voorstelling van die proses van teoretisering

Akkurate waarneming van ’n verskynsel of probleem is krities belangrik in die insiëring van die teoretiseringsproses, gevolg deur die daarstel van feite en konsepte wat getoets en geverifieer moet word ten einde aan wetenskaplikheid te verantwoord. Die hipotese aangaande die verhoudingspatroon(e) tussen die idees en data word opgevolg met die stel van beginsels of riglyne aan die hand



waarvan tegniese prosedures vir aksie of inwerkingstelling van die teorie ontwikkel word (Potgieter, 1998: 51). Die wetenskaplikheid van 'n teorie is geleë in die verklaring van die verhouding tussen die empiriese feite of data en die bepaalde idees aangaande die fenomeen (Potgieter, 1998: 51; Neuman, 2000: 40).

Die denkwyse waarvolgens die verklaring van feite gedoen en tot 'n gevolgtrekking gekom word, word in drie vorme onderskei, naamlik deduktiewe, induktiewe en diagnostiese beredenering (Klein & White, 1996: 4; Babbie, 2001: 34-36; Delpont & De Vos, 2005: 47-49). Die beredeneringsproses wat vanaf die algemene na die spesifieke verloop, is bekend as die *deduktiewe* vorm (Babbie, 2001: 35). Die denke vloei en ontwikkel vanaf die idees na die empiriese data of feite (Klein & White, 1996: 4; Neuman, 2000: 49). 'n Patroon wat logies of teoreties te wagte is, word waargeneem en lei die denke na observasies waardeur die werklike bestaan van die waargenome patroon getoets word (Babbie, 2001: 35). Die deduktiewe denkvorm behels twee relevante aannames of stellings wat selfverduidelikend is en oor 'n breë basis as korrek/waar aanvaarbaar is. Die eerste stelling stel die saak terwyl die tweede aanname verwys na die veralgemening waarvan die saak slegs 'n voorbeeld is. Die deduktiewe gevolgtrekking vloei logies hieruit voort en kom selfverduidelikend voor. Die *deduktiewe sillogisme* (sluitrede) kan soos volg voorgestel word (Delpont & De Vos, 2005: 47):

- Eerste stelling (die saak): Frankie Fredericks is 'n atleet.
- Tweede stelling (die veralgemening waarvan die saak 'n voorbeeld is): Atlete is fiks.
- Deduktiewe gevolgtrekking (logiese, selfverduidelikende afleiding): Frankie Fredericks is fiks.

Geen nuwe kennis word bygevoeg nie, aangesien die gevolgtrekking vervat is in die stellings. Sonder die stelling van die saak is deduktiewe beredenering egter nie moontlik nie. Dit kan gestel word dat die deduktiewe denkwyse vanaf die vraag “Waarom?” lei na die vraag “hetsy/of” en daaruit tot die gevolgtrekking oorgaan (Klein & White, 1996: 4; Neuman, 2000: 49; Babbie, 2001: 35-36; Delpont & De Vos, 2002: 52).

Die *induktiewe denkproses* verloop in die teenoorgestelde rigting, naamlik vanaf die spesifieke na die algemene (Babbie, 2001: 34). Hierdie vorm van verklaring ontwikkel vanaf die bepaalde, gedetailleerde waargenome feite na die vorming van abstrakte veralgemenings en idees (Klein & White, 1996: 4; Neuman, 2000: 49). 'n Stel spesifieke waarnemings lei tot die ontdekking van 'n patroon wat 'n mate van orde in die gegewe gebeure verteenwoordig (Babbie, 2001: 34). Delpont en De Vos (2002: 53) voeg die mening van Leedy by wat stel dat waarnemers deur induktiewe beredenering tot 'n gevolgtrekking kom aangaande 'n populasie deur waarneming van 'n klein verteenwoordiging van sodanige popu-



lasie. Spesifieke gebeure word aangewend om afleidings met betrekking tot 'n groot groep gebeure te maak. Die induktiewe metode behels ook twee stellings of aannames waarvan die eerste die saak verteenwoordig en die tweede 'n eienskap van die saak is waarvolgens die gevolgtrekking 'n tentatiewe veralgemening is. Die *induktiewe sillogisme* (sluitrede) kan soos volg voorgestel word (Delpont & De Vos, 2005: 48):

- Eerste stelling (die saak): Frankie Fredericks is 'n atleet.
- Tweede stelling (eienskap van die saak): Frankie Fredericks is fiks.
- Induktiewe gevolgtrekking (tentatiewe veralgemening / 'n moontlikheid afgelei uit die genoemde eienskap): Atlete is fiks.


Baie toetsing word verder benodig om die induktiewe gevolgtrekking te bevestig. Die induktiewe gevolgtrekking bevestig derhalwe slegs dat 'n patroon bestaan, maar verklaar nie waarom dit so is nie (Babbie, 2001: 35). In teenstelling met die deduktiewe gevolgtrekking is die induktiewe gevolgtrekking slegs 'n moontlikheid en nie 'n sekerheid nie. Die induktiewe beredeneringsproses word as kreatief beskryf, aangesien daar 'n nuwe gedagte bygevoeg word wat nie in die stellings verteenwoordig is nie (Delpont & De Vos, 2005: 48).

Die *diagnostiese beredeneringswyse* is in 1954 deur Louis Lehrmann beskryf (Delpont & De Vos, 2005: 48). Hierdie vorm van beredenering verwys na die denkwyse waarvolgens die professionele helper in beroepe soos maatskaplike werk 'n tentatiewe groepering van 'n bepaalde saak bereik onder andere om 'n persoon met 'n besondere probleem in terme van 'n bepaalde kategorie te beskryf. 'n Voorbeeld sou wees om die persoon wat oormatig alkohol gebruik en wie se maatskaplike funksionering afneem, as alkoholis te etiketteer. Die doel van diagnostiese beredenering is meestal om duidelikheid te kry aangaande 'n vraagstuk ten einde 'n plan van aksie te formuleer. Die diagnostiese denkwyse kan as 'n verwerkte vorm van die induktiewe metode beskryf word (Delpont & De Vos, 2002: 54).

'n Wetenskaplike teorie is dus die getoetste of toetsbare verwantskap tussen idees met betrekking tot 'n verskynsel en die waargenome feite aangaande 'n verskynsel en tot watter mate die sistematiese organisering van al hierdie relevante faktore die verskynsel of groep fenomene aanvaarbaar verklaar en tot aksie kan inspireer. Pierson en Thomas (2002: 478) stel dit dat "... a good theory is essentially practical", met ander woorde dit behoort bruikbaar en toepaslik vir die verklaring van die verskynsel te wees.

In die beskrywing van die algemene sisteemteorie is dit die navorser se mening dat hierdie 'n teorie is wat vanuit 'n kombinasie van deduktiewe en induktiewe beredenerings ontwikkel het. Die wetenskaplike het die algemene verskynsel of

patroon in die wetenskap waargeneem, naamlik ontoereikende verklarings vir die verskil in gedrag van die afsonderlike dele van 'n sisteem en die gesamentlike gedrag van die geheel. Bepaalde idees aangaande hierdie verskynsel is ontwikkel tot die formulering van die algemene sisteemteorie, wat as die spesifieke aspek beskou word. Die formulering van die teorie het egter nie stagneer nie en voortdurende toetsing en ontwikkeling het plaasgevind. Die skepping van die algemene sisteemteorie het 'n nuwe rigting in die wetenskap ingelei en verteenwoordig 'n paradigmaskuif in wetenskaplike denke (Von Bertalanffy, 1973: xvii-xviii; Miller & Miller, 1992: 9) wat as kreatief beskou word. Hierdie aanvullende ontwikkelingspatroon in die teoretiseringsproses kan met die voorstelling van Wallace, soos aangehaal in Babbie (2001: 35), in Figuur 3 verduidelik word:



Figuur 3: Voorstelling van die aanvullende beredeneringsproses

Die voorafgaande bespreking van die omskrywing van 'n teorie in die algemeen as die eerste aspek van die inhoud van die algemene sisteemteorie lei die aandag voorts na die tweede aspek, naamlik die algemene argitektuur van 'n teorie. Die begrip "argitektuur" verwys na die boustyl of boukuns van 'n gebou (*Reader's Digest Woordeboek*, 1993: 684). In die konteks van 'n teorie verwys die argitektuur van die teorie dus na die bepaalde samestelling of uiteensetting van die besondere teorie. Die navorser bespreek die algemene sisteemteorie vervolgens aan die hand van drie noodsaaklike identifiseerbare dele van 'n teorie, naamlik (1) die intellektuele tradisie, (2) uitgangspunte en (3) konsepte soos deur Klein en White (1996: 10-17) beskryf. Die genoemde skrywers formuleer hierdie indeling as die "general architecture of theories" wat van toepassing is op alle teorieë in enige studierigting (Klein & White, 1996: 10).



2.2.2 Die algemene argitektuur van 'n teorie

In die voorafgaande bespreking rakende die omskrywing van 'n teorie is reeds melding gemaak van aspekte in die proses van teoretisering, soos idees en data, asook die waarneming van verskynsels en die verwantskap tussen al die faktore. Die tweede gedeelte van die inhoud van die algemene sisteemteorie word vervolgens, aan die hand van die dele waaruit 'n teorie volgens Klein en White (1996: 10) bestaan of die argitekspan van die teorie, beskryf as die (1) intellektuele tradisie, (2) uitgangspunte en (3) konsepte. Hierdie indeling volg die logiese ontwikkeling van 'n teorie vanaf die waarnemingsfase en bied aan hierdie studie 'n struktuur met betrekking tot die bespreking van die algemene sisteemteorie.

2.2.2.1 Die intellektuele tradisie van die algemene sisteemteorie

Die intellektuele tradisie word voorts as eerste deel van die algemene argitektuur van 'n teorie in verwysing na die inhoud van die algemene sisteemteorie bespreek.

Die intellektuele tradisie as aspek van 'n teorie se samestelling of “argitektuur” verwys na die geskiedenis en ewolusie van die teorie. Volgens Klein en White (1996: 10) het elke teorie sy ontstaan in 'n algemene denkwysie wat 'n groep navorsers of denkers ondersteun het. Potgieter (1998: 51) verwys na die sikliese beweging waardeur teorie tot stand kom as antwoord op die vrae “waarom” en onder “watter” omstandighede. Dit kan gestel word dat hierdie algemene gedagtes en idees aangaande 'n verskynsel met verloop van tyd ontwikkel en nuwe idees beïnvloed sodat daar dus sprake van 'n historiese agtergrond of biografie eie aan die besondere teorie is. Die tydperk wanneer 'n teorie ontstaan asook die primêre bydraers tot die ontwikkeling daarvan is uiters belangrik by die bestudering van 'n teorie ten einde die geldigheid daarvan te oorweeg.

Binne die konteks van die intellektuele tradisie van 'n teorie as eerste deel van die argitektuur daarvan is die volgende kernelemente in verband met die algemene sisteemteorie van belang en dit sal meer diepgaande bespreek word:

- die beginsel van holisme
- die primêre invloedssfeer op die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie met verwysing na:
 - die ewolusionêre perspektief
 - die Newton-perspektief
 - die ontwikkeling van informatika en outomatisering
 - die nuwe realiteit



- die invloed op die gesinsterapiebeweging met verwysing na:
 - die ontkiemingsfase
 - die paradigmaskuif in gesinsterapie

2.2.2.1.1 Die beginsel van *holisme*

Die beginsel van holisme word voorts as die eerste kernelement van die intellektuele tradisie van 'n teorie as deel van die argitektuur van die teorie in die beskrywing van die inhoud van die algemene sisteemteorie bespreek.

Edmund Sinnott (Delpino, 1975: 5) het in 1961, in 'n nuwe voorwoord tot die werk van J.C. Smuts aangaande holisme wat in 1926 verskyn het onder die titel *Holism and Evolution*, die kernwese van 'n wetenskapsleer soos volg verwoord:

The great problem of knowledge, indeed the great mystery of reality, is just this: how do elements of factors **a** and **b** come together, combine and coalesce to form a new unity or entity **x** different from both of them? To my mind this simple formula of synthesis sums up all the fundamental problems of matter, life and mind. The answer to this question will in some measure supply the key to all or most of our great problems.

Die noodsaaklikheid van 'n bepaalde denkwysie as vertrekpunt in die ondersoek van 'n vraagstuk word deur hierdie stelling beklemtoon. Hierdie uitspraak van Sinnott spreek terselfdertyd die kernbeginsel van die algemene sisteemteorie aan, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan.

Hanson (1995: 1) voer die ontstaan van die begrip “holisme” terug na die Griekse filosoof Aristoteles. Klein en White (1996: 151) skryf egter die oorspronklike gedagte toe aan die Griekse filosoof Democritus (450-370 vC). Volgens Bailey (1928: 12) word Democritus as filosoof in die hiërargie van denkers gelykgestel met Plato (427-347 vC) en Aristoteles (384-322 vC). Daar kan dus aanvaar word dat Democritus, wat vroeër geleef het, die oorspronklike denker van hierdie gedagte is, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan. Beer (1994: 14-15), voer verder aan dat begrip vir die eenheid in die heelal 'n insig is wat reeds in die vroeë Oosterse filosofieë bestaan het. Klein en White (1996: 151) beskryf die aandeel wat Herbert Spencer se werk in 1880 in die ontstaan van die beginsel van holisme gehad het. Spencer se werk is gebaseer op sy siening dat dieselfde basiese prosesse deur die totale heelal plaasvind en dat versamelings te voorskyn kan kom wat groter is as die som van hulle dele (Klein & White, 1996: 151). Spencer het beginsels daargestel wat veral in die biologie, psigologie en sosiologie toepasbaar sou wees.



Die term “holisme” (holism) is in 1926 deur J.C. Smuts, voormalige generaal en premier van die Unie van Suid-Afrika, in sy werk *Holism and Evolution* geskep as beskrywing van die geheel of totaliteit (wholeness) wat die mens voortdurend in die heelal teëkom (Delpino, 1975: 8-9; Beer, 1994: 14; Potgieter, 1998: 114). Smuts was geïnteresseerd in die beginsel onderliggend aan die oorsprong en ontwikkeling van totale (gehele/*wholes*) in die heelal en die raakpunte tussen die natuurwetenskap en filosofie (Delpino, 1975: 6). Die oënskynlik ongelyksoortige verskynsels van *Matter, Life and Mind* en die soeke na ’n brug tussen die fisieke, biologiese en psigiese aspekte in die werklike lewe het sy denke vasgevang, soos dit duidelik in sy oortuiging gestel word: “... unless we were to continue to assume that our human experience is a jumble of disconnected elements” (Delpino, 1975: 6). Smuts het bevestig dat sy denkrigting die menslike elemente insluit en dat die term “holisme” “... may be applied to human associations such as the state and the creations of the human spirit” (Delpino, 1975: 8). Die geheel of “wholes” word nie deur Smuts as kunsmatige skeppings van die gedagte beskou nie, maar as ’n werklikheid in die heelal en die dryfkrag agter ewolusie (Delpino, 1975: 8). Dit word beklemtoon dat die dele van die geheel nie bloot meganistiese toevoegings tot die geheel is nie en dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan “... because Wholes have characteristics which are dynamic, organic, evolutionary and creative” (Delpino, 1975: 8).

Ondersteuning vir die beginsel van holisme en erkenning van die belangrikheid van die verhouding tussen die dele van ’n sisteem tot die sisteem asook onderling tussen die dele afsonderlik word onder andere deur Marks in Delpino (1975: 25), Beer (1994: 14) en Levine en Fitzgerald (1992a: vii) gebied. Langton (in Page, 1996: 19) beskryf die holistiese beginsel soos volg: “You have to take the separate elements, put them in one another’s presence, have them behave, and see what arises.”

Dit word beklemtoon dat elke stelling aangaande ’n sisteem in terme van die verhouding van die dele van ’n sisteem geanaliseer kan word. Ludwig von Bertalanffy (1973: xx) het die beginsel van holisme reeds in die 1930’s aanvaar en as sistemiese denkrigting en teorie ontwikkel (Moore, 1997: 557). Stafford Beer (1994: 14), gee in sy presidensiële rede by die sewende driejaarlikse internasionale kongres van kibernetika en sisteme in Londen in 1987 erkenning aan Smuts vir die skep van die term “holisme”. Beer (1994: 14) identifiseer sterk met die beginsel van holisme en het persoonlik die titel *Panenceleisis*, wat allesinsluitend beteken, gebruik om sý perspektief met betrekking tot die interverwantskap van alle dinge te verwoord. Die gedagte van “allesinsluitend” stem ooreen met die begrip “pan-disciplinary” wat Hanson (1995: 2) gebruik om die toepaslikheid van die konsep “gehele” of “holisme” op alle dissiplines te beskryf. Delpino (1975: 120-121) bevestig dat Smuts se holistiese perspektief



betekenis aan die wêreldperspektief gegee het. Hy doen 'n beroep op 'n hersiening van Smuts se betoog ten einde die algemene wêreldbeskouing ten opsigte van maatskaplike instellings soos die gesin, skool en politiek te hernu. Hierdie beroep ondersteun die drif van Hanson (1995: vii-viii) om die algemene sisteemteorie toeganklik en toepasbaar te maak vir 'n groter groep professies en akademië, waaronder veral die helpende professies soos verpleegkunde, maatskaplike werk, sosiologie, psigologie asook die ekonomie, omgewingstudies, maatskaplike beleidmaking en vrouestudies.

Die beginsel van holisme is reeds eeue gelede erken, daarna in 1926 met die term "holisme" verwoord en aanvanklik hoofsaaklik deur natuurwetenskaplikes aanvaar en toegepas in die sistemiese benadering wat veral weens die Tweede Wêreldoorlog tot ontplooiing gekom het (Von Bertalanffy, 1973: 4-5; Harnden & Leonard, 1994: 1-2).

In die konteks van die intellektuele tradisie van die algemene sisteemteorie word die erkenning wat aan die beginsel van holisme verleen is dus as die hoeksteen van die ontwikkeling van die sistemiese denkwyses en benadering beskou. Hieruit het die invloed van die beginsel van holisme voortgevloei.

Vervolgens word die belangrikste invloedssfeer op die ontstaan van die teorie as tweede kernelement van die intellektuele tradisie met betrekking tot die inhoud van die algemene sisteemteorie bespreek.

2.2.2.1.2 Primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie

In die bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie word die primêre invloedssfeer op die ontstaan daarvan voorts as tweede kernelement van die argitektuurplan van die teorie hanteer.

Binne die intellektuele tradisie van die algemene sisteemteorie beklemtoon Klein en White (1996: 150) dat die algemene sisteemteorie 'n indrukwekkende afkoms het wat uit 'n diverse invloedssfeer stam, waarvan die biologie, fisika, wiskunde en ingenieurswese voorbeelde is (Von Bertalanffy, 1973: ix; Levine & Fitzgerald, 1992b: 1; Harnden & Leonard, 1994: 2). Die grootste ontwikkeling in die algemene sisteemteorie het gedurende die twintigste eeu plaasgevind terwyl daar tog voor hierdie tyd bepaalde sienings bestaan het wat 'n fundamentele bydrae tot die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie gelewer het. Daar sal dus in die verdere bespreking eensyds gelet word op die perspektiewe voor die twintigste eeu en andersyds op die perspektiewe tydens die twintigste eeu wat 'n invloed uitgeoefen het.



- *Ewolusionêre perspektief*

Die denke en werk van filosowe soos Democritus, Plato en Aristoteles, wat reeds in die tydperk voor Christus in die werking van die heelal geïnteresseerd was en reeds onder punt 2.2.2.1.1 bespreek is, kan beskou word as deel van die ewolusionêre perspektief. In die bespreking van die genoemde filosowe en ander denkers soos Spencer se werk, is gesien dat die fokus op die ewolusie in en van die heelal gerig was. Dit het behels dat die heelal beskou is as 'n voortdurende proses van struktuurvorming en -verspreiding waarin dele bymekaar kan kom "... to form more than the sum of their parts" (Klein & White, 1996: 151).

Spencer se werk het die eeue oue soeke na eenheid in wetenskappe en universele beginsels vir alle studierigtings weer versterk en sy holistiese beskouing van die heelal kan as van die voorlopers van die algemene sisteemteorie beskou word (Klein & White, 1996: 151).

- *Newton-perspektief*

Die werk van Newton (1642-1727) (*Encyclopedia Britannica*, vol. 16, 1981: 419) word vervolgens as die tweede primêre invloedsefeer uit die voor-twintigste-eeu-tydperk in die ontstaan van die algemene sisteemteorie bespreek.

Newton se siening dat daar 'n objektiewe realiteit bestaan wat ontdek behoort te word, het die wetenskaplike denkwyses tot teen die einde van die negentiende eeu gedomineer. Die vertrekpunt van hierdie siening ten einde die verskynsels te verstaan, berus op veral drie veronderstellings, naamlik:

- (i) *reduksionisme*, waarvolgens verskynsels tot die mees elementêre elemente gereduseer moet word;
- (ii) *liniêre oorsaaklikheid*, waarvolgens die verhouding tussen elemente op oorsaak en gevolg berus; en
- (iii) *neutrale objektiwiteit*, waarvolgens die waarheid aangaande verskynsels slegs deur objektiewe waarneming ontdek kan word (Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 556-557).

Die wetenskap het gevolglik in alle velde die elemente van verskynsels en die geobserveerde heelal in isolasie probeer bestudeer met die verwagting dat die hersamevoeging van die dele die geheel sou verklaar. Die begin van die twintigste eeu het egter die bestaan van 'n objektiewe realiteit bevraagteken. In die natuur- en menslike wetenskappe het die gedagte aan 'n relatiewe realiteit inslag begin vind met die bewuswording van die rol wat die



waarnemer in eie persoon en met eie idees in die proses vervul (Moore, 1997: 557).

Dit is die navorser se mening dat hierdie verskuiwing genoodsaak is deur die feit dat die bestaande reduksionistiese Newtonse perspektief nie 'n bevredigende verklaring vir vraagstukke kon bied nie. 'n Nuwe perspektief het noodgedwonge begin verskuif na die verhoudings tussen dele en die wisselwerkende karakter daarvan (Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 557).

Die aandag word in die volgende gedeelte op die primêre invloedssfeer uit die twintigste eeu gevestig met beklemtoning van die ontwikkeling van informatika en outomatisering asook die veranderde siening van realiteit.

- *Ontwikkeling van informatika en outomatisering (information and automata)*

Vervolgens word die ontwikkeling van informatika en outomatisering as faktore tydens die twintigste eeu, wat as primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie beskou kan word, beskryf. Die ontwikkeling van die genoemde faktore word as deel van die tweede kernelement, naamlik die primêre invloedssfeer, van die argitektuur van die algemene sisteemteorie bespreek.

Von Bertalanffy (1973: 3-4), self 'n bioloog en skepper van die algemene sisteemteorie, bevestig die komplekse aard van die wortels van hierdie teorie en skryf die begin enersyds aan die ontwikkeling in die ingenieursbedryf toe. Dit was veral die verandering vanaf kragaangedrewe tegnologie na kontrole tegnologie met die daaropvolgende groei in selfaangedrewe masjinerie wat die denkrigting in die tegnologie gedwing het na die aanwending van sistemiese masjinerie. "Technology has been led to think not in terms of single machines but in those of 'systems'" (Von Bertalanffy, 1973: 3-4; Klein & White, 1996: 151-152).

Moore (1997: 557) beklemtoon dat die algemene sisteemteorie van Von Bertalanffy sedert die beskrywing daarvan in die middel van die twintigste eeu 'n belangrike rol gespeel het in die verandering vanaf die reduksionistiese siening van die mens na 'n holistiese perspektief.

Die volgende faktor wat deel vorm van die twintigste eeu se bydrae tot die primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie is die vorming van 'n sogenaamde nuwe siening deur die mensdom van die werklikheid



of realiteit waarin hy lewe. Hierdie faktor word voorts as die sogenaamde “nuwe realiteit” bespreek.

- *Die nuwe realiteit*

Die verandering in die siening van die mens na ’n holistiese perspektief soos vooraf bespreek, word vervolgens as ’n verdere deel van die primêre invloedse op die ontstaan van die algemene sisteemteorie in bespreking van die argitektuur daarvan hanteer.

Auerswald (1989: vii), beskryf die verandering wat sedert die begin van die twintigste eeu in die definisie en begrip van die realiteit by die menslike spesie ingetree het. Die ontwikkeling van die begrip “relatiwiteit” en “kwantumfisika” het tot die ontstaan van nuwe domeine in wetenskaplike uitdagings gelei waarvan ekologie, chaosteorie en sisteemteorie voorbeelde is (Auerswald, 1989: vii; Klein & White, 1996: 151; Moore, 1997: 557). Die genoemde skrywer Auerswald (1989: vii) gebruik die metafoer van die skoelapper se metamorfose om te verduidelik dat die menslike spesie besig is met ewolusie en ontwikkeling in denke aangaande die kennis en begrip van sy bestaan op hierdie planeet Aarde en stel dit soos volg:

... our human species is emerging not only from the confines of our planet, but also from the cocoon of past awareness. A new version of what we call reality is forming at an accelerating rate. We are as a result redefining our history and recasting our destiny.

Die nuwe dimensies van wetenskaplike ontdekking wat ontplooi het, het ’n bepaalde invloed op die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie uitgeoefen. Die studie van ekologie, wat patrone van gebeure in die natuurlike omgewing beklemtoon met die uitgangspunt dat alle dinge in die natuur in ’n komplekse gesistematiseerde wyse met mekaar verband hou, het ’n sistemiese en holistiese inslag bevestig (Auerswald, 1989: vii; Moore, 1997: 555).

’n Ander dimensie van wetenskaplike ontwikkeling was die ontstaan van die sisteemteorie wat die ooreenkomste en verskille in die dinamika van verskeie algemene gebeurlikheidspatrone bestudeer en beskryf het en die geheel-konsep van verskynsels beklemtoon het. ’n Verdere dimensie van ontwikkeling was dié van kibernetika waardeur liniêre oorsaaklikheid deur ’n model vervang is waarvolgens oorsaaklikheid en stabiliteit in ’n sisteem beskou is as die uitkoms van die interverwante herhalende patrone wat mekaar beheer. Hierdie herhalende patrone is nie verder beskou as die produk van “toeval-



ligheid” nie, maar is in die groter konteks gesien as patrone waarin vorm waarneembaar is wat verwys na die basiese beginsels van beheer, regulering, uitruiling en prosessering van inligting (“information”) (Auerswald, 1989: vii; Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 558).

Die behoefte aan ’n teorie om al hierdie areas te verenig, is veral deur die Tweede Wêreldoorlog beklemtoon. In 1947 het Ludwig von Bertalanffy die algemene sisteemteorie beskryf en gedefinieer en is dit deur Grinker as ’n “global theory” beskryf (Von Bertalanffy, 1973: 7, 10-17; Klein & White, 1996: 152). Von Bertalanffy (1973: xiv) verklaar die volgende aangaande die nuwe realiteit en die ontstaan van die algemene sisteemteorie: “Now we have learned that for an understanding not only the elements but their interrelationships as well are required ...” Hierdie feit kan toegepas word op die ensieme van ’n sel of die geestesprosesse van die brein asook op die struktuur en dinamika van ’n maatskaplike sisteem soos die gesin. Die algemene sisteemteorie is ’n wetenskaplike ondersoek na gehele (“wholes”) en totaliteit (“wholeness”), aldus Von Bertalanffy (1973: x).

Hierdie kernidee, naamlik dat die heelal in terme van gehele (“wholes”) funksioneer en dat daar ’n gemeenskaplikheid tussen alle sisteme bestaan soos weergegee in die voorafgaande perspektiewe, is die basis vir die navorser se teoretiese fundering van hierdie studie aangaande die verskynsel van die gesin-in-egskeiding. Die gesin word beskou as ’n sisteem wat holisties gesien groter is as die som van die dele daarvan. Dit beteken die gedrag van die individuele gesinslede kan nie in isolasie beskou word ten einde tot ’n gevolgtrekking aangaande die funksionering van die gesin as geheel te kom nie.

Die bespreking van die voorafgaande nuwe realiteit wat in die wetenskap gevorm het, is die laaste faktor van die twintigste eeu se bydrae as primêre invloedssfeer op die geskiedkundige agtergrond van die algemene sisteemteorie. Die primêre invloedssfeer op die ontstaan van die algemene sisteemteorie is die tweede kernelement van die intellektuele tradisie as eerste deel van die argitektuur van die algemene sisteemteorie.

’n Bespreking van die intellektuele tradisie van die teorie as eerste deel van die argitektuur van die algemene sisteemteorie is nie volledig sonder ’n bydrae ten opsigte van die invloed op die gesinsterapiebeweging nie. Dit word in die volgende gedeelte as die derde kernelement van die intellektuele tradisie hanteer.



2.2.2.1.3 Die invloed van die sisteemteorie op die *gesinsterapiebeweging*

In die historiese konteks en ontwikkeling van die algemene sisteemteorie, soos vervat in die bespreking onder intellektuele tradisie as eerste deel van die argitektuur van die teorie, is verwysing na die invloed op die gesinsterapiebeweging noodsaaklik vir hierdie studie waar die funksionering van die gesin as sisteem die fokus van ondersoek is. Die bespreking word vervolgens verdeel in twee fases, naamlik (1) die aanvangstydperk of ontkiemingsfase en (2) die fase van die paradigmaskuif in gesinsterapie.

- *Die ontkiemingsfase*

Die tegnologiese problematiek tydens die Tweede Wêreldoorlog het interdisiplinêre samewerking in navorsing gestimuleer. Die vraagstukke wat ontstaan het, was buite die verwysingsraamwerk van slegs 'n enkele wetenskaplike veld. Dit het interdissiplinêre spanne uit die wetenskap van wiskunde, ingenieurswese, biologie, fisika, neurofisiologie en selfs psigologie byeenbring ten einde die kompleksiteit van kommunikasie tussen mens en masjien te ondersoek. Die menslike persepsie en belewenis van sy taak het 'n belangrike rol gespeel in die suksesvolle aanwending van masjinerie (Von Bertalanffy, 1973: 3-4; Harnden & Leonard, 1994: 2; Becvar & Becvar, 2000: 15-16).

Die nuwe hervormde denkwyse aangaande die natuurwetenskaplike domein het teen ongeveer 1940 'n uitvloeisel in die gedragswetenskappe gehad en wel in die toepassing op gesinne. Norbert Wiener se werk aangaande kommunikasiepatrone en die gemeenskaplike prosesse van kontrole, wat hy as kibernetika ("cybernetics") geformuleer het, het 'n besliste invloed op die ontwikkeling van die gesinsterapiebeweging uitgeoefen (Levine & Fitzgerald, 1992b: 1; Klein & White, 1996: 152; Becvar & Becvar, 2000: 17-19).

Dit was hoofsaaklik deur die eksplorering van psigiatrie en sisteemteorie deur Gregory Bateson en sy vrou, Margaret Mead, beide antropoloë, in samewerking met die psigiater Don Jackson dat sisteemteorie in die studie met betrekking tot families betrek is. Vanuit studies ten opsigte van die psigiatrisiese siektetoestand skisofrenie is die siening gehuldig dat die gesin 'n kommunikasiesisteem verteenwoordig en dat daar sprake is van gesinspatologie. Teen 1954 het Bateson sy bekende werk *Toward a Theory of Schizophrenia* gepubliseer waarin sy "double bind"-hipotese vervat is. Die term "disfunksionele gesin" het ontstaan (Klein & White, 1996: 152-153; Becvar & Becvar, 2000: 20). Die betekenis van hierdie beskouing is geleë in die erkenning van



patologie as 'n simptome van die verskynsel van interpersoonlike verhoudings. Becvar en Becvar (2000: 22) wys daarop dat hierdie deurbraak plaasgevind het in 'n tydperk toe psigodinamiese teorieë aan die orde van die dag was en die ontwikkeling van insig beskou is as die enigste wyse tot verandering by menslike problematiek.

Die beskouing van die gesin as 'n sisteem het in die veld van gesinsterapie as sterk metafoor voortgeduur met 'n klemverskuiwing na verskeie fokus-punte van aandag (Klein & White, 1996: 153). Die toepaslikheid van die algemene sisteemteorie in die bestudering van die gesin word bevestig deur die volgende stelling van Klein en White (1996: 153-154): "General systems theory is sufficiently abstract and general to be applied to both animate and inanimate objects. ... Indeed, this great generality is one of the compelling points of the theory and is tied to the unification of science movement." Genoemde skrywers bespreek die neiging van sommige teoretici om tussen nielewende en lewende sisteme te onderskei as sou dit deur verskillende differensiërings- en organiseringsprosesse beheer word (Miller & Miller, 1992: 9-12). Hulle wys daarop dat hierdie siening versigtig benader moet word, aangesien dit enersyds inherent die kontinuïteit in die wetenskap bedreig en andersyds die feit beklemtoon dat die onderskeid tussen lewende en nielewende sisteme nie so duidelik en aanvaarbaar in die geesteswetenskappe is as wat die voorstanders daarvan beweer nie (Klein & White, 1996: 154-155).

Becvar en Becvar (2000: 23) wys daarop dat daar gedurende hierdie ontkeningsfase van die gesinsterapiebeweging 'n verdeling ontstaan het tussen die twee ideologieë van die intra-psigiese benadering en die sistemiese denkwyse.

Hierdie fase was dus die tydperk waarin betrokkenes in die werk met mense baie bewus geword het van die rol van verhoudings en kommunikasie tussen mense en in die gesin.

Die aandag word voorts gevestig op die volgende fase van belang in die gedeelte oor die invloed van die algemene sisteemteorie op die gesinsterapiebeweging as derde kernelement van die intellektuele tradisie, naamlik die paradigma-verskuiwing in gesinsterapie.

- *Die paradigmaskuif in gesinsterapie*

Die invloed van die algemene sisteemteorie op die gesinsterapiebeweging word as die derde kernelement van die intellektuele tradisie in die gedeelte



oor die algemene argitektuur van die algemene sisteemteorie beskryf. Die fase van paradigmaskuiwing in gesinsterapie word vervolgens as die tweede fase in hierdie gedeelte bespreek.

Die erkende benadering tot gesinsproblematiek was aanvanklik geskool in die diagnostiese model van patologie. Die fokus was gerig op die bepaling van die geëtiketteerde gesinslid se “probleem”. Die oorsaak van die persoon se probleem is in verklaring van sy intra-psigiese konflikte gesoek en dit het meegebring dat die individu blameer is. Die “probleemgedrag” is hanteer deur ’n poging om tot die persoon se psige deur te dring ten einde die misterieuse onderdrukte wense, herinneringe en gedagtes te ontlok wat aan die basis van die probleem was. Hierdie reduksionistiese en meganistiese benaderingswyse was onbevredigend vir baie gedragswetenskaplikes en daar is verder as die verlede gesoek na verklarings vir huidige gedrag (Auerswald, 1989: viii; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 19; Becvar & Becvar, 2000: 21-22; Allers, 2002: 721; Goldenberg & Goldenberg, 2004: xxi).

Ludwig von Bertalanffy (1973: 30) het deur sy ondersoek na die ewolusie van die wetenskap die interessante fenomeen waargeneem, naamlik dat daar in verskeie wetenskaplike velde, onafhanklik van mekaar, dieselfde soeke na oplossings ontstaan het. Die bewuswording deur Von Bertalanffy (1973: 31-32) van die bestaan van algemene sisteemeienskappe het grootliks ’n nuwe wyse van konseptualisering van oënskynlik onverwante verskynsels laat ontstaan. Begrip vir die interverwantskap van hierdie verskynsels in totaliteit as komponente van ’n groter geheel/sisteem het ontwikkel. Volgens Von Bertalanffy (1973: 33) verteenwoordig ’n sisteem ’n kompleks van komponente of interaktiewe elemente wat saam ’n entiteit kan vorm. Ten einde die funksionering van hierdie entiteit te verstaan, is dit noodsaaklik om verder as die meganistiese werking van die onderskeie dele te ondersoek. Dit is juis die verhouding tussen die dele, die interfunksionering van die elemente wat die geheel vorm en die gedrag van die dele as totaliteit laat verskil (Von Bertalanffy, 1973: 31; Langton in Page, 1996: 19; Moore, 1997: 557). “The wholeness of the system, how it is organized, the rules underlying how its component parts relate to one another, its repetitive or redundant patterns – these are the system’s vital signs” (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 20).

Die aanvaarding van die sistemiese denkwyse was ’n wetenskaplike rewolusie en ondersteun deur finansiële steun vir navorsing aangaande skisofrenie as verskynsel, waardeur die klem op die gesin se verwantskap geplaas is. Dit het ook in die veld van individuele gedragsproblematiek ’n paradigmaskuif laat plaasvind met ’n nuwe fokus op die gesin (Becvar & Becvar, 2000: 30-32). Teen die einde van 1950 was die ontwikkeling van die gesinsterapiebeweging duidelik konsekwent met die sistemiese rewolusie. Gedurende 1960



is gesinsterapie gevestig en uitgebrei deur professionele erkenning, voortsetting en uitbreiding van navorsingsprojekte en die toenemende bekendstelling van literatuur met betrekking tot die veld. Becvar en Becvar (2000: 1) beklemtoon die waarde van die bydrae deur die gesinsterapiebeweging soos volg: "... it is our belief (bias) that one of the major contributions of the family therapy movement was its introduction of a systemic/cybernetic perspective into the theory and practice of the behavioral sciences." Die daaropvolgende jare tot waar ons ons nou bevind, is gekenmerk deur die ontwikkeling van nuwe benaderings en teoretiese modelle, asook die integrasie van verwysingsraamwerke. Die gesinsterapiebeweging is egter dinamies steeds op die sistemiese epistemologie gebaseer, innoverend aanpassend by die nuwe uitdagings (Klein & White, 1996: 153; Becvar & Becvar, 2000: 40-49; Goldenberg & Goldenberg, 2004: xxi-xxii).

Die intellektuele tradisie as eerste deel van die argitektuur van die algemene sisteemteorie bied aan hierdie studie die nodige historiese verbintenis ten einde die ontstaan van die teorie te begryp. Maturana, soos aangehaal in Becvar en Becvar (2000: 47), is van mening dat die historiese aanloop tot 'n verskynsel belangrik is, maar dit is nie aktief deel van die verklaring in die huidige bedeling nie. Dit bring die tweede deel van die argitektuur of samestellingsplan van die algemene sisteemteorie, naamlik die uitgangspunte, in die bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie onder aandag. In hierdie verband word gelet op die vier kernelemente van (1) interverwantskap van alle dele; (2) waarneming van die geheel; (3) wedersydse beïnvloeding tussen sisteem en omgewing; en (4) sirkulariteit.

2.2.2.2 Uitgangspunte van die algemene sisteemteorie

Die tweede deel waaruit die algemene argitektuur as tweede aspek van die inhoud van die algemene sisteemteorie bestaan, is die uitgangspunte. Dit verwys na die veronderstellings wat eie en fundamenteel deel van die beskrywing van 'n teorie is en dikwels so vanselfsprekend aanvaar word dat dit implisiet aan die teorie is (Klein & White, 1996: 11). Dubin, soos aangehaal in De Vos (2002: 35), omskryf veronderstellings of voorstellings as "... a truth statement about a theoretical model (or theory)." Volgens Turner, soos aangehaal in De Vos (2005: 34), is 'n veronderstelling of uitgangspunt 'n teoretiese stelling wat die verbintenis tussen twee of meer veranderlikes spesifiseer waardeur inligting verskaf word met betrekking tot die mate waartoe een konsep deur afwyking in 'n ander beïnvloed word. In die uitgangspunte van 'n teorie is daar dus sprake van die beskrywing van 'n verhouding tussen die konsepte.



Die basiese uitgangspunte waarop die algemene sisteemteorie berus, naamlik die interverwantskap van alle dele van die sisteem, waarneming van die geheel, wedersydse beïnvloeding en sirkulariteit, word soos volg as tweede deel van die algemene argitektuur van 'n teorie bespreek:

2.2.2.2.1 *Interverwantskap tussen dele van 'n sisteem*

Die interverwantskap van die dele van 'n sisteem word vervolgens as die eerste kernelement van die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie bespreek.

Volgens Klein en White (1996: 155) beklemtoon hierdie basiese uitgangspunt die ekologiese geldigheid en inklusiwiteit van die algemene sisteemteorie. Hierdie veronderstelling impliseer dus dat hierdie teorie die interverwantskap van die dele van 'n sisteem tussen mekaar sowel as die interverwantskap van die sisteem as geheel met die omgewing erken. Elke sisteem word beskou as 'n sisteem in eie reg, maar tegelyk ook deel van 'n ander groter sisteem. Daar is dus sprake van 'n sistemiese hiërargie waarin elke sisteem deel vorm van 'n groter sisteem, soos die individu 'n sisteem is wat deel is van die gesinsisteem en die gesin van die gemeenskapsisteem (Moore, 1997: 557; Potgieter, 1998: 54-55).

Alle dele is in verhouding tot mekaar en die geheel of sisteem word vanuit 'n verhoudingsperspektief beskou wat meebring dat verandering in een deel van die sisteem verandering in elke ander deel van die sisteem meebring (Hanson, 1995: 12; Klein & White, 1996: 155; Moore, 1997: 561-563; Potgieter, 1998: 55; Becvar & Becvar, 2002: 65).

Dit beteken derhalwe dat, as fundering vir hierdie navorsing, die lede van 'n gesinsisteem in verhouding tot mekaar funksioneer en die gesin as geheel funksioneer in verwantskap tot die omgewing waarvan dit deel vorm. Dit impliseer dat die verhoudings tussen al die lede van die gesinsisteem en die funksioneringspatrone binne die gesin die primêre fokus van aandag is. Die interne verhoudingspatrone van 'n gesinsisteem word daarby ook in verwantskap tot die gemeenskapsisteem beskou. Daarby word onder andere die verwantskap met die uitgebreide familie, die sosiale netwerk, die opvoedkundige sisteme, ekonomiese sisteme en kulturele sisteme ingesluit. Die fokus van aandag verskuif dus na die wedersydse interaksie en beïnvloeding tussen sisteme en subsisteme, weg van oorsaak en gevolg met die blamerende effek op een van die lede (Hanson, 1995: 12; Potgieter, 1998: 54; Becvar & Becvar, 2002: 65). Die betekenis van gebeure vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief is dus opgesluit in die interverwantskap tussen die lede van die gesinsisteem asook tussen die gesin en die gemeenskapsisteem.



Waarneming van die totaliteit/geheel word hierna as die tweede kernelement van die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie bespreek.

2.2.2.2.2 *Waarneming van die geheel*

Die uitgangspunt dat begrip van 'n sisteem slegs moontlik is deur waarneming van die geheel word as tweede kernelement in die bespreking aangaande die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie hanteer.

Die aanvaarding van die sisteem as 'n eenheid of geheel (“whole”) beklemtoon die perspektief van totaliteit op 'n vraagstuk. Klein en White (1996: 156) bevestig die epistemologiese funksie van hierdie uitgangspunt, naamlik dat die sisteem as 'n geheel beskou word, en beklemtoon ook die waarde daarvan vir studies aangaande gesinne. Hierdie veronderstelling impliseer dat die gesin as sisteem nie slegs 'n versameling individue is nie, maar dat dit as 'n entiteit met 'n bepaalde karakter funksioneer en slegs verstaan kan word indien dit as sodanig beskou word (Ashford et al., 2001: 105-106). Hanson (1995: 12) beklemtoon die waarneming vanuit die sistemiese perspektief van die effek van gebeure asook die reaksie van die sisteem op die effek. Die hele proses van reaksie en verandering kan sodoende waargeneem word. Fourie, soos aangehaal in Moore (1997: 560), brei hierop uit en verduidelik dat die lede van die sisteem se idee omtrent hulleself, omtrent elke ander lid asook die vraagstuk in besonder en die wêreld in die algemeen in ag geneem moet word ten einde begrip vir die sisteem se realiteit te bekom.

Die derde kernelement van die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie as tweede deel van die argitektuur van teorie word hierna as die wedersydse beïnvloeding tussen sisteem en omgewing bespreek.

2.2.2.2.3 *Wedersydse beïnvloeding tussen sisteem en omgewing*

Die uitgangspunt van interverwantskap en holisme van die algemene sisteemteorie soos in die voorafgaande punte gestel, beklemtoon die veronderstelling van wedersydse beïnvloeding tussen die sisteem en sy omgewing (Klein & White, 1996: 156; Barnes & McCann, 2000: 15; Ashford et al., 2001: 105). Implisiet aan hierdie veronderstelling is terugvoer van inligting of energie aan die sisteem en die feit dat die sisteem daardeur beïnvloed word en self ook die omgewing beïnvloed. Hierdie uitgangspunt van wedersydse beïnvloeding word ook deur Potgieter (1998: 55) beklemtoon in die bespreking van die hiërargiese holon waarvan die sisteem deel vorm. Soos die dele van die sisteem elk ver-



ander word deur die verandering in 'n ander deel, so gebeur dieselfde met ander sisteme in die hiërargie waarvan die sisteem deel is.

Dit behels dat die gesin as sisteem 'n bepaalde impak op die omgewing het deur die wyse waarop dit funksioneer, en dat die spesifieke omgewing of habitat waarin die gesin gesetel is andersyds op die gesin 'n invloed het. Dit bring 'n wederkerige invloedseer mee waardeur 'n terugvoersirkel gevorm word (Potgieter, 1998: 54-55; Germain in Ashford et al., 2001: 105).

Sirkulariteit word gevolglik as die vierde kernelement in die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie as tweede deel van die algemene argitektuur van 'n teorie bespreek.

2.2.2.2.4 *Sirkulariteit*

Becvar en Becvar (2002: 10) beklemtoon die eienskappe van wederkerige, herhalende en gedeelde verantwoordelikheid in die algemene sisteemteorie met betrekking tot gesinsisteme. Liniêre oorsaaklikheid vorm nie deel van die sistemiese perspektief nie. Dele van 'n sisteem beïnvloed mekaar wederkerig en is gesamentlik verantwoordelik vir gedrag wat tussen die dele ontstaan.

Die fokus in die algemene sisteemteorie word dus op die prosesse van die verhoudings en wederkerige beïnvloeding tussen dele geplaas en nie op die oorsaak en gevolg van gedrag of gebeure nie (Becvar & Becvar, 2002: 10). In 'n poging om die gebeure tussen die dele van 'n gesinsisteem te verstaan, word die aandag derhalwe op die patrone van funksionering geplaas wat uit die sirkulariteit van verhoudings ontstaan.

Die uitgangspunte van die algemene sisteemteorie, soos vooraf bespreek, is deeglik onderlê in die beginsel van holisme. Hierdie basiese beginsel vorm die grondslag vir die mees relevante konsepte van hierdie teorie wat vervolgens bespreek word. Die konsepte word as derde deel van die algemene argitektuur van 'n teorie in bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie beskryf. Die volgende vier hoofkonsepte, naamlik (1) holisme, (2) organisasie, (3) oorsaaklikheid en (4) verandering, word vervolgens bespreek. Die volgende subkonsepte word voorts as deel van die toepaslike primêre konsepte uitgelig, naamlik sisteem, subsisteem, interverwantskap, proses, patrone, rolle, grense, kibernetika, aksie/non-aksie, terugvoer, homeostase, morfostase/morfogenesis en finale toestand (ekwifinaliteit).



2.2.2.3 Konsepte van die algemene sisteemteorie

Konsepte as derde deel in die algemene argitektuur van die algemene sisteemteorie word as die boustone van die teoriemuur beskou en vorm dus deel van die bespreking in verband met die inhoud van die algemene sisteemteorie.

'n Teorie in die algemeen, en by uitstek 'n wetenskaplike teorie, behoort 'n versameling tegniese konsepte in te sluit met eksplisiete definisies daaraan gekoppel sodat daar sprake is van dieselfde teoretiese taal ten einde verwarring by die aanwending van die teorie te voorkom (Hanson, 1995: 15; Klein & White, 1996: 11). Konsepte van 'n teorie bied 'n gemeenskaplike taal vir die wederkerige terugvoer van inligting tussen die gebruikers van die teorie (Hanson, 1995: 15). Die konsepte vorm die terminologie waarvolgens die wetenskap die verskynsels in die bepaalde veld van ondersoek beskryf (Dubin in De Vos, 2002: 29). Dit kan soos volg verduidelik word: "A concept can mean only what a community of interacting persons agrees that it means" (Klein & White, 1996: 12). Neuman (2000: 43) bevestig hierdie begrip of wedersydse verstaan van konsepte as die bepaalde wetenskap se gespesialiseerde taal of jargon. Konsepte kan volgens De Vos (2005: 29) in 'n hoër orde gegroepeer word en kan as verklarings of konstruksies bekend staan. Dit is 'n aanduiding van 'n abstrakte konsep. Die konsepte van 'n teorie stel die gebruikers daarvan in staat om ondervinding te organiseer wat op grond van die bepaalde teorie opgedoen is. Hanson (1995: 15) se omskrywing van konsepte van 'n teorie het in besonder betekenis vir die algemene sisteemteorie: "Concepts are ideas, often abstractions, which are developed in order to explain something such that you can move from the particular to the general."

Konsepte behoort dus die onderwerp van fokus van 'n bepaalde teorie of wetenskap te verklaar. Derhalwe behoort die konsepte van die algemene sisteemteorie vir die doeleindes van hierdie studie die gesin as sisteem en die ondersoek na gesinsfunksionering te rig en te verklaar.

Die uiteensetting van die konsepte van die algemene sisteemteorie deur Hanson (1995: 19-68) word as riglyn vir bespreking gebruik. Vier primêre konsepte, naamlik holisme, organisasie, oorsaaklikheid en verandering, is geïdentifiseer en word vervolgens as konsepte bespreek. Onder hierdie sambreel van kernkonsepte word verdere subkonsepte uitgelik wat met die bepaalde hoofkonsep verband hou.

2.2.2.3.1 *Holisme as primêre konsep van die algemene sisteemteorie*

Holisme ("nonsummativity"), die beginsel dat die sisteem groter is as die som van die dele daarvan, word as die hoeksteen en vertrekpunt van die algemene



sisteemteorie beskou (Von Bertalanffy, 1973: xx; Delpino, 1975: ii; Hanson, 1995: 21). Die oorsprong van die konteks van die algemene sisteemteorie word dus gevind in die idee dat gehele (“wholes”) ontstaan wanneer twee of meer dele interverwant is aan mekaar (Becvar & Becvar, 2002: 75). Hierdie gehele wat sodoende ontstaan, openbaar en beskik oor eienskappe wat nie waarneembaar is in die afsonderlike waarneming van die elemente of dele daarvan nie (Hanson, 1995: 22-23; Plug et al., 1997: 147). Die verhouding wat tussen die dele gevorm word, bepaal die basis waarvolgens die gedrag van die geheel en die dele daarvan verstaan behoort te word (Von Bertalanffy, 1973: xxii; Diesing in Reason, 1981: 183-184; Potgieter, 1998: 54). Hanson (1995: 20) verklaar die onbegrip vir gedrag wanneer die individuele lede geanaliseer word soos volg: “Behaviors are embedded in inextricable linked contexts, such that their particular nature may be knowable only within their native context.”

Holisme as primêre konsep van die algemene sisteemteorie behels dus die aspekte van gehele wat gevorm word tussen dele wat in verwantskap staan asook dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan.

Onder die sambreelkonsep van holisme as kernelement van die gedeelte oor die konsepte van die algemene sisteemteorie word die volgende subkonsepte bespreek: sisteem, subsisteem en interverwantskap.

- *Sisteem*

Von Bertalanffy (1973: 55) definieer ’n sisteem as ’n samestelling van elemente wat in interverwantskap tot mekaar staan.

Vir die doeleindes van hierdie studie fokus die navorser op die omskrywing van ’n sisteem soos saamgevat uit die definisies en beskrywings van verskeie skrywers.

’n Sisteem word naamlik beskou as ’n entiteit van twee of meer dele wat in verwantskap met mekaar staan in ’n bepaalde verband, plek en tyd sodat ’n verandering in een van die dele die geheel verander (Compton & Galaway, 1989: 124; Hanson, 1995: 27; Klein & White, 1996: 157; Potgieter, 1998: 54; Allers, 2002: 720; Pierson & Thomas, 2002: 467).

Die gesin word in hierdie navorsing beskou as ’n maatskaplike sisteem bestaande uit dele (gesinslede) wat in verwantskap met en verhouding tot mekaar en hulle omgewing staan (Allers, 2002: 720; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 70). ’n Verandering by een van die gesinslede sal ’n verandering by die totale gesin meebring en die verwantskap en verhoudings tussen me-



kaar en die omgewing beïnvloed. Hierdie tendens kan vergelyk word met die rimpeleffek wat plaasvind wanneer 'n klip op die water gegooi word. Indien die vader as broodwinner van die gesin byvoorbeeld gestremd sou raak weens 'n motorongeluk is die invloed daarvan op elke lid van die gesinsisteem asook op die gesin as eenheid en die gemeenskap waarneembaar en verreikend. Parsons (1937 in Storer, 1966: 32) beskryf 'n maatskaplike sisteem as 'n besondere tipe sisteem, naamlik “voluntaristic” wat beteken dat die lede daarvan vrywillig deel is van die sisteem en vanweë wedersydse voordeel bepaalde patrone van interaksie verkies en ander verwerp.

- *Subsisteme*

'n Subsisteem verwys na 'n eenheid binne 'n sisteem wat uit minstens twee dele saamgevoeg is en steeds 'n verhouding tussen die dele vertoon (Hanson, 1995: 31-32; Klein & White, 1996: 160). Potgieter (1998: 54) stel dit as 'n onveranderlike idee of 'n beginsel dat elke sisteem altyd 'n subsisteem van 'n groter sisteem is en terselfdertyd altyd self in subsisteme verdeel waar die groter sisteem die habitat of omgewing vir die subsisteem voorsien. Hoe groter die sisteem, hoe meer ingewikkeld is die kommunikasie en verhoudings van die dele van die sisteem.

Die gesin as sisteem is saamgestel uit subsisteme waarvan die individuele gesinslid 'n subsisteem vorm as 'n persoon met 'n fisiek-biologiese sisteem, emosionele sisteem, kognitiewe/intellektuele sisteem en geestelike sisteem (Compton & Galaway, 1989: 125; Moore, 1997: 557; Potgieter, 1998: 54). Verdere subsisteme binne die gesinsisteem word gevorm deur die egpaar, die ouer-kind asook die sibbe. Vir die doeleindes van hierdie studie beskou die navorser die gesin as die sisteem van ondersoek in verhouding en verbintenis tot die subsisteme sowel as die groter gemeenskap as supra-sisteem (Compton & Galaway, 1989: 125; Klein & White, 1996: 160; Moore, 1997: 557). Dit is die navorser se mening dat hierdie konteks waarin die gesin-in-egskeiding bestudeer word onlosmaaklik deel is van die totale gesin se funksionering en die stelling dat alle menslike sisteme alleen in verband tot die omgewing verstaan kan word, word dus ondersteun (Potgieter, 1998: 54; Germain in Ashford et al., 2001: 105).

- *Interverwantskap*

Hierdie subkonsep verwys na die eienskap van gehele dat die individuele dele nie afsonderlik binne die sisteem funksioneer nie, maar in verhouding tot mekaar staan en apart 'n ander karakter vertoon as wanneer dit in die geheel



saamgevoeg word. Von Bertalanffy (1973: 55) verduidelik dat die eienskappe van die geheel in vergelyking met die eienskappe wat die individuele dele vertoon as nuut of “emergent” voorkom. Hanson (1995: 22) beskryf hierdie konsep soos volg: “There are things that emerge only together and therefore cannot be taken apart and put back together.”

Binne die konteks van die gesin verwys hierdie konsep na die uniekheid van elke gesinsisteem en dit bevestig dat die samevoeging van individuele gesinslede in een bepaalde geheel (gesin) ’n ander karakter sal vertoon as wanneer dieselfde lede in ander gesinsisteme saamgevoeg sou word. Die besondere kombinasie van ’n bepaalde gesin bring unieke gedrag na vore en kan slegs in daardie konteks verstaan word.

Dit blyk dus dat die konsep van holisme, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan, die interverwantskap tussen elke deel van die sisteem beklemtoon. Die verhouding tussen die sisteem en die subsisteme onderling bring mee dat die geheel ander eienskappe vertoon wat nie in die afsonderlike dele waarneembaar is nie.

Die bespreking van holisme as die eerste kernelement van die konsepte van die algemene sisteemteorie lei die aandag vervolgens na die bespreking van organisasie as die tweede kernelement.

2.2.2.3.2 *Organisasie as primêre konsep van die algemene sisteemteorie*

Goldenberg en Goldenberg (2004: 72) verduidelik die konsep van organisasie in sistemiese verband soos volg: “If a system represents a set of units that stand in some consistent relationship to one another, then we can infer that the system is organized around those relationships.”

Organisasie van ’n sisteem verwys dus na die struktuur in die sisteem, die samehorigheid en passing van die dele. Die organisasie van ’n sisteem gee ’n aanduiding van die herhalende interaksiepatrone (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 72).

Die volgende subkonsepte word as deel van organisasie as sambreelkonsep bespreek, naamlik reëls, rolle en patrone van interaksie.



- *Reëls*

Die reëls in 'n sisteem is meestal nie beskryf nie, maar karakteriseer, reguleer en stabiliseer funksionering in die sisteem as eenheid. Die rolle in die sisteem vorm die basis vir ontwikkeling van tradisies en bepaal hoofsaaklik die verwagtings tussen die dele van die sisteem. Die reëls in 'n gesinsisteem openbaar die waardes en norme van die gesin, vorm die rolle in die gesin volgens die waardes en is bepalend vir die afhanklikheid en regulering in verhoudings (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 74). Reëls in 'n gesinsisteem word dikwels van die een geslag na die volgende oorgedra met 'n duidelike kulturele verbintenis daarin.

- *Rolle*

Rolle in die sisteem word deur die waardesisteem bepaal en hou dikwels verband met die kulturele verbintenis van die sisteem. So kan die gesinsisteem byvoorbeeld georganiseer wees rondom 'n dominante, rigiede manlike hoof met 'n ondergeskikte vrou en rebellerende kinders (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 72-74). Die rolle in die gesinsisteem gee 'n aanduiding van die organisasie en struktuur van die sisteem.

- *Patrone van interaksie*

Die sisteem se struktuur vorm die basis vir die ontwikkeling van patrone van interaksie. Die interaksie tussen lede van die gesinsisteem volg georganiseerde, vasgelegde patrone. Hierdie patrone van interaksie stel die lede in staat om te leer watter optrede toelaatbaar is en wat van elke lid sowel as van die gemeenskapsisteme verwag word. Die patrone van interaksie is dus afhanklik van 'n bepaalde standaard waarvolgens die afsonderlike lede kan bepaal watter patrone toepaslik is al dan nie (Parsons in Storer, 1966: 32; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 73-74).

Organisasie as tweede kernelement van die konsepte van die algemene sisteemteorie as die derde deel van die argitektuur van die teorie word met die bespreking van die subkonsepte afgesluit. Die aandag word voorts gevestig op oorsaaklikheid as die derde kernelement van die konsepte.



2.2.2.3.3 *Oorsaaklikheid* as primêre konsep van die algemene sisteemteorie

Die derde relevante hoofkonsep binne die algemene sisteemteorie is oorsaaklikheid. Binne die konteks van hierdie kernelement word die subkonsepte grense, kibernetika, aksie en non-aksie uitgelig.

Die reduksionistiese teorieë wat die sisteemteorie voorafgegaan het, het die denke gerig op die reduksie van 'n objek tot die dele daarvan in 'n poging om die oorsaak van gedrag te verstaan. Goldenberg en Goldenberg (1998: 21) verwys na hierdie tendens as liniêre oorsaaklikheid waar oorsaak en gevolg in direkte verband tot mekaar staan. Dit beteken element A is die oorsaak van element B se gedrag wat lei tot gevolg C. Daar is dus sprake van 'n direkte liniêre verhouding tussen die elemente (Hanson, 1995: 38).

Die sisteemteorie het met die konsep van gemeenskaplike oorsaaklikheid van gedrag dié liniêre denkrigting verskuif na die bewuswording van sirkulêre oorsaaklikheid. Daar is dus sprake van 'n wisselwerking tussen dele waardeur gedrag die produk is van hierdie proses (Hanson, 1995: 40; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 21; Becvar & Becvar, 2000: 10). Potgieter (1998: 58) beskryf die sirkulêre proses van oorsaaklikheid treffend as 'n "systemic dance". Dit beteken dat alle dele van die sisteem deelneem aan die proses en nie een deel as die oorsaak van die gedrag beskou word nie. Dit is na die navorser se mening 'n treffende metafoor vir die sirkulêre proses binne die gesinsisteem en die "dans" kan byna letterlik voorgestel word.

Die subkonsepte wat betrekking het op die primêre konsep oorsaaklikheid word vervolgens bespreek as grense, kibernetika en aksie/non-aksie.

- *Grense van 'n sisteem*

Die grens van 'n sisteem is die skeidslyn tussen die sisteem en die omgewing en dit beïnvloed die vloeï van inligting en energie tussen die omgewing en sisteem.

Die grens van die sisteem kan ook as 'n sirkel om die sisteem beskou word en die vloeï van energie binne die sirkel is meer as die wisseling van energie oor die skeidslyn heen (Compton & Galaway, 1989: 127; Klein & White, 1996: 158).

Die grense van 'n sisteem word deur die interne reëls van die sisteem gevorm. Die karakteristieke verhoudingspatrone tussen die dele van 'n sisteem bepaal die waardestelsel van die sisteem asook die gedragsrolle wat deur die



dele vervul word. Grense in sistemiese denke is nie sigbare lyne nie, maar bestaan grootliks buite die bewustelike besef van die lede van die sisteem. Dit is meetbaar of waarneembaar in die deurlatendheid van energie tot die omgewing op 'n kontinuum vanaf 'n geslote sisteem na 'n oop sisteem. Dit veronderstel dat die geslote sisteem geen of min energie en inligting met die omgewing uitruil en dat die oop sisteem feitlik geen beletsel plaas op die deurlating van energie en informasie nie. Gesonde sisteme handhaaf 'n balans tussen bogenoemde twee uiterste grensvorme en het duidelik gedefinieerde semi-deurlaatbare grense sowel as funksioneringswyses waarop dit in stand gehou word (Compton & Galaway, 1989: 127; Klein & White, 1996: 158; Becvar & Becvar, 2000: 690).

Hierdie aspek van oorsaaklikheid van gedrag impliseer dat elke gesin 'n unieke stel reëls of grense vorm waarvolgens die gedragsnorme binne die gesin bepaal word. Die reëls wat 'n gesin handhaaf met betrekking tot optredes soos etenstye of uitslaap van kinders of watter ouer toestemming verleen aan versoeke is implisiet aan 'n gesin en definieer 'n gesin sodanig dat dit identifiseerbaar is deur die omgewing.

- *Kibernetika*

Kibernetika verwys na die studie van die selfregulerende eienskap van 'n sisteem en is teen 1948 deur Norbert Wiener so benoem. Dit is afgelei van die Griekse term *kubernetes* wat “stuurman” beteken (Wiener, 1974: 31).

Die aspek kibernetika, soos aangewend in die algemene sisteemteorie, verwys na die bestudering van die prosesse van mediasie in die stimulus-responsverbintenis tussen dele binne die sisteem. Kibernetika word verbind met die basiese beginsels van beheer, regulering, uitruil en prosessering van inligting in 'n sisteem. Verhoudings en verwantskappe word beklemtoon en die herhalende interaksionele patrone tussen en binne sisteme asook tussen waarnemer en sisteem word bestudeer (Hanson, 1995: 40-41; Moore, 1997: 558). In hierdie aspek is die dinamiese eienskap van 'n sisteem vasgelê soos Hanson (1995: 41) dit stel:

To begin to look at how systems of two or more interrelated parts steer themselves is to move away from a model of systems as passive entities, and toward seeing the way phenomena ... push back or create in ways that are not explained by knowledge of input and output alone.



In 'n gesin as sisteem is waarneming van hoe en waarheen die gesin homself stuur baie belangrik. Die patrone van funksionering binne die gesin en die wyse waarop 'n gesinsisteem gebeur, ervarings en verskynsels organiseer tot selfregulering is krities belangrike inligting tot assessering en intervensie.

- *Aksie en non-aksie*

Die veronderstelling in die algemene sisteemteorie dat die dele van 'n sisteem interverwant is, bring mee dat alle gedrag binne 'n sisteem 'n betekenisvolle effek op die sisteem het. Hanson (1995: 44-48) bevestig die belangrikheid van geen aksie soos volg: "... because it is process among parts, either doing something or doing nothing can fuel a sequence of either positive or negative feedback." Hanson (1995: 44-45) maak gevolglik die volgende stelling as 'n algemene beginsel: "Action and inaction are equally causal in a system."

Vir die gesin as sisteem is hierdie stelling van waardevolle toepassing, aangesien die belangrikheid van die lede se nie-deelnemende optredes uitgelig word, soos om geen kommentaar op 'n ander lid se optrede te lewer nie, en die impak wat sodanige gedrag op die sisteem het. Hanson (1995: 47) wys daarop dat die toepassing van die idee van mede-oorsaaklikheid van aksie en non-aksie dit moontlik maak om non-aksie in die terugvoer kommunikasiekettings van 'n sisteem uit te wys. "Look constantly to where the holes in wholes lead, the patterns and events they spawn through the other parts of a system. **Because of the principle of interrelatedness it is possible to trace nonthings**" (Hanson, 1995: 47). Dit is belangrik om bewus te wees van die wyse waarop aksie en non-aksie 'n interaksiepatroon aan die gang kan sit wat tot die ontstaan van onverwagte, onbeplande of moontlik intensionele gebeurlikhede kan lei.

Samevattend blyk dit dat die konsep van oorsaaklikheid die kommunikasiewyse en -patrone in 'n sisteem aanspreek. Die grense in 'n sisteem is bepalend vir die vloei van inligting wat 'n invloed op gedrag kan uitoefen. Hierdie genoemde aspekte hou sterk verband met die konsep van verandering wat vervolgens as vierde kernelement van die gedeelte oor konsepte in die argitektuur van die algemene sisteemteorie bespreek word.



2.2.2.3.4 *Verandering as primêre konsep van die algemene sisteemteorie*

Verandering word voorts as vierde kernelement binne die konteks van die konsepte van die algemene sisteemteorie as derde deel van die argitektuur van die teorie bespreek.

Verandering as vierde hoofkonsep van die algemene sisteemteorie het te doen met die aspek van wat verander en wat nie verander nie (Hanson, 1995: 55). Die sistemiese denkwysse beskou verandering in terme van die eienskappe wat in die konsep vervat is, naamlik ooreenkoms en verskil, dinamies en staties, kontinuïteit en wysiging. Die voortdurende proses van beweging waaraan 'n sisteem blootgestel is en waarvan dit deel vorm, bring 'n dilemma vir die sisteem mee. Enersyds streef 'n sisteem na stabiliteit terwyl groei andersyds noodsaaklik is vir die voortbestaan van 'n sisteem. Die situasie ontstaan dus dat verandering implisiet is. Compton en Galaway (1989: 130) bevestig hierdie tendens met die volgende uitspraak: "... a system cannot not change."

Die beskouing van die konsep van verandering vanuit die algemene sisteemteorie impliseer 'n meer buigsame en dinamiese benadering waardeur verandering of stabiliteit nie as óf verkeerd óf reg gesien word nie. Wat van belang is, is die patrone van herhalende interaksie wat 'n sisteem oor 'n tydperk vorm. Die betekenis van hierdie patrone van wysiging en kontinuïteit vir die sisteem is die fokus van aandag (Compton & Galaway, 1989: 130-131; Hanson, 1995: 55; Potgieter, 1998: 59-61).

In die studie van die gesin as sisteem wys Barker (in Potgieter, 1998: 60) daarop dat "human systems which choose 'not to change' still change simply by growing older every minute". Die instandhouding van 'n bepaalde patroon van funksionering in 'n gesin is dikwels gekoppel aan onsekerheid ten opsigte van verandering aangesien die uitkoms van verandering moeilik ten volle voorspel kan word. Doelgerigte verandering in 'n gesin as sisteem is dus afhanklik van die aanvaarbaarheid van die doel daarvan vir al die lede van die gesin.

Binne die konteks van verandering as hoofkonsep is die volgende subkonsepte relevant, naamlik terugvoer, homeostase, morfostase en morfogenesis, en finale staat/ekwifinaliteit.

- *Terugvoer (Feedback)*

Die subkonsep van terugvoer verwys na die proses waardeur 'n sisteem die inligting en energie wat dit uitstuur weer in die sisteem kan terugvoer. Die terugvoerproses stel 'n sisteem in staat om dit self te rig en te stuur deur die



sirkulêre oorsaaklikheidsproses (Hanson, 1995: 58; Klein & White, 1996: 158; Becvar & Becvar, 2000: 66). Terugvoer is die voltooiing van die sirkulêre proses waar inligting tussen 'n sisteem en omgewing uitgeruil word en waardeur 'n sisteem 'n boodskap ontvang met betrekking tot die aanvaarding van sy inligting. Terugvoer is dus 'n selfregulerende meganisme waardeur 'n sisteem aanpassings in sy funksionering kan maak en toekomstige optrede kan wysig. Terugvoer kan dus beide korrektiewe aksie sowel as weerstandbiedende aksie stimuleer en terselfdertyd die omgewing verander (Compton & Galaway, 1989: 129; Potgieter, 1998: 56-57).

Twee tipe terugvoerprosesse word geïdentifiseer, naamlik positiewe en negatiewe terugvoer. Hierdie begrippe verwys nie na waarde-beoordeling nie, maar is gekoppel aan die impak van die gedrag op 'n sisteem en die sisteem se respons daarop. Positiewe terugvoer lei tot doelgerigte verandering deur aanpassings terwyl negatiewe terugvoer lei tot handhawing van die status quo-posisie wat geen doelgerigte verandering meebring nie (Hanson, 1995: 60; Becvar & Becvar, 2000: 66-67). Balans tussen verandering en stabiliteit is essensieel vir konstruktiewe funksionering, aangesien voortdurende verandering sowel as geen verandering potensieel ewe destruktief is vir die funksionering van 'n sisteem (Hanson, 1995: 61).

In die bestudering van die gesin as 'n sisteem is dit noodsaaklik om die uniekheid van elke gesin voortdurend in gedagte te hou, wat beteken dat elke gesin met sy eie karaktertrekke en eie interaksiepatrone 'n unieke respons op terugvoer openbaar. Potgieter (1998: 57) beklemtoon hierdie unieke eienenskap van 'n sisteem soos volg: "Systems are maintained around their unique purpose and function." Die oorsprong van gesinsproblematiek kan opgespoor word deur te fokus op die positiewe en negatiewe terugvoerprosesse in die gesin.

Dit is noodsaaklik om in gedagte te hou dat hierdie prosesse nie aan goeie en slegte invloed gekoppel word nie. Die betekenis van positiewe en negatiewe terugvoerprosesse word binne die konteks daarvan geëvalueer.

- *Homeostase*

Homeostase as verdere subkonsep van verandering is die toestand van ewewig en stabiliteit in 'n sisteem en behels 'n balans in respons tussen die uitstuur en ontvang van inligting. Dit beskryf die wyse waarop die balans of ekwilibrium in 'n sisteem oor 'n tydperk gehandhaaf word (Klein & White, 1996: 159; Plug et al., 1997: 88, 147; Potgieter, 1998: 59; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 76).



Homeostase is 'n dinamiese balans wat aan die gesin as 'n sisteem die geleentheid vir gesonde stabiliteit bied waaruit herorganisasie en groei in die opvolgende tydperk kan volg. Die noodsaaklikheid van homeostase word beklemtoon aangesien dit ook orde in die gesin bewerkstellig (Compton & Galaway, 1989: 130). 'n Gesin kan sy hulpbronne aanwend ten einde sy reëls te handhaaf met die doel om 'n dinamiese ekwilibrium te behou.

- *Morfostase en morfogenesis*

Hierdie subkonsepte van verandering staan in 'n noue verband met die subkonsep van homeostase en “steady state” (Von Bertalanffy, 1973: 44; Compton & Galaway, 1989: 130). Morfostase en morfogenesis verwys na 'n sisteem se vermoë om stabiliteit te handhaaf te midde van verandering en terselfdertyd te verander te midde van stabiliteit. Morfostase is 'n sisteem se neiging tot stabiliteit of homeostase terwyl morfogenesis 'n sisteem se neiging tot versterking van gedrag is wat groei, kreatiwiteit, innovering en verandering behels (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 33-34; Becvar & Becvar, 2000: 68-69).

Dit is noodsaaklik vir 'n gesin as sisteem om voortgang te handhaaf en ten einde dit te bereik is toleransie vir verandering nodig. Die vraag wat ontstaan, is hoeveel verandering nodig en gesond is vir die bepaalde gesin. Dit blyk dus dat beide die prosesse van morfostase en morfogenesis nodig is vir 'n gesinsisteem om gesond te funksioneer.

- *Finale toestand (Equifinality)*

Begrip vir 'n gebeurtenis of verskynsel in sistemiese denkwysse kan nie alleen bereik word gebaseer op kennis van die oorsprong daarvan nie. Kennis van die sisteem is noodsaaklik en alle sisteme kan in terme van die konsep “equifinality” (direk vertaal as “ekwifinaliteit”) of “dieselfde einde” beskryf word. Hierdie subkonsep van verandering verwys na die neiging van 'n sisteem “... towards a characteristic final state from different initial states and in different ways, based upon dynamic interaction in an open system attaining a steady state” (Von Bertalanffy, 1973: 46).

Die dinamiese interaksie tussen die dele of elemente van 'n sisteem sowel as die transaksies tussen sisteme bepaal dus die finale toestand en nie die oorspronklike insette nie. Multifinaliteit (“multifinality”) stel die ander kant van hierdie muntstuk van finale toestand en hou verband met die neiging dat dieselfde insette tot verskillende uitkomstes of finale toestand kan lei (Compton



& Galaway, 1989: 131; Hanson, 1995: 63; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 26). Hierdie neiging word deur Becvar en Becvar (2000: 71-72) omskryf as ekwipotensieel (“equipotentiality”).

Verandering as een van die hoofkonsepte van die algemene sisteemteorie verwys dus na die wyse waarop verandering wel in die sisteem plaasvind.

Samevattend dui die inhoud van die algemene sisteemteorie, beskou teen die agtergrond van die omskrywing van die eienskappe van wetenskaplike teorie, daarop dat die algemene sisteemteorie as ’n teorie erken kan word. Die inhoud van die algemene sisteemteorie is voorts aan die hand van die algemene samestelling of argitektuurplan daarvan beskryf met die fokus op die historiese aanloop of die intellektuele tradisie in die ontwikkeling van die teorie, die bepaalde uitgangspunte asook die konsepte van die teorie.

Hierdie beskrywing het die teoretiese fundering en raamwerk van hierdie studie vir die ondersoek na die gesin-in-egskeiding in konteks geplaas. Die terminologie van die algemene sisteemteorie as denkwyse en perspektief sowel as die filosofie daarvan is voorgehou en gebaseer daarop kan die waarde van die teorie vervolgens bespreek word.

2.3 DIE WAARDE VAN DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

Die betekenis van die benaderingswyse wat in die algemene sisteemteorie vervat is, is geleë in die perspektief van die gesin as eenheid en die interverwantskap van al die afsonderlike lede daarvan. Dit is duidelik gestel dat elke gesin as sisteem uniek is en dat die geheel ’n ander karakter vertoon as die individuele lede. Die waarde van die algemene sisteemteorie sal voorts in terme van die teoretiese betekenis asook die betekenis met betrekking tot die bestudering van die gesin bespreek word.

2.3.1 Die teoretiese betekenis van die algemene sisteemteorie

Von Bertalanffy (1973: vii) beklemtoon die algemene toepaslikheid van die algemene sisteemteorie soos volg:

... systems theory is a broad view which far transcends technological problems and demands, a reorientation that has become necessary in science in general and in the gamut of disciplines from physics and biology to the behavioral and social sciences and



to philosophy. It is operative, with varying degrees of success and exactitude, in various realms, and heralds a new world view of considerable impact.

Hierdie uitspraak deur die skepper van die algemene sisteemteorie meer as 40 jaar gelede bevestig die aanvaarding van die teorie.

Hanson (1995: 9) bevestig die waarde van die holistiese grondslag van die algemene sisteemteorie vir die studie van die menslike natuur en kerneienskappe van menslike gedrag soos volg:

Here is where the potential of a wholes approach shines through, in transforming the conventional assumption-based debates by providing a new language or meta-theory for confronting issues that allows for, but does not necessitate, assumptions. ... It provides a pan-disciplinary and an assumptive theoretical approach that captures new modes of thinking about the world that are not tied to the specifics of cultural, disciplinary, ideological, or political debates.

Die algemene sisteemteorie bied die holistiese beginsel as vertrekpunt vir die bestudering van enige fenomeen wat eienskappe vertoon wanneer die dele saamgevoeg word wat nie teenwoordig is in die individuele dele nie (Hanson, 1995: 9). Die algemene sisteemteorie as perspektief beklemtoon dus vir die bestudering van menslike gedrag die beskouing van individuele optrede of gedrag in die konteks van die individu se sistemiese verband.

Klein en White (1996: 150, 153) gee erkenning aan die feit dat huweliks- en gesinsinteraksie 'n belangrike komponent in die resente ontwikkeling van die sisteemteorie binne die sosiale wetenskappe was en dat die gesin as 'n sisteem gesien steeds as sterk metafoor in gesinsterapie voorkom.

Die intrinsieke waarde van die algemene sisteemteorie vir hierdie studie aangaande die gesin-in-egskeiding is geleë in die verplasing van die fokus van aandag vanaf die individu in isolasie na die verhoudings- en funksioneringspatrone tussen individue binne die gesinsverband en -koppeling. Die konteks van interaksie is belangrik in hierdie teorie en dit word beskou as "... a noncausal, dialectic process of mutual influence in which both participate" (Becvar & Becvar, 2000: 8). Begrip van die interaksieproses noodsaak die assessering van interaksiepatrone met klem op *wat* gebeur en nie soseer waarom dit gebeur nie.



2.3.2 Die betekenis van die algemene sisteemteorie met betrekking tot die bestudering van die gesin

Gerdes en Van Ede (1996: 497) wys daarop dat by die ontstaan van die huwelik daar reeds 'n verandering in die verwantskap van die twee egliede intree. Die man is nie meer net 'n man met dieselfde naam nie, maar word nou ook die eggenoot van sy vrou wat bepaalde verwagtings ten opsigte van sy optrede impliseer. Dieselfde geld vir die vrou, terwyl haar naam dikwels ook verander. 'n Nuwe eenheid word gevorm wat saam meer of groter is as bloot die twee individuele persone by mekaar. Die ontstaan van 'n gesin skep 'n soortgelyke nuwe entiteit waardeur die rol en posisie van die man en vrou as egpaar na dié van vader en moeder en kind verander word. Hierdie verandering behels baie meer vir al die lede as bloot die verandering van die getal lede van twee na drie. 'n Unieke gesinseenheid word gevorm waarin die verhoudingskonneksies binne die eenheid meer as verdriedubbel.

Andolfi, soos aangehaal in Goldenberg en Goldenberg (1998: 21), bevestig dat die gesin nie in terme van die individuele persoonlike karaktertrekke of eenskappe van elke lid bestudeer kan word nie. Dit is noodsaaklik om die interaksie tussen die gesinslede waar te neem wat hy soos volg stel: "More than the sum that each family member adds to the whole, what we should attend to is the ongoing relationship between and among the members, their mutual impact." Compher (1989:8) beklemtoon die waarde van die sistemiese benadering in werk met die gesinsistiem en vergelyk dit soos volg met 'n interaksionele dans:

... (it) widens the lens of assessment and intervention beyond the family system to the interactive patterns of the family's immediate community and service systems as well. The dance of the various parties is clearly observable and demonstrates that the service community network relationships clearly impact upon treatment outcomes.

Vanuit die sisteemteoretiese perspektief is dit duidelik dat die impak van elke gebeurtenis in 'n gesin verveelvoudig word deur al die kragte wat saam die geheel vorm. Individuele gedrag word derhalwe gesien en beskou as 'n manifestasie van die interaksionele proses in die gesinsistiem as geheel.

Dit is die navorser se mening en doel met hierdie ondersoek dat die funksionering van die gesin-in-egskeiding as unieke geheel voor en na 'n egskeiding dus die fokus van ondersoek behoort te wees by bepaling van die toekoms van die minderjarige kind. "...The determining factor is neither the number nor the severity of a family's problems but rather their response to the problems and the



extent to which their problems disable the way their family system operates” (Constantine in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 21).

2.4 SLOTSOM

Gesinsproblematiek is ’n vraagstuk met velerlei komponente. Daar is sprake van meer as twee mense betrokke in ’n besondere eenheid, saamgevoeg vanuit verskillende agtergronde en van verskillende geslag. Volle begrip vir die aard en wese van die problematiek in sodanige verbintenis kan slegs geskied deur die inagneming van die geheelperspektief.

Die algemene sisteemteorie benader verskynsels of vraagstukke vanuit ’n perspektief van holisme. Die prosesse en patrone in ’n sisteem wat betekenis verleen aan die gebeure tussen die dele binne die sisteem is van groter belang as die individuele lede of gebeure in isolasie. Die interaksie en verhouding tussen die dele word in beskouing geneem.

Rapoport (1974: xxii) som die waarde van die algemene sisteemteorie in gedragswetenskappe soos volg op:

The ideas of the system approach can be a rich source of inspiration in the advancement of behavioral science, but only if the actual content and scope of these ideas are clearly understood. ... if the behavioral scientist temporarily turns away from his central problems to examine the ideas in the light of their own inner logic. Once this logic is grasped, the system approach to the study of man can be appreciated as an effort to restore meaning (in terms of intuitively grasped understanding of wholes) while adhering to the principles of *disciplined* generalizations and rigorous deduction. It is, in short, an attempt to make the study of man both scientific and meaningful.

Die voorafgaande bespreking van die algemene sisteemteorie bied die nodige fundering vir die beskouing van die problematiek van die gesin-in-egskeiding. In die volgende hoofstuk word die aandag op die gesin as maatskaplike sisteem gevestig ten einde ’n beter begrip te vorm vir die samestelling en voorkoms van die gesin as maatskaplike instelling. Die juridiese beskouing van die gesin as maatskaplike instelling word uitgelig met die oog op die regs konteks van die problematiek van egskeiding. Ander kritiese aspekte van belang by die beskouing van die gesin as maatskaplike sisteem is naamlik die maatskaplike veranderinge wat die gesin beïnvloed. Die veranderde gesinsprofiel word ondersoek ten



einde die variasies van gesinsvorme te beskou, aangesien die probleem van eg-skeiding of skeiding nie noodwendig slegs op tradisionele gesinsvorme van toepassing is nie.

Die navorser vertrou dat die bespreking van die algemene sisteemteorie in hierdie hoofstuk voldoende ondersteuning bied vir die perspektief van die gesin as 'n sisteem in die volgende hoofstuk.



HOOFSUK 3

If prophecies could kill, the family would have been dead long ago.

Lauer (1998)



HOOFSTUK 3

DIE GESIN AS MAATSKAPLIKE SISTEEM

3.1 INLEIDING

Binne die konteks van hierdie studie waar daar vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief op die gesin-in-egskeiding gefokus word, is dit van kardinale belang dat die gesin as maatskaplike sisteem in verwantskap tot die gemeenskap beskou word. Volgens die beginsel van die algemene sisteemteorie word elke deel van die sisteem deur verandering in 'n ander deel beïnvloed. Hierdie beginsel word deur egskeiding in die gesinsisteem bevestig deurdat elke lid van die gesin weens die egskeiding tussen die egpaarsisteem ingrypende verandering ondergaan. Die gesinsisteem is voorts 'n subsisteem van die gemeenskapsisteem en gevolglik word elke ander subsisteem wat in verwantskap met die gesinsisteem staan deur die egskeiding beïnvloed.

'n Bespreking van die gesinsprofiel soos dit in die huidige tydsbedeling voorkom, is belangrik ten opsigte van kennisname van die voorkoms en aard van die gesinsisteem wat in egskeiding verkeer. In hierdie verband is dit belangrik om die aandag te vestig op die invloed van maatskaplike verandering op die gesin as instelling en die historiese konteks van die gesin as maatskaplike sisteem. 'n Verdere dimensie van die gesinsisteem-in-egskeiding is die ontwikkeling van 'n gesin volgens die natuurlike lewensiklus en die invloed daarvan op die egskeidingsdispuut wat die gesinsisteem ervaar. Vanuit die sisteemteoretiese perspektief is die fokus gerig op die huidige gebeure in 'n sisteem, en dit sluit kennisname van die invloed van die verlede asook die interaksie tussen gesin- en gemeenskapsisteem met die oog op die toekomstige bedeling in. Egskeiding tussen die egpaarsisteem bring die gesinsisteem ook in kontak met die juridiese sisteem ten einde die regsaspekte waardeur egskeiding gereguleer word te bepaal en te hanteer. Dit is belangrik om die ingrypende veranderinge vir elke lid van die gesinsisteem volgens die regsimplikasies te ondersoek om sodoende die belange van die minderjarige kind te bepaal.

Die gesinsisteem word deur die Konvensie vir die Regte van die Kind as maatskaplike instelling erken en dit word beskryf as die fundamentele groep van die gemeenskap en die natuurlike omgewing vir die groei en ontwikkeling van al die lede daarvan (Hodgkin & Newell, 1998: 78; Minuchin & Fishman, 1999: 11). Die gesin is 'n natuurlike (biologiese) groep mense waarvan die ouers uit vrye keuse lede word terwyl die kinders slegs deur geboorte of toevoeging soos deur aanne-



ming daarby ingesluit word. Potgieter (1998: 134) beskryf die gesin as een van die basiese sisteme in die gemeenskap en bevestig dat alle mense binne die grense van 'n gesinsisteam gebore word. Karpel en Strauss (in Potgieter, 1998: 134) omskryf 'n gesin as 'n groep mense wat deur biologiese bande asook langtermynverwagtinge van lojaliteit, vertroue en toegewydheid verbind is. Die gesinsverbintenis tussen lede van 'n gesin kan slegs deur die dood beëindig word. Hierdie eienskap, naamlik dat die verbintenis van 'n lid tot 'n gesinsisteam oor 'n lewenslange diemansie beskik asook die intieme aard van die biologiese verhoudingstruktuur, onderskei die gesin as maatskaplike sisteem van al die ander sisteme in die gemeenskap (Carter & McGoldrick, 1989: 5; Klein & White, 1996: 21-23; Potgieter, 1998: 134).

Die gesin word toenemend as 'n maatskaplike sisteem beskou waarvan die holistiese karakter soos volg deur Ashford et al. (2001: 108) beskryf word: "... a whole composed of interrelated parts, each of which affects and is affected by one another, and each of which contributes to the functioning of the whole." Die komplekse karakter van die gesinsisteam en die ingewikkelde proses waardeur gesinsfunksionering ontwikkel, word algemeen beklemtoon (Lee in Steyn, 1994: 5; Potgieter, 1998: 134; Bosman-Swanepoel et al., 1998: 62; Minuchin & Fishman, 1999: 12; Ashford et al., 2001: 108; Allers, 2002: 720). Die volgende samevatende beskrywing van die gesin as maatskaplike sisteem deur Goldenberg en Goldenberg (2004: 70) bevestig die voortdurende, interaktiewe vorming van verhoudingspatrone tussen die lede: "Families are living, ongoing entities, organized wholes with members in a continuous, interactive, patterned relationship with one another extending over time and space."

Die gesin is 'n natuurlike groep mense en met die verloop van tyd ontwikkel patrone van interaksie tussen die lede. Bestudering van gesinsfunksionering behels die gelyktydige waarneming van en aandag aan enersyds die struktuur van die gesinsisteam, wat verwys na die organisasie, rangskikking en instandhouding van die sisteem, en andersyds die prosesse van die gesinsisteam, wat verwys na die ontwikkeling, aanpassing en verandering wat die sisteem met die verloop van tyd ondergaan (Minuchin & Fishman, 1999: 11; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 70). Die mate waarin die gesinsisteam positief funksioneer, word deur die interverwantskap van die verhoudings tussen die lede bepaal (Bosman-Swanepoel, et al., 1998: 63).

Die erkenning van die holistiese perspektief van die gesin as maatskaplike sisteem plaas die optrede van individuele lede van die gesin binne die konteks van die interaksiepatrone. Minuchin en Fishman (1999: 12) beskryf dit soos volg: "The



family as a whole seems almost like a colony animal ... each part doing its own thing, but the whole forming a multi-bodied organism which is itself a life form.” Goldenberg en Goldenberg (1998: 20) beklemtoon dat individuele gedrag vanuit die sistemiese benadering as verteenwoordigend van die funksionering van die gesin as maatskaplike sisteem in totaliteit beskou word. Verder kan geen gesinsisteem ten volle verstaan word indien die dele slegs afsonderlik beskou word nie, aangesien die samevoeging van die lede in ’n gesinsisteem ’n geheel vorm wat groter is as die som van die dele daarvan (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 72). Hierdie interverwantskap van die lede van die gesinsisteem bevestig die navorser se oortuiging van die noodsaaklikheid van ’n holistiese beskouing op die gesin-in-egskeiding. Dit beteken dus dat daar by egskeidingsevaluering, ten opsigte van die belange van die minderjarige kind, op die wisselwerkende aard van die interaksie en verhoudinge tussen die lede van die gesinsisteem gefokus moet word.

Alle gesinsisteme ondervind van tyd tot tyd probleme, maar die manier waarop die gesin sodanige probleme hanteer, bepaal tot watter mate die gesin as eenheid kan voortbestaan. Aanduidings van disfunksie by ’n gesin word binne die konteks van die betrokke gesinsisteem se funksioneringspatrone asook sistemiese verbintenisse soos kulturele verband beskou (Carter & McGoldrick, 1989: 4; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 20). By die gesin-in-egskeiding kan die huweliksbreuk as ’n krisis beskou word waarvan die uitkoms vir al die partye, en hoofsaaklik die minderjarige kind, bepaal sal word deur die manier waarop die gesinsisteem die implikasies van die skeiding hanteer.

Die noodsaaklikheid om oplossings vir gesinsproblematiek te vind, bestaan so lank soos die mensdom self. Fouche (1998: v) stel dit dat die beginsels om die gesinslewe te reguleer reeds in verskeie beskawings bestaan het teen die tyd dat die mens sy gedagtes op papier kon verwoord. Egskeiding is ’n verskynsel wat dekades gelede veral sedert die sestigerjare in die Westerse gemeenskappe groter inslag begin vind het (Sinclair, 1984: 1). In Brittanje word bereken dat een kwart van die babas wat teen die laat negentigerjare gebore is waarskynlik teen skoolgaande ouderdom reeds ’n egskeiding tussen hulle ouers sou beleef het (Herbert, 1997b: 2). Die duur van die gemiddelde Amerikaanse huwelik word op minder as sewe jaar bereken met ’n egskeidingsyfer net onder 50% en dertien miljoen kinders wat reeds ’n gesinsbreuk ondervind het (McKay, Rogers, Blades & Gosse, 1999: 1). In Suid-Afrika is die statistiek nie meer gunstig nie, soos vooraf in hoofstuk 2 genoem, en word die aantal egskeidings teen 2005 op 32 484 bereken waarby 32 394 minderjarige kinders betrokke is (Statistics South Africa, 2005: 3-4).



Die Suid-Afrikaanse familiereg (“law of domestic relations”) (Sinclair, 1999a: 9), waarop die wetlike prosesse met betrekking tot die gesinslewe gegrond is, bestaan uit twee gespesifiseerde afdelings, naamlik (1) huweliksreg (“law of husband and wife”) en (2) gesagsreg en voogdyreg (“law of parent and child”) (Visser & Potgieter, 1998: 1; Cronje & Heaton, 1999b: 1; Sinclair, 1999a: 9). Vir die doeleindes van egskeiding word die gesin enersyds deur die regsisteem beskou as die tradisionele eenheid van ’n egpaar in ’n siviele huwelik met die kinders uit hulle verwek of aan hulle toevertrou, hetsy deur aanneming of hertrouwe (Visser & Potgieter, 1998: 1-2; Cronje & Heaton, 1999b: 1). Deur die inwerkingtreding van die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike (Wet 120 van 1998) in November 2000 verleen die Suid-Afrikaanse regsisteem andersyds wetlike erkenning aan gebruiklike huwelike wat in terme van die gewoontereg aangeaan is en op poliginie berus (die man mag met meer as een vrou trou) (Cronje & Heaton, 2004a: 197). Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse regsisteem word die huwelik steeds as basis van die gesinsisteem aanvaar en word die erkenning van saamleefverbintenisse of lewensverhoudings tans deur die Regshersieningskommissie ondersoek (Cronje & Heaton, 2004a: 234). Derhalwe vorm die huweliksreg ’n baie belangrike deel van die familiereg in die Suid-Afrikaanse regs-konteks en behoort die egskeidingsvraagstuk ook teen die agtergrond van die huweliksreg beskou te word.


Die gesin word in hierdie ondersoek beskou as die kerneenheid mense, saamgestel uit ouers met hulle minderjarige kinders, wat saam ’n maatskaplike sisteem vorm en deur die egskeiding tussen die ouers beïnvloed word. Dit impliseer dus ook die gesin in die heel modernste vorm, naamlik waar ouers hulle kinders in ’n saamleef-verhouding verwek.

In hierdie hoofstuk word die aandag voorts gevestig op die sistemiese verwantskap van die gesinsisteem-in-egskeiding, en die invloed van maatskaplike verandering op die gesinsprofiel word in hierdie verband eerstens uitgelig. Die fokus val dus eerstens op ’n bespreking van die veranderde gesinsisteem.

3.2 DIE VERANDERENDE GESINSISTEEM

Die konteks waarbinne die gesin-in-egskeiding beskou word, is naamlik die wisselwerkende verwantskap tussen die lede van die gesinsisteem asook tussen die gesin en gemeenskap (milieu of omgewing) waarin die gesin funksioneer.

Skematies kan die sistemiese verwantskap van die gesinsisteam volgens die hiërargie van sisteme soos volg in Figuur 4 voorgestel word:



Figuur 4: Hiërargiese sistemiese verwantskap van die gesinsisteam

Vanuit die sistemiese perspektief blyk dit dat 'n verandering in een deel van die sisteem ook verandering by die ander dele teweegbring (Germain in Ashford et al., 2001: 105).

Verandering in die voorkoms en struktuur van die gesin word algemeen weergegee en dit weerspieël hoofsaaklik die veranderinge soos in die Westerse kulture aange-tref word. Die mees resente en belangrikste veranderinge wat tans binne gesinsverband waargeneem word, is onder andere hoë egskeidingsyfers, toenemende her-troues en stiefgesinne, alleenouergesinne, tweeledige beroepsgesinne, uitstel van huwelike tot 'n later ouderdom, saamleefverbintenisse en minder kinders per gesin (Lauer, 1998: 455; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 3-4; Benokraitis, 2005: 19-20). Volgens Benokraitis (2005: 16-18) bestaan daar hoofsaaklik drie perspektiewe ten opsigte van die verandering in die gesinsisteam, naamlik dat (1) die gesin besig is om tot niet te gaan, (2) die gesin besig is om te verander, maar nie te verdwyn nie, en (3) die gesin as instelling sterker is as voorheen. Die verskillende perspek-tiewe met betrekking tot die voortbestaan van die gesinsisteam as maatskaplike instelling is 'n aanduiding van die fokus wat ondersteuners van 'n bepaalde siens-wyse in die verband huldig.




Die aandag word voorts in hierdie studie gevestig op 'n bespreking van die tipe veranderinge wat die gesinsisteem beïnvloed het asook die veranderinge wat die gesinsisteem ondergaan het.

Die veranderinge wat die gesinsisteem beïnvloed, kan as faktore uit die verskeie sisteemvlakke van die gemeenskapsisteem onderskei word. Bronfenbrenner (in Benokraitis, 2005: 35; Papalia, Olds & Feldman, 2006: 36) onderskei vier interverwante sisteemvlakke in die gemeenskapsisteem wat die individu sowel as die gesinsisteem se groei en ontwikkeling op wederkerige wyse beïnvloed. Bronfenbrenner voeg daarby die dimensie van tyd, naamlik die chronosisteem, wat die interaksie van al die genoemde sisteme beïnvloed deur die graad van stabiliteit wat in die individu, veral die kind, se lewe bestaan (Papalia et al, 2006: 38). Die vier sisteme in die sisteemhiërargie wat verandering vir die gesinsisteem beïnvloed, behels die volgende:

- (1) Die mikrosisteem wat verwys na die interverwante gedrag, rolle en verhoudings wat deel vorm van die individu en gesinsisteem se sosiale en fisiese omgewing waarmee daar daaglik 'n wisselwerkende interaksie plaasvind, soos opvoeding deur die ouersisteem.
- (2) Die mesosisteem wat verwys na die interverwante verhoudings met gemeenskapsubsisteme (-instellings), soos die skool, kerk, werk, sport en uitgebreide familie.
- (3) Die exosisteem wat verwys na die subsisteme in die gemeenskap waarmee die individu nie daaglik in direkte interaksie verkeer nie, soos vriende, regsdiens, massamedia en maatskaplike organisasies.
- (4) Die makrosisteem wat na die meer komplekse subsisteme in die kultuur verwys, soos waarde- en normesisteme, politieke besluitnemingsisteme en opvoedkundige beleidsbepalende sisteme (Potgieter, 1998: 264-265; Ashford et al., 2001: 106-107; Benokraitis, 2005: 35).

Die navorser is van mening dat die meso- en exosisteme soos bo uiteengesit na dieselfde tipe subsisteme verwys. Daarom word die twee sisteemvlakke vir die doeleindes van hierdie studie as een beskou onder die benaming mesosisteem.

Die vlakke van sistemiese verwantskap binne die gemeenskap word skematies soos volg in Figuur 5 aangetoon:



Figuur 5: Interwantskap van sistemiese vlakke in gemeenskap (gebaseer op Bronfenbrenner, 1979)

Die bogenoemde Figuur 5 is 'n voorstelling van die interverwante verbintenis wat tussen die onderskeie sisteme binne die onderskeie sisteemvlakke bestaan. Die individu en gesin as sisteme binne die mikrosisteem, wat die primêre sisteme verteenwoordig, is voortdurend in interaksie met die sisteme binne die mesosisteem, wat die sisteme binne die direkte gemeenskapsisteem behels. Die individu en gesin as subsisteme is in interwantskap met die groepe en organisasies soos skool, werk en vriende. Die makrosisteem verteenwoordig die sisteme soos regeringsinstellings en ekonomiese instansies wat 'n invloed op die sisteme in die meso- en mikrovlakke uitoefen deur middel van indirekte interaksie soos beleidsbepalings of oorlogsverklarings. Die individu of gesin as sisteme se interaksie met die makrosisteem is gekoppel aan die interaksie met die mesosisteem. Die dimensie van tyd wat deur die chronosisteemvlak verteenwoordig word, behels veranderinge in gesinsamestelling, woonplek, ouers se werkposisie, asook gebeure van groter omvang soos oorlog, ekonomiese siklusse, of toename in werkende moeders, en afname in die uitgebreide familiesisteem. Die individu is volgens Bronfenbrenner



'n produk van ontwikkeling en terselfdertyd 'n skepper van sy eie ontwikkeling deur die interaktiewe patroon van wisselwerking tussen persoonlike toerusting van biologiese en psigologiese karaktereenskappe, talent en vaardighede, tekortkominge en temperament (Papalia et al, 2006: 38).

Die maatskaplike verandering wat veral tydens die laaste twee tot drie eeue plaasgevind het en wat 'n invloed op die gesinsisteem het, word vervolgens as faktore in die mikro-, meso- en makrosisteme van die gemeenskapsisteem onderskei (Figuur 5). Die bespreking word daarna opgevolg met 'n bespreking oor die invloed wat die vooraf genoemde veranderinge op die gesinsisteem het.

3.2.1 Maatskaplike verandering van toepassing op die gesinsisteem

Binne die konteks van hierdie studie is die Griekse filosoof Heraclitus se stelling, naamlik: “You can't step into the same river twice” (Daintith, Stibbs, Wright & Pickering, 1994: 179) goed van toepassing, aangesien dit die feit van voortdurende verandering van 'n gegewe werklikheid beklemtoon. Met betrekking tot die gesinsisteem beteken dit dus dat terwyl die gesin steeds as maatskaplike sisteem in die gemeenskap voorkom en bly voortbestaan, ondergaan dit terselfdertyd veranderinge vanweë die groei van die sisteem self asook die verandering wat in die gemeenskapsisteem plaasvind. Egskeiding as maatskaplike probleem sou 'n voorbeeld wees van die verandering wat in die gesinsisteem plaasvind. Egskeiding is tans, soos vroeër genoem, 'n erkende, algemene en aanvaarde maatskaplike verskynsel in die gemeenskap terwyl dit sowat 50 jaar gelede as 'n skande beskou is.

Die aspekte wat in die mikro-, meso- en makrosisteme voorkom en wat die interverwantskap tussen die gesinsisteem en gemeenskapsisteem deur die invloed van die chronosisteem verander het, word kortliks in die volgende gedeeltes uitgelig.

3.2.1.1 Veranderinge in die mikrosisteem

Die mikrosisteem behels die vlak waar die individuele lid asook die gesin as sisteem funksioneer. Die mikrovlak behels dus die direkte interpersoonlike interaksie en wisselwerking tussen al die gesinslede in die daaglikse omgang met mekaar (Potgieter, 1998: 264; Ashford et al., 2001: 106; Benokraitis, 2005: 35). Die keuses wat die individuele lid asook die gesinsisteem in die daaglikse funksionering uitoefen, is dus op hierdie vlak betrokke.

Die keuse van die individu om te trou of nie, van die egpaar vir of teen kinders, hoeveel kinders, wyse van opvoeding of rolle in die gesin vorm alles deel van die veranderinge in die mikrosisteem. Tendense van verandering wat algemeen in die gesinsisteem waargeneem word, is naamlik kleiner gesinne, hoë voorkoms in huwelike sowel as egskedings, meer saamleefverbintenisse, meer alleenouergesinne, toename in stiefgesinsisteme, huishoudings met 'n tweeledige inkomste, werkende moeders, jonger grootouers en ouerwordende bevolking (Benokraitis, 2005: 19).

Die verwantskap tussen die veranderinge in die mikrosisteem van die gemeenskap-sisteem waar die gesin funksioneer en die mesosisteem blyk duidelik uit die volgende bespreking van die veranderinge in die mesosisteem.

3.2.1.2 Veranderinge in die mesosisteem

Veranderinge in die mesosisteem behels veranderinge wat binne die subsisteme van instellings soos die skool, werk, kerk, sport, ontspanning, vriende en uitgebreide familie of gesondheidsdienste plaasvind. Veranderinge in die voorskrifte deur die besondere kultuurgroep waarvan die gesinsisteem deel vorm, die waarde- en normesisteme wat in die mesosisteem geldig is en maatskaplike strukture soos die skool oefen 'n besliste en bepaalde invloed op die gesinsisteem in die mikrovlak uit. Die aandag word vervolgens kortliks gevestig op die aspekte in die mesosisteem wat verandering ondergaan het en waardeur die gesinsisteem beïnvloed is.

- *Verandering in kulturele voorskrifte*

Die samelewing het veral in die Westerse gemeenskapsisteme sedert die Tweede Wêreldoorlog in 1945 vanaf 'n outokratiese gemeenskapsorde en 'n patriargale gesinsisteem na 'n meer demokratiese en geslagsgelykwaardige gemeenskap- en gesinsisteem verander. Hierdie demokratiseringsproses is deur Dinkmeyer en McKay (1982: 6-7) as 'n sosiale rewolusie bestempel en hulle konstateer soos volg: "We are becoming a social system in which all people insist upon being treated as equals."

- *Verandering in die waarde- en normesisteme*

Die maatskaplike waarde- en normesisteme van die gemeenskapsisteem verwys na die gedragsreëls wat gewoonlik die verwagte optrede van die lede van die gemeenskapsisteem bepaal (*Reader's Digest Woordeboek*, 1993: 1024; Plug et al., 1997: 242). Die volgende gemeenskapsnorme toon besondere veranderinge:



▫ *Lewenstandaard*

In die huidige tydsgewrig verwag die gemeenskapsisteesem dat 'n gesin finansiële onafhanklik behoort te funksioneer ten einde 'n subsisteesem van waarde te wees. Hierdie verwagte status skep die behoefte aan addisionele inkomste vir die meeste gesinsisteesem ten einde die verwagte nodige middele te kan bekom om die aanvaarbare lewenstandaard te handhaaf (Ogburn, 1963: 299; 301; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 3; Dex, 2004: 437; Rice, 1993, in Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5).

▫ *Vroulike emansipasie*

Die vroue-emansipasie-beweging se aktiewe strewe na die erkenning van en gelyke beregtiging vir die vrou in die gemeenskapslewe het veral sedert die begin van die twintigste eeu die man se mag oor die vrou bevraagteken (Banning, 1964: 231; Roode, 1968: 125). Hierdie emansipasieproses het meebring dat vroue politieke regte, soos stemreg, asook groter arbeidsmag deur meer erkenning en werksgeleenthede in die arbeidsmark bekom het (Banning, 1964: 231; Roode, 1968: 124-125). Hierdie verandering in die arbeidsmark in die mesosisteesem het tot die ontstaan van tweeledige inkomste-gesinsisteesem bygedra (Dex, 2004: 436-437).

▫ *Normalisering van egskeiding*

Volgens Lauer (1998: 472) asook Cronje en Heaton (2004a: 123) het die stigmatisering van egskeiding as maatskaplike probleem verander na groter aanvaarding van egskeiding as verskynsel en die implementering van die sogenaamde “no fault”- of skuldlose beginsel as norm in egskeidings het tot sodanige veranderde houding bygedra. Blamering van 'n party in egskeiding is sodoende uitgeskakel en geslagsgelykheid by die keuse van 'n versorgende ouer vir die minderjarige kinders word toenemend as beginsel deur die regsisteesem aanvaar, met ander woorde 'n ouer ontvang geen voorkeur op grond van sy of haar bepaalde geslag nie. Hierdie verandering in openbare houding teenoor egskeiding as maatskaplike vraagstuk asook die liberalisering van wetgewing aangaande egskeiding op internasionale vlak het daartoe aanleiding gegee dat egskeiding wêreldwyd 'n alledaagse verskynsel geword het (Benokraitis, 2005: 432; Lauer & Lauer, 2006: 348-349). Die implikasies van hierdie verandering in die mesosisteesem het 'n sneeubaleffek op die individuele lede, gesinsisteesem sowel as die groter

gemeenskapsisteem en dit word meer volledig in die afdeling hierna bespreek.

▫ *Maatskaplike strukturele veranderinge*

Maatskaplike strukturele verandering verwys na die verandering waardeur die gesinsisteem se funksionele rolle soos dié van vader of moeder aangepas moet word ten einde orde, stabiliteit en ekwilibrium in die gesin te behou (Benokraitis, 2005:36; Lauer & Lauer, 2006:348). Die volgende maatskaplike strukturele veranderinge is van belang:

* *Rolverandering binne die gemeenskap*

Lauer (1998:477) beklemtoon die verwarring en onsekerheid wat maatskaplike verandering in die gemeenskap in die rolle van man/vrou, vader/moeder en kind veroorsaak het. In 'n gemeenskapsisteem met byvoorbeeld 'n hoë voorkoms van vigs waar gesinne wees gelaat word weens die volwassenes se sterftes, word kinders gedwing om die rol van ouer en versorger in te neem. So ook beïnvloed die voorkoms van dubbele boodskappe aan 'n gemeenskapsisteem identifisering met bestaande gesagsrolle in die gemeenskapsisteem op 'n negatiewe wyse, byvoorbeeld die afkeur van seksuele misbruike terwyl seksuele molestering deur gesagsfigure dikwels plaasvind.

* *Omgewingsverandering*

Die groter mobiliteit van die gemeenskap van die 21ste eeu, wat onder andere voortvloei uit die ontwikkeling in die vervoerwese, konfronteer gesinsisteme met verandering van omgewing weens werkomstandighede, woonomstandighede of spesiale behoeftes soos mediese behandeling. Die gebrek aan 'n maatskaplike ondersteuningsisteem kan die integrasie van 'n gesinsisteem in 'n nuwe gemeenskap nadelig beïnvloed. Lauer (1998: 477) identifiseer verstedeliking saam met verandering in die bevolkingsamestelling asook gebrek aan 'n verbintenis met 'n religieuse groep as indikatore van swak maatskaplike integrasie.

Vervolgens word daar op die verandering in die makrosisteem van die gemeenskap gefokus.



3.2.1.3 Veranderinge in die makrosisteem

Die makrosisteem is die vlak van interverwantskap in die gemeenskapsisteem waar breë maatskaplike vraagstukke voorkom en waarvan die hantering deur die bepaalde geldige politieke perspektief sowel as die betrokke kulturele voorskrifte soos waarde- en normesisteme gerig word (Benokraitis, 2005: 23). Die faktore wat verandering in die makrosisteem veroorsaak asook die keuses van die individu en die gesinsisteem beïnvloed, word vervolgens uitgelig, naamlik ekonomiese kragte, tegnologiese vordering, populêre kultuur, maatskaplike aksies asook gesinsbeleid op die nasionale regeringsvlak.

- *Ekonomiese kragte*

Die invloed van ekonomiese kragte in die makrosisteem van die gemeenskap en dus ook op die individu en gesinsisteem hou hoofsaaklik verband met verandering wat in die werkomgewing ingetree het.

Die Industriële Rewolusie wat bykans twee eeue gelede 'n aanvang geneem het, het 'n omwenteling in die aard van werkgeleenthede, die groei in werkgeleenthede en 'n verandering in die rol van werk in die gemeenskapsisteem teweeggebring. Industrialisasie het tot verstedeliking gelei asook die ontstaan van fabriekke en uitgebreide nywerheidskomplekse wat die kleiner plaaslike industrieë vervang het (Roode, 1968: 122; Crouter in Parke & Kellam, 1994: 9; Benokraitis, 2005: 23).

Beleid ten opsigte van immigrasie, as faktor van verandering in die makrosisteem, bring kompetisie vir plaaslike werknemers mee veral met betrekking tot halfgeskoolde en geskoolde werkgeleenthede (Benokraitis, 2005: 23-24). Verminderde werkgeleenthede veroorsaak 'n ernstige finansiële krisis vir werknemers en dra by tot die soeke na addisionele werkgeleenthede.

Die verskuiwing van maatskappye se arbeidsgebied eerstens na groter, komplekse omgewings ter wille van segmentasie en spesialisasie van werksaktiwiteite en tweedens na ontwikkelende lande ter wille van beter ekonomiese bedryf deur goedkoper arbeid en hoër wins te bekom, bring dikwels verhuising en of verlies van werkgeleentheid vir die werknemers mee (Roode, 1968: 122; Crouter in Parke & Kellam, 1994: 9; Benokraitis, 2005: 24). Daardeur word werknemers gedwing om te verhuis of addisionele werkgeleenthede te soek.

Oorlog as faktor in die makrosistiem bring aansienlike omwenteling in die werk-omgewing mee soos duidelik uit die ervaring met die Tweede Wêreldoorlog tussen 1939-1945 blyk (Dinkmeyer & McKay, 1982: 6). Die arbeidsmark is deur hierdie oorlog in besonder noodwendig vir die vrou oopgestel ten einde die verlies aan manlike werknemers, wat diensplig moes verrig, aan te vul (Dinkmeyer & McKay, 1982: 6). Groter werk- en opleidingsgeleenthede vir vroue asook die positiewe veranderde openbare siening ten opsigte van die vrou se rol of “plek” in die gemeenskapsistiem, het die tendens van die vrou in die werkplek permanent bevestig (Parke & Kellam, 1982: 2).

Die volgende faktor wat ingrypende veranderinge in die makrosistiem teweeggebring het, is naamlik tegnologiese verandering of ontwikkeling wat voorts bespreek word.

- *Tegnologiese ontwikkeling*

Tegnologiese ontwikkeling verwys na daardie aspekte wat verband hou met die ontwikkeling en uitbreiding van kennis, toerusting en middele waardeur die toepassing van die wetenskap maatskaplike funksionering bevorder (Plug et al., 1997: 375; *Oxford Concise Dictionary*, 1999: 1471).

Tegnologie as toegepaste wetenskap het teen die einde van die agtiende eeu begin ontplooi en gedurende die negentiende en twintigste eeue resultate gelewer wat die gemeenskapslewe aansienlik beïnvloed het (*Encyclopedia Britannica*, vol. 21, 1970: 750). Die mediese wetenskap, kommunikasiebedryf en die vervoerwese is waarskynlik die gebiede waardeur tegnologiese ontwikkeling die grootste impak op die maatskaplike funksionering van die mens uitgeoefen het.

Ontwikkeling in mediese en gesondheidstegnologie het meegebring dat die sterftesyfer van die mens weens siektes soos tering en geboortetrauma aansienlik verlaag is, asook dat die geboortesyfer deur die ontwikkeling van geboortebeperingstegnieke verminder is (Roode, 1968: 123; *Encyclopedia Britannica*, vol. 15, 1970: 100; Benokraitis, 2005: 24). Die genoemde vordering het meegebring dat die fokus in die mediese wetenskap verskuif kon word na pogings om die mensdom se gesondheid en lewensgehalte te bevorder.

Ontwikkeling op die gebied van die kommunikasiewese het daartoe gelei dat die gemeenskapsistiem blootgestel word aan uitgebreide inligtingstegnologie



en wel in so 'n mate dat inligting vanaf en interaksie met enige denkbare plek ter wêreld te enige tyd moontlik is. Ontwikkelings soos die telegraaf en telefoon teen die laaste helfte van die negentiende eeu het daartoe bygedra dat kommunikasie baie vinniger en goedkoper oor 'n langer afstand kon geskied (*Encyclopedia Britannica*, vol. 21, 1970: 752K). Die uitvinding van die gloeilamp het elektriese lig aan die wêreld bekendgestel en nuwe geleenthede tot ontwikkeling geskep (*Encyclopedia Britannica*, vol. 21, 1970: 752K). Die ontwikkeling van die massamedia, naamlik rolprente, radio, televisie, rekenaar-tegnologie en digitale tegnologie, en die ontwikkeling van die wêreldwye inligtingsweb het daartoe gelei dat die wêreldgemeenskap ingekrimp het tot die druk van 'n knoppie (Benokraitis, 2005: 25). Gemeenskapsisteme is dus minder geïsoleerd en aan groter invloed van ander gemeenskappe blootgestel.

Industrialisasie en tegnologiese ontwikkeling het ontwikkeling en verandering in die vervoerwese gestimuleer ten einde aan die behoefte aan beter en vinniger vervoermiddele asook 'n georganiseerde vervoersisteme te voorsien. Die ontwikkeling van die motor as vervoermiddel en die aanmoediging van privaatbesit het daartoe gelei dat die motor 'n noodsaaklike besitting in die moderne gemeenskapsisteme geword het (*Encyclopedia Britannica*, vol. 22, 1970: 176). Die uitbreiding van die behoefte aan 'n motor as vervoermiddel het ander behoeftes in die industrie gestimuleer, soos die rubberbandbedryf, glas- en verfbedryf asook die voorsiening van strate. 'n Netwerk behoeftes het dus rondom die vervoerwese in die gemeenskapsisteme ontstaan.

- *Populêre kultuur*

Populêre kultuur sluit onder andere televisieprogramme, musiekstyle, tydskrifte, radioprogramme, advertensies, sport, stokperdjies, mode en rolprente in en is via die kommunikasiemedia te enige tyd tot enige lid van die gemeenskapsisteme beskikbaar (Benokraitis, 2005: 24). Die massamedia vorm 'n bron van inligting vir die individuele lid van die gemeenskapsisteme en die implikasie hiervan is dus dat die individuele lid se keuses aangaande maatskaplike funksionering deur die voorafgenoemde bronne van inligting beïnvloed word.

Die invloed van die massamedia as bron van inligting is dikwels baie sterker as die tradisionele bronne van inligting uit die gemeenskapsisteme, soos ouers, familie en opvoedkundige instansies.



- *Maatskaplike aksies*

Maatskaplike aksies in die makrosisteem het al dikwels verandering in beleid, perspektiewe of houding met betrekking tot gesinsfunksionering teweeggebring.

Die bewegings vir menseregte, vroueregte, homoseksuele of lesbiese regte asook aksies ten opsigte van die regte van die kind oefen druk uit ten einde houdings in gemeenskapsisteme te verander wat dikwels tot verandering in beleidsformulering op plaaslike sowel as nasionale regeringsvlak lei (Benokraitis, 2005: 25). Sodanige verandering in die makrosisteem het direkte gevolge vir die gesinsisteem se maatskaplike funksionering.

- *Regeringsbeleid*

Beleidsformulering op nasionale vlak met betrekking tot die gesinslewe behels verandering wat in die makrosisteem van die gemeenskapsisteem geïmplementeer word. Wette en regulasies wat onder andere die aangaan van huwelike reël, die wyse waarop egskeiding plaasvind en beheer word, waarop die opvoedkundige sisteme beheer word asook die wyse waarop maatskaplike toelaes vir behoefte of gestremdheid reguleer word, het 'n invloed op die gesinsisteem. Elke aspek van die maatskaplike funksionering in die gesinsisteem word dus deur verandering in beleidsbepaling binne die makrosisteem van die gemeenskapsisteem beïnvloed (Benokraitis, 2005: 25).

Die vooraf bespreking van faktore in die onderskeie sisteemvlakke wat verandering in die gesinsisteem beïnvloed, beklemtoon die sistemiese interverwantskap waarvan die gesin-in-egskeiding dus ook deel vorm. Die besondere invloed wat die genoemde maatskaplike verandering op die gesinsisteem uitoefen, word vervolgens uitgelig.

3.2.2 Die invloed van maatskaplike verandering op die gesinsisteem

Verandering is 'n gegewe werklikheid van die lewe en maatskaplike verandering, soos onder punt 3.2.1 bespreek, is dus nooit afgehandel nie. Maatskaplike verandering is 'n konstante dinamiese proses wat in wisselende fases voorkom en soos volg deur Martin (in Cronje, 1994: 248) gestel word: "... (it) tends to be incremental although it can be radical and occurring in quantum leaps." Maatskaplike verandering kan dus beskryf word as 'n konkrete krag wat die lewe van individue,

gesinsisteme asook gemeenskappe beïnvloed en hierdie sisteme tot aksie dwing waardeur nuwe rolle aanvaar moet word, nuwe waardesisteme gesoek word en na rekonsiliasie en vrede gestreef word (Cronje, 1994: 248).

Soos verandering 'n voldonge feit van die lewensproses is, is konstantheid 'n basiese beginsel van die lewe self. Die bestaan van die mens met sy inherente behoeftes wat deur 'n bepaalde lewensiklus vanaf bevrugting tot die dood ontwikkel, is 'n onveranderlike konstante. Pillari (1988: 6) beklemtoon beide verandering en konstantheid as aspekte van die lewensproses soos volg: "Although there is continuity of norms, change is as much an aspect of the human life-span as constancy." Hierdie beginsel van balans tussen volgehoue konstantheid te midde van voortdurende verandering in die lewensproses word in die gesinsisteam herhaal. 'n Sisteem streef na harmonie of balans binne die sisteem ten einde dit in stand te hou, maar as lewende eenheid kan die sisteem nie staties bly nie en vorm hierdie strewe na ekwilibrium 'n voortdurende dinamiese proses (Plug et al., 1997: 88; Goldstein, 1973, in Potgieter, 1998: 59; Pierson & Thomas, 2002: 467). Die gesinsisteam is derhalwe voortdurend onderworpe aan die proses van homeostase of die soeke na bestendigheid te midde van die behoefte aan groei (Potgieter, 1998: 59). Die funksionering van die gesinsisteam kan dus 'n wisselwerking tussen rusperiodes of periodes van stabiliteit en periodes van verandering en groei toon, maar die gesinsisteam kan nooit nie verander nie (Compton & Galaway, 1989: 130; Barker, 1986, in Potgieter, 1998: 59-60).

Maatskaplike verandering oefen 'n invloed op die gesinstruktuur sowel as die gesinsprosesse uit. Eerstens word die invloed van maatskaplike verandering op die gesinstruktuur bespreek.

3.2.2.1 Die invloed van maatskaplike verandering op die gesinstruktuur

Maatskaplike verandering binne al drie vlakke of sisteme van die gemeenskap-sisteam het verreikende implikasies vir die gesinsisteam meegebring.

In die volgende bespreking van die onderskeie tendense van verandering in die gesinsisteam se struktuur word die besondere maatskaplike verandering ter sake uitgelig.

Gesinne is organisatoriese, komplekse, emosionele sisteme wat voortdurend die gesinsisteam as die mees funksionele eenheid moontlik probeer ontwikkel ten einde die gesamentlike behoeftes en doelwitte van die gesin te bevredig (Goldenberg



& Goldenberg, 2004: 5). Ten einde dié proses van kohesie te fasiliteer, ontwikkel 'n gesinsisteam bepaalde reëls waarvolgens die rolle en funksies in die gesin gerig word. Sodoende ontwikkel sekere patrone van funksionering tussen die lede van die gesinsisteam met die doel om harmonie en sekuriteit vir die gesin te maksimiseer (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5).

Die gesinsisteam se struktuur verwys dus na die gesin se selforganisasie in terme van die ontwikkeling van 'n bepaalde strategie of styl ter wille van oorlewing en te midde van die stressors vanuit die gesinsisteam self sowel as vanuit die gemeenskapsisteam (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5). Die gesinsisteam se struktuur word dus op die organisasie binne die gesin gebaseer en dit bepaal die passing en samehorigheidsgevoel van die besondere gesin.

Die bespreking van die invloed van maatskaplike verandering op die gesinsisteam se struktuur fokus vervolgens op die reëls, rolle en funksies of take van die gesinsisteam.

- *Gesinsreëls*

Die gesin is 'n kibernetiese (selfregulerende) reëlsgeoriënteerde sisteem (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 73). Die gesinslede leer uit die interaksie tussen die lede watter gedrag aanvaarbaar is en watter nie, sowel as watter optrede in 'n bepaalde situasie van elke lid verwag word. Die gesinsreëls is op die waardes en norme van die gesinsisteam gebaseer en help om die rolle in die sisteem te bepaal. Reëls word dikwels vanaf een geslag na die volgende oorgedra en skep die basis vir die ontwikkeling van afhanklikheid en regulering in die gesinsverhoudings.

Gesinsreëls bepaal hoe gesinslede se gedragpatrone binne en buite die gesinsisteam ontwikkel en bepaal dus grootliks die regulerende beginsels van die gesin waardeur riglyne vir toekomstige interaksies gestel word (Jackson in Goldenberg & Goldenberg, 2004: 75). Reëls in die gesinsisteam kan beskrywend of voorskriftelik van aard wees, met ander woorde dit kan deur middel van metafore die patrone van interaksie vir gesinslede aandui of dit kan by wyse van voorskrifte bepaal watter patrone van interaksie binne die gesin korrek is en watter nie. Goldenberg en Goldenberg (2004: 75) verduidelik die aanleer van die verskillende tipe gesinsreëls soos volg: “Whatever the family structure, all members learn the family’s meta-rules (... the rules about the rules), which typically take the form of unstated family directives offering principles for interpreting rules, enforcing rules, and changing rules.”



Gesinsreëls is gebaseer op die waarde- en normesisteen van die gesin en daarom sal die verandering van 'n norm, soos dat die moeder tuis die primêre versorger van die kinders moet wees, dus verandering in die gesinsreëls teweegbring. Die mate waartoe gesinsreëls konsekwent en duidelik aan alle lede van die gesinsisteen gekommunikeer word, bepaal die suksesvolle funksionering van die gesinsisteen. Indien die gesinsreëls toepaslik is sodat daar in al die lede van die gesin se behoeftes voorsien word en die reëls nie te rigied of te min is nie, ontwikkel die gesinsisteen 'n verdeling van rolle en take waardeur 'n positiewe funksioneringswyse vir die gesin ontstaan (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 74-75).

Verandering in die gesinsreëls, hetsy op grond van verandering in waarde- en normesisteme, ekonomiese kragte, rolverandering of enige ander faktore, bring noodwendig verandering in die gesinstruktuur mee en kan onder andere aanleiding gee tot gesinsprobleme soos egskedding.

- *Gesinsrolle*

Die gesinsisteen is die suprasisteen vir verskeie subsisteme waarvan die egpaarsubsteeem, ouer-kind-substeeem en sibbe-substeeem die belangrikste is. Ander subsisteme wat direk by die gesinsisteen betrokke raak, is die uitgebreide familiesisteme soos die grootouersubsteeem, materne en paterne sibbe-substeeem sowel as ander familie verbintenisse. Elke lid van die gesinsisteen vervul 'n bepaalde rol in elk van die subsisteme teenwoordig, soos die man wat die rolle van eggenoot, vader, seun, kleinseun, swaer en broer kan vervul (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 84). Dieselfde geld vir elk van die gesinslede.

Die egpaarsubsteeem vorm in die kerngesinsisteen die basiese substeeem. Die ouers se vervulling van hulle rolle as man en vrou bied vir die kinders 'n model ten opsigte van manlike en vroulike intimiteit, huweliksinteraksie, hantering van konflik en verskille, voorsiening in mekaar se onderskeie behoeftes op seksuele, emosionele, liggaamlike en psigiese vlakke, asook toekomsbeplanning (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 84).

Die ouersubsteeem het die tradisionele verantwoordelikheid van vader en moeder ten opsigte van die opvoeding en versorging van kinders asook leidinggewing aan en dissiplinerig van die minderjarige kinders. Die interaksie met die ouersubsteeem bied aan kinders die geleentheid om outoriteit te leer han-



teer, besluitnemingsvaardighede te ontwikkel asook die vermoë tot selfdireksie (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 85).

Die sibbe-subsisteem vorm die eerste portuurgroep vir die minderjarige kinders. Deur interaksie in die rolle van sibbe ontwikkel die minderjarige kind die vaardigheid tot onderhandeling, samewerking, ondersteuning, mededinging asook binding. Die interpersoonlike vaardighede wat die kind in sy rol as sib in die sibbe-subsisteem ontwikkel, het 'n invloed op latere skool- en werkverhoudings (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 84).

Die onderskeie subsisteme funksioneer in voortdurende interaksie met mekaar en ondervind 'n voortdurende wisselwerkende invloed tussen die subsisteme. Die verhoudings tussen gesinslede asook die interaksie tussen die subsisteme in die gesin definieer die struktuur van die gesinsisteem (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 84). Veranderinge wat die rolle van gesinslede in enige van die subsisteme beïnvloed, sal noodwendig 'n invloed uitoefen op die struktuur van die gesinsisteem.

- *Gesinsfunksies/take*

Die gesinsisteem vervul vyf basiese funksies ten spyte van watter vorm die gesin aanneem. Die basiese funksies van die gesin behels die volgende:

- regulering en wettiging van seksuele gedrag;
- voortbring en sosialisering van kinders;
- voorsiening van ekonomiese sekuriteit;
- verlening van emosionele ondersteuning; en
- vestiging van gesinslede se posisie in die gemeenskap (Van Dijk, [sa]: 86; Bezuidenhout, 1998: 3; Benokraitis, 2005: 7; Berk, 2006: 559; Lauer & Lauer, 2006: 347).

Die funksie om seksuele gedrag te reguleer, is gekoppel aan die waarde- en normesisteem van die gemeenskap en bepaalde kultuurgroep. Die verbod op seksuele gedrag en ondertrouery tussen gesinslede asook lede van die uitgebreide familiesisteem is 'n universele norm, alhoewel uitsonderings in sekere gemeenskappe bestaan (Benokraitis, 2005: 7). Hierdie funksie van die gesinsisteem beskerm die groep teen die oordrag van genetiese defekte, verseker die groep se voortbestaan deurdat paring tussen gesinslede en buitelanders afgedwing word, verseker die wettige afstamming van kinders ten einde hulle erfgenooten opsigte van titels, eiendom of besittings te beskerm, en dit verminder afguns



binne die gesinsisteam en voorkom derhalwe destruktiewe seksuele kompetisie wat die gesinsfunksionering kan benadeel (Benokraitis, 2005: 7).

Berk (2006: 559) beskou sosialisering, reproduksie en emosionele ondersteuning as die drie belangrike funksies wat primêr deur die gesinsisteam uitgeoefen word. Hierdie drie funksies is naamlik in hoofsaak met die kind in die gesin gemoeid. Die voortbring en sosialisering van kinders is die funksie van die gesinsisteam. Hierdeur word die groep en gemeenskap uiteindelik voorsien van volwasse mense wat die gemeenskap aanvul en uitbrei. Die sosialiseringproses van kinders deur die gesinsisteam verseker die aanleer van rolle asook die waarde- en normesisteme van die bepaalde gemeenskap. Kinders word dus deur hierdie funksie van die gesin voorberei vir die aanleer van verwagtinge en verpligtinge wat aan besondere situasies en posisies gekoppel word, met ander woorde watter gedrag in sekere situasies aanvaarbaar is en watter nie. Deur die sosialiseringfunksie van die gesin word die kind opgevoed tot 'n bevoegde en deelnemende lid van die gemeenskap (Benokraitis, 2005: 8-9; Berk, 2006: 559).

Voorsiening van ekonomiese sekuriteit is die funksie van die gesinsisteam waardeur die lede van voeding, kleding, behuising en nodige of soms luukse materiële voordele voorsien word. Die gesinsisteam is dus 'n belangrike ekonomiese eenheid wat finansiële sekuriteit en stabiliteit aan die gemeenskapsisteam verleen. Indien die gesinsisteam ekonomies nie selfversorgend is nie, veroorsaak die versorging van die lede daarvan 'n ekonomiese las vir die gemeenskap. Die gesinsisteam het egter van 'n produserende na 'n verbruikersisteam verander. Waar kinders eens bygedra het tot die ekonomiese take in die gesinsisteam het hierdie posisie van die kind in die huidige tydsbedeling na algehele afhanklikheid en 'n ekonomiese verantwoordelikheid verander (Gunter & Furnham, 1998: 9; Benokraitis, 2005: 9; Berk, 2006: 559).

Die voorsiening van emosionele ondersteuning aan gesinslede is 'n noodsaaklike taak van die gesinsisteam ten einde gelukkige, gesonde en sekure mense te help vorm. Die versorging van, liefde vir en emosionele ondersteuning aan lede is 'n gesinstak wat deur middel van nabye, langdurige en intieme interaksie binne die gesinsisteam bereik word. Sodoende kan 'n belewenis van toegewydheid en doelgerigtheid by gesinslede gekweek word (Van Dijk, [sa]: 87; Benokraitis, 2005: 9-10; Berk, 2006: 559).

Die vestiging van gesinslede se posisie in die gemeenskapsisteam is gekoppel aan die besondere gesinsisteam se sogenaamde maatskaplike stand ("social

class”) wat onder andere deur rykdom, opvoeding, mag en prestige bepaal word.

Mense van dieselfde maatskaplike stand deel gewoonlik dieselfde waarde- en normesisteme en ontspanningsbelange. Die maatskaplike stand waartoe ’n persoon gereken word, het ’n belangrike invloed op keuses in die mens se lewe, soos watter ouderdom geskik is om te trou, hoeveel kinders vir ’n egpaar aanvaarbaar is, hoe kinders gesosialiseer moet word en hoe verhoudings in die gesinsisteme behoort te wees (Krech, Crutchfield & Ballachey, 1962: 313; Benokraitis, 2005: 10; Berk, 2006: 562)).

Die belangrike rol van die gesinsisteme se funksies in die gemeenskapsisteme word in die volgende stelling deur Emerson (1870 in Shaw, 2003: ix) weergegee: “The true test of civilization is not the census, nor the size of cities, nor the crops – no, but the kind of man the country turns out.”

- *Gesinsamestelling*

Maatskaplike verandering oefen ook ’n invloed uit op die strukturele gesinsamestelling, soos blyk uit die volgende:

- *Grootte van die gesin*

Twee belangrike demografiese veranderinge het ’n direkte invloed op die grootte van gesinsisteme uitgeoefen, naamlik die afname in vrugbaarheids-tendense asook die styging in gemiddelde bevolkingsouderdom. Sedert die einde van die agtiende eeu het vroue minder kinders nader aan mekaar gehad en op ’n vroeër ouderdom die voortbring van kinders gestaak. Terselfdertyd het die gemiddelde ouderdom van die bevolking aansienlik gestyg (Benokraitis, 2005: 19).

Bogenoemde verandering is moontlik gemaak deur verskeie maatskaplike veranderinge soos tegnologiese ontwikkeling, veral op mediese gebied, ekonomiese kragte, verandering in waarde- en normesisteme, aksies vir vroueregte en die ontwikkeling van hoër lewenstandaarde (Paetsch, Bala, Bertrand & Glennon, 2004: 307).

Die implikasie van hierdie veranderinge was naamlik die vermindering van gesinsgrootte, die uitbeweeg van ouer kinders uit die huis om te gaan werk of studeer, die ontwikkeling van die leënessindroom, grootouerskap op ’n

vroeër ouderdom asook verlengde weduwee/wewenaarskap (Bezuidenhout, 1998: 3, 7; Pryor & Trinder, 2004: 324; Benokraitis, 2005: 19).

▫ *Egpaar-gesinsisteme*

Die aantal huishoudings bestaande uit 'n egpaar en hulle afhanklike kinders onder agtien jaar het aansienlik gedaal, byvoorbeeld van 40% tot 24% in die VSA (Benokraitis, 2005: 19).

▫ *Enkelouer-gesinsisteme*

Op enige gegewe tydstop in die huidige tydsbedeling woon tussen 18 tot 20 persent afhanklike kinders in die VSA, Brittanje, Kanada, Australië en New Zeeland in 'n huishouding met een ouer. In die VSA beteken dit 'n toename van 50% sedert die 1990's (Pryor & Trinder, 2004: 322). Die grootste persentasie enkelouer-gesinsisteme bestaan uit 'n moeder-kind-gesin (Pryor & Trinder, 2004: 322; Fields & Casper, 2001, in Benokraitis, 2005: 20).

▫ *Buite-egtelike gesinsisteme*

Die aantal ongetroude vroue wat kinders voortbring en hulle behou, het aansienlik toegeneem en dra by tot die toename in enkelouer-gesinsisteme (Benokraitis, 2005: 20).

▫ *Toename in hersaamgestelde gesinsisteme*

Egskedings het gedurende die afgelope 50 jaar teen 'n vinnige tempo toegeneem en daardeur 'n groot groep mense weer vir hertrou beskikbaar gestel (Paetsch et al., 2004: 311). Hertroue na egskedings is 'n algemene verskynsel wat tot toename in stiefgesinsisteme lei (Paetsch et al., 2004: 310-311) wat daartoe bydra dat al meer jonger kinders in hersaamgestelde gesinsisteme grootword (Fields, 2001, in Benokraitis, 2005: 20). Dit word bereken dat ongeveer 20 persent van kinders in Brittanje voor die ouderdom van 16 jaar deel van 'n stiefgesinsisteme sal word, 35 persent van kinders in die VSA terwyl een uit vyf kinders in New Zeeland teen 9jarige ouderdom reeds drie huishoudings beleef het (Pryor & Trinder, 2004: 322).

Maatskaplike verandering oefen egter nie net 'n invloed op die gesinstruktuur uit nie; dit oefen ook 'n invloed op die gesinsprosesse uit, soos blyk uit die volgende bespreking.



3.2.2.2 Die invloed van maatskaplike verandering op gesinsprosesse

Die prosesse van gesinsfunksionering verwys na die wyse waarop 'n gesinsisteem ontwikkel, aanpas en verander (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 70). Die konteks waarbinne die gesinsprosesse plaasvind, is naamlik die sistemiese interverwantskap van die gesinsisteem. Die gesinsisteem se funksionering is vervleg met die verwantskap tot al die ander subsisteme in die gemeenskapsisteem waarmee die gesin in verhouding staan, soos die uitgebreide familiesisteem, vriendskapsisteem, werksisteem, kultuursisteem en etniese sisteem (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 70; Pryor & Trinder, 2004: 326). Die gesinsprosesse word sodanig deur verandering in die gemeenskapsisteem beïnvloed dat die vraag tereg ontstaan tot watter mate 'n gesinsvraagstuk soos egskeiding deur die interaksie met gemeenskapsubsisteme bevorder word (O'Neil, 1984, in Potgieter, 1998: 138; Pryor & Trinder, 2004: 326).

Die wedersydse beïnvloeding van die wisselwerking tussen 'n sisteem en die subsisteme word baie beskrywend soos volg deur Gillin (1946: 201) gestel: "These influences surround him like an atmosphere."

Potgieter (1998:264-265) beklemtoon die noodsaaklikheid van die wisselwerking tussen gesinsisteme en die gemeenskapsisteem vir groei en ontwikkeling van die sisteem. Die gesinsisteem het inderwaarheid die wisselwerking met ander subsisteme nodig ten einde afstomping in funksionering te voorkom (Spies, 2006: 19). Die implikasie van gebrek aan interaksie met ander subsisteme word soos volg beskryf: "If inadequate opportunities exist for this kind of interchange ... their (i.e. social systems) growth and development will be arrested, their adaptive capacity negatively affected and their social relationships will degenerate into levels of apathy." Die gesinsisteem kan dus nie, en behoort ook nie van hierdie dinamiese karakter van die gemeenskapsisteem gevrywaar te word nie.

Die maatskaplike veranderinge wat gedurende die vorige twee tot drie eeue en veral die afgelope eeu plaasgevind het, word gekoppel aan die ontwikkeling van 'n meer demokratiese maar kompeterende gemeenskapsbestel (Dinkmeyer & McKay, 1982: 5-6; Klein & White, 1996: 51; Goleman, 2000: xv). Die voortdurende verandering in veral die Westerse gemeenskapsisteem is reeds in 1946 deur Gillin (1946: 202) as die "... bearing upon the organization of our social intercourse" beskryf. Daar bestaan dus, soos met ander verskynsels, uiteenlopende menings aangaande die implikasies van sodanige verandering.

Die volgende aspekte van die gesinsprosesse het waarneembare verandering weens die maatskaplike verandering ondergaan, naamlik werksgedrag, maatskaplike integrasie, interpersoonlike verhoudings en kommunikasie. Hierdie aspekte word voorts kortliks uitgelig in terme van die veranderinge wat dit in gesinsfunksionering meebring het.

- *Werksgedrag*

Die invloed van maatskaplike verandering op die werksituasie van die ouersisteem in die gesin word vervolgens uitgelig.

- *Groter afhanklikheid van werkseleenthede*

Die man in sy rol as primêre werknemer en broodwinner vir die gesinsisteem het weens industrialisasie 'n groter afhanklikheid van sy werkseleenthede en werkgewer ontwikkel. Hierdie risiko wat in die arbeidsmark vir die werknemer ontstaan het, het die man en vader as werknemer tot groter mobiliteit gedwing ten einde die beste werkseleentheid te kan bekom (Roode, 1968: 122).

- *Tweeledige inkomste*

Die ontstaan van werkseleenthede in die arbeidsmark vir die vrou as werknemer het die weg voorberei vir die ontwikkeling van huishoudings met 'n tweeledige inkomste. Die verandering van die voorheen ondergeskikte rol van die vrou na 'n ekonomies selfstandige individu het daartoe gelei dat vroue aanspraak kon begin maak op gelyke ekonomiese en wetlike status in die gesin- en gemeenskapsisteem (Dex, 2004: 437, 439).

- *Toename in afwesigheid*

Groter mobiliteit weens die ontwikkeling in vervoerwese het vir werknemers die geleentheid vir meer werksmoontlikhede geskep. Beweging oor groter afstande om onder andere by die werk te kom, is aansienlik vergemaklik. Sodanige omstandighede neem egter meer tyd in beslag wat daartoe lei dat die werknemer, man en/of vrou, dus langer ure van die gesin afwesig is (Goleman, 2000: xv).

Die ontstaan van die behoefte aan 'n hoër lewenstandaard bring mee dat ouers dikwels langer ure aan werk moet bestee ten einde in hierdie behoefte vir die gesinsisteem te voorsien (Goleman, 2000: xv-xvi). Al hierdie faktore oefen noodwendig 'n invloed op die gesin se funksionering uit.

- *Maatskaplike integrasie*

Die groter mobiliteit vir die gesinsisteem wat weens verskeie faktore van maatskaplike verandering ontwikkel het, dra verder dikwels by tot groter geografiese verwydering tussen die gesinsisteem en die uitgebreide familiesisteem. Verstedeliking as gevolg van werksomstandighede of watter rede ook al bring mee dat die gesinsisteem ontnem word van 'n geskikte ondersteuningsisteem. Daarby het die veiligheidsituasie sodanig afgeneem dat dit in die meeste woonbuurte vir kinders onveilig is om sonder ouers se toesig buite te speel of ander gesinne te besoek. Hierdie faktore bevorder swak maatskaplike integrasie waardeur die gesinsisteem groter isolasie van die gemeenskapsisteem kan ondervind (Goleman, 2000: xvi). Soos reeds in punt 3.2.2.2 genoem, is voortdurende aktiewe wisselwerking met die gemeenskapsisteem noodsaaklik vir die gesonde groei en ontwikkeling van die gesinsisteem.

- *Interpersoonlike verhoudings*

Die invloed van die maatskaplike veranderinge wat die afgelope twee tot drie eeue plaasgevind het, het veral 'n duidelike invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings tussen ouers en kinders. Die gesinsisteem is, soos vooraf genoem, by uitstek die fundamentele eenheid of sisteem waar al die lede daarvan en veral die minderjarige kind die geleentheid tot groei en ontwikkeling tot volwaardige onafhanklike individue gebied word (Hodgkin & Newell, 1998: 78). Die proses van groei en ontwikkeling is 'n voortdurende proses wat beïnvloed word deur die insette vanuit interaksie met die ander gesinslede asook die geleentheid wat vanuit die interaksie met die groter gemeenskapsisteem gebied word.

Die groter afwesigheid van die ouersisteem weens die verandering in werksgedrag, die gebrek aan voldoende tydsbesteding tussen gesinslede en swak maatskaplike integrasie het veral die emosionele vaardigheidskomponent van die interpersoonlike verhoudings tussen die ouersisteem en kinders asook die gesinsisteem en gemeenskapsisteem nadelig beïnvloed. Navorsing wat in 1970 met



adolesente gedoen is en teen die einde van die 1980's herhaal is, het aangetoon dat kinders meer impulsief en ongehoorsaam, angstig, bevrees, alleen, hartseer, geïrriteerd en gewelddadig geword het (Goleman, 2000: xv). Hierdie tendens het tot so 'n mate in intensiteit toegeneem dat daar dikwels berigte voorkom van tienerjarige kinders wat ernstige misdade soos aanranding en moord sonder enige waarneembare emosie pleeg (Shaw, 2003: ix-xi).

Goleman (2000: xvi) lig die verandering wat in kindwees ingetree het soos volg uit: "... more and more children than ever before in human history are spending more hours of their lives than ever staring at a video monitor ... Childhood has changed: children no longer have the natural opportunities for this kind of learning (i.e. emotional skills) than was true throughout our history." Die gebrek aan geleentheid tot natuurlike spel vir die kindsisteem veroorsaak 'n gebrek aan die ontwikkeling van emosionele vaardighede wat noodsaaklik is vir gesonde interpersoonlike verhoudings. Hierdie vaardighede word gedurende spel en die hantering van alledaagse klein insidente in die interaksie met gesinslede of die uitgebreide familiesisteem of vriende aangeleer (Goleman, 2000: xvi). 'n Ernstige leemte in die kind se ontwikkeling tot volwaardige en gelukkige volwassene ontstaan dus by gebrek aan voldoende geleentheid om emosionele vaardighede aan te kweek. Shaw (2003: x-xi) beskou die afwesigheid van gesonde emosionele groei en ontwikkeling by die kind in die huidige bedeling so ernstig dat hy die volgende stelling maak: "... our society has become toxic to children."

Sodanige gebrekkige emosionele ontwikkeling by die kindsisteem kan dus ver-reikende nadelige implikasies vir die ontwikkeling van 'n gebalanseerde gemeenskapsisteem inhou. Indien hierdie verskynsel nie sou verander nie, kan daar sprake wees van die ontstaan van 'n epidemie van 'n geslag ontredderde kinders (Shaw, 2003: xi).

- *Kommunikasie*

Kommunikasie in die gesinsisteem behels die oordra van inligting en boodskappe van een gesinslid na die ander asook na die gemeenskapsisteem en terug (Plug et al., 1997: 185). Kommunikasiepatrone het 'n verbale en nieverbale komponent (Pierson & Thomas, 2002: 95). Dit beteken dat sekere inligting en boodskappe oorgedra word deur verstaanbare sigbare of hoorbare gebare en simbole soos woorde. Ander inligting en boodskappe word egter deur waarne-

ming van die nieverbale gebare en lyftaal van die ander persoon verkry (Pierson & Thomas, 2002: 95).

Ten einde te verseker dat die gesinsisteem in stand gehou word en terselfdertyd op omgewingsverandering reageer om sodoende die gemeenskaplike doel te bereik, is gereelde terugvoer noodsaaklik. Terugvoer van inligting tussen gesinslede onderling asook tussen die gesinsisteem en die gemeenskapsisteem is nodig om die bestuur van die gesin as selfregulerende sisteem te reguleer (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 80).

Die ongebonde prosessering van inligting tussen gesinslede onderling sowel as tussen die gesinsisteem en die gemeenskapsisteem is fundamenteel vir die vestiging van sekuriteit en die voorkoming van versteuring (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 83).

Die toenemende afwesigheid van die ouersisteem in die gesin weens die maatskaplike veranderinge soos vooraf bespreek, beperk kommunikasie binne die gesinsisteem aansienlik. Dit het derhalwe 'n invloed op die vestiging van gesinsrolle en -reëls waardeur die grense van die gesinsisteem onduidelik word.

Maatskaplike isolasie van die gesinsisteem lei tot gebrekkige terugvoer aan die gesin. As gevolg hiervan kan die sisteem derhalwe nie regstellende aksies toepas ten einde die aftakeling binne die sisteem te verander nie.

- *Besluitneming*

Die gesinsproses van besluitneming is soos al die ander aspekte wat vooraf bespreek is, nou verwant met die kommunikasiepatrone binne die gesinsisteem.

Die afwesigheid van die ouersisteem in die gesinsisteem weens die verandering in werksomstandighede impliseer verminderde kommunikasie waardeur die vestiging van die gesinstruktuur en -grense benadeel word. Dit bring mee dat die gesinsisteem as 'n onseker sisteem funksioneer wat kan afstomp of disintegreer weens gebrekkige of ontydige besluitneming wat vanuit onvoldoende terugvoer aangaande die funksionering van die sisteem uitgevoer word.

Die invloedryke rol van die voortdurende wisselwerking tussen die gesinsisteem onderling sowel as met die gemeenskapsisteem blyk duidelik uit die voorafgaande



bespreking ten opsigte van die invloed van die maatskaplike veranderinge op die gesinsisteem. Uit die bespreking blyk die interverwantskap van al die subsisteme sodat 'n verandering in een deel van die sisteem 'n verandering in elke ander deel teweegbring.

Genoemde maatskaplike veranderinge gee dus aanleiding tot veranderde gesinsprofile. Die veranderde gesinsprofiel word dus vervolgens bespreek aan die hand van die onderskeie gesinstipes wat tans voorkom.

3.2.3 Die veranderde gesinsprofiel

In hierdie ondersoek na die gesin-in-egskeiding is die aandag in die vorige gedeelte gevestig op die invloed wat maatskaplike verandering sedert die afgelope twee tot drie eeue op die gesinstruktuur en -prosesse van funksionering uitgeoefen het. In die beskouing van die gesin as maatskaplike sisteem word daar vervolgens op die veranderde gesinsprofiel gelet ten einde die aard en voorkoms van verskeie gesinsvorme te beskryf wat tans geïdentifiseer word en potensieel 'n egskeidingsdispuut kan ontwikkel.

Benokraitis (2005: 55-75) onderskei drie gesinsprofile, naamlik (1) die koloniale gesinsisteem, (2) industrialisasie en die verstedelike gesinsisteem, en (3) die moderne gesinsisteem. Banning (1964: 226) verwys na die patriargale, burgerlike en moderne gesinsisteme wat min of meer met die voorgenoemde onderskeid deur Benokraitis ooreenstem. Hierdie onderskeid deur Benokraitis (2005: 55-75) word voorts as riglyn gebruik in die bespreking van die veranderde gesinsprofiel as derde gedeelte van die afdeling oor die veranderende gesinsisteem.

3.2.3.1 Die koloniale gesinsisteem (voor en tot 1800)

Die kerngesin was die gesinsvorm wat tydens die vroeë nedersettings voorgekom het. Hoë mortaliteit onder kinders het die groot getalle kinders wat per gesin gebore is, soms tot 15 (Kenkel, 1973: 153), beperk en daar was selde sprake van die teenwoordigheid van 'n uitgebreide familiesisteem (Benokraitis, 2005: 55-56). Die koloniale gesinsisteem het as beskermer vir enkelopende individue gedien aangesien dit moreel as verkeerd beskou is as 'n enkel persoon nie onder die toesig van 'n familie was nie (Kenkel, 1973: 153). 'n Enkel vrou het in die huis van haar ouers gewoon totdat sy getroud is of in die gesin van een van haar sibbe benodig is as gesinshelper. 'n Manlike enkel persoon of vrygesel is deur die landros aan 'n



gesinsisteesem toegewys (Kenkel, 1973: 153). Van Dijk ([sa]: 82) beskryf hierdie tipe gesinsisteesem as 'n "huisgemeenskap". Die rol van die gesinsisteesem gedurende hierdie tydperk was, volgens Ariès (1979: 31), om die outoriteit van die hoof van die huishouding binne die konteks van die bepaalde gemeenskapsisteesem te versterk. Die onderskeie geslagte het hulle bepaalde plek in die kerk, die openbare dorpsplein, feesvieringe en selfs die dansbyeenkomste gehad (Ariès, 1979: 31). Die gesinsisteesem het geen besondere domein of invloedssfeer van sy eie gehad nie – die gesinsisteesem se domein was gekoppel aan die invloed van die man wat as hoof van die huishouding beskou is (Ariès, 1979: 31). Van Dijk ([sa]: 82), Banning (1964: 226) en Roode (1968: 117-118) verwys in hierdie verband na die bestaan van die patriargale familie of gesin en die absolute mag wat die man in die gesin oor die ander gesinslede besit het.

Onder sekere godsdienstige groepe is aanvaar dat die gemeenskap die reg het om in gesinsangeleenthede betrokke te raak en onder andere toe te sien dat ouers hulle kinders beheer. Gesinslede was baie afhanklik van die gesinsisteesem en 'n gesin het feitlik 'n klein gemeenskap, 'n "micro-community" (Bailyn in Myerhoff & Tufte, 1979: 20), op sy eie gevorm met die volgende kenmerke (Benokraitis, 2005: 56):

- 'n selfonderhoudende sakeonderneming wat goedere produseer en handel gedryf het en waarin elke gesinslid saamgewerk het;
- 'n skool wat die kinders leer lees het;
- 'n opleidingsinstituut waar kinders geleer en voorberei is om vaardighede te ontwikkel ten einde 'n bepaalde werk te kan bemagtig;
- 'n klein kerkgemeenskap wat gesinslede gelei het in daaglikse voorbedding, persoonlike meditasie asook formele aanbidding in die gemeenskap;
- 'n korrektiewe eenheid waarheen oortreders gestuur kon word om as diensknegte te werk;
- 'n welsynsorganisasie waar familielede mediese en ander sorg ontvang het, soos bejaardes, siekes, weeskinders, dakloses.
- 'n patriargale eenheid waarvan die man (eggenoot) of vader die hoof was en die vrou en kinders onderdanig aan hom beskou is.

Ongelykheid in menseregte was 'n algemene kenmerk van die koloniale gesinsisteesem. Owerspel deur die vrou is byvoorbeeld veroordeel, terwyl dit by die man as "normaal" beskou is. Die vrou moes alleen die verantwoordelikheid van 'n buitewegtelike kind dra. Die verwagtinge wat aan die man gestel was, was om hardwerkend, ambisieus en verantwoordelik vir die gesin se ekonomiese oorlewing te wees. Van vroue is verwag om versorgend en hulpvaardig te wees en na ander se



behoefte om te sien. Getroude vroue was ekonomies totaal afhanklik en beperk. Hulle mag nie grond besit het nie en kon nie krediet kry nie. Ongetroude vroue, soos weduwees en vroue wie se mans hulle verlaat het, het hulle eie sakeondernemings begin, soos kleremakery, verpleging of 'n tuisnywerheid. Egskeiding is slegs in uitsonderlike gevalle op grond van verlating, owerspel, veelwywery en impotensie toegestaan (Roode, 1968: 117-118; Kenkel, 1973: 159-161; Benokraitis, 2005: 57-58).

Die kinders wat die swak gesondheidstoestand oorleef het, is onderwerp aan dominante onderdrukking en uitbuiting as werkers in hulle eie gesinne of as slawe in ander huise. Kinders is as inherent sleg en sondig beskou en moes ingeperk word. Dogters is van formele skoolonderrig weerhou (Kenkel, 1973: 160-162; Benokraitis, 2005: 58-59).

Industrialisasie en die verstedelike gesinsisteem word in die volgende gedeelte as tweede gesinsvorm in hierdie bespreking van die veranderde gesinsprofiel uitgelig.

3.2.3.2 Industrialisasie en die verstedelike gesinsisteem (1820-1930)

Industrialisasie het uitgebreide meganisering teweeggebring waardeur tuisvervaardiging van produkte na grootskaalse fabrieksproduksie verskuif het. Daarby het die boerderybedryf na groot kommersiële plase verander. Hierdie veranderinge in die ekonomiese sfeer van die gemeenskapslewe het gesinslede gedwing om 'n inkomste buite die gesinseenheid te bekom. Sodoende het die situasie ontstaan waar die man die rol van “broodwinner” om buitenshuis te werk begin aanneem het en die vrou die rol van “huisvrou” aanvaar het ten einde die kinders en huis te versorg. Die finansiële stryd om oorlewing wat uit die veranderde lewensomstandighede ontstaan het, het die oriëntasie in die gesinslewe op die man en sy werksomstandighede gefokus (Ariès, 1979: 31-32; Benokraitis, 2005: 65-66).

Gesinseenhede het in private eenhede ontwikkel waarin die gesinslede meer op mekaar as op die uitgebreide familiesisteem aangewese was. Dit het egter ook groter isolasie vir die vrou en kind meegebring terwyl die man uitgegaan het na sy werkplek. Sodoende het die gesinsisteem in 'n meer private eenheid ontwikkel (Ariès, 1979: 33). Groter keuses ten opsigte van lewensmaats het vir individue ontstaan en die era van romantiese liefde as basis vir 'n huwelik het begin. Die verlies aan grond as erfpoorsie asook die finansiële druk vir oorlewing het die mag verminder wat die vader oor sy kinders gehad het, die verlies aan sogenaamde “frontiers” (Ariès, 1979: 31). Meer werksgeleenthede buite die gesinseenheid het

verder daartoe bygedra dat kinders dikwels die gesinsisteam vroeg verlaat het om self 'n inkomste te verdien (Benokraitis, 2005: 66).

Die beskouing van die kind het verandering begin ondergaan en teen ongeveer 1800 is begin aanvaar dat kinders onskuldige wesens is met die vermoë tot goed of kwaad. Gedurende die 1900's is kinders se individualiteit erken en het hulle ander voorname as dié van die ouers gekry. Adollessensie is as 'n afsonderlike lewensfase geïdentifiseer en kinders kon meer speel en minder vir die ouers werk. 'n Afname in lyfstraf het ook begin voorkom (Benokraitis, 2005: 67).

Vroue is meer in buitenshuise arbeid begin betrek en veral immigrante vroue en laer-ekonomiese gesinne het hierdie geleentheid tot aanvulling van hulle inkomste aangegryp. Nywerhede en plaasindustrieë asook hoër ekonomiese gesinsisteme het van vroue as arbeiders gebruik gemaak (Banning, 1964: 231; Benokraitis, 2005: 67).

In opvolging van hierdie era het die moderne gesinsisteam as derde vorm van die veranderde gesinsprofiel ontstaan.

3.2.3.3 Die “moderne” gesinsisteam (1930-hede)

Die moderne gesinsisteam word as die ontstaan van die kameraadskaplike gesin teen die begin van die twintigste eeu beskou. Fisieke aantreklikheid asook aanpasbaarheid tussen twee individue was die norm vir die basis van 'n huwelik en gesin. Verhoudings tussen ouers en kinders het meer intiem, gevoelvol en oop ontwikkel en adollesente het baie meer vryheid van ouerlike toesig begin ontvang (Benokraitis, 2005: 70). In hierdie post-industriële tydperk is die gesinsisteam toenemend onder groter druk geplaas om in al die emosionele behoeftes van gesinslede te voorsien, aangesien die stedelike lewe, waar mense mekaar ontmoet en gekuier het, weens verskeie redes soos onder andere misdaad verval het (Ariès, 1979: 40).

Ekonomiese omstandighede en oorlog het egter 'n groot invloed op die gesinslewe van die twintigste eeu uitgeoefen. Die depressie van 1929-1939 het gesinsisteme in armoede gedompel wat die man en vrou en dikwels ook kinders tot enige vorm van werk gedwing het ten einde 'n inkomste te verdien. Baie vroue het werk gekry, aangesien hulle vir laer besoldiging aangestel kon word. Verlies van werk het die rol van die man as voorsiener vir die gesin benadeel en tot allerlei emosionele pro-

bleme soos depressie en drankmisbruik aanleiding gegee (Dex, 2004: 437; Benokraitis, 2005: 70).

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n direkte invloed op gesinsisteme gehad en die voorkoms van egskeiding het sterk begin toeneem. Vroue het ekonomiese onafhanklikheid in die nuwe werksomstandighede gevind, mans het dikwels liggaamlik en psigies geskend van die oorlog teruggekeer wat 'n ernstige las op huishoudings en gesinslewe geplaas het, alkoholisme onder die oorlogsveterane het na die oorlog aansienlik toegeneem en gesinsproblematiek verhoog, en kinders het die terugkeer van vaders dikwels baie verwarrend gevind. Egskeiding het na die oorlog 'n hoogtepunt bereik, aangesien dit as uitkoms vir die hantering van die voorafgenoemde gesinsprobleme beskou is (Benokraitis, 2005: 71-72).

Na die oorlog, teen 1950, is die “tradisionele” gesinslewe waar die man die rol van broodwinner vervul en die vrou die versorgende tuisteskepper is, sterk deur die media gepropageer en die voorstedelike lewenswyse het begin ontwikkel. Die sogenaamde “baby boom”-verskynsel met verhoogde geboortesiferys het plaasgevind en die fokus van die gesinslewe is weereens verplaas na die ondersteuning van die man in sy stryd as voorsiener vir die gesin. Ernstige probleme het egter in die gemeenskapsisteme voorgekom, soos diskriminasie op grond van ras en kleur in opvoeding, werk, behuising en gebruik van fasiliteite; huislike geweld en kindermishandeling was algemeen, maar nie openlik erken nie; gedwonge huwelike weens swangerskap en die openbare dwang van afgee van buite-egtelik gebore babas asook ernstige toename in alkohol- en dwelmmisbruik (Benokraitis, 2005: 73-74).

Sedert 1970 het die geboortesifer gedaal, egskeidings het gestyg, meer vroue kon hoër opvoedkundige kwalifikasies bekom en meer mense bo die ouderdom van 25 het 'n huwelik begin uitstel. Buite-egtelike geboortes het gedaal, enkelouer-gesinsisteme het toegeneem, tweeledige inkomste-gesinsisteme het toegeneem met volwasse kinders wat weens finansiële redes langer in die ouerhuis bly en afgetrede mense moes weer begin werk weens die gebrek aan voldoende fondse om te oorleef. Gekwalifiseerde jongmense moes enige tipe werk aanvaar ter wille van 'n inkomste, die koste van gesondheidsdienste het aansienlik gestyg en gesondheidstoestande soos die vigs-pandemie gebruik 'n groot persentasie van regerings se begrotingsfondse sodat ander noodsaaklike projekte soos kinderversorging weens tekort aan fondse beperk of afgeskaf word (Benokraitis, 2005: 74).

Gerdes en Van Ede (1996: 497) onderskei tussen drie vorme van die kerngesinsisteme in terme van die gesagstruktuur in die egpaar, naamlik die (1)



tradisionele vorm waar die man die enigste broodwinner is en die gesag alleen dra, (2) die kameraadskap-vorm (“companionate system”) waar die man steeds die hoofbroodwinner is, maar waar daar groter samewerking en komplementering tussen die egpaar bestaan, en (3) die gelykwaardige vorm (“egalitarian system”) waar die egpaar beide ’n loopbaan het en gesag gedeel word met ’n gelykwaardigheid van rolverdeling in huishoudelike verpligtinge. Steyn (1994: 16) verwys na laasgenoemde gesinsvorm as die simmetriese gesinsistees (“symmetrical family”).

Dit blyk dus dat verandering in die aard en voorkoms van die gesinsistees die norm gedurende die afgelope drie eeue was. Hierdie veranderinge is sterk aan die invloed van ekonomiese kragte, tegnologiese ontwikkeling en regeringsbeleid op die makrovlak van die gemeenskapsistees gekoppel. Verandering in die gesinsistees op mikrovlak word geïnisieer deur die pogings van die sistees om aan te pas by die veranderinge wat op die hoër vlakke van die gemeenskapsistees plaasvind, ter wille van groei en ontwikkeling maar terselfdertyd ook ter wille van stabiliteit en oorlewing.

Die inpassing van die gesinsvorm by die gemeenskapsvereistes van die geïndustrialiseerde tydperk het bepaalde eise en aanpassings vir die gesin as maatskaplike sistees gestel. Steyn (1994: 16-17) fokus die aandag op die intense emosionaliteit wat aan gesinsverhoudings gekoppel is en dat die gesinsistees die enigste sub-sistees in die gemeenskap is waar verhoudings hierdie emosionele karakter het. Dit bring mee dat die gesinsistees die basis vir emosionele ontlasting en herstel vorm. Dit is die navorser se mening dat die proses van ewolusie in die gesin se aanpassing by die gemeenskapsistees die kerngesin bepaald beïnvloed het en dat die sterk emosionele kwaliteit van die verhoudings binne die kerngesin aanleiding gegee het tot die ontstaan van verskeie alternatiewe vorms van gesinne.

Die alternatiewe gesinsistees binne die gemeenskap van die 21ste eeu word vervolgens bespreek ten einde ’n breë perspektief ten opsigte van die aard van die gesinslewe te bied.

3.2.3.4 Alternatiewe gesinstipes as moderne gesinsistees

Die demokratisering van die geïndustrialiseerde gemeenskapsistees met toeneemende aandag en fokus op die reg van die mens tot selfbeskikking en die verandering wat in die gesin as maatskaplike sistees plaasvind, is ’n samelopende proses. Goldenberg en Goldenberg (1998: 7) bevestig dat die maatskaplike verandering



veral sedert die 1970's in die verhoudings en funksioneringspatrone van die gesin waarneembaar is. Al minder mense konformeer tot die tradisionele gesinsvorme. Die alternatiewe gesinsvorme wat in die proses van ewolusie ontstaan het en in die gemeenskapsisteem van die 21ste eeu waargeneem word, verdien veral met betrekking tot gesinsevaluering die aandag van bespreking.

Assessering van die belange van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering behoort vanuit 'n breë perspektief tot die gesinsisteem te geskied. Hoewel absolute objektiwiteit in ondersoeke vanweë die menslike faktor van persoonlike belewenis uit die gesin van voorsprong nie heeltemal moontlik is nie, is dit belangrik om te waak teen vooroordeel met betrekking tot 'n bepaalde gesinstipe (Myerhoff & Tufte, 1979: 15-16; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 9).

In die voorafgaande verwysing na die impak van maatskaplike verandering op die gesin het die veranderinge wat die afgelope 200 jaar in gesinsvorme en -struktuur ingetree het reeds na vore gekom. Alternatiewe vorme van gesinsisteme soos dit tans in die gemeenskap waargeneem word, naamlik die (1) enkelouergesin, (2) kohabiterende gesin, (3) hersaamgestelde gesin, en (4) die transkulturele gesin, word in die volgende gedeelte uitgelig.

- *Die enkelouer-gesinsvorm*

Die enkelouergesin word as eerste vorm van die alternatiewe gesinstipe in die afdeling aangaande die veranderde gesinsprofiel uitgelig. Goldenberg en Goldenberg (1998: 7) wys daarop dat mense gouer egskeidings aangaan en dat al meer kinders buite die huwelik vir enkelmoeders gebore word. Die enkelouergesinstipe kan ook deur die dood van een van die ouers tot stand kom. Goldenberg en Goldenberg (1998: 7) vestig die aandag daarop dat die meerderheid Afro-Amerikaanse kinders en toenemend ook wit en Hispanese kinders reeds in enkelouer-gesinne leef – soveel soos een uit elke vier!

Steyn (1994: 35-39) gee 'n aanduiding van die voorkoms van die enkelouergesin in Suid-Afrika en wys daarop dat hierdie tipe gesinsisteem hoofsaaklik onder die swart en kleurling bevolkingsgroepe voorkom, naamlik gemiddeld 15% van huishoudings. Dit word toegeskryf aan die feit dat buite-egtelike geboortes by hierdie groepe 'n groter deel van die kultuur vorm. Die voorkoms van enkelouer-gesinne onder die blanke en Asiër bevolkingsgroepe kan hoofsaaklik toegeskryf word aan egskeiding, naamlik 'n gemiddeld van 7% van die huishoudings.



- *Die kohabiterende gesinsvorm*

Die tweede gesinstipe wat as 'n alternatiewe gesinsvorm onder die veranderde gesinsprofiel uitgelig word, is die kohabiterende gesinsisteam.

Hierdie gesin verwys na die gesin wat uit 'n saamleefverhouding ontstaan en is inherent 'n kerngesinsisteam. Hierdie tipe gesin funksioneer soos 'n kerngesin en het dieselfde eienskappe. Die tipe gesin het egter steeds wetlike implikasies vir die gesinslede wanneer een van die ouers, en veral die vader, sou sterf of wanneer 'n "egskeiding" plaasvind. Die regte en verpligtinge van ouers in 'n saamleefverbintenis mag by wyse van 'n lewensverhoudingskontrak of saamwoonkontrak ("cohabitation contract") of 'n huishoudelike vennootskapskontrak wetlik erken word (Cronje & Heaton, 2004a: 242-243). Ouers in sodanige verbintenis mag 'n gesamentlike testament opstel en mekaar in hulle testamente bevoordeel (Cronje & Heaton, 2004a: 243). Die minderjarige kinders wat uit sodanige saamleefverbintenis gebore word, word deur die reg in terme van die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) artikel 21(1)(a) geag as die kinders van die biologiese ouersisteam en verkry die ongetroude vader volle ouerlike verantwoordelikhede en regte met betrekking tot die kinders. Die navorser sluit hierdie tipe gesinsisteam doelbewus by hierdie verdeling in, aangesien dit implikasies vir die toekoms van die minderjarige kinders inhou indien die ouers die saamleefverbintenis ontbind.

Hierdie vorm van die kerngesin ontstaan enersyds as 'n tipe "proefhuwelik en -gesin" ter voorbereiding vir die huwelik en 'n gesinslewe, en andersyds as 'n alternatiewe vorm van die kerngesin (Lauer, 1998: 455). Hierdie gesinsvorm rapporteer egter hoër grade van aggressie en mishandeling en minder bevredigende verhoudings sodat die risiko vir ontbinding van sodanige verbintenis derhalwe baie hoog is (Lauer, 1998: 455).

- *Die hersaamgestelde gesinsvorm*

As derde gesinstipe onder alternatiewe gesinsisteme word die hersaamgestelde gesin bespreek.

Hierdie tipe gesinsisteam word gevorm deur die huwelik van een man en vrou wat voorheen getroud was en kinders het en 'n nuwe gesinsisteam vorm. Die beëindiging van die vorige verbintenis kan enersyds aan die dood van 'n eggenoot of andersyds aan egskeding toegeskryf word. Dit word algemeen beskryf



dat 'n groot persentasie persone wat voorheen getroud was, weer 'n huwelik na beëindiging van 'n vorige huwelik aangaan. Steyn (1994: 17) dui aan dat geskeide persone in 1985 in 36,8% van die huwelike betrokke was wat in Suid-Afrika bevestig is. Lauer (1998: 461) bevestig 'n hoë tendens by veral geskeide persone om weer 'n huwelik aan te gaan.

Gerdes en Van Ede (1996: 512) beklemtoon die moeilike aanpassings wat dit verg om die hersaamgestelde gesinsisteam tot 'n werkbare funksionele eenheid te vorm. In hierdie verband speel die kinders wat in hierdie gesinsisteam ingebring word 'n kardinale rol. Polarisasie tussen een ouer en 'n kind kan plaasvind en finansiële druk kan weens die onderhoudlas van 'n ander gesin verhoog. Indien 'n egskeiding 'n faktor is, kan praktiese probleme soos rolle in die huishouding en selfs die toedeling van kamers en oorkompensasie vir die kinders met gevolglik minder tyd vir mekaar as egpaar voorkom. Al die genoemde aspekte plaas die gesinsdinamika in die hersaamgestelde gesinsisteam as alternatiewe kerngesinsvorm onder addisionele druk. Die positiewe aspekte verwys veral na die groter volwassenheid by die egpaar as mense, meer lewenservaring asook 'n mate van doelgerigheid en betrokkenheid by die nuwe gesin. Dit kan beklemtoon word dat hierdie vorm gesin reeds vroeër voorgekom het, maar dat die gesinstipe in die nuwe era hoofsaaklik weens egskeiding gevorm word.

Die volgende tipe gesinsisteam, naamlik die transkulturele gesin, het baie met die hersaamgestelde gesinsvorm in gemeen en wel in terme van die verskeidenheid ervaring en mense waaruit dit saamgestel word.

- *Die transkulturele gesinsvorm*

Die vierde en laaste alternatiewe gesinstipe wat onder die veranderde gesinsprofiel uitgelig word, is die transkulturele gesinsisteam.

Hierdie gesinsvorm verwys na die gesinsisteam wat uit die huwelik van mense uit verskillende rasse, etniese groepe en godsdienstige oortuigings ontstaan. Hierdie tipe verbintnisse vorm reeds 'n noemenswaardige tendens en is aan die toeneem (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 8). Die navorser is van mening dat hierdie gesinsisteam 'n logiese uitvloeisel is van die demokratiseringsrewolusie waarna Dinkmeyer en McKay (1982: 7) verwys. Dit plaas die fokus op maatskaplike gelykwaardigheid, gebaseer op die beginsels van gelykwaardigheid en wedersydse respek. Maatskaplike grense wat mense soms op onnatuurlike wyse



van mekaar geskei het, vervaag in die nuwe bedeling van die gemeenskapsisteem waar die klem meer op die individu geplaas word en nie op die gesinsbande of historiese en kulturele verbintenis met die uitgebreide familiesisteem van oorsprong nie. Die maatskaplike isolasie waaraan die kerngesinsisteem blootgestel word asook die mobiliteit van die kerngesin, dra grootliks tot hierdie proses van gelykmaking tussen groepe en kulture by. In die transkulturele gesinsisteem kan dieselfde soort gesinsdinamika as in die hersaamgestelde gesin verwag word, terwyl dié gesinstipe ook 'n vorm van die kerngesin is met basies dieselfde aard en eienskappe. Hierdie tipe gesinsamestelling kan as 'n ryke bron van kulturele verryking vir die lede daarvan dien waardeur geykte patrone, wat by mense uit dieselfde tipe kultuur voorkom, uitgebalanseer kan word en tot groter verdraagsaamheid kan lei. Die teenoorgestelde kan natuurlik ook plaasvind, naamlik dat die verskeidenheid juis tot wanbegrip en frustrasie aanleiding gee.

Die bespreking van die verskillende tipes gesinsisteme wat veral weens maatskaplike verandering tot stand gekom het, gee 'n duidelike aanduiding van die aanpasbaarheid van die mens in sy maatskaplike sisteme. Hareven (in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 11) som die tendens tot die vorming van alternatiewe gesinsisteme soos volg op: "... contemporary lifestyles (cohabiting heterosexual couples, homosexual partners, dual-career marriages, single-parent-led households, and so on) are not new inventions, but rather have become more visible as society becomes more tolerant of change and alternative living arrangements." Die skrywers kom tot die volgende slotsom: "... we are now witnessing not a fragmentation of traditional family patterns, but an emerging acceptance of pluralism in family lifestyles."

Binne die konteks van hierdie studie en die bespreking van die gesin-in-egskeiding as maatskaplike sisteem vanuit die sisteemteoretiese perspektief, moet die invloed van die juridiese sisteem op die gesinsisteem ook beklemtoon word. In die volgende afdeling word die wisselwerkende verwantskap tussen die gesin-in-egskeiding as sisteem en die juridiese sisteem in die gemeenskap bespreek.

3.3 DIE VERWANTSKAP TUSSEN DIE GESIN AS MAATSKAPLIKE SISTEEM EN DIE JURIDIESE SISTEEM

Binne die konteks van hierdie studie aangaande die belange van die minderjarige kind in die egskeidende gesinsisteem word die gesinsisteem beskou as die eenheid van mense saamgestel uit die biologiese ouers en hulle kinders, hetsy uit hulself



verwek of aan hulle toegestaan deur aanneming. Dit behels dus ook die saamleef-
gesinsisteesem sowel as die hersaamgestelde gesinseenheid.

In terme van die Suid-Afrikaanse familiereg word die kinders wat uit 'n saamleef-
verbintenis verwek is as buite-egtelik beskou en daarom het die vader nie outoma-
ties 'n reg as ouer met betrekking tot die kinders nie (Bosman-Swanepoel et al.,
1998: 22-23; Van Heerden, 1999b: 391-409; Cronje & Heaton, 2004a: 243, 301).
Sodanige aanname is na die navorser se mening nie in die beste belang van die
kind nie. Die maatskaplike omstandighede in die gemeenskap het sodanig verander
dat hierdie gesinsvorm nie meer 'n uitsonderlike verskynsel is nie. Die heersende
houding van die reg impliseer dat alle biologiese moeders sonder bevrage-tekening
'n ouer is wat altyd in die beste belang van die kind optree. Die maatskaplike rea-
liteit het egter reeds dikwels die teendeel bewys. Die huidige benadering van die
reg ontnem die kind van die geleentheid om 'n gesonde verhouding met die biolo-
giese vader te ontwikkel en daarom berus die onus op die natuurlike vader om deur
middel van 'n hofbevel toegang tot sy biologiese kind te bekom. By die ontbinding
van 'n saamleefverhouding waar kinders betrokke is, sou dieselfde regsreëls geld.
Die hofgeding van *Fraser v Children's Court*, 1997, in Pretoria-Noord waar die
ongetroude biologiese vader die aanneming van sy kind deur 'n derde party betwis
het, het die verhouding tussen die biologiese vader en buite-egtelik gebore kind
ernstig onder die soeklig gebring (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 22-23; Van
Heerden, 1999b: 399-402). Van Heerden (1999b: 418) is van mening dat aandag
geskenk behoort te word aan die implementering in die Suid-Afrikaanse reg van
die voorsiening vir 'n amptelike ooreenkoms aangaande die verdeling van regte en
verpligtinge tussen die biologiese ouers van kinders buite die eg gebore sodat 'n
hofgeding uitgeskakel kan word. Die navorser ondersteun hierdie mening, aan-
gesien sodanige regulering in belang van die kind sal wees.

Die implementering van die nuwe Kinderwet sedert Julie 2007 behels dat die
ongetroude biologiese vader wat in 'n permanente saamleefverbintenis met die
biologiese moeder van die minderjarige kind betrokke is volle ouerlike
verantwoordelikheid en regte volgens artikel 21 (1)(a) van die Kinderwet met
betrekking tot die kind ontvang. 'n Dispuut aangaande die toekoms van die kinders
kan dus by die ontbinding van so 'n verhouding ontstaan. Die fokus van hierdie
studie bly steeds "die beste belang van die kind" en daarom word hierdie tipe
"gesin" as 'n moontlike eenheid van ondersoek in hierdie studie ingesluit.

Hierdie afdeling gaan voorts handel met die juridiese konteks wat die gesinsisteesem
in egskeiding beïnvloed.



3.3.1 Algemeen

Die reg as wetenskap is gemoeid met bepaalde fundamentele konsepte en die verhouding wat tussen hierdie konsepte bestaan. In die reg word elke mens as 'n persoon beskou met regte en verantwoordelikhede (Boberg, 1977: 2). Familiereg se domein van aandag is die verhouding tussen gesinslede aangesien die gesinsverhoudings die status en bevoegdheid van die lede bepaal. Familiereg fokus ener syds op die ontstaan en ontbinding van die verhoudings en andersyds op die effek van die verhoudings op die onderskeie lede. Dit behels dus regshandeling met die verhouding tussen man en vrou in die huwelik, en tussen ouer en kind in die gesin (Boberg, 1977: 6-7; Sinclair, 1999a: 1- 9; Cronje & Heaton, 1999b: 1).

'n Gesinsisteam wat uit 'n saamleefverhouding ontstaan, word nie in terme van die Suid-Afrikaanse familiereg as 'n gesin beskou nie, aangesien daar geen wettige huwelik gesluit is nie. Hierdie tipe verbintenis het geen direkte implikasies vir die lede daarvan op grond van die familiereg nie. Kinders wat uit sodanige verbintenis gebore word, word tans as buite-egtelik beskou en die vader het geen outomatiese ouerlike regte ten opsigte van die kinders nie (Boberg, 1977: 333-335; Cronje & Heaton, 1999b: 1; Sinclair, 1999b: 162; Clark, 1999: 254-256).

Die heersende huweliksreg speel 'n bepalende rol in die familiereg, hoofsaaklik ten opsigte van die implikasies vir die minderjarige kinders in 'n gesin-in-egskeiding. Die bepaling van die status en bevoegdheid van gesinslede is hoofsaaklik deur die historiese ontwikkeling van die huweliksreg beïnvloed.

Die aspekte wat vervolgens in die bespreking uitgelig word, is naamlik die ontwikkeling van die huweliksreg met verwysing na die Romeinse reg, Germaanse reg, Kanonieke reg, Romeins-Hollandse reg asook die Suid-Afrikaanse reg. Die wette ter sprake by egskeidingsdispute sal aangehaal word en daar sal verwys word na huidige tendense met betrekking tot die bepaling van die minderjarige kinders se sorg (bewaring) en kontak (toegang) tot hulle ouers.

3.3.2 Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse familiereg

3.3.2.1 Omskrywing van familiereg

Familiereg kan volgens Sinclair (1999a: 9) ook beskryf word as “the law of domestic relations”, aangesien dit ener syds handel met die verhouding tussen man



en vrou as egpaar, en verder met die verhouding tussen ouer en kind(ers), insake die spesiale regte en verpligtinge van die persone betrokke, asook die totstandkoming en ontbinding van sodanige verhoudings. Gesinsverhoudings is kernbepalend vir die regstatus en -kapasiteit van 'n persoon en familiereg word dus interverwant aan personereg beskou (Boberg, 1977: 6-7; Sinclair, 1999a: 9; Cronje & Heaton, 1999b: 1). Elke mens is 'n regs persoon in terme van die reg en hierdie beginsel word as uiters belangrik beskou, aangesien slegs 'n persoon regte en verpligtinge kan bekom (Sinclair, 1999a: 3-4). Personereg omsluit die versameling reëls waarvolgens groepe persone in die gemeenskap se bepaalde verminderde regs kapasiteit beskryf word. Derhalwe sluit hierdie afdeling van die reg dus ook familiereg in, aangesien familiereg te make het met die regsreëls van toepassing op gesinsverhoudings in terme van die huwelik en die implikasies daarvan, die bepaling van egskedding, asook die implikasies op die ouer-kind-verhouding (Boberg, 1977: 6; Sinclair, 1999a: 7-8; Cronje & Heaton, 1999b: 1-2).

Die interverwantskap van die gesin as maatskaplike sisteem en die gemeenskap waarbinne dit funksioneer, impliseer medeaanspreeklikheid vir wedersydse welsyn. Cockrell (in Sinclair, 1999a: 10) stel dit soos volg: "The community as a whole has a legitimate interest in the manner in which 'private' transactions are regulated, and this interest extends far beyond the minimalist enforcement of rules to which individuals have given their prior consent."

Die Suid-Afrikaanse benadering tot die huwelik en reglementering daarvan is deur die internasionale huweliksreg beïnvloed (Sinclair, 1999a: 26-27). Die aandag word voorts gevestig op die belangrikste historiese invloede, naamlik die Romeinse reg, Germaanse reg, Kanonieke reg en die Romeins-Hollandse reg. Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse huweliksreg word in breë trekke bespreek ter wille van die geskiedkundige agtergrond en kontekstualisering tot die huidige wetgewing.

3.3.2.2 Kort historiese oorsig van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse familiereg

- *Romeinse reg (circa 527-565 Justinian reg)*

Volgens hierdie regstelsel het die vrou aanvanklik in die huwelik teenoor haar man die status soos van 'n dogter gehad. Alles wat sy sou bekom, het die eienendom van die man of die paterne familie geword. Verdere ontwikkeling in die reg het meegebring dat 'n vrou haar reg om op te tree en te litigeer behou het.



Die man het grootliks die *ius mariti* bekom wat beteken dat hy volle beheer oor die huishouding gehad het. Wedersydse toestemming van man en vrou asook die toestemming van die vrou se vader was nodig om die huwelik te voltrek. Die man kon by wyse van 'n hofbevel enige inmenging in die huwelik teenstaan of voorkom. Die huwelik is beëindig by die dood van een van die egpaar of by wyse van 'n egskeiding. 'n Egskeiding kon bloot by wyse van 'n wedersydse instemming van beide man en vrou bekom word en geen spesifieke redes is verlang nie (Cronje & Heaton, 1999b: 3; Robinson, Human & Boshoff, 2005: 11-12).

- *Germaanse reg (tot circa 1000)*

Die huwelik by die vroeëre Germaanse bevolking het berus op 'n ooreenkoms of kontrak tussen twee families en nie soseer tussen die man en vrou as individue nie. Die voornemende eggenoot het 'n bruidsprys (*pretium nuptiale, wed*) (Hahlo, 1969: 1-2) aan die vader of voog van sy voornemende eggenote betaal, gewoonlik in die vorm van 'n aantal beeste. Die bruid is dan deur haar vader/voog in teenwoordigheid van die uitgebreide familiekring seremonieel aan die bruidegom “oorhandig” en 'n bruilofsfees het gevolg. Die man het met die huwelik totale seggenskap (*munt*) oor die vrou bekom en kon selfs die huwelik beëindig of haar terugstuur na haar familie, of indien hy sou wou en voldoende rede gehad het, kon hy haar verkoop of doodmaak (Hahlo, 1969: 1-3; Cronje & Heaton, 2004a: 4).

- *Kanonieke periode (geloofsreël) (circa 1100-1580)*

Hierdie tydperk het die jurisdiksie van die kerk oor die huwelik ingelei. Ontwikkeling in die huweliksreg onder die invloed van die kerk het belangrike veranderinge ingehou, naamlik die verbod op poligame huwelike; die verbod op huwelike tussen bepaalde bloedverwante; wedersydse toestemming van man en vrou tot die huwelik is vereis; voltrekking van die huwelik deur 'n priester/predikant; afkondiging van huweliksgebooe is ingestel; ouerlike toestemming tot die huwelik van 'n minderjarige; erkenning van die verlowing as 'n bindende kontrak; verbod op egskeiding (Hahlo, 1969: 3-4; Cronje & Heaton, 2004a: 4-5; Robinson et al, 2005: 13-14).

- *Romeins-Hollandse reg (circa 1580-1806)*

Die Rooms-Katolieke siening het verminder en jurisdiksie oor die huwelik is weer deur sekulêre howe oorgeneem. Die gereformeerde kerk het steeds 'n be-



paalde mag en invloed oor die huweliksreg behou. Die hervormde huweliksreg is deur Nederland in die Politieke Ordinansie van 1 April 1580 ingesluit. Ouderdomsbeperkings vir 'n huwelik is ingestel van veertien jaar vir 'n man en twaalf jaar vir 'n vrou; vrywillige toestemming van beide man en vrou is vereis; ouers se toestemming by minderjarige partye is vereis; die verbod op huwelike tussen bepaalde bloedverwante is behou; die afkondiging van gebooe is behou asook voltrekking van die huwelik deur 'n priester of landdros. Twee gronde vir egskedding is erken op grond van die Bybel, naamlik owerspel en kwaadwillige verlating (Hahlo, 1969: 5-6; Visser & Potgieter, 1998: 20; Cronje & Heaton, 2004a: 5).

- *Suid-Afrikaanse familiereg (1652-hede)*

Die familiereg het uit die reformatoriese tydperk van die Romeins-Hollandse reg ontwikkel. Baie van die fundamentele veronderstellings van die Politieke Ordinansie van 1580 is behou. Sedert 1875 was dit nodig om 'n voorhuwelike kontrak te registreer ten einde een party teen skuldeisers van die ander party te beskerm. Die Egskeidingswette Wysigingswet, 1935 (Wet 32 van 1935) het twee gronde vir egskedding toegevoeg, naamlik onherstelbare kranksinnigheid vir sewe jaar asook verklaring tot 'n gewoontemisdadiger met 'n vonnis van minstens vyf jaar. Die Wet op Huweliksaangeleenthede, 1953 (Wet 37 van 1953) het die maritale mag van die man ingeperk en die hof bemagtig om 'n onderhoudsbevel teen die skuldige party in 'n egskedding te maak. Die Wet op Huwelike, 1961 (Wet 25 van 1961) het die formele vereistes tot 'n huwelik hersien en die graad van bloedverwantskap in die verbod op 'n huwelik gewysig. In 1970 is die vereiste vir die afkondiging van gebooe afgeskaf. Die Wet op Egskeiding, 1979 (Wet 70 van 1979) het 'n totale nuwe basis vir die egskeddingsreg geskep asook die mag herroep om geregtelike skeidings toe te staan. Die Wet op Huweliksgoedere, 1984 (Wet 88 van 1984) het die maritale mag van die man in huwelike uitgesluit wat na November 1984 aangegaan is en 'n stelsel van gelyke bestuur van die gesamentlike boedel asook die aanwasbedeling ingestel. In 1993 is die maritale mag van die man in alle huwelike wat voor November 1984 gesluit is ook afgeskaf. Daarby is die siviele huwelike van swart Suid-Afrikaners op dieselfde regsbasis geplaas as die van wit Suid-Afrikaners. Die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987 (Wet 24 van 1987) het voorsiening gemaak vir die toetrede van gesinsadvokate en gesinsraadgewers in egskeddingsaangeleenthede waar minderjarige kinders betrokke is. Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) bevat die Handves vir Menseregte wat reeds 'n invloed op die familiereg uitoefen en steeds in die toekoms 'n sterk

rol sal speel in die ontwikkeling van familiereg in Suid-Afrika (Hahlo, 1969: 6-11; Cronje & Heaton, 1999b: 5-6; Cronje & Heaton, 2004a: 5-6).

Die ontwikkeling van familiereg het met die verloop van tyd hoofsaaklik die rolle van man en vrou in die huwelik aangespreek. Die regte van huweliksmaats en gronde vir aksies is hierdeur beïnvloed. Die volgehoue verandering het groter gelykheid aan man en vrou besorg wat impliseer dat die man aansienlike verlies in mag ervaar het terwyl die vrou groter erkenning as mens in gelyke reg ontvang het. Hierdie tendens het inderdaad ook implikasies vir die gesin ingehou deurdat die verhouding tussen ouer en kind ook beïnvloed is.

Ten einde die maatskaplike vraagstuk van egskeiding vanuit 'n perspektief van totaliteit te beskou, word die tersaaklike wette in die Suid-Afrikaanse konteks wat egskeiding en die belang van die minderjarige kind aanspreek, vervolgens kortliks bespreek.

3.3.3 Wette van toepassing op die Suid-Afrikaanse familiereg

Die wetlike regulering met betrekking tot die gesin as maatskaplike sisteem word beïnvloed deur die wette wat (1) die aangaan asook ontbinding van 'n huwelik, (2) die posisie van kinders in 'n gesin, en (3) die ouerlike gesag en verpligtinge aangaande die kinders in 'n gesin bepaal. Die doel en implikasie van die onderskeie wette sal kortliks in hierdie volgorde bespreek word.

3.3.3.1 Wette met betrekking tot die huwelik

- *Huwelikswet (Wet 25 van 1961) en Wysigingswet op Huwelike (Wet 51 van 1970)*

'n Huwelik word gedefinieer as 'n wettige en herkenbare lewenslange vrywillige verbintenis tussen een man en een vrou met uitsluiting van alle ander persone (Cronje & Heaton, 1999b: 21). Die "lewenslange verbintenis" is deur Hahlo (1969: 32) vervang met die bewoording "while it lasts" wat teen die agtergrond van die egskeidingsfenomeen 'n meer toepaslike tydsbegrip is. 'n Huwelik word nie as 'n kontrak beskou nie, maar 'n verbintenis wat op konsensus berus.

Die Huwelikswet reguleer derhalwe die aspekte wat betrekking het op die (1) bevoegdheid van die partye om in die huwelik te tree, (2) konsensus tussen die



partye, (3) wetlike vereistes, en (4) formaliteite ten einde 'n huwelik te wettig. Die Wysigingswet op Huwelike het onder meer die vereiste geskrap dat gebooe of 'n amptelike kennisgewing van 'n voorgenome huwelik twee weke vooraf moet plaasvind. Die toelaatbare ouderdom ten einde bevoeg te wees vir 'n huwelik asook toestemming vir minderjarige persone tot 'n huwelik word in hierdie wet behandel (Hahlo, 1969: 663; Cronje & Heaton, 1999b: 21)

- *Wet op Huweliksgoedere (Wet 88 van 1984)*

Die voltrekking van 'n huwelik het besondere implikasies vir die partye en dit word as veranderlike en onveranderlike implikasies beskou. Die veranderlike gevolge behels die boedel van die partye terwyl die onveranderlike gevolge betrekking het op die persone van en verhouding tussen die partye. Hierdie wet handel met die boedel van die partye en die bevoegdhede van die partye met betrekking tot beskikking oor die bates van die gemeenskaplike boedel.

Cronje en Heaton (1999b: 57-58) som die statusverandering op wat intree met 'n huwelik, soos onder andere dat geeneen van die partye met 'n ander persoon mag trou nie (Boberg, 1977: 182). Vir die doeleindes van hierdie studie word op die volgende belangrike aspek gefokus, naamlik die feit dat beide ouers voogde word van die kinders wat uit die huwelik gebore sou word en dat enige kinders wat hulle voor die huwelik saam verwek het ná die huwelik as binne die eg gebore beskou word. Dit geld egter nie vir enige kinder(ers) wat enige van die partye saam met 'n ander persoon verwek het nie (Cronje & Heaton, 2004a:49).

'n Huwelik skep 'n *consortium omnis vitae* tussen die partye waar konsortium hier verwys na die globale begrip vir al die regte, verpligtinge en voordele wat die partye teenoor en aan mekaar verskuldig is (Cronje & Heaton, 1999b: 58). Dit behels aspekte soos kameraadskap, liefde, ondersteuning, materiële onderhoud asook versorging van die huishouding. Geen hofbevel kan verkry word om hierdie konsortium te beskerm nie en egskedding vorm 'n indirekte beskermingsmaatreël hiervoor, aangesien die onherstelbare verlies van die konsortium as grondig vir 'n egskedding beskou word (Cronje & Heaton, 1999b: 58-60).

Die Wet op Huweliksgoedere het drie belangrike veranderinge meegebring waardeur (1) die maritale mag herroep is wat die man oor die persoon en goed van die vrou met 'n huwelik verkry het (art. 11-13), (2) die aanwasbedeling ingestel is, en (3) gelyke bestuursbevoegdheid aan man en vrou oor die gemeenskaplike boedel toegestaan is (Cronje & Heaton, 1999a: 512).



- *Wet op Egskeiding (Wet 70 van 1979)*

'n Huwelik kan op drie wyses beëindig word, naamlik deur (1) die dood van een party, (2) nietigverklaring van 'n onwettige huwelik, en (3) egskeiding (Cronje & Heaton, 1999b: 139).

Die Wet op Egskeiding reguleer eerstens die beëindiging van 'n huwelik en tweedens die implikasies daarvan vir al die betrokke partye, soos egliede en kinders. Die ontbinding van 'n huwelik word op drie moontlike gronde toegeestaan naamlik (1) die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik, en (2) geestesongesteldheid of (3) voortdurende bewusteloosheid van een van die partye (Cronje & Heaton, 2004a: 123). Die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik hou verband met die konsortium-beginsel en die hof moet vergewis wees van die feit dat die huwelik nie langer as 'n normale huwelik beskou kan word nie en dat daar geen moontlikheid van herstel van die breuk bestaan nie (Cronje & Heaton, 1999b: 138-140).

Die Wet op Egskeiding het weggedoen met die sogenaamde “fault”-beginsel waarvolgens een party as die skuldige en die ander as die onskuldige in die egskeidingsdispuut beskou was (Cronje & Heaton, 1999b: 138). Die gronde vir egskeiding is vereenvoudig in die sin dat slegs die partye of een van die partye se persepsie van die huweliksverhouding as onherstelbaar beskadig of verbrokkel voldoende is vir 'n egskeiding. Die implikasie van die skuldlose egskeidingsgronde is naamlik dat beide partye aandadig is aan die verbrokkeling van die huwelik en dat beide aansprake het op die gemeenskaplike boedel asook dat beide aanspraak kan maak op die verantwoordelikheid van die minderjarige kind(ers) se bewaring. Artikel 6 van die Wet op Egskeiding bepaal die beste wat onder die omstandighede moontlik is, geld ten opsigte van die kind(ers). Dit impliseer dat die heersende beginsel met betrekking tot die minderjarige kind “die beste belang” is, soos vervat in die gemene reg (Cronje & Heaton, 1999b: 180-181). Wysiging van 'n hofbevel met betrekking tot die bewaring van en/of toegang tot die minderjarige kinders en/of voogdyskap word ook deur die Wet op Egskeiding bepaal.

- *Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede (Wet 24 van 1987)*

Die belange van die minderjarige kind word deur Artikel 6 van die Wet op Egskeiding asook Artikel 4 van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede beskerm. Ingevolge laasgenoemde wet word 'n gesinsadvokaat deur die Minister van Justisie aangestel met die doel om by



sekere egskeidingsaangeleenthede ondersoek in te stel na die belange van die betrokke minderjarige kind(ers). Die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede maak voorsiening vir die aanstelling van gesinsraadgewers, wat deskundiges in die assessering van die behoeftes van minderjarige kinders is, ten einde die gesinsadvokaat in die ondersoek by te staan (Cronje & Heaton, 1999a: 520). Enige party kan sodanige ondersoek aanvra en/of die hof kan 'n ondersoek gelas indien die hof besorg is oor die bepalings aangaande die toekoms van die betrokke kind(ers).

Die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede het die fokus op die belange van die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding geplaas en so-doende erkenning verleen aan die regte van die kind asook die noodsaaklikheid van beskerming vir die kind in egskeiding.

- *Kinderwet (Wet 38 van 2005)*

Die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) het die Wet op Natuurlike Vaders van Buite-egtelike Kinders (Wet 86 van 1997) vervang (Robinson et al, 2005:203). Die laasgenoemde wet het voorsiening gemaak vir 'n biologiese vader om aansoek te doen vir bewaring van of toegang tot of voogdyskap oor sy biologiese kind wat buite 'n egverbintenis gebore is. Die onus het op die vader berus om sy verhouding met sodanige kind asook sy betrokkenheid by die kind reeds van voor die geboorte te bewys (Cronje & Heaton, 1999a: 524-525). Dit is die navorser se mening dat die ouerskap van die natuurlike vader dus met hierdie wetgewing erken is en daarmee saam die kind se reg tot 'n verhouding met die natuurlike vader. Dit het die geleentheid geskep om die "beste belang" van die minderjarige kind op 'n breër vlak te ondersoek en holisties te bepaal.

In die nuwe Kinderwet word die ouerlike verantwoordelikhede en regte van 'n ongehude vader in artikel 21 beskryf (Staatskoerant, 2006: 40). Volgens hierdie artikel word die ongehude vader se regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind erken en word 'n dispuut tussen die ongehude ouers vir mediasie verwys. Enige van die ouerpartye wat ontevrede is met die uitslag van die mediasie kan die hof nader vir 'n heroorweging (Staatskoerant, 2006: 40).

Uit die bespreking van die tersaaklike wetgewing blyk dit dat die posisie en status van die vrou in die huwelik asook van die biologiese vader van 'n kind wat buite die huwelik gebore is, meer volwaardigheid en gelykheid bereik het. Hierdie tendens hou verband met die instelling van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) waarin die Handves van Regte vervat is. Die



Grondwet van Suid-Afrika bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid vir alle mense van Suid-Afrika (Cronje & Heaton, 1999a: 461). Alle wetgewing wat hierdie regte teenstaan, kan deur 'n party wat veronreg voel as ongrondwetlik in die Konstitusionele Hof beveg word.

3.4 SAMEVATTING

Die gesinsisteem is 'n maatskaplike instelling wat beteken dat dit 'n erkende, aanvaarde wyse is waarop individue in die gemeenskapsisteem 'n intieme natuurlike groep vorm. Die gesin as subsisteem van die gemeenskapsisteem staan in konstante wedersydse interaksie in die hiërargie van sisteme wat meebring dat daar voortdurende wisselwerking van invloed plaasvind. Krech et al. (1962: 308) bevestig die konstante interaksie en wedersydse beïnvloeding tussen individu en gemeenskap soos volg:

From birth to death man lives out his life as member of a *society*. And to live in a society is to be under constant, all-pervasive social influence. For the central characteristic of a society is that it is an *organized* collectivity of *interacting* people whose activities become centered around a set of *common goals*, and who tend to share *common beliefs, attitudes, and modes of action*.

Die ontwikkeling van die familiereg en die invloed daarvan op die gesin as maatskaplike instelling gee 'n duidelike beeld van die aanspraak wat op die erkenning van die vrou se gelykwaardigheid in die huwelik gemaak is. Voorts het dit die verhouding van die biologiese vader tot die kind gekwalifiseer tot by die punt waar die vader van 'n kind wat buite die huwelik gebore is, erken word en die reg van die kind tot aanspraak op hierdie ouer bevestig word.

Die omvangryke invloed van maatskaplike verandering sedert die industriële omwenteling, met toenemende ontwikkeling in tegnologie en ekonomie, het indringende aanpassing van die gesinsisteem geverg. Dit is bevestig dat onseker politieke en ekonomiese toestande, organisatoriese kompetisie, die graad van intervensie deur beheerstrukture asook diversiteit in kultuur en waardesisteme 'n toenemende kwesbare omgewing vir die gemeenskapsisteem en subsisteme skep. Goode (Steyn, 1994: 11-12) het uit sy navorsing die impak van die maatskaplike verandering op die gesinsisteem soos volg aangedui: "... the family structure towards which all societies in the overall modern industrialized and structurally differen-



tiated society tend to develop, is the nuclear (conjugal) family.” Hy som dit soos volg op: “For the first time in world history a common set of influences – the social forces of industrialization and urbanization – is affecting every known society.”

Die verandering in die gesinsistiem het nie sonder ’n prys geskied nie. Die mobiliteit en hoër lewenstandaard wat die gesinsistiem ontwikkel het, het maatskaplike isolasie en onstabieliteit meegebring met ’n intense graad van emosionaliteit binne die gesinsdinamika. Dit was die ontstaan van die sogenaamde “private family” van die twintigste eeu volgens Cherlin (2002: 42).

Die naspeur van die ewolusie van die gesin as maatskaplike sistiem lig die verskeidenheid tussen gesinsisteme oor tyd, ruimte en gemeenskappe uit terwyl dit terselfdertyd die verrassende ooreenkomste tussen gesinsisteme deur die eeue aandui. Die navorser kan derhalwe nie met die mening saamstem dat die gesin as maatskaplike sistiem nadelig is vir die individu en daarom uitgedien is nie. Ogburn (1963: 298) bied die volgende verduideliking vir die pessimisme aangaande die gesinsistiem aan: “... one reason for the concern about the family of the future is that ideals fail to change as rapidly as functions.” Wanneer ’n komplekse maatskaplike instelling soos die gesinsistiem, wat uit interverwante dele bestaan waarvan die geheel groter is as die som van die dele daarvan, verandering ondergaan, gebeur dit dat nie al die dele gelyktydig en teen dieselfde tempo verander nie. Ogburn (1963: 302) verduidelik voorts dat die proses van maatskaplike verandering juis te make het met die sanksies en kontrole van die gemeenskapsistiem waarbinne dit funksioneer. Hierdie aspekte hou verband met gedrag wat met die konsepte van reg en verkeerd handel en dit is juis waarom die sanksies en kontrole-aspekte gewoonlik stadiger verander. Dit wil dus voorkom of die gesinsistiem as maatskaplike instelling groter diversiteit ondergaan en daar sprake is van die vestiging van pluralistiese lewenstyle in die gesinslewe waarna Goldenberg en Goldenberg (1998: 11) verwys.

Samevattend kan dus bevestig word dat die gesinsistiem as maatskaplike instelling soos in hoofstuk 3 bespreek ’n dinamiese karakter het en daarom is konstante verandering deel van die samestelling daarvan. Die samevatting van die gesinsistiem se hantering van verandering word deur Minuchin en Fishman (1999: 21) se lesing uiteengesit:

Like all living organisms, the family system has a tendency toward maintenance and evolution. Demands for change may activate counter deviation mechanisms, but the system evolves toward increasing



complexity. Although the family can fluctuate only within a given range, it has an amazing capacity to adapt to change while maintaining continuity.

Die minderjarige kind as deel van die gesinsisteem en by uitstek die lid van die gesin-in-egskeiding wat die diepste beïnvloed word, vorm die kern van die ondersoek in hoofstuk 4 wat hierna volg.



HOOFSUK 4

“The recognition of two worlds, that of the child and that of the adult, is an indispensable prerequisite to an understanding of the child”.

Joseph H. Leo (1971)



HOOFSTUK 4

DIE MINDERJARIGE KIND AS SUBSISTEEM IN DIE GESINSISTEEM

4.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie studie is gerig op die ontwikkeling van 'n oplossing vir die dilemma in egskeidingsgedinge waar die bewaring en kontak van die minderjarige kind(ers) 'n dispuut meebring. Die algemene sisteemteorie as uitgangspunt en teoretiese fundering vir hierdie navorsing bring die gesin-in-egskeiding as 'n maatskaplike sisteem, waarvan die geheel groter is as die som van die dele daarvan, onder bespreking. Dit beteken die interaktiewe wisselwerking tussen die lede van 'n gesinsisteem hou 'n meer omvattende implikasie vir die individuele lid in as slegs om deel van 'n gesin met byvoorbeeld vyf lede te wees. Elke individuele lid van die gesinsisteem staan in 'n bepaalde verhouding tot elke ander lid en die wedersydse beïnvloeding wat hieruit voortvloei, bring 'n kaleidoskoop-effek mee. Binne die konteks van hierdie ondersoek word die aandag voorts gevestig op die minderjarige kind as subsisteem van die gesinsisteem. As deel van die gesin-in-egskeiding word die minderjarige kind onwillekeurig op verreikende wyse beïnvloed deur die verbrokkeling van die ouers se huweliksverhouding.

O'Reilly (1997: 9) beklemtoon die feit dat die implikasies en realiteit van egskeiding 'n katastrofiese en angswekkende lewenservaring kan meebring. In hierdie lewensdrama beskryf hy die rolle van ouers en kinders soos volg: "... the parents are the principal actors, children are often unnoticed victims." Navorsing bevestig hierdie stelling. Warner Troyer, outeur van die boek *Divorced Kids*, het in onderhoude met meer as 300 kinders uit gesinne-in-egskeiding gevind dat feitlik elkeen van hierdie kinders totaal onvoorbereid was op die skeiding tussen die ouers (McKay et al., 1999: 179). Die Kanadese ondersoek na die bewaring en toegang van minderjarige kinders in egskeiding ondersteun hierdie feit (Special Joint Committee on Child Custody and Access, 1998:19). Een van die minderjarige kindergetuies in bogenoemde ondersoek se weergawe bevestig hierdie aspek: "They think you are nine years old and you don't know anything. But it's your life" (Special Joint Committee on Child Custody and Access, 1998: 19). Judith Wallerstein en Joan Kelly se bevindinge van hulle Kaliforniese studie aangaande kinders in egskeiding bevestig ook die feit dat kinders



tydens die ouers se skeidingsproses buite rekening gelaat word (McKay et al., 1999: 179). Genoemde navorsing het aangetoon dat minderjarige kinders in die proses van skeiding en huisverlating dikwels deur die ouers mislei word, soos dat een ouer byvoorbeeld bloot verdwyn terwyl die kind(ers) slaap of weg is van die huis af (McKay, et al., 1999: 179).

Die uitlating dat kinders die miskende slagoffers van die ouers se egskedding is, beklemtoon die onlosmaaklike karakter van die verbintenis tussen die lede van die gesin-in-egskedding as maatskaplike sisteem. Rustin (2000: 2-3) bespreek die belangrikheid van begrip vir die komplekse interverbintenis tussen 'n kind en die gesinsfunksionering. Dit is dus uiters belangrik om 'n kind binne die konteks van sy/haar sistemiese verband te verstaan. Dit beteken dat die kind in 'n verhouding tot die ander gesinslede staan asook tot ander maatskaplike sisteme in die gemeenskap, naamlik die skool, portuurgroep, uitgebreide familie en organisasies soos kerk en sport.

Die unieke karakter van elke gesinsisteem word erken en dit bring mee dat die reaksie op en hantering van die egskedding deur elke betrokke gesin grootliks sal verskil (Allen, 1997: 9; Pritchard, 1998: 4). Ten einde die beste belang van die minderjarige kind as subsisteem in die egskeddingsproses na te streef, is dit noodsaaklik dat die stem van die kind gehoor sal word. Die behoeftes van die kind op alle vlakke, die persepsies van die kind asook die verhoudings en wense van die kind behoort bepaal te word (Allen, 1997: 9). Sodoende kan die kind wegbeweeg van die rol as ongesiene slagoffer na dié van aktiewe deelnemer in die beoordeling van die toekoms.

Die volgende weergawe van 'n sesjarige kind, Rachel, se reaksie op die egskedding van haar maatjie se ouers en hulle verwagting van haar om 'n huis te kies, bring die minderjarige kind se intense belewenis van die stryd tussen ouers in egskedding sterk na vore: "My friend Tessa's mum and dad have split up and she has got to choose who to live with. If you ever did that I would go and live with granny and I wouldn't ever come and see either of you ever again" (Cairns, 2002: 8).

Cairns (2002: 45-46) bespreek die interverwantskap waarin die mens vanaf geboorte met sy omgewing staan. Sy beklemtoon die interafhanklikheid en komplekse interaksie van hierdie verwantskap. Die besondere verbintenis tussen die onderskeie maatskaplike sisteme en die mens as subsisteem in die hiërargie van sisteme word hierdeur onderskryf.



Vir die doeleindes van hierdie studie word die aandag gevestig op die minderjarige kind as subsisteem van die gesinsisteem in egskeiding ten einde die bes moontlike besluit met betrekking tot die toekoms van die kind te maak. Assessering van die aard van die wedersydse interaksie en verwantskap binne die gesinsisteem is dus noodsaaklik. Dit is derhalwe belangrik om die ontwikkeling van die kind as mens te beskou. Die behoeftes en eienskappe van die kind in die gesin-in-egskeiding en die wyse waarop die ouers daardie behoeftes kan vervul, is kritiese faktore in die bepaling van die bewaring en kontak na egskeiding.

Hierdie hoofstuk sal voorts aan die identifisering van die sub sisteme van die gesinsisteem gewy word. Daarna sal mensontwikkeling soos van toepassing op die minderjarige kind uitgelig word in terme van aspekte soos beginsels, areas en fases van ontwikkeling. Die kritiese aspekte vir bespreking in hierdie hoofstuk met die oog op die assessering van die beste belang van die minderjarige kind is egter enersyds die behoeftes van die minderjarige kind op alle ontwikkelingsvlakke en tydens elke lewensfase. Andersyds behels dit die aard van die verhouding tussen die minderjarige kind en ander sub sisteme van die gesinsisteem wat dus die interaksie en verwantskap tussen die kind en gesinslede omsluit.

4.2 SUBSISTEME BINNE DIE GESINSISTEEM

Die perspektief op die gesin-in-egskeiding in hierdie studie is gebaseer op die algemene sisteemteorie soos bespreek in hoofstuk twee en drie. Die benadering tot die gesin-in-egskeiding en derhalwe die betrokke minderjarige kind behels dus die beskouing dat die gesin 'n geheel vorm wat groter is as die somtotaal van die aantal lede daarvan. Die interaksie tussen en verwantskap van die gesinslede ontwikkel gedurende die bestaan van die gesinsisteem tot 'n groter werklikheid as slegs die feit dat dit uit ouers en kinders bestaan. Dit is hierdie groter werklikheid van die gesinsisteem wat die fokus van hierdie ondersoek is. In dié holistiese realiteit van die gesinsisteem is daar sprake van individuele lede sowel as van 'n verhouding tussen man en vrou, moeder en vader, vader en kind, moeder en kind, kind en kind. Die individuele lede binne die gesinsisteem staan verder in verhouding tot die uitgebreide familiesisteem asook die gemeenskapsisteem waarvan die gesin deel uitmaak.



'n Verhoudingsnetwerk en funksioneringspatrone wat uniek is aan elke gesinsisteem ontstaan. Die aandag word in hierdie ondersoek aangaande die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding juis op hierdie konteks gefokus.

4.2.1 Konseptualisering van 'n subsisteem

Goldenberg en Goldenberg (1998: 27) omskryf subsisteme en die funksie daarvan soos volg: "Subsystems are the parts of an overall system assigned to carry out the particular functions or processes within the system in order to maintain and sustain the system as a whole." Potgieter (1998: 54-55) bevestig die bestaan van subsisteme as 'n beginsel van die algemene sisteemteorie in die volgende stelling: "We can thus formulate a principle that systems are always subsystems of other larger systems but can at the same time be divided into smaller subsystem units." 'n Sisteem is dus saamgestel uit verskeie subsisteme wat interafhanklik is van mekaar en mekaar wedersyds beïnvloed. Die groter sisteem of suprasisteem bied aan die subsisteem die omgewing waarbinne dit kan funksioneer (Hall & Fagan in Buckley, 1974: 84; Schoeman, 1980: 174-177; Moore, 1997: 562-564; Potgieter, 1998: 54-55, 114; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 30; Becvar & Becvar, 2000: 69-70). Minuchin en Fishman (1999: 13-20) verwys na die subsisteem as 'n holon en beklemtoon dat elke subsisteem of holon tegelykertyd 'n geheel en 'n deel is waarvan die een die ander nie uitsluit of negeer nie (Becvar & Becvar, 2000: 69).

'n Subsisteem kan dus beskou word as 'n kleiner sisteem binne 'n groter sisteem as deel van die groter sisteem waardeur beide hierdie sisteme deur die interverwantskap daartussen in stand gehou word.

Die subsisteme wat binne die gesinsisteem identifiseerbaar is, word bepaal deur rolle/funksies ("tasks"), generasie ("generation"), seksuele geslag ("gender"), asook belangstellings ("interests") (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 62; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 28; Minuchin & Fishman, 1999: 16). Die invloed van hierdie faktore op die subsisteme word kortliks uitgelig. Daarna word die volgende relevante subsisteme binne die gesinsisteem bespreek, naamlik die (1) individu, (2) egpaar, (3) ouerpaar, (4) ouer-kind en (5) kind-kind (sibbe).



4.2.2 *Subsisteme in die gesinsisteam*

4.2.2.1 **Faktore wat die samestelling van subsisteme beïnvloed**

- *Rolle/funksies (tasks)*

Gesinstake in die gesinsisteam word deur die subsisteme uitgevoer. Verskillende rolle in die gesin het verskillende outoriteit of gesag wat die basis vir die gesinsfunksionering vorm (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 62; Minuchin & Fishman, 1999: 16). Die individu sal minder gesag van die gesinsisteam ontvang om hom/haarself te handhaaf as wanneer dieselfde individu verantwoordelikheid vir 'n ander taak aanvaar. Die dogter het byvoorbeeld in die rol as kind teenoor die vader as ouer minder gesag as wanneer dieselfde dogter 'n jonger sib moet oppas. Gesag tussen ouer en kind as individue verskil dus omdat die take verskil waarvoor hulle onderskeidelik verantwoordelikheid in die gesinsisteam neem (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 62; Minuchin & Fishman, 1999: 16).

- *Generasie (generation)*

Namate die gesin met die toevoeging van meer kinders uitbrei, vermenigvuldig dit die moontlikhede van subsisteme en verhoudings in die gesinsisteam. Die vorming van alliansies en koaliesies tussen lede van die gesinsisteam op grond van ouderdom, persoonlikheidseienskappe of houding is 'n realistiese moontlikheid. Tipe subsisteme wat in hierdie konteks gevorm kan word, is onder andere vader-oudste seun, moederjongste kind. Hierdie subsisteme kan as aanvaarbare sisteme binne 'n bepaalde lewensfase van die gesinsisteam beskou word, mits dit nie oorbeklemtoon word of in 'n langdurige verhouding ontwikkel nie (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 29-30). Vir die doeleindes van hierdie studie word die aandag slegs op die ouer-kind-subsisteam gevestig. Dit is egter in die assessering van die gesinsisteam - in - egskeiding belangrik om kennis te neem van die aard van die bestaande subsisteme in 'n gesin wat deur generasie bepaal word.

- *Seksuele geslag (gender)*

Die tipe subsisteam waarna in hierdie verband verwys word, is die van ouer-kind wat gebaseer is op die seksuele geslag ("gender") van die indi-



vidue. Substeme tussen vader en dogter, moeder en seun kan ontstaan vanweë die verskil in interaksie wat deur verskillende geslagte bepaal word (Goldenberg & Goldenberg, 1998:29). Die moontlikheid van bedreiging vir die ouerholon bestaan indien sodanige substeme in 'n alliansie of koalisie ontwikkel. Die bestaan van hierdie tipe substeme behoort ook deeglik in ag geneem te word by die assessering van die gesin-in-egskeiding.

- *Belangstellings (interests)*

Die gemeenskaplikheid van belangstellings is 'n natuurlike manier waarop groepering tussen mense plaasvind en is derhalwe 'n moontlikheid vir die vestiging van substeme in die gesinsisteme. Die belangrike aspek vir assessering in hierdie verband is weereens die mate waartoe sodanige substeme die gesinsfunksionering beïnvloed. Die inhoud en konteks van die invloed behoort in ag geneem te word, veral met die oog op die toekomsbepaling van die minderjarige kind. Dit is belangrik om by assessering in ag te neem indien die kind 'n besondere band met 'n bepaalde ouer op grond van byvoorbeeld gedeelde belangstellings vorm.

4.2.2.2 Identifiseerbare substeme

- *Individu as substeme*

Die individu as substeme van die gesinsisteme behels die konsep van die self-in-konteks (Minuchin & Fishman, 1999: 14). Dit bring mee dat die individu as sisteem self verteenwoordig word deur verskeie substeme waarvan die persoonlike eienskappe, historiese determinante en interpersoonlike interaksie omvattend is (Moore, 1997: 563-564; Minuchin & Fishman, 1999: 14). Elke individu is lid van verskeie substeme binne die gesinsisteme, soos die ouer-kind-sisteme of sibbesisteme, en slegs sekere segmente van die individu se self is deel van die gesinsisteme. Dit beteken die individu is 'n unieke persoon, saamgevoeg uit verskeie dimensies of substeme, en verkeer in konstante interaksie met die self en die omgewing, wat verteenwoordig word deur die gesinsisteme asook ander maatskaplike sisteme (Moore, 1997: 564; Bosman-Swanepoel et al., 1998: 62; Minuchin & Fishman, 1999: 15). Die individu se funksie is om deel te vorm van 'n sisteem en om dan eie unieke eienskappe na die verhouding te bring wat hieruit ontstaan.



- *Egpaar as subsisteem*

Die egpaar as subsisteem word beskou as die kern van die gesinsisteem (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 28; Minuchin & Fishman, 1999: 16). Die vorming van 'n egpaar is die eerste subsisteem wat in die ontwikkeling van die gesinsisteem ontstaan. Die mate waarin die egpaar 'n suksesvolle verhouding tussen hulle kan vestig, is bepalend vir die toekoms van die gesinsisteem. Die egpaar as subsisteem se fundamentele funksie is die daarstel van grense om die egpaar te beskerm deur binne hierdie subsisteem aan hulle die omgewing te bied waarbinne hulle hulle psigologiese behoeftes kan bevredig sonder indringing van die uitgebreide familie, kinders of ander persone (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 28; Minuchin & Fishman, 1999: 17). Voorts is die funksie van die egpaar-subsisteem die modellering van intieme verhoudings aan die kind. Konflikhantering, die uitleef van gevoelens en dag-tot-dag-interaksies tussen die lede van die egpaar-subsisteem sal deel vorm van die kind se leefwêreld en die ontwikkeling van 'n waardesisteem (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 28; Minuchin & Fishman, 1999: 17).

Disfunksie in die egpaar-subsisteem sal die hele gesinsisteem beïnvloed. Wanneer die funksioneringspatrone in die egpaar-subsisteem so ontwikkel het dat die verhouding daardeur verarm en afgetakel word, kan die egpaarholon besluit om hierdie sisteem te ontbind (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 28; Minuchin & Fishman, 1999: 17).

- *Ouerpaar as subsisteem*

Die toevoeging van 'n kind tot die egpaar-subsisteem kompliseer die gesinsisteem se funksionering aansienlik en verbreed die grense van die egpaarholon. Die egpaar word nou deel van 'n verdere subsisteem met addisionele take en verhoudings (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 29). Dit is die volwasse individuele lede in die ouer-subsisteem se funksie om die kind te beskerm, te versorg en te sosialiseer. Die ouerpaar dien as model vir die kind in die aanleer van interpersoonlike vaardighede, soos konflikhantering en onderhandeling, aanvaarbare gedrag en die rol van outoriteit in die gemeenskap (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 28; Minuchin & Fishman, 1999: 18). Die vermoë om by verandering aan te pas is 'n besondere eis wat aan die ouer-subsisteem gestel word, aangesien 'n kind se behoeftes op alle vlakke deur groei en ontwikkeling verander. Die ouerholon ontvang bepaalde regte vanaf die



gemeenskapsisteem ten einde die voorafgenoemde verantwoordelikhede te kan uitvoer. Hierdie regte behels onder andere die reg tot besluitneming met die oog op die voortbestaan van die gesinsisteem en sluit sake soos hervestiging, keuse van skool en die vasstel van gesinsgrense in (Minuchin & Fishman, 1999: 18). Die skrywers Minuchin en Fishman (1999: 19) beklemtoon die feit dat die “child-oriented culture” hedendaags groot stremming op die uitoefening van die ouer-subsisteem se regte plaas, aangesien die verantwoordelikhede van die ouer-subsisteem oorbeklemtoon word. Die navorser is van mening die ouer-subsisteem se vermoë om te midde van gemeenskapsdruk steeds sy regte op gebalanseerde wyse uit te oefen, sal bepalend wees vir die mate van sekuriteit wat die kind ervaar.

Dit is belangrik om daarop te let dat die ouer-subsisteem soms uit ander mense as die biologiese ouers kan bestaan. Grootouers of ouer sibbe of selfs ander familieledede kan as surrogaatouers die rol van die ouerholon vervul. By die gesin-in-egskeiding is dit noodsaaklik om van sodanige wysiging in die ouer-subsisteem kennis te neem met die oog op bepaling van die minderjarige kind se toekomstige versorging.

- *Ouer-kind-subsisteem*

Die take, verantwoordelikhede en regte van die ouerholon, soos vooraf bespreek, geld ook in hierdie gedeelte. Die tipe konflik wat tussen die generasies voorkom, is byvoorbeeld opstandigheid teen gesag of die wegloop van die huis of skool af. Hierdie tipe gedragspatrone kan simptomaties wees van disfunksie in die gesinsisteem en behoort deeglik aandag te kry in assessering ten einde die aard daarvan te bepaal (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 28).

Alliansies of koalisies tussen een ouer en ’n kind kan in so ’n mate besondere stremming op die egpaarholon uitoefen dat die voortbestaan daarvan bedreig word (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 29). Die inhoud van hierdie tipe subsisteme behoort deeglik in ag geneem te word by assessering van die gesin-in-egskeiding.

- *Sibbe/Kind-kind-subsisteem (siblings)*

Hierdie subsisteem verteenwoordig die kind se eerste portuurgroep. Dit dien as voorbereiding vir die ontwikkeling van interpersoonlike vaardig-



hede van onderhandeling, kompetering, samewerking met ander asook ondersteuning en aanvaarding van ander persone. Hierdie subsisteem het 'n verdere rol, naamlik dat die kind se behoefte om iewers te behoort bevredig word. Die begrip van individuele keuses en alternatiewe word ook in hierdie subsisteem ontwikkel (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 29; Minuchin & Fishman, 1999: 19). In 'n groter gesinsisteem kan die kinders hulleself in verskeie sibbe-subsisteme voeg wat meestal deur dieselfde ontwikkelingsfases bepaal word.

By die assessering van die gesin-in-egskeiding is dit noodsaaklik om kennis te neem van enige subsisteem tussen die sibbe en die inhoud daarvan te probeer bepaal. Die voortbestaan van 'n sibbe-subsisteem is dikwels aan die ouderdom van die kind(ers) gekoppel en die langdurigheid daarvan kan dus nie vir assesseringsdoeleindes voorspel word nie. Volgens Goldenberg en Goldenberg (1998: 29) is die invloed van die sibbe-subsisteem op die algehele gesinsfunksionering afhanklik van die lewensvatbaarheid van die ander subsisteme. Die bestaan van alliansies en koalisies in die gesinsisteem het 'n besliste invloed op die funksioneringspatrone van die gesin en dui ook die aard van die interaksiepatrone in die bepaalde gesinsisteem aan.

4.2.3 Minderjarige kind as subsisteem

In hierdie studie is die fokus gerig op die belange van die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding. Dit is dus belangrik om na die bespreking van die subsisteme in die gesinsisteem meer spesifiek die minderjarige kind as subsisteem in konteks te plaas. Uit die voorafgaande bespreking van die subsisteme in die gesinsisteem het dit geblyk dat die onderskeie lede van die gesin deel van verskeie subsisteme kan vorm. Dit behels dus dat die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding deel is van verskeie subsisteme waarin hy/sy in verhoudings betrokke is en waarin daar 'n wisselwerking van interverwantskap bestaan. Cairns (2002: 46) bevestig die interaksie tussen mens en omgewing met die volgende stelling: "We humans are not separate from our environment, we are inextricably a part of that which we learn to consider as separated other."

Die minderjarige kind as individu word, soos vooraf gesien, beskou as 'n subsisteem, saamgevoeg uit persoonlike eienskappe, historiese elemente wat reeds vanaf die prenatale fase aanwesig is, asook maatskaplike insette vanuit die breë gemeenskap. Minuchin en Fishman (1999: 14) stel die invloed van



die maatskaplike konteks op die individu, en derhalwe ook die minderjarige kind, soos volg: “Specific transactions with other people elicit and reinforce those aspects of the individual’s personality that are appropriate to the context.” Hierdie stelling beteken dus dat die interaksie wat tussen sisteme ontstaan bepaalde gedrag by die individu vir daardie spesifieke verhouding ontlok. Die minderjarige kind as subsisteem reageer verskillend in ’n verhouding met ’n oorbetrokke moeder as in ’n verhouding met ’n ouer broer of suster wat self deel is van die sibbe-subsisteem. Die konteks van ’n bepaalde verhouding skep, vanuit die insette van elke lid, die interaksiepatroon wat tussen die lede ontstaan. Hierdie patrone van interaksie ontwikkel deur ’n kontinue, sirkulêre proses van wedersydse beïnvloeding en versterking van response. Dit is egter nie ’n statiese proses nie, aangesien die mens nie ’n statiese wese is nie. Die moontlikheid van buigsaamheid en verandering is in hierdie proses vervat (Minuchin & Fishman, 1999: 14).

In die assessering van die belange van die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding is dit dus onwenslik om slegs die individuele behoeftes en eienskappe van die kind as sodanig in ag te neem. Die minderjarige kind is nie ’n losstaande individu nie en allermens ’n onaktiewe lid van die gesinsisteem wat geïgnoreer mag word. Soos duidelik in die voorafgaande bespreking van subsisteme aangetoon is, is die minderjarige kind ook in verskeie verhoudings binne die gesinsisteem betrokke. Die wedersydse interaksiepatrone tussen elke subsisteem waarvan die betrokke kind deel vorm, behoort dus deeglik in oënskou geneem te word ten einde die beste belang vir die kind se toekoms te probeer bepaal.

4.2.4 Rol van interaksie tussen subsisteme

Ten slotte kan die bespreking deur Minuchin en Fishman (1999: 15) aangaande die interaksie tussen subsisteme in die gesinsisteem die noodsaaklikheid van kennisname van die bestaan van subsisteme soos volg uitlig:

The constant interaction in different holons at different times requires the actualization of different segments of the self. ... Different contexts call for different facets. ... As a result, people are always functioning with a portion of their possibilities. There are many possibilities, only some of which are elicited or constrained by the contextual structure.



Therefore, breaking or expanding contexts can allow new possibilities to emerge.

Die gesinsisteem is 'n hoogs komplekse, multi-individuele sisteem en terselfdertyd 'n subsisteem van die uitgebreide familiesisteem en gemeenskapsisteem as 'n geheel. 'n Beduidende deel van die gesinsisteem se probleme word in die interaksie tussen al hierdie verskillende holons geskep.

Die beskouing van die gesin-in-egskeiding vanuit die algemene sisteem teoretiese perspektief beteken nie dat die individu genegeer word nie. Die uniekheid van elke persoon as mens word erken en bevestig die unieke konteks van elke sisteem. Die eiesoortige betekenis van elke besondere kind vir 'n gemeenskapsisteem word soos volg deur Cairns (2002: 45-46) beskryf: "... it is clear that the whole community, consisting of the family, its supporting network and the wider society which contains them all, is enriched and strengthened by the new life this birth brings." Die ontwikkeling van die minderjarige kind as bio-psigo-sosiale wese asook die behoeftes van die kind is die kritiese aspekte wat in die konteks van die kind se verhoudingsinteraksies waargeneem behoort te word. Vervolgens gaan die bespreking eerstens aan die ontwikkeling van die kind as mens en tweedens aan die kind se behoeftes op fisiologiese, psigologiese en maatskaplike/sosiale vlak gewy word.

4.3 MENSONTWIKKELING VAN DIE MINDERJARIGE KIND

Die graad van kompleksiteit van menslike ontwikkeling word vasgevang in die volgende ietwat siniese uitlating deur Jerome Kagan (1994: xxxvii):

It has always struck me as odd that we come to understand an exotic phenomenon, like the eclipse of the sun, before so many commonplace events, like the beginning of a baby's birth. ... we have a less satisfying explanation of human psychological development than of the life cycle of the fruit fly

Die minderjarige kind as individu word beskou as 'n sisteem wat saamgevoeg is uit interverwante fisiologiese, psigologiese en maatskaplike dele. Hierdie dele van die persoon verkeer in konstante interaksie ten einde die individu as holon in stand te hou. Kennis van en begrip vir die individuele potensiaal en moontlikhede van die minderjarige kind as subsisteem in die



gesin-in-egskeiding is noodsaaklik by assessering van die belange van die kind. Die persoonlike kwaliteite van die minderjarige kind as individuele lid van die gesinsisteem is bepalend in die ontwikkeling van die kind se individualiteit en self-konteks. Die konteks of aard van die interaksie tussen die minderjarige kind as sub- of mikrosisteem en ander subsisteme binne die gesin-in-egskeiding en die gemeenskap as medium- of mesosisteem sowel as supra- of makrosisteem word deur die individuele eienskappe van die kind beïnvloed. Die ontwikkeling van die kind as subsisteem word wedersyds deur die wisselwerking met die ander subsisteme beïnvloed.

Geen assessering wat gerig is op die belange van die minderjarige kind is dus volledig indien die kind nie in die konteks van totaliteit beskou word nie. Dit beteken die minderjarige kind se behoeftes en verhoudings moet by assessering binne die konteks van die betrokke kind se menslike ontwikkelingsvlak en lewensfase beskou word. Derhalwe is die bespreking van die menslike ontwikkelingsproses noodsaaklik ten einde die holistiese beskouing van die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding na te streef.

In die volgende afdeling van hierdie hoofstuk word eerstens ’n verduideliking gegee van die begrippe “ontwikkeling”, “groei” en “ryping”. Dit word gevolg deur die bespreking van die beginsels en prosesse van menslike ontwikkeling, die areas, fases en determinante van ontwikkeling asook teorieë aangaande menslike ontwikkeling.

4.3.1 Konseptualisering van die begrippe “ontwikkeling”, “groei” en “ryping”

Binne die konteks van menslike ontwikkeling is die terme “ontwikkeling”, “groei” en “ryping” (“maturation”) van kardinale belang en word dit dikwels as sinonieme gebruik. Die begrippe is gekoppel aan die natuurlike proses van verandering by die mens en beskryf elk verskillende dele van dieselfde proses. Derhalwe is dit nodig om die verskil uit te wys ten einde uitklaring van die terme te bied (Hurlock, 1964: 1).

4.3.1.1 Ontwikkeling

Die term “ontwikkeling” word aangewend as beskrywing van al die omvattende veranderinge waardeur vordering in die menslike lewensproses geken-



merk word, hetsy deur genetiese faktore, omgewingsinvloede, persoonlike besluite of metafisiese aspekte (Louw, 1996: ii). Hurlock (1964: 1) is van mening dat ontwikkeling verwys na die kwalitatiewe veranderinge in die mens se lewe en beskryf dit soos volg: "... a progressive series of orderly, coherent changes leading toward the goal of maturity." Papalia, Olds en Feldman (2006: 10) onderskei kwalitatiewe verandering ook as ontwikkelingsproses waardeur strukturele en organisatoriese veranderinge in die mens plaasvind. Plug et al. (1997: 252) omskryf ontwikkeling as 'n reeks opeenvolgende veranderinge in 'n organisme wat by konsepsie begin en by dood eindig en met ryping en groei gepaardgaan te midde van genetiese, fisieke en sosiale faktore.

Ontwikkeling word in hierdie studie beskou as die menslike lewensproses van groei en vordering wat vanaf konsepsie tot die dood 'n reeks opeenvolgende veranderinge deurloop, gerig op natuurlike veroudering.

4.3.1.2 Groei

Volgens Hurlock (1964: 1) verwys die term "groei" na kwantitatiewe veranderinge wat in die mens plaasvind, soos toename in grootte en struktuur. Plug et al. (1997: 132) vereenselwig hierdie term ook met 'n toename in omvang en kompleksiteit van 'n organisme. Papalia et al. (2006: 10) vereenselwig kwantitatiewe verandering ook as die ontwikkelingsproses wat met toename in grootte of omvang te doen het. Die term "groei" beskryf dus hoofsaaklik die biologiese veranderinge in die mens en word grootliks bepaal deur omgewingsfaktore soos die hoeveelheid voedsel wat ingeneem word (Turner & Helms, 1987: 32). Meyer (2003: 6) vestig die aandag op die teenpool van groei as verandering van vooruitgang, naamlik dié van aftakeling ("decay") wat inderdaad 'n tweeledige, gelyklopende proses van ontwikkeling is. Groei oorheers aftakeling tot en met die voltooiing van die kinderjare by adolessensie.

Groei kan dus letterlik beskou word as die groter wordende veranderinge wat tydens die menslike lewensproses in die mens plaasvind en waardeur die mens in staat gestel word om biologies die vermoë te ontwikkel om sy lewensstake te verrig.



4.3.1.3 Ryping (*maturation*)

Die term “ryping” verwys na die bereiking van ’n stand van gereedheid in organe of sisteme in die mens ten einde bepaalde funksies te kan verrig (Turner & Helms, 1987: 32). Hurlock (1964: 2) beskryf ryping soos volg: “It is characterized by completion of structural changes and attainment of the capacity to function physically and mentally in a manner characteristic of the normal adult.” Ryping is volgens Meyer (2003: 6) die patroon van geneties gedetermineerde vordering in die menslike ontwikkelingsproses en het te make met die toename in kompleksiteit van organe en die vooruitgang in die koördinasie tussen organe. Papalia et al. (2006:10) verwys in hierdie verband na kwalitatiewe verandering tydens die ontwikkelingsproses van die mens. Kwalitatiewe verandering word volgens die genoemde skrywers gekenmerk deur die ontstaan van nuwe fenomene soos wanneer ’n kind woorde begin verstaan en verbaal kommunikeer deur praat.

Ryping verwys dus na die veranderinge waardeur ’n toestand van gereedheid van die mens se subsisteme bereik word ten einde ’n bepaalde funksie te kan verrig. By die kind kan die rypingsvlak in sy/haar ontwikkelingsproses as aanduiding van die kind se vooruitgang beskou word. Volgens Plug et al. (1997: 320) kan ryping naas die proses van leer as een van die belangrikste aspekte van die ontwikkelingsproses beskou word.

Die natuurlike menslike ontwikkelingsproses wat onlosmaaklik deel is van die mens se bestaan is dus gebaseer op ’n ordelike patroon van veranderinge waardeur vordering, groei en ryping plaasvind ten einde die mens in staat te stel om sy funksies te verrig. Die bereiking van bepaalde mylpale in die kind se ontwikkelingsproses hou dus verband met die mate van ryping wat ingetree het. In die assessering van die minderjarige kind is dit gevolglik noodsaaklik om ook hierdie aspekte in ag te neem.

Die uitklaring van die begrippe “ontwikkeling”, “groei” en “ryping” bring die bespreking voorts by hantering van die grondliggende beginsels en prosesse van die menslike ontwikkelingsproses.

4.3.2 *Grondliggende beginsels en prosesse van menslike ontwikkeling*

Papalia et al. (2006: 11) beklemtoon dat menslike ontwikkeling ’n voortdurende proses van verandering en stabiliteit is wat tydens alle lewensfasies



plaasvind. Die sistemiese verwantskap tussen alle areas van kinderontwikkeling, naamlik die fisieke, psigiese en maatskaplike, word soos volg deur die skrywers bevestig: "... a child is more than a bundle of isolated parts." Die veranderinge wat die minderjarige kind tydens ontwikkeling ondergaan, is vir assesseringsdoeleindes van die kind se belange binne die konteks van hierdie studie in drie areas van belang. Hierdie areas behels volgens die indeling van Meyer (2003: 5) die volgende:

- veranderinge wat van permanente aard is, soos die bereiking van mylpale tydens ontwikkelingsfases;
- veranderinge wat met ander veranderinge verband hou, soos gedrag wat saam met die biologiese veranderinge tydens puberteit verander;
- veranderinge wat in 'n ontwikkelingspatroon inpas, soos taalontwikkeling.

Die volgende onderliggende prosesse (patrone) en beginsels is relevant binne die konteks van menslike ontwikkeling en behoort in assessering van die belange van die minderjarige kind in ag geneem te word, naamlik (1) ryping, groei en veroudering; (2) differensiasie en integrasie; (3) leer ("learning"); (4) sosialisering; en (5) interaksie tussen verskillende patrone (Meyer, 2003: 5-9).

4.3.2.1 Ryping, groei en veroudering

Die bekende spelterapeut Virginia Axline (1993: 10) beskryf die patroon van ryping, groei en veroudering as 'n krag binne die individu wat gekenmerk word as "... a drive toward maturity, independence and self-direction". Dit is 'n volgehoue patroon of proses wat onkeerbaar voortgaan en waarvan die gehalte sterk deur omgewingsfaktore beïnvloed word. Dit is 'n dinamiese proses van verandering waarin die individu se perspektief en fokus deur ervarings van interaksie met ander aangepas word (Axline, 1993: 10). Hurlock (1964: 2) bevestig dat elke verandering die individu nader aan die doel van volwaardigheid as mens bring.

Die patroon van ryping, groei en veroudering word gekenmerk deur die volgende prosesse van verandering (Hurlock, 1964: 14-15; Turner & Helms, 1987: 11-13, 33; Meyer, 1996: 6-7):



- Groei en aftakeling vind samelopend op biologiese, psigologiese asook sosiale vlak plaas en bestaan nie afsonderlik van mekaar nie.
- Daar is sprake van 'n bepaalde tydgleuf van ontwikkeling wat (1) 'n kritiese tydperk en (2) 'n optimale tydperk in die ontwikkelingsproses behels. Die kritiese tydperk verwys na 'n tydgleuf wanneer die bepaalde veranderinge in die tyd as basis dien vir volgende veranderinge en die individu besonder kwesbaar is vir omgewingsinvloede. Negatiewe invloede gedurende die kritiese tydperk kan skadelik vir die individu wees, soos wanneer die moeder HIV-positief is gedurende swangerskap. Die optimale tydperk verwys na 'n tydgleuf waartydens die ontwikkeling van bepaalde gedrag kwesbaar is vir die interaksie tussen omgewingsinvloede en die rypingsproses, soos die vestiging van vertroue in ander mense by die jong kind gedurende die eerste lewensjaar (Cairns, 2002: 46-47). Die gereedheidsvlak van die individu (kind) vir die aanleer van gedrag is bepalend en daarom is kennis van hierdie bogenoemde tydperke dus krities belangrik by die assessering van die kind.

Die belangrike beginsels wat tydens die rypingsproses geldig is vir die reeks veranderinge wat fisiek plaasvind, is die volgende (Hurlock, 1964: 20-21; Meyer, 2003: 6-7; Papalia et al., 2006: 87):

- *Proksimodistale wet van ontwikkeling*: dit behels dat die individu se fisiese en motoriese ontwikkeling vanaf die sentrale as van die liggaam, d.i. die ruggraat, uitwaarts na die ledemate plaasvind; dit wil sê van naby na ver. Die kind kan dus eers sy skouerspiere beheer, dan armspiere en daarna sy vingerspiere;
- *Sefalokoudale wet van ontwikkeling*: hierdie wet impliseer dat ontwikkeling vanaf die kop afwaarts in die liggaam na die laer punt van die ruggraat (onderste area) plaasvind. Versterking in struktuur en funksie vind dus eers in die kop- en nek-area plaas en versprei dan na die middel en been-areas. Die kind kan dus sy nekspiere voor die armspiere beheer en die kind se kop is proporsioneel tot die liggaam groter as die van die volwasse persoon.

Die mens se intelligensie en gedrag ontwikkel ook volgens 'n bepaalde rypingsproses wat grootliks vir alle mense geldig is. Enkele verskille kan van mens tot mens voorkom en omgewingsfaktore soos voeding en siekte kan 'n terughoudende effek op die groeitempo uitoefen (Hurlock, 1964: 21-22;



Meyer, 2003: 7). Hierdie veranderinge word in meer besonderhede bespreek in die gedeelte wat handel oor die besondere ontwikkelingsfasies.

4.3.2.2 Differensiasie en integrasie

Die ontwikkeling van die individu na volwaardigheid behels die twee komplimentêre vorderingsprosesse van differensiasie en integrasie. Die patroon van differensiasie in die ontwikkeling van die mens verwys na die toename in kompleksiteit van die liggaam en organe asook die uitkristallisering van die besondere eienskappe daarvan (Plug et al., 1997: 64). Integrasie verwys na die proses van vereniging en koördinerende van dele sowel as die funksies van liggaamsorgane (Plug et al., 1997: 162). Dit behels dus die toename in kompleksiteit van die individu se vaardigheid en gedrag in die aanwending van liggaamlike vermoëns. Meyer (2003: 8) verduidelik die twee prosesse soos volg: Die bevrugte sel waaruit die mens ontwikkel, word in talryke selle onderverdeel sodat die aantal toeneem en dan verdeel in 'n verskeidenheid selle waaruit liggaamsweefsel vorm. Hierdie proses is differensiasie. Tegelykertyd vorm die verskeidenheid weefsel en organe saam 'n organisatoriese geheel wat in totaliteit funksioneer. Dit is die proses van integrasie.

Daar is dus sprake van voortdurende interaksie tussen die twee gelyktydige ontwikkelingsprosesse van die mens wat ook meebring dat daar wedersydse beïnvloeding is.

Die patrone van differensiasie en integrasie word in al die mense se funksies en gedrag waargeneem. Die bewegings van 'n baba begin byvoorbeeld met globale bewegings soos die vashou van 'n potlood met die hele hand en die hele arm word gebruik totdat die beweging ontwikkel tot 'n gekontroleerde aksie met die vingerpunte (Strom et al., 1989: 44; Meyer, 2003: 8).

Dit blyk duidelik dat die twee prosesse van differensiasie en integrasie ineengeveeg is met die proses van ryping, groei en veroudering. Die proses van leer word vervolgens as patroon in menslike ontwikkeling behandel.

4.3.2.3 Leer (*learning*)

Leer kan in die algemeen beskryf word as 'n relatief permanente verandering in gedrag as die resultaat van ondervinding (Turner & Helms, 1987: 33; Plug



et al., 1997: 204; Pierson & Thomas, 2002: 254). Dit behels dus ontwikkeling wat by die individu plaasvind deur die oefening en pogings van die individu (Hurlock, 1964: 15). Meyer (1996: 8-9) beklemtoon die proses van leer kan slegs plaasvind by organismes wat inligting kan ontvang en dit in die vorm van 'n geheue kan stoor. Verskillende vorme van leer word by menslike ontwikkeling geïdentifiseer, naamlik leer deur (1) klassieke kondisionering of assosiasie; (2) instrumentele kondisionering; (3) waarneming en nabootsing; (4) kommunikasie of oordrag van inligting; (5) vermoë tot insig en konsepformulering waarby die intellek 'n belangrike rol speel (Hurlock, 1964: 15; Meyer, 2003: 8-9).

Die leerproses vervul 'n uiters belangrike rol in menslike ontwikkeling. Die leerproses is ook afhanklik van die rypingsproses, aangesien leer slegs kan plaasvind indien die fisieke en psigiese gereedheid daarvoor bestaan (Turner & Helms, 1987: 33).

Soos die patrone van ryping, groei en veroudering interverweef is met differensiasie en integrasie is leer as proses in menslike ontwikkeling ook afhanklik van dieselfde prosesse. Dit blyk dus dat die ontwikkelingsprosesse van die mens se voortgang in interaksie met mekaar staan. Sosialisering as verdere proses in menslike ontwikkeling word voorts bespreek.

4.3.2.4 Sosialisering

Sosialisering word omskryf as die proses waardeur die individu leer om aan die morele standaarde, rolverwagtings en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke samelewing te voldoen (Plug et al., 1997: 353). Die individu bekom kennis aangaande geldende reëls, houdings, geloof, gewoontes, waardes, rolverwagtings en norme in die maatskaplike omgewing en leer om dit te aanvaar of in ag te neem in gedrag (Meyer, 1996: 10; Pierson & Thomas, 2002: 439). Sosialisering is 'n ingewikkelde proses en geheel afhanklik van die vorige prosesse wat reeds bespreek is. Verandering in die individu se openlike asook bedekte gedrag word dus deur eksterne invloede uit die maatskaplike omgewing bepaal. Pierson en Thomas (2002: 439) beklemtoon dat sosialisering 'n onafgebroke lewensproses is wat nie by volwassewording eindig nie, maar voortduur namate die persoon se rolle verander.

Sosialisering as lewenslange proses van menslike ontwikkeling word in die huidige tydsbedeling in 'n samelewing van tegnologiese ontwikkeling verder



gekompliseer deur die veranderlikheid van die dikwels teenstrydige maatskaplike norme in die gemeenskap (Meyer, 2003: 9). Die konstante verandering in die gemeenskap en die mobiliteit van die mens bemoeilik die integrasieproses van maatskaplike norme en waardes by die individu en dit het 'n sterk invloed op die gesin as maatskaplike sisteem (Meyer, 2003: 9).

Die interverwantskap van die voorafgaande prosesse in menslike ontwikkeling blyk duidelik uit die bespreking. Meyer (1996: 10) gee ook erkenning aan die interaksie tussen al die prosesse as 'n verdere patroon in menslike ontwikkeling.

Vervolgens word kortliks op hierdie interaksiepatroon as proses gelet.

4.3.2.5 Interaksie tussen ontwikkelingsproesse

Dit blyk onteenseglik dat al die prosesse in menslike ontwikkeling interverwant is, gesamentlik plaasvind en in kompleksiteit tydens die vooruitgang van die individu na volwassenheid toeneem (Meyer, 2003: 8-9). Eienskappe van die interaksie tussen die onderskeie prosesse kan soos volg saamgevat word:

- menslike ontwikkeling geskied op dieselfde patroon vir almal, met dieselfde fases opeenvolgend;
- menslike ontwikkeling geskied vanaf algemene na spesifieke reaksies;
- ontwikkeling geskied teen 'n wisselende tempo; en
- daar bestaan 'n verband of korrelasie in menslike ontwikkeling waar een fase 'n ander beïnvloed (Hurlock, 1964: 18-20; Strom et al., 1989: 43-47).

Die bespreking van die prosesse in menslike ontwikkeling word in die volgende gedeelte opgevolg met areas wat in menslike ontwikkeling onderskei kan word. Die onderskeie ontwikkelingsareas wat vir die doeleindes van hierdie studie geïdentifiseer word, is (1) fisieke ontwikkeling; (2) kognitiewe ontwikkeling; (3) persoonlikheidsontwikkeling; en (4) sosiale ontwikkeling.

4.3.3 Areas van mensontwikkeling

Die begrip van die individu wat as totaliteit ontwikkel, is uiters belangrik in die bespreking van ontwikkelingsareas in die mens se lewe. Die mens is 'n



komplekse wese wat uit veelvoudige fasette saamgestel is. Verskillende aspekte ontwikkel op verskillende tye teen verskillende tempo's en in verskillende lewensfasas (Meyer, 1996: 10). Die onderskeiding tussen verskillende areas van mensontwikkeling bevestig die bestaan van subsisteme binne die mens as sisteem. Voorts beklemtoon dit die kompleksiteit van die mens as sisteem en die noodsaaklikheid dat daar deeglik kennis geneem moet word van die onderskeie subsisteme en die interverwantskap daartussen.

Die onderskeie areas van mensontwikkeling word hier slegs in hooftrekke bespreek ten einde die subsisteme beter te verstaan wat deel vorm van die individu as sisteem. In afdeling 4.4 wat aan die lewensfasas van die minderjarige kind gewy word, word die areas van ontwikkeling in konteks met die bepaalde fase gebring.

4.3.3.1 Fisieke ontwikkeling

Die fisieke ontwikkeling van die mens is inherent aan menslike ontwikkeling en hou verband met die groei van die liggaam, fisiologiese ontwikkeling asook die motoriese ontwikkeling (Strom et al., 1989: 49; Meyer, 1996: 10).

Die groei van die liggaam bring veranderinge in die interne struktuur en funksionering van die mens mee. Hierdie verandering geskied die vinnigste in die prenatale fasas van die lewe en neem daarna af. Gedurende adolessensie beleef die mens weer 'n korter fase van vinnige groei wat by dogters tot op ongeveer agtien jaar en by seuns tot op ongeveer 21 jaar duur (Hurlock, 1964: 117; Meyer, 2003: 10; Papalia et al., 2006: 133).

Die fisiologiese ontwikkeling van die mens bring veranderinge in die interne struktuur en funksionering van die organe van die liggaam mee. Die veranderinge in die senuweesisteem, sintuigsisteem, endokriene kliere en geslagsorgane het 'n direkte en bepaalde effek op die psige van die mens. Die mens se persepsie van gebeure en alle aspekte van kognitiewe ontwikkeling hou direk verband met die senuweesisteem en sintuie (Meyer, 2003: 10; Papalia et al., 2006: 132). Die mens se energievlakke word deur die ontwikkeling in die endokriene kliersisteem beïnvloed terwyl die mens se seksuele ontwikkeling deur die ontwikkeling in die geslagsorgane bepaal word (Meyer, 1996: 11). Die mees dramatiese veranderinge in hierdie verband vir die kind as sisteem vind sekerlik gedurende die puberteitsjare plaas en het in hierdie fase 'n beduidende invloed op die totale menswees van die kind. Papalia et



al. (2006: 134) beklemtoon die interverwantskap tussen genetiese en omgewingsinvloede op die fisieke ontwikkeling van die kind. Dit is veral voeding en leeftoestande wat die algemene gesondheid en welsyn van die individu bevorder sodat kinders in die huidige leeftyd langer groei en seksueel vroeër ryp word as 'n eeu gelede (Papalia et al., 2006: 134).

Die liggaam se groei in struktuur en funksionering hou verband met die mens se geleidelike verbetering in beheer oor die liggaam en liggaamsaksies. Die motoriese ontwikkeling by die mens is essensieel vir die ontwikkelende kind wie se vaardigheid op alle vlakke hierdeur beïnvloed word en as basis dien vir sosiale en persoonlikheidsontwikkeling (Meyer, 2003: 10).

Die mens se fisieke ontwikkeling hou egter ook sterk verband met die ander areas van ontwikkeling en kan derhalwe nie in isolasie geassesseer word nie.

4.3.3.2 Kognitiewe ontwikkeling

Die kognitiewe ontwikkeling van die mens as tweede area van ontwikkeling by die mens omsluit al die aspekte wat verband hou met die mens se perseptuele ontwikkeling. Intellektuele ontwikkeling is die aspek van kognitiewe ontwikkeling wat verwys na die ontwikkeling van die mens se vermoë tot probleemoplossing, akademiese vordering en leer (Meyer, 1996: 11). Kognitiewe ontwikkeling is gekoppel aan die groei en ontwikkeling van die individu se brein wat fases van wisselende groei tussen vinnige en stadige groeipatrone deurgaan (Papalia et al., 2006: 138). Volgens Fischer en Rose (in Papalia et al., 2006: 138) gaan hierdie ontwikkeling gepaard met verandering in kognitiewe gedrag by die individu, en dus ook by die kind.

Die kognitiewe bedrewenheid van die mens, dit wil sê om bewus te raak van die omgewing en kennis te bekom van sy omgewing (Plug et al., 1997: 182), is nou verwant aan die mens se sensoriese persepsie of begrip, kommunikasie met ander asook die algemene vermoë tot prosessering van inligting. Ten einde 'n begrip te vorm vir die rol van die kognitiewe ontwikkeling van 'n mens, word die ontwikkeling van die mens se persepsie, geheue, taal en intelligensie in ag geneem (Meyer, 1996: 11).

Persepsie het eerstens te make met die gewaarwording of sensasie van 'n stimulus soos 'n lig, smaak of reuk en tweedens met die kognitiewe proses van waarneming of persepsie waardeur die inligting wat ontvang is met die prosesse van denke en geheue in verband gebring en tot voorstellings, ge-



beure of simbole verwerk word (Plug et al., 1997: 410). Meyer (2003: 11) beklemtoon die onderskeid tussen sensasie en persepsie en die noodsaaklikheid om bewus te wees van die interverwantskap wat bestaan tussen die reseptor- of ontvangsvlak – waar gewaarwording plaasvind – die neurologiese vlak – wat die stand van die breinfunksie aandui – en die psigiese vlak – wat die stand van die intellek aandui en waar verwerking plaasvind. Dit beteken dus dat wanneer ’n kind nie in staat is tot bepaalde waarnemings (persepsies) wat toepaslik is vir sy ouderdomsvlak nie, die oorsaak daarvan in die bogenoemde vlakke gesoek moet word (Meyer, 2003: 11).

By die bestudering van taalontwikkeling word die aspekte van kommunikasie, taal en spraak in ag geneem. Kommunikasie verwys na die oordra van boodskappe en begin reeds in die prenatale fase tussen die ontwikkelende fetus en die moeder. Taal behels die simbole waarin boodskappe uitgedruk kan word en spraak verwys na uitgesproke taal (Meyer, 1996: 11-12).

Intelligensie is die vermoë wat verband hou met persepsie en taal. Intelligensie verwys dus na die mens se vermoë om sy wêreld te begryp en probleme op te los. Intelligensie hou ook verband met die funksionering van die sentrale senuweesisteam en daar word in die algemeen aanvaar dat intelligensie tot op die ouderdom van sestien vermeerder wanneer die brein sy volwasse grootte bereik het. Verdere ontwikkeling in intellektuele vermoë om probleme op te los hou waarskynlik verband met die gevolge van leer en ervaring (Meyer, 2003: 11).

Kognitiewe ontwikkeling blyk van kritiese belang te wees in die mens, en dus die kind, se vermoë tot begrip en beheer van sy leefwêreld. Daarby is kognitiewe ontwikkeling sterk gekoppel aan die fisieke ontwikkeling van liggaamlike sisteme en bevestig dit die interverwantskap tussen die vooraf bespreekte subsisteme van die mens as sisteem.

4.3.3.3 Persoonlikheidsontwikkeling

Meyer (1996: 13) verwys na die term “persoonlikheid” as die mees verstaanbare begrip vir die beskrywing van die mens se wese. Die identifisering van verskeie areas van mensontwikkeling dien as uitklaring en verklaring van die kompleksiteit van die mens, en dus die kind, as sisteem bestaande uit subsisteme. Die totaliteit van die mens se samestelling en die wisselwerkende verband tussen al die dele binne konteks van ’n bepaalde omgewing moet



egter voortdurend in ag geneem word. Volgens Meyer en Moore (2003: 11) verwys die term “persoonlikheid” dus na hierdie totaliteit van alle bydraes wat die mens se gedrag in interaksie met die omgewing bepaal. Die genoemde skrywers beklemtoon die wisselwerking tussen die konstante aard van ’n mens se persoonlikheid en die voortdurende veranderende aard daarvan. Plug et al. (1997: 279) beskryf persoonlikheid as die geïntegreerde en dinamiese organisasie van die individu se psigiese, sosiale, morele en fisieke eienskappe soos dit in die persoon se wisselwerking met die omgewing en veral met ander persone tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die mens, en dus die kind, beskou as ’n sisteem bestaande uit verskeie subsysteme wat in konstante interaksie verkeer en interverwant is aan mekaar. Die samestelling van die menswees of persoonlikheid van die individu word beskou vanuit die algemeen aanvaarde siening dat daar sprake is van ’n kern waarin die individu se belangrikste en hoogste waardes gesetel is. Hierdie kern is die sogenaamde self en vorm die kontinue, samebindende element in die individu se mensontwikkeling (Meyer, 1996: 13). Hierdie self behels dan na die navorser se mening die unieke samestelling van elke besondere individu volgens aangebore asook aangeleerde eienskappe en verwys na die unieke interaksie en interverwantskap van die individu as sisteem se subsysteme.

Die ontwikkeling van die self word vervat in die area van persoonlikheidsontwikkeling. Ander aspekte wat in hierdie area van mensontwikkeling ingesluit word, is die ontwikkeling van die individu se siening en evaluering van homself asook die wyse waarop die individu met ander mense en groepe identifiseer. Daar word na laasgenoemde aspekte verwys as selfkonsep- en identiteitsvorming (Meyer, 1996: 14).

4.3.3.4 Sosiale ontwikkeling

Die area van sosiale ontwikkeling verwys na die interpersoonlike verhoudings van die individu en veranderinge wat in hierdie verhoudings ’n rol speel. Soos reeds vroeër genoem, word die individu beskou as ’n sisteem wat tegelykertyd ’n subsisteem van die gesin en gemeenskap vorm. Die interaksie tussen die individu en die res van die gesinsisteem asook die gemeenskap is derhalwe by die area van sosiale ontwikkeling ingesluit (Meyer, 1996: 13).



Sosiale ontwikkeling behels die ontwikkeling van die individu se menswees. Dit omvat onder andere aspekte van gehegtheid (“attachment”) tussen die ouer en die kind, die uitbreiding van die mens se interpersoonlike verbintnisse, die mens se selfbeeld en selfbeskouing van sy/haar interpersoonlike verhoudings, modellering van gedrag, ontwikkeling van geslagsrol-identiteit en morele ontwikkeling (Mash & Wolfe, 2002: 39; Meyer, 2003: 12). Die individu, en dus die kind, se sosiale ontwikkeling behels dus enersyds die sosialiseringproses waardeur die individu sosiaal aanvaarbare gedrag deur middel van sosiale interaksie en waarneming aanleer (Bandura in Mash & Wolfe, 2002: 39). Andersyds behels sosiale ontwikkeling die morele ontwikkeling van die individu waardeur beskouings oor reg en verkeerd aangeleer word asook die wyse waarop morele oordeel gevel word (Meyer, 2003: 12).

Enersyds is daar dus die invloed van die gemeenskap op die sosiale ontwikkelingsproses en andersyds is daar die ontwikkeling van die individu se houding en waardesisteem met betrekking tot aanvaarbare gedrag sowel as die begrip van reg en verkeerd. Die veranderinge wat gedurende die lewensfases in die individu se sosiale waardesisteem en morele houding intree asook die mens se logiese of morele beoordeling gedurende verskillende lewensfases vorm deel van die area van sosiale ontwikkeling (Meyer, 1996: 13; Thomas, 2000: 9; Mash & Wolfe, 2002: 39).

Die interverwantskap tussen die subsisteme in die individu as sisteem kom weereens duidelik na vore. Die area van sosiale ontwikkeling blyk dus die area te wees waar die invloed van die gemeenskap op die individu as subsisteem van die gemeenskapsisteem ’n krities belangrike rol vervul. Dit is dus ’n belangrike area om te ondersoek by die gesin-in-egskeiding.

Die interaksie tussen die individu en die omgewing blyk dus van kernbelang te wees in die vorming en ontwikkeling van die individu as mens of self. Met die oog op die assessering van die minderjarige kind as sisteem en subsisteem van die gesin-in-egskeiding is kennisname van die areas van mensontwikkeling van kritiese belang. Die areas van mensontwikkeling vorm in hierdie studie die vertrekpunt vir die bespreking van die ontwikkeling van die minderjarige kind deur die onderskeie ontwikkelingsfases.

Benewens die feit dat onderskeie areas in mensontwikkeling identifiseerbaar is en ter wille van groter begrip dan ook geïdentifiseer word, is dit verder nodig om te let op die faktore of determinante wat ontwikkeling beïnvloed.

Hierdie faktore is so legio dat dit vir ondersoek- en studiedoeleindes noodsaaklik is om 'n logiese verdeling te maak.

Die determinante van mensontwikkeling word vir die doeleindes van hierdie studie in vier groepe verdeel en bespreek, naamlik (1) genetiese faktore, (2) ingebore/konstitusionele faktore, (3) omgewingsfaktore en (4) persoonlike faktore (Meyer, 2003: 16-26). Die bespreking van die determinante van ontwikkeling wat hierna volg, dien as bron vir kennisname en bevestiging van die komplekse en sistemiese karakter van mensontwikkeling. By die assessering van die belange van die minderjarige kind in totaliteit is dit belangrik om hierdie aspekte in berekening te bring. Die volgende weergawe is slegs 'n oorhoofse bespreking en nie 'n volledige, diepgaande ontleding van die faktore nie.

4.3.4 Determinante van mensontwikkeling

Die indeling van determinante van mensontwikkeling bevestig die sistemiese karakter van die individu en gemeenskap en beklemtoon die konstante wisselwerking tussen die onderskeie sisteme en subsisteme. Meyer (1996: 16-17) beklemtoon die feit dat alle moontlike aspekte 'n invloed uitoefen op mensontwikkeling en die kombinasie van wisselwerkings tussen al die faktore bring 'n uniekheid in elke individu tot stand wat nie herhaalbaar is in 'n ander mens nie.

In die gedeelte wat volg, word die rol van die onderskeie vier groepe faktore of determinante uitgelig en sal die vraag oor die invloed daarvan aandag geniet.

4.3.4.1 Genetiese faktore

Die samevoeging van 'n spermsel en eiersel tot een enkele sel vorm die begin van die lewe van die individu. Die gene wat sodoende byeengevoeg is uit die twee afsonderlike selle van twee afsonderlike individue in die enkele bevrugte sel voorsien die toekomstige nuwe individu met 'n genetiese samestelling wat 'n verskeidenheid eienskappe soos die kleur van oë en hare tot gesondheid, intellek en persoonlikheid beïnvloed (Papalia et al., 2006: 64).



Die bevrugte sel is nie 'n mikroskopiese weergawe van die volwasse persoon wat gaan ontwikkel nie (Meyer, 1996: 20). In hierdie verband verduidelik Meyer (1996: 20) dat daar slegs genetiese inligting in molekules neergelê is. Hierdie inligting sal deur die prosesse van selverdeling, groei en ryping op verskillende lewenstadia as karaktereienskappe voorkom. Al die selle wat deur selverdeling, dit wil sê die groeiproses, ontstaan, bevat dieselfde genetiese inligting. Die selle verdeel egter deur die groei- en rypingsprosesse in verskeie tipe selle, soos oogselle, beenselle en breinselle.

Die volledige ontleding van die menslike genetiese ketting (genome) in 2001 het die vermoë bevorder om gene te identifiseer wat bepaalde eienskappe of gedrag beheer (Parke [2004] in Papalia et al., 2006: 64). Volgens Parke (2004), soos na verwys deur Papalia et al. (2006: 64), beheer gene ook die ontwikkeling van bepaalde eienskappe in die individu en word hierdie proses geaktiveer wanneer dit deur die liggaam benodig word. Genetiese aksie wat liggaams groei en breinontwikkeling beheer, word deur hormonale vlakke beïnvloed wat weer deur omgewingstoestande soos voeding en stres beïnvloed word (Papalia et al., 2006: 64). Brown (in Papalia et al., 2006: 64) som dit soos volg op: “Thus, from the start, heredity and environment are inter-related.”

Die kompleksiteit van die individu se ontwikkeling word reeds met bogenoemde bespreking van die genetiese faktore alleen beklemtoon. Dit blyk duidelik dat die aantal faktore sowel as die kombinasie van verbande tussen die faktore so veelvuldig is soos die moontlikhede in die lewe.

4.3.4.2 Ingebore faktore / konstitusionele determinante

Die liggaamlike samestelling of liggaamsgesteldheid van die individu kan beskryf word as die totaliteit van (1) die interne fisiologiese en anatomiese eienskappe sowel as (2) die eksterne sigbare fisieke eienskappe van die mens (Meyer, 2003: 18). Die mens se samestelling behels die gehalte van samestelling, stand van ontwikkeling en aard van die totale mensheid. Dit word bepaal deur die genetiese faktore, omgewingsfaktore en ingebore faktore wat 'n sogenaamde sneeubaleffek-invloed op mensontwikkeling uitoefen (Meyer, 2003: 18). Dit beteken dus dat verandering in een groep faktore, soos breinbeskadiging weens 'n ongeluk, 'n besliste verandering in die ontwikkelingspatroon van die individu teweegbring (Meyer, 1996: 21). Die sistemiese



beginsel van wedersydse interafhanklikheid en verwantskap van subsisteme word deur bogenoemde stelling ook in mensontwikkeling bevestig.

Die interaksie tussen subsisteme is dikwels so verweef dat dit moeilik is om die bepaalde graad van invloed vas te stel. Daar word derhalwe na die eienskappe wat by die geboorte aanwesig is as kongenitale eienskappe verwys. Dit beteken die eienskappe kan óf deur genetiese of prenatale omgewingsfaktore meegebring word óf meer dikwels deur die interaksie tussen die twee groepe faktore of subsisteme (Meyer, 1996: 22).

Die ingebore faktore wat van besondere belang is vir die ontwikkeling van en determinering van menslike gedrag is (1) die sentrale senuweesisteem, (2) endokriene sisteem, en (3) algemene liggaamsgesondheid (Meyer, 2003: 19-21). Hierdie aspekte word voorts bespreek ten einde die rol daarvan in mensontwikkeling en menslike gedrag uit te lig.

- *Sentrale senuweesisteem*

Die verbintenis tussen die sentrale senuweesisteem en gedrag is duidelik uit studies van verskillende spesies (Meyer, 1996: 22). Daaruit blyk dit dat hoe meer kompleks die samestelling van die sentrale senuweesisteem, veral die korteks, hoe groter is die rol van die korteks en hoe meer kompleks is die gedrag. Hoe meer ontwikkel die brein is, dit wil sê hoe meer kompleks saamgestel, hoe minder is die invloed van instinktiewe gedrag en hoe groter is die rol wat leer in die ontwikkelingsproses vervul. Volgens Meyer (2003: 19) toon filogenetiese ontwikkeling, die ewolusionêre ontwikkeling van spesies, 'n duidelike verband tussen breinontwikkeling en gedragsontwikkeling.

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit dus belangrik om kennis te neem van die verbintenis tussen die sentrale senuweesisteem en menslike gedrag, aangesien die assessering van die minderjarige kind as sisteem in interaksie met die gesin en gemeenskap staan. Die bepaalde invloed van enige verandering wat in hierdie subsisteem van die kind intree, op watter wyse ook al, is van kardinale belang en behoort deeglik in ag geneem te word.



▪ *Endokriene sisteem*

Die endokriene kliere in die liggaam skei hormone direk in die bloedstroom af waardeur dit na bepaalde organe vervoer word. Hierdie funksie oefen 'n krities belangrike invloed uit op fisieke en geestesfunksionering in mensontwikkeling (Meyer, 1996: 23). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die aandag slegs kortliks gevestig op die inligting wat in die algemeen 'n invloed op menslike funksionering uitoefen.

- Die skildklier se werking het 'n belangrike invloed op die liggaam se metabolisme en die individu se groei. Onderproduksie van die hormoon tiroksien bring verstandelike gestremdheid mee, sowel as vertraagde motoriese reaksie en verlaagde leervermoëns. Oorproduksie kan senuagtigheid, emosionele onstabieleit en selfs verwarring, delusies en hallusinasies veroorsaak. Wanfunksionering van die skildklier word gewoonlik teweeggebring deur omgewingsinvloede, soos 'n gebrek aan jodium in die dieet (Meyer, 2003: 20).
- Die byniere skei die hormoon adrenalien af wat die funksionering van die liggaam se energievlakke beïnvloed. Tydens angserverarings of woede word die liggaam vir optrede voorberei deur deaktivering van die spysverteringsstelsel, voorsiening van meer bloedsuiker aan die spiersistelsel en versnelling van die hartklop. Wanfunksionering van die bynier, omgewingsfaktore soos stresvolle werksituasie of persoonlikheidsversteurings kan oorproduksie van adrenalien meebring. So 'n toestand kan lei tot die ontstaan van maagsere (*ulcers*) en hartprobleme (Meyer, 2003: 20).

Die wedersydse invloed vanaf die subsistelsel op die individu as sistelsel is dus duidelik waarneembaar en noodsaaklik om in ag te neem in die totale funksionering van die mens. In die huidige leefwyse van die gemeenskap in die algemeen is probleme verwant aan oormatige stres op die voorgrond en oefen dit 'n sterk invloed uit op individuele sowel as gesinsproblematiek.

- Die geslagsorgane, manlike testes en vroulike ovaria, is verantwoordelik vir die uitskeiding van manlike en vroulike geslagshormone. Die seksuele eienskappe van die geslagte word hierdeur bepaal en daar is 'n bepaalde invloed op die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe as 'n man of 'n vrou. Die rol van sosialisering in laasgenoem-



de proses is egter ook teenwoordig en dit is moeilik om beide se graad van invloed in geslagtelike persoonlike eienskappe te bepaal. Daar is weereens 'n interaksieproses aanwesig tussen die onderskeie faktore en nie sprake van die invloed deur een enkele subsisteem nie (Meyer, 2003: 20).

Hierdie kennis aangaande die geslagshormone is noodsaaklik aangesien die puberteitsfase in mensontwikkeling sterk deur hierdie subsisteem beïnvloed word. By die assessering van die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding behoort hierdie inligting deeglik in ag geneem te word.

- *Algemene gesondheidstoestand*

Die totaliteit van die menslike samestelling blyk sterk uit voorafgaande bespreking van die invloed van die sentrale senuweesisteem en die endokriene sisteem as deel van die ingebore of samestellingsfaktore wat 'n invloed op mensontwikkeling uitoefen.

Die algemene gesondheidstoestand van die individu vervul lewenslank 'n sterk rol in die mens se lewensontwikkeling. So kan swak gesondheid tot vervroegde veroudering bydra terwyl goeie algemene gesondheid bydra tot fisieke en psigologiese welsyn tydens bejaardheid (Meyer, 1996: 24).

Meyer (1996: 24) beklemtoon die feit dat die invloed van direkte en indirekte aspekte op die ingebore faktore in menslike ontwikkeling moeilik gradeerbaar is. Dit beteken dat die mate van invloed moeilik bepaalbaar is, aangesien die interaksie tussen aspekte en faktore altyd aanwesig is. Dit word uitgelig dat die individu se houding jeens 'n siekte of liggaamlike gebrek dikwels 'n groter rol vervul as die siekte of gebrek self (Meyer, 2003: 21).

Die fisiologiese en ingebore faktore in mensontwikkeling is in hooftrekke bespreek en die derde groep faktore, naamlik omgewingsfaktore, word voorts uitgelig. Die onderskeid in die omgewingsfaktore word tussen die fisieke en maatskaplike omgewing getref en hierdie aspekte word in die volgende gedeelte bespreek wat handel oor die invloed van omgewingsfaktore.



4.3.4.3 Omgewingsfaktore

Die rol van die derde groep faktore, naamlik die omgewingsfaktore in mensontwikkeling, word deur sommige so belangrik geag dat feitlik alle individuele verskille daaraan toegeskryf word. Soos in die bespreking oor genetiese faktore genoem, word die interaksie tussen faktore wat mensontwikkeling beïnvloed in hierdie ondersoek erken en beklemtoon.

Vervolgens word eerstens die fisieke omgewing en daarna die maatskaplike omgewing in oënskou geneem.

- *Fisieke omgewing*

Die fisieke omgewing van mensontwikkeling neem in aanvang die oomblik wanneer die bevrugte sel hom in die uterus vasheg. Die moeder se liggaam vorm dus die omgewing vir die vorgeboorte of prenatale tydperk in mensontwikkeling. Die twee basiese groepe voedingstowwe wat noodsaaklik is vir die fetus se ontwikkeling is suurstof en voedselverwante stowwe (Kirschbaum, 2002a: 10). Hierdie voedingstowwe word deur die verbintenis van die plasenta en naelstring met die moeder se bloedstroom aan die fetus voorsien. Dit is dus duidelik dat ander stowwe in die moeder se bloedstroom soos nikotien en patogeniese kieme ook aan die fetus oorgedra kan word (Meyer, 1996: 25). Die fetus se totale afhanklikheid van die gesondheidstoestand van die moeder se liggaam – spesifiek die baarmoeder – vir ontwikkeling kom dus baie duidelik na vore en dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die moeder ten opsigte van haar eie versorging tydens die swangerskap.

Meyer (2003: 22-23) wys daarop dat die fisieke omgewing 'n invloed uitoefen op die filogenetiese ontwikkeling van die mens wat onder andere waarneembaar is in die toepaslike karakteristieke van die lang en lenige liggaamsbou van die Boesman wat in woestynagtige droë gebiede woon. Daarbenewens word die ontogenetiese (individuele) ontwikkeling van die mens ook deur die fisieke omgewing beïnvloed. Swak fisieke omgewings-toestande, meegebring deur armoede of onverantwoordelike gedrag by die ouers, kan deprivasie in voeding veroorsaak wat fisieke ontwikkeling benadeel en daardeur gedrag en psigiese funksionering strem. Die aspekte wat grootliks van belang is by die fisieke omgewingsfaktore is naamlik oorbevolking, wanvoeding en die mate van stimulasie wat die omgewing vir die kind se fisieke en verstandelike ontwikkeling bied. Die komplek-



siteit van die omgewingsfaktore word duidelik, selfs uit hierdie oorhoofse bespreking, en verdien derhalwe deeglike kennisname (Meyer, 2003: 22-23).

Die maatskaplike omgewingsinvloede het reeds deurgeskemer in die voorafgaande bespreking en word voorts oorsigtelik aangehaal.

- *Maatskaplike omgewing*

Die sosialisering van die individu behels die mens se inskakeling by die gemeenskap, vanaf die prenatale fase tot en met die dood. Hierdie proses wat lewenslank plaasvind, sluit in (1) die kontakte met ander persone en groepe soos die gesinslede, vriende, familielede, skool; (2) alle vorme van kommunikasie soos radio, televisie, tydskrifte; (3) aanleer van kulturele produkte soos kunsvorme, volksverhale, liedere; en (4) religieuse insette (Meyer, 2003: 23-24).

Meyer (1996: 27) beklemtoon voorts dat die individu se persoonlikheidsvorming sterk beïnvloed word deur sy verhoudings met ander mense en aspekte soos selfkonsep, selfvertroue, vertroue in ander mense, sekuriteit, sosiale vaardighede, wyse van denke asook kognitiewe ontwikkeling word spesifiek sodoende gevorm. Die rol van die mense met wie die individu 'n betekenisvolle verhouding het, is van groot belang in die maatskaplike omgewing. Hierdie betekenisvolle ander persone vorm deel van die individu se sosiale invloedssfeer en speel 'n kardinale rol in die ontwikkeling van die individu se persoonlikheid sowel as die verhoudingsbasis vir toekomstige interpersoonlike verhoudings (Meyer, 1996: 27).

Die gesin as maatskaplike sisteem asook die portuurgroep vorm in 'n groot mate die individu se sosiale omgewing. Die gesin as maatskaplike sisteem se funksioneringspatrone en roltoedeling binne die gesin oefen 'n sterk invloed uit op die individu se totale mensontwikkeling. Persoonlikheidseienskappe word grootliks binne die gesinsfunksionering gevorm (Meyer, 2003: 24).

Die individu as sisteem vorm deel van die gemeenskap en assosieer met sosiale groepe met waardes, reëls en norme waarmee die individu identifiseer. Die interaksie van die individu as deel van ander subsysteme in die gemeenskapsisteem beïnvloed die sosiale ontwikkeling van die indi-



vidu deur die besondere aard en klimaat van die besondere gemeenskap (Meyer, 1996: 28).

Die invloed van tegnologie het deur die sogenaamde proses van “globalisering” die individu se blootstelling aan ’n verskeidenheid ander kulture, norme en waardesisteme meegebring. Die wêreldwye blootstelling en aanvaarding van vreemde kulturele norme kan innerlike verwarring by die individu teweegbring.

Die bespreking van die maatskaplike en fisieke omgewingsfaktore as determinante van mensontwikkeling bring die uiters komplekse aard van die totale ontwikkeling van die mens onder aandag. Die omgewingsfaktore het ’n drieledige dimensie van individu, gemeenskap en omgewing waarin daar ’n voortdurende wisselwerkende invloed bestaan. Die mate van invloed deur een dimensie op die ander is moeilik om vas te stel en word grootliks deur die interaksie bepaal.

Die bespreking van omgewingsfaktore as derde komponent van die determinante van mensontwikkeling bring die afdeling by die vierde determinant, naamlik die van persoonlike faktore. Hierdie komponent word soos die vorige drie determinante in hooftrekke bespreek ten einde kennis te neem van die besondere invloed van die persoonlike faktore op mensontwikkeling.

4.3.4.4 Persoonlike faktore

Uit die hantering van die vorige drie determinante van mensontwikkeling blyk dit dat die individu ’n addisionele komponent byvoeg tot die faktore wat ontwikkeling beïnvloed. Dit veronderstel die keusefaktor wat die individu uitoefen in terme van persoonlike houding jeens ander faktore wat sy ontwikkeling beïnvloed. Meyer (1996: 30) wys daarop dat volgens hierdie siening die individu se ontwikkeling dus nie volledig voorspelbaar is nie.

Die keuses wat die individu as sisteem uitoefen, word soos in die vorige bespreking gesien beïnvloed deur die interaksie van sy eie subsysteme met ander subsysteme soos die gesin en gemeenskapsgroepe. Die individu se bewustelike keuses sal bepaal word deur die ouderdom en ervaring van die individu (Meyer, 2003: 26).



Die beskrywing van Axline (1993: 10) som die impak van die wisselwerking tussen die determinante van mensontwikkeling soos volg op: “The impact of the forces of life, the interaction of individuals, and the very nature of a human being bring about this constantly changing integration within the individual.”

Die invloed van die verskeie determinante op mensontwikkeling bring die dinamika van lewe na vore en bevestig die sistemiese karakter van die wisselwerking tussen individu as sisteem en subsisteem en alle ander sisteme en subsisteme waarvan die individu deel vorm. Hierdie insig bring die volgende stelling van Meyer (1996: 17), naamlik dat dit moeilik is om enigiets te noem wat nie ’n invloed op mensontwikkeling het nie, in perspektief.

Dit is vervolgens noodsaaklik om die behoeftes van die minderjarige kind as subsisteem tydens die onderskeie ontwikkelingsfases uit te lig. Die grondliggende beginsels en prosesse van mensontwikkeling is reeds vooraf bespreek, gevolg deur die areas van mensontwikkeling. Daarna is die determinante van mensontwikkeling behandel en dit word hierna gevolg deur ’n bespreking van die behoeftes van die minderjarige kind tydens elke ontwikkelingsfase. Vir die doeleindes van die assessering van die minderjarige kind is dit krities belangrik om kennis te dra van die kind se behoeftes op alle vlakke van ontwikkeling en tydens elke fase van ontwikkeling.

4.4 BEHOEFTE VAN DIE MINDERJARIGE KIND TYDENS DIE ONTWIKKELINGSFASES

Die doel van die assessering van die minderjarige kind as subsisteem van die gesin-in-egskeiding is om vas te stel waar tekortkominge in die kind se lewensvervulling geleë is en op watter wyse dit die beste in die na-egskeidingstydperk aangeroei kan word.

Aangesien, soos reeds genoem, die minderjarige kind die tydperk van geboorte tot agtienjarige ouderdom omsluit, is kennisname van die onderskeie ontwikkelingsfases in mensontwikkeling en die besondere eienskappe van elke fase noodsaaklik. Sodanige kennisbasis verskaf inligting aangaande die algemene patrone van ontwikkeling waardeur bepaal kan word wat in ’n bepaalde ouderdom van die individu verwag kan word. Dit verskaf standaarde vir die meting van bepaalde eienskappe, soos lengte, gewig en volwassenheid, en die verband tussen eienskappe, soos ouderdom-lengte/gewig,



asook verwagte ontwikkelingsstake. Die kennisbasis aangaande patrone in mensontwikkeling bied riglyne waardeur die individu gelei kan word na die bereiking van meer toepaslike gedrag, soos die baba wat gereed is om te leer loop. Voorts verskaf die kennisbasis inligting wat aangewend kan word om die individu vir veranderinge in 'n volgende verwagte fase voor te berei, soos die kind wat na adolessensie beweeg. Spanning rondom veranderinge kan sodoende verminder word (Hurlock, 1964: 4-6).

Die ontwikkelingsfases word bespreek aan die hand van die volgende indeling wat algemeen as riglyn aanvaar word. Dit behels die volgende fases: (1) prenatale (nege maande: konsepsie tot geboorte); (2) neonatale en suigeling (geboorte tot agtien maande); (3) kleuter (agtien maande tot drie jaar); (4) voorskool/vroeë kinderjare (drie tot ses jaar); (5) middel-kinderjare (ses tot elf jaar); (6) adolessensie (12 jaar tot volwassenheid) (Hurlock, 1964: 5-6; Turner & Helms, 1987: 106-271; Strom et al., 1989: 31; Kaplan et al., 1994: 37; Meyer, 2003: 16; Papalia et al., 2006: 129, 237, 325).

4.4.1 Prenatale fase (nege maande: konsepsie tot geboorte)

Strom et al. (1989: 31) verwys na hierdie fase as “ancestry” ten einde erkenning te gee aan die invloed van voorgeslagte op die samevoeging van die selle van twee persone om een te vorm.

Hierdie fase word gekenmerk deur drie stadia, naamlik germinale, embrionale en fetale stadia (Meyer, 2003: 16). Tydens die germinale stadium, vanaf konsepsie tot twee weke, vind snelle selverdeling plaas, die sigoot ontwikkel baie meer kompleks en hegting vind in die uterus plaas (Papalia et al., 2006: 87). Tydens die embrionale stadium, ongeveer twee tot agt weke, ontwikkel al die organe en vernaamste liggaamsisteme in die embryo, naamlik die asemhalings-, verterings- en senusisteme (Turner & Helms, 1987: 107; Kaplan et al., 1994: 38; Louw, 2003: 121; Papalia et al., 2006: 90). Hierdie tydperk is 'n baie kritieke stadium waartydens die embryo baie kwesbaar is vir destruktiewe invloede in die prenatale omgewing weens die voortdurende ontwikkeling van sisteme en strukture en die konstante interaksie met die intrauterine omgewing (Kaplan et al., 1994: 38; Papalia et al., 2006: 90). Die finale stadium in die prenatale fase, naamlik die fetale stadium, agt weke tot geboorte, word gekenmerk deur die verskyning van die eerste beenselle en ongekende snelle groei tot soveel as twintig keer die vorige lengte (Papalia et al., 2006: 01). Daar vind voortgesette ontwikkeling en groei van die fetus



in lengte en gewig plaas en tussen 28 en 32 weke is daar sprake van 'n betekenisvolle sprong ("jump") in die fetus se ontwikkeling (Papalia et al., 2006: 91). Dit is bekend dat seuns meer kwesbaar is vir ontwikkelingskade as dogters (Kaplan et al., 1994: 38; Kirschbaum, 2002c: 239).

Die fetus is aktief in die uterus en voer bewegings uit wat na geboorte noodsaaklik is vir aanpassing, soos die duimsuigaksie en draaibewegings van die lyf (Papalia et al., 2006: 91). Die moeder kan reeds vanaf die sestiende week van swangerskap beweging waarneem. Die fetus is sensitief vir stimulasie van die vel in utero en die fetus kan teen week agtien van die swangerskap hoor en op harde geluide reageer. Reuk- en smaaksintuie is reeds teen die agtiende week ontwikkel en die fetus reageer op vloeistowwe wat in die uterus ingespuut word. Sekere refleksbewegings is reeds in utero ontwikkel, soos die gryprefleks (sewentiende week), Moro-refleks (skrik; 25ste week) en suigrefleks (28ste week) (Turner & Helms, 1987: 111-113; Kaplan et al., 1994: 39; Louw, 2003: 125-131).

Die fetus is kwesbaar vir en reageer op vreemde middels soos dwelms asook materne stres. 'n Verhoogde temperatuur weens koors in die moeder beïnvloed die fetus se temperatuur ooreenkomstig. Die fetus se bloeddruk is sensitief vir eksterne stimuli en materne stres kan deur die afskeiding van stresverwante hormone die ontwikkeling van die kardiovaskulêre sisteem van die fetus negatief beïnvloed (Sadock & Sadock, 2003: 23; Papalia et al., 2006: 91). Uit navorsing kan daar nou 'n koppeling tussen 'n suboptimale intra-uterine omgewing en die ontwikkeling van hipertensie in latere volwasse lewe gemaak word (Kirschbaum, 2002b: 71-73).

Die invloed van alkohol en nikotien op die fetus is reeds alombekend. Die fetale alkoholsindroom wat by kinders van alkoholiste moeders voorkom, word gekenmerk deur groeivertraging, mindere anomalieë soos microphthalmia en sentrale senusisteem manifestasies soos vertraagde groei, hiperaktiwiteit, leerprobleme, aandagebreke en intellektuele gebreke (Kaplan et al., 1994: 40). Die invloed van nikotien op babas van rokende moeders is veral gekoppel aan ondernormale geboortegewig en sommige suigeling er-vaar ontrekkingsimptome na geboorte (Turner & Helms, 1987: 117-119; Kaplan et al., 1994: 40). Die implikasies van hierdie gedepriveerde intra-uterine omgewing blyk uit navorsing langtermyn te wees met 'n invloed op die ontwikkeling van 'n predisposisie van die suigeling vir toestande soos hipertensie, weerstand teen insulien, arteriosklerose, asook disfunksionele koolhidraatmetabolisme (Kirschbaum, 2002b: 72-73).



Samevattend kan daarop gewys word dat die prenatale fase van mensontwikkeling 'n kritiese tydperk is waartydens die vorming van die mens se liggaamsbasis plaasvind (Kaplan et al., 1994: 38; Sadock & Sadock, 2003: 29-30). Soos met enige struktuur waarvan die fondasie die sterkte van die struktuur bepaal, geld dit ook vir die mens. Fein (in Louw, 1996: 129) vestig die aandag daarop dat 80% van die faktore wat normale prenatale ontwikkeling kan versteur aan 'n ongunstige prenatale omgewing toegeskryf kan word. Volgens Sadler (1995), soos aangehaal in Louw (2003: 132), lei 'n kombinasie van genetiese en omgewingsfaktore vir 20-25% tot geboortedefekte. Toegewyde en verantwoordelike sorg deur en versorging van die moeder tydens die prenatale fase van ontwikkeling is dus noodsaaklik ten einde aan die ontwikkelende kind die beste geleentheid tot maksimale ontwikkeling te bied. Papalia et al. (2006: 93) beklemtoon die invloed van die talle omgewingsfaktore op prenatale ontwikkeling soos volg: "Since the prenatal environment is the mother's body, virtually everything that impinges on her well-being, from her diet to her moods, may alter her unborn child's environment and affect its growth." Sadock en Sadock (2003: 29) som dit soos volg op: "Mothers supply a holding environment in which infants are contained and experienced." Dit volg dan logies hieruit dat die vader die moeder deur sy bystand en ondersteuning in staat moet stel om so 'n gunstig moontlike omgewing vir die fetus te skep en onderhou.

Bogenoemde aspek impliseer dus dat by assessering in egskeiding en bepaling van die minderjarige kind se beste belang die geskiedenis van die gesinsisteam tydens die prenatale fase uiters belangrik is.

Die volgende fase in die ontwikkeling van die minderjarige kind word in die algemeen gesien as die suigelingfase wat vanaf geboorte tot kleuterfase strek. Louw en Louw (1996: 151-153) asook Papalia et al. (2006: 114) beklemtoon die erkenning van die tydperk vanaf geboorte tot die eerste vier weke as die neonatale fase wat onderskei kan word van die suigelingfase. Die neonatale en suigelingfases word vervolgens in dieselfde gedeelte as afsonderlike tydperke bespreek.

4.4.2 Neonatale en suigelingfase (geboorte tot agtien maande)



4.4.2.1 Neonatale fase (geboorte tot vier weke)

Hierdie fase is die kortste van alle ontwikkelingsfases en kan gesien word as die belangrike deurgangsfase vanaf die prenatale afhanklike lewe in utero tot 'n onafhanklike bestaan (Louw & Louw, 1996: 155; Papalia et al., 2006: 114). Hurlock (1964: 77) onderskei verder die volgende twee fases tydens hierdie tydperk: "... the parturate ... and the neonate" Die eerste fase dui op die onmiddellike minute net na geboorte waartydens die pasgebore baba van die moeder "ontkoppel" word deur die knip van die naelstring en dus vir die eerste keer 'n afsonderlike, onafhanklike wese word. Die tweede fase dui op die tydperk van aanpassing tot 'n lewe onafhanklik van die intra-uterine omgewing (Hurlock, 1964: 77).

Die funksionele toestand van die pasgeborene is 'n belangrike aanduiding van die toestand van die prenatale fase en kan 'n riglyn wees vir die toestand van die toekomstige ontwikkeling (Louw & Louw, 1996: 155). Die assessering en evaluering van hierdie pasgebore toestand word aan die hand van die sogenaamde Apgar-skaal gedoen. Die metingsinstrument is deur dr. Virginia Apgar ontwikkel en word twee maal toegepas. Die eerste evaluering word een minuut na geboorte gedoen en die volgende ongeveer vyf minute later. Die volgende vyf aspekte word geëvalueer: *Appearance* (voorkoms/kleur), *Pulse* (hartklop), *Grimace* (refleksprikkelbaarheid), *Activity* (spiertonus) en *Respiration* (asemhaling) (Louw, Louw & Van Ede, 2003: 154-155; Papalia et al., 2006: 116). 'n Telling van sewe of hoër word beskou as aanduidend van 'n normale ontwikkeling terwyl 'n telling van vier of laer onmiddellike diagnose en behandeling verg (Louw et al., 2003: 154-155; Papalia et al., 2006: 116).

Die belangrikste areas waarin kritiese neonatale aanpassing voorkom, is bloedsirkulasie, asemhaling, spysvertering, temperatuurregulering, die senuweesisteem en immuniteit (Hurlock, 1964: 78; Kaplan et al., 1994: 40; Louw & Louw, 1996: 155-161; Papalia et al., 2006: 115). Die vermoë van die pasgeborene om uit die prenatale omgewing van totale afhanklikheid in die neonatale omgewing aan te pas waarin liggaamsfunksies self waargeneem moet word, is fenomenaal en is tot dusver eintlik as vanselfsprekend aanvaar. Die belangrikheid van 'n optimale prenatale omgewing ten einde die oorskakelingstydperk te vergemaklik en te ondersteun, blyk dus uit die kennisname van die kritiese areas waar aanpassing onmiddellik na geboorte noodsaaklik is vir oorlewing (Stone & Church in Louw et al., 2003: 155). Ander areas wat aanpassing verg, is naamlik dié van persepsie, bewussyn,



voeding en leer, wat deur middel van die sintuie geskied (Kaplan et al., 1994: 40-42; Louw & Louw, 1996: 161-168). Die neonatale fase word ook gekenmerk deur die pasgebore baba se toestand van wakkerheid, wat 'n aanduiding gee van die baba se individualiteit en neurologiese ryping en tot uiting kom in die baba se slaap- en wakkerpatrone (Hurlock, 1964: 99; Papalia et al., 2006: 117).

Binne twee tot drie weke na geboorte is hierdie aanpassing voltooi en is daar sprake van die vestiging van 'n relatiewe patroon van funksionering by die suigeling. Aandag word voorts gevestig op die suigelingfase as tweede tydperk in die ontwikkelingsfase vanaf geboorte.

4.4.2.2 Suigelingfase (geboorte tot agtien maande)

Groei en ontwikkeling gedurende die suigelingfase vind in 'n bepaalde orde plaas, al is daar sprake van individuele verskille in tempo en motoriese vaardigheid. Hierdie bepaalde orde van ontwikkeling is gekoppel aan die geleidelike ontwikkeling en ryping van die breinselle (Turner & Helms, 1987: 131). Die suigelingfase word gekenmerk deur snel groei en ontwikkeling in alle areas van die menslike bestaan (Louw & Louw, 1996: 171). Die uitstaande kenmerk van hierdie ontwikkelingsfase is sekerlik die enorme mate van energie wat die mens aanwend in die verkenning en bemeestering van sy leefwêreld (White & Watts in Louw, 1996: 171). Die mens se vermoë om 'n fisieke taak uit te voer is afhanklik van die ryping van die neurone in die brein sowel as die ryping van die spier- en skeletstelsel. Hierdie toestand van ryping is bekend as gereedheid ("readiness") en is 'n voorvereiste vir die verrigting van 'n taak (Turner & Helms, 1987: 132). Voortgesette differensiasie van neurofisiologiese funksies is afhanklik van 'n aktiewe proses van stimulerende versterking uit die eksterne omgewing, soos streling en aanraking van die individu (Kaplan et al., 1994: 40).

Die suigelingfase kan beskou word as 'n kritiese en gevaarlike dog uitdagende ontwikkelingsfase. Die grondslag vir verskeie gedragpatrone word tydens hierdie fase vasgelê op grond van die gereelde en voorspelbare gedrag van die primêre versorger van die suigeling (Kaplan et al., 1994: 42). Derhalwe is die fase krities belangrik vir toekomstige ontwikkeling (Hurlock in Louw & Louw, 1996: 171). Die gevaarlikheid van die fase is geleë in die feit dat die individu nie die implikasies van sy gedrag kan voorsien nie en fatale ongelukke vind dikwels plaas. Die toenemende strewe na



onafhanklikheid maak die fase egter 'n tydperk van groot uitdaging vir die individu (Hurlock in Louw & Louw, 1996: 171).

Die suigelingfase is gerig op die omskakeling van refleksbewegings na self-gedrewe aksieplanne wat die boustene van kognitiewe ontwikkeling vorm (Kaplan et al., 1994: 42). Dit lei na interaksie tussen die suigeling en die omgewing, terugvoer van die individu se eie liggaam en intensionele aksies. Teen die einde van die suigelingfase van mensontwikkeling begin die individu simboliese spel en taal gebruik.

Die emosionele ontwikkeling van die individu verloop gelyktydig met kognitiewe ontwikkeling. Die suigeling is vir sy oorlewing totaal afhanklik van volwassenes in sy lewe. Indien die suigeling innerlike gemak beleef, sal dit 'n ervaring van belangstelling en plesier laat ontstaan. Vertroue in ander individue van die spesie word tydens hierdie fase gevestig en indien dit sterk ontwikkel, sal 'n ervaring van hoop en optimisme ontstaan (Kaplan et al., 1994: 42-43). Uit navorsing deur die pediater Klaus en Kennell (in Strom et al., 1989: 33) blyk dit dat die intieme kontak tussen moeder en pasgeborene uiters noodsaaklik is vir die vestiging van die emosionele band tussen hulle. Moeders wat aan hierdie binding blootgestel is, openbaar 'n beter model vir leer en die suigeling het 'n beter kans op die ontwikkeling van vertroue en selfvertroue wat kritiese elemente is vir die vorming van intieme verhoudings en geestesgesondheid (Strom et al., 1989: 33).

Die ouer, en veral die primêre versorgende ouer, se gedrag moduleer die suigeling se gedrag en die suigeling beheer op sy beurt die ouer se gedrag. Die ouer se vermoë tot gee ("giving") is bepalend vir die vestiging van 'n binding met die suigeling (Kaplan et al., 1994: 44). Die harmonieuse en konsonante interaksie tussen 'n ouer en suigeling word deur Chess en Thomas (in Sadock & Sadock, 2003: 29) beskryf met die term "goodness of fit" terwyl "poorness of fit" verwys na onharmonieuse interaksie tussen ouer en kind. Ouer-kind-passing is dus na die navorsers se mening 'n krities belangrike aspek en word grootliks bepaal deur die ouer se insig en vermoë tot uitreiking na die suigeling. Hierdie ouer-kind-passing word beïnvloed deur beide ouer en kind se psigofisiologiese eienskappe of temperament (Sadock & Sadock, 2003: 29). Die verwagting is nie 'n volmaakte ouer nie, maar 'n ouer wat deur Winnicott (in Kaplan et al., 1994: 44) beskryf word as "good-enough". Die ouer bring die wêreld na die suigeling en bied empatiese antisipasie van die suigeling se behoeftes. Indien die ouer grootliks in die suigeling se behoeftes kan voorsien, kan die suigeling 'n

ingesteldheid op sy eie liggaamsfunksies en dryfkragte ontwikkel. Dit skep die basis vir die ontwikkeling van 'n bewustheid van die self (Kaplan et al., 1994: 44; Sadock & Sadock, 2003: 30).

Teen die einde van die suigelingfase is die individu gereed vir verdere ontwikkeling en word die volgende fase as die kleutertydperk getipeer. 'n Bespreking van hierdie fase volg hierna.

4.4.3 Kleuterfase (agtien maande tot drie jaar)

Die versnelling van motoriese en intellektuele ontwikkeling kenmerkend aan hierdie tydperk, naamlik vanaf agtien maande tot ongeveer drie jaar, noodsaak 'n onderskeid daarvan met die suigelingfase.

Die individu begin die vermoë tot geestesbeelde ontwikkel waardeur nuwe wyses van begrip vir die omgewing ontstaan. Die vermoë tot beredenering neem in aanvang en is die begin van konseptuele denke (Turner & Helms, 1987: 142). Hierdie ontwikkeling sluit die vermoë tot luister na verduideliking in en maak die aanvaarding van uitstel moontlik (Kaplan et al., 1994: 44).

Die vermoë van selfstandige beweeglikheid bring beheer oor eie aksies mee en stel die individu in staat om te bepaal wanneer om te nader en wanneer om weg te beweeg (Kaplan et al., 1994: 44).

Die emosionele ontwikkeling gaan hand aan hand met die sosiale ontwikkeling. Die twee pole van die belewenis van plesier differensieer verder; die individu ontwikkel die vermoë tot uiting van georganiseerde liefde, soos omhelsing, asook die uiting van protes, soos wegdraai of skop en “tantrums” is 'n algemene verskynsel; gemak met bekendes en ongemak met vreemdelinge mag vermeerder en angs ontstaan by die belewenis van afkeur (Kaplan et al., 1994: 44-45).

Die kleuterfase in mensontwikkeling stel groter sosiale eise aan die kind, soos beheer oor uitskeiding en urinering. Geslagsidentifikasie is teen die einde van hierdie fase vasgelê (Kaplan et al., 1994: 45).

Vir ouerskap bring die kleuterfase in ontwikkeling dikwels baie onsekerheid in hanteringswyse mee. Die “willfulness” van die kleuter is aanduidend van



die strewe na onafhanklikheid en selfbeheer. Dit verg dus die daarstel van duidelike grense vir aanvaarbare gedrag en tegelykertyd aanmoediging van die kleuter se progressiewe emansipasie. Die individu benodig tydens hierdie ontwikkelingsfase die geleentheid om self te doen en te leer uit foute. Realistiese grense en 'n balans tussen outoritêre en permissiewe ouerskap is noodsaaklik (Kaplan et al., 1994: 45).

Die kognitiewe ontwikkeling wat tydens die kleuterfase plaasvind, vorm die basis vir ontwikkeling in die opvolgende fases.

Die vroeë kinderjare of sogenaamde voorskoolse fase as vierde tydperk in mensontwikkeling word hierna bespreek.

4.4.4 Vroeë kinderjare (voorskoolse fase; drie tot ses jaar)

Hierdie ontwikkelingsfase word onderskei tussen die kleuterfase en die middel-kinderjare of skoolgaande fase en plaas derhalwe die ouderdomsjare vanaf drie tot ses in die fokus van bespreking. Die bewuswording uit navorsing van die feit dat dieselfde mate van intellektuele ontwikkeling in die individu plaasvind tydens die tydperk voor skool as tydens die hele skoolgaande tydperk, het die vroeë kinderjare as ontwikkelingsfase as krities uitgelig (Strom et al., 1989: 34).

Die vroeë kinderjare as mensontwikkelingsfase word by uitstek gekenmerk deur die groot mate van fisiek-motoriese en kognitiewe ontwikkeling by die individu. Tydens hierdie fase word nuwe vaardighede aangeleer en word die sterkste invloed vanaf die huislike omgewing, maatskaplike omgewing en kulturele verband uitgeoefen (Botha, Van Ede & Piek, 1996: 231).

Die aspekte van ontwikkeling tydens die vroeë kinderjare kan soos volg saamgevat word soos uiteengesit deur Botha et al. (1996: 231-232):

- Motoriese beheer wat die bemeestering van klein en groot motoriese vaardigheid behels ten einde groter beheer oor die eie liggaam te bekom.
- Die aanleer en verbetering van vaardighede waardeur die individu leer om homself aan te trek, te voed, objekte te hanteer en te begryp hoe dit werk.



- Kognitiewe ontwikkeling waardeur die jong kind leer om konsepte vanuit die sosiale en fisieke omgewing te vorm en kwantitatiewe assesserings te doen in terme van groot/klein, baie/min.
- Taalontwikkeling waardeur die individu se kommunikasievaardigheid merkwaardig uitbrei sodat verbale uitdrukking langer en meer kompleks raak en die jong kind behoeftes verbaal kan uitdruk.
- Sosialisering ontwikkel deurdat die individu in die gesinsomgewing en wyer gemeenskap leer watter gedrag verwag en aanvaar word. Die hantering van maatskaplike verhoudings en sosiale situasies word aangeleer.
- Selfkonsep begin ontwikkel uit bewuswording van en begrip vir die self en dit word beïnvloed deur meer gesofistikeerde denke en groter lewenservaring.
- Geslagsrolidentifikasie word gevestig.
- Emosionele groei sluit die ontwikkeling in van die vermoë om ander se emosies te herken en te interpreteer.
- Selfbeheer van intense emosies verbeter en die individu kan uitbarsting van emosies begin beheer.
- Morele ontwikkeling bring die aanleer van norme, reëls en kulturele waardes mee en 'n begrip van reg en verkeerd begin ontwikkel.

Teen die einde van die vroeë kinderjare-fase het die individu primêre sosialisering bemeester, naamlik die vermoë om emosies soos liefde en ongelukkigheid op 'n verbale asook nieverbale manier uit te druk. Die vermoë tot empatie en liefde is ontwikkel maar baie kwesbaar en kan maklik verloor word. Angstigheid word aan die verlies van 'n geliefde persoon asook aan verwerping gekoppel. Die individu se gewete is teen die einde van hierdie tydperk gevestig en die begrip van reg en verkeerd kan verder ontwikkel (Kaplan et al., 1994: 45-46). Spel in hierdie tydperk van mensontwikkeling beweeg vanaf individuele en een-een-spel na meer gekompliseerde vorme en reflekteer die vlak van sosiale ontwikkeling. Die aanwesigheid van 'n verbeeldingsvriend is redelik algemeen in hierdie fase en kom dikwels by die bogemiddelde intelligente jong kind voor. Die verbeeldingsvriend is meestal vriendelik, verlig eensaamheid en verminder angs by die kind (Kaplan et al., 1994: 46).

Spel gedurende hierdie fase van mensontwikkeling vorm deel van 'n baie belangrike leerproses en 'n kind behoort die geleentheid gebied te word om sy eie tempo en struktuur te ontwikkel (Botha et al., 1996: 302).



Die vroeë kinderjare in mensontwikkeling bied by uitstek die geleentheid tot invloed vanaf die omgewing waarvan die huisomgewing en gesinsisteem na die navorser se mening 'n uiters belangrike bron uitmaak. By die gesin-in-egskeiding, met minderjarige kinders in hierdie ontwikkelingsfase, behoort voorsiening vir die kind se besondere behoeftes primêr in die assesseringsproses te staan.

Dit blyk uit bogenoemde bespreking van die vroeë kinderjare as ontwikkelingsfase dat die individu wat gedurende die betrokke fase nie 'n sekuriteitsbasis op alle vlakke ontwikkel het nie, 'n agterstand in die middel-kinderjare sal ervaar. Sodanige agterstand kan ernstige implikasies vir selfbeeldontwikkeling inhou en prestasie in die skooltydperk negatief beïnvloed.

Die middel-kinderjare as ontwikkelingsfase word vervolgens as vyfde tydperk in mensontwikkeling uitgelig.

4.4.5 Middel-kinderjare (ses tot elf jaar)

Die middel-kinderjare word hoofsaaklik deur versnelde beweging na selfstandigheid gekenmerk. Hierdie tydperk strek min of meer vanaf ses- tot elfjarige ouderdom (Strom et al., 1989: 35; Papalia et al., 2006: 325).

Hierdie tydperk in mensontwikkeling word gesien as 'n relatief kalm fase weens die afwesigheid van groot fisieke veranderinge. Dit is die fase waarin die individu die formele leersisteem betree en eise vir akademiese leer en vordering sterk determinante vir verdere persoonlikheidsontwikkeling vorm (Kaplan et al., 1994: 47). Die individu het nou die vermoë om simboliese denke aan te wend en die verbeelding is aktief, komplekse idees kan uitgespreek word, logiese eksplorasië begin sterker na vore tree en 'n verhoogde vermoë tot selfregulasie tree in (Turner & Helms, 1987: 231-234; Strom et al., 1989: 35; Kaplan et al., 1994: 47; Louw et al., 1996: 311).

Die voortgesette kognitiewe, sosiale, emosionele en persoonlikheidsontwikkeling stel die individu in staat tot groter kennis en begrip van sy leefwêreld wat nou deur dramatiese uitbreiding van die maatskaplike omgewing gekenmerk word (Louw et al., 1996: 311). Die groter rol wat deur die maatskaplike omgewing ingeneem word, bring blootstelling aan nuwe ervarings en nuwe leergeleenthede waarin die skool toenemend 'n belangrike determinant is.



Teen die einde van die middel-kinderjare-fase in mensontwikkeling is die individu in staat tot verhoogde onafhanklikheid, sosialisering en leervermoë. Hierdie mensontwikkeling en uitgebreide ervarings is nodig om die individu voor te berei vir die uitdagings en veranderinge wat tydens die volgende ontwikkelingsfase, naamlik adolessensie, plaasvind. 'n Gebalanseerde ontwikkeling tydens die middel-kinderjare vorm 'n stewige basis vir latere ontwikkeling tydens die puberteitsfase (Kaplan et al., 1994: 47-48; Louw et al., 1996: 311).

By die assessering van die gesin-in-egskeiding is die minderjarige kind in hierdie ontwikkelingsfase die kwesbaarste aangesien die sosialiseringproses 'n baie belangrike komponent is. Die minderjarige kind as sisteem in hierdie ontwikkelingstydperk is gewoonlik deeglik bewus van die gesinsproblematiek en word dikwels die speelbal in die egskedingsoorlog van die egpaar-subsisteem. Ouers se tendens om die minderjarige kind in die middel-kinderjare tydens die egskedingsproses by polarisering te betrek, behoort altyd in assessering deeglik in ag geneem te word.

Die sesde fase in mensontwikkeling is naamlik adolessensie en sal voorts behandel word.

4.4.6 Adolessensie (elf jaar tot volwassenheid)

Vir die doeleindes van hierdie studie word hierdie ontwikkelingsfase bygevoeg ter wille van kennisname en aangesien die minderjarige kind deel vorm van hierdie ouderdomsgroep. Indien dispute in egskedingsgedinge aangaande die bewaring van die minderjarige kind(ers) hierdie ontwikkelingsfase betrek, is dit dikwels ten opsigte van kinders uit die vroeë adolessente fase, met ander woorde tussen elf en vyftien jaar. Dit is die navorser se mening dat die minderjarige kind in hierdie ontwikkelingsfase reeds 'n sterk eie opinie vorm en dat die wense van kinders van hierdie ouderdom meer geredelik deur die regsisteem in ag geneem behoort te word.

Adolessensie as lewensfase word beskou dat dit vanaf tussen elf- tot dertienjarige ouderdom in aanvang neem en tot ongeveer een-en twintig jaar duur (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 2003:388). Kulturele verbintenis het egter 'n sterk invloed op hierdie benaderde ouderdomsgrense ten opsigte van sosiale rolle en wetlike bepalings (Thom et al., 2003: 388-389). Adolessensie begin dus tydens puberteit wanneer geslagsrypheid by die



mens intree en die einde van hierdie lewensfase kan wissel soos dit bepaal word deur onder andere die sosiale rolle wat binne 'n kultuurgroep bestaan, die wetlike bepalings waarvolgens verantwoordelikheid van 'n volwasse persoon bepaal word asook die sielkundige eienskappe wat in die algemeen vir volwassenheid erken word (Thom et al., 2003: 388-389). In Suid Afrika word mondigwording van die individu volgens die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) op agtienjarige ouderdom vasgestel en kan dit beskou word dat die adollessensiefase daarby eindig. Dit is 'n wysiging van vorige bepalings naamlik dat meerderjarigheid of mondigheid op een-en-twintigjarige leeftyd plaasgevind het (Thom et al., 2003: 389).

Adollessensie is die ontwikkelingsfase in menswees tussen die kinderjare en volwassenheid en bring verskeie ontwikkelingsuitdagings mee. Aanpassing by duidelike fisieke verandering, psigologiese soeke na identiteit, onafhanklikheid, persoonlike waardestelsel en verhoogde vlakke van sosialisering is kenmerkend van hierdie tydperk (Turner & Helms, 1987: 273; Kaplan et al., 1994: 51; Thom et al., 2003: 389).

Adollessensie as psigologiese proses van verandering word vanaf puberteit as 'n fisieke proses van verandering onderskei wat deur die ontwikkeling van sekondêre geslagseienskappe gekenmerk word (Kaplan et al., 1994: 51). Hierdie eienskappe sluit vergrote borste en heupe by meisies en gesigshare en veranderde stemme by seuns in.

Die biologiese aanvang van adollessensie as ontwikkelingsfase word met versnelde groei van die skelet van die individu en fisieke seksuele ontwikkeling aangedui. Die psigologiese verandering word deur versnelde kognitiewe ontwikkeling asook 'n konsolidasie van persoonlikheidsvorming gekenmerk en sosiale aanpassing tydens adollessensie word met intense voorbereiding vir die rol van volwassene aangedui (Kaplan et al., 1994: 51).

Thom (1996: 379-380) som die kenmerke wat die individu tydens adollessensie behoort te bereik ten einde na die fase van volwassenheid te beweeg soos volg op:

- aanvaarding van fisieke veranderinge;
- ontwikkeling van 'n geslagsidentiteit met betrekking tot vroulik of manlik;
- ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon;
- ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes;



- ontwikkeling van selfaanvaarding en 'n eie persoonlikheidsidentiteit;
- ontwikkeling van sosiaal aanvaarde gedragspatroon;
- ontwikkeling van intellektuele vaardighede waardeur die individu volwasse verantwoordelikhede kan aanvaar;
- keuse en/of voorbereiding vir 'n beroep/loopbaan;
- ontwikkeling van 'n eie waardesisteem en morele konsepte wat as riglyn vir gedrag kan dien;
- ontwikkeling van finansiële onafhanklikheid asook 'n lewensfilosofie (Turner & Helms, 1987: 287).

Adolesensie as ontwikkelingsfase in menswees blyk dus 'n oorbruggingsfase vanaf die kinderjaretydperk na volwassenheid te wees. Die aanvang van volwassenheid is derhalwe aangedui indien die individu die rolle van volwassenheid kan begin vervul en uiteindelik 'n volwasse self- en lewenstruktuur bereik het (Kaplan et al., 1994: 56).

4.5 SAMEVATTING

Uit die bespreking van die fases in mensontwikkeling het die holistiese eienskap van die sisteemteoretiese benadering weereens baie duidelik na vore getree deurdat die interaksie tussen alle dele van mensontwikkeling herhaaldelik beklemtoon is. Mensontwikkeling geskied sirkulêr in 'n onafgebroke proses vanaf konsepsie tot dood van die individu waarin vroeë ontwikkelingsfases die basis vir voortgesette ontwikkeling vorm.

Verskeie skrywers beklemtoon die invloed van die prenatale omgewing op die ontwikkeling van die potensiaal in die individu en bevestig dat dit deur ongunstige omgewingstoestande tydens die kritieke vroeë ontwikkelingsfases van die prenatale en neonatale tydperke beskadig kan word (Hurlock, 1964: 26; Louw & Louw, 1996: 129, 151; Van Schalkwyk, 2002: 24, 26). Die teenoorgestelde feit is naamlik dat indien die basis van ontwikkeling gesond en deeglik gevestig is, die ontwikkeling tot gesonde en positiewe lewensaanpassing sal lei (Hurlock, 1964: 26). Louw (2003: 102) vergelyk die prenatale tydperk van mensontwikkeling met die belangrikheid van die eerste hoofstuk van 'n boek ten einde die hele boek te kan verstaan. Daar moet deeglik kennis geneem word van die aard van die minderjarige kind se prenatale ontwikkelingsfase ten einde latere ontwikkeling ten volle te kan verstaan (Louw, 2003: 102).



Verskeie skrywers onderskryf een van twee modelle vir mensontwikkeling, naamlik die meganistiese óf organismiese model (Papalia et al., 2006: 26). Die meganistiese model verwys na ontwikkeling as 'n geleidelike proses van vordering terwyl die organismiese model na ontwikkeling verwys as vordering volgens bepaalde stadia waartydens ontwikkeling na elke stadium eers ophou (Papalia et al., 2006: 26). Feldman (in Hurlock, 1964: 27) bevestig die feit van opvolgende fases in mensontwikkeling en dui soos volg op die uniekheid van elke fase: "Human life proceeds by stages. ... Each stage is distinguished by a dominant feature, a leading characteristic, which gives the period its coherence, its unity, and its uniqueness." Die identifisering van fases in mensontwikkeling is aanduidend van voortgesette vordering in groei en rypwording. Die onderskeid van verskillende fases beteken egter nie dat elke fase afsonderlik van die vorige ontwikkel nie. Dit is die navorser se mening dat ontwikkeling in 'n geleidelike, natuurlike groeiproses geskied waarin voorsiening gemaak word vir individualiteit en uniekheid. Papalia et al. (2006: 27) beklemtoon dat die heersende benadering in die ondersoek na mensontwikkeling 'n soeke behels na hoe die verskillende prosesse van verandering en stabiliteit in ontwikkeling wedersyds betrokke is. Daar is dus sprake van 'n tweeledige interaktiewe rigting in mensontwikkeling ("bi-directional") (Papalia et al., 2006: 27). Sodanige beskouing is in ooreenstemming met die holistiese karakter van die algemene sisteemteorie waarop hierdie studie gebaseer is.

Mensontwikkeling impliseer voortdurende verandering wat aanpassing van die individu verg. Strom et al. (1989: 39) wys op die bedreiging wat aanpassing by verandering vir die mens inhou vanweë die probleem om effektiewe aanpassingstegnieke te ontwikkel en die gebrek aan 'n gevoel van stabiliteit. In die verband is die adolessente fase van ontwikkeling by uitstek die kwesbare tydperk, aangesien die individu gekonfronteer word met snelle intense en onbekende veranderinge. By die gesin-in-egskeiding skep die onstabiliteit wat deur die verandering in die gesinsisteem meegebring word ernstige sekuriteitsprobleme vir elke betrokke lid, maar by uitstek vir die minderjarige kind. Ten opsigte van die mate waarin die skeidende egpaar-subsisteem vir die minderjarige kind stabiliteit tydens die egskedings-tydperk asook vir die na-egskedings-tydperk kan verseker, behoort deeglike assessering van die belange van die kind in ag geneem te word.

Die volgende stelling deur Carlson en Stieglitz (in Hurlock, 1964: 26) dui op die voortdurende interaksie tussen die individu as sisteem en subsisteem in verhouding tot ander subsisteme in die omgewing, wat die gesinsisteem



insluit, en beklemtoon die uniekheid van elke individu: “We are what we are today, to a great degree, because of what happened to us in our yesterday, and no two people have had identical sequences of yesterdays. ... the effect of all these experiences increases with age, because they accumulate.”

Die uiteensetting van Papalia et al. (2006: 9-10) met betrekking tot die konsensus wat tans deur navorsers in kinderontwikkeling bereik is, dien as samevattende afsluiting vir hierdie hoofstuk oor die minderjarige kind as sub-sisteem binne die gesinsisteem:

- Alle dimensies van ontwikkeling is interverwant; elk beïnvloed die ander soos groter fisieke mobiliteit die baba van die wêreld leer.
- Normale ontwikkeling sluit ’n wye verskeidenheid individuele verskille in; “each child, from the start, is unlike anyone else in the world”. Interne en omgewingsinvloede het gesamentlike invloede op die ontwikkeling van die kind.
- Kinders help vorm hulle eie ontwikkeling en beïnvloed die respons van ander teenoor hulself; die invloede word aanvaar as tweeledig (“bi-directional”).
- Historiese en kulturele kontekste het ’n sterk invloed op ontwikkeling; elke kind ontwikkel in ’n bepaalde omgewing begrens deur tyd en plek.
- Kinders kan oor merkwaardige herstelvermoë (“resilience”) beskik wat vroeë ondervinding soos trauma of deprivasie kan oorkom.
- Ontwikkeling in die kinderjare is verbind met ontwikkeling deur die hele lewensiklus. Dit beteken dat die mens lewenslank die potensiaal tot verandering behou.

By die assessering van die belange van die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding is dit dus noodsaaklik om al die faktore wat in die kind se ontwikkeling betrokke is in ag te neem ten einde ’n ingeligte mening te vorm met betrekking tot die kind se behoeftes asook die wyse waarop die ouersisteem in daardie behoeftes kan voorsien. ’n Kombinasie van biologiese, psilogiese, maatskaplike, ekonomiese en kulturele faktore help vorm die kind se ontwikkeling. Horowitz (in Papalia et al., 2006: 76) huldig die volgende mening ten opsigte van bereiking van optimale ontwikkeling vir die mens: “The more advantageous these circumstances and the experiences to which they give rise, the greater is the likelihood of optimum development.”

In hoofstuk 4 is die sistemiese plek van die minderjarige kind binne die gesinsisteem uitgelig ten einde die kind as mens binne die konteks van die



gesin-in-egskeiding te beskou. Die bespreking van die mensontwikkelingsproses beklemtoon die kompleksiteit van die posisie van die minderjarige kind binne die gesinsisteem. Derhalwe word 'n deeglike assesseringsproses bepleit wat alle aspekte van die minderjarige kind se lewe tydens egskeding in ag neem met die oog op die bepaling van die kind se beste belang vir die toekoms na egskeding.

In die volgende hoofstuk word die aandag gevestig op die ondersoek na en bespreking van egskeding as maatskaplike probleem. Die proses van egskeding word ontleed waardeur die dilemma van die minderjarige kind weereens uitgelig word.



HOOFSTUK 5

*“Die geneuk met `n huwelik is dat geeneen daarvoor opleiding ontvang
nie”.*

*Philip du Toit
(Beeld, 18 Oktober 2006)*



HOOFSTUK 5

EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM

5.1 INLEIDING

Die volgende gedig is geskryf deur 'n minderjarige kind van twaalf wat die egskeiding van haar ouers oor 'n tydperk van twee jaar beleef het. Dit beskryf die nietigwording van die huwelik en die kind se gevoelens baie treffend:

It starts with a tiny flake of snow
and then it grows and grows and grows
and when it's finally grown enough, it explodes.
Have you ever seen a snowball grow small?
It doesn't, it just melts into nothing at all
and when it's gone
and love goes too
there's nothing left for you
and when it's gone the love's gone forever,
there's nothing in this world for me
(Pritchard, 1998: 18-19).

Die belang van egskeiding as fenomeen vir hierdie studie is naamlik die implikasie wat egskeiding vir die minderjarige kind(ers) in die huwelik inhou. Soos in hoofstuk 4 na verwys, het die minderjarige kind bepaalde behoeftes wat by die bepaling van die kind se toekomstige bedeling na ontbinding van die ouers se huwelik in ag geneem behoort te word. Die statistiek aangaande die voorkoms van egskeiding en die getal minderjarige kinders wat betrokke is, is 'n sterk aanduiding dat die verskynsel van egskeiding 'n aktuele maatskaplike probleem is. Minderjarige kinders is betrokke in ongeveer die helfte van alle egskeidings wat plaasvind en die gemiddelde aantal kinders per egskeidende gesin word op twee bereken (Coltrane & Collins, 2001: 526). Die gemiddelde persentasie egskeidings per jaar in die meeste geïndustrialiseerde lande word op tussen 40-50% gestel, wat dus beteken dat ongeveer 20-25% van die minderjarige kinders per jaar in hulle ouers se egskeiding betrek word (Benokraitis, 1999: 430; McKay et al., 1999: 1; Glasser, 2003: 108; Benokraitis, 2005: 425).



Die huwelik word in die Westerse konteks tradisioneel beskryf as 'n wetlike lewenslange vrywillige vereniging tussen een man en een vrou met die uitsluiting van ander persone (Cronje & Heaton, 1999b: 21; Sinclair, 1999b: 164). Hierdie beskouing word ondersteun deur die huweliksformulier wat by kerklike huweliksbevestigings gebruik word en waarin die egpaar hulle lewenslang verbind “till death do us part” (Gereformeerde Kerk, SA, 2001: 152; Methodist Conference, 1992: E9). Die voorskrifte waardeur die wettiging van 'n huwelik gereguleer word, berus dus op die beginsel van konsensus tussen die partye (Cronje & Heaton, 1999b: 21; Sinclair, 1999b: 164) en wedersydse liefde (Gereformeerde Kerk, 2001: 152; Methodist Conference, 1992: E4). Dit beklemtoon 'n idilliese ewigdurende verbintenis tussen die twee persone met die bedoeling om met tyd te verbeter. Die realiteit wys egter dat die verbintenis tussen mens en mens, soos in die huwelik, 'n verdere komponent meebring, naamlik die aard van die wedersydse interaksie tussen hierdie twee persone. Hierdie interaksie betrek die twee individue as sub sisteme asook die patrone van funksionering soos in hulle elkeen se oorspronklike gesinsisteme gevorm wat nou in die verhouding tussen hulle tot uiting kom.

Die verhoogde lewensverwagting van die mens wat deur tegnologiese ontwikkeling ingetree het, bring verder mee dat huwelikspartye in die huidige tydsbedeling gemiddeld vir twintig jaar langer in 'n huweliksverbintenis is as wat 'n eeu en meer gelede die geval was (Saxton, 1996: 390; Pryor & Trinder, 2004: 324). Die realiteit van die hoër lewensverwagting van die mens bring dus onder andere veranderde maatskaplike omstandighede vir die huwelik mee deurdat huweliksmaats baie langer met die huwelik gekonfronteer word.

Die huwelik skep 'n *consortium omnis vitae*, 'n gemeenskaplike lewe tussen die twee gades (Sinclair, 1999b: 172; Cronje & Heaton, 2004a: 49). Dit verwys na die toedeling van bepaalde regte, verpligtinge en voordele aan beide individue op grond van die huweliksbevestiging tussen hulle. Hierdie konsortium sluit die totaliteit van die aspekte van liefde, toegeneentheid, gemak, wedersydse take, seksuele gemeenskap en kameraadskap tussen die egpaar in (Sinclair, 1999b: 172; Cronje & Heaton, 2004a: 50). Dit impliseer dus 'n span tussen die egpaar wat op die beginsel van samewerking berus. Die privaatreg erken tans die vennootskapsbeginsel in die huwelik en gaan van die veronderstelling uit dat die individue as egpaar gelyke status binne die huwelik geniet (Sinclair, 1999b: 163-164).



Die gemeenskaplike lewe tussen die twee individue in 'n huwelik kan egter deur geen wet of reg afgedwing en beskerm word nie. Een van die individue in die egpaarsisteem kan die ontbinding van die huwelik versoek indien 'n gebrek aan aspekte van die konsortium die normale voortgang van die huweliksverbintenis belemmer. Indien die konsortium bedreig word, dien egskeiding as opsie derhalwe as indirekte beskermingsmaatreël tot instandhouding van die huwelik (Sinclair, 1999b: 173; Cronje & Heaton, 2004a: 50). Die ironie van hierdie feit en die realiteit van verandering as 'n konstante gegee in die menslike bestaan word soos volg deur Furstenberg en Spanier (in Morgan & Scanzoni, 1987: 1-2) beskryf:

In a matter of a few decades we have replaced a set of rules requiring that people remain married even when they retained little or no emotional attachment to one another with one that virtually requires them to relinquish their relationship if they are not deeply emotionally involved.

Persoonlike individuele geluk begin in toenemende mate die verbintenis van 'n individu in 'n verhouding bepaal. Die norm van persoonlike geluk het 'n aanvaarde ingesteldheid in die gemeenskap geword en die rigtinggewende etiese kode in die huidige leeftydperk is naamlik die reg van die individu tot die vryheid en outonomie om sy lewe te verander ten einde gelukkig te kan wees (McKay et al., 1999: 1; Lauer & Lauer, 2006: 359). Die kompleksiteit van die huweliksverbintenis en die ontbinding daarvan kan met 'n verstrengelde knoop vergelyk word. Regsdrade, emosionele drade, fisieke, sosiale en finansiële drade word alles in die vorming van hierdie huweliksknoop byeengevoeg. Die ontknoping daarvan deur middel van egskeiding kan dus selfs meer ingewikkeld wees, "leaving many loose ends with which one must deal" (Ponzetti & Cate, 1988: 1). Egskeiding is 'n ingewikkelde interaksieproses wat 'n intense invloed op die emosionele leefwêreld van al die betrokke persone uitoefen. Die gevolge kan wissel van angswekkende, verbysterende, onhanteerbare emosionele belewenisse tot gevoelens van groot verligting en euforie (Ponzetti & Cate, 1988: 2; McKay et al., 1999: 11).

Die omvang van die verskynsel van egskeiding word weergegee deur die feite in die literatuur asook die verskeidenheid en hoeveelheid literatuur wat beskikbaar is. Hierdie hoofstuk gaan dus fokus op (1) die konseptualisering van egskeiding as maatskaplike probleem; (2) die voorkoms van egskeiding, globaal asook nasionaal; (3) die egskeidingsproses deur die fases van be-



sluitneming, ontbinding en herstel; (4) die sistemiese impak van egskeiding op die sub sisteeme van individu, gesin en gemeenskapsisteem; met (5) ’n samevattende afsluiting.

5.2 KONSEPTUALISERING VAN EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM

In hoofstuk drie en vier is die sistemiese verband van die gesin as maatskaplike instelling en die behoeftes van die minderjarige kind as sub sisteem in die gesin bespreek. Die realiteit van die komplekse interverwantskap tussen lede van die gesin is uitgespel en die sistemiese invloed van individuele lede op mekaar en die gesin het duidelik na vore gekom.

Die vraag kan dus ontstaan in watter mate egskeiding as gesinsprobleem ook as ’n maatskaplike probleem beskou kan word. Vervolgens sal egskeiding as konsep beskryf word ten einde ’n gemeenskaplike basis vir die beskouing van die vraagstuk te bied. ’n Bespreking van die konsep “maatskaplike probleem” volg daarna ten einde egskeiding as maatskaplike probleem te identifiseer.

5.2.1 Egskeiding as konsep

Die implikasie van die juridiese ingrype van egskeiding op ’n huwelik is ingestel as dreigement tot die beëindiging van ’n huwelik met die doel om die huweliksband te behou (Cronje & Heaton, 1999b: 59; Sinclair, 1999b: 173). Die tendens binne die huidige gemeenskapsisteem dui egter op die teendeel, naamlik dat egskeiding as ’n uitkoms beskou word wanneer die individu as sub sisteem bedreig voel of die gesamentlike huwelikslewe nie meer bevredigend is na een of beide partye se behoeftes en verwagtinge nie (McKay et al., 1999: 1-2; Lauer & Lauer, 2006: 359).

Hiemstra en Gonin (1984: 44) beskryf egskeiding as die skei van die partye of die ontbinding van die huwelik.

Ponzetti en Cate (1987: 2) verduidelik egskeiding aan die hand van die proses wat betrokke is: “Marital dissolution involves the social, emotional, and legal process through which former spouses move from marriage to another



lifestyle; that is to say, divorce is not a single event that occurs at one point in time.”

“Divorce, like marriage, is a legal condition. It involves one in the complexities of courts and lawyers” (Coltrane & Collins, 2001: 514).

Pierson en Thomas (2002: 148) omskryf egskeiding as “the legally dissolution of a marriage, often preceded by a period of separation that may also be legally ratified”.

Benokraitis (2005: 427) beskryf egskeiding as die “... legal and formal dissolution of a marriage ...”

Die begrip “egskeiding” verwys dus in die algemeen na die wettige, formele ontbinding van die eg of huwelik. Definiëring van die konsep “egskeiding” is ’n akademiese oefening met ’n kliniese betekenis wat meestal slegs die regtelike implikasie uitspel. Die verskeie dimensies van die persoonlike belewenis en impak van die juridiese bevel van egskeiding word nie in die meeste definisies vasgevang nie.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word volstaan met die beskrywing van die konsep “egskeiding” as die proses van emosionele, fisieke en wetlike ontbinding van die huweliksverbintenis tussen twee bepaalde individue wat verreikende sistemiese implikasies vir al die betrokke sub sisteme inhou.

Ten einde egskeiding as maatskaplike probleem te konseptualiseer word onderskeid getref tussen ’n persoonlike en maatskaplike probleem. Die vraag kan ontstaan oor waarom wetenskaplike navorsing na egskeiding belangrik of nodig geag word indien dit as probleem slegs sekere individue en hulle gesinsisteme betrek. Lauer en Lauer (2006: 5) beklemtoon die beskouing van ’n vraagstuk as ’n persoonlike of maatskaplike probleem kan tot die identifisering van verskillende oorsake en implikasies lei. Die algemene perspektief tot die oorsake, implikasies en toepaslike hanteringswyses van ’n vraagstuk verander en verbreed dus indien dit binne die konteks van ’n gemeenskapsprobleem beskou word (Lauer & Lauer, 2006: 4).

Uitklaring van die terme “maatskaplike” en “persoonlike probleem” volg hierna met die doel om die egskeidingsvraagstuk binne die verwysingsraamwerk van ’n gemeenskapsprobleem te plaas.

5.2.2 Egskeiding as maatskaplike probleem

Die besluit of 'n vraagstuk 'n maatskaplike probleem is of nie, kan vergemaklik word deur te onderskei tussen probleme wat individue slegs persoonlik beïnvloed en probleme wat 'n totale gemeenskap betrek (Lopata, 1984 in Sullivan & Thompson, 1994: 5). So word byvoorbeeld algemeen aanvaar dat misdaad 'n maatskaplike probleem is terwyl daar gedebatteer word oor die aard van pornografie as vraagstuk (Sullivan & Thompson, 1994: 5).

5.2.2.1 Maatskaplike probleem as konsep

Lauer en Lauer (2006: 4) beskryf 'n maatskaplike probleem as 'n vraagstuk waarvan die oorsake en oplossings buite die individuele sisteem en onmiddellike omgewing gevind kan word. Mills, soos aangehaal in Sullivan en Thomas (1994: 5), onderskei maatskaplike probleme as openbare vraagstukke wat 'n impak op die lewe van groot getalle mense het. Dit is sake wat openbare bespreking en kollektiewe oplossings benodig (Lauer & Lauer, 2006: 4). 'n Maatskaplike probleem kan dus omskryf word as 'n toestand wat voorkom waardeur (1) die waardesisteem van 'n beduidende groep bedreig word; (2) 'n groot getal mense beïnvloed word; en (3) die toestand deur kollektiewe optrede beredder kan word (Sullivan & Thompson, 1994: 6; Lauer & Lauer, 2006: 4). Wanneer die ontbinding van groot getalle huwelike derhalwe in die gemeenskapsisteem voorkom, waardeur die toekoms van duisende kinders geraak word, word die waardesisteem van 'n hele gemeenskap beïnvloed (Saxton, 1996: 416). Dit vereis dus remediërende aksie en 'n ondersoek na die oorsake, implikasies en oplossings behoort ook buite die individuele sisteme binne die groter gemeenskapsisteem geloods te word ten einde regstelling van die toestand te bewerkstellig (Lauer & Lauer, 2006: 4). Sullivan en Thompson (1994: 6) som die identifisering van 'n maatskaplike probleem soos volg op: "... social problems are fundamentally social ... because their causes and their solutions have something to do with the workings of society. Social problems may have an impact on individuals, but their roots are found in social life."

5.2.2.2 Persoonlike probleem as konsep

Persoonlike probleme kan beskryf word as daardie vraagstukke waarvan die



oorsprong en oplossing binne die individu as subsisteem in interaksie met die omgewing geleë is (Lauer & Lauer, 2006: 4). Sullivan en Thomas (1994: 5) verwys na persoonlike probleme as “personal troubles” wat die individu as subsisteem binne die onmiddellike omgewing beïnvloed. Die ontbinding van ’n huwelik weens individuele geskille tussen die man en vrou, bring die egskeding vir die besondere gesinsisteem binne die kader van persoonlike probleme, aangesien die oorsaak en oplossing vir hulle probleem ook binne die individuele sisteme gevind kan word. Wanneer die egskeding van een gesin egter ’n verdere enkelouer-gesin en ’n lewe van finansiële nood en ontwrigting vir nog minderjarige kinders by die statistiek voeg, word die persoonlike probleem van een gesinsisteem deel van die groter maatskaplike perspektief op egskeding.

5.2.2.3 Samevattend

Die voorkoms van egskeding in verskeie gemeenskappe wêreldwyd bring mee dat daar waarskynlik reeds sprake is van ’n internasionale maatskaplike probleem. In die Westerse meer geïndustrialiseerde gemeenskappe word feitlik elke tweede huwelik deur egskeding ontbind. Groot getalle minderjarige kinders word daardeur beïnvloed en die huwelik as instelling word bevraagteken (Benokraitis, 2005: 432; Lauer & Lauer, 2006: 4). Die oorsake van egskeding asook die invloed van die vraagstuk op die gemeenskapslewe blyk universeel te wees en plaas egskeding dus sonder twyfel binne die kader van maatskaplike problematiek (Benokraitis, 2005: 432).

Dit is die navorser se mening dat egskeding as probleem binne die kader van persoonlike sowel as maatskaplike vraagstukke val. Die verskynsel is egter van sodanige omvang en die implikasies daarvan sistemies só verreikend, met besondere implikasies vir die minderjarige kind as subsisteem van die gesinsisteem, dat egskeding vir die doeleindes van hierdie studie binne die konteks van maatskaplike problematiek beskou word.

Ten einde hierdie standpunt verder toe te lig word die voorkoms van egskeding as maatskaplike vraagstuk bespreek. Aandag word eerstens aan die historiese konteks van egskeding gewy. Daarna word die internasionale voorkoms van egskeding toegelig, naamlik soos dit in die geïndustrialiseerde gemeenskappe van die VSA, Kanada, Brittanje en Australië ondervind word. Die internasionale beskouing van die voorkoms van egskeding word opgevolg deur ’n bespreking van egskeding binne die Suid-Afrikaanse konteks.



5.3 VOORKOMS VAN EGSKEIDING AS MAATSKAPLIKE PROBLEEM

Die verandering in openbare mening en wetgewing wat sedert die negentiende eeu met betrekking tot egskeiding ingetree het, het meegebring dat egskeiding maklik in die meeste Westerse gemeenskappe in die 21ste eeu verkry word (Cherlin, 2002: 417).

Daar word drie historiese eras in die ontwikkeling van egskeiding as maatskaplike probleem onderskei, naamlik (1) die era van beperkte egskeiding; (2) die era van verdraagsaamheid ten opsigte van egskeiding; en (3) die era van onbeperkte egskeiding (Cherlin, 2002: 418-422).

5.3.1 Historiese konteks van egskeiding as maatskaplike probleem

5.3.1.1 Die era van beperkte egskeiding

Hierdie era verwys na die tydperk vanaf die eerste geskiedkundige inligting aangaande egskeiding tot ongeveer 1850. Gedurende hierdie era was dit baie moeilik om 'n wettige egskeiding in enige Westerse gemeenskap te bekom. Egskeidingswette was gereguleer deur die besondere land se bepaalde religieuse geloof. In lande waar die Rooms-Katolieke geloof gevolg is, was egskeiding verbied behalwe in gevalle waar die kerkamptenare 'n huwelik nie-tig verklaar het. Lande wat die Protestantse geloof aangehang het, was meer liberaal en egskeiding is op grond van owerspel en verlating toegestaan, en soms ook weens uiterste geweld deur die man. Egskeiding was buitengewoon en is hoofsaaklik aan die man toegestaan. Egskeiding was nie toeganklik vir 'n vrou of persone sonder grondbesit of armes nie (Cherlin, 2002: 418).

5.3.1.2 Die era van verdraagsaamheid teenoor egskeiding

Die tweede era verwys na die tydperk vanaf ongeveer die middel van die negentiende eeu, naamlik 1850-1870, tot om en by die laat middel van die twintigste eeu, naamlik 1970. Hierdie era word gekenmerk deur meer verdraagsaamheid met betrekking tot egskeiding as verskynsel. Erkenning is verleen aan die vrou se huishoudelike rol en wetgewers en howe het meer



simpatie teenoor die vrou ontwikkel waar die man afkeurenswaardige gedrag openbaar het. Gronde vir egskeiding is uitgebrei en gedrag soos gewoontedronkenskap, gebrekkige voorsiening vir die vrou asook “mental cruelty” is bygevoeg. Hierdie groter toegeneentheid ten opsigte van die posisie van die vrou in die huwelik het egskeiding meer toeganklik vir die vrou gemaak (Cherlin, 2002: 420).

Die beskouing van die huwelik het volgens Cherlin (2002: 420-421) gedurende hierdie era verander. Die huwelik was voorheen beskou as ’n ekonomiese samewerkingsooreenkoms met die doel om te oorleef. Hierdie siening het begin verander en die huwelik is geleidelik meer as ’n emosionele vennootskap beskou. Dit is dus nie meer as ’n instelling gesien nie, maar eerder ’n kameraadskap (Pryor & Trinder, 2004: 324). Die aanvaarding van sodanige verandering in die gemeenskapslewe het meegebring dat ’n gebrek aan die belewing van liefde en kameraadskap in die huwelik as voldoende gronde vir ’n egskeiding beskou is. Egskeiding het dus verander vanaf ’n rariteit in die vorige era, wat hoofsaaklik vir die man beskikbaar was, tot ’n meer algemene verskynsel met groter toeganklikheid vir die vrou (Saxton, 1996: 416; Cherlin, 2002: 421).

Teen die laat middel van die twintigste eeu, naamlik 1960, het die egskeidingsyfer ernstig begin styg. Die toestaan van ’n egskeiding het berus op die bewys van oorsaak vir gronde tot egskeiding by een van die egpaar, met ander woorde daar moes bewys gelewer word van owerspel, verlating, gebrekkige versorging of geestesongesteldheid. Dit het daartoe gelei dat die individu dikwels oor “skynbewyse” ooreengekom het ten einde die egskeiding te bekom. Hierdie situasie het die sentiment vir eliminerings van die bewys van fout by een van die egpaar laat ontwikkel (Cherlin, 2002: 421).

5.3.1.3 Die era van onbeperkte egskeiding

Die eerste wetgewing om bewys van fout by een van die egpaar ten einde ’n egskeiding te bekom te elimineer, is deur die staat Kalifornië in die VSA in 1970 ingestel. Daarmee is die era van die sogenaamde “no fault”- of skuldlose wetgewing vir egskeiding ingelei wat sedert die einde van 1980 in die meeste Westerse lande toegepas word. Dit beteken ’n egskeiding word bloot op grond van die onherstelbaarheid van die huwelik weens verskille tussen die egpaar toegestaan. Daarby kan enige van die partye in ’n huwelik ’n egskeiding sonder die instemming van die ander party bekom (Cherlin, 2002:



416). Hierdie era kenmerk dus die verandering van die kameraadskap-huwelik na die onafhanklike huwelik. Sodanige perspektief op die huwelik reflekteer die siening in die gemeenskap dat geen persoon gedwing behoort te word om in 'n huwelik te bly wat hy of sy persoonlik onaanvaarbaar vind nie (Saxton, 1996: 416-417; Cherlin, 2002: 422-423).

Egskeiding het dus ontwikkel vanaf 'n baie beperkte verskynsel wat slegs vir bevoorregte mans toeganklik was na 'n wyse waardeur die gemiddelde getroude persoon sy of haar belewenis van eie lewenswelstand kan bevorder. Cherlin (2002: 423) som dit soos volg op: “In the most liberal no-fault states and nations, it had become something close to an individual right.”

Die aandag word voorts aan die bespreking van die voorkoms van egskending in die internasionale en daarna die nasionale konteks gewy.

5.3.2 Internasionale voorkoms van egskending

Die mate waarin egskending in verskeie gemeenskappe voorkom, ondersteun die universele karakter van die probleem en kan pogings tot kollektiewe oplossings oor 'n breë spektrum bevorder. Die gemeenskappe waar egskending as verskynsel waargeneem word en wat vervolgens bespreek word, is eerstens die VSA, daarna Kanada, Brittanje en Suid-Afrika. Hierdie lande verteenwoordig 'n geïndustrialiseerde gemeenskap met 'n individualistiese tipe kultuur en 'n hoë egskendingsyfer in teenstelling met gemeenskappe waar 'n kollektivistiese kultuur, met ander woorde waar die groep se welsyn belangriker is as dié van die individu, en 'n laer egskendingsyfer voorkom, soos China, Indië en Brasilië (Pryor & Trinder, 2004: 325; Benokraitis, 2005: 432; Lauer & Lauer, 2006: 351;). Daar is egter reeds aanduidings van 'n styging in die egskendingsyfer in stedelike gebiede van China, soos Beijing, maar navorsing en literatuur in die verband is nog beperk (Benokraitis, 2005: 432). Die genoemde Westerse lande handhaaf ook elk die “no fault”-egskendingswetgewing.

5.3.2.1 Voorkoms van egskending in die VSA

“Each year more than one million marriages in the United States are dissolved in divorce court” (Winner, 1996: xvii).



Statistiek aangaande die egskeidingsyfer in die VSA begin in 1860 wanneer twee uit elke 1 000 getroude pare egskeiding verkry het, terwyl dit teen die einde van die twintigste eeu op 'n gemiddeld van negentien tot twintig uit elke 1 000 pare bereken is. Teen die middel van die 1970's was die egskeidingsyfer in die VSA die hoogste in die Westerse samelewings (Lauer, 1998: 461). Die egskeidingsyfer in die VSA het gedurende die 1980's 'n hoogtepunt bereik van gemiddeld 22 egskeidings per 1 000 huwelikspare (Sullivan & Thompson, 1994: 85-86; Cherlin, 2002: 420-421; Benokraitis, 2005: 427; Lauer & Lauer, 2006: 349).

Thwing en Thwing (in Benokraitis, 2005: 427) het reeds in 1887 hulle kommer uitgespreek oor die styging in die egskeidingsyfer in die VSA sedert 1830. Benokraitis (2005: 427) is egter van mening dat hierdie syfers die eerste aanduiding van wettige egskeidings was terwyl huwelike voorheen na alle waarskynlikheid in verlating of skeiding uitgeloop het sonder enige wettige erkenning daarvan.

Die egskeidingsyfer in die VSA het gedurende die twintigste eeu geleidelik gestyg – vanaf 1960 tot 1980 is 'n aansienlike verhoging getoon – maar sedert die 1980's het dit 'n plato bereik. Die huidige egskeidingsyfer is laer as tussen die jare 1975 tot 1990, maar hierdie daling kan vermoedelik gekoppel word aan die verhoogde patroon van saamleef-gesinstipes wat net 'n verbintenis verbreek en dus nie skei nie (Glenn, 2001 in Benokraitis, 2005: 428).

'n Verdere aspek van belang in die voorkoms van egskeiding as maatskaplike probleem in die VSA is die groot persentasie geskeide persone wat 'n tweede of selfs derde en meer huwelike aangaan terwyl die egskeidingsyfer vir hierdie groep hoër is as vir eerste huwelike (Sullivan & Thompson, 1994: 86; Lauer, 1998: 461). Sullivan en Thompson (1994: 87) verwys na hierdie verskynsel as die voorkoms van “serial monogamy” in die huwelik as instelling in die VSA.

Egskeiding is 'n belangrike faktor in die voorkoms van enkelouer-gesinne sowel as die vorming van hersaamgestelde gesinne (Sullivan & Thompson, 1994: 89; Curran & Renzetti, 1996: 212; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 8; Lauer, 1998: 461). Die gesinsistiem binne die Amerikaanse gemeenskapsistiem ondervind dus ernstige veranderinge weens die hoë voorkoms van egskeiding en die neiging van geskeide persone om 'n tweede of meer huwelike aan te gaan.



Die huidige voorkoms van egskeiding in die VSA dui op 'n koers van net onder 50%, wat beteken dat byna die helfte van die huwelike wat gesluit word waarskynlik in egskeiding sal eindig (Saxton, 1996: 425-426; Baron & Byrne, 2000: 148; Benokraitis, 2005: 425). Die gemiddelde duur van 'n huwelik in die VSA word op 6,8 jaar bereken (Saxton, 1996: 427; McKay et al., 1999: 1). Teen 1999 het dertien miljoen kinders 'n gesinskeiding beleef en teen 2000 het byna die helfte van 13,5 miljoen ouers, met die bewaringsgesag vir minderjarige kinders, geen onderhoudsbevel ten opsigte van die kinders se versorging ontvang nie (McKay et al., 1999: 1; Benokraitis, 2005: 425). Cherlin (2002: 417) vestig die aandag soos volg op die langtermyninvloed van die skep van saamleef- en stief- of hersaamgestelde gesinsisteme vir die minderjarige kind: "It can bring a bewildering network of quasi relatives that extends over several households." Daar word bereken dat byna die helfte van die kinders uit hersaamgestelde gesinsisteme voor die ouderdom van agtien jaar 'n tweede egskeiding van 'n ouersisteam kan beleef (Bumpass, 1984 in Cherlin, 2002: 417).

Binne die konteks van sodanige gegewens blyk die omvang en intensiteit van egskeiding as vraagstuk in die VSA sonder twyfel 'n ernstige maatskaplike probleem te wees.

Gegewens uit Kanada sal voorts beskou word ten einde die voorkoms van egskeiding as verskynsel in dié samelewing weer te gee.

5.3.2.2 Voorkoms van egskeiding in Kanada

In 1968 is die eerste federale egskeidingswetgewing in Kanada deurgevoer en die voorkoms van egskeiding as verskynsel het daarna geleidelik begin toeneem (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 3). Nadat die "no fault"-beginsel vanaf 1985 in Kanada se egskeidingswet geïnkorporeer is, het die voorkoms van egskeiding drasties van 8% in 1968 tot 44% in 1987 toegeneem (Snow, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 3). 'n Konstante styging in die totale egskeidingsyfer vir Kanada word sedert 1997 gerapporteer. Teen 1998 was die getal egskeidings vir Kanada bereken op 69 088, in 1999 was die getal 70 910 en teen 2000 'n totaal van 71 144 (Pearce, in *The Globe & Mail*, Oktober 2003: F6).



Die hoë voorkoms van egskeiding as fenomeen in Kanada impliseer verandering in 'n groot getal kinders se lewe. Die Kanadese *Special Joint Committee on Child Custody and Access* (1998: 3) bevestig omvattende verandering in die voorkoms van die gesin in Kanada in dié mate dat met die laaste sensusopname in 1996 slegs 45% van alle gesinne uit die kerngesinsamestelling bestaan het, naamlik 'n gesin met twee getroude ouers met afhanklike kinders. Die ander 55% gesinne het ander gesinsvorme aangeneem waarvan 29% hiervan enkelouer-gesinne was terwyl 15% van alle kinders onder die ouderdom van sewentien jaar in enkelouer-gesinne met die moeder as hoof en 2% met die vader as hoof gewoon het (Sturrock, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 3). Uit die statistiese gegewens van 1998 woon 86% van geskeide gesinne se kinders na die egskeiding by die moeder, terwyl 7% by die vader woon, 6% in gesamentlike bewaring van beide ouers en die oorblywende 1% kinders in ander vorme van bewaring (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 4).

'n Verdere verandering in die gesinslewe wat waargeneem word, is die feit dat kinders op jonger ouderdomme aan egskeiding in die gesin blootgestel word. Sedert ongeveer 1984 tot 1998 het die gemiddelde ouderdom waarop een uit elke vyf kinders egskeiding van die ouers beleef van ouderdom sestien tot vyf verlaag (Clermont, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 4).

Die impak wat bogenoemde verandering weens egskeiding op die gesinsamestelling in Kanada het en veral die impak op die ontwikkeling van die jong kind, is 'n bron van kommer en vereis ernstige pogings tot navorsing ten einde oplossings te vind vir die probleme wat weens egskeiding ontstaan (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 4). Dit wil na die navorser se mening voorkom of dit by uitstek die klein en jong kind is wat in 'n al hoe groter mate die slagoffer van egskeiding word.

Die voorkoms van egskeiding in Brittanje sal vervolgens bespreek word ten einde die omvang van egskeiding as verskynsel asook die implikasies daarvan binne die perspektief van 'n maatskaplike probleem te beskou.



5.3.2.3 Die voorkoms van egskeiding in Brittanje

“... over one quarter of the babies born in the UK today are likely to experience parental separation before they reach school leaving age” (Herbert, 1997b: 2).

Die huidige tendens is ’n egskeiding vir een uit elke drie eerste huwelike en die waarskynlikheid van ’n neiging dubbel so hoog vir tweede huwelike (Pierson & Thomas, 2002: 148). Die implikasie vir kinders is dat een uit elke twintig kinders teen die ouderdom van vyf ’n egskeiding in die gesin beleef en een uit elke vyf kinders teen ouderdom van sestien (Pierson & Thomas, 2002: 148). Dit blyk dat die aantal minderjarige kinders onder die ouderdom van sestien wat in hulle ouers se egskeiding betrokke is min of meer dieselfde is as die totale aantal egskeidings per jaar. In 1981 was die totale egskeidings 145 713 en die kinders betrokke 159 403; in 1991 was die getalle onderskeidelik 158 745 egskeidings en 160 684 kinders; in 2001 was die egskeidings 143 818 en die kinders 146 914; in 2003 was daar 153 490 egskeidings en 153 527 kinders betrokke; en in 2005 was die getal egskeidings 141 750 teenoor 136 332 kinders betrokke (National Statistics UK, Februarie 2007)

Enkelouer-gesinne met afhanklike kinders vorm bykans 20% van alle gesinne en dit beteken dat byna twee miljoen kinders in ’n enkelouer-gesin grootword (Pierson & Thomas, 2002: 258). Onderhoudsgeld as ’n bron van inkomste vorm slegs 7% van die gemiddelde inkomste van ’n enkelouer-gesin ten spyte van die regering se pogings om dit te verbeter (Pierson & Thomas, 2002: 258).

Regerings-, welsyn- en religieuse instansies se kommer aangaande die hoë en stygende voorkoms van egskeiding het tot die instelling van die Family Law Act 1996 gelei waardeur die konsep van “fault” in egskeiding uit die wetboek verwyder is (Pierson & Thomas, 2002: 149).

In die algemeen het die sosiale stigma teen egskeiding grootliks verminder en alternatiewe gesinsvorme wat ontstaan, word as deel van die kompleksiteit van die gesinslewe erken. Die finansiële dilemma wat na egskeiding veral ontstaan by enkelouer-gesinne waar die moeder die hoof is, vereis ernstige besinning, aangesien ’n groot persentasie kinders wat in armoede verkeer deel van hierdie tipe gesin is (Pierson & Thomas, 2002: 259).

Uit bogenoemde inligting blyk dit dus dat egskeiding as vraagstuk vir Brittanje, soos in die VSA en Kanada, ernstige maatskaplike implikasies soos verarming en die ontwikkeling van ’n geslag kinders in enkelouer-gesinne meebring.

Na die bespreking met betrekking tot die voorkoms van egskeiding as maatskaplike vraagstuk in internasionale verband, en wel in die VSA, Kanada en Brittanje, word die aandag voorts op die Suid-Afrikaanse konteks gevestig. Die voorkoms van egskeiding as verskynsel in Suid-Afrika word bespreek ten einde die universele karakter van die verskynsel as maatskaplike vraagstuk te beskou.

5.3.3 Die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika

“An alarming number of divorces are finalized every year in South Africa, and an even more disturbing number of children are affected by these divorces” (Glasser, 2003: 108).

In die Suid-Afrikaanse konteks blyk die volgende inligting aangaande die voorkoms van egskeiding en die aantal minderjarige kinders wat deur die verskynsel geraak word volgens die jongste statistiese gegewens: In 1978 was die totale getal egskeidings 13 332 en minderjarige kinders 18 236; in 1988 was die egskeidings in totaal 24 590 en minderjarige kinders 32 524; en in 1998 was die getal egskeidings 35 792 en die getal minderjarige kinders betrokke 45 123 (Statistiek Suid Afrika, 1998 & 2001). In 2003 was die totale egskeidings 31 566, wat ’n 0,6%-toename teenoor 2002 toon, met 33 424 minderjarige kinders betrokke, wat ’n klein afname teenoor 2002 se getal is (Statistics South Africa, 2003: viii-x). Daar is ’n toename in die getal egskeidings in 2004 met ’n totaal van 31 768 en ’n kleiner getal minderjarige kinders betrokke, naamlik 29 597 (Statistics South Africa, 2004: 1-2). In 2005 was daar ’n verdere toename in die getal egskeidings, naamlik 32 484 asook ’n toename in die getal minderjarige kinders betrokke, naamlik 32 394 (Statistics South Africa, 2005: 3-4). Dit blyk dus dat die getal minderjarige kinders wat per jaar in die egskeiding van ouers betrokke is ook in Suid-Afrika min of meer gelyk is aan die totale getal egskeidings wat voorkom. Daar is dus byna sprake van een minderjarige kind per gesin wat skei.

Die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika, soos die feite hierbo aandui, toon steeds ’n stygende tendens in die getal gefinaliseerde egskeidings per



jaar asook die aantal kinders wat by hierdie verskynsel betrokke is. Die grootste aantal egskeidings in Suid-Afrika kom voor in huwelike wat tussen vyf tot nege jaar duur en egpare wat tussen 35 tot 39 jaar oud is (Statistics South Africa, 2005:3). Die grootste getal minderjarige kinders in egskeiding betrokke, word ook in die huweliksduurte-groep van vyf tot nege jaar gevind wat beteken dat die kinders baie jonk is (Statistics South Africa, 2005: 39).

Glasser (2003: 108) stel die effek van die bogenoemde gegewens soos volg:

The traumatic effect of divorce on children is both profound and lasting. Not only does it impact on the immediate emotional and social lives of children, but it also very often impacts on their own relationships when adult, thus generating cycles of divorce down the generations.

Die waarskynlikheid van die ontstaan van 'n spiraal van egskeidings deur die geslagte heen is sterk, gesien in die lig van die impak van egskeiding op die kind se emosionele en maatskaplike lewe wat die vorming van persoonlike verhoudings beïnvloed.

Egskeiding as verskynsel word dus ook in Suid-Afrika sonder twyfel as 'n maatskaplike probleem geïdentifiseer.

5.3.4 Samevatting

Dit blyk uit die bespreking van die inligting aangaande egskeiding as verskynsel in verskeie lande dat die tendens in Suid-Afrika met die patroon van voorkoms in onder andere die VSA, Kanada en Brittanje ooreenstem.

Egskeiding as verskynsel is reeds in 1994 deur Van Westing (1994: 22) as 'n "wêreldtendens" beskryf in die bespreking van gegewens soos van toepassing op Engeland, Nederland, Duitsland asook Suid-Afrika. Richards (1991, in Van Westing, 1994: 22) verklaar dat die stygende egskeidingsyfer gekoppel word aan die toename in hertroues en bevestig dat die getal egskeidings van tweede huwelike selfs hoër is, veral waar minderjarige kinders betrokke is.

'n Studie van 27 lande het aangetoon dat die egskeidingsyfer in 25 van die lande tussen 1950 en 1985 gestyg het terwyl die huwelikskoers in 22 van die



lande gedaal het (Benokraitis, 2005: 432). In die geïndustrialiseerde lande word hoë egskedingsyfers in Kanada, Brittanje, Swede en Frankryk gerapporteer terwyl Rusland as ontwikkelde land die hoogste egskedingsyfer toon (Benokraitis, 2005: 432). Een van die redes wat aangevoer word vir die internasionale tendens van stygende egskedingsyfers is naamlik die losmaking van die wetgewing insake egskeding van die bewyslas van skuld by een van die partye sedert die sogenaamde “no fault”-wetgewing in 1970 aanvaar is (Benokraitis, 2005: 432). Selfs China het in 1980 wetgewing ingestel waarvolgens ’n egpaar wetlik mag skei en Egipte het in 2000 wetgewing aanvaar wat vroue toelaat om vir egskeding aansoek te doen (Benokraitis, 2005: 432).

Dit kan gestel word dat dit nie egskeding of ontbinding van die huwelik as sodanig is wat die maatskaplike probleem is nie, maar beskou in die konteks van die oorsake, omvang en implikasies daarvan op internasionale vlak soos vooraf bespreek, blyk die vraagstuk van egskeding sonder twyfel ’n maatskaplike probleem te wees. Wanneer ’n kinderlose egpaar ’n egskeding bekom, behels dit steeds die emosionele pyn vir die persone, maar wanneer die wetlike fase van die egskeding afgehandel is, hoef daar nooit weer enige kontak tussen die twee persone plaas te vind nie. Dit is egter wanneer minderjarige kinders by die egskeding van hulle ouers betrokke is dat die implikasies baie wyer strek, want die ontbinding van die huweliksband tussen die twee ouers verander wel die gesinstruktuur, maar verbreek nooit die band tussen die kind en die ouers nie (Cherlin, 2002: 416-417).

Egskeding as maatskaplike probleem is ’n proses wat na alle waarskynlikheid ’n geleidelike aanloop verteenwoordig voordat die ontbinding van die huwelik plaasvind, terwyl daar ook ’n aflooffase na die ontbinding plaasvind. Dit is algemene kennis dat weinig egskedings ’n spontane, kortstondige gebeurtenis is. Cochrane (in Pearce, 2003) wys op die kortstondige wetlike verklaring met egskeding dat ’n huwelikspaar voortaan nie meer man en vrou is nie, en voeg by: “But there’s been a process prior to that. Divorce comes after a long period of estrangement.”

Die implikasie van egskeding as maatskaplike probleem vir die gesin- sowel as gemeenskapsisteen kan slegs volledig in ag geneem word indien die prosesmatige verloop van die vraagstuk ondersoek word. Die proses van egskeding word in die volgende gedeelte bespreek in terme van die (1) besluitnemingsfase; (2) juridiese fase; en (3) herstelfase.



5.4 EGSKEIDING AS PROSES

“... divorce is better understood as only one event in a series of changes in family relationships. What happened before and what happens after separation have more impact on the adjustment of children than this one event” (Pritchard, 1998: 234).

Egskeiding is selde eenvoudig en so beskaaf as wat die partye dit sou verkies en word beskryf as een van die mees traumatiese ervarings wat die individue as sub sisteme daarby betrokke kan beleef (Foster, 1982: iii; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 1). Die prosesmatige aard van egskeiding wat gewoonlik oor ’n lang tydperk verloop, word allerweë bevestig en beklemtoon (Ponzetti & Cate, 1987: 2; Saxton, 1996: 430; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 111; Coltrane & Collins, 2001: 525; Cherlin, 2002: 430; Benokraitis, 2005: 428). Verskillende stadia word in die egskeidingsproses as ’n oorgangstydperk erken en die konseptualisering daarvan deur Bohannon (1971, in Benokraitis, 2005: 428) word redelik algemeen in die literatuur aanvaar. Bohannon (1971, in Benokraitis, 2005: 428) het die volgende ses “stations” of vlakke beskryf, naamlik (1) emosionele egskeiding, (2) wetlike egskeiding, (3) ekonomiese egskeiding, (4) gesamentlike ouerskap-egskeiding, (5) gemeenskapsegskeiding en (6) psigiese egskeiding. Dit is die navorser se mening dat al hierdie vlakke in mindere of meerdere mate gedurende die hele egskeidingsproses aanwesig is en voortdurend in wisselwerkende aksie by die betrokke persone voorkom. In die bespreking wat volg oor die egskeidingsproses sal na hierdie vlakke in die onderskeie fases, soos deur die navorser gekonseptualiseer, verwys word.

Die proses waardeur egskeiding as maatskaplike probleem beweeg, word deur die navorser in drie geïdentifiseerde fases bespreek waar die besluitnemingsfase eerstens uitgelig word. Die aspekte van belang wat hieronder bespreek word, is naamlik (1) die aanloop tot die besluit, (2) besluitneming en (3) uitvoering van die besluit. Die eerste fase word gevolg deur die juridiese fase as tweede fase en derdens die herstelfase.

5.4.1 Die besluitnemingsfase as eerste fase

Die tydperk wat ’n egskeiding voorafgaan, kan weke en selfs maande behels. Egskeiding behels feitlik nooit ’n oornagbesluit nie (Ponzetti & Cate, 1987:



2; Saxton, 1996: 430; Coltrane & Collins, 2001: 525; Benokraitis, 2005: 428).

Daar is sprake van 'n ontwikkelingstydperk wat deur emosionele intensiteit gekenmerk word waarin tye van besliste ontevredenheid met tye van totale ontkenning afgewissel word. Die besluitnemingsfase word beskou as die aanvang van die totale egskeidingsproses en behels (1) 'n aanloopstadium as eerste stadium, gevolg deur (2) die besluitnemingstadium wat laastens in (3) die uitvoering van die besluit kulmineer en dus oorgaan tot die juridiese fase.

5.4.1.1 Aanloopstadium van die besluitnemingsfase

Die aanloopstadium in die besluitnemingsfase word gekenmerk deur die eerste tekens van ontevredenheid met die huwelik, meestal sonder enige direkte of verbale standpunt in die verband. Dit is gewoonlik die inisieerder van die egskeiding wat ongelukkigheid met die huwelik ervaar en gevoelens van verwerping of teleurstelling wat by die ander persoon voorkom. Die een persoon probeer dikwels die huweliksmaat se gedrag verander deur voorstelle van verandering van werk of aanmoediging tot nuwe belangstellings of selfs deur 'n nuwe baba te kry (Saxton, 1996: 430; Cherlin, 2002: 430; Benokraitis, 2005: 428). Ontkenning van eie gevoelens is kenmerkend van hierdie stadium en die ongelukkige persoon of beide hoop op 'n verbetering in die situasie (McKay et al., 1999: 5; Benokraitis, 2005: 429). Hierdie stadium is hoofsaaklik 'n intrapersoonlike en kognitiewe tydperk waar een of albei persone, maar dikwels die inisieerder, gevoelens van onvervulde behoeftes en verwagtinge in die huwelik beleef. Dit kan aanleiding gee tot konflik in die huwelik of bestaande konflik verhoog. Bradford (1980, in Ponzetti & Cate, 1987: 3) beskryf die gevolg van hierdie situasie soos volg: "This in turn leads to serious communication problems and regressive cycles in which spouses recycle resentment, silence, lack of self-disclosure, and avoidance of serious issues." Hierdie tipe patroon kan vir maande of selfs jare voortduur voordat die besluitnemingstadium bereik word (Ponzetti & Cate, 1987: 3).

5.4.1.2 Besluitnemingstadium van die besluitnemingsfase

Toenemende twyfel en onsekerheid met betrekking tot die stabiliteit van die huweliksverhouding ontstaan, dikwels voorafgegaan deur onenigheid, rusies, moontlik insidente van ontrou, ongelukkigheid terwyl die gevoel of die hoop



dat die huwelik nog stabiel is steeds bestaan (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 111; McKay et al., 1999: 5; Kersten, in Benokraitis, 2005: 429). Gedurende hierdie stadium vererger die gevoelens van emosionele seer en woede wanneer pogings om die huweliksituasie reg te stel nie slaag nie (Benokraitis, 2005: 429). Die persoon wat die meeste ontevredenheid met die huwelik ervaar, begin dan emosioneel aan die ander persoon onttrek en die huwelik in terme van voor- en nadele evalueer (Saxton, 1996: 430; McKay et al., 1999: 6; Cherlin, 2002: 430-431; Benokraitis, 2005: 429). In hierdie stadium word vorige positiewe emosies met negatiewe gevoelens vervang, soos Saxton (1996: 430) dit stel: “Affection, respect and trust are replaced by annoyance, resentment, and distrust. Liking becomes disliking; commitment becomes virtually nonexistent.” Seksuele begeerte kan nog by een of beide van die twee persone voorkom, maar die intensiteit daarvan neem baie af en feitlik alle liefdesaspekte in die huwelik verdwyn totdat daar nie meer voldoende persoonlike vervulling in die huwelik bestaan om die egpaar te bind nie (Saxton, 1996: 430; Benokraitis, 2005: 429).

Gedrag van skynbare ongeërgdheid kan tydens hierdie stadium ontwikkel waartydens die individu tot emosionele losmaking oorgaan deur die ontkenning van eie gevoelens van verwonding en angs met gedagtes van “I don’t need you” (McKay et al., 1999: 5). Goldenberg en Goldenberg (1998: 111) bevestig dat voorskiedingfantasieë kenmerkend is van hierdie stadium waartydens die individu oor romantiese betrokkenheid met ander persone en selfs die dood van die ander party kan bespiegel. Die tydperk van evaluasie wissel van individu tot individu volgens die mate van sekerheid wat ontstaan. Dit kan van kortstondige duur wees deurdat die individu onmiddellik klaarheid in eie gemoed ontwikkel of andersins kan dit maande duur terwyl die individu voortdurend besig is met evaluering van die betrokkenheid met die ander persoon (McKay et al., 1999: 6; Benokraitis, 2005: 429).

Hierdie is ook die stadium waartydens openbaarmaking van die ontevredenheid met die huwelik deur een van die persone, gewoonlik die inisieerder, aan ander persone soos ’n berader, vriend, minnaar of selfs die ander huweliksmaat plaasvind (Ponzetti & Cate, 1987: 3). Sodanige stap is ’n aanduiding van ’n herdefiniëring van die huweliksverhouding en dikwels die eerste bewuswording by die ander huweliksmaat van die erns van die situasie (Ponzetti & Cate, 1987: 3-4; Cherlin, 2002: 431).

Die oorgang van die aanloopstadium na besluitneming word treffend deur McKay et al. (1999: 6) soos volg beskryf: “The path you take toward deci-



sion is an individual one, but the oscillation between denial, fear of change, and profound dissatisfaction is almost always part of the process.” Die tempo waarteen emosies wissel, is dikwels so drasties dat die gevaar bestaan dat ’n individu totaal beheer oor die emosies kan verloor waardeur ’n toestand van algehele kwesbaarheid ontwikkel. Die mate van stres wat die verandering weens egskedding vir individue meebring, word op Holmes en Rahe se Skaal vir Maatskaplike Heraanpassing as tweede hoogste uit 43 algemene stresvolle lewensinsidente op 73 uit ’n moontlik 100 punte bereken (Holden, 1992: 118-120). Dit word slegs deur die stresgehalte van die dood van ’n geliefde oortref (McKay et al., 1999: 9). Daar word dikwels na die aanloopstadium en besluitnemingstadium as die “emotional divorce” verwys ten einde daarmee die intensiteit van hierdie emosiebelaaide tydperk van die eerste fase te beskryf (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 113; Benokraitis, 2005: 428-429).

Die besluit tot egskedding word selde indien ooit gesamentlik op dieselfde tydstip deur beide individue geneem, wat meebring dat die egskeddingsproses dikwels een van intense konflik is (Ponzetti & Cate, 1987: 2). Die besluit word dikwels deur een van die individue geïnisieer terwyl die ander persoon meer onwillig mag wees om tot die besluitneming oor te gaan of steeds die ongelukkigheid ontken (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 112; Benokraitis, 2005: 428). Daar is aanduidings dat die besluit tot egskedding dikwels deur een of ander insident as laaste strooi versterk word (Coltrane & Collins, 2001: 525). Die impak wat die besluit tot egskedding vir elk van die individue se selfbeeld inhou, is sterk en lei tot gevoelens van mislukking en onbekwaamheid vir die huwelik. Die verandering in identiteit wat reeds tydens die skeiding begin realiseer, is van die moeilikste vir die individu om te hanteer en veroorsaak ’n ernstige gevoel van verlies aan identiteit (McKay et al., 1999: 9).

Die belewenis van die veranderde identiteit dwing die individu tot retrospeksie ten opsigte van die huwelik, soeke na die oorsaak en skuldige persoon asook na hoe dit anders kon wees. Hierdie terugblik kan selfs vir maande na die egskedding voortduur en behoort die losmakingsproses te ondersteun, maar dit kan negatiewe gevolge inhou in die sin dat die individu in selfblamering en ernstige depressie kan verval (McKay et al., 1999: 10).

Die besluit om tot egskedding oor te gaan is ’n uiters kritiese punt in die proses van egskedding as maatskaplike probleem, aangesien dit die finale breuk in die huwelik bekragtig. Die aanloopstadium asook die besluitneming-



stadium in die egskeidingsproses word deur emosionele hoogte- en laagtepunte gekenmerk met 'n sterk belewenis van evaluering van en regverdiging vir die besluit tot egskeiding. Met die besluitneming tot egskeiding word die proses tot aksie en uitvoering van die besluit gedwing.

Die aksiestadium as die laaste stadium van die besluitnemingsfase as eerste fase in die beskrywing van die egskeidingsproses word vervolgens uitgelig as die stadium waar die besluitneming ten uitvoer gebring word.

5.4.1.3 Aksiestadium

Die navorser identifiseer hierdie stadium aangesien die besluit tot egskeiding dikwels 'n kognitiewe maar onuitgesproke besluit is. McKay et al. (1999: 51) wys daarop dat beide individue dikwels die onbewustelike besluit tot beëindiging van die huwelik neem, maar die aksierol, met ander woorde die verbalisering en uitvoering van die besluit, word gelaat vir die individu wat die situasie in die huwelik die meeste onuithoudbaar vind.

Dit is die navorser se mening dat die aksiestadium as uitvoeringstadium behels dat die besluit tot egskeiding tussen die twee individue geopenbaar word en dat daar tot aksie beweeg word deurdat een van die twee partye die fisieke skeiding uitvoer. Intense emosies word dikwels in hierdie stadium ervaar, aangesien die individu wat tot aksie oorgaan dikwels as die skuldige party blameer word en onder skuldgevoelens gebuk gaan. Goldenberg en Goldenberg (1998: 113) beskryf die emosionele lading van hierdie stadium onder andere soos volg: "Another common scenario is for both marital partners to use this opportunity to hurl criticisms and invectives, each defending his or her own behavior and denouncing the actions, past or present, of the other." Destruktiewe verbale en nieverbale optrede jeens mekaar, vermyding van mekaar, gebrek aan enige aandag, onttrekking en dikwels selfbejammering is kenmerkend van hierdie stadium (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 113). Dit wil voorkom of die individue hierdie optrede aanwend as maskergedrag vir eie emosionele pyn, die belewenis van skuldgevoelens en selfs as moontlike skoktegniek ten einde die ander persoon tot ander insigte te probeer dwing.

McKay et al. (1999: 53) erken die uitdaging van hierdie stadium van die besluitnemingsfase en beklemtoon die persoonlike moed van die individu wat tot aksie oorgaan om die besluit tot egskeiding ten uitvoer te bring. Die uit-



voering van die besluit tot egskeiding behels voorts die emosionele voorbereiding van die persoon om met blamering gekonfronteer te word en die intense skuldgevoelens te hanteer.

Ten einde die besluit tot egskeiding ten uitvoer te bring is dit noodsaaklik om 'n regsverteenwoordiger te kontak met die doel om die juridiese aksie van stapel te stuur en sodoende die formele ontbinding van die huwelik te finaliseer. Die aksiestadium as derde stadium van die besluitnemingsfase in die egskeidingsproses, naamlik die uitvoering van die besluit, impliseer dus doelgerigte aksie ten einde die huwelik amptelik of wettig te beëindig.

Die aksiestadium van die besluitnemingsfase, soos hierbo bespreek, verteenwoordig die oorgang vanaf die besluitnemingsfase na die juridiese fase in die proses van egskeiding. Die besluitnemingsfase deurloop dus drie stadia vanaf die aanloop na die kognitiewe besluit tot egskeiding en word afgesluit met die uitvoeringstadium waar tot aksie oorgegaan word om die besluit te laat realiseer.

Die besluitnemingsfase, soos in die voorafgaande gedeelte bespreek, is volgens die navorser se voorstelling die aanvangsfase van die egskeidingsproses. Hierdie fase lei na die juridiese fase waartydens die wetlike ontbinding van die huwelik plaasvind en die proses sluit af met die herstelfase na beëindiging van die huwelik. Die juridiese fase word vervolgens aan die hand van drie stadia bespreek, naamlik (1) aansoek om 'n egskeiding; (2) keuse van regsgeding; en (3) finale bevel van egskeiding. Daarna word die bespreking met betrekking tot die proses van egskeiding as maatskaplike probleem aan die herstelfase as derde en laaste fase van die proses gewy.

5.4.2 Juridiese fase

Die navorser beskou die juridiese fase as die tweede fase in die egskeidingsproses. Die juridiese fase neem in aanvang nadat die besluit tot egskeiding kognitief geneem is, aan die ander huweliksmaat geopenbaar is en uitvoering van die besluit in aksie gestel is. Die juridiese fase handel met die formele wetlike ontbindingsproses van die huwelik en is selde sonder ernstige probleme, veral waar minderjarige kinders betrokke is (Benokraitis, 2005: 429). Die aansoek om 'n egskeidingsbevel asook hantering van die gevolge van egskeiding word tydens hierdie fase onderhandel, naamlik verdeling van die gades se bates, onderhoud vir enige van die gades, belange van die minder-



jarige kinders asook die koste verbonde aan die geding (Cronje & Heaton, 2004a: 131). Dit is veral die onderhandelinge oor laasgenoemde aspekte wat ernstige konflik tussen die gades tydens die juridiese fase van die proses kan inisieer.

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word die huwelik beskou as 'n bindende kontrak tussen twee volwasse individue met beide se toestemming. Derhalwe vereis die ontbinding van die huwelik optrede in en deur 'n wetlike forum (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 26). Alhoewel dit 'n opsie is om self die juridiese fase van die egskeidingsproses te hanteer, word dit nie aanbeveel nie, aangesien konkrete regsaspekte in die skikking ter sprake is (McKay et al., 1999: 109-112, 151). Hierdie onderhandelinge is emosiebelaaide aksies en dikwels is die toetrede van 'n regsadviseur en mediator noodsaaklik ten einde die fasilitering daarvan te hanteer (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114). Die keuse van 'n regsverteenwoordiger om 'n party deur die juridiese fase van die egskeidingsproses te begelei is dus 'n kritiese besluit, aangesien hierdie persoon 'n belangrike invloed uitoefen op die aksies en persepsies van 'n party jeens die egskeidingsproses en sodoende die individu se houding ten opsigte van veral die juridiese fase van die egskeidingsproses bepaal (McKay et al., 1999: 129).

In hierdie bespreking van die juridiese fase word die kennisgewing van die aansoek om egskeiding as eerste stadium behandel, gevolg deur die keuse van regsgeding as tweede stadium in die fase. Die bespreking word afgesluit met verwysing na die finale ontbindingsbevel as derde en laaste stadium van die juridiese fase.

5.4.2.1 Kennisgewing van aansoek om egskeiding

Egskeiding in terme van die Suid-Afrikaanse Reg kan slegs in die hoë hof by wyse van 'n aksie-prosedure in terme van die Eenvormige Hofreëls geskied, wat behels dat 'n dagvaarding uitgereik en 'n verhoor met mondelinge getuienis plaasvind. Hierdie bepaling geld vir beide onbestrede sowel as bestrede egskeidings (Visser & Potgieter, 1998: 174; Cronje & Heaton, 1999b: 194). Die ander opsie is 'n mosie-prosedure waar die saak bloot op beëdigde verklarings aangehoor en beslis word (Visser & Potgieter, 1998: 174).

Die kennisgewing van aansoek behels die amptelike dagvaarding waarin die voorneme tot aansoek om 'n egskeiding deur die eiser gestel word. Die dag-



vaarding handel met (1) die gronde vir die aansoek om 'n egskeiding sowel as met (2) die regshulp waarvoor die eiser aansoek doen. Die dagvaarding word deur 'n regsverteenwoordiger opgestel en deur die geregsbode op die verweerder persoonlik bestel. Afskrifte van die dagvaarding word aan die registrateur van die Hof asook die Kantoor van die Gesinsadvokaat voorsien (Visser & Potgieter, 1998: 174; Cronje & Heaton, 1999b: 194; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 27).

▪ *Gronde vir egskeiding*

Die volgende drie skuldlose (“no fault”) gronde vir egskeiding in die Suid-Afrikaanse Reg word in terme van die Wet op Egskeiding (Wet 70 van 1979) bepaal as:

- onherstelbare verbrokkeling van die huwelik; en
- geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid van een party (Visser & Potgieter, 1998: 158; Cronje & Heaton, 1999b: 139; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 25; Cronje & Heaton, 2004a: 123).

Die mees algemene grond wat vir egskeidings aangevoer word, is naamlik die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik. Die kernvraagstuk is watter kriteria aangewend word om die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik te bepaal. Die kenmerke waarvan die hof vergewis wil wees, is luidens artikel 4(1) van die Wet op Egskeiding naamlik dat:

- die huweliksverhouding nie meer normaal is nie; en
- daar geen redelike vooruitsig vir die herstel van 'n normale huweliksverhouding bestaan nie (Visser & Potgieter, 1998: 159; Cronje & Heaton, 2004a: 123-124).

Die hof moet oortuig word dat die huweliksverhouding tussen die twee individue sodanig gedisintegreer het dat daar geen redelike kans tot herstel van die huwelik bestaan nie. Cronje en Heaton (2004a: 124-126) wys daarop dat die konsortium-konsep 'n riglyn bied vir die bepaling van 'n normale huwelik. Indien enige van die twee individue op so 'n wyse optree dat die konsortium of gemeenskaplike huwelikslewe ernstig versteur of getermineer word, is dit aanduidend dat 'n normale huwelikslewe nie meer tussen die twee individue bestaan nie. Verskeie redes vir die verbrokkeling van 'n huwelik word in die hof aangevoer wat onder andere 'n breuk in kommunikasie, afwesigheid van geslagsverkeer, fisieke of emo-



sionele mishandeling, verlating van die gemeenskaplike woning of ower-spel kan inhou (Visser & Potgieter, 1998: 160; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 25). Hierdie redes vorm elk deel van die konsortium en is bepalend vir 'n normale huweliksverhouding. Artikel 4(2) van die Wet op Egskeiding beskryf die genoemde redes as voorbeelde van die onherstelbare verbrekking van 'n huwelik en voeg verklaring van die ver-weerder as gewoontemisdadiger en gevolglike gevangenisstraf by as ver-dere rede. Appélregter Corbett het in die saak van *Schwartz vs Schwartz* (Cronje & Heaton, 1999a: 140) bepaal dat dit belangrik is dat die hof by die oorweging van 'n aansoek om egskeiding vergewis moet wees van (1) die agtergrond van die huweliksverhouding sedert die ontstaan daar-van tot en met die verhoor, en (2) die huidige houding van die twee indi-vidue jeens die huweliksverhouding soos geopenbaar in die getuienis voor die hof.

Die tweede aspek, ná die gronde vir egskeiding, waarmee die kennisgewing van aansoek of die dagvaarding handel, is die regshulp wat deur die eiser versoek word.

- *Regshulp*

In die kennisgewing van die aansoek om egskeiding of die dagvaarding word die regshulp weergegee wat die eiser in die aansoek versoek.

Die vorme van regshulp wat in die aansoek om egskeiding ter sprake is, handel met die volgende aspekte:

- verdeling van die partye se bates;
- onderhoud vir 'n gade;
- verdeling van ouerlike verantwoordelikhede en regte;
- koste van die egskeidingsgeding.

Reël 43 van die Eenvormige Hofreëls handel oor die regshulp *pendente lite* of die regshulp gedurende die tydperk van afwagting op die egskei-dingsgeding (Visser & Potgieter, 1998: 174-175). Daarvolgens kan die eiser die hof om 'n tussentydse bevel ten opsigte van die volgende aspek-te nader:

- onderhoud *pendente lite*;



- bydrae tot die koste van die egskeidingsgeding;
- tussentydse sorg (bewaring) van die minderjarige kind;
- tussentydse kontak (toegang) tot die minderjarige kind.

Die aspekte van regshulp, wat in die aansoek om egskeiding vervat word, word vervolgens kortliks bespreek ten einde die kompleksiteit van veral die juridiese fase van die egskeidingsproses uit te lig. Hierdie aspekte is dikwels die kritiese elemente van 'n egskeidingsgeding weens die intense emosionele lading daarvan:

- *Verdeling van die partye se bates*

Egskeiding bring die verdeling van die partye se bates en laste ter sprake (McKay et al., 1999: 151-162; Cronje & Heaton, 2004a: 131). Bates behels dus alles wat die twee partye besit, soos eiendom, aandele, motors, pensioenbelange en juwele, terwyl die laste verwys na die skuld wat die partye aangegaan het. Die waarde van die bates en laste moet bepaal word en daar moet 'n ooreenkoms bereik word ten opsigte van die verdeling hiervan (McKay et al., 1999: 152-162; Cronje & Heaton, 2004a: 131-132).

Hierdie aspek van die regshulp word toepaslik na verwys as die “economic divorce” (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114; Benokraitis, 2005: 429). Die ekonomiese elemente van die egskeiding, soos wie watter skuld en uitgawes moet aanvaar, word dikwels aangewend in onderhandelinge met betrekking tot die minderjarige kinders se onderhoud. Ouers kan onderhoud gewysig probeer kry of eenvoudig nie onderhoud betaal nie weens griewe in verband met die verdeling van die verpligtinge ten opsigte van die ekonomiese aspekte.

Dit word soos volg deur Benokraitis (2005: 429) gestel: “Because spouses often disagree on what is fair and equitable, they may use money to manipulate each other into making concessions (‘I’m willing to pay child support if you agree to sell the house and split the proceeds’).” Hierdie griewe oor geldsake kan soms lank na afhandeling van die egskeiding tussen die partye voortduur.



▫ *Onderhoud ten opsigte van 'n gade*

Die onderhoud van gades teenoor mekaar vanweë die huwelik verval met die ontbinding van die huwelik, maar 'n bevel van onderhoud ten opsigte van 'n gade kan ingevolge die Wet op Egskeiding uitgereik word (Cronje & Heaton, 2004a: 151). Aspekte wat die hof in hierdie verband in ag neem, is onder andere die duur van die huwelik, die verdienvermoë van die gades, finansiële behoeftes en verpligtinge van gades, die lewenspeil tydens die huwelik, ouderdom van gades en die gedrag van gades met betrekking tot die verbrokkeling van die huwelik (McKay et al., 1999: 162-164; Cronje & Heaton, 2004a: 132).

Hierdie aspek kan vanweë gades se verskillende perspektiewe met betrekking tot elk se aandeel in die verbrokkeling van die huwelik tot ernstige konflik aanleiding gee. Onderhandelinge aangaande onderhoud van 'n gade kan ook as deel van die ekonomiese egskeiding beskou word (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114)

▫ *Ouerlike verantwoordelikhede ten opsigte van minderjarige kinders*

Die belange van die minderjarige kind in egskeiding word in terme van die Suid-Afrikaanse Reg deur artikel 6 van die Wet op Egskeiding en die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede (Wet 24 van 1987) bepaal en beskerm (Visser & Potgieter, 1998: 165; Cronje & Heaton, 1999b: 178; Cronje & Heaton, 2004a: 161). Die beginsel van die beste belang van die kind is geldig in alle sake rakende die kind en word bepaal en bevestig deur artikel 28 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) (Visser & Potgieter, 1998: 165; Cronje & Heaton, 1999b: 181; Cronje & Heaton, 2004a: 161). Die navorser ondersteun die uitspraak van regter Lever in *Madiehe vs Madiehe* wat beklemtoon dat die bewaring van 'n kind 'n verantwoordelikheid sowel as 'n voorreg is wat verdien word en nie op 'n geslagsvoorkeur of -reg berus nie (Cronje & Heaton, 1999b: 183).

Hierdie aspek behels die ooreenkoms tussen die ouers aangaande die materiële onderhoud van minderjarige kinders, die versorgingsverantwoordelikheid (bewarings-) ten opsigte van die kinders, kontak (toegang) tussen die kinders en die nie-versorgende ouer asook die voogdy van die minderjarige kind (Cronje & Heaton, 2004a: 166-175;



Benokraitis, 2005: 429). In terme van die Suid-Afrikaanse Reg moet die hof oortuig wees dat die beste belang van die minderjarige kind in die ooreenkoms gedien word alvorens 'n finale egskeidingsbevel toegestaan word (Davel, 2000: 65; Cronje & Heaton, 2004a: 164).

Die voortbestaan van die familieverbintenis na egskeiding word deur Ahrons en Rodgers (in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114) bevestig en die skrywers verwys na die sogenaamde “binuclear families” wat sodoende ontstaan.

Die regsaspekte van regshulp met betrekking tot die verdeling van ouerlike verantwoordelikhede ten opsigte van die minderjarige kind in die juridiese fase van die egskeidingsproses word ook as die “co-parental divorce” beskryf (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114; Benokraitis, 2005: 429).

▫ *Koste van die egskeidingsgeding*

Artikel 10 van die Wet op Egskeiding handel met die koste-aspek van die egskeidingsgeding. Daar is geen verpligting op die hof om 'n bevel van koste ten gunste van die suksesvolle party te maak nie (Cronje & Heaton, 1999b: 195). Die hof neem die finansiële vermoë van die partye asook die relevante gedrag van die partye by bepaling van die koste-aspek in ag en sal na alle waarskynlikheid 'n proporsionele verdeling van die koste tussen die twee gades ten opsigte van die geding beveel (Cronje & Heaton, 1999b: 195).

Die bespreking van die verskillende aspekte van die dagvaarding as kennisgewing van aansoek om egskeiding sluit die eerste stadium van die juridiese fase af, naamlik die kennisgewing van aansoek om 'n egskeiding. As tweede stadium van die juridiese fase in die egskeidingsproses word die keuse van regsgeding behandel, naamlik 'n (1) onbetwiste (“unopposed”), of (2) betwiste (“opposed”) geding.

5.4.2.2 Keuse van regsgeding

Die juridiese fase van die egskeidingsproses, naamlik die wetlike aspekte van die formele ontbinding van die huwelik, neem in aanvang met die lewe-



ring van die kennisgewing tot aansoek om egskeiding of die dagvaarding. Na lewering en ontvangs van die dagvaarding word bepaal watter tipe geding gevolg gaan word. Die besluit oor die tipe geding sal bepaal word deur die sukses al dan nie van die onderhandelinge aangaande die regshulp waarvoor aansoek gedoen is. Indien die gronde vir egskeiding asook die regshulp deur die ander gade betwis word, kan die onderhandelingstadium aansienlik sloer en selfs maande tot jare duur.

Vervolgens word die twee vorme van egskeidingsgeding bespreek, naamlik die onbetwiste en betwiste egskeidingsgeding.

- *Onbetwiste egskeidingsgeding*

In omstandighede waar beide individue in die huwelik ooreenstem tot die ontbinding van die huwelik is 'n onbetwiste egskeidingsgeding die natuurlike aangewese prosedure om te volg. Die partye besluit wie as eiser en verweerder sal fungeer. Rakende die kritiese aspekte van die egskeiding, naamlik die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kinders, verdeling van die bates, die onderhoud ten opsigte van die kinders en 'n gade asook die koste van die geding, kan tot 'n ooreenkoms tussen die partye onderhandel word (Cronje & Heaton, 2004a: 131). In Suid-Afrika is dit aanvaarde praktyk dat sodanige skikkingsooreenkoms saam met die dagvaarding aan die hof voorgelê word met die versoek om dit as bevel in die finale egskeidingsbevel te bevestig (Cronje & Heaton, 2004a: 131). Dit is belangrik om te meld dat partye met professionele persone kan konsulteer insake knelpunte in die ooreenkoms, asook elke party se regte en verpligtinge. Konsultasie met 'n mediator aangaande enige aspek rondom die ooreenkoms kan konflik in die proses beperk (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 99, 103; McKay et al., 1999: 113). Enigeen van die twee partye mag in die hof met die aanhoor van die aansoek verskyn, bygestaan deur 'n prokureur en advokaat.

- *Betwiste egskeidingsgeding*

'n Betwiste egskeidingsgeding is aangewese waar die partye insake verskeie aspekte rakende die ontbinding van die huwelik nie ooreenstem nie. Dit kan die volgende insluit: die ontbinding as sodanig, die sorg (bewaring) van die minderjarige kinders of die verdeling van bates asook die onderhoudsreëlings (McKay et al., 1999: 115-117). Die verskille



word derhalwe aan die hof voorgelê en die meriete van elke versoek word deur die individue se onderskeie regsverteenwoordigers geargumenteer waarna die hof met die finale egskeidingsbevel 'n beslissing vel. In die betwiste geding kan die partye met groot vrag van die proses van mediasie gebruik maak ten einde uitgerekte litigasie te voorkom (McKay et al., 1999: 114). Die regsverteenwoordiger van die eiser hanteer normaalweg die opstel en lewering van die dagvaarding en die verweerder het na ontvangs daarvan 'n tydperk van tien (10) werksdae waarin die kennisgewing van verdediging gelewer word. Die proses waartydens die verweerder en eiser se eise en teeneise opgestel en gelewer word, kan tot vyf (5) maande of selfs langer duur (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 28). Die verdere prosedure in 'n betwiste egskeidingsgeding behels die openbaarmaking van getuienis aan die ander party in die sogenaamde "discovery process" asook 'n konsultasie met die Gesinsadvokaat (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 28). Voorbereiding vir die verhoor volg daarna met onder andere 'n voorverhoorkonferensie as geleentheid om 'n ooreenkoms te bereik, en indien nie moontlik nie volg die verhoor dan ongeveer ses tot twaalf (6 tot 12) maande later (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 28).

Dit blyk dus dat die betwiste egskeidingsgeding as keuse in die proses van egskeiding 'n tydrowende en koste-intensiewe proses behels. Daar moet in gedagte gehou word dat die gesin gedurende hierdie emosie-belaaide tyd steeds met hul daaglikse funksionering moet voortgaan. Dit is dikwels noodsaaklik om tussentydse reëlins aangaande onderhoud en die versorging van die kinders te tref waarvoor daar in reël 43 van die Eenvormige Hofreëls voorsiening gemaak word, soos bespreek onder 5.4.2.1 (Visser & Potgieter, 1998: 174).

Na bespreking van die kennisgewing van aansoek as eerste stadium in die juridiese fase van die egskeidingsproses, gevolg deur die keuse van die tipe geding as tweede stadium, word die aandag voorts gefokus op die finale bevel as derde stadium van die juridiese fase.

5.4.2.3 Die finale bevel

Die finale stadium in die juridiese fase van die proses van egskeiding is die verkryging van die hofbevel tot ontbinding van die huwelik. Soos bespreek in punt 5.4.2.2 insake die keuse van regsgeding wat gevolg kan word, kan



die finale bevel dus deur middel van óf ’n skikking óf litigasie verkry word. ’n Skikking kan by wyse van ooreenkoms tussen die partye self of by wyse van onderhandeling met die bystand van ’n derde party, naamlik ’n mediator of regsverteenwoordiger, geskied (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 95; McKay et al., 1999: 109).

Die finale hofbevel in die egskeidingsproses behels die bevel tot (1) ontbinding van die huwelik; (2) verdeling van bates; (3) voogdyskap; (4) sorg (bewing) en kontak(toegang) van minderjarige kinders; (5) onderhoud; en (6) kostes van die aansoek (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 94). Slegs wanneer die hof vergewis is van die objektiewe aard en onoorkombaarheid van die redes vir die aanvra van ’n egskeiding en oortuig is dat die huwelik onherstelbaar misluk het, word die bevel tot ontbinding van die huwelik gelewer (Cronje & Heaton, 1999b: 140). Dit beteken die hof wil oortuig wees dat die redes vir die aansoek grondig is en dat daar geen moontlikheid op rekonsiliasie tussen die partye bestaan nie. ’n Verdere voorwaarde vir die lewering van die finale bevel van ontbinding van die huwelik is naamlik die belange van die minderjarige kinders. Die hof sal slegs die finale egskeidingsbevel uitreik indien dit oortuig is dat die reëlins met betrekking tot die welsyn van die minderjarige kinders uit die huwelik voldoende is of alternatiewelik die beste is wat onder die omstandighede getref kan word (Davel, 2000: 65).

Die aansoek om ’n bevel tot egskeiding word in Suid-Afrika in die hooggeregshof aangehoor. Daar is egter uitbreiding op hierdie gebied deurdat die Egskeidingshof Wysigingswet (Wet 65 van 1997) voorsiening maak vir die instelling van egskeidingshowe wat by die gesinshof geïnkorporeer word (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 120). Volgens laasgenoemde voorgestelde wysiging bestaan daar tans slegs drie gebiede vir egskeidingshowe en die projek is letterlik nog in die kinderskoene. Die rasionaal daaragter is om die egskeidingshof meer toeganklik te maak in terme van voorskrifte en koste vir die publiek sodat egskeidings goedkoper en makliker kan geskied (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 120). Dit is ’n debatteerbare punt en dit sal interessant wees om die invloed van sodanige wysiging op die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika in die toekoms waar te neem.

Die instelling van sodanige howe kan na die navorser se mening ook gesien word as ’n poging om egskeiding in Suid-Afrika te normaliseer. Die instelling van die “no fault”-beginsel in egskeidingswetgewing, waarvolgens skuld by een party in die egskeiding uitgeskakel is, kan volgens Ahrons en



Rodgers (in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 113) geïnterpreteer word as “an encouraging move toward normalizing divorce in our society”. Die hoë voorkoms van egskeiding, soos in punt 5.3 bespreek, lei verder daartoe dat egskeiding nie langer as ’n abnormale gebeurtenis in die gesinslewe beskou kan word nie. Engelbrecht en Rencken-Wentzel (1999: 4) stel dit so: “We have to stop thinking about divorce as the ‘breakdown of family life’ and start thinking of it as the ‘reorganization of a family’.”

Die lewering van die hof se finale bevel tot ontbinding van die huwelik bevestig die finaliteit van die beëindiging van die huwelik. Hierdie feit dwing die individue om na die egskeiding oor te gaan na die aanpassingsfase in enkelstatus. Goldenberg en Goldenberg (1998: 114) som die nuwe situasie soos volg op: “The entire event is a process with roots in the past, before divorce is contemplated, and carries with it effects that extend into the future.”

Die juridiese fase word ook as die wetlike egskeiding (“legal divorce”) beskryf, met ander woorde die fase waartydens al die regsaspekte deurtrap en onderhandel word met die doel om ’n finale egskeidingsbevel te kan uitreik (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 115; Benokraitis, 2005: 429). Dit is dus die fase waartydens die wettige ontbinding van die huwelik plaasvind.

Die herorganisasie van die gesinsisteme en aanpassing by veranderde omstandighede nadat die egskeiding toegestaan is, kan as die herstelfase, ná die besluitnemings- en juridiese fases, in die proses van egskeiding beskou word. Die herstelfase word voorts as derde fase in die totale egskeidingsproses in oënskou geneem.

5.4.3 Herstelfase

McKay et al. (1999: 2) erken die emosionele impak van egskeiding op al die subsisteme – die verlater, die gade wat agterbly en die kinders – maar beklemtoon dat egskeiding ook ’n geleentheid skep vir nuwe groei en ontwikkeling, “a time for beginning as well as ending”. Die herstelfase omsluit dus die tydperk van aanpassing ná die finale ontbinding van die huwelik tot en met die vestiging van ’n nuwe identiteit as enkelpersoon en enkelouer-gesin.

Egskeiding is ’n traumatiese en kritieke insident in die funksionering van ’n gesinsisteam. Die aanpassingsfase verg ’n stadium van herstel van die emosionele skok weens die realiteitsbesef van die verlies wat plaasgevind het. Al



die individuele subsisteme, ouers sowel as kinders, het tyd nodig om 'n nuwe identiteit as geskeides te ontwikkel. Aanvaarding van die feit van egskieding is noodsaaklik vir al die betrokke lede, gesins- sowel as uitgebreide sistemiese lede. Erkenning van gelaaide emosies soos woede, angs, hartseer, alleenheid en verwerping is noodsaaklik, en die aanwending van positiewe hanteringsmeganismes dra by tot die ontdekking van persoonlike emosionele kragte en bronne (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 114-115; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 45-46; McKay et al., 1999: 2).

McKay et al. (1999: 2) beklemtoon die positiewe aanwending van die nuwe geleentheid tot vryheid en moontlikhede en moedig individue aan om hulleself te leer ken deur die soeke na nuwe belangstellings, beroepsgeleenthede en lewenstyl. Engelbrecht en Rencken-Wentzel (1999: 45) wys daarop dat hierdie tydperk van twee en 'n half ($2\frac{1}{2}$) jaar tot drie (3) jaar kan duur voordat die individu as sub sisteem emosioneel herstel het. Die aanpassing en herstelfase van die ouersisteem sal noodwendig 'n invloed uitoefen op die minderjarige kind as sub sisteem asook die nuwe enkelouer-gesinsisteem.

Dit is belangrik om te let dat dit noodsaaklik is om die verlies aan die huweliksverhouding te erken en daaroor te rou. Hierdie tipe verlies vergelyk met die dood van 'n geliefde en emosionele herstel is afhanklik van die afhandeling van hierdie rouproses (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 45-46; McKay et al., 1999: 61, 67). Teen die einde van die herstelfase behoort die individu en die nuwe gesinsisteme gereed te wees om aan te beweeg na 'n nuwe lewe waarin nuwe funksioneringspatrone ontwikkel kan word en die egskieding deel van die wortels van die verlede kan vorm.

5.4.4 Samevatting

Uit die bespreking van egskieding as proses blyk dit duidelik dat hierdie emosiebelaaide proses selde 'n kortstondige gebeurtenis inhou. Dit is 'n proses wat na die navorser se mening in die hart van die individue in aanvang neem en dan deur die denke oorgeneem word, in die hof tot uitvoer gebring word en uiteindelik weer in die hart kulmineer. Dit beteken dus dat die liefde en verhouding wat tussen die twee individue bestaan het, geknou word en disintegreer. Dit is vir die individu noodsaaklik om hierdie feit kognitief te verwerk en te aanvaar ten einde voort te gaan met die herstelproses ná die juridiese fase waar die besluit ten uitvoer gebring word. Na afhandeling van die regsfasie waar die ontbinding van die huwelik bevestig en gefinaliseer



word, word die realiteit van die skeiding weereens in die emosies van die individu die moeilikste beleef.

Dit is die navorser se mening dat indien herstel van die huwelik nie geïmplementeer kon word nie, die mees positiewe uitkoms vir al die betrokke subsysteme is dat die ouers as individue so vinnig moontlik die persoonlike groeipotensiaal van die situasie aanvaar.

In die volgende afdeling sal die sistemiese impak van egskeiding in die breë konteks beskou word. Die invloed op (1) die individu as sub sisteem; (2) die gesinsisteem; en (3) die gemeenskapsisteem sal bespreek word.

5.5 DIE SISTEMIESE IMPAK VAN EGSKEIDING

Uit die voorafgaande bespreking van die historiese konteks en prosesmatige aard van egskeiding as persoonlike probleem blyk die internasionale voorkoms daarvan as maatskaplike probleem duidelik. Die wêreldwye toename in egskeiding hou ernstige implikasies in vir hierdie instelling, naamlik die gesin, waarin kinders versorg en gesosialiseer word (Amato, 2000: 2). Die hoë tendens in egskeiding en die impak daarvan op volwassenes en kinders het 'n verhoogde vlak van belangstelling ontketen by sosiale wetenskaplikes uit 'n verskeidenheid dissiplines, onder andere ontwikkelingsielkunde, kliniese sielkunde, maatskaplike werk, gesinsterapie, sosiologie, demografie en kommunikasiestudies (Amato, 2000: 2).

Volgens Amato (2000: 2) is daar 'n voortdurende ernstige debat tussen twee standpunte aangaande die implikasie van egskeiding vir kinders en volwassenes.

Die een standpunt beskou die kerngesinsisteem met twee ouers as die fundamentele gesinsisteem vir die gemeenskap waarin die volwassenes 'n bewustheid van betekenis, stabiliteit en sekuriteit ontwikkel en die kinders tot gesonde, toegeruste en produktiewe persone ontwikkel. Die ander perspektief huldig die standpunt dat egskeiding slegs tydelike negatiewe implikasies vir die individue inhou terwyl volwassenes bevrediging as mens vind en kinders suksesvol in 'n verskeidenheid vorme van gesinsisteme ontwikkel. Dit is die navorser se mening dat elke gesinsisteem uniek is en die implikasies van 'n probleem soos egskeiding sal bepaald vir elke gesinsisteem verskil. Die impak van egskeiding vir elke gesinsisteem word bepaal deur



die unieke individuele subsisteme asook die interaksie tussen die gesinslede onderling asook met die subsisteme in die gemeenskapsisteem. Navorsing dui aan dat aanvanklike gesondheidsprobleme en afbrekende gedrag, soos oormatige alkoholgebruik, twee tot drie jaar na die egskeiding grootliks afgeneem het. Ander studies kan geen verandering in persone se funksionering na egskeiding vind nie (Amato, 2000: 7). Die navorser ondersteun die volgende aanname deur die meeste studies, naamlik: "... that marital disruption is a stressful life transition to which adults and children must adjust" (Amato, 2000: 3).

Hierdie gedeelte word dus gewy aan die impak van egskeiding in die breë konteks op al die betrokke sisteme. Die aandag word eerstens gewy aan die individue van die egpaar-subsisteem, daarna aan die individue van die ouer-subsisteem en derdens aan die minderjarige kind as subsisteem.

Benokraitis (2005: 437) beskryf drie areas van die gesinsisteem se funksionering waarop egskeiding 'n beduidende impak het, naamlik die (1) fisieke, emosionele en psigologiese welstand van die gesinslede; (2) ekonomiese en finansiële veranderinge; en (3) die kinders se versorgingsaspekte en ondersteuning.

5.5.1 Implikasie van egskeiding vir die individu as subsisteem

Die individuele subsisteme in die gesinsisteem-in-egskeiding omsluit die egpaar as individue, die ouers as individue sowel as die kinders as individue. "Although divorce has become a familiar and recognized fact ... it is never routine for the family members undergoing the often agonizing experience and its aftermath" (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 115).

5.5.1.1 Implikasie vir die individue van die egpaar-subsisteem

Die aandag word eerstens gevestig op die implikasie van egskeiding vir die individue van die egpaar-subsisteem.

- *Die fisieke, emosionele en psigiese effek*

Die impak wat die stresvolle verandering van egskeiding op die individue het, kan soms vir jare duur. Die duur daarvan word bepaal deur die vol-



wasse individue as subsisteme, dit wil sê die man en vrou as gewese gades, se vermoë om drie take te volvoer. Hierdie take behels die losmaking van die huwelik, ontwikkeling van nuwe sosiale bande en die herdefiniëring van hulle rolle as individue in enkeloperstatus (Benokraitis, 1999: 435; Gerdes, Louw, Van Ede & Louw, 2003: 568).

Benokraitis (2005: 437) bevestig die emosionele folterende impak van die egskedingsproses vir beide man en vrou. Die rol wat elke individu in die egpaar-subsisteme in die egskedingsproses gespeel het, naamlik dié van inisieerder of dié van onwillige meedoener, is bepalend vir hulle emosionele en psigiese impak. Algemene gevoelens wat deur die volwasse individue ervaar word, is onder andere mislukking, vyandigheid, woede, angstigheid, selfverwyt, onsekerheid, vernedering, magteloosheid, teleurstelling, skuld, hartseer en verlies. Die individu wat die inisieerder in die egskedingsproses was, ervaar dikwels in 'n groter mate verligting en het in die algemeen meer beheer oor eie gevoelens en is emosioneel minder ontredderd (Gerdes et al., 2003: 567-568).

Kurdek (1991), soos aangehaal deur Gerdes et al. (2003: 568), bevestig dat geskeide individue meer vatbaar is vir liggaamlike siektes weens die invloed van die intense stres waarmee egskeding gepaardgaan. Die streslading affekteer ook die individue se psigiese gesondheidstoestand en eensaamheid, depressie, ongereelde eet-, slaap- en werkpatrone, alkoholisme en selfmoord kom dikwels voor (Melichar & Chiriboga, 1985 in Gerdes et al., 2003: 568).

Individue uit 'n egskeding voel dikwels dat familie, vriende en kollegas hulle stigmatiseer deurdat die partye beleef dat kant gekies word tussen hulle en hulle van sosiale geleenthede uitgesluit word (Ahrons & Rodgers in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 115; Gerstel in Benokraitis, 1999: 434). Die belewenis van verandering in sosiale verbintenisse bring 'n verdere ervaring van verlies mee, naamlik aan belangrike en noodsaaklike ondersteuningsisteme vanuit die gemeenskapsisteme (Gerdes et al., 2003: 568).

- *Ekonomiese en finansiële veranderinge*

Beide individue van die egpaar-subsisteme ondervind psigologiese en emosionele aanpassings met egskeding. Die finansiële veranderinge na egskeding vir die vrou is egter van groter omvang en impak as vir die



man. Gutner (2000 in Benokraitis, 2005: 439) stel die rede vir hierdie toedrag van sake soos volg: “The man usually walks out with the most valuable asset, earning ability, while the woman walks out with the biggest cash drain, the kids and house.”

Dit word bereken dat die vrou se ekonomiese welstand na egskeiding met 36% afneem, terwyl die man se finansiële status met 28% verbeter (Benokraitis, 2005: 439). In 85% van gevalle word die bewaring van die minderjarige kinders aan die vrou toegestaan terwyl baie mans finansiëel nie tot die versorging van die kinders bydra nie. Vroue vind dit ook dikwels baie moeiliker om geskikte werk te vind, veral waar daar klein kinders betrokke is wat versorg moet word (Grall, 2002 in Benokraitis, 2005: 439; Finkel & Roberts, 1994 in Benokraitis, 2005: 439).

Die instelling van die “no fault”- of skuldlose egskeidingswetgewing het ’n sterk invloed op die finansiële implikasies van egskeiding, aangesien beide gades gelyke status voor die hof geniet en van beide verwag word om gelyke verantwoordelikheid vir die egskeiding te neem (Benokraitis, 2005: 439). Ten spyte van die hof se verantwoordelikheid as oppervoog vir alle minderjarige kinders, dra egskeidingswetgewing dus by tot die skep van finansiëel ongunstige omstandighede vir kinders na egskeiding.

Die implikasie van egskeiding word vervolgens op die individue as deel van die ouer-subsisteem gevestig.

5.5.1.2 Implikasie vir die individue van die ouer-subsisteem

Die ontbinding van die ouers se huweliksverbintenis het ’n direkte en verreikende implikasie vir die minderjarige kind, naamlik die verdeling van die gesinsisteem. Ouerlike gesag met betrekking tot die minderjarige kind behels die totaal van regte en verpligtinge wat ouers geniet ten opsigte van hulle wettige kind, die kind se boedel en administrasie daarvan asook bystand aan die kind in regsgedinge (Robinson, 2000: 68).

- *Voogdyskap en sorg (bewaring)*

Voogdyskap en sorg (bewaring) is twee afsonderlike komponente van ouerlike gesag (Robinson, 2000: 68). Hierdie komponente word



regstreeks deur die egskeiding van die ouers beïnvloed, aangesien een van die ouers die verantwoordelikheid vir die bewaring van die minderjarige kind moet ontvang. Sorg (bewaring) van die minderjarige kind verwys na die dag-tot-dag-lewe en -aktiwiteite van die kind asook die voorsiening van sorg, opvoeding, beskerming en algemene fisieke, psigiese, emosionele en religieuse welsyn vir die kind (Robinson, 2000: 69). Tydens die bestaan van die huwelik word hierdie verantwoordelikheid in die algemeen deur die ouers gedeel (Robinson, 2000: 69). Dit is dus logies dat die sorg van die minderjarige kind na egskeiding primêr by een van die twee ouers sal berus. Voogdyskap daarenteen behels die administrasie van die kind se boedel, bystand aan die kind met regshandelinge, soos toestemming om te mag trou, en die aanstelling van 'n testateur (Robinson, 2000: 69). Beide ouers het gelyke reg tot voogdyskap van die minderjarige kind en indien uitsluitlike voogdy of alleenvoogdy met egskeiding nie spesifiek aan die versorgende (bewarende) ouer toegestaan word nie, word dit aanvaar dat beide ouers steeds hierdie gelyke reg sal beoefen (Robinson, 2000: 72).

Een van die ouers verkry die verantwoordelikheid vir die sorg (bewaringsaspekte) van die minderjarige kind terwyl die nie-versorgende ouer die reg tot redelike kontak (toegang) met die kind het ten einde die verhouding tussen die kind en die nie-versorgende ouer te behou (Robinson, 2000: 84-85; Benokraitis, 2005: 440). Die versorgende aspekte (bewaringsaspekte) van die minderjarige kind na egskeiding is 'n hofbeslissing en as sodanig ontwikkel dit dikwels in 'n stryd tussen die skeidende ouers ter wille van gunstiger onderhandelinge aangaande onderhoudsaspekte (Winner, 1996; Benokraitis, 2005: 440).

Die individue van die ouer-subsisteem se verantwoordelikheid ten opsigte van en verhouding met die minderjarige kind word nie met die egskeiding beëindig nie.

- *Emosionele en psigiese impak*

In die meerderheid egskeidingsgedinge word die sorg (bewaring) van die minderjarige kind aan die moeder toegestaan met die reg van redelike kontak (toegang) met die kind aan die vader (Cherlin, 2002: 417). Egskeiding beteken dat beide ouers 'n nuwe enkelouer-gesinsisteem met die kind vorm, alhoewel die kontak met die nie-versorgende ouer hoofsaaklik uit besoeke gedurende naweke en vakansietye bestaan.



Die verantwoordelikheid vir die daaglikse opvoeding, versorging, leiding en ontwikkeling van die minderjarige kind berus na die egskeiding hoofsaaklik by die versorgende (bewarende) ouer. Hierdie verantwoordelikheid wat voorheen tussen die twee ouers in een huishouding gedeel was, word na die egskeiding primêr aan een van die ouers oorgelaat wat emosioneel en psigies 'n intense addisionele lading vir die ouer meebring. Die versorgende (bewarende) ouer is dikwels oorbelaa, geïrriteerd, onsensitief vir die kind se behoeftes en minder warm en liefdevol terwyl dissiplinerig ook inkonsekwent plaasvind (Gerdes et al., 2003: 568). Die nie-versorgende ouer ervaar dikwels skuldgevoelens ten opsigte van die minderjarige kind wat tot oorkompensasie lei, veral ten opsigte van die dissiplinerig en materiële voorsiening aan die kind (Gerdes et al., 2003: 568).

'n Verskil in opvoedingstyle en verwagtinge wat die ouers van die minderjarige kind koester, kan tot 'n bron van konflik tussen die ouers ontwikkel wat nadelig is vir die kind. Vir een van die ouers kan 'n religieuse opvoeding, wat gereelde bywoning van en inskakeling by aksies van die religieuse subsisteem insluit, baie belangrik wees terwyl die ander ouer dit nie as belangrik ag nie. Sodoende kan 'n leefwyse van verskillende standaarde aan die kind voorgehou word.

Die nie-versorgende ouer ervaar dikwels na die egskeiding frustrasie in pogings om kontak met die minderjarige kind te behou en voel uitgesluit uit die kind se ontwikkeling en opvoeding en verloor die kontinue interaksie met die kind (Gerdes et al., 2003: 568). Probleme met die kontak (toegang) met die minderjarige kind dien ook as bron van konflik tussen die geskeide ouers en plaas die kind in die middel van die stryd.

Die ekonomiese eise wat die sorg (bewing) en versorging van die minderjarige kind aan die versorgende (bewarende) ouer stel, is dikwels veeleisend en dra verder by tot die emosionele uitputting van die ouer.

- *Ekonomiese en finansiële veranderinge*

Die versorgende (bewarende) ouer beleef die finansiële las van die daaglikse versorging van die minderjarige kind wat voor die egskeiding in die normale gang van die huishouding hanteer was. Die versorgende (bewarende) ouer ondervind dikwels ekonomiese probleme weens



finansiële tekorte (Gerdes et al., 2003: 568). Moeders is hoofsaaklik die versorgende ouer van minderjarige kinders en al word 'n onderhoudsbevel ten opsigte van die minderjarige kind toegestaan, wissel die nakoming van sodanige bevel deur nie-versorgende vaders aansienlik (Benokraitis, 2005: 442). Die grootste persentasie nie-versorgende (-bewarende) vaders kom egter nie die bevel na nie en feitlik die helfte van nie-versorgende (-bewarende) vaders het nooit enige kontak met die minderjarige kind of dra enigsins finansiël tot die versorging van die kind by nie (Benokraitis, 2005: 442). Dit word bereken dat die moeder as die versorgende (bewarende) ouer grootliks meer in armoede verkeer as die vader as nie-versorgende ouer (Benokraitis, 2005: 442).

Die versorgingsaspekte (bewaringsaspekte) van die minderjarige kind in egskeiding is 'n netelige saak, maar die onderhoud van die minderjarige kind is onbestendig en het negatiewe langtermyngevolge vir die kind (Benokraitis, 2005: 442).

Die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind as individu in die gesinsisteam word vervolgens bespreek.

5.5.1.3 Implikasies van egskeiding vir die minderjarige kindsisteam

Dit kan aanvaar word dat minstens een van die ouers, naamlik die inisieerder van die egskeiding, se welstand deur die egskeiding bevorder word terwyl die minderjarige kind geen keuse in die egskeiding van die ouers het nie. Die minderjarige kind word deur die ouers se egskeiding met verreikende veranderinge gekonfronteer wat na alle verwagtinge die kind se welstand moet benadeel. Hierdie stressors is naamlik die verlies van die teenwoordigheid van een van die ouers in die huis, 'n intense emosionele aanpassingsproses by die nuwe omstandighede, dikwels voortslepende konflik tussen die ouers asook die gevolge van 'n aansienlike daling in gesinsinkomste (Cherlin, 2002: 439).

- *Fisieke, emosionele en psigiese impak*



▫ *Krisistydperk*

Chase-Lansdale en Hetherington, twee sielkundiges (Cherlin, 2002: 439), identifiseer die eerste jaar tot twee jaar na die ouers se egskeiding as die krisistydperk waartydens die minderjarige kind sowel as die versorgende (bewarende) ouer die aanpassing by die veranderde omstandighede besonder moeilik vind.

Die kind reageer op die verminderde ouerskap wat gedurende hierdie tydperk ondervind word weens die verlies van een ouer uit die huishouding sowel as die afgetakelde emosionele welstand van die versorgende (bewarende) ouer (Pritchard, 1998: 234-236; Cherlin, 2002: 440). Die minderjarige kind ervaar dikwels gevoelens van woede, misnoeë, hartseer en skuld jeens die ouers weens die egskeiding en hierdie gevoelens kan in psigosomatiese simptome soos maagpyn, slaap- of eetsteurnisse, aggressie of selfs dwelmmisbruik manifesteer (Benokraitis, 2005: 447). Daar kan afname in akademiese prestasie op skool voorkom, gedragsprobleme soos wegloop van die huis of skool, lae selfbeeld en selfs langtermyn-gesondheidsprobleme (Devall et al., 1986 en Furstenberg & Kiernan, 2001 in Benokraitis, 2005: 447).

▫ *Verlies van een ouer*

Die implikasies van die verlies van een ouer uit die huishouding word bepaal deur die kwaliteit van ouerskap wat deur die bepaalde ouer uitgeoefen is. Indien die ouer aggressiewe gedrag in die huis gehandhaaf het of daar voortdurend konflik tussen die ouers bestaan het, is die verlies aan sodanige ouer meer positief (Benokraitis, 2005: 446).

Die nie-versorgende (bewarende) ouer kan egter 'n groot bydrae lewer tot die opvoeding en emosionele welstand van die minderjarige kind deur 'n hegte verhouding met die kind in stand te hou deur gereelde kontak, bystand met probleme, leiding en bied van struktuur. Sodanige insette ontwikkel 'n hegte verhouding tussen ouer en kind (Amato & Gilbreth, 1999 in Benokraitis, 2005: 447).



▫ *Voortslepende ouerlike konflik*

Die voortslepende konflik tussen die ouers na die egskeiding, wat dikwels aspekte van die sorg (bewaringsaspekte) of finansies behels, het 'n negatiewe invloed op die minderjarige kind wat in gedragsprobleme by die skool en in die gemeenskap manifesteer (Benokraitis, 2005: 448). Die voortdurende konflik tussen die ouers beïnvloed die kind se persepsie van die gesinslewe negatief en kan 'n negatiewe houding ten opsigte van die huwelik aan die kind oordra (Axinn & Thornton, 1996 in Benokraitis, 2005: 448).

▫ *Veelvuldige veranderinge*

Die minderjarige kind se gesonde ontwikkeling word aan risiko blootgestel deur die veelvuldige veranderinge waarby die kind na die egskeiding moet aanpas. Die moeder en kind moet dikwels van woning verander, aangesien die gemeenskaplike woning dikwels na die egskeiding verkoop word. Dit bring gewoonlik 'n verandering van gemeenskap en skool mee wat nuwe vriende beteken (Pritchard, 1998: 234-236; Cherlin, 2002: 441; Benokraitis, 2005: 448).

▫ *Ekonomiese en finansiële implikasies*

Die minderjarige kind se materiële en opvoedkundige welstand word ernstig deur die ouers se egskeiding bedreig, aangesien die moeder in meer as 80% van die gevalle die versorgende (bewarende) ouer word met 'n onmiddellike verlies aan die vader se inkomste (Cherlin, 2002: 436). Die gemeenskaplike woning word dikwels as deel van die skikkingsooreenkoms verkoop ten einde skuld te delg óf die opbrengs te verdeel. Dit beteken die kind en enkelouer moet goedkoper behuising bekom wat dikwels in meer gevaarlike gemeenskappe bestaan (South et al. in Benokraitis, 2005: 448). Die minderjarige kind en versorgende (bewarende) moeder ontvang in 50% van die gevalle geen finansiële onderhoud van die vader nie omdat die vader nie onderhoud wil bydra nie of soms omdat hy nie daartoe in staat is nie. 'n Baie siniese stelling word soos volg gemaak: "In fact, two-thirds of noncustodial fathers spend more on car payments than they do for child support" (Kitson & Holmes, 1992 in Benokraitis, 2005: 442).



Die resultaat is naamlik dat die minderjarige kind in die meeste gevalle ná egskeiding in 'n enkelouer-gesinsisteem geplaas word waarvan die inkomste aansienlik gedaal het. Die minderjarige kind word dus met 'n laer lewenstandaard gekonfronteer (Pritchard, 1998: 234-236; Benokraitis, 1999: 435; Cherlin, 2002: 436-437).

Dit is die kumulatiewe effek van die ekonomiese probleme wat die toekoms van die minderjarige kind negatief beïnvloed. Indien die kind se skoolloopbaan weens 'n tekort aan fondse beëindig moet word, duur die agterstand gewoonlik deur die res van die kind se lewe voort. Sodoende word die kind se opvoedkundige ontwikkeling, werkstatus, inkomste en ekonomiese welstand benadeel. Daar is bevind dat persone met 'n opvoedkundige agterstand en ekonomiese swaarkry as volwassenes meer tot geestesiektes soos depressie geneig is en dikwels ongelukkige interpersoonlike verhoudings ervaar (Pritchard, 1998: 234-236; Chase-Lansdale et al., 1995 in Benokraitis, 2005: 448).

Pritchard (1998: 236) beklemtoon verder die geleentheid tot persoonlike groei wat deur egskeiding gebied word soos volg: “Although divorce places children and parents at risk for encountering new challenges and multiple life stressors, it can also offer opportunities for personal growth, more gratifying relationships, and a more harmonious family situation.” Egskeiding kan vir kinders verligting bring uit 'n situasie waar baie ouerlike konflik en bakleiery plaasgevind het.

Die voorafgaande bespreking van die implikasie van egskeiding vir die individu as subsisteem in die gesinsisteem is afgesluit met die verwysing na die impak vir die minderjarige kind as individuele subsisteem.

Die bespreking van die sistemiese impak van egskeiding word voorts uitgebrei met die hantering van die implikasie vir die gesinsisteem wat opgevolg word met verwysing na die impak vir die gemeenskapsisteem.

5.5.2 Implikasie van egskeiding vir die gesinsisteem

Die implikasie vir die gesinsisteem kan soos volg saamgevat word: “The challenge for the family systems becomes one of reorganization rather than dismantling” (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 341).



Vir die meeste gesinsisteme beteken die egskeiding nie die einde van verandering nie. 'n Beduidende aantal geskeide persone trou weer en dit is reeds gestel dat die moontlikheid van egskeiding vir tweede en verdere huwelike selfs hoër is as vir eerste huwelike sodat opvolgende egskeidings baie waarskynlik is (Cherlin, 2002: 417; Louw et al., 2003: 361; Lauer & Lauer, 2006: 349).

Die veranderinge wat in die geskeide gesinsisteam plaasvind, behels die volgende (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 417):

- Gesinsreëls en -patrone wat verander, aangesien die bestaande wyse van funksionering ten opsigte van gewoontes en roetine van die daaglikse lewe nie meer geld nie. Die fisieke verandering van woning gaan dikwels gepaard met die funksioneringsverandering.
- Lidmaatskap van die gesinsisteam verander deurdat die ouers voortaan elk 'n enkelouer-gesinsisteam ontwikkel met die moontlikheid van die toetrede van nuwe lede in die gesin in die vorm van 'n nuwe maat en sy of haar familie. Sibbe kan moontlik na die egskeiding tussen die ouers verdeel wees en is dus van mekaar geskei. Kinders wat reeds die huis verlaat het, kan moontlik terugkeer om met die versorging van ander kinders te help of finansiëel die las te verlig deur die koste van verblyf te deel. Een of beide van die nuwe enkelouer-gesinsisteme woon dikwels aanvanklik as voorlopige maatreël by die grootouers.
- Grense in die gesinsisteam verander deur die verandering van lidmaatskap en die toevoeging van nuwe lede. Die hiërargiese struktuur in die gesinsisteam verander en twee nuwe verskillende strukture word in elk van die enkelouer-gesinsisteme gevestig.
- Verhoudings met elke ander subsisteam word deur die egskeiding beïnvloed.

Familielede verdeel dikwels lojaliteit tussen die twee gesinsisteme, vriende verander en werk, skool en gemeenskap kan ook weens verhuising verander. Hierdie veranderinge ondermyn die gesinsisteam se ondersteuningsisteme waardeur addisionele stres by die hantering van die oorgang gevoeg word.

Egskeiding beteken slegs dat die huweliksverhouding misluk het. Die gesinsbande duur na die egskeiding voort en die belang van volgehoue kontak tussen die kind en die nie-versorgende (bewarende) ouer word algemeen beklemtoon (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 54; Louw et al., 2003: 361; Pryor & Trinder, 2004: 330). Dit is beide ouers se verantwoordelikheid



om na die egskeiding die verhouding met die kind te behou en te ontwikkel. Indien die nie-versorgende ouer afwesig is, sal die kind uiteindelik by die verandering aanpas, maar dit beteken nie dat dit aanvaarbaar is nie (Mott et al. in Benokraitis, 2005: 446). Dit is die navorser se mening dat die kind geen ander keuse in sodanige omstandighede het as om dit te aanvaar en daarby aan te pas nie.

Die implikasie van egskeiding vir die gesinsisteam kan dus verdeel word in strukturele en ondersteunende komponente waar die samestelling (struktuur) van die gesinsisteam na egskeiding drasties verander en daar geen formele ondersteuningsisteme in die gemeenskap vir hierdie gesinsisteme beskikbaar is nie (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 341-342; Lauer & Lauer, 2006: 348-349).

Dit word bereken dat die persentasie enkelouer-gesinsisteme in die toekoms aansienlik sal styg en dat gesinsisteme van verskillende strukture in vorm en aantal sal verhoog (Benokraitis, 2005: 515). Dit word soos volg gestel: “We will probably see more households that are multigenerational and composed of unrelated adults and more stepfamilies with his, her, and their children.” Hierdie twee aspekte van onstabieliteit en verskeidenheid bestaan in konteks wat tot die deurlopendheid daarvan bydra. Pryor en Trinder (2004: 322) verduidelik dit soos volg: “... they represent the often creative efforts by individuals to adapt to social and economic change.”

Die gesinsisteam word steeds beskou as die primêre groep waar die individu die versorging, liefde en emosionele instandhouding ontvang wat nodig is vir die mens se geluk, gesondheid en produktiwiteit (Benokraitis, 2005: 516). Die implikasies van egskeiding vir die gesinsisteam het derhalwe ook ’n invloed op die gemeenskapsisteam en die wisselwerkende effek van hierdie interaksie behoort ondersoek te word ten einde ondersteunende sisteme vir die gesinsisteam in die gemeenskap te vestig.

Die bespreking word voorts gewy aan die implikasie van egskeiding vir die gemeenskapsisteam as derde aspek van die gedeelte wat handel oor die sistemiese impak van egskeiding as maatskaplike probleem.



5.5.3 Implikasie van egskeiding vir die gemeenskapsisteem

Uit die voorafgaande bespreking van die sistemiese impak van egskeiding is die implikasies vir die individuele subsisteme sowel as die gesinsisteem bestudeer.

Die interverbintenis tussen subsisteme bevestig dat die egskeiding van 'n gesinsisteem 'n invloed sal uitoefen op elke ander sisteem waarvan dit deel vorm.

5.5.3.1 Impak van egskeiding op verhoudings met ander sisteme

- *Die uitgebreide familiesisteem*

Die grootouersisteem asook ander familieledede soos broers of susters van die egskedende ouers is gewoonlik die gesin se ondersteuningsisteem. Die herdefiniëring van die gesinsisteem betrek lede van die uitgebreide familiesisteem as plaasvervangers vir 'n afwesige gesinslid (Peck & Manocherian in Carter & McGoldrick, 1989: 340). Sommige familieledede mag simpatiek en ondersteunend wees terwyl ander teleurgesteld en afkeurend kan wees en hulleself aan die geskeide persone onttrek (Saxton, 1996: 432).

Rekonstruksie van die enkelouer-gesinsisteme plaas die uitgebreide familiesisteem dikwels in 'n posisie van gedeelde lojaliteit tussen die gesinsisteme wat ook verminderde kontak met die minderjarige kind vir een van die uitgebreide familiesisteme kan beteken. Die verhoudings tussen die lede van die geskeide gesinsisteem en die uitgebreide familie word dikwels verswak weens afwesigheid van kontak na egskeiding en veral deur rekonstruksie van 'n stieffamilie (Louw et al., 2003: 361).

- *Vriendesisteem*

Vriendskappe verander na egskeiding weens die verhuising van 'n geskeide persoon, maar hoofsaaklik weens die veranderde situasie, en dit is veral die verhouding met getroude vriende wat geleidelik vervaag (Saxton, 1996: 432). Dit bring dikwels ook 'n gevoel van verlies en 'n gevoel van stigmatisering vir die geskeide persoon mee. Veral die minderjarige kind moet dikwels ná verhuising nuwe maats vind. Nuwe vriende moet



dus gevind en vriendskappe ontwikkel word; iets wat nie oornag gebeur nie.

- *Werk- en skoolsisteem*

Wanneer egskeiding verhuising van een of beide die volwassenes noodsaak, bring dit verandering in werksituasie vir die volwassene en skoolomstandighede vir die minderjarige kind mee. Daar ontstaan dus 'n verlies aan 'n werknemer by die werksisteem en terselfdertyd 'n verlies aan 'n bekende werkomgewing en -sekuriteit vir die geskeide persoon as werknemer.

Die egskeidingsproses gaan soos vooraf bespreek in afdeling 5.5.1. met intense fisieke, emosionele en psigiese implikasies vir die individu as subsisteem gepaard wat afwesigheid, siekte, afgetrokkenheid en gebrekkige konsentrasie by die werk kan meebring.

5.5.3.2 Ekonomiese en finansiële impak van egskeiding op die gemeenskapsisteem

Uit die voorafgaande bespreking van die ekonomiese gevolge van egskeiding vir die individu as subsisteem blyk die finansiële druk wat op hierdie hergekonstrueerde enkelouer-gesinne geplaas word duidelik. Die “afwesige nie-versorgende (bewarende) vader”-tendens verhoog die finansiële las vir die versorgende (bewarende) moeder en skep 'n ekonomiese vraagstuk in terme van groot getalle minderjarige kinders wat in armoede leef en grootword. Die uitdaging vir gemeenskapsisteme is naamlik om sisteme in plek te kry ten einde hierdie egskeiding-armoede-vraagstuk aan te spreek. Die implikasies vir die opvoeding van die kind op die lang termyn is uitgewys in afdeling 5.5.1.3 en oplossings in die verband behoort ondersoek te word.

Die fisieke versorging van die minderjarige kind in die afwesigheid van die werkende ouer skep 'n finansiële sowel as maatskaplike probleem vir die enkelouer-gesinsisteem terwyl werkverkryging vir veral die enkelmoeder moeiliker blyk te wees (Benokraitis, 2005: 517).

Lauer (1998: 460, 467) bespreek die impak van egskeiding op die gesondheid van die gemeenskapsisteem vanweë veral die geestesgesondheidspro-

bleme wat individue in egskeiding ontwikkel, soos depressie, selfmoordneigings, alkoholisme en liggaamlike siektes.

5.6 SLOTSOM

When problems arise in the family, they arise in the group that is important to our well-being that provides most of us with important emotional support, and that is of central importance to our life satisfaction and happiness (Lauer & Lauer, 2006: 348).

Bogenoemde stelling beklemtoon die feit dat die gesinsisteam se funksionering van kernbelang is vir al die lede daarvan. Wanneer die funksionering binne die gesinsisteam problematies word, word al die subsisteme se lewenskwaliteit beïnvloed (Lauer & Lauer, 2006: 348).

Dit blyk uit die bespreking van egskeiding as maatskaplike probleem dat dit nie meer die norm is dat 'n minderjarige kind die kinderjare noodwendig in een huishouding met beide wettige biologiese ouers sal deurbring nie (Pryor & Trinder, 2004: 335). Na egskeiding blyk die mees algemene reëling te wees dat die minderjarige kind by die moeder as versorgende (bewarende) ouer leef en die vader as nie-versorgende (-bewarende) ouer besoek. Dit blyk egter verder dat die vader as nie-versorgende ouer in die meeste gevalle nie kontak met die kind behou of die kind finansiëel of fisiek help versorg nie (Pryor & Trinder, 2004: 335; Benokraitis, 2005: 517). Egskeiding het 'n sistemiese impak op al die lede van die gesinsisteam asook vir die subsisteme in die gemeenskapsisteam waarvan die gesin deel vorm. Amato (2000: 14-15) bevestig uit navorsing dat die volwasse individue sowel as die kinders uit geskeide gesinsisteme se algemene welstand laer is as die individue uit getroude gesinsisteme.

Die beskouing van egskeiding as maatskaplike probleem word erken ten spyte van die alternatiewe siening dat egskeiding positiewe implikasies vir die gesinslede inhou. Die wêreldtendens dat byna die helfte van huwelike in veral die geïndustrialiseerde gemeenskappe in egskeiding eindig, beteken dat die noodsaaklikheid voortdurend sal bestaan om die ontbinding van die huwelik en die implikasies daarvan vir die individuele subsisteme sowel as die gemeenskapsisteam te verstaan en te monitor (Amato, 2000: 15).



Pryor en Trinder (2004: 335-336) wys daarop dat die struktuur van huishoudings en egskeiding op sigself die implikasies vir die volwasse individue sowel as die minderjarige kind slegs gedeeltelik verduidelik terwyl die prosesse betrokke, die diverse ondervinding asook die betekenis daarvan vir die gesinslede van groter belang vir begrip van die probleem is.

Morgan (1996 in Pryor & Trinder, 2004: 335) stel voor dat gesin (“family”) as werkwoord behoort gebruik te word, naamlik in die volgende sin: “... we ‘do’ family as a set of social practices, rather than being family in a static sense.” Met so ’n beskouing kan die aandag gevestig word op wat tot optimale aanpassing kan lei en watter komponente in die gesins- en gemeenskapsfunksionering stabiliteit vir gesinsisteme kan bevorder.

Die toekomspektief wat Pryor en Trinder (2004: 336) bied, sluit hierdie hoofstuk oor die bespreking van egskeiding as maatskaplike probleem af: “Our task, then, is to understand those aspects of families that, regardless of structure, promote resilience and adaptability. This means ... taking a stronger focus on processes in families and on meanings of transitions for individuals.”

In hierdie studie is die fokus geplaas op die ondersoek na die belange van die minderjarige kind in egskeiding ten einde die beginsel van die beste belang van die kind in egskeidingsevaluering te kan bevorder. Vir die doeleindes hiervan word die belange van die minderjarige kind in die volgende hoofstuk beskryf.



HOOFSTUK 6

*“And the king said, Bring me a sword.
And they brought a sword before the king.
And the king said, Divide the living child
in two, and give half to the one,
and half to the other.*

*Then spoke the woman whose the living
child was unto the king, for her bowels
yearned upon her son, and she said,
O my lord, give her the living child, and
in no wise slay it. But the other said, Let
it be neither mine nor thine, but divide it”*

*Solomon, 1 Kings 4:24-26
Thompson, 1957: 348*



HOOFSTUK 6

DIE BELANGE VAN DIE MINDERJARIGE KIND BINNE DIE KONTEKS VAN EGSKEIDING

6.1 INLEIDING

Die Kinderfonds van die Verenigde Nasies het 'n mandaat van dié internasionale liggaam verkry ter beskerming van die regte van kinders, hulpverlening vir die bevrediging van die basiese behoeftes van kinders asook die uitbreiding van geleenthede aan kinders ten einde hulle volle potensiaal as mens te kan bereik (Bellamy in Hodgkin & Newell, 1998: ix). Die wêreldwye erkenning van die regte van kinders is 'n besondere mylpaal wat bereik is en die implikasies daarvan word soos volg deur die uitvoerende direkteur van UNICEF, Carol Bellamy (in Hodgkin & Newell, 1998: 1X), beklemtoon:

The fact that virtually every country in the world has committed itself to a code of binding obligations towards its children gives us tremendous hope for the future and puts children's rights at the cutting edge of the global struggle for human rights. It also places a tremendous responsibility on governments and civil society to live up to these commitments.

In die voorafgaande hoofstukke 4 en 5 van hierdie ondersoek is die ontwikkelingsbehoefte van die minderjarige kind en die voorkoms van egskeiding as maatskaplike probleem onderskeidelik bespreek. Die belange van die minderjarige kind in egskeidingsdispute staan in die brandpunt van hierdie studie en daarom word die aandag in hierdie hoofstuk spesifiek daarop gevestig.

Die impak wat egskeiding as maatskaplike probleem op die betrokke minderjarige kind het, is verreikend. Die Kanadese parlementêre ondersoek na die sorg (bewing) en kontak (toegang) van minderjarige kinders betrokke in egskeidingsdispute maak die volgende uitspraak in die verband: "Children whose parents divorce experience a fundamental rearrangement of the households in which they have been living. The foundation under their lives shifts, and for many the resulting disadvantages – economic, social and emotional – may endure for the rest of their lives" (*Special Joint Committee*



on *Child Custody and Access*, 1998: 1). Groeiende openbare bewuswording van die omvang en implikasies van egskeiding met betrekking tot die minderjarige kind asook frustrasie met die oneffektiewe regsisteem in die hantering van sorg (bewaring) en kontak (toegang) het die Kanadese parlement tot 'n spesiale nasionale ondersoek in die verband gestimuleer (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 1).

Stamps, Kunen en Rock-Faucheux (1997: 4) wys op die verandering in die gemeenskap se houding ter aanvaarding van egskeiding as maatskaplike probleem wat sedert die laat-1950's en 1960's ingetree het. Dit was tot die begin van die 1980's die gebruik dat die vrou en minderjarige kinders ná egskeiding in die gemeenskaplike woning van die gesin aanbly, die ouer vrou lewenslank onderhoud van die man sou ontvang vir haar bydrae tot die huwelik en dat jong kinders in die sorg van die moeder behoort te bly, die sogenaamde “tender years doctrine”, naamlik dat die moeder die natuurlike vaardigheid as ouer het om die kind en veral die jong kind te versorg (Winner, 1996: 32). Verandering in die gemeenskapshouding ten opsigte van egskeiding as toenemende fenomeen het wysigings in die toepaslike wetgewing met betrekking tot die egskeidingsproses asook die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind meegebring (Winner, 1996: 32; Stamps et al., 1997: 4-5).

Teen 1970 is die sogenaamde “no fault”-wetgewing in egskeiding bekendgestel en begin implementeer. Hiervolgens is die skuldlas op een party in 'n egskeidingsdispuut verwyder (Winner, 1996: 33). Vanaf middel-1800 tot die tydperk rondom 1960 het materne voorkeur in dispute aangaande sorg (bewaringsdispute) voorrang geniet, gebaseer op die sogenaamde “tender years doctrine” (Winner, 1996: 32; Stamps et al., 1997: 4). Die beginsel dat die “beste belang van die minderjarige kind” geldend behoort te wees in alle aksies wat op 'n kind betrekking het, is vir die eerste keer as sodanig in die 1959 Handves van die Regte van die Kind deur die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind gestel (Hodgkin & Newell, 1998: 37). Hierdie verandering in benadering tot sake rakende die minderjarige kind het ook 'n klemverskuiwing by die houe laat plaasvind en die “beste belang”-beginsel ten opsigte van kinders in egskeidingsdispute is geleidelik in die regsisteem geïnkorporeer (Stamps et al., 1997: 4). Die toenemende toetrede van die moeder tot die werksisteem het die rolle tussen ouers in die gesinsisteem begin vervaag sodat die vader meer by die opvoedingsproses van die kind betrokke geraak het (Stamps et al., 1997: 5). Ander aspekte kon vervolgens by die bepaling van sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die



minderjarige kind in ag geneem word en die moeder is as noodwendige versorgende (bewarende) ouer nie langer as outomatiese keuse in egskeidingsdispute beskou nie; derhalwe is die sorg (bewaring) van die minderjarige kind ook aan vaders toegestaan (Winner, 1996: 36; Stamps et al., 1997: 5)

Met betrekking tot die kontak (toegang) tussen die minderjarige kind en die nie-versorgende (-bewarende) ouer na egskeiding het twee opponerende uitgangspunte in die regsisteem ontwikkel. Eerstens is die sogenaamde tradisionele standpunt gevolg wat bepaal dat die kind 'n stabiele huis nodig het en dus nie gereeld tussen die ouerhuise behoort te pendel nie. Die alternatiewe standpunt was dat die sorg (bewaring) van die kind gesamentlik aan albei ouers toegestaan moet word (Stamps et al., 1997: 5).

Die sogenaamde tradisionele uitgangspunt in die regsisteem, naamlik dat die kind se sorg (bewaring) uitsluitlik by een ouer moet berus met beperkte kontak (toegang) tussen die kind en die nie-versorgende (-bewarende) ouer, is selfs deur kundiges in die veld van geestesgesondheid, soos Goldstein, Freud en Solnit, ondersteun (Stamps et al., 1997: 5). Hierdie benadering is teen die 1970's, met vaders se groter betrokkenheid by kinderopvoeding, teengestaan en ouers het al meer op gesamentlike of gedeelde sorg (bewaring) van hulle kinders na egskeiding begin aandring (Stamps et al., 1997: 5).

Wetgewing in hierdie verband is spoedig en met relatief min openbare weerstand teen die begin van 1980 in die VSA goedgekeur en word tans as 'n aanvaarbare opsie met voorwaardes in egskeidingsdispute beskou (Stamps et al., 1997: 5). Die regsisteem is met die toevoeging van gesamentlike sorg (bewaring) in egskeidingsdispute gekonfronteer met die oorweging van die potensiële invloed van verskeie faktore op die post-egskeiding-aanpassing van die minderjarige kind (Stamps et al., 1997: 5). Aspekte soos die ouer-kind-verhouding, hertrouwe van ouers, materne werkomstandighede, geslagspassing tussen kind en ouer, toepaslikheid van 'n ouer se gedrag voor egskeiding asook die kind se materiële behoeftes en sekuriteit het as noodsaaklike oorwegings in versorgingsdispute (bewaringsdispute) ontstaan (Stamps et al., 1997: 5-6). Dit is uit die navorsing van Stamps et al. (1997: 7-13) duidelik dat die regsisteem in die VSA, in besluite met betrekking tot egskeidingsdispute, onderhewig is aan die jurisdiksie van die regter wie se besluit sterk deur sy persoonlike houding en benadering tot die belang van die minderjarige kind beïnvloed word (Winner, 1996: 48). Dit blyk uit die



genoemde navorsing dat 'n groot persentasie regters in die VSA by versorgingsdispute (bewaringsdispute) steeds sterk voorkeur gee aan die moeder as versorgende (bewarende) ouer. Stamps et al. (1997: 13-14) wys verder daarop dat regters betrokke in egskedingsdispute verskil in hulle mening aangaande die voordeel van kinders in dagsorg of voorskoolse sisteme. Die meeste regters is steeds van mening dat kinders die beste baat vind by moeders wat nie buitenshuis werk nie en die kinders sonder addisionele dagsorg of voorskoolse opvoeding self versorg (Winner, 1996: 47). Stamps et al. (1997: 14) beskryf die sterk invloed wat regters in egskedingsdispute op die onderhandelings voor die bevel uitoeven as “bargaining in the shadow of the law and the judges’ presumptions” (Winner, 1996: 47-48). Die vraag ontstaan dus of sodanige benadering die beginsel van die “beste belang van die minderjarige kind” dien en of die beginsel slegs aan die regsisteem geleentheid bied vir die handhawing van persoonlike uitgangspunte en oortuigings.

Suid-Afrika het die Konvensie oor die Regte van die Kind van die Verenigde Nasies op 16 Junie 1995 aanvaar en bekragtig (Van Heerden, 1999a: 315; Bekink & Brand, 2000: 169; Cronje & Heaton, 2004a: 273). Daarna is die Regte van Kinders in die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) vervat en in artikel 28 daarvan omskryf (Bekink & Brand, 2000: 177). Derhalwe word die beginsel van die “beste belang van die minderjarige kind” in alle sake rakende die minderjarige kind ook in Suid-Afrika onderskryf (Visser & Potgieter, 1998: 200; Bekink & Brand, 2000: 194; Cronje & Heaton, 2004a: 273). Burman et al. (2003: 1) beklemtoon die feit dat alle betrokke sisteme, soos die regsisteem en welsynsisteem, wat sodanige beginsel in die praktyk moet toepas behoorlik toegerus behoort te wees vir dié kritiese taak. Die genoemde skrywers spreek hulle kommer soos volg uit:

... it has become evident that it is not enough to make ‘the best interests of the child’ the touchstone for legal and welfare decisions, if the individuals charged with those decisions have little training – or ready access to expertise – in child development or the realities of a fast-changing country of many cultures.

Kinders is in Suid-Afrika tot ongeveer 1985 nie as kliënte van die regsisteem waarneembaar en erken nie (Burman et al., 2003: 2). Na 'n internasionale konferensie in Harare gedurende 1987 is die Nasionale Kinderregte Komitee (National Children’s Rights Committee – NCRC) as sambreelligzaam van



alle Suid-Afrikaanse kinderorganisasies in die lewe groep en die liggaam was aktief in die konstitusionele onderhandelinge met betrekking tot kinderregte (Burman et al., 2003: 2). Die tydperk van 1987 tot 1996 word beskryf as "... the formation and insertion into public discourse of a newly-discovered category of human rights beneficiaries, namely children" (Burman et al., 2003: 2). 'n Bewuswording van die noodsaaklikheid van die beskerming van kinderregte het tydens hierdie tydperk verder gelei tot die implementering van sekere aanbevelings deur die Hoexter Kommissie wat in 1983 vrygestel is (Burman et al., 2003: 3). Die Hoexter Kommissie is in Suid-Afrika aangestel om ondersoek te doen na die struktuur en funksionering van die houe en het kommer uitgespreek oor die gebrek aan 'n volledige ondersoek na die belange van kinders wat in egskeidingsdispute betrokke is. Dit het geblyk dat kinders se belange in die geldende opponerende tipe sisteem in die Suid-Afrikaanse siviele reg ondergeskik was aan die ouers se belange (Burman et al., 2003: 3). Die aanvaarding van die Wet op Mediasie in Sekere Egskeidingsaangeleenthede (Wet 24 van 1987) was 'n uitvloeiing van die Hoexter Kommissie se verslag en het op 1 Oktober 1990 in werking getree (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 33; Burman et al., 2003: 3). Die Kantoor van die Gesinsadvokaat is ingevolge hierdie wetgewing ingestel ten einde uitvoering te gee aan die beginsel van die "beste belang van die minderjarige kind" (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 33; Burman et al., 2003: 3).

Erkenning van die kind as mens en individu in die gemeenskapsisteem het dus 'n lang pad gekom vanaf Oliver Twist tot die 21ste eeu waar die meeste lande oor die algemeen aanvaar dat die kind bepaalde unieke regte het wat deur die gemeenskap beskerm behoort te word (Van Heerden, 1999a: 314-316). Burman et al. (2003: 5) is van mening die Suid-Afrikaanse gemeenskapsisteem se huidige onvermoë om kinders in staat te stel om betekenisvol aan belangrike besluitneming deel te neem, volg uit sistemiese swak punte. Navorsing dui aan dat die regsisteem steeds vyandig en intimiderend jeens die minderjarige kind ingestel is en dat die kind se deelname dikwels ingeperk en selfs nadelig vir die kind kan wees ten spyte van sogenaamde ondersteuning deur professionele persone (Burman et al., 2003: 5). Dit is die navorser se mening dat ondersoek na spesifiek egskeidingsdispute rakende minderjarige kinders voldoende tyd benodig ten einde 'n indringende sistemiese assessering te doen met die oog op aanbevelings aan en besluitneming deur die hof met betrekking tot so 'n uiters belangrike aspek soos die kind se toekoms.



In die opvolgende gedeelte van hierdie hoofstuk gaan die konsep “minderjarige kind” uitgeklaar word ten einde duidelikheid te verkry oor wie die minderjarige kind is. Die konseptualisering van die minderjarige kind word gevolg deur ’n bespreking oor die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind. Aandag word geskenk aan die juridiese, maatskaplike en emosionele implikasies. Daarna word die belange van die minderjarige kind in terme van die kind se ontwikkelingsfases uitgelig. Dit word gevolg deur ’n bespreking van die belange van die minderjarige kind in sistemiese verband waartydens die kind se ondersteuningsisteme uitgelig word. Die hoofstuk word afgesluit met ’n uitklaring oor die beginsel van die “beste belang van die minderjarige kind”.

6.2 KONSEPTUALISERING VAN DIE KONSEP “MINDERJARIGE KIND”

Konseptualisering van ’n begrip is noodsaaklik ten einde ’n eenvormige vertrekpunt vir bespreking daar te stel.

Die Konvensie vir die Regte van die Kind van die Verenigde Nasies beskryf ’n kind as “every human being below the age of eighteen years unless, under the law applicable to the child, majority is attained earlier” (Hodgkin & Newell, 1998: 1). Onderskrywing van die konvensie deur die meeste lande soos in paragraaf 1 van hierdie hoofstuk na verwys, bevestig die internasionale aanvaarding van bogenoemde uitklaring van die begrip “kind”.

Die Suid-Afrikaanse Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) asook die Wet op Geestesgesondheid (Wet 18 van 1973) definieer die term “kind” as “’n persoon onder die leeftyd van agtien jaar” (Bosman-Swanepoel & Wessels, 1995: a1). Die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) onderskei die begrip “jeugdige” en verwys daarmee na ’n persoon onder die ouderdom van 21 jaar (Bosman-Swanepoel & Wessels, 1995: a1). ’n “Minderjarige” word beskryf as “’n persoon onder die ouderdom van 21 jaar” (Plug et al., 1997: 225). Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) (Cronje & Heaton, 1999a: 459) asook die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005: 20) aanvaar die beskrywing van ’n kind as ’n persoon van agtien jaar en jonger.

Die stel van grense vir die beëindiging van die kindertyd word wetlik benodig en is bepalend vir die wettige terminering van bepaalde voorregte en



beskerming van 'n persoon. UNICEF stel dit samevattend soos volg: “Setting an age for the acquisition of certain rights or for the loss of certain protections is a complex matter. It balances the concept of the child as a subject of rights, whose evolving capacities must be respected, with the concept of the State’s obligation to provide special protection” (Hodgkin & Newell, 1998: 1).

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek na die belang van die minderjarige kind in egskeidingsdispute is begrensing van die begrip “kind” noodsaaklik ten einde in voeling met die toepaslike wetgewing te bly. Die navorser beskou dus die kind in hierdie verband as 'n minderjarige persoon van agtienjarige ouderdom of jonger wat steeds afhanklik is van die ouers en derhalwe direk by die dispuut tussen die egskeidende ouers betrokke is. Uit ondervinding is dit die navorser se mening dat die kinders van jonger ouderdomme meer kwesbaar is vir die dispuut tussen die ouers. Die ouderdom van drie tot veertien jaar is na die ondersoeker se mening die mees kwesbare en vereis kritiese ondersoek na die “beste belang” van die kind. Kinders binne die genoemde ouderdomsgrense is deeglik bewus van die egskeidingskonflik wat rondom hulle plaasvind en is steeds blootgestel aan die vorming van 'n eie identiteit waarin die toekomstige bedeling na die egskeiding 'n uiters invloedryke rol sal vervul. 'n Ondersoek na die kind se “beste belang” in egskeidingsdispute behels dus baie meer as slegs die bepaling van 'n versorgings- (bewarings-) plek of -persoon.

Die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind word vervolgens behandel in terme van die (1) juridiese implikasie; (2) maatskaplike implikasie; en (3) emosionele implikasie. Die belange van die minderjarige kind word daarna aan die hand van die Konvensie van die Regte van Kinders bespreek. Hierdie belange word in terme van die volgende aspekte behandel, naamlik (1) beskerming; (2) geleentheid tot gesonde ontwikkeling; en (3) vryheid en waardigheid.

6.3 DIE IMPLIKASIES VAN EGSKEIDING VIR DIE MINDERJARIGE KIND

Die implikasies wat egskeiding vir die minderjarige kind inhou, word soos volg deur Alexandra Raphael, 'n getuie in die Kanadese ondersoek na die aspekte van sorg (bewaring) en kontak (toegang) ná egskeiding, saamgevat:



Divorce is seen from an individual's as opposed to societal perspective ... recognizing, for legal purposes, an individual's right to marry and to end a marriage. The fact that this individual right, if realized, may impact on the rights of others is not recognized in our laws. Accordingly, the balance of rights, which characterizes most social legislation, is absent from divorce and family law legislation (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 10).

'n Bespreking van die implikasies van egskeiding maak in hierdie ondersoek die minderjarige kind die fokuspunt. Die gevolge van egskeiding word in hierdie gedeelte aan die hand van die volgende dimensies uitgelig, naamlik (1) die juridiese of wetlike implikasies, gevolg deur (2) die maatskaplike implikasies, en afgesluit met (3) die emosionele implikasies.

6.3.1 Juridiese implikasies van egskeiding

Die beëindiging van 'n huwelik impliseer ernstige gevolge vir al die partye betrokke. Artikels 7 tot 10 van die Wet op Egskeiding handel met die gevolge van egskeiding (Cronje & Heaton, 1999b: 148). Hierdie gevolge het op uiteenlopende areas betrekking, naamlik die erfgoed of bates van die partye, die status van die partye, die aanspraak op onderhoud deur beide partye en die belange van die minderjarige kind(ers) (Visser & Potgieter, 1998: 176; Cronje & Heaton, 1999b: 148-149).

Die wetlike beëindiging van die ouers se huwelik het veral in twee areas direkte implikasies vir die minderjarige kind. Die verdeling van die bates en bepaling van die belange van die kinders aangaande die sorg (bewaring) deur en kontak (toegang) tot hulle ouers, reguleer die nuwe toekoms wat na die egskeiding vir die kinders bepaal word. Die aandag word in hierdie gedeelte eerstens gevestig op die verdeling van die bates en daarna op die bepaling van die kinders se belange.

6.3.1.1 Verdeling van die gemeenskaplike bates

Hierdie aspek sluit met betrekking tot die minderjarige kind veral die gemeenskaplike huis van die gesin in. Die egskeiding bring mee dat 'n besluit oor die woning geneem moet word. Dit behels twee opsies, naamlik dat een



van die ouers uittrek en die ander die huis behou, óf dat die gemeenskaplike woning verkoop word, indien dit die gesin se eiendom is, en die opbrengs tussen die ouers verdeel word (Winner, 1996: 37-38). Watter opsie ook al uitgeoefen word, dit veroorsaak 'n ingrypende verandering in die minderjarige kind se lewe. Die gesin se huis vorm deel van die kind se gevoel van sekuriteit wat ontwikkel as lid van die gesinsisteam en die ouers se egskeding bedreig hierdie sekuriteit (Allen, 1997: 98). Die verlies van die gesin se huis beïnvloed die kind se gemoedstoestand weens die bekommernis en vrae oor die toekoms wat by die kind ontstaan, soos of daar weer 'n huis gaan wees, waar en hoe die nuwe huis gaan wees, wat van maatjies, speelgoed en troeteldier en selfs kontak met familieledes (Allen, 1997: 98; Wentzel & Du Toit, [sa]: 101).

Die verdeling van bates tussen die skeidende ouers veroorsaak 'n verdeling in inkomste en verdubbeling van uitgawes aangesien twee huishoudings ná die egskeding gevestig moet word (McKay et al., 1999: 88). Die verlies van die gemeenskaplike gesinwoning beteken ook vir die ouers 'n breuk met die bekendheid en sekuriteit van die gesinsisteam en skep 'n stresvolle situasie waarin ernstige besluite aangaande 'n nuwe woning gemaak moet word (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 41). Dit word algemeen bevestig dat 'n gesin na egskeding materieel en finansiëel in 'n swakker posisie verkeer weens die addisionele uitgawes en eise ten einde twee alternatiewe gesinswonings daar te stel (Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999: 41).

Aandag sal vervolgens gewy word aan die belange van die minderjarige kind in die egskedingsgeding tussen die ouers as verdere primêre area van die juridiese implikasies.

6.3.1.2 Belange van die kinders

Die belange van die minderjarige kind betrokke in 'n egskedingsgeding tussen ouers word deur artikel 6 van die Wet op Egskeiding gereguleer en statutêr beskerm (Visser & Potgieter, 1998: 165; Cronje & Heaton, 1999b: 180). Die besondere aspekte met betrekking tot die minderjarige kind se belange wat deur die genoemde wet bepaal word, is naamlik die sorg (bewaring) van die kind, kontak (toegang) tussen kind en ouer, onderhoud en voogdyskap. Die statutêre beskerming word hierna bespreek, gevolg deur 'n bespreking van die genoemde vier areas.



▪ *Statutêre beskerming*

Dit word beklemtoon dat die beginsel van die “beste belang van die minderjarige kind” in terme van die Suid-Afrikaanse wetgewing oor egskeiding voorkeur geniet bo die ouers se belange (Van Zyl, 2000: 87). Hierdie sogenaamde welsynsbeginsel (“welfare principle”) in wetgewing oor egskeiding word verder deur die Grondwet van Suid Afrika in artikel 28(2) bekragtig (Van Zyl, 2000: 87). Die belange van die minderjarige kind word in terme van die volgende vier aspekte statutêr deur artikel 6 van die Wet op Egskeiding beskerm (Visser & Potgieter, 1998: 165-166; Cronje & Heaton, 1999b: 180-181):

- ’n Egskeidingsbevel sal slegs uitgevaardig word indien die hof: (1) oortuig is dat die voorsiening wat vir die minderjarige kind gemaak is bevredigend is, of dat dit die beste is wat in die besondere omstandighede moontlik is, en (2) die verslag met aanbevelings van die Kantoor van die Gesinsadvokaat oorweeg het, indien sodanige ondersoek aangevra is;
- Die hof mag ’n ondersoek doen na die belange van die minderjarige kind en oorweging skenk aan die verslae van professionele deskundiges of ander persone wat die betrokke kind en ouers en hulle omstandighede goed ken;
- Die hof het die mag om enige bevel aangaande die onderhoud, voogdyskap, sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind, soos gepas bevind, uit te vaardig;
- Die hof mag ’n regsverteenwoordiger op koste van een of albei ouers vir die kind aanstel ten einde die belange van die kind te behartig.

▪ *Sorg (bewaring) van die minderjarige kind*

In Suid-Afrika word alle egskeidingsdispute aangaande die belange van die minderjarige kind deur die hooggeregshof as oppervoog aangehoor en beslis (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 29). Sodanige beslissing insake die beste geskiktheid van een ouer kan dikwels vir die hof ’n uiters moeilike probleem stel (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 29). Die hofprosesse wat betrekking het op beslissings aangaande die sorg (bewaring) van die minderjarige kind is tweeledig van aard, naamlik (1) egskeidingsaksies en (2) aansoeke om tussentydse regshulp (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 31). Die proses van egskeiding is in hoofstuk 5 behandel en word



hier slegs kortliks weer uitgelig ter wille van die eenheid van die bespreking aangaande die belange van die minderjarige kind:

- *Egskeidingsaksies*: Die egskeidingsaksie behels die dagvaarding tot egskeiding deur een party aan die ander, aangevul deur die verklaring aangaande die betrokke feite wat aanleiding tot die aksie gegee het (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 31). Indien die sorg(bewaring) van die minderjarige kind in dispuut is, met ander woorde as die ouers nie 'n ooreenkoms aangaande die sorg(bewaring) kan bereik nie, word getuienis gelei wat die geskiktheid van die ouers in hierdie verband aandui (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 31). Gedurende hierdie fase van die proses word deskundige getuies asook die Kantoor van die Gesinsadvokaat dikwels betrek ten einde die argumente te versterk oor watter ouer die mees geskikte versorgende(bewarende) ouer behoort te wees (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 31). Dit is juis hierdie fase van die egskeidingsproses wat, na die ondersoeker se mening, dikwels die pynlikste vir die minderjarige kind kan wees aangesien die egskeidingsoorlog dan op die spits gedryf word. Die minderjarige kind word tydens hierdie fase dikwels die emosionele speelbal op die ouers se egskeidingspeelveld.
- *Aansoek om tussentydse regshulp*: Die tweede hofproses wat op die sorg(bewaring) van die minderjarige kind betrekking het, is die aansoek om tussentydse regshulp. Regshulp *pendente lite* verwys na die aansoek om 'n tussentydse bevel insake huweliksgedinge in afwagting van die geding en word deur 'n spesiale hofreël gereguleer, naamlik reël 43 van die hooggeregshof (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 31; Visser & Potgieter, 1998: 174; Cronje & Heaton, 1999b: 194).

Tussentydse sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind kan in terme van hierdie reël bepaal word en is in egskeidingsdispute dikwels in die beste belang van die kind, veral waar ouers in ernstige konflik met mekaar verkeer.

Sorg(bewaring) van die minderjarige kind behels die ouer se verantwoordelikheid om die kind se daaglikse lewe te hanteer. Cronje en Heaton (1999b: 182) beskryf hierdie verantwoordelikheid soos volg: "... the capacity to have the actual physical 'possession' of a minor, to live with the child, care for the child, and support and lead the child in its



daily life.” Sorg(bewaring) van die minderjarige kind behels dus die elkedagse take van huisvesting bied, voeding en kleding verskaf en versorg, mediese versorging, opvoeding en onderwys asook die verantwoordelikheid vir die fisieke en emosionele veiligheid en welsyn van die kind (Visser & Potgieter, 1998: 168; Cronje & Heaton, 1999b: 182; Cronje & Heaton, 2004a: 291). Daar is voorheen na die sorg (bewaring) van die minderjarige kind verwys as “toesig en beheer”, maar dit word algemeen aanvaar dat hierdie term, veral “beheer”, ontoepaslik is in hierdie konteks, en na regter Wunsch se uitspraak in *Stassen vs Stassen*, 1998 2 SA 105 (W), is versoek dat die term nie verder gebruik word nie (Cronje & Heaton, 1999b: 182). Die daaropvolgende term “bewaring” is na die ondersoeker se mening meer kindervriendelik en plaas groter klem op die verantwoordelikheid van die betrokke ouer en nie soseer op die mag en reg van die ouer nie. Dit is die navorser se mening dat bewaring as begrip egter nie die versorgings- en liefdesaspek van die verantwoordelikheid van kinderopvoeding- en versorging omvat nie. Die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005: 18) vervang die term “bewaring” met “sorg” (“care”) waardeur met ’n meer kindervriendelike benadering na hierdie verantwoordelikheid van ’n ouer verwys word (Staatskoerant, 2006: 18).

Die nuut aanvaarde term “sorg” behels volgens die nuwe Kinderwet, wat sedert 2007 in werking gestel is, die voorsiening van gunstige woonomstandighede en finansiële ondersteuning aan die kind, fisieke en morele beveiliging en beskerming, agting en respek vir die kind se grondwetlike regte en beskerming daarvan, leiding en advies aan die kind in opvoeding en neem van besluite, sosiale leiding ten opsigte van gedrag, handhawing van ’n gesonde verhouding met die kind en versekering dat die beste belang van die kind in alle aangeleenthede rakende die kind oorweeg word (Staatskoerant, 2006: 18). Die term “sorg” behels die begrippe van versorging, omgee, voorsien, bestuur, vertroetel en skep reeds met die aanhoor van die woord die indruk van beskerming (*Reader’s Digest Afrikaans/Engelse Woordeboek*, 1993: 489). Die aanvaarding van die term “sorg” in egskeidingsdispute kan moontlik in die toekoms bydra tot versagting van die konflik tussen die skeidende ouers aangaande die post-egskeiding-versorging van die minderjarige kind.



Uitgangspunte wat deur die hof in ag geneem word ten einde 'n beslissing in terme van artikel 6(3) van die Wet op Egskeiding met betrekking tot die minderjarige kind se sorg(bewaring) te maak, behels die volgende:

- Sorg van die minderjarige kind is 'n verantwoordelikheid sowel as 'n voorreg en behoort verdien te word.
- Sorg is nie 'n geslagsvoorreg of -reg nie en die gehalte van 'n ouerlike rol word nie deur geslag bepaal nie; beide ouers kan teoreties dus kwalifiseer as versorgende (bewarende) ouer.
- Die biologiese feite en dinamika van swangerskap kan oorweging aan die moeder as meer geskikte versorgende (bewarende) ouer, veral by jong kinders, regverdig.
- Oorweging van die moeder as meer geskikte versorgende (bewarende) ouer vir die jong kind en dogters, gebaseer op die "tender years doctrine", was vir 'n lang tydperk geldend in die praktyk en die hof kan selfs steeds in sake van twyfel voorkeur gee aan die moeder as versorgende ouer.
- Die minderjarige kind se wense met betrekking tot watter ouer die sorg(bewaring) moet verkry, sal in ag geneem word indien die hof oortuig is van die intellektuele vermoë en emosionele rypheid van die kind ten einde 'n welingeligte mening in hierdie verband te kan vorm.
- Sorg(bewaring) van kinders sal in die reël nie tussen ouers verdeel word nie, behalwe waar dit in die beste belang van 'n kind is.
- Gesamentlike sorg(bewaring) kan aan beide ouers toegestaan word indien die omstandighede wenslik is en die ouers se verhouding met mekaar sodanig is dat hulle gesamentlik verantwoordelikheid vir die minderjarige kind kan aanvaar.
- Sorg(bewaring) kan in hoogs uitsonderlike omstandighede van beide ouers ontnem word en aan 'n derde party toegestaan word.
- Uitsluitlike sorg(bewaring) kan aan een ouer toegestaan word waardeur die nie-versorgende (-bewarende) ouer alle versorgingsbevoegdheid verloor en die versorgende (bewarende) ouer testamentêr 'n ander persoon kan aanwys om die kind se sorg (bewaring) oor te neem by dood van die versorgende (bewarende) ouer.
- Die versorgende (bewarende) ouer mag verbied word om die minderjarige kind uit die area van jurisdiksie van die betrokke hof te verwyder. Suid-Afrika is 'n kontrakterende staat tot die Haagse Konvensie wat as 'n skedule tot die Wet op Siviele Aspekte van Internasionale Kinderontvoering (Wet 72 van 1996) verskyn. Die



- Kantoor van die Gesinsadvokaat is belas met die uitvoering van die pligte in terme van die Haagse Konvensie waarvolgens kontrakterende state handel met sake waar 'n ouer kinders sonder die toestemming van die ander ouer oor landsgrense heen verwyder.
- 'n Versorgingsbevel mag gewysig word indien die nie-versorgende (-bewarende) ouer bewys kan lewer dat die versorgende (bewarende) ouer nie die verantwoordelikheid korrek uitvoer nie en dat 'n wysiging tot die voordeel van die kind sal wees (Visser & Potgieter, 1998: 169-170; Cronje & Heaton, 1999b: 183-184; Robynson et al., 2005: 156-162).

Dit is noodsaaklik om daarop klem te lê dat die toewysing van die sorg van die minderjarige kind aan een ouer nie beteken dat die ander ouer die ouerstatus verloor nie. Selfs waar uitsluitlike sorg aan een ouer toegewys word, het die ander ouer steeds reg van kontak met die minderjarige kind al verbeur die nie-versorgende (nie-bewarende) ouer die besluitnemingsbevoegdheid tot die kind se lewe (Visser & Potgieter, 1998: 170; Cronje & Heaton, 1999b: 187).

Die voorafgaande bespreking van die statutêre beskerming van die belange van die minderjarige kind word gevolg deur 'n beskouing van die sorg van die kind as eerste aspek van die belange wat deur artikel 6 van die Wet op Egskeiding bepaal word. Die reg van kontak(toegang) tussen die minderjarige kind en ouer word vervolgens as tweede aspek van die belange van die minderjarige kind in terme van die genoemde wet bespreek.

- *Reg van kontak (toegang) tussen kind en ouer*

Egskeiding tussen ouers bring mee dat die minderjarige kinders slegs by een ouer op 'n keer kan woon en soos bespreek onder gedeelte 6.3.1.1 word die kind se woonplek ook verdeel. Die ouer aan wie die sorg (bewaring) van die minderjarige kind met die egskeidingsbevel nie toegewys is nie, het volgens die gemenerereg 'n reg op redelike kontak (toegang) met die kind (Visser & Potgieter, 1998: 170; Cronje & Heaton, 1999b: 187; Robynson et al., 2005:163).

Met die aanvaarding van die Konvensie oor die Regte van Kinders is die reg van die minderjarige kind van kontak(toegang) met beide ouers erken (Hodgkin & Newell, 1998: 119; Engelbrecht & Rencken-Wentzel, 1999:



89). Die vorige aanvaarde term “toegang” beteken letterlik dat die nie-versorgende (-bewarende) ouer en die minderjarige kind met mekaar kontak het en “redelike toegang” behels dat die nie-versorgende (-bewarende) ouer die kind op redelike tye en plekke mag besoek (Visser & Potgieter, 1998: 170; Cronje & Heaton, 1999b: 187; Robinson, 2000: 85). Die vaagheid en veralgemening van hierdie reg is na die ondersoeker se mening dikwels ’n bron van ernstige konflik in die post-egskeidingstydperk. Die ongedefinieerde term “redelike toegang” bied geleentheid tot verskeie interpretasies en elke ouer se perspektief van redelike tye en plekke kan verskil en volgens persoonlike voorkeur toegepas word (Robinson, 2000: 85). Naas die stryd tussen ouers om die toewysing van die sorg(bewaring) van die minderjarige kind, is die reëling van die kontak(toegang) tussen die kind en die nie-versorgende (-bewarende) ouer dikwels die spreekwoordelike olie op die vuur wat die konfliksituasie verhoog. Sodanige konflik het ernstige implikasies vir die minderjarige kind en bedreig die ouer-kind-verhouding deurdat dit aanleiding gee tot die ontwikkeling van emosionele onsekerheid by die kind (Amato, 2000: 13). Die hof het, na die ondersoeker se mening, in hierdie verband ’n verantwoordelikheid om duidelike bepalings met betrekking tot tye van besoeke tussen die minderjarige kind en die nie-versorgende (-bewarende) ouer in elke besondere saak daar te stel (Visser & Potgieter, 1998: 170; Cronje & Heaton, 1999b: 187; Robinson et al., 2005: 163).

Die nuut aanvaarde term “kontak” (“contact”) as vervanging van ‘toegang’ volgens die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) verwys na die handhawing van ’n persoonlike verhouding tussen ouer en kind wat gereelde, persoonlike kommunikasie met die kind inhou, soos besoeke aan en deur die kind, of enige ander wyse van kommunikasie soos per pos, telefoon of elektroniese media (Staatskoerant, 2006: 20). Kontak (toegang) behels dus die reg en voorreg van die ouer om die minderjarige kind te sien, te besoek, kontak met hom/haar te hê, tyd saam met die kind deur te bring en sy/haar geselskap te geniet terwyl die ouer tydens ’n tydperk van kontak(toegang) tydelik die bevoegdhede waarneem wat gewoonlik deur die versorgende (bewarende) ouer beoefen word (Cronje & Heaton, 2004a: 292; Robinson, 2005: 164; Staatskoerant, 2006: 20). Die begrip “kontak” dui, volgens die navorser se mening, sterker op fisieke kontak tussen ouer en kind en skep die indruk van ’n meer gemoedelike atmosfeer en versorgende klimaat. Aanvaarding van die

begrip “kontak” tussen ouer en kind in egskeidingsdispute kan moontlik ook tot versagting van die aggressie tussen ouers bydra.

Die hof het ’n bepaalde bevoegdheid by die wysiging van die kontak (toegang) tussen die ouer en minderjarige kind in egskeidingsdispute, hetsy die inperking of afdwinging daarvan, mits dit in die beste belang van die minderjarige kind sou wees, naamlik:

- Kontak(toegang) tussen die minderjarige kind en die nie-versorgende (-bewarende) ouer in te perk indien sodanige reëling in die beste belang van die kind sou wees;
- Kontak(toegang) tussen die minderjarige kind en nie-versorgende ouer in uitsonderlike gevalle totaal te verbied indien dit in die beste belang van die kind sou wees en nie op grond van die teenstand van een ouer teenoor die ander nie;
- Enige vorige bevel in verband met kontak(toegang) te wysig op aansoek van die ouers en in die beste belang van die minderjarige kind;
- Kontak(toegang) tussen die nie-versorgende ouer en minderjarige kind te spesifiseer waar dit deur die versorgende ouer gesaboteer word (Visser & Potgieter, 1998: 170-171; Cronje & Heaton, 1999b: 187-189; Robinson, 2000: 85-86; Cronje & Heaton, 2004a: 293-294; Robinson et al., 2005: 163-164).

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat die kind se reg van kontak (toegang) met die nie-versorgende ouer voorkeur behoort te geniet in terme van die belang van die beginsel van die beste belang van die kind. Regter Foxcroft het egter hierdie reg van die kind in perspektief met die reg van die nie-versorgende (-bewarende) ouer soos volg gestel:

... The rights which a child has to have access to its parents are complemented by the right of the parents to have access to the child. ... Access is therefore not a unilateral exercise of a right by a child, but part of a continuing relationship between parent and child. The more extensive that relationship with both parents, the greater the benefit to children is likely to be (Cronje & Heaton, 1999b: 188).

Die derde aspek van die belang van die minderjarige kind in egskeidingsdispute, wat deur artikel 6 van die Wet op Egskeiding (Wet 70 van 1979) bepaal word, is die onderhoud ter versorging van die kind wat vervolgens behandel word.

- *Onderhoud van die minderjarige kind*

Ouers het beide, volgens vermoë, 'n verpligting tot onderhoud van die minderjarige kind uit die huwelik gebore en hierdie verpligting duur na egskeiding voort (Visser & Potgieter, 1998: 172-173; Cronje & Heaton, 1999b: 189; Van Schalkwyk, 2000: 45-46). Die onderhoud van die minderjarige kind na die ouers se egskeiding is die derde kritiese aspek van die belange van die kind wat deur die hof bepaal moet word. Die hof moet verseker dat gepaste reëlins vir die onderhoud van die minderjarige kind na egskeiding getref is (Visser & Potgieter, 1998: 172; Cronje & Heaton, 1999b: 189; Robinson et al., 2005: 165).

Onderhoud verwys na die geldelike voorsiening vir die lewensbehoefte van die minderjarige kind en faktore wat deur die hof in ag geneem word, is naamlik die ouderdom van die kind, gesondheid en opvoedkundige behoeftes, finansiële omstandighede en sosiale status van die ouers asook die verantwoordelikheid vir die versorging van die kind en die ouderdom waarop die kind nie meer onderhoudsbehoefte sal wees nie (Visser & Potgieter, 1998: 172; Cronje & Heaton, 1999b: 189; Robinson et al., 2005: 165). Die onderhoud van die minderjarige kind word soos volg deur Spiro (in Van Schalkwyk, 2000: 42) beskryf: "... maintenance does not only embrace the necessities of life, such as food, clothing and shelter, but also extends to education and care in sickness, and the child must be provided with all those things which are required for its proper upbringing."

Hierdie aspek van die belange van die minderjarige kind is 'n verdere bron van ernstige konflik tussen die egskeidende ouers sowel as ouers wat reeds geskei is. Dit wil vanuit waarnemings in die praktyk voorkom dat die finansiële druk weens die onderhoud van twee huishoudings asook onopgeloste gevoelens van die ouers jeens mekaar en moontlike ontevredenheid met die hofbevel die oordra van onderhoud deur die nie-versorgende ouer aan die versorgende ouer dikwels in 'n hefboom van straf ontwikkel (Winner, 1996: 50, 52). Die mate waartoe die hof die bevel van onderhoud bepaal en die uitvoering daarvan in die praktyk



verseker, het bepalende implikasies vir die bevrediging van die lewensbehoefte van die minderjarige kind. Die behoeftes van die minderjarige kind asook die vorige lewenstandaard en sosiale status van die gesinsisteem is aspekte wat oorweeg word by die bepaling van 'n onderhoudsbevel in die lig van die onderhoudspligtige ouer se finansiële en materiële vermoë (Van Schalkwyk, 2000: 50-51; Robynson et al., 2005: 165).

Die vierde en laaste aspek van die belange van die minderjarige kind in eg-skeiding wat na die sorg(bewaring), kontak(toegang) en onderhoud bespreek word, is die voogdyskap oor die minderjarige kind.

- *Voogdyskap oor die minderjarige kind*

Voogdy in die enger sin verwys na die bevoegdheid van die ouer om die bates en boedel van die minderjarige kind in die kind se belang te bestuur asook om die kind in regsangeleenthede soos kontraksluiting by te staan (Visser & Potgieter, 1998: 171; Cronje & Heaton, 2004a: 166, 289). In die breër sin sluit voogdy die sorg(bewaring) van die minderjarige kind in (Cronje & Heaton, 2004a: 166, 289).

Tydens die huwelik het beide ouers in terme van die Wet op Voogdy (Wet 192 van 1993) voogdyskap oor die binne-egtelike minderjarige kind, en by eg-skeiding word hierdie posisie gewoonlik onveranderd gelaat sodat beide ouers gelyke voogdy oor die betrokke minderjarige kind behou (Cronje & Heaton, 2004a: 166; Robynson et al., 2005:162). Kragtens artikel 6(3) van die Wet op Egskeiding mag die hof voogdy aan een ouer toestaan, naamlik *voogdy simpliciter*, wat egter behels dat albei ouers steeds toestemming tot die huwelik van die minderjarige kind moet verleen en dat 'n opvolger-voog nie met uitsluiting van die ander ouer aangewys mag word nie (Cronje & Heaton, 2004a: 167). Die hof mag verder kragtens artikel 6(3) van die Wet op Egskeiding uitsluitlike voogdy aan een ouer toestaan wat behels dat hierdie ouer die enigste voog van die minderjarige kind word met uitsluiting van die ander ouer, asook dat hierdie ouer 'n opvolger-voog mag aanwys (Cronje & Heaton, 2004a: 167). Uitsluitlike voogdy word egter slegs in uitsonderlike gevalle toegeken en sal van toepassing wees waar een ouer in die buiteland woon of weens wangedrag van 'n ouer. Die rigtinggewende beginsel in sodanige besluit sal weereens die beste belang van die minderjarige kind



wees (Visser & Potgieter, 1998: 171-172; Cronje & Heaton, 1999b: 182). Die nuwe Kinderwet behou die gemeenregtelike betekenis van voogdy en kombineer dit met sekere bepalings uit die Wet op Voogdy om die ouer se bystand aan die kind in kontraktuele en regsangeleenthede uit te brei waar die toestemming van die kind verlang word, soos met 'n paspoortaansoek, die vertrek of verwydering van die kind uit die land, vervreemding of beswaring van die kind se onroerende eiendom (Cronje & Heaton, 2004a: 289). Die toestemming van albei ouers word tydens die huwelik sowel as na die egskedding benodig vir bepaalde handeling, naamlik:

- die minderjarige kind se huwelik;
- die aanneming van die minderjarige kind;
- verwydering van die minderjarige kind uit die land deur een ouer of enigiemand anders;
- die aansoek om 'n paspoort vir die minderjarige kind onder agtien jaar;
- die vervreemding of beswaring van die minderjarige kind se onroerende eiendom (Cronje & Heaton, 2004a: 290).

'n Derde en moontlik minder direkte area van juridiese implikasie van egskedding vir die minderjarige kind is naamlik die verandering van status van beide ouers. Die area as implikasie word kortliks uitgelig ter wille van die langtermyngevolge wat dit vir die kind inhou.

6.3.1.3 Status van die ouers

Die ontbinding van 'n huwelik deur egskedding beëindig die onveranderbare of persoonlike gevolge van die huwelik. Dit beteken daardie gevolge van 'n huweliksluiting wat die betrokke partye nie kan wysig of kan uitsluit nie (Visser & Potgieter, 1998: 72).

Die status van die partye as persoonlike gevolg van die huwelik verander by huweliksluiting van enkel na "getroud" en by egskedding verander dit weer na "ongetroud" (Visser & Potgieter, 1998: 176). Hierdie verandering in die status van die partye bring dus mee dat beide ouers weer bevoegdheid tot huweliksluiting verkry en dit hou verdere regsimplikasies vir die minderjarige kind in. Die egskedding van ouers plaas die minderjarige kind onmid-



dellik in die arena van 'n moontlike stiefverbintenis indien een of beide ouers weer 'n huwelik sou aangaan. 'n Verdere aspek van die status van die partye, wat implikasies vir die minderjarige kind in egskeiding inhou, is naamlik die behoud of verandering van die moeder se van. Die vrou as party van die huwelik mag die man se van aanneem indien sy dit verkies, en sy mag by egskeiding daarvan afstand doen indien sy verkieslik 'n vorige van wil aanneem (Visser & Potgieter, 1998: 73, 176). Dit spreek vanself dat sodanige verandering in identiteit vir die minderjarige kind traumaties kan wees en vrae aangaande die verskil in identiteit met die moeder kan skep.

Samevattend word daarop gewys dat die juridiese implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind uiteenlopend en verreikend kan wees. Die belange van die minderjarige kind word statutêr deur artikel 6 van die Wet op Egskeiding beskerm, soos vooraf in hierdie gedeelte bespreek. Die aspekte rakende die belang van die minderjarige kind wat deur die hof bepaal moet word, behels die sorg(bewaring) van die kind, die kontak(toegang) van die kind tot die ouers, die onderhoud vir die lewensbehoefte van die kind sowel as die voogdy van die minderjarige kind. Die rasionaal van die juridiese implikasies, soos vooraf beskryf, is geleë in die besorgdheid van die hof met betrekking tot die toekomstige versorging en sekuriteit van die minderjarige kind. Die praktyk bring egter dikwels 'n onrusbarende ander beeld na vore, naamlik dat die minderjarige kind midde-in 'n draaikolk van woede, bitterheid en naywer beland waar die beste belang van die kind beslis nie die geldende beginsel is nie. Die kind word dikwels die slagoffer van 'n oneffektiewe, tydrowende sisteem waar die ouers as opponente van mekaar tot die kind se nadeel aangevuur word.

Dit is na die navorser se mening krities noodsaaklik dat meer en voldoende tyd bestee word ten einde die kern van die beste belang van elke minderjarige kind in egskeiding te kan bepaal. Hierdie aspek sal verder in die volgende hoofstuk, wat oor gesinsassessering handel, uitgelig word.

Die tweede implikasie van egskeiding vir die minderjarige kind sentreer rondom die maatskaplike implikasies.

6.3.2 Maatskaplike implikasies van egskeiding

Die juridiese implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind kan na die navorser se mening vergelyk word met die eerste skokgolwe van 'n aard-



bewing. Die besef van die aanvang van 'n trauma is skrikwekkend, maar die volle omvang van die gebeure kan eers na die afloop daarvan ervaar en bepaal word; dit verwys dus na die maatskaplike implikasies.

Die maatskaplike implikasies van egskedding dring in die realiteit van die minderjarige kind se daaglikse lewensbestaan in. Pritchard (1998: 211), in haar navorsing oor kinders se aanpassing na hulle ouers se egskedding, beskryf die voorkoms van die maatskaplike implikasies, soos deur die individue self weergegee, soos volg:

No one particular story illustrates the theme that money worries affect children after the separation of parents. It is present in almost every story. ... Shortage of money, a lowered standard of living, fewer luxuries than friends, fights between parents over maintenance or child support, fathers not paying or paying only the minimum, and unequal sharing of resources in stepfamilies.

Die belewenis van 'n ernstige afname in ekonomiese omstandighede word deur die meeste kinders ondervind. Verder ondervind hulle ook verwaarlosing en vrees vir verwaarlosing deur een of albei ouers, 'n afname in betekenisvolle en konstruktiewe aandag deur beide ouers, verminderde kontak met familieleden asook ander bronne van psigo-sosiale ondersteuning soos vriende en verlies van bekende lewensomstandighede soos die gesamentlike woning (Lamb, Sternberg & Thompson, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 11). Genoemde skrywers beskryf die maatskaplike implikasies van egskedding vir die meeste minderjarige kinders as "... a psychosocial stressor and significant life transition ... with long-term repercussions for many" (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 11).

Amato en Keith beklemtoon die langtermyn nadelige gevolge van die maatskaplike implikasies van egskedding uit hulle navorsing waarin 37 egskeddingstudies geanaliseer is met die doel om te bepaal watter implikasie ouers se egskedding op die kwaliteit van die lewe van die kinders in volwassenheid sal hê. "The data show that parental divorce has broad negative consequences for quality of life in adulthood. These include depression, low life satisfaction, low marital quality and divorce, low educational attainment, income, and occupational prestige, and physical health problems" (Amato & Keith, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 11).



Dit kan derhalwe gestel word dat die egskeiding van ouers negatiewe maatskaplike implikasies vir die minderjarige kind inhou en dat hierdie implikasies langtermyn nadelige gevolge vir die lewensgehalte van die kind as mens meebring (Amato & Keith, in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 11). Onderzoekers bevestig die tendens dat die jong kind al meer betrokke is by egskeidingsdispute en dat meer as die helfte, selfs soveel as 60%, van alle egskeidingsaansoeke afhanklike minderjarige kinders in die huishouding het (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 132; McKay et al., 1999: 187). Die sorg(bewaring) van veral die jong kind word in meer as 50% van egskeidings aan die moeder toegestaan (Winner, 1996: 37) met geen verpligting, in terme van die heersende “no fault”-egskeidingswetgewing, op die vader om ’n gelyke bydrae tot die onderhoud van die minderjarige kind te maak nie (Saxton, 1996: 420).

Buehler, in Goldenberg en Goldenberg (1998: 136), wys daarop dat ’n onderhoudsbevel aan slegs 60-70% moeders, as versorgende ouer, toegestaan word. Uit studies blyk dit dat egskeiding die grootste oorsaak van armoede onder vroue en kinders is met ’n afname in gemiddelde inkomste van 55-70% ná egskeiding vir die vrou (Saxton, 1996: 420). Hierdie omstandighede het meegebring dat in ’n land soos die VSA meer as vyf miljoen kinders in die sorg van die moeder, as versorgende ouer, onder die broodlyn leef (Saxton, 1996: 420). Winner (1996: 37) beklemtoon dat die wetgewers van die huidige egskeidingswetgewing totaal uit voeling is met die realiteit en stel dit soos volg:

... legislators who conceived the laws that would cut off alimony were out of touch with the very real social and economic problems women face: women do not have an equal chance to succeed economically in the labor market, and quality day care is still expensive and hard to find.

Die Verenigde Nasies neem met kommer kennis van die universele tendens van ongelykheid in ouerlike verantwoordelikheid, wat dikwels by egskeiding duidelik word, en regerings word gemaan om daadwerklik pogings aan te wend om hieraan ’n verandering te maak (Hodgkin & Newell, 1998: 230-231).

Goldenberg en Goldenberg (1998: 133-134) bespreek ’n samevatting van die algemene probleme wat die minderjarige kind ná egskeiding beleef en waaruit die maatskaplike implikasies van egskeiding vir die kind duidelik blyk:



- skande, vernedering, verlaagde selfbeeld
- verswakte verhouding met nie-versorgende ouer
- selfblamering vir die ouers se skeiding
- konflikterende lojaliteite teenoor ouers
- angstigheid oor onsekerheid en vreemdheid van die toekoms
- verouerliking van kind (“parentification”); druk tot premature optrede as volwassene en surrogaatouer
- verminderde ekonomiese status
- ontwrigting van bekende lewensomstandighede: huis, skool, vriende
- swak skoolprestasie
- aanpassing by besoekreëlings met nie-versorgende ouer
- aanpassing by nuwe verhoudings tussen ouer en nuwe maat
- vrees vir verlies van versorgende ouer

Volgens Pritchard (1998: 212) word dit bevestig dat minderjarige kinders uit egskeidings meer waarskynlik afhanklik is van ’n verlaagde inkomste, veral indien die moeder uitsluitlike sorg(bewaring) ontvang. Die skrywer beklemtoon navorsing bevestig dat kinders in armoede meer geneig is tot swak prestasie, veral in die skool. Die meeste minderjarige kinders uit egskeidings het nie voor die egskeiding in armoede funksioneer nie en dit is hoofsaaklik die waargenome verlies en ekonomiese agteruitgang in vergelyking met hulle vorige lewenswyse en die van ander gesinne wat die negatiewe effek op die kind het (Pritchard, 1998: 212).

Samevattend blyk dit dus uit verskeie studies dat die egskeiding van ouers ernstige en meestal langtermyn nadelige maatskaplike implikasies vir die minderjarige kind inhou. Die minderjarige kind word hoofsaaklik blootgestel aan groot ontwrigting in sy basiese gesinsisteam se funksionering. Die verlaagde lewenstandaard wat na egskeiding voorkom, eindig dikwels in armoede vir die kind met gevolglike negatiewe implikasies op die kind se totale funksionering. Die verliese wat die kind aan verhoudingskwaliteit met beide ouers beleef, het ’n negatiewe uitwerking op die kind se basiese vermoë om vertrouwe in mense te ontwikkel en intieme verhoudings te vestig (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 134). Die afwesigheid van die vaderfiguur in die kind se lewe, wat ontstaan deurdat die kinders hoofsaaklik aan die moeder toegewys word, versterk die tendens van ’n “fatherless”-gemeenskap waarin hierdie kinders ’n belangrike rol speel in die skep van maatskaplike probleme soos armoede, jeggeweld, swak skoolprestasie en kindermishandeling (Blankenhorn in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 134).



Indien die gemeenskap 'n paradigmaskuif in die houding met betrekking tot egskedding kan maak, naamlik dat beklemtoon word dat dit slegs die ouers is wat skei en dat die minderjarige kind in die huwelik nie van die verhouding met beide ouers geskei kan word nie, kan die belange van die kind in die egskeddingsproses beter bedien word. Weitzman in Saxton (1996: 421) beklemtoon die negatiewe invloed van die ontwrigting in die kind se maatskaplike omstandighede soos volg: “The loss of the family home, and the subsequent residential moves it necessitates, disrupt the children’s school, neighborhood, and friendship ties, and create additional dislocation for children (and mothers) at the very point at which they need continuity and stability.” Die ontwrigting van huis en haard is reeds traumaties vir die kind en behoort nie geïntensiver te word deur voortslepende konflik weens bitterheid tussen die ouers nie.

Die bespreking van die maatskaplike implikasies as tweede aspek in die gedeelte wat oor die implikasies van egskedding vir die minderjarige kind handel, word hierna opgevolg deur 'n bespreking aangaande die emosionele implikasies vir die kind.

6.3.3 Emosionele implikasies

“Divorce trauma for children involves far more than the removal of one parent from the house. Many children suffer a sudden and disturbing remoteness from the parent who stays behind” (McKay et al., 1999: 187). Die weergawe van 'n kind wat tussen die ouderdom van elf tot dertien jaar aan die ouers se egskeddingsproses blootgestel was, bevestig die bogenoemde stelling soos volg: “I felt disrupted – not particularly for the loss of my father. No. It was because it was causing Mum a lot of pain” (Pritchard, 1998: 40).

Die Kanadese ondersoek na die bewaring en toegang van die minderjarige kind in egskedding het die emosionele implikasies vir die kind beklemtoon en daarop gewys dat daar nog geen wyses gevind is waarop die kind doeltreffend op die ontwrigting van egskedding voorberei kan word nie (Special Joint Committee on Child Custody and Access, 1998: 11). Die egskedding van ouers het negatiewe emosionele implikasies vir die minderjarige kind se gemoed en gedrag, algemene funksionering op sosiale en skoolse vlak, asook vorming en handhawing van interpersoonlike verhoudings (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 11-12). Studies met



betrekking tot die effek van egskeiding op kinders toon langtermyngedragsprobleme, depressie, swak skoolprestasie, uitreagerende gedrag, swak selfbeeld en probleme met intieme heteroseksuele verhoudings in die tienerjare (Lamb et al., in *Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 11). Navorsing aangaande die effek van egskeiding op jong kinders van 0-48 maande toon 'n negatiewe invloed op die kinders se bindingsgedrag met die ouers. Ludolph en Viro (*Special Joint Committee on Child Custody & Access*, 1998: 12) bevestig dat elke egskeiding 'n negatiewe emosionele implikasie vir die minderjarige kind meebring. Selfs die sogenaamde “vriendskaplike” egskeiding laat die jong kind se gevoel van hegte binding met die ouers wankel en laat hulle onseker voel. Die genoemde twee outeurs wys verder op die ernstige nadelige gevolge van egskeiding met 'n hoë graad van konflik wat tot 'n ongeordende en gedisoriënteerde emosionele band tussen die minderjarige kind en ouers kan lei.

Na die aanhoor van talle kinders vanuit alle oorde in Kanada het die *Special Joint Committee on Child Custody and Access* (1998: 19) tot die volgende besef gekom: “When parents divorce, children are left with a new set of worries and fears about what will happen to them. Children are not prepared for these worries and fears, and they tend to struggle with them on their own.”

Dit is die navorser se mening dat die emosionele implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind, soos beskryf deur verskeie studies, aanduidend is van gevoelens by die kind wat in drie temas ingedeel kan word, naamlik (1) gevoelens wat fokus op die kind self; (2) gevoelens wat fokus op die ouers; en (3) gevoelens wat fokus op die omstandighede. Die drie temas word kortliks bespreek in terme van die gevoelens wat die kind beleef.

6.3.3.1 Gevoelens wat fokus op die kind self

Die studies deur Wallerstein en Kelly (in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 133; McKay et al., 1999: 189) ondersteun deur Hetherington, Staley-Hagan en Anderson (in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 132-133) gee 'n aanduiding van die gevoelens wat egskeiding by die kind kan ontlok:

- kinders beleef skande en vernedering en voel skaam teenoor maats weens die egskeiding;



- kinders openbaar huilerigheid, slaapprobleme, rusteloosheid en ’n gebrek aan konsentrasie;
- kinders openbaar emosionele onttrekking en hartseer;
- kinders ervaar selfblamering vir die egskeiding;
- kinders beleef angs vir alleenheid en verwerping;
- kinders ervaar angs aangaande die onsekerheid van hulle hele lewe;
- kinders se selfbeeld verswak;
- veral jong voorskoolse kinders openbaar gedrag soos regressie, klewende gedrag, woede-uitbarstings, fantasering.

Die emosies soos hier beskryf, is ’n duidelike aanduiding van die intense impak wat ouers se egskeiding op die kind se gemoed uitoefen. Hierdie feit dwing professionele hulpverleners om die ouer- en die gemeenskapsistiem te maan om die kind soveel moontlik teen blatante negatiewe implikasies te beskerm.

Die gevoelens wat die kind jeens die ouers koester, word as tweede tema van die emosionele implikasies bespreek.

6.3.3.2 Gevoelens wat fokus op die ouers

Die *Special Joint Committee on Child Custody and Access* in egskeiding (1998: 19) verwys na die tipiese vrae van een van die talle kinders (ouderdom tien jaar) aan die ouers, naamlik: “The question I had was, why are you getting divorced? Why does this have to happen?” Die feit dat die minderjarige kind nie inspraak het in die besluit tot egskeiding nie en nie aanspraak het op ’n “childfriendly” oplossing nie, wek bepaalde gevoelens soos die volgende by die kind (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 132-133; McKay et al., 1999: 187-189):

- kinders ervaar woede jeens die ouers vir die ontwrigting van hulle lewe;
- kinders blameer ouers; die versorgende (bewarende) ouer vir die afwesigheid van die ander ouer en die nie-versorgende (-bewarende) ouer vir verlating van die gesin;
- kinders beleef konstante verdeelde lojaliteit teenoor beide ouers en dit bring verdere woede mee weens die ongemak om veral nie positiewe gevoelens vir die ander ouer te mag wys nie;
- kinders beleef voortdurende fantasie aangaande die hereniging van die ouers;



- kinders ervaar verlies in kontak met die nie-versorgende (-bewarende) ouer en dit bring 'n gevoel van 'n verswakkende verhouding met die ouer mee;
- kinders beleef vrees vir verlies van en verwerping deur die versorgende (bewarende) ouer ook, veral wanneer die ouer weg is;
- kinders beleef 'n verlies aan aandag en beskikbaarheid van die ouers asook 'n emosionele afwesigheid van die versorgende (bewarende) ouer weens die belading van die nuwe verantwoordelikheid;
- kinders word dikwels die surrogaatouer vir die jonger kinders en dit kan gevoelens van opstand meebring.

Egskeiding het derhalwe 'n indringende invloed op die verhouding tussen die minderjarige kind en beide ouers. In die algemeen is die ouers die twee mees betekenisvolle persone in die kind se bestaan. Met egskedding dwing hierdie persone die kind in 'n posisie waar van die teenwoordigheid en aanwesigheid van een van die ouers in die daaglikse lewe van die kind afstand gedoen moet word. Die minderjarige kind, veral die jong kind, is nie daartoe in staat om die gebeure te verstaan wat rondom die egskedding van ouers plaasvind nie en ervaar te midde van die ontwrigting ook nog die ouer se emosionele ontsteltenis (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 132). Die kind het geen ander uitweg as om deur emosies en gedrag sy misnoeë met die egskedding te toon nie.

Die derde tema wat vervolgens in die bespreking van die emosionele implikasies van egskedding uitgelig word, is die gevoelens wat fokus op die omstandighede.

6.3.3.3 Gevoelens wat fokus op die omstandighede

Die ontwrigting wat die minderjarige kind met die egskedding van ouers beleef, het 'n oorweldigende implikasie vir die kind (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 132-133; Pritchard, 1998: 40, 49; *Special Joint Committee on Child Custody & Access*, 1998: 19; McKay et al., 1999: 187).

Sherry Wheeler van die Kantoor van die Kinderadvokaat in Alberta, Kanada (*Special Joint Committee on Child Custody & Access*, 1998: 20), spel die aspekte wat kinders met die egskedding van ouers kwel soos volg uit: "... Where will I live? Who will I live with? Do I have to leave? What about my



friends? Will we still go on holidays? Will I get to see Dad? Grandma? What about the dog? ... cat? ... Can I still have lessons, hockey, skating ...?"

Navorsing toon aan dat die minderjarige kind ernstige vrese en angs aangaande al die bogenoemde praktiese lewensaspekte koester (Goldenberg & Goldenberg, 1998: 133; Pritchard, 1998: 49-53; McKay et al., 1999: 187-189):

- kinders beleef groter afwesigheid en afsydigheid van ouers weens die ouers se persoonlike betrokkenheid by hantering van hulle eie emosies;
- kinders beleef konflik, woede, blamering tussen ouers aangaande die besoekreëlins en onderhoudsaspekte;
- kinders beleef die probleme en moeite wat die versorgende (bewarende) ouer met die uitvoer van praktiese take in en om die huishouding en opvoeding ondervind;
- kinders beleef inperking in hul daaglikse bestaan in terme van besnoeiing op uitgawes en vermaning tot besparing;
- kinders beleef aanpassing by 'n nuwe roetine ten einde die besoekreëlins met die nie-versorgende (-bewarende) ouer te akkommodeer;
- kinders beleef intense onsekerheid aangaande die toekoms aangesien die meeste kinders waarskynlik van huis moet verander wat weer ander verandering soos skool, vriende, omgewing meebring;
- kinders beleef frustrasie met onreëlmatigheid in besoekreëlins met die nie-versorgende (-bewarende) ouer; ongereelde besoeke en wisselvalligheid van ouers in die beloftes aangaande besoeke verdiep die angs en gevoel van verlies by die kind;
- kinders ervaar ontwrigting wanneer 'n ouer weer met 'n nuwe sosiale lewe en verhouding begin en ervaar vrees vir verwerping deur die ouer asook verlies van die ouer;
- kinders beleef druk van ouers om tussen die ouers te kies, selfs al is dit net by wyse van 'n aanduiding van guns vir een ouer;
- kinders beleef groter druk van veral die versorgende (bewarende) ouer om meer verantwoordelikheid in die huishouding te aanvaar sowel as om soms 'n emosionele kruk vir die ouer te wees.

Die gevoelens van die minderjarige kind, wat fokus op die praktiese omstandighede weens egskeding, hou hoofsaaklik verband met die onsekerheid rondom die toekomstige bedeling vir die kind sowel as die ontwrigting van lewenswyse.



Die emosionele implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind dring in die wese van die kind se menswees in en laat die kind dikwels alleen voel in hierdie toestand van emosionele ontwrigting.

6.3.4 Samevatting

Dit is die navorser se mening dat die huidige opponerende regsisteem waardeer ouers in egskeiding as opponente teenoor mekaar in 'n oorlogstryd of 'n sterk kompetisie gewikkel is, die basis vorm vir die ontstaan van die negatiewe implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind. Die *Special Joint Committee on Child Custody and Access* in Kanada (1998: 19) stel dit soos volg:

Children do not ask their parents to divorce. The Committee heard testimony from children across Canada, none of whom said that divorce was a good thing. What they did speak about was the disruption in their lives and the severe emotional distress that accompanied their parents' divorce.

Soos genoem, bestaan daar geen voorbereiding wat die trauma van egskeiding vir die minderjarige kind kan verlig nie. Dit blyk uit al die literatuur dat dit hoofsaaklik die erge konflik tussen ouers is wat die grootste skade aan die kind berokken. Hierdie aspek kan en behoort aangespreek te word ten einde die impak daarvan te verminder ter wille van die kind se belewenis daarvan (Pritchard, 1998: 234-235; *Special Joint Committee on Child Custody & Access*, 1998: 12; McKay et al., 1999: 188).

Dit is die navorser se mening dat daadwerklike pogings in die gemeenskap aangewend behoort te word ten einde die nadelige implikasies van opponerende egskeiding vir die minderjarige kind te beklemtoon. Bewusmaking van die gemeenskap kan dien om onderhandelingsprosesse tussen die ouers aangaande die belange van die minderjarige kind, as deel van die egskeidingsooreenkoms, te bevorder en selfs af te dwing.

Die voorafgaande bespreking van die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind in terme van die juridiese, maatskaplike en emosionele implikasies vorm die basis van die fokus van hierdie hoofstuk, naamlik die belange van die minderjarige kind in egskeiding.



Soos telkens beklemtoon, is die heersende beginsel in egskeidingsdispute aangaande die bewaring en toegang van die minderjarige kind “die beste belang van die minderjarige kind” (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 29; Hodgkin & Newell, 1998: 231; Visser & Potgieter, 1998: 165; Cronje & Heaton, 1999b: 181). Vervolgens word uitklaring en toepassing van hierdie beginsel met betrekking tot die belang van die minderjarige kind in egskeiding ondersoek.

6.4 UITKLARING VAN DIE BEGINSEL: “DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND”

Die aanwending van die term “in die beste belang van die kind” in egskeidingsdispute aangaande die minderjarige kind het byna ’n retoriese uitdrukking geword. Die vraag ontstaan dus of die belang van die minderjarige kind werklik nagestreef word en of die beginsel ’n gerieflike kapstok geword het waaraan rolspelers in sodanige ondersoekte motiverings vir aanbevelings of besluite kan hang. Uitklaring van die beginsel sal vervolgens aan die hand van drie aspekte bespreek word, naamlik (1) die agtergrond tot aanvaarding van die beginsel; (2) die inhoud van die beginsel; en (3) die toepassing van die beginsel in egskeidingsdispute aangaande die minderjarige kind.

6.4.1 Agtergrond van die beginsel: “beste belang van die kind”

Die betrokkenheid van die Reg in die beslissing van egskeidingsdispute aangaande die minderjarige kind kan herlei word na die begrip *parens patriae* en die plig van die hof om die kind te beskerm (Rosen, 1977: 17). In terme van die grondliggende Gemene Reg, Engelse Reg asook die Romeins-Hollandse Reg het vaders eienaarskap van die minderjarige kind gehad en was die bewaring van die kind by egskeiding in die algemeen aan die vader toegewys (Rosen, 1977: 17). Wall en Amadio (1994: 42) toon aan dat gedurende die tydperk 1796-1851 daar in die VSA reeds ’n uitsondering op hierdie bepaling bestaan het, naamlik dat bewaring aan die moeder toegewys kon word “where the good of the child required it”. Teen 1839 is die mag van die hof in Engeland ook uitgebrei om die beginsel van die welsyn van die minderjarige kind te bevorder en kon bewaring van die kind onder sewe jaar aan die moeder toegestaan word (Rosen, 1977: 18).



Teen die laat-negentiende eeu het ontwikkeling in die regsisteem so gevorder dat die reg van beide ouers om die bewaring van die minderjarige kind by egskeiding te ontvang erken is. Die hoewe het geleidelik die uitgangspunt bekend as die “tender years doctrine” begin aanvaar, naamlik dat die jong kind na egskeiding by die moeder moet bly, gesien in die lig van die moeder se primêre versorgingsrol (Rosen, 1977: 20; Wall & Amadio, 1994: 42; Winner, 1996: 32; Stamps et al., 1997: 4; Goldenberg & Goldenberg, 1998: 135).

Volgens Rosen (1977: 19) is daar in 1948 baanbrekerswerk in Suid-Afrika gedoen vir die erkenning van die beginsel van die belang van die minderjarige kind in egskeiding met die saak van *Fletcher vs Fletcher* deur appèlregter Centlivres. Daarin is bepaal dat die kind se belang voorop gestel behoort te word en dat toewysing van bewaring van die kind nie as strafmaatreël teen die ander ouer gebruik moet word nie (Rosen, 1977: 19).

Die universele bewuswording van die noodsaaklikheid om die regte en welsyn van minderjarige kinders te beskerm, het daartoe gelei dat die Verenigde Nasies reeds in 1924 en 1959 ’n Verklaring van die Regte van die Kind uitgereik het (Hodgkin & Newell, 1998: 3). Hierdie verklaring het uiteindelik in die Handves van Kinderregte gekulmineer wat wêreldwyd op 20 November 1989 aanvaar is en op 2 September 1990, na ratifisering daarvan deur twintig lande, in werking getree het (Van Heerden, 1999a: 315). Die aanvaarding van die Handves van Kinderregte lei ’n tydperk binne waartydens ’n nuwe regsorde vir die minderjarige kind betree is en wat as agtergrond dien vir die beskouing van die reg waarvolgens die verhouding tussen ouer en kind tans gereël word. Sloth-Nielsen (in Van Heerden, 1999a: 316) stel dit soos volg: “These international and constitutional developments provide ‘a broad framework underpinning a new legal order for children’.”

Die beginsel dat die beste belang van die minderjarige kind in alle sake gehandhaaf moet word, is in die Suid-Afrikaanse Grondwet opgeneem en word deur artikel 28 bepaal (Van Heerden, 1999a: 315). Wall en Amadio (1994: 42) bevestig dat “... nearly all discussions of child custody found in judicial decisions begin with the assumption that custody must be awarded to promote the child’s ‘best interests’.”

Die voorafgaande bespreking van die agtergrond bevestig die internasionale algemene erkenning van die beginsel dat die “beste belang van die kind” in alle egskeidingsdispute voorop gestel behoort te word. Vervolgens word die



inhoud van die beginsel as tweede aspek van die uitklaring daarvan bespreek ten einde die volle betekenis te ondersoek. Dit word gevolg met 'n bespreking van die toepassing van die beginsel.

6.4.2 Inhoud van die beginsel: “die beste belang van die kind”

Ten einde die inhoud van die beginsel, naamlik dat die kind se beste belang in alle sake rakende die kind die primêre belang vorm, te verstaan, word die volledige artikel soos vervat in die Handves van Kinderregte in die volgende afdeling weergegee. Aanvullend hierby word die letterlike beskrywing van die beginsel soos vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet ook weergegee.

6.4.2.1 Verenigde Nasies Handves van Kinderregte: Artikel 3

Die aanhef van die Handves van Kinderregte stel die algemeen aanvaarde gesindheid en benadering as grondslag van die handves. Hieruit blyk erkenning van die waardigheid van die mens en sy reg tot vryheid, geregtigheid en vrede met spesiale verwysing na die besondere sorg en bystand wat die kind benodig (Hodgkin & Newell, 1998: 597). Dit word in die aanhef van die handves beklemtoon dat die kind in 'n omgewing van geluk, liefde en begrip, verkieslik binne 'n gesinsisteam, sal ontwikkel en dat die gesinsisteam die nodige beskerming en ondersteuning sal ontvang ten einde hierdie verantwoordelikheid in die gemeenskap na te kom (Hodgkin & Newell, 1998: 597).

Die Handves van Kinderregte omsluit 54 artikels soos deur die Komitee vir die Regte van die Kind voorgelê en deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar. Die handves beskryf die regte van kinders sowel as die verantwoordelikheid van State om die regte van die kind te beskerm en beklemtoon die noodsaaklikheid van internasionale samewerking om die omstandighede van kinders globaal te verbeter (Hodgkin & Newell, 1998: 597).

Artikels 1 en 2 behandel die omskrywing van die begrip “kind” en die beginsel van “nie-diskriminerend” teenoor die kind (Hodgkin & Newell, 1998: 1, 19). Die aandag in hierdie studie word hoofsaaklik gewy aan die inhoud van artikel 3 met die doel om die totale omvang van die beginsel van “die beste belang van die kind” te beskryf.



Die teks van artikel 3 van die Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies (Hodgkin & Newell, 1998: 37) lui soos volg:

- I *In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration.*
- II *States Parties undertake to ensure the child such protection and care as is necessary for his or her well-being, taking into account the rights and duties of his or her parents, legal guardians, or other individuals legally responsible for him or her, and, to this end, shall take all appropriate legislative and administrative measures.*
- III *States Parties shall ensure that the institutions, services and facilities responsible for the care or protection of children shall conform with the standards established by competent authorities, particularly in the areas of safety, health, in the number and suitability of their staff, as well as competent supervision.*

6.4.2.2 Interpretasie van die beginsel: “beste belang van die kind”

Dit word beklemtoon dat die interpretasie van hierdie beginsel nie enige ander reg, soos deur verdere artikels in die handves beskerm word, mag ophef nie (Hodgkin & Newell, 1998: 37).

Die Komitee vir die Regte van die Kind van die Verenigde Nasies poog om aan openbare sowel as privaat instansies en liggame, wat by die welsyn van kinders betrokke is, deur middel van artikel 3(1) die feit te benadruk dat die bepaling van die invloed van alle aksies op die welsyn van die kind ’n prioriteit is ten einde “childfriendly societies” te ontwikkel (Hodgkin & Newell, 1998: 37). Deur middel van artikel 3(2) stel die Komitee vir die Regte van die Kind die riglyn waarvolgens State ’n algemene verbintenis tot die nodige beskerming en versorging van kinders onder alle omstandighede onderneem (Hodgkin & Newell, 1998: 38). Artikel 3(3) beskryf die vereiste dat State “competent bodies” sal instel wat aanvaarde standaarde vir alle instansies, dienste en fasiliteite met betrekking tot kinders sal bepaal en afdwing (Hodgkin & Newell, 1998: 38).

Dit blyk dus uit bogenoemde bespreking dat die erkenning van die beginsel van “die beste belang van die kind” alleen nie voldoende is om dit ten uit-



voer te bring nie. Daar behoort 'n onderneming tot beskerming van kinders deur State aangegaan te word. Daarby behoort dienste en fasiliteite aan kinders aan aanvaarde standaarde te voldoen wat afdwingbaar behoort te wees.

Die Komitee vir die Regte van die Kind, as toesighoudende liggaam met betrekking tot die implementering van die voorwaardes van die Handves van Kinderregte, identifiseer vier artikels as die kernbeginsels van die handves te midde van beklemtoning dat die handves in sy totaliteit beskou moet word en die interverwantskap tussen die artikels in ag geneem moet word (Hodgkin & Newell, 1998: 40; Van Heerden, 1999a: 316). Die artikels wat as die kern uitgelig word, is naamlik artikels 2, 3, 6 en 12 en dit kan beskou word as die waardesisteem waarop die handves berus. Dit word deur Keightley (in Van Heerden, 1999a: 316) beskryf as die siel (“soul”) van die handves (Hodgkin & Newell, 1998: 40). Artikel 2 verwys na die beginsel van “nie-diskriminasie”, artikel 6 handel met die kind se reg tot oorlewing en ontwikkeling, en artikel 12 verwys na die beginsel van “respek vir mening van die kind”, dit wil sê die kind se reg om gehoor te word en erkenning van die kind se inspraak in sake rakende hom/haarself (Hodgkin & Newell, 1998: 40; Sloth-Nielsen in Van Heerden, 1999a: 316).

Die Werkgroep van die Komitee vir die Regte van die Kind wat die handves opgestel het, het geen ontledende omskrywing of definisie van die beginsel “die beste belang van die kind” verskaf nie en die komitee het nie bepaalde kriteria vir beoordeling of meting van die beste belange van die kind daargestel nie (Hodgkin & Newell, 1998: 40). Die komitee handhaaf die volgende uitgangspunt in hierdie verband (Hodgkin & Newell, 1998: 40):

- ... the general values and principles of the Convention should be applied to the context in question;
- dat die bogenoemde beginsels in artikels 2, 6 en 12 ... must all be relevant to determining what are the best interests of a child in a particular situation, as well as to determining the best interests of children as a group;
- And consideration of best interests must embrace both short- and long-term considerations for the child;
- Any interpretation of best interests must be consistent with the spirit of the entire Convention – and in particular with its emphasis on the child as an individual with views and feelings of his or her own and the child as the subject of civil and political rights as well as special protections.



Dit word beklemtoon dat die breë perspektief in die bepaling van “alle sake rakende die kind” in artikel 3(1) die moontlike eise deur ander partye, vir hulle regte, hierby ingesluit is sodat die belange van die kind steeds voorrang geniet (Hodgkin & Newell, 1998: 40).

6.4.2.3 Samevatting

Dit blyk dus uit die standpunt van die Komitee vir die Regte van die Kind, soos vooraf uiteengesit, dat die beginsel van die “beste belang van die kind” gesien kan word as ’n rigtinggewende benadering tot alle sake rakende die minderjarige kind. Die beginsel is ’n riglyn by die hantering van die belange van die minderjarige kind as individu sowel as groep en neem primêr die volgende aspekte as kritiese uitgangspunte:

- Dat daar nie op enige wyse teen die kind gediskrimineer word in terme van besluite of optrede wat geneem en uitgevoer word deur enige individu of instansie nie.
- Dat die kind verseker is van maksimum beskerming en ontwikkeling in enige aksie wat beplan en uitgevoer word deur enige betrokke.
- Dat die kind geleentheid het om sy eie mening, wense en gevoelens uit te spreek met betrekking tot enige aangeleentheid wat hom raak; dat die kind se mening, wense en gevoelens soos uitgespreek, gerespekteer en in ag geneem word.

In hierdie verband word die tweede beginsel van die Verklaring van die Regte van die Kind, soos deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 20 November 1959 as resoluie 1386 (XIV) aanvaar is, addisioneel as basis voorgedra by die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind (Hodgkin & Newell, 1998: 621):

- The child shall enjoy special protection, and shall be given opportunities and facilities, by law and by other means, to enable him to develop physically, mentally, morally, spiritually and socially in a healthy and normal manner and in conditions of freedom and dignity.

Na die navorser se mening is die beginsel die “beste belang van die kind” ’n ernstige verantwoordelikheid vir alle betrokkenes en doen dit ’n beroep op respek en agting vir die kind as mens, maar ook as besondere individu met



besondere behoeftes, samestelling, omstandighede en verbintnisse. Dit blyk egter ook dat hierdie beginsel vaag kan voorkom, aangesien die beskrywing daarvan die indruk van 'n algemene stelling skep wat die risiko inhou dat die kind se belange deur sogenaamde deskundiges oor die boeg van algemene groepsbelange beskou kan word en as die besondere kind se “beste belang” geïnterpreteer kan word. Dit is die navorser se mening dat die beginsel “die beste belang van die kind” juis die geleentheid bied en versoek om elke kind in sy unieke besonderheid te beskou ten einde te kan bepaal wat in die besondere kind se “beste belang” in die bepaalde saak onder hande sal wees.

Die voorafgaande bespreking van die inhoud van die beginsel die “beste belang van die kind” as tweede aspek van die uitklaring van die betrokke beginsel het die oorspronklike houding en uitgangspunte by die aanvaarding van die beginsel uitgelig. Vervolgens word die toepassing van die beginsel as derde aspek bespreek.

6.4.3 Toepassing van die beginsel: “beste belang van die kind”

Die mening van Rosen (1977: 19) som die emosionele intensiteit van die omstandighede wat in egskeidingsdispute rondom die minderjarige kind heers soos volg op: “At no stage in the course of court proceedings are emotions at a higher pitch than when hostile parents confront each other over the custody of their children.” Elke deskundige of betrokke by egskeidingsdispute aangaande die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind sal met die bogenoemde stelling kan identifiseer. Die hof het die onbenydenswaardige verpligting om 'n bevel uit te vaardig waarvolgens 'n keuse tussen die twee ouers van die kind gemaak word om in die toekoms die primêre versorger van hierdie kind te wees (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 29). Sodanige beslissing het 'n bepalende invloed op die lewe van die betrokke minderjarige kind waardeur die verwantskap met elke subsisteem op 'n kort- sowel as langtermynbasis betrek word (Rosen, 1977: 19; Barratt, 2003: 145).

Die beslissing in 'n egskeidingsdispuut aangaande die minderjarige kind is 'n ernstige en uiters gekompliseerde aangeleentheid waarvoor daar nie rigiede voorskrifte kan bestaan nie, aangesien elke kind besondere en buitengewone omstandighede het en 'n spesiale samestelling as mens is. Soos vooraf uit die historiese ontwikkeling tot die ontstaan van die beginsel “die beste belang van die kind” gesien, word die Reg deur maatskaplike veran-



deringe beïnvloed sodat uitgangspunte tot bepaalde vraagstukke voortdurend aan wysiging blootgestel is. Hierdie dinamiese karakter van die Reg verhoog die problematiek van beslissings aangaande die toekoms van die minderjarige kind in egskeidingsdispute (Rosen, 1977: 19). Die internasionale aanvaarding van die beginsel “die beste belang van die kind” dateer, soos vooraf gesien, terug na 1989 met die aanvaarding van die Handves van Kinderregte en kan as ’n mylpaal in die ontwikkeling van erkenning van die regte van die kind beskou word. Daar het egter reeds weer negentien jaar sedert die geskiedkundige gebeurtenis verloop waartydens daar nie besliste riglyne vir die toepassing van die algemene beginsel ontstaan het nie en kritiek teen die vaagheid van die beginsel uitgespreek word (Wall & Amadio, 1994: 42; Winner, 1996: 50; Woudstra, 1997: 10; Turkat, 2000: 212; Barratt, 2003: 145-146).

Soos in die voorafgaande gedeelte bespreek, is dit die navorser se mening dat die beginsel “die beste belang van die kind” in wese erkenning aan die kind as besondere individuele mens, wat ’n eie subjektiewe belewenis van sy leefwêreld het, verleen. Dit is by die toepassing van die beginsel van “die beste belang van die kind” noodsaaklik dat die minderjarige kind se inspraak in veranderinge in hierdie leefwêreld erken sal word. Die benadering en uitgangspunt van hierdie beginsel bied ruimte vir beskouing van die kind in algemene terme ten opsigte van behoeftes en ontwikkelingsvlakke van kinders sowel as van die kind met eie unieke aspekte.

Die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” word voorts aan die hand van drie aspekte, maar nie noodwendig in volgorde van prioriteit nie, bespreek, naamlik (1) toepaslike faktore as riglyn by bepaling van die “beste belang van die kind”; (2) die minderjarige kind se inspraak; en (3) prosedure in die toepassing van die beginsel.

6.4.3.1 Toepaslike faktore by bepaling van die “beste belang van die kind”

In hierdie gedeelte word slegs aandag geskenk aan die benoeming van faktore wat as riglyn kan dien by bepaling van die “beste belang van die kind”.

Bespreking van die spesifieke aspekte, wat die riglyn in besonderhede uit spel, word in die volgende hoofstuk aangaande gesinsassessering uiteengesit.



Die faktore van belang in hierdie gedeelte verwys eerstens na die ouers en hulle vaardigheid in ouerskap, hulle verhouding met die minderjarige kind asook hulle funksioneringspatrone, maatskaplike omstandighede en regte as ouers. Tweedens het die toepaslike faktore ook betrekking op die ander sub-sisteme wat in interverwantskap met die minderjarige kind staan.

▪ *Die ouer-subsisteem as faktor*

Die volgende aspekte is na die navorser se mening ten opsigte van die ouers as subsisteem van die gesinsisteem in egskeiding, wanneer daar na die beste belang van die kind gekyk word, van belang:

- *Ouer-kind-verhouding*: Die aard en gehalte van die verhouding wat die kind met elke ouer ontwikkel het, is hier ter sprake. Aspekte hieronder van belang is:
 - die emosionele en psigologiese band tussen die kind en elke ouer;
 - die insig van elke ouer in die behoeftes en ontwikkelingsvlak van kinders in die algemeen;
 - die insig van elke ouer in die besondere behoeftes en ontwikkelingsvlak van hulle eie kind;
 - die vermoë van elke ouer om die besondere behoeftes van die kind te ontmoet;
 - die kommunikasievermoë van elke ouer met die kind;
 - die graad van aanvaarding van die kind as mens deur elke ouer; erkenning van die kind as individuele mens; belangrikheid van die kind se wense en regte;
 - die vermoë van elke ouer om die kind te vertroetel;
 - die vermoë van elke ouer om struktuur aan die kind te bied; aard en gehalte van dissipline en roetine;
 - die vermoë van elke ouer om uitdaging aan die kind te bied; selfstandigheid aan te moedig;
 - die vermoë van elke ouer om 'n veilige en stabiele omgewing vir die kind te bied; fisieke sowel as emosionele komponente van 'n ondersteunende omgewing;
 - die graad van verantwoordelikheid van elke ouer teenoor die kind; kontak en betrokkenheid by die kind se leefwêreld;
 - die vermoë van elke ouer om kontinuïteit vir die kind se funksioneringspatrone te bied; kontak met sub-sisteme; bekende omgewing;



- die vermoë van elke ouer om ekonomiese sekuriteit aan die kind te bied; basiese middele te voorsien;
 - die ouerskapstyl van elke ouer; outokraties en rigied / demokraties en oop / permissief en los;
 - die geslagsrolidentifisering tussen elke ouer en kind; rol van dieselfde of teenoorgestelde geslag tussen ouer en kind;
 - elke ouer se plan vir voortgesette kontak (toegang) tussen die minderjarige kind en die ander ouer;
 - elke ouer se motivering vir die aansoek om sorg (bewaring) van die minderjarige kind; redes, gesindheid, houding jeens sorg (bewaring) (Rosen, 1977: 20-26; Gardner, 1989: 337-375; Bosman-Swanepoel et al., 1998: 30, 65-83; Africa et al., 2003: 131-132).
- *Ouer as individu*: Aspekte van belang in hierdie afdeling hou verband met die persoonlikheid, temperament en funksioneringspatrone van elke ouer as individu. Die volgende inligting sou in hierdie afdeling van belang wees:
- die wyse van persoonlike aanbieding deur elke ouer;
 - die wyse waarop inligting aangaande die ander ouer meegedeel word; houding en gesindheid jeens ander ouer;
 - fisieke gesondheid van elke ouer; risiko-probleme soos terminale siekte;
 - emosionele gesondheid van elke ouer; oorwegend positief of negatief met betrekking tot die lewe en mense; hantering van konflik;
 - psigiese gesondheid van elke ouer; enige geestesgesondheidsgebreke of -probleme;
 - patrone van werksfunksionering; stabiliteit en verantwoordelikheid van elke ouer;
 - funksioneringspatrone van gesinsisteam van oorsprong van elke ouer; ouerskapstyle in gesin van oorsprong (Rosen, 1977: 20-26; Gardner, 1989: 337-375; Bosman-Swanepoel et al., 1998: 65-83; Africa et al., 2003: 131).
- *Ouers se huweliksverhouding*: Die agtergrond en aard van die huweliksverhouding is in hierdie afdeling van belang. Aspekte wat hieronder besondere aandag geniet, is die volgende:
- elke ouer se individuele weergawe van die aard en ontwikkeling van die verhouding;



- elke ouer se weergawe van die aanloop tot egskeiding;
 - elke ouer se ouer-subsisteem van oorsprong se weergawe van die huweliksverhouding en aanloop tot egskeiding;
 - enige ander belangrike persone as ondersteuningsisteme wat 'n bydrae kan maak tot die inligting aangaande die agtergrond van die huwelik en egskeiding;
 - elke ouer se houding en gesindheid jeens die ander ouer;
 - elke ouer se houding en gesindheid jeens die verhouding tussen die minderjarige kind en die ander ouer.
- *Ouers se regte:* Die regte van ouers met betrekking tot die minderjarige kind, soos deur die Reg voorgeskryf, is hier van belang en verdien vermelding, nieteenstaande die feit dat die fokus internasionaal op die regte van die kind gerig is (Wall & Amadio, 1996: 42; Cronje & Heaton, 1999b: 204). Albei ouers het tydens die huwelik die reg tot die sorg (bewaring) van die minderjarige kind en een ouer kan nie die ander van die uitoefening van hierdie reg uitsluit of dit verbied nie terwyl die fisieke skeiding van wonings weens egskeiding die uitoefening van hierdie reg kompliseer (Cronje & Heaton, 1999b: 209). Elke ouer het ook die reg om die minderjarige kind te dissiplineer wat redelike en matige lyfstraf insluit. Die ouer het verder die reg en voorreg tot die handhawing van 'n persoonlike verhouding met die minderjarige kind wat fisieke kontak met die kind insluit (Cronje & Heaton, 2004a: 292). Indien die ouer sy regte in belang van die minderjarige kind uitoefen, sluit die beginsel “die beste belang van die kind” dus ook die regte van die ouer in.

Die ouer-subsisteem is hierbo as eerste toepaslike faktor van belang by die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” beskryf, waarvan die ouer-kind-verhouding, die ouer as individu, die huweliksverhouding sowel as die ouer se regte as belangrike aspekte uitgesonder is. Die ander subsisteme word vervolgens as tweede toepaslike faktor van belang in die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” behandel, waarvan die grootouers, ander familieledes, skool, vriende, kerk en ander sosiale subsisteme uitgelig word.



▪ *Ander toepaslike sub siste me as faktor*

Die beskouing van die belang van die minderjarige kind in egskeiding vanuit die algemene sisteemteoretiese benadering bring die verwantskap van die kind met ander ondersteuningsisteme, uitgesonderd die biologiese ouers, onder aandag. Hierdie sub siste me word in hierdie afdeling slegs as faktore van belang by die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” genoem. In hoofstuk 7 word dit volledig as deel van gesinsassessering bespreek.

By die toepassing van die beginsel “die beste belang van die minderjarige kind” is dit noodsaaklik om die verhouding van die minderjarige kind met ander ondersteuningsisteme in sy leefwêreld te erken. Die kind is nie ’n geïsoleerde individu binne die gesinsisteem nie en die gesin, soos vooraf gesien, is ’n sub siste em binne die gemeenskapsisteem sodat daar sprake is van patrone van interaksie tussen die individuele lede van die gesin en die ander sub siste me in die gemeenskap.

Die sub siste me wat in hierdie verband in ag geneem moet word by die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” in egskeidingsdispute, is die volgende:

- Grootouers
- Ander familie lede
- Vriende van kind en ouers
- Skool
- Religieuse instansies
- Buitemuurse organisasies
- Besondere diensleweraars soos terapeute

Dit is na die ondersoeker se mening noodsaaklik om die verwantskap van die minderjarige kind betrokke in die ouers se egskeidingsdispuut met elk van bogenoemde sub siste me in die gemeenskap te assesser. Hierdie tipe verwantskappe vorm deel van die kind se unieke leefwêreld en erkenning daarvan ondersteun die respek vir die kind as individuele mens. Asses se ring van die kind se verbintenisse met die genoemde ondersteuning sub siste me kan die bepaling van die kind se belang versterk deurdat ’n holistiese perspektief op die kind as mens gerig word.



Die toepaslike faktore by die bepaling van die beginsel “die beste belang van die kind”, soos vooraf as eerste aspek in die toepassing van die beginsel bespreek, word vervolgens opgevolg met die tweede aspek, naamlik die inspraak van die minderjarige kind. Die afdeling wat fokus op die inspraak van die minderjarige kind in die toepassing van die beginsel, word vervolgens vanuit drie vertrekpunte beskou, naamlik (1) die regte van die kind; (2) die wense van die kind; en (3) die behoeftes van die kind.

6.4.3.2 Die inspraak van die minderjarige kind

Die inspraak van die minderjarige kind as individuele subsisteem in alle sake rakende sy lewe word deur die Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies in artikel 12 bepaal (Hodgkin & Newell, 1998: 145). Die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid word deur die Grondwet van Suid-Afrika bevestig en, in onderskrywing van die Handves van Kinderregte, in artikel 28 direk op die minderjarige kind van toepassing gemaak (Cronje & Heaton, 1999a: 461, 463). Die wêreldwye tendens tot demokratisering het ’n verandering in die posisie van die kind in die gemeenskap meegebring deurdat die vader nie langer die outomatiese besitreg op vrou en kind het nie (Gardner, 1989: 337; Winner, 1996: 27, 32). Die kind se status het vanaf die posisie van geen erkenning tot die van ’n individuele persoon met regte (“subject of rights”) verander soos deur die Handves van Kinderregte van 1998 bevestig (Bosman-Swanepoel et al., 1998: 3-4; Hodgkin & Newell, 1998: 1).

Die inspraak van die minderjarige kind in sake wat sy lewe beïnvloed, word vervolgens as die tweede aspek van belang in die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” in egskeidingsdispute bespreek. Drie vertrekpunte word as van belang in hierdie gedeelte beskou en rig die bespreking soos volg: (1) die regte van die kind; (2) die wense van die kind; en (3) die behoeftes van die kind. Dit word weereens uitgelig dat die aspekte nie hier in besonderhede beskryf word nie, aangesien dit in die volgende hoofstuk oor gesinsassessering gespesifiseer word. Die regte van die kind word as eerste vertrekpunt by die gedeelte oor die inspraak van die minderjarige kind in die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” in egskeidingsdispute uitgelig.

- *Regte van die minderjarige kind*



'n Poging om die toepassing van die beginsel “die beste belang van die minderjarige kind” te ondersoek, noodsaak insluiting van die regte van die kind soos uiteengesit in die Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies (Hodgkin & Newell, 1998). Daar is reeds daarop gewys dat hierdie handves feitlik universeel deur alle state aanvaar en onderskryf is, waarvan Suid-Afrika sedert 16 Junie 1995 een van die onderskrywende state is (Cronje & Heaton, 1999b: 205).

Daar word hier na die regte van die kind verwys soos vervat in die vier algemene beginsels van die Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies asook in artikel 28 van die Grondwet van Suid-Afrika (Hodgkin & Newell, 1998: 40; Cronje & Heaton, 1999a: 463). Hierdie regte behels in wese die beskerming waarop die minderjarige kind in egskeidingsdispute aanspraak maak wanneer die “beste belang van die kind” nagestreef word. Dit sluit die volgende regte, wat in ag geneem moet word by die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind”, in:

- die reg op beskerming teen alle vorme van diskriminasie; enige onderskeid, uitsluiting, beperking of bevoordeling tot inperking van die kind se reg tot gelyke erkenning van regte en vryheid (artikel 2 Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);
- die reg tot primêre oorweging van die kind se beste belang in alle aksies rakende die kind (artikel 3(1) Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);
- die reg tot beskerming en versorging van die kind se welsyn (artikel 3(2) Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);
- die reg tot geskikte standarde aangaande die kind se welsyn (artikel 3(3) Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);
- die inherente reg tot lewe (artikel 6(1) Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);
- die reg tot maksimum beskerming van die oorlewing en ontwikkeling van die kind; ook beskerming teen geweld en uitbuiting (artikel 6(2) Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);
- die reg tot uitdrukking van die kind se eie siening in alle sake wat die kind raak (artikel 12(1) Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);
- die reg om gehoor te word in enige wetlike of administratiewe handeling wat die kind raak; direk of verteenwoordig; geen ouderdomsbeperking (artikel 12 (2) Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies);



- die reg op 'n eie persoonlike en Nasionale identiteit (artikel 28 (1a) Grondwet van SA);
- die reg tot ouerlike of gepaste alternatiewe sorg (artikel 28 (1b) Grondwet van SA);
- die reg tot voeding, skooling, gesondheidsorg en maatskaplike dienste (artikel 28 (1c) Grondwet van SA);
- die reg tot 'n regspraktisyn in siviele verrigtinge (artikel 28 (1h) Grondwet van SA);
- die reg tot gelyke beskerming en voordeel van die reg (artikel 9(1) Grondwet van SA);
- “'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aan-geleentheid wat die kind raak” (artikel 28 (2) Grondwet van SA).

(
Die Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies (Hodgkin & Newell, 1998: 7-8) erken geen minimum ouderdomsgrens vir 'n kind se reg tot regs- of mediese advies sonder die toestemming van die ouer nie. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat die benadering wat in hierdie verband deurentyd deur die Komitee vir die Regte van Kinders gehandhaaf word, die van voorkeur vir die kind se regte bo die regte van die ouer is (Hodgkin & Newell, 1998: 7-9). Die rasionaal is naamlik dat in dispute waar die kind en ouer se regte ter sprake is en in konflik is soos in sake van mishandeling, seksuele misbruik en toegang van ouers, die kind beskerming teen die ouer moet geniet. Die Handves van Kinderregte (Hodgkin & Newell, 1998: 9-11) gee egter erkenning aan die beperking van die kind se regte en die bepaling van minimum ouderdomsgrense by die kind se toestemming in voorskrifte wat betrekking het op seksuele verkeer, die aangaan van 'n huwelik, werwing deur gewapende groepe en deelname in kriminele aksies.

Dit blyk uit die voorafgaande toeligting van die basiese regte van die minderjarige kind dat die assessering van hierdie regte met betrekking tot eg-skeidingsdispute 'n riglyn bied vir die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind”. Bogenoemde bespreking van die regte van die kind as eerste vertrekpunt by die inspraak van die kind in die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” word vervolgens opgevolg met die gedeelte wat handel oor die wense van die kind as tweede vertrekpunt. Dit word gevolg deur die derde vertrekpunt, naamlik die behoeftes van die minderjarige kind.



- *Wense van die minderjarige kind*

Daar is na die navorser se mening geen “beste belang van die minderjarige kind” moontlik met uitsluiting van die betrokke kind se mening nie. Enige aksie of aangeleentheid wat die leefwêreld van die kind beïnvloed, vereis die oorweging van die kind se wense in die besluitnemingsproses. Die Komitee vir die Regte van die Kind beklemtoon hierdie aspek so sterk dat artikel 12 van die Handves van Kinderregte as een van die algemene of grondliggende beginsels van die handves beskou word (Hodgkin & Newell, 1998: 145). Die noodsaaklikheid dat die minderjarige kind ’n aktiewe deelnemer sal wees in intervensies wat sy leefwêreld raak en dat die kind se wense gehoor word, word soos volg uitgedruk:

The child should therefore not be envisaged as a passive human being or allowed to be deprived of such right of intervention, unless he or she would clearly be incapable of forming his or her views. This right should therefore be ensured and respected even in situations where the child would be able to form views and yet be unable to communicate them ... (Hodgkin & Newell, 1998: 149).

Die belangrikheid en noodsaaklikheid van die minderjarige kind se wense of voorkeur in spesifiek egskeidingsdispute word met uiteenlopende oordeel beskou. Daar is die mening dat dit hoegenaamd nie stand hou nie, soos gesien in die uitspraak van regter Flemming in *Greenshields vs Wyllie* in 1989: “... children come into storms, they come into upheavals” En verder: “... Courts know that children grow up, their perspectives change, that their needs change” (Rosen, 1977: 21; Cronje & Heaton, 1999a: 360). Daar is egter ook die mening dat die kind se wense en voorkeure in ag geneem behoort te word, veral in sake waar pertinente faktore min of meer in balans is. Foster en Freed, in Rosen (1977: 21), beskryf dit soos volg: “... the child’s wishes should be decisive unless the person chosen by the child is obviously unfit or the child’s choice is the result of coercion or bribery.” Daar is verder die benadering dat die kind se wens en voorkeur die deurslag behoort te gee, mits die kind se wense en voorkeur deur intellektuele en emosionele rypheid gekenmerk word en die kind se mening ’n opregte en ware weergawe van sy gevoelens en verhouding met elke ouer weerspieël, soos in die bekende



uitspraak van regter King in *McCall vs McCall* van 1994 (Cronje & Heaton, 1999a: 358). Hierdie uitspraak van King het die wens van die minderjarige kind as oorwegende faktor in bepaling van die “beste belang van die kind” onder die aandag van die hof geplaas en dit is weereens onlangs as maatstaf by ’n uitspraak deur regter Van Heerden in *Lubbe vs Du Plessis* 2001 soos volg bekragtig: “... the court should give serious consideration to the child’s expressed preference and not lightly give an order which overrides it” (Barratt, 2003: 149).

Die wyse waarop die minderjarige kind as deelnemer in die Kanadese Parlementêre ondersoek na sorg (bewing) en kontak (toegang) in egskeiding betrek is, is ’n praktiese getuieis ter bevordering van die aktiewe deelname van die kind in aksies wat sy leefwêreld direk raak (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 2).

Suid-Afrika het die Afrika Handves van die Regte en Welsyn van die Kind van 1990 onderteken, hoewel dit nog nie onderskryf en bekragtig is nie. Hierdie dokument stem ooreen met artikel 12 van die Handves van Kinderregte van die Verenigde Nasies (Barratt, 2003: 149).

Die ondersoeker ondersteun die Komitee vir die Regte van die Kind se beklemtoning van die konsep “freely” soos in artikel 12 gestel (Hodgkin & Newell, 1998: 149-150). Dit is by assessering van die “beste belang van die kind” in egskeidingsdispute noodsaaklik dat die mening van die kind aangaande bepaalde wense en voorkeur geverifieer moet word vir die uitsluiting van negatiewe invloede deur een ouer. Die kind moet ener syds die geleentheid gegun word om wense vrylik uit te spreek sonder vrees vir verwerping deur enige ouer en moet andersyds nie gedwing voel of word om ’n bepaalde voorkeur of mening uit te spreek nie. Die “beste belang van die kind” is opgesluit in die vrywillige en opregte karakter van die kind se wens en voorkeur wat gelug word.

Die vestiging van die aandag op die wense van die minderjarige kind as tweede vertrekpunt in die aspek wat handel oor die inspraak van die kind by toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” in egskeidingsdispute, word voorts gevolg deur die derde vertrekpunt, naamlik die behoeftes van die minderjarige kind.



- *Die behoeftes van die minderjarige kind*

Die ondersoek na die daarstel van riglyne vir die bepaling van die beginsel “die beste belang van die kind” veronderstel kennis van die minderjarige kind se behoeftes. Kundigheid aangaande die behoeftes van die minderjarige kind in die algemeen is onderliggend aan die assessering van die ouerskapsvaardigheid en insig van elke ouer ten opsigte van die ontwikkeling van die besondere kind. Die behoeftes van die kind word in hierdie gedeelte in die algemeen behandel ter wille van die volledigheid van die konteks van die inspraak van die minderjarige kind by die bepaling van die “beste belang van die kind”.

Dit is noodsaaklik om kennis te neem van die feit dat die behoeftes van die minderjarige kind twee aspekte omsluit, naamlik enersyds die behoeftes van die kind in die algemeen en andersyds van die betrokke kind in die besonder. In die opvolgende hoofstuk 7, wat handel oor gesins-assessering, word die spesifieke behoeftes van die kind aan die hand van die algemene behoeftes uitgelig.

Die doel van die erkenning van die regte van die kind is gebaseer op die uitgangspunt dat die kind die geleentheid tot ontwikkeling van sy volle potensiaal as individuele mens tot voordeel van homself asook die gemeenskap benodig (Hodgkin & Newell, 1998: 621). Die beskrywing van Ford en Lerner, in Van Schalkwyk (2002: 1), stel dit soos volg: “From conception through early infancy the complex and hierarchically organized person develops into a full human form that makes possible all the basic human functional capabilities, including those that make possible psychological and behavioral self-organization and self-construction.” Volledige assessering van die “beste belang van die kind” noodsaak die bewuswording van en kennis aangaande die kompleksiteit van menslike ontwikkeling, die universele karakter daarvan sowel as die uniekheid van elke individu se ontwikkeling as besondere mens per sé (Van Schalkwyk, 2002: 1). In die konteks van hierdie ondersoek, ten einde die inspraak van die kind in die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” te bepaal, is waarneming en vasstelling van die kind se blootstelling aan die omgewing en ander subsisteme tydens die ontwikkelingsproses krities belangrik. Die volgende stelling van Van Schalkwyk (2002: 1) beklemtoon die rol van uitgebreide kennis in die bepaling van die mens se algemene en unieke ontwikkelingsproses: “... knowledge is expanded concerning the way in which people integrate beliefs and expe-



riences during each stage of development in order to make sense of and give meaning to their lives.”

Vanuit die algemene sisteemteoretiese perspektief waarop hierdie ondersoek berus, word die kind as individuele mens in sistemiese konteks beskou. Die kind betrokke in ’n egskeidingsdispuut word derhalwe in die totale ondersoek na die belange van die kind as ’n subsisteem van die gesinsisteem sowel as die gemeenskapsisteem benader.

By assessering van die behoeftes van die kind met die doel om die “beste belang van die kind” te bepaal, is dit dus uiters belangrik om die ontwikkeling van die kind as mens in totaliteit te beskou. Dit bring mee dat die interverwantskap tussen al die subsysteme van die kind in ag geneem moet word. Die individuele ervarings wat deur drie primêre subsysteme voortgebring word en in die menslike lewe en ontwikkeling betrokke is, is naamlik die (1) biologiese subsisteem; (2) psigologiese subsisteem; en (3) sosiale subsisteem (Van Schalkwyk, 2002: 13; Meyer, 2003: 7-9).

In aansluiting hierby beskryf Jernberg (1979: 6-9) vier opvoedingsprosesse wat noodsaaklik is vir gesonde, gebalanseerde menslike ontwikkeling soos volg: “... every baby requires Structuring, Challenging, Intruding, and Nurturing.” Die ondersoeker vind hierdie uiteensetting ’n praktiese en toepaslike riglyn vir die assessering van ouerskapsvaardigheid en -betrokkenheid. Dit behels die volgende aspekte wat krities in die ontwikkeling van die minderjarige kind is:

- *Struktuur*: stel van grense en roetine ten einde sekuriteit te bevorder.
- *Uitdaging*: aanmoediging tot die ontdekking van eie vermoë.
- *Indringing*: fisieke stimulasie, opwinding en kontak ter bevordering van selfaanvaarding.
- *Vertroeteling*: koestering, voeding, fisieke versorging ter bewuswording van self en aanvaarding deur ander.

Die mate waartoe hierdie vier prosesse in die kind se ontwikkeling vanaf geboorte geïntegreer is, bied ’n aanduiding van die kwaliteit van die verhouding wat die kind met elke ouer en veral die primêre versorger het (Jernberg, 1979: 8-11).



In hierdie vier prosesse is die grondslag vir bevrediging van die behoefte aan liefde, versorging, aanvaarding en optimale geleentheid tot volle ontwikkeling as individuele mens opgesluit.

Samevattend kan bevestig word dat by bepaling van die “beste belang van die kind” dit noodsaaklik is om die verwantskap van die totale ontwikkelingsproses van die kind tot op die stadium van assessering in ag te neem. Hoe ouer die minderjarige kind betrokke in die egskeidingsdispuut hoe belangriker is die rol wat elke ouer sowel as die ander subsysteme in die omgewing of gemeenskapsisteem in die bevrediging van die kind se behoeftes vervul. Sodanige data is bepalend by die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” in assessering van die post-egskeidingsituasie.

Die voorafgaande bespreking van die behoeftes van die minderjarige kind sluit die gedeelte af wat handel oor die inspraak van die kind as tweede aspek by die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” in egskeidingsdispute. Die derde aspek word vervolgens behandel, naamlik die prosedure by die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind”.

6.4.3.3 Prosedure by die toepassing van die beginsel: “die beste belang van die kind”

Die prosedure as derde aspek wat by die toepassing van die beginsel van “die beste belang van die kind” in ondersoek met betrekking tot egskeidingsdispute gevolg word, oefen ’n bepalende invloed uit. Die prosedure verwys na die werkwyse wat tydens ondersoek aangaande egskeidingsdispute rondom die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind gevolg word. Die wyse waarop die beginsel in ’n ondersoek toegepas word, bring die professionele persone betrokke in die ondersoek as verdere subsisteem ter sprake. In hierdie gedeelte word slegs in hooftrekke na die prosedure verwys, aangesien ’n volledige uiteensetting van die aanbevole werkwyse in hoofstuk 7 oor gesinsassessering ingesluit word.

Die wyse waarop die beginsel “die beste belang van die kind” tans in egskeidingsdispute toegepas word, word in die algemeen beskryf as dat dit aan



die jurisdiksie van die regter oorgelaat word (Gardner, 1989: 340; Wall & Amadio, 1994: 45; Winner, 1996: 48; Barratt, 2003: 146). Wall en Amadio (1994: 45) is van mening dat die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” nie slegs vanuit ’n regspektief haalbaar is nie. Die algemene opsies wat vanuit die regspektief in hierdie verband oorweeg kan word, is oorweldigend en bied as sodanig nie ruimte vir die uniekheid en besondere omstandighede van elke individuele minderjarige kind nie (Stamps et al., 1997: 5-6).

Barratt (2003: 146-147) wys daarop dat die riglyn wat in die McCall-saak deur regter King aangedui is en waarin die wense van die kind ’n belangrike invloed uitgeoefen het, tans in Suid-Afrika as algemene riglyn in egskeidingsdispute aangaande sorg (bewaring) en kontak (toegang) oorweeg word. Daar bestaan egter steeds die geneigdheid by die hof dat die kind se voorkeur en wens slegs aanvaar of verwerp word, afhangende of die hof die kind se vermoë tot die uitspraak van sy wense aanvaar al dan nie (Barratt, 2003: 151).

Assessering van die gesinsdinamika van die gesin-in-egskeiding as sisteem verleen noodsaaklike inligting met betrekking tot die funksioneringspatrone van die individuele gesinslede waarvan die minderjarige kind een deel is. Wall en Amadio (1994: 45) beklemtoon die voortgesette interaksie tussen gesinslede ná egskeiding soos volg: “... the needs of the whole family as a dynamic system will continue to have some degree of cohesion beyond the moment of separation or divorce.” GAP (Group for the Advancement of Psychiatry), in Wall en Amadio (1994: 45), propageer die “... least destructive arrangement to the entire interaction of the family ...” as uitgangspunt by oorweging van die “beste belang van die kind” in egskeidingsdispute. Gardner (1989: 340) vestig ook die aandag daarop dat die “beste belang van die kind” in die voortgesette funksionering van die gesinslede geleë is.

Die benadering van hierdie studie berus op die algemene sisteemteorie en daarom word die volgende stelling in Wall en Amadio (1994: 46) ondersteun:

... There can be a number of different solutions which might be considered to serve the ‘best interests’ of the child but these different solutions need to be compared in terms of the total family interaction because children will continue to relate to

both parents and to their families of origin. The child's need for access to his now severed family is crucial.

Die “beste belang van die kind” kan dus na die navorser se mening slegs in die sistemiese verband van die gesin-in-egskeiding gevind word. Die assessering van die funksioneringspatrone van die gesinsisteam waardeur bevrediging van die kind se behoeftes asook die kind se verhouding met elke ouer duidelik waarneembaar is, word deur die navorser as fundamenteel beskou.

Na die navorser se mening behoort die prosedure waarvolgens die “beste belang van die kind” bepaal word in terme van die sistemiese verband van die minderjarige kind toegepas te word. In praktiese terme behels dit dat die fokus op die interaksionele en verhoudingskomponente van die gesinsisteam geplaas word. Die hof moet dan aangaande die beste alternatief vir die besondere minderjarige kind en die gesin ingelig word. Dit behels die daarstel van bepaalde standaarde vir sodanige assessering.

6.5 SAMEVATTING

Children are not blank pages to be filled. How they adapt to change in their family circumstances is not only related to how they are treated. ... Each is unique in their genetic programme, capacity, types of intelligence, temperament, style and personality. Generalisations about how children are affected by family change, therefore, need to be viewed with caution (Pritchard, 1998: 234).

My whole world was my family. I lost a lot of security and a sort of niche or comfort zone. I had to build up more armour and move on (Pritchard, 1998: 225).

... I'd lost some of my sparkle to sadness. ... I felt it inside me too; something was gone (Pritchard, 1998: 232).

Die pyn en hartseer wat vir die minderjarige kind met egskedding van die ouers gepaardgaan, word hierbo treffend uitgedruk in die aanhalings van persone wat self deel van 'n gesin-in-egskedding was. Dit is tragies dat die kind gekonfronteer moet word met sulke intense lewenservarings op 'n tyd-



stip wanneer dit belangrik is dat die aandag op die kind se ontwikkeling en groei as individu gevestig moet wees.

Uit die voorafgaande bespreking in hierdie hoofstuk blyk die omvattende verandering wat met betrekking tot die kind se regte as mens feitlik universeel plaasgevind het. Die Verklaring van die Regte van die Kind wat in 1959 deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is, stel die doel van die poging tot erkenning van die regte van die kind soos volg: "... that he may have a happy childhood and enjoy for his own good and for the good of society the rights and freedom herein set forth ..." (Hodgkin & Newell, 1998: 621). Dit is na die navorser se mening 'n aanklag teen die gemeenskap dat formele pogings aangewend moet word ten einde die kind, as bousteen van die gemeenskap van die toekoms, te beskerm. Die trauma van egskeiding is egter deel van die realiteit van maatskaplike problematiek waarmee die gemeenskap toenemend gekonfronteer word. Derhalwe verdien dit erkenning dat daar gepoog word om universeel aanvaarbare standaarde vir die regte van die kind daar te stel. "It might help us all to protect children better" (Pritchard, 1998: 233).

Die aanvaarding en onderskrywing van internasionale standaarde vir die hantering van 'n maatskaplike probleem soos egskeiding is een pool van die kontinuum van die vraagstuk. Die toepassing van standaarde ten einde die vraagstuk effektief aan te roer, is die ander pool van die kontinuum. Die instellings en prosedure wat tans in Suid-Afrika bestaan met die doel om die maatskaplike vraagstuk van egskeidingsdispute die hoof te bied, toon ernstige nadelige beperkings by die toepassing van die beginsel "die beste belang van die kind" (Barratt, 2003: 156). "But until appropriate mechanisms are put into place to ensure the meaningful participation of children, many children will be excluded from contributing to those decisions which will have a major impact on the rest of their lives" (Barratt, 2003: 157).

Dit is die navorser se mening dat ernstige pogings aangewend moet word ten einde die assesseringsproses van die gesin-in-egskeiding uit die opponerende regsproses te verwyder. Dit is teenproduktief vir die "beste belang van die kind" en versterk slegs die konflik in die egskeidingsdispuut. Gardner (1989: 340) beklemtoon die absurditeit wat voorkom by die aanwending van die beginsel "die beste belang van die kind" as motivering vir aanbevelings aan en besluite deur die hof met betrekking tot die minderjarige kind betrokke in egskeidingsdispute:



... Everyone subscribes to it; everyone waves the banner of the best interests of the child as they enter the battlefield. The parents and the lawyers on both sides invoke it like belligerents praying to the same God for victory. ... And every argument, no matter how biased or preposterous, is used to justify its implementation.

Dit blyk relevant en tydig te wees dat bepaalde standarde, 'n riglyn en toepaslike prosedures vir die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” daargestel word ten einde die belang van die minderjarige kind te dien en die lewe van die kind tydens en veral ná egskeiding te verbeter.

Hoofstuk 7 wat hierna volg, handel met gesinsassessering in egskeiding en spreek die spesifieke aspekte by bepaling van die beginsel “die beste belang van die kind” tot voordeel van die hergeformuleerde gesinsisteam na egskeiding aan.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 7

“It is not for us to forecast the future, but to shape it”.

Antoine de Saint-Exupery



HOOFSTUK 7

GESINSASSESSERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING VANUIT 'N SISTEMIESE PERSPEKTIEF

7.1 INLEIDING

Egskeiding as maatskaplike probleem word erken as 'n proses wat oor 'n tydverloop van wisselende duurte ontwikkel en afloop (Salts, 1985: 13; Abrams, 1988: 190; Bays, 2003: 129). Die beskouing van egskedding as 'n enkele gebeurtenis of insident is nie meer geldig nie. Kurdek (in Abrams, 1988: 190) beklemtoon die kompleksiteit van die egskeddingsproses wat verskeie stadia van ontwikkeling behels en 'n diversiteit van kulturele, maatskaplike, wetlike, ekonomiese en psigologiese faktore betrek. Die egskeddingsproses behels inter- en intrapersoonlike prosesse van besluitneming, verandering en aanpassing wat spruit uit een of beide van die huwelikspartye se toenemende ontevredenheid met die huweliksverbintenis (Salts, 1985: 13; McKay et al., 1999: 5-6).

Die implikasie van egskedding het 'n verreikende trefkrag, soos reeds in hoofstuk 5 bespreek. Everett en Volgy (1983: 344) stel dit soos volg: "... the 'victim' of the divorce is never simply the children, the loss is of the viability and organization of the family's process." Die benadering dat die omvang van egskedding slegs tot gevolge vir die kinders en egpaar beperk is, word as naïef beskou aangesien die sirkulariteit en krag van die sistemiese verband van die gesin-in-egskedding daardeur ontken word (Everett & Volgy, 1983: 343; Bezuidenhout, 1998: 20;). Die sistemiese implikasie van egskedding as maatskaplike probleem word soos volg beklemtoon: "The effects on the family system encompass not only the spousal, parent-child and sibling subsystems but spread intergenerationally to grandparents and the broader social network" (Volgy & Everett, 1985: 87). Die navorser ondersteun hierdie standpunt. Dit beklemtoon dat die beplanning van die minderjarige kind se toekoms ná egskedding beslis vanuit 'n geheelperspektief benader moet word ten einde die beste belang van die kind te kan bepaal.

Die sorg(bewaring) deur en kontak(toegang) met die biologiese ouers van die minderjarige kind uit die gesin-in-egskedding kan as 'n kritiese aspek van die egskeddingsproses beskou word (McKay et al., 1999: 122). Die aanbevelings wat deur professionele persone aangaande die toekoms van die minderjarige kind in terme van sorg(bewaring) en kontak(toegang) gemaak word, word in toenemende mate as 'n belangrike determinant in die kind se aanpassing na die egskedding beskou (Davis & Stolberg, 1988: 207). Die noodsaaklikheid vir professionele intervensie in die bepaling van die sorg(bewaring) en kontak



(toegang) van die minderjarige kind word genoodsaak as gevolg van die hoë mate van litigasie wat rondom hierdie aspek van egskeiding plaasvind. Verskeie faktore is aanleidend tot die toename in litigasie met betrekking tot die sorg(bewaring) van die minderjarige kind. Een van die mees prominente faktore kan beskryf word as die toenemende meer liberale houding van houe in uitsprake rakende die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind deur die oorweging van verskeie opsies (Volgy & Everett, 1985: 85). Uitsprake deur houe word bepaal deur die heersende maatskaplike en kulturele norme en soos reeds bespreek in hoofstuk 5 en 6 was die algemeen aanvaarde uitspraak met betrekking tot die sorg (bewaring) van kinders aanvanklik aan die vader toegewys, aangesien die gemeenskap die kind as die vader se eiendom beskou het (Volgy & Everett, 1985: 85). Die bewuswording van die behoefte wat veral die jong kind aan materne sorg het, het daarna hofuitsprake in hierdie verband beïnvloed en met die aanname van die sogenaamde “tender years doctrine” is die sorg (bewaring) van kinders hoofsaaklik aan die moeder toegewys (Volgy & Everett, 1985: 85).

Die geleidelike verandering na groter integrasie van die maatskaplike rolle van mans en vroue sedert die begin van die 1960's het ouers in egskeiding die tradisionele uitsprake deur houe in die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind laat bevraagteken (Volgy & Everett, 1985: 86). Voorsiening word tans in die reg gemaak vir verskeie vorme van sorg(bewaring) van die minderjarige kind. Die moontlike opsies behels naamlik enkelsorg (-bewaring) (“single custody”), alleensorg(-bewaring) (“sole custody”), gesamentlike sorg (bewaring) (“joint custody”), gedeelde sorg(bewaring) (“divided/shared custody”) asook verdeelde sorg(bewaring) (“split custody”) (Davis & Stolberg, 1988: 207; Van Schalkwyk, 2007: 230-231). Die keuse van 'n toepaslike versorgingsvorm vir elke besondere minderjarige kind binne die besondere sisteem van die gesin-in-egskeiding is 'n uiters gekompliseerde taak en “can be one of the most difficult decisions that must be made” (Davis & Stolberg, 1988: 208). 'n Meer uitvoerige bespreking van die verskeie opsies van sorg (bewaring) van die minderjarige kind volg later in hierdie hoofstuk.

Davis en Stolberg (1988: 208) lig die egosentriese fokus van die ouers betrokke in 'n egskeidingsgeding uit en wys daarop dat die doel van die bepaalde versorgingsopsie vir 'n minderjarige kind daarop gerig behoort te wees om die kind se aanpassing in die post-egskeidingsfase te vergemaklik. Dit is die navorser se mening dat die wyse waarop die professionele evalueringsproses tydens die ondersoek na die mees geskikte versorgingswyse vir die betrokke kind(ers) gefasiliteer word, bepalend is vir die gesonde aanpassing van die kinders in hulle lewe na die egskeidingsbevel.



Die sistemiese perspektief op die gesin-in-egskeiding plaas die besluit rakende die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind midde-in die interaksiepatrone van die besondere gesin. Dit bevestig die noodsaaklikheid van die erkenning van die unieke karakter van elke gesin. Daar kan dus nooit sprake wees van 'n algemeen aanvaarde uitspraak in die Reg met betrekking tot die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind nie. Die funksionering van die bepaalde gesinsisteam vorm die konteks waarvolgens die toekoms van die minderjarige kind beskou moet word asook die nuwe gesinstrukture wat gevorm word.

Die aandag word voorts in hierdie hoofstuk gewy aan die bespreking van die konsepte van belang in gesinsassessering asook die rasionaal vir gesinsassessering binne die probleem van eg skeiding. Die dimensies van gesinsassessering binne sistemiese verband word uitgelig, waaronder na gesinsfunksionering, gesinsverhoudings en gesinsinteraksie verwys word. Tegnieke van gesinsassessering, die toepassing van gesinsassessering asook beoordeling van die inligting word hanteer met die oog op verwysing na die besondere model onder bespreking in hierdie studie.

In die volgende afdeling word die konsepte wat in hierdie bespreking van belang is, naamlik gesinsassessering, eg skeidingsevaluering en maatskaplike funksionering, uitgelig en beskryf ten einde die betekenis van die begrippe duidelik te stel.

7.2 KONSEPTUALISERING VAN DIE VOLGENDE KONSEPTE: GESINSASSESSERING, EGSKEIDINGSEVALUERING en MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Eenvormigheid in begrip van die konsepte wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is noodsaaklik ten einde verwarring uit te skakel. Die hoofkonsepte van hierdie studie, naamlik “gesin”, “minderjarige kind”, “assessering”, “gesinsassessering”, “eg skeiding”, “eg skeidingsevaluering”, “bewaring en toegang”, “beste belang van die kind” en “model”, is in hoofstuk 1 onder punt 13 gedefinieer. Die navorser vind dit egter nodig om ter wille van verskerping die tersaaklike konsepte vir hierdie hoofstuk opnuut binne die konteks van dié toepaslike gedeelte te beskryf. “Gesinsassessering” as primêre konsep sal eerstens uitgelig word, waarna die aandag op “eg skeidingsevaluering” gevestig word. “Maatskaplike funksionering” word laastens gedefinieer.

7.2.1 Gesinsassessering



Ten einde gesinsassessering as konsep ten volle te verstaan is dit nodig om vooraf die begrip “assessering” in die algemeen te konseptualiseer.

7.2.1.1 Assessering

Compton en Galaway (1989: 443) beskryf die begrip soos volg in terme van die doel daarvan: “The purpose of assessment is to reach an understanding of problem, client and situation so that one can construct a plan to solve or alleviate the problem.” Die prosesmatige aard van assessering word deur die genoemde skrywers uitgelik en soos volg aangedui:

... an attempt to (1) comprehend the key elements in the problem situation, (2) understand the meaning of the problem to the client in his/her situation, and (3) use all the client’s understanding, (4) direct all our professional knowledge in an active thinking process aimed at identifying what needs to be altered in the situation, and (5) plan how these desired changes may be achieved (Compton & Galaway, 1989: 443).

Palmer (1970: 3) beklemtoon die aanwending van wetenskaplike kennis en metodes in assessering met die doel om gedrag te bestudeer en beskou assessering as ’n wetenskaplike ondersoek.

Pierson en Thomas (2002: 39) beskryf assessering as ’n proses waardeur beoordeel word tot watter mate ’n individu of gesin en hulle besondere omgewing in nood is en wat die behoeftes behels. Die wisselwerking tussen die sisteem in nood en die professionele hulpverleningsstelsel word soos volg beklemtoon: “... assessment is a continuous process, mixing professional appraisal and user viewpoint and reflecting the values of both” (Pierson & Thomas, 2002: 39). Vier basiese elemente word as deel van die inhoud van assessering as proses geïdentifiseer, naamlik (1) beskrywing (“description”), (2) verduideliking (“explanation”), (3) identifisering (“identification”) en (4) evaluering (“evaluation”) (Pierson & Thomas, 2002: 39).

Assessering word in die konteks van hierdie studie beskou as ’n voortdurende wisselwerkende proses waardeur inligting aangaande ’n sisteem wat ’n dilemma of krisis beleef, weergegee word as riglyn ten einde positiewe verandering vir die sisteem te fasiliteer.

Die volgende samevatting deur Compton en Galaway (1989: 444) ten opsigte van die konsep assessering lig die noodsaaklikheid van wisselwerking tussen



die twee primêre sisteme, naamlik die professionele ondersoeker en die kliënt, uit ten einde 'n hanteerbare verandering te kan fasiliteer:

Assessment involves an active thinking and testing process on the part of worker and client that results in the integration of understanding and knowledge in such a way that the problem becomes comprehensible and appears manageable enough to be converted into client actions and professional services.

Die proses van assessering verwys derhalwe na die interaksie tussen die sisteem, hetsy 'n individu of gesin of gemeenskap wat simptome of 'n probleem ondervind waardeur die funksionering van die sisteem benadeel word, en die hulpverleningsstelsel in die gemeenskapsstelsel. In die wisselwerking tussen die onderskeie sisteme word inligting uitgeruil waardeur die hulpverleningsstelsel met die hulp van professionele kennis die simptome of krisis of "probleem" vir die hulpsoekende stelsel help herdefinieer ten einde 'n positiewe verandering te stimuleer.

Billeaud (2003: 141) beskryf die proses van assessering as (1) identifisering van die "probleem", (2) beskrywing van die aard daarvan, (3) bepaling van 'n toepaslike intervensieplan en (4) interpretasie van die bevindinge en aanbevelings aan die kliëntstelsel. Billeaud (2003: 141) beklemtoon dat meer intensiewe pogings tot assessering aangewend behoort te word waar 'n kind betrokke is.

Die wisselwerking tussen die stelsel in nood en die gemeenskapsstelsel beklemtoon dus die maatskaplike doel en konteks van die proses van assessering en bring die element van maatskaplike verantwoordelikheid vir die professionele assessor mee (Palmer, 1970: 3).

Die beskouing van die term "assessering" in die algemeen bied gevolglik 'n basis waarvolgens die konsep "gesinsassessering" vervolgens meer spesifiek omskryf kan word.

7.2.1.2 Gesinsassessering

Die term "gesinsassessering" word in hierdie studie aangewend ten einde die proses van assessering van die gesin-in-egskeiding te beskryf waar 'n dispuut aangaande die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind bestaan.

Manoim (1985: 7) beskryf gesinsassessering soos volg:



Family assessment refers to the process by which the functioning of the family is studied, analyzed and evaluated. This includes the way decisions are made, messages and feelings are conveyed, roles are performed and behaviour is controlled within the family unit.

Hierdie omskrywing fokus op die inhoud van gesinsfunksionering en lig nie die wisselwerkende aard van die proses van assessering uit nie. Dit beklemtoon wel gesinsfunksionering in verskeie dimensies as die eenheid van ondersoek in die proses.

Die kompleksiteit van teoretisering aangaande gesinsassessering word raak beskryf deur Grotevant en Carlson (in Du Toit, 1998: 121):

Attempting to review the domain of family assessment brings to mind the metaphor of the hydra from Greek mythology. The hydra was a nine-headed monster that Hercules was challenged to slay. But whenever anyone managed to cut off one of the hydra's heads, two new heads grew in its place.

Die bogenoemde vergelyking beklemtoon die omvattende aard van gesinsassessering wat dikwels onverwagte inligting en insigte oplewer en juis daarom so noodsaaklik is in egskeidingsevaluering.

Kaplan et al. (1994: 1017) beskryf binne die konteks van gesinsassessering die onderhoud met die totale gesin as “enlightening” deurdat die houdings en response tussen kinders en ouers waargeneem kan word en gesinslede se gevoelens bekragtig kan word.

Gesinsassessering word deur Ashford et al. (2001: 108, 149-150) beskou as “understanding families” waardeur die onderskeie interaksies binne sowel as buite die gesinsisteam wat die sisteem beïnvloed, bepaal moet word.

Die interverwante verband tussen gesinslede se belewenisse word deur Billeaud (2003: 143) beklemtoon. Die skrywer beskou dit as noodsaaklik om die gesinsdinamika te verstaan ten einde effektiewe beplanning wat elke gesin se unieke omstandighede pas te kan bepaal.

Gesinsassessering behels die proses waardeur die professionele ondersoeker begrip vir gesinsfunksionering wil ontwikkel deur antwoorde op die volgende vrae te vind: *Wat* gebeur, met *wie*, *hoe*, en *wanneer*. Dit is dus die proses gekoppel aan gedrag en nie soseer die inhoud daarvan wat belangrik is nie (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 12).



Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die fokus gevestig op die gesin-in-egskeiding as maatskaplike sisteem. In hierdie konteks word gesinsassessering derhalwe beskou as 'n voortdurende proses van interaksie tussen die gesinsisteem en die professionele hulpverlenersisteem waardeur inligting met betrekking tot die gesinsfunksionering en gesinsdinamika wedersyds gevoer word met die doel om 'n plan daar te stel waarvolgens die veranderde omstandighede die beste belang van die minderjarige kind na die egскеiding kan verseker. Die gesinsisteem omsluit in hierdie beskouing alle betrokke subsisteme in, naamlik die volwassene-, egpaar-, ouer-, sibbe- en kindsisteme.

Die konsep van egскеidingsevaluering word vervolgens kortliks uitgelig ten einde die verband tussen gesinsassessering en egскеidingsevaluering aan te dui.

7.2.2 Egскеidingsevaluering

Vir die doeleindes van volledige uitklaring word die konsep “evaluering” eers- tens uitgelig waarna die konsep op die probleem van egскеiding toegepas word. Die konseptualisering van die betrokke konsepte word met die onderskeid tussen die terme “assessering” en “evaluering” afgesluit.

7.2.2.1 Evaluering

Pierson en Thomas (2002: 179) omskryf die konsep van evaluering as proses soos volg: “... the process through which information is obtained and judgments made on whether an intended course of action is producing the desired results.”

Die veralgemeende betekenis van die konsep word deur Compton en Galaway (1989: 691) beskryf as “... a flexible word that stretches to cover subjective judgments of many kinds”. Samevattend kan evaluering beskryf word as “... examining and weighing a phenomenon against some explicit or implicit yardstick” (Weiss in Compton & Galaway, 1989: 691).

Die volgende omvattende beskrywing deur Washington (in Potgieter, 1998: 172) beklemtoon die komplekse aard van die konsep “evaluering”:

Evaluation is the process of determining the amount of success a particular intervention has had in terms of costs and benefits and goal attainment. It is concerned with assessing adequacy of per-



formance, appropriateness of the stated goal, the feasibility of attaining it, as well as the value or impact of unintended outcomes.

Dit blyk dus dat evaluering na die beoordeling van die totale pakket van assessering, aksie en resultaat verwys.

Evaluering word in die konteks van hierdie studie beskou as die proses waarvolgens die geassesseerde inligting, die interaksie tussen die onderskeie sisteme en die aanbevole plan vir verandering in terme van die gestelde doel beoordeel word.

7.2.2.2 Egskeidingsevaluering

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word egskeidingsevaluering beskou as die proses van evaluering wat voortduur tydens die egskeidingsproses van 'n gesin-in-egskeiding met 'n dispuut aangaande die sorg(bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind. Die doel van sodanige egskeidingsevaluering is die bepaling van die beste belang van die besondere minderjarige kind(ers) in die situasie van die besondere gesinsisteam met die oog op 'n aanbeveling met betrekking tot die kind(ers) se toekoms vir die post-egskeidingstydperk.

Dit blyk derhalwe dat assessering sowel as evaluering 'n deurlopende proses van taksering en beoordeling behels (*Reader's Digest Afrikaans/Engelse Woordeboek*, 1993: 688, 831). Assessering het na die navorser se mening betrekking op die proses van insameling van inligting en aksies in die verband terwyl evaluering verband hou met die proses van beoordeling van die uitkoms van die totale hulpverlening. Binne die konteks van hierdie studie is die fokus dus in werklikheid op assessering sowel as evaluering ten einde die tersaaklike feite aangaande die ondersoek te bekom en na oorweging daarvan 'n wetenskaplik gemotiveerde professionele beoordeling daarvoor te kan uitspreek. Egskeidingsevaluering ontvang egter primêre klem, aangesien dit as die allesinsluitende proses beskou word waarvolgens die professionele mening met betrekking tot die beste belang van die minderjarige kind in die bepaalde ondersoek gevorm word.

Die wese van hierdie hoofstuk spreek die maatskaplike funksionering van die gesinsisteam aan, en meer spesifiek die gesin-in-egskeiding. Die bespreking van die term "maatskaplike funksionering" in die volgende gedeelte bied verdere uitklaring ten opsigte van die konteks waarin gesinsassessering en egskeidingsevaluering in hierdie ondersoek behandel word.



7.2.3 *Maatskaplike funksionering*

Karls en Wandrei (in Sheafor, Horejsi & Horejsi, 1997: 6) definieer maatskaplike funksionering soos volg: "... 'a client's ability to accomplish the activities necessary for daily living ... and to fulfill major social roles as required by a particular subculture or community'." Hierdie beskrywing verwys dus na die betrokke sisteem se vervulling van bepaalde verwagtinge wat deur die gemeenskapsisteem gestel word. Maatskaplike funksionering kom tot uiting in die interaksies tussen die onderskeie sisteme tydens die vervulling van maatskaplike rolle.

Morales en Sheafor (in Potgieter, 1998: 117) beskryf maatskaplike funksionering as "... the way people interact with their physical and social environment, and with the people and social institutions with which they are in contact".

Die volgende bespreking van maatskaplike funksionering deur Hepworth en Larsen (in Potgieter, 1998: 117) plaas egskeiding as maatskaplike probleem midde-in die wese van die gehalte van die gesin-in-egskeiding se funksionering:

It is in the transactions between a person and parts of his or her world that quality of life can be enhanced or damaged. It is in this contact that human needs are often left unmet, resulting in an inability of those who are affected to function as productive, contributing members of society.

Onvervulde persoonlike en gesinsbehoefte beïnvloed dus die funksionering van die maatskaplike sisteem, of soos in hierdie studie van toepassing die gesin-in-egskeiding met subsisteme as maatskaplike sisteem. Die mens se belewenis van geluk en lewensbevrediging is gekoppel aan die betekenis van die verhoudings met ander mense (Sheafor et al., 1997: 5). Die gesinsisteem-in-egskeiding se maatskaplike funksionering het dus disfunksioneel geraak deurdat veral die egpaarsisteem nie meer geluk en bevrediging in die verhouding met mekaar as man en vrou gevind het nie.

Die gesinsfunksionering van die gesinsisteem-in-egskeiding kan derhalwe beskryf word as die wisselwerking tussen die subsisteme wat deur onvervulde behoeftes by die subsisteme gekenmerk word. In die bespreking van die dimensies van gesinsassessering later in hierdie hoofstuk word gesinsfunksionering as sodanig meer breedvoerig uitgelig. Daardeur word die funksionering van hoofsaaklik die kindsisteem, maar ook al die subsisteme by die gesin betrokke, negatief beïnvloed sodat 'n verandering noodsaaklik is.



Die konseptualisering van die hoofkonsepte in hierdie hoofstuk, naamlik gesins-assessering, egskeidingsevaluering en maatskaplike funksionering lei die bespreking verder na die rasionaal vir gesinsassessering binne die konteks van egskeiding as maatskaplike probleem. Hierdie aspek word in die volgende gedeelte bespreek en word gevolg deur die hantering van die dimensies van gesinsassessering binne sistemiese verband.

7.3 RASIONAAL VIR GESINSASSESSERING BINNE DIE KONTEKS VAN EGSKEIDING

Egskeiding as maatskaplike probleem en die wêreldwye omvang daarvan is in besonderhede in hoofstuk 5 bespreek.

Die fokus in hierdie studie is op die gesin-in-egskeiding as maatskaplike sisteem en die sistemiese wisselwerking tydens die totale egskeidingsproses. Smith (in Pritchard, 1998: 10) beklemtoon die feit dat egskeiding nie 'n onverwagse gebeurlikheid is nie, maar "... a complex series of family processes that influence the shape of children's lives". Die geassosieerde faktore soos die konflik in die ouersisteem, stresvolle lewens- en gesinsveranderinge, die verlies van 'n ouer en ekonomiese probleme het 'n groter effek op die kinders as die beëindiging van die huweliksband (Pritchard, 1998: 10). Smith (in Pritchard, 1998: 11) benadruk die sistemiese assessering soos volg:

We need to know more about the meanings and understandings of the participants in family change, particularly the children. While the rhetoric of the best interests of the child is present there has been very little attempt **to talk to the children** about their experiences and perceptions.

Die Verslag van die Kanadese *Special Joint Committee on Child Custody and Access* (1998: 19-20) wat die stand van die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die kind in dié land ondersoek het, maak besondere melding van die weergawe van die kindergetuies voor hierdie spesiale gesamentlike komitee waarvan die volgende kortliks uitgelig word:

- "Children often feel very alone in their emotional distress."
- "Children feel they do not have a voice in their own future."
- "Children are often surprised by their parents' decision to divorce."
- "Several children testified that all children should have someone ... to represent them in legal proceedings."



Die verslag van die voorgenoemde komitee van ondersoek in Kanada rapporteer dat die funksionering van gesinsisteme na egskeiding dikwels wysiging aan die oorspronklike reëlings aangaande sorg(bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kinders noodsaak en dat die kindergetuies ook hierin die behoefte aan bystand gestel het (Special Joint Committee on Child Custody and Access, 1998: 20).

Die inspraak van die minderjarige kind in alle sake rakende sy toekoms word baie duidelik in artikel 12 van die Handves van die Regte van die Kind (Hodgkin & Newell, 1998: 145-164) gestel. Hierdie artikel, soos reeds volledig in hoofstuk 6 bespreek, word saam met artikel 2, 3 en 6 as die basiese beginsels (“general principles”) van die kind se regte beskou (Hodgkin & Newell, 1998: 40). Die verdere artikel wat in besonder op die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding betrekking het, is naamlik artikel 9 wat voorsiening maak vir die kind se reg tot volgehoue en direkte persoonlike kontak op ’n gereelde basis met beide biologiese ouers, mits dit in die beste belang van die betrokke kind is (Hodgkin & Newell, 1998: 119).

Die inspraak van die minderjarige kind in die toekoms van die gesin ná egskeiding kan derhalwe nie misken word nie. Die beskouing van die gesin-in-egskeiding as maatskaplike sisteem bestaande uit verskeie subsisteme en as subsisteem deel van die gemeenskapsisteem, erken die interaksie en deelname van die kind as subsisteem as uiters belangrik en noodsaaklik.

Soos vroeër in hierdie hoofstuk gestel, is die effek van egskeiding nie slegs beperk tot die minderjarige kind nie, maar die ouer-subsisteem is midde-in hierdie wisselwerking vasgevang. McKay et al. (1999: 6) vestig die aandag op die onderskeid in belewing tussen die ouer wat die egskeiding aanhangig gemaak het en die ouer wat teen die egskeiding gekant is: “... leavers experience different emotions from the left (guilt and self-blame versus anger and hurt) ... both groups undergo roughly equal amounts of emotional turmoil.” Benewens die woelende emosionele belewenis van die skeiding word die ouersisteem verder met maatskaplike en fisieke veranderinge gekonfronteer, soos besluitneming aangaande die toekoms, verhuising, die moontlike teenwoordigheid van ’n derde persoon, voortgang van die huishouding en werkverpligtinge.

Die veranderinge in die gesinsisteem weens die egskeidingsproses kring soos waterrimpelings uit na al die subsisteme waarvan die gesinsisteem deel vorm.

Die holistiese karakter van die sistemiese verband van die gesin-in-egskeiding word baie duidelik waarneembaar tydens die egskeidingsproses. Die navorser glo daar kan met oortuiging gestel word dat nie een subsisteem waarvan die gesin-in-egskeiding deel vorm onveranderd bly tydens hierdie proses nie. Pot-



gieter (1998: 114) beklemtoon die interverwantskap van die mens as maatskaplike wese en die omgewing waarvan hy deel vorm, wat die maatskaplike en kulturele milieu, die opvoedkundige, ekonomiese en ontspanningsaktiwiteite insluit. Die voortdurende proses van wedersydse beïnvloeding kan soos volg saamgevat word: “All needs of all parts of the system are not expressed or felt at the same time, but are in a continuing process of being affected by and affecting one another” (Potgieter, 1998: 114).

Dit is die navorser se mening dat die fokus op gesinsassessering in egskeidingsevaluering daarop gerig behoort te wees om vanuit ’n holistiese sistemiese perspektief op die gesin-in-egskeiding te poog om alle vlakke van funksionering en alle verwantskappe van die gesinsisteam in ag te neem ten einde die geheel sowel as die dele daarvan ten beste te dien. Mash en Wolfe (2002: 41) vestig die aandag op die belangrike rol wat gesinsfunksionering in elke lid asook die hele sisteem se reaksie op trauma, stres of verandering vervul. Die gesinsisteam se funksioneringswyse bepaal hoe die individuele lid asook die gesin as geheel die gebeure hanteer. Dit is die navorser se mening dat die beste belang van die minderjarige kind in die gesin-in-egskeiding die beste bereik kan word deur die totaliteit van die interverwantskappe tussen subsisteme te beskou. Copley (2000: 126) verwys tereg na die “Family in the Mind and the Family in the Room”, ’n begrip wat na die gesin-in-egskeiding deurgetrek kan word. Elke lid van die gesinsisteam het ’n bepaalde individuele beeld van die gesinsisteam terwyl die waarnemer van die gesinsisteam as geheel ’n verdere beeld van die gesinsisteam vorm. Al hierdie beelde behoort by gesinsassessering in ag geneem te word. Baumann (2003: 35) bevestig hierdie standpunt en waarsku teen die oorbeklemtoning van een aspek van funksionering. Die skrywer beklemtoon die noodsaaklikheid van kollaterale inligting vir die daarstel van ’n geldige assessering.

Die bespreking van die rasionaliteit van gesinsassessering in egskeidingsevaluering verwys na die noodsaaklikheid dat die aandag op die geheel van die gesinsisteam gefokus word. Sodoende word die omvang en intensiteit van die belewenis van die lede van die gesin-in-egskeiding aangaande die traumatiese verandering sowel as die toekomsvisie van die gesinsisteam in totaliteit bepaal.

Die dimensies van gesinsassessering word vervolgens in terme van die volgende hanteer, naamlik (1) gesinsfunksionering, (2) gesinsverhoudings en (3) gesinsinteraksie. Die aandag sal in die volgende gedeelte eerstens op gesinsfunksionering as dimensie gerig word, waarna gesinsverhoudings as dimensie uitgelig word. Laastens word gesinsinteraksie as dimensie bespreek.



7.4 DIMENSIES VAN GESINSASSESSERING BINNE DIE SISTEMIESE KONTEKS

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat gesinsassessering in egskeidingsevaluering die doel dien om die legkaartbeeld van die gesin-in-egskeiding te voltooi. Die proses van voltooiing van dié beeld dra daartoe by dat 'n plan saamgestel kan word waarvolgens die lede van die gesinsisteam ná die egskeiding nuwe hergedefinieerde gesinsisteme kan vorm. Die plan behoort in die beste belang van die gesinsisteam as geheel en ter wille van die beste belang van die minderjarige kind as subsisteam opgestel te word.

Assessering het volgens Rustin (2000: 2) drie eienskappe wat die doel daarvan ondersteun, naamlik: (1) dit is 'n professionele taak; (2) dit behels 'n ingeligte verkenning of eksplorاسie van die sisteem se leefwêreld; en (3) dit is 'n betekenisvolle proses in eie reg waardeur insig by die sisteem kan ontwikkel (Becvar & Becvar, 2000: 331). Daar is dus sprake van professionele fasilitering van die assesseringsproses gegrond op toegepaste kennis en ervaring van die onderskeie fasette ten einde noodsaaklike inligting aangaande die maatskaplike funksionering van die gesinsisteam te genereer met die oog op die implementering van doelgerigte verandering in die sisteem se leefwêreld.

Twee primêre dimensies is onderskeibaar in die proses van assessering, naamlik die (1) interne leefwêreld en die (2) eksterne leefwêreld van die sisteem (Rustin, 2000: 2). Die gedrag van die sisteem is verwant aan die wisselwerking tussen hierdie twee dimensies.

Die navorser is voorts van mening dat die intensiewe uitvoering van gesinsassessering die ontwikkeling van die gesinsisteam aan die hand van die lewensiklus behoort te integreer. Pillari (1988: 2) beklemtoon die intra- en interpersoonlike veranderinge wat voortdurend in die mens se lewe plaasvind. Hierdie twee dimensies, naamlik die intra- en interpersoonlike veranderinge, verwys na die interne en eksterne leefwêreld van die mens. Die genoemde skrywer stel dit soos volg: "... development occurs at all points of a person's life cycle, from conception to death" (Pillari, 1988: 2). In hierdie verband verwys die term "ontwikkeling" na die sistematiese, georganiseerde veranderinge wat in die individu as sisteem, van geboorte tot sy dood, plaasvind en word as "multidirectional" beskou (Pillari, 1988: 3). Voortdurende toename in differensiasie en hiërargiese integrasie vind plaas sodat die mens van 'n eenvoudige vorm tot 'n baie gekompliseerde en spesifieke vorm verander (Werner in Pillari, 1988: 3). Die sistemiese verbintenisse binne die individu as sisteem word tydens die proses van hiërargiese integrasie ontwikkel en word soos volg beskryf: "... the manner in which differentiated parts and functions of the individual become increasingly coordinated into organized systems during development" (Pillari, 1988: 3). Dit



is die navorser se mening dat die belangrikheid van die mens se ontwikkelingsproses vir assessering geleë is in die beoordeling van die toepaslikheid van menslike gedrag binne die gegewe tyd en plek van die betrokke sisteem in die lewensiklus. Dit beteken dus die maatskaplike funksionering van die gesin-in-egskeiding beskou moet word binne die konteks van die fase van die lewensiklus waar die gesinsisteem hom bevind.

Dit blyk dus dat die innerlike en uiterlike leefwêreld van die individuele lid in terme van die ontwikkelingsproses deur die lewensiklus gekoppel is met die leefwêreld van die gesinsisteem in terme van die lewensiklus van die gesinsisteem. Carter en McGoldrick (1989: 4) verwys na die “intergenerational connectedness in the family” wat kritiese aspekte in die eksplorasië van die gesinsisteem verteenwoordig, en as “... one of our greatest human resources” beskou kan word.

Coombs (in Pillari, 1988: 2) onderskei twee dimensies in wetenskaplike aktiwiteite soos assessering, naamlik (1) “... the discovery, selection and construction of raw data out of the total pool of behaviour” en (2) “the mapping of raw data ... procedures used for empirical verification and falsification”. Dit beklemtoon die holistiese beskouing van die gesin-in-egskeiding in assessering. Die geheelbeeld van die ontwikkeling en gedrag van die sub sisteme verbonde aan die gesinsisteem is krities belangrik by die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind vir die post-egskeidingstydperk. Ten einde die beste plan van sorg (bewaring) en kontak (toegang) vir die minderjarige kind en die gesin-in-egskeiding te kan bepaal, behoort die ingesamelde data die kindsisteem in konteks van ontwikkeling en gedrag met betrekking tot alle betrokke sub sisteme te beskou.

In hierdie ondersoek word die gesinsisteem gekenmerk deur die verbrokkeling van die sisteem en is die egskeidingsproses dikwels reeds in ’n gevorderde stadium. Die gesinsisteme onder bespreking ondervind ’n dispuut aangaande die toekoms van die minderjarige kind(ers) betrokke. Die plan vir verandering wat by afhandeling van die assesseringsproses opgestel word, word ook aan die hof voorgelê vir bekragtiging al dan nie. Daar is dus sprake van vergelyking van die wisselwerking van die ouersisteme se funksionering, verhouding en interaksie met die kind. Ashford et al. (2001: 13) verwys na die belangrikheid om onderskeid te tref tussen die rolle van die twee basiese sisteme in elke sub sisteem se bestaanskonteks, naamlik die ondersteuningsisteem (“sustaining system”) en die versorgingsisteem (“nurturing system”). Die ondersteuningsisteem word verteenwoordig deur die dominante kultuur- en gemeenskapsisteem terwyl die versorgingsisteem die onmiddellike emosionele, fisieke en maatskaplike omgewing behels (Ashford et al., 2001: 13). Die navorser ondersteun hierdie benadering



ten einde die onderskeie post-egskeiding gesinsisteme in terme van die beste belang van die minderjarige kind te kan oorweeg.

Dit is algemene kennis dat alle individue en hul situasies onderworpe is aan beginsels van diversifikasie wat die prosesse behels wat bydra tot die uniekheid van elke sisteem (Ashford et al., 2001: 7). Hierdie verskeidenheid in onder andere etnisiteit, houdings, voorkeure en afkeure en ontwikkelingsagtergrond beklemtoon die uniekheid van elke sisteem en behoort volgens die navorser se mening 'n bepalende rol te speel by gesinsassessering in egskeidingsevaluering. Gesinsassessering in egskeidingsevaluering fokus in hierdie ondersoek op die wisselwerking tussen die fasette van die interne veranderlikes van die individue asook die gesin as sisteem en die eksterne beleving deur die onderskeie sisteme van die lewensontwikkelingsproses. Daar is dus in hierdie studie 'n tweeledige fokus in gesinsassessering, naamlik op die interaksie tussen die sisteme se innerlike (interne) determinante van gedrag en die uiterlike (eksterne) omgewingstoestande. Gesinsassessering word dus vanuit hierdie basiese fokus aan die hand van die volgende verdere dimensies, naamlik (1) gesinsfunksionering, (2) gesinsverhoudings en (3) gesinsinteraksie bespreek.

Vervolgens word die aandag gerig op die bespreking van die eerste dimensie van gesinsassessering, naamlik gesinsfunksionering.

7.4.1 Gesinsfunksionering as dimensie van gesinsassessering

Die volgende stelling deur Geismar en Camasso (1993: xv) gee erkenning aan die voortdurende pogings om gesinsfunksionering te evalueer: "The universally recognized significance of the family as one of the most basic human institutions generates a continuous demand to evaluate its functioning."

Die gesinsisteme as deel van die gemeenskapsisteme vervul 'n bepaalde rol deur 'n milieu of omgewing vir groei, ontwikkeling en geluk aan die individuele lede daarvan te voorsien terwyl dit terselfdertyd 'n bepaalde plek of rol in die gemeenskap inneem (Sheafor et al., 1997: 5). Gesinsfunksionering verwys dus na die aksies van individuele lede ten einde die dag-tot-dag-take gekoppel aan die onderskeie rolle in die sisteem uit te voer om sodoende voortbestaan en selfbevrediging te genereer. In hierdie daaglikse funksionering ontwikkel die gesinsisteme bepaalde patrone waarvolgens die gesinslede gestruktureer en georganiseer word (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 7). Daar is dus sprake van die ontstaan van 'n passing tussen die behoeftes en vermoëns van subsisteme met die geleenthede en eise wat die groter sisteem bied (Sheafor et al., 1997: 6). Hierdie aspek behoort in ag geneem te word by gesinsassessering in egskeiding met die oog op die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind.



Hierdie bespreking word gewy aan die beskrywing van wat in algemene terme as die funksionering van die gesinsisteem verstaan word. Die uiteensetting van die aspekte van gesinsfunksionering vir assesseringsdoeleindes word in die volgende hoofstuk behandel, waarin die bepaalde model vir hierdie studie uiteengesit word. Die volgende aspekte van belang in gesinsfunksionering word in hierdie bespreking uitgelig, naamlik (1) menslike behoeftes van subsisteme, (2) rolfunksionering, (3) taakfunksionering en (4) funksioneringspatrone.

7.4.1.1 Menslike behoeftes van subsisteme binne die gesinsisteem

Die assessering van gesinsfunksionering in die konteks van egskeidingsevaluering het ten doel om die beste alternatief in passing van die minderjarige kind binne die gesinsisteem vir die toekoms te bepaal. In hierdie verband behoort die behoeftes van die individuele lede as subsisteme binne die gesinsisteem in ag geneem te word asook die mate waartoe die funksionering van die gesinsisteem tot die vervulling van hierdie behoeftes bydra (Geismar & Camasso, 1993: xvii). Menslike behoeftes behels die volgende: fisieke/biologiese behoeftes, psigologiese behoeftes, maatskaplike behoeftes, geestelike behoeftes, ekonomiese behoeftes, opvoedkundige behoeftes, politieke behoeftes en seksuele behoeftes (Potgieter, 1998: 116).

In hierdie studie val die fokus op die wyse en mate van vervulling van hierdie menslike behoeftes vir elk van die dele van die gesinsisteem, maar in besonder vir die minderjarige kind. Die proses van gesinsassessering behoort dus die wisselwerking en interverwantskap van alle subsisteme waarvan elke individuele lid deel vorm te betrek ten einde te bepaal op watter wyse en in watter mate die subsisteme bydra tot die bevrediging van elke individuele lid se menslike behoeftes. Constantine (1986 in Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5) beskou die gesinsisteem wat daarin slaag om die individuele lede se behoeftes te bevredig en terselfdertyd die belange van die lede te bevorder as 'n "enabled" sisteem. 'n "Disabled" gesinsisteem is die sisteem wat ten koste van die individuele lede se behoeftes en belange voortbestaan (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5).

Vervolgens word rolfunksionering as aspek van die dimensie van gesinsfunksionering in gesinsassessering bespreek.

7.4.1.2 Rolfunksionering binne die gesinsisteem



Longres (1995 in Sheafor et al., 1997: 5) beskou rolvervulling as 'n noodsaaklike element van maatskaplike funksionering in die volgende uitlating: "... social functioning is social well-being, especially with regard to the ability of an individual to meet the role expectations associated with a particular status or role."

Die volgende maatskaplike rolle word onder andere deur die gemeenskapsisteem vereis ten einde die funksie van die gesinsisteem te kan vervul, naamlik die van ouer, kind, huweliksmaat, student, werknemer, vriend, buurman/vrou, landsburger, pasiënt (Karls & Wandrei in Sheafor et al., 1997: 6). Dit is belangrik om by gesinsassessering in ag te neem dat die maatskaplike rolle deur die verloop van die lewensiklus van die gesinsisteem verander en dat rolverwagtings deur kultuurverband, geslag, etnisiteit, geloofsoortuigings, werksverband en die besondere gemeenskapsisteem bepaal word (Sheafor et al., 1997: 6).

Vanuit die sistemiese perspektief op die gesin-in-egskeiding is dit noodsaaklik om by gesinsassessering die interverwantskap van die lede se menslike dimensies in rolfunksionering te erken. Sheafor et al. (1997: 6) stel dit tereg soos volg: "... an individual responds to his or her social roles as a whole human being. Thus, the many interrelated dimensions of the human person (e.g. biological, emotional, intellectual, spiritual, social, etc.) are all elements of social functioning ..."

Dit is dus in gesinsassessering van die gesin-in-egskeiding belangrik om te bepaal hoe die verskillende lede van die sisteem die rolfunksionering uitvoer ten einde 'n vergelyking te kan tref tussen die alternatiewe sisteme met die oog op bepaling van die beste belang van die minderjarige kind.

Taakfunksionering sluit by rolfunksionering aan en word vervolgens as 'n verdere aspek van gesinsfunksionering as eerste dimensie in gesinsassessering bespreek.

7.4.1.3 Taakfunksionering binne die gesinsisteem

Die wyse waarop en mate waartoe die gesinsisteem se taakfunksionering ten uitvoer gebring word, is in hierdie ondersoek die verdere fokus van assessering van gesinsfunksionering. Die aandag word gevestig op die totaliteit van die funksioneringspatrone in die sistemiese verband en nie op sogenaamde probleemgedrag nie. Dit beteken dus die manier waarop die funksioneringspatrone in interverwantskap met die subsisteme voorgestel word, is die belangrike inligting vir die assesseringsproses. Geismar en Camasso (1993: xx) verwys in die



verband na gesinsfunksionering as “... not the sum total of problem behavior, but the balance of adequate and problematic performance. This perspective ... makes a case for a broad-gauged approach that views the family in the context of its socio-cultural environment”.

Die taakfunksionering hou verband met die doelwitte wat die gesinsisteam as gesin wil bereik sowel as met die primêre funksie van die gesin as instelling in die gemeenskap. Soos vooraf in hoofstuk 3 bespreek, is die gesin as eenheid (1) die bron vir ontplooiing van individuele lede en (2) die bron vir voorsiening van ontplooiende lede aan die gemeenskap. Die ontwikkeling as unieke mens met ’n unieke identiteit vind binne die gesinsisteam plaas en hierdie funksie is die basis vir die identiteit van die gemeenskap.

Walsh, soos aangehaal in Becvar en Becvar (2000: 130), som die dimensie van gesinsfunksionering soos volg op: “... the guiding question is that of how families, with variant forms and requisites, organize their resources and function to accomplish their objectives.” In die proses van funksionering om eie doelwitte te bereik het die gesin bepaalde take wat uitgevoer word. Hierdie take behels die volgende: (1) daaglikse lewensake soos versorging en onderhouding van gesinslede, instandhouding van die gesinstuiste, sosialisering van die kinders, beskerming van die gesinslede en huishouding; (2) leierskapake soos besluitneming aangaande die doelwitte van die gesin en rigting van ontwikkeling, bepaling van gesinsgrootte, status van gesin in gemeenskap; (3) kohesiebouende take wat verwys na die ontwikkeling van rituele, tradisies, gewoontes, gesinstories, gesinsgeheime, gedragsreëls en hanteringswyses van krisis; en (4) take wat gesinswaardes vestig en wat verwys na die skep van verwagtinge vir gesinslede, ontwikkeling van die hiërargie binne die gesin en persoonlikheidsontwikkeling van die lede (Harway & Wexler in Goldenberg & Goldenberg, 1998: 10).

Die taakfunksionering van die gesinsisteam behels dus die wyse waarop die gesin sosiale vaardighede, probleemoplossende vermoëns en besluitnemingsvaardighede in die strewe na bereiking van die gesin se doelwitte toepas. Die navorser ondersteun die volgende siening van Becvar en Becvar (2000: 131) ten opsigte van die wyse waarop gesinsfunksionering beoordeel behoort te word: “... a family’s success in functioning must be dealt with situationally and is more appropriately evaluated relative to context.”

Die taakfunksionering van die gesinsisteam is interverwant aan die gesin se verbintenis met die gemeenskapsisteam waarbinne die gesin leef en werk. Die gesinslede se aktiwiteite binne die werk/skoolsisteam en maatskaplike sisteam dra by tot die funksionering van die gesin en vorm dus deel van die totaliteit van die konteks wat in die assesseringsproses in ag geneem moet word.



In egskeidingsevaluering is dit noodsaaklik om gesinsisteme te kan vergelyk, aangesien 'n keuse tussen die ouersisteme se nuwe gesinsisteme vir die sorg (bewaring) van die minderjarige kind uitgeoefen moet word.

Die patrone van funksionering in die gesinsisteme word hierna as volgende aspek van gesinsfunksionering as dimensie van gesinsassessering behandel.

7.4.1.4 Funksioneringspatrone binne die gesinsisteme

Goldenberg en Goldenberg (2004: 5) verduidelik die ontwikkeling van die interaksiepatrone tussen die lede in 'n gesinsisteme soos volg: "Those who live together for any length of time develop preferred patterns for negotiating and arranging their lives to maximize harmony and predictability." Gesinsisteme word gekenmerk deur die uitleef van samewerkende, doelgerigte, herhalende patrone van interaksie. Hierdie interaksie lei tot funksioneringspatrone binne die gesinsisteme wat dikwels nie deur buitelanders waargeneem word nie; is meestal onuitgesproke en word ook nie altyd deur die gesinslede self verstaan of geïdentifiseer nie (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 7). Die interaktiewe patrone van funksionering binne 'n gesinsisteme is subtiele, gekodeerde, sirkulêre transaksies waardeur gesinsreëls en funksies oorgedra word wat aanvaarbare gedrag binne die gesinsisteme bepaal. Die funksioneringspatrone van die gesinsisteme word so deel van die gesin dat dit byna as 'n goed geoefende uitvoering voorkom (Marvin, 2003:5; Goldenberg & Goldenberg, 2004: 7).

Minuchin, Lee en Simon (1996 in Goldenberg & Goldenberg, 2004: 7) illustreer die onsigbare karakter van funksioneringspatrone soos volg:

These transactions are usually invisible, not only because context and subject constantly change but also because they are generally the essence of minutiae. Who passes the sugar? Who checks the map for directions, chooses the movie, changes the channel?

In gesinsassessering van die gesin-in-egskeiding is dit dus noodsaaklik om vas te stel hoe die individuele lede teenoor mekaar reageer deur antwoorde op die volgende sirkulêre vrae te vind: Wie doen wat, wanneer en hoe?

Die rol van geslag en die bepaalde kultuurverband van die gesinsisteme is belangrik in die assessering van patrone van gesinsfunksionering. Die verskille in die rolverwagtinge van manlike en vroulike lede word grootliks deur die gemeenskapsisteme en die bepaalde kultuurgroep voorgeskryf en van jongs af deur die geslagte heen oorgedra (Philpot, 2000 in Goldenberg & Goldenberg,



2004: 6). Gedeelte gesinsrituele is 'n verdere aspek in funksioneringspatrone wat deur die kultuurverband van die gesinsisteam bepaal word, soos onder andere trou-gewoontes, begrafnisdienste, ander geloofsplegtighede soos doop en spesiale vakansiedae. Imber-Black (1999 in Goldenberg & Goldenberg, 2004: 7) beklemtoon dat deelname aan gesinsrituele die band tussen individuele lede en die gesin- en gemeenskapsisteam versterk.

In egskeidingsevaluering is dit noodsaaklik om gesinsisteme te kan vergelyk, aangesien daar 'n keuse uitgeoefen moet word tussen die ouersisteam se nuwe gesinsisteme vir die sorg (bewaring) van die minderjarige kind. Die volgende gedeelte handel kortliks oor die beskouing van gesinsfunksionering op 'n kontinuum.

7.4.1.5 Kontinuum van gesinsfunksionering

Daar bestaan 'n geneigdheid by skrywers aangaande gesinsproblematiek om gesinsfunksionering in terme van grade van funksionering te klassifiseer ten einde onderskeid te tref tussen noodsaak vir hulpverlening al dan nie (Epstein & Bishop in Manoim, 1985: 19; Du Bois en Miley in Potgieter, 1998: 118; Beavers in Becvar & Becvar, 2000: 134; Becvar & Becvar, 2006: 109).

Gesinsfunksionering kan vir die bogenoemde doel op 'n hipotetiese kontinuum van "aangepaste" tot "wanaangepaste" funksionering geplaas word. Du Bois en Miley, soos aangehaal in Potgieter (1998: 118), tref 'n onderskeid tussen "aanpassende en risiko en wanaanpassende" funksionering. Lewis, soos aangehaal in Manoim (1985: 19), voeg die "midrange" funksionerende gesinsisteam by. Constantine (1986 in Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5) tref onderskeid tussen 'n "enabled" en "disabled" gesinsisteam op grond van die mate waarin die gesinsisteam die behoeftes van die individuele lede suksesvol kan ontmoet.

Die gesinsisteam se funksionering kan as gesond of aangepas beskou word wanneer die gesinsisteam behoeftes en probleme betyds kan identifiseer en voorsorg kan tref vir die hantering daarvan. Hierdie tipe funksionering word gekenmerk deur die vermoë tot aanpassing by verandering en effektiewe hantering van omgewingsdruk (Du Bois & Miley in Potgieter, 1998: 19 Goldenberg & Goldenberg, 2004: 5; Becvar & Becvar, 2006: 108). Gesinsfunksionering kan as ongesond of wanaangepas beskou word wanneer die gesinsisteam se vermoë tot aanpassing by omgewingsdruk of verandering geïmmobiliseer is en daar onvermoë bestaan om konflik en onderhandeling te hanteer (Du Bois & Miley in Potgieter, 1998: 118; Beavers in Becvar & Becvar, 2000: 134).



Die gesin-in-egskeiding kan beskou word as 'n "disabled" gesinsisteam wat nie daarin kon slaag om die behoeftes van die individuele lede, naamlik die egpaar-subsisteam, te bevredig nie en nie as sisteem die vermoë het om die konflik en eis om verandering tot voordeel van die individuele lede te hanteer nie.

Dit is die navorser se mening dat by gesinsassessering dit dus noodsaaklik is om te bepaal hoe dié onvermoë van die gesinsisteam tot aangepaste funksionering ontwikkel het. Die mate waartoe die bepaalde faktore toekomstige hersaamgestelde gesinsisteme sal beïnvloed, behoort vasgestel te word aangesien stabiliteit in die post-egskeidingsfase krities belangrik is vir die gesonde ontwikkeling van die minderjarige kind.

Samevattend kan gemeld word dat die dimensie van gesinsfunksionering in gesinsassessering verwys na die beoordeling van die patrone wat ontwikkel as gevolg van die wyse waarop die gesinsisteam die lewenseise hanteer soos dit in die wisselwerking tussen die gesinslede onderling sowel as tussen die gesin- en die gemeenskapsisteam (omgewing) voorkom. Gesinsfunksionering behels die aksies van die gesinsisteam waardeur die bewus-wees van kontinuïteit van die gesinsisteam en die voortdurende vorming van die verwagtinge van die gesinslede met betrekking tot die toekoms bevestig word (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 4).

Hierdie bespreking sluit gesinsfunksionering as eerste dimensie van gesinsassessering af. Die aandag word vervolgens gevestig op gesinsverhoudings as tweede dimensie van gesinsassessering.

7.4.2 Gesinsverhoudings as dimensie van gesinsassessering

Gesinsverhoudings word in hierdie gedeelte as tweede kardinale dimensie van gesinsassessering bespreek ten einde klaarheid aangaande die konteks daarvan te bied. In hierdie verband meld Kaplan en Saddock (1994: 782) tereg: "Relationships form the matrix within which most people live their lives. Relationships are the sources of comfort, connection and happiness for people; they are also the sources of obligation, responsibility, and friction."

Anderson en Goolishian (1988 in Milewski-Hertlein, 2001: 27) beklemtoon dat die gesinsisteam wat met 'n krisis gekonfronteer word veelvuldige verhoudings tussen lede en ander subsisteme insluit wat belang by die krisis het. Dit is belangrik om kennis te neem dat die gesinsisteam met 'n krisis soos die gesin-in-egskeiding moontlik nie deur tipiese grense soos biologiese verhoudings gekenmerk word nie (Anderson, 1997 in Milewski-Hertlein, 2001: 28).



Die kernelement van alle hegte verhoudings is interafhanklikheid wat gekenmerk word deur die voortdurende interpersoonlike vereniging van individue in wedersydse beïnvloeding en fokus van energie en emosies op mekaar (Baron & Byrne, 2000: 305). Die lewenslange invloed van ouer-kind-verhoudings op die vorming en instandhouding van interpersoonlike verhoudings word algemeen erken, aangesien die gesinsisteam die basis is waar die kind leer hoe om met ander mense om te gaan (Baron & Byrne, 2000: 305; Carlson in Erdman & Caffery, 2003: xi). Die mate van gehegtheid wat tussen die kind en die eerste versorgers ontwikkel, is bepalend vir die vorming van toekomstige verhoudings in die kind se lewe (Carlson in Erdman & Caffery, 2003: xi).

Dié belangrikheid van die gehalte van die kind se gehegtheid aan die eerste versorgers noodsaak 'n kort beskrywing van gehegtheidsteorie (“attachment theory”). Die volgende beskrywing deur Bowlby, skepper van die “attachment theory”, soos aangehaal deur Marvin (2003: 3), gee 'n samevatting van die kern van hierdie teorie:

A central feature of my concept of parenting [is] the provision by both parents of a secure base from which a child or adolescent can make sorties into the outside world and to which he can return knowing for sure that he will be welcomed when he gets there, nourished physically and emotionally, comforted if distressed, reassured if frightened. In essence this role is one of being available, ready to respond when called upon to encourage and perhaps assist, but to intervene only when clearly necessary.

Die aard van die minderjarige kind se gehegtheid aan die primêre versorgende ouer(s) is dus 'n kritiese faktor in die assessering van gesinsverhoudings by die gesin-in-egskeiding.

Die gesinsisteam as 'n vaste en veilige basis word soos volg deur Byng-Hall (1995: 104) beskryf: “... ‘a family that provides a reliable network of attachment relationships which enables all family members of whatever age to feel sufficiently secure to explore relationships with each other and with others outside the family.’” Daar is dus sprake van bepaalde verwagtinge by gesinslede aangaande die beskerming van onderlinge verhoudings asook voortdurende ondersteuning van mekaar wanneer nodig. Dit veronderstel verder die bewustheid by die kindersubstieem van 'n samewerkende verhouding tussen die ouers. Die “leuse” van 'n veilige gesinsisteam kan as “collaborate to care” beskryf word (Byng-Hall, 1995: 104).



Die konteks van gesinsverhoudings met die insluiting van basiese menslike emosies, gehegheidsbande en rolvervulling word vervolgens as 'n dimensie van gesinsassessering in egskeidingsevaluering bespreek.

7.4.2.1 Basiese menslike behoeftes in gesinsverhoudings

Binne die konteks van gesinsverhoudings is die aard van menslike emosies en die ontwikkeling en instandhouding van interpersoonlike verhoudings baie belangrik, soos blyk uit die volgende bespreking.

Gesinsverhoudings is onlosmaaklik verbind met menslike emosies en elke individuele gesinslid se belewenis daarvan. Carl Jung (in De Laszlo, 1990: 550) stel dit dat die bewustheid van die self slegs kan plaasvind wanneer die individu hom/haarself van ander persone kan onderskei en voeg by dat “relationship can only take place where this distinction exists”. Banai (2004: 34) bevestig dat 'n verhouding primêr gebaseer is op die individu se unieke samestelling en behoeftes. Die skrywer verduidelik die vestiging van 'n verhouding soos volg: “Your relationship with another has nothing to do with the other person; it has to do with yourself and yourself only. ... Your relationship with the whole cosmos has to do with yourself and yourself only” (Banai, 2004: 34). Hierdie stelling beklemtoon die belangrikheid van individuele verantwoordelikheid vir enige verhouding en word in die volgende paragraaf onderskryf.

Cairns (2002: 3) bespreek die invloed van die sterk menslike emosies begeerte, woede en angs op die ontwikkeling en gedrag van die mens. Sy stel dit dat die mens met die behoefte van begeerte gebore word: “For we are born with it, this longing for attachment. That little morsel of humanity knows nothing else but ‘want’.” Wanneer die behoefte aan begeerte of gehegtheid aan 'n ander gefrustreer word, ontstaan die emosie van woede waardeur die bewuswording van afhanklikheid en vertrouwe ontwikkel (Cairns, 2002: 4). Onbevredigde begeerte wat gevolg word deur die gevoel van woede lei tot die ontstaan van vrees en die ontwikkeling van 'n bewuswording van die self se kwesbaarheid en die moontlikheid van verwerping (Cairns, 2002: 4). Indien verwerping van die individu werklik plaasvind, ontstaan die belewenis van rou in reaksie op verlies wat volgens Cairns (2002: 4) nodig is in die ontplooiing van die mens: “... the next experience on the way to personhood.” Volgens Cairns (2002: 4) is hierdie punt in ontwikkeling die ontstaan van ware menslike emosies, naamlik dié van: “Solitude, compassion and the inner peace and joy of a self-aware tranquility ... solitude and compassion and tranquility build energy which is sustainable and which resolves cathartically in an ‘oceanic’ experience of connectedness and well-being.” Hoewel hierdie omskrywing 'n ietwat simplistiese weergawe van



die ontstaan en ontwikkeling van menslike emosies is, bied dit 'n logiese uiteensetting van die ontplooiing van die mens se emosionele dimensies en dui dit ook die interverwantskap van gedrag en emosies aan.

Hier is dus sprake van onderlinge gehegtheid en verwantskap wat binne die ruimte van die verhouding gemanifesteer word (Banai, 2004: 9). Daarom word die invloed van die vorming van die gehegtheidsband op interpersoonlike verhoudings vervolgens as aspek in die konteks van gesinsverhoudings bespreek.

7.4.2.2 Gehegtheidsband/binding as verwysingsraamwerk in gesinsverhoudings

Die verskynsel van inprenting (“imprinting”) waarvolgens gehegtheid tussen die baba en primêre versorgers ontstaan, word aan aangebore sowel as aangeleerde gedrag gekoppel (Pierson & Thomas, 2002: 44). Lorenz beskryf inprenting op grond van sy studie oor die gedrag van eende en dit behels die vorm van leer wat gedurende die kort vroeë tydperk in 'n organisme se lewe plaasvind waartydens gehegtheid aan lede van dieselfde spesie ontstaan (Plug et al., 1997: 160). Wanneer die band met ander lede van die spesie gevorm is, verdwyn die gereedheid vir die vorming van ander bande van hierdie aard, maar dit is ook moontlik om bande met lede van 'n ander spesie te vorm indien sodanige kontak eerste sou plaasvind (Plug et al., 1997: 160). Gedrag wat deur inprenting bepaal is, is feitlik onuitwisbaar (Plug et al., 1997: 160). Banai (2004: 41) beklemtoon die verreikende invloed van hierdie vorming van die individu deur inprenting op alle verhoudings wat die individu in die loop van sy lewe gaan vorm. Pierson en Thomas (2002: 44) stel die universele erkenning van die belangrikheid van gehegtheid in die kind se lewe soos volg: “Whatever the relative importance of innate and learned factors in the development of attachment, its significance is universally acknowledged.”

Gedurende die proses van vorming van gehegtheid word twee basiese verwysingsraamwerke (“working models”) in die kind se mensontplooiing gevorm, naamlik (1) selfwaarde en (2) interpersoonlike vertroue (Baron & Byrne, 2000: 306). Dit ontwikkel deurdat die kind leer dat (1) hy/sy as mens belangrik is, van waarde is en liefde beleef, of die teenoorgestelde daarvan, naamlik dat hy as mens nie waarde het nie; en (2) hy/sy ervaar die versorger as betroubaar, vertroubaar en geloofwaardig, of die ander kant daarvan, naamlik onbetroubaar en ongeloofwaardig (Baron & Byrne, 2000: 306). Die belangrikheid van die aard van die gehegtheidsband vir die kind se toekomstige gedrag is gebaseer op die waarneming dat kinders met 'n seker gehegtheid groter selfvertroue en waagmoed op alle terreine openbaar (Baron & Byrne, 2000: 306; Pierson & Thomas,



2002: 44). Die volgende stelling aangaande die kritiese invloed van die gehegtheidsband van die kind word deur Baron en Byrne (2000: 307) gestel:

The basic and most important concept to remember, however, is that a person's original interpersonal experience shape his or her basic beliefs about self and others, and that these beliefs influence interpersonal relationships from childhood to adulthood.

Beide Bowlby en Ainsworth, soos aangehaal in Marvin (2003: 6-7), beskou gehegtheid as gedrag wat deel vorm van 'n saamhorende gedragsstelsel. Die interne organisasie en funksie van gehegtheid word soos volg omskryf: "The attachment behavior system has an internal organization of thoughts, feelings, plans and goals (internal working models), and has the biological function of protecting children from a wide range of dangers while they are developing the skills to protect themselves" (Marvin, 2003: 7). Drie addisionele gedragsstelsels word geïdentifiseer wat in 'n dinamiese ewewig met die gehegtheidsstelsel as substelsels optree, naamlik die verkennende ("exploratory") stelsel, die afwagter-vrees ("wary fear") stelsel en die sosialiserende/affilierende ("affiliative/sociable") stelsel (Ainsworth, Cassidy & Shaver in Marvin, 2003: 7). Die goed funksionerende gehegtheidsband voorsien die kind van die bewustheid van emosionele gemak en sekuriteit wat benodig word om die leefwêreld te kan verken en ontdek in die wete dat beskerming seker is (Marvin, 2003: 7). Hierdie aspek is na die navorsers se mening 'n kritiese element in die assessering van gesinsverhoudings by die gesin-in-egskeiding.

Dit is belangrik om daarop te let dat gehegtheid deel vorm van een tipe affeksionele band waar 'n affeksionele band soos volg beskryf word: "... a relatively long-enduring tie in which the partners are important to one another as unique individuals who are not interchangeable with others" (Marvin, 2003: 8). Die kenmerke van 'n affeksionele band is naamlik dat dit deur sterk gevoel/affek gedryf word en die geneigdheid het om die betrokke partye gereeld bymekaar te bring, hetsy fisiek of deur 'n wyse van kommunikasie en sluit die volgende in: die versorgende band ("care-giving bond"), sibbe band ("sibling bond"), vriendskapsband, mentor/onderrigband ("mentor/teacher bond") asook die band tussen 'n seksuele paar ("sexual pair bond") (Marvin, 2003: 8).

Drie basiese patrone van gehegtheid word deur navorsers uitgelig aan die hand waarvan die funksionering van die gesinsstelsel in terme van verhoudingsbeoordeel kan word, naamlik (1) onbekommerde kind – outonome ouer; (2) angstig vermydende kind – wegwysende (afwysende) ouer; en (3) angstig ambivalente kind – gepreokkupeerde ouer (Marvin, 2003: 11-13). Hierdie patrone toon 'n merkbare ooreenkoms met die uiteensetting deur Minuchin,



soos aangehaal in Marvin (2003: 13), van drie basiese patrone in gesinstrukture, naamlik (1) die aanpassende gesinsisteam (“adaptive”); die (2) losgemaakte/onbetrokke gesinsisteam (“disengaged”); en (3) die oorbetrokke/verstrengelde gesinsisteam (“enmeshed”). Baron en Byrne (2000: 316-318) identifiseer vier patrone in gehegheidsbande gebaseer op die ontwikkeling van die bewustheid van (“2 working models”) *self* en *ander*, naamlik die (1) seker/onbekommerde gehegtheid wat ’n positiewe houding jeens self en ander toon; (2) die wegwysende gehegheidspatroon wat ’n positiewe houding teenoor self maar negatiewe houding jeens ander toon; (3) gepreokkupeerde gehegtheid (“preoccupied”) wat ’n negatiewe houding teenoor self maar positiewe houding teenoor ander toon; en (4) bevreesde-vermydende gehegheidspatroon wat ’n negatiewe houding teenoor self en ander toon. Marvin (2003: 14) verwys na ’n verdere patroon van gehegheidsgedrag wat as “disordered” beskryf word, naamlik die omgekeerde ouer-kind-rol waar die ouer sy rol abdikeer. Hierdie basiese patrone en modelle word nie in detail bespreek nie, maar word tog weergegee ter wille van kennisname daarvan met die oog op die belangrike rol daarvan in die assessering van gesinsverhoudings.

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat die ontwikkeling van gehegtheid as ’n proses beskou word wat verskeie fases deurloop en dat gehegtheid met ander persone in die proses ook kan ontstaan (Pierson & Thomas, 2002: 44-45). Die rol van ander belangrike persone in die lewe van die kind word erken en die aard van hierdie verhoudings behoort in ag geneem te word in die gesinsassessering (Baron & Byrne, 2000: 307).

Rolvervulling word vervolgens as verdere element in die konteks van gesinsverhoudings as dimensie in gesinsassessering uitgelig.

7.4.2.3 Rolvervulling binne gesinsverhoudings

Die beskouing van die gesin-in-egskeiding as ’n sisteem waarvan die geheel groter is as die som van die aantal lede (dele) vestig die aandag op die verwantskap tussen die verskeie subsysteme wat betrokke is. Hierdie siening behels dat die kind as sub sisteem van die gesinsisteam rolle in die volgende verhoudingsisteme vervul, naamlik (1) die kind as unieke individuele mens, met ander woorde in verhouding tot die self; (2) die kind en die een ouer; (3) die kind en die ander ouer; (4) die kind in verhouding tot die ouerpaar se verhouding; (5/6/7) die kind in verhouding tot elk van die sibbe, afhangende van getal in die gesin. Elke lid van die gesinsisteam vervul dieselfde rolle as sub sisteem van die gesin. Verder behels hierdie siening dat elke lid van die gesinsisteam as sub sisteem deel vorm van die gemeenskapsisteam wat onder



andere die uitgebreide familiesisteem, vriendsisteem, werk/skoolsisteem, rekreasiesisteem en religieuse sisteem insluit.

7.4.2.4 Samevatting

Samevattend kan dus gekonstateer word dat gesinsverhoudings 'n netwerk van interverwantskap tussen subsisteme vorm en die verhouding waarin elke individuele lid en gesin met hierdie subsisteme verbind is. Die belangrikheid van die emosionele bindings in die individu se leefwêreld, soos vooraf bespreek, noodsaak derhalwe 'n deeglike beskouing van die gesinsverhoudings in egskeidings-evaluering ten einde die beginsel van die beste belang van en vir die minderjarige kind ten beste te dien.

Kaslow, soos aangehaal in Becvar en Becvar (2000: 132), beklemtoon dat duidelik toepaslike grense binne die gesinsisteem en agting vir die behoefte aan individuele en verhoudingsprivaatheid kenmerke is wat waarneembaar is by gesinsisteme met gesonde verhoudings. Verdere kenmerke word geïdentifiseer as 'n sistemiese oriëntasie, gemeenskaplikheid, openheid vir groei en verandering, gedeelde rolvervulling en verantwoordelikhede, asook 'n gevoel van optimisme en humor met 'n waardesisteem waarin 'n bewustheid van verbintenis en kontinuiteit voorkom (Kaslow in Becvar & Becvar, 2006: 107).

'n Uiteers belangrike aspek van gesinsverhoudings wat in gesinsassessering uitgelig behoort te word, is die aanwesigheid en aard van gesinsrituele en tradisies. Becvar en Becvar (2006: 107) lig die betekenis van rituele en gesinstradisies soos volg uit:

... rituals tend to enhance group identity and allow members to accept growth, change and loss while maintaining their basic continuity. The ritual acknowledges not only tangible but also intangible realities ... it involves both content and process. Thus, it may help to strengthen the whole family or relationships within it, encourage and/or acknowledge role performance, and influence the structure – rules and boundaries – characterizing the family.

Die voorspelbaarheid van rituele en tradisies voorsien die krag "... to give shape to joy, form to grief and order to the assertion of might – and in so doing contain and relieve our anxieties" (LaFarge in Becvar & Becvar, 2006: 107).

Ten slotte is dit die navorser se mening dat die unieke identiteit van die betrokke gesin-in-egskeiding in die verhoudingsontplooiing van die lede



onderling sowel as van die gesin as geheel tot uiting kom. Assessering van die gesinsverhoudings in die totaliteit van omvang sowel as van die geskiedkundige ontwikkeling daarvan is derhalwe aan die kern van die vergelyking van die toekomstige hersaamgestelde en hergedefinieerde gesinsisteme na die egskeiding.

Vervolgens word die aandag op gesinsinteraksie as derde kardinale dimensie van gesinsassessering in egskeidingsevaluering gevestig.

7.4.3 Gesinsinteraksie as dimensie van gesinsassessering

Gesinsinteraksie kan beskryf word met die term “sosiale” of “maatskaplike interaksie” en verwys na die interpersoonlike prosesse wat tussen twee of meer persone plaasvind en waarin verskillende vorms van kommunikasie ’n rol kan speel (Plug et al., 1997: 351). Die unieke resultaat wat uit die kommunikasie tussen die onderskeie persone ontstaan, kan die interaksie-effek genoem word (Plug et al., 1997: 163). Gesinsinteraksie as dimensie van gesinsassessering in egskeidingsevaluering behels dus die kommunikasiepatrone en -effek wat binne die gesinsisteme, as uitvloeisel van die interaksie tussen al die betrokke subsisteme, plaasvind.

Die kernelement van gesinsinteraksie is na die navorser se mening kommunikasie. Kommunikasie is ’n term wat in die algemeen in ’n breë spektrum van betekenis gebruik word. Kommunikasie word beskryf as die uitruil van inligting deur ’n stelsel simbole op verskeie wyses saam te voeg ten einde ’n boodskap oor te dra (Plug et al., 1997: 185; Pierson & Thomas, 2002: 95).

Vanuit ’n sistemiese perspektief word alle gedrag as die uitruil van inligting of kommunikasie beskou en is die vloei van inligting die basiese proses in maatskaplike sisteme, en derhalwe ook die gesinsisteme (Becvar & Becvar, 2000: 133). Soos in die voorafgaande gedeelte oor gesinsverhoudings bespreek, is die sistemiese koppeling van subsisteme van die gesinsisteme nou verweef en verreikend. Dit spreek vanself dat kommunikasiepatrone soos ’n goue draad deur die tapisserie van verbindings loop en daarom word vervolgens aandag gegee aan die kenmerke van gesonde gesinsinteraksie.

Dit blyk uit die beskrywing van kommunikasie as begrip dat die ontvanger van die inligtingsboodskap wat uitgestuur is, dit moet verstaan soos die sender van die boodskap dit gestuur en bedoel het. Dit is dus van uiterste belang dat kommunikasiepatrone in die gesinsisteme duidelik en kongruent moet wees, verstaanbaar en relevant; verbale en nieverbale vlakke van kommunikasie behoort



ondersteunend te wees; boodskappe moet direk wees en erken word; besprekings moet nie deur chaos en rigiede, onbuigsame houdings gekenmerk word nie, maar deur 'n vriendelike atmosfeer, optimisme en humor; individuele standpunte moet aangehoor word en ooreenstemming moet merendeels plaasvind; en individuele sukses moet erken word (Riskin in Becvar & Becvar, 2000: 133; Becvar en Becvar, 2000: 133).

Kaslow, soos aangehaal in Becvar en Becvar (2006: 107), onderskei die volgende eienskappe van gesonde kommunikasiepatrone: “Communication ... is effective, and power issues are handled hierarchically yet with strong, egalitarian parental leadership ... Autonomy and initiative are encouraged in a context that nurtures and supports even as it facilitates emancipation and independence.” Beavers in Becvar en Becvar (2000: 134) beklemtoon dat gesonde kommunikasiepatrone gekenmerk word deur die vermoë om te onderhandel, die afwesigheid van intimidasie en respek vir individuele keuse, openheid en klaarheid in boodskappe en 'n gedeelde fokus van aandag.

Dit is die navorser se mening dat in gesinsassessering in egskeidingsevaluering die vermoë van lede, en veral die ouersisteam, om te kan luister en die mate waartoe dit gebeur deeglik oorweeg behoort te word.

Samevattend kan dit gestel word dat effektiewe kommunikasiepatrone gesonde prosesse aanmoedig en hoe meer energie deur die gesinsisteam in positiewe prosesse aangewend word, hoe kleiner is die risiko vir negatiewe prosesse om die kommunikasie in die gesinsisteam te ontwig (Becvar & Becvar, 2000: 133). Die afleiding moet nie gemaak word dat gesinsisteme met meer effektiewe kommunikasiepatrone nooit meningsverskille het of nie baklei nie. Die verskil is daarin geleë dat hierdie gesinsisteme se lede mekaar se geselskap geniet en die samehorigheid van die gesin waardeer. “They fight, but always they belong; and the surety of this knowledge provides them with the courage to be imperfect” (Becvar & Becvar, 2006: 109). Die element van genieting van mekaar as lede van die gesinsisteam is waarskynlik een van die belangrikste aspekte wat in die gesin-in-egskeiding ontbreek.

Vanuit 'n sistemiese perspektief word alle gedrag beskou as 'n wyse van kommunikasie waardeur informasie tussen dele van die sisteem wissel (Becvar & Becvar, 2006: 109). In gesinsassessering van die gesin-in-egskeiding is dit dus van kardinale belang om die kommunikasiepatrone van die gesinsisteam te bepaal, aangesien sodanige patrone waarskynlik in toekomstige interaksies in een of ander vorm herhaal sal word. Die aard van die gesinsinteraksie in die gesin-in-egskeiding kan dien as rigtinggewende dimensie by die bepaling van die belange van die minderjarige kind vir die post-egskeiding bedeling.



Met die oog op die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering word die eienskappe van die gesonde funksionerende gesinsisteam vervolgens weergegee. Kennisname van sodanige eienskappe kan 'n belangrike rol by die gesinsassessering in egskeiding vervul, aangesien dit bepaalde riglyne bied waarteen die funksioneringspatrone van die gesin-in-egskeiding asook die nuwe gesinsisteme wat gevorm word, geëvalueer kan word.

7.5 EIENSKAPPE VAN GESONDE FUNKSIONERENDE GESINSISTEME

Die benadering tot die gesin-in-egskeiding vanuit die sistemiese perspektief behels dat die gesinsisteam se gedrag en karakter nie beoordeel word nie, maar in konteks waargeneem word. Die realiteit van die gesin-in-egskeiding is naamlik die feit dat die minderjarige kind nie in twee gedeeltes kan word nie en daar 'n keuse tussen een van twee huise as meer vaste toekomstige woning moet plaasvind. Dit bring mee dat een of ander wyse van vergelyking tussen die twee alternatiewe toekomstige gesinsisteme getref moet word ten einde die beste passing vir die betrokke kind te kan bepaal. Die oorweging van sekere eienskappe wat aan 'n sogenaamde goed funksionerende gesinsisteam toegedeel kan word, is 'n aanvaarbare wyse waarop die gesin-in-egskeiding beoordeel kan word in terme van vorige funksionering. Dieselfde mate van beoordeling kan aangewend word vir die toekomstige hergedefinieerde gesinsisteme wat na die egskeiding voortgaan.

Die eienskappe, soos deur die gesinsterapeute en teoretici Becvar en Becvar (2000: 149-150 & 2006: 125-126) saamgestel is, word as riglyn aangebied. Die eienskappe wat weergegee word, fokus op die kontekstuele aspekte gesondheid, disfunksie en herstelvermoë (“resilience”) van die gesinsisteam op die vlak van die gesinsprosesse. Dit is noodsaaklik om kennis te neem dat gesinsisteme op verskillende wyses unieke kombinasies van die volgende geïdentifiseerde eienskappe ontwikkel:

- Legitimate source of authority established and supported
- Stable rule system consistently followed
- Stable and consistent shares of nurturing behavior
- Stable child-rearing and marriage/couple maintenance behaviors
- Sense of family “nationality” and of belonging
- Respect for and encouragement of individual differences



- Sufficient flexibility and adaptability to accommodate normal developmental challenges and unexpected crises
- Support for and encouragement of initiative and creativity
- Clear general boundaries
- Balance between separateness and togetherness
- Clear and congruent communication
- Spontaneity and humor
- A systemic orientation or a sense of mutuality, cooperation, and collaboration
- Shared roles and responsibilities
- Permission to express all kinds of feelings
- Atmosphere of friendliness, goodwill, and optimism
- Belief in some larger force and an ethical sense of values
- Shared rituals and celebrations that enhance family identity and support continuity in the context of change
- Natural network of relationships outside the family
- A set of shared goals toward which the family and each individual works
- Ability to negotiate without intimidation

7.6 SAMEVATTING

Gesinsassessering in egskeidingsevaluering het ten doel die beste passing tussen die minderjarige kind en die ouersisteem wat na die egskeiding die kind se beste belang sal bevorder in belang van die familie as totaliteit. Dit is ook belangrik om te stel dat gesinsassessering vanuit die sistemiese perspektief geen bepaalde vooropgestelde idee van die gesinsisteem voorstel nie en aanvaar die gesinsisteem in die betekenis daarvan vir die individuele lede (Becvar & Becvar, 2000: 130; Milewski-Hertlein, 2001: 23). Gesinsassessering, soos in hierdie bespreking voorgestel, is dus toepaslik vir enige gesinsisteem binne enige kulturele verband.

Uit die bespreking blyk dus dat die dimensies van gesinsassessering bestaan uit:

1. **gesinsfunksionering** wat verwys na die patrone van rol- en taakfunksionering binne die gesinsisteem en hoe hierdie patrone ten uitvoer kom;
2. **gesinsverhoudings** wat gebaseer is op die aard van die gehegheidsbande tussen gesinslede en ander subsisteme en hoe die rolfunksionering van die gesinslede tot uiting kom; en



3. **gesinsinteraksie** wat die kommunikasiepatrone van die gesinsisteam behels en hoe die proses van inligtingvloei in die gesinsisteam plaasvind asook die aard daarvan.

Al drie die genoemde dimensies omsluit die twee primêre dimensies van die menslike leefwêreld, naamlik die interne en eksterne belewenis daarvan deur die individu.

Die interverwantskap van al die dimensies blyk duidelik uit die bespreking en dus kan geen dimensie in isolasie van die ander beskou en geassesseer word nie. Die totaliteit van die gesinsisteam en die individuele lede daarvan se funksionering behoort in ag geneem te word ten einde die beste moontlike alternatief te bepaal. Die kompleksiteit van die sistemiese funksionering beklemtoon die belangrikheid van 'n totale perspektief en waarneming deur 'n deelnemende waarnemer.

Die bepaalde model van gesinsassessering soos vir hierdie studie ontwikkel, word in die volgende hoofstuk uiteengesit en aangebied as riglyn vir egskeidingsevaluering vanuit 'n sistemiese perspektief.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 8

“... the best interests of the child shall be a primary consideration.”

Unicef 1998



HOOFSTUK 8

MODEL VIR GESINSASSESSERING IN EGSKEIDINGSEVALUERING

8.1 INLEIDING

Die doel van gesinsassessering in egskeidingsevaluering is, soos in hoofstuk 7 bespreek, om die beste moontlike passing tussen die minderjarige kindsisteem en die egskeidende ouersisteem te vind met die oog op die sisteme se funksionering in die post-egskeidingsfase. Die beginsel by oorweging van die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van minderjarige kinders in egskeiding is naamlik: “’n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang ...”, soos vervat in artikel 28 (2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) (Cronje & Heaton, 1999a: 463). Hierdie beginsel is gegrond op artikel 3 van die Handves van die Regte van die Kind van die Verenigde Nasies (Hodgkin & Newell, 1998: 37). As een van die vier algemene beginsels van die handves word dit as heersende riglyn by oorweging van sake rakende die minderjarige kind bekragtig (Hodgkin & Newell, 1998: 40).

Daar bestaan egter geen voorgeskrewe riglyn waarvolgens die beste belang van die kind bepaal word nie en gevolglik word die beginsel dikwels as vaag getipeer (Barratt, 2003: 145-146). Die afwesigheid van voorskriftelikheid in die beoordeling van die beste belang van die kind het na die navorser se mening sekere voordele sowel as nadele. Die positiewe aspek daarvan is dat daar ruimte gelaat word vir die insluiting van alle faktore en inligting wat die bepaling van die beste belang van die kind kan bevorder. Die nadeel van die vae, struktuurlose beginsel is dat dit geleentheid bied vir die subjektiewe manipulasie van die beste belang van die kind ter ondersteuning van ’n besondere party se argument of ’n besluitnemer se perspektief (Barratt, 2003: 146).

Die assesseringsmodel wat vir hierdie ondersoek in hierdie hoofstuk beskryf word, bied ’n riglyn vir die assessering van die beste belang van die minderjarige kind as deel van die gesin-in-egskeiding. ’n Model waarvolgens die aspekte beoordeel kan word wat die beste belang van die minderjarige kind kan aandui, blyk noodsaaklik te wees ten einde ’n mate van eenvormigheid in egskeidingslitigasie te bereik (Barratt, 2003: 146). Die bewustheid van die hoë koste van egskeidingslitigasie op finansiële sowel as emosionele vlak vir die totale gesinsisteem word algemeen erken en die noodsaaklikheid van ’n verandering op hierdie gebied word steeds sterker uitgespreek (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 4, 24).



Die realisering van 'n paradigmaskuif vanaf die huidige opponerende tipe regspraktyk in egskeidingslitigasie na 'n besluitnemende tipe benadering behoort sterk deur alle rolspelers ondersteun te word (*Special Joint Committee on Child Custody and Access*, 1998: 24). Die navorser ondersteun hierdie benadering en die assesseringsmodel soos in hierdie studie voorgestel, kan 'n bydrae lewer tot sodanige verandering deur bevordering van die holistiese perspektief op die belange van die minderjarige kind-in-egskeiding.

'n Bespreking van die voorgestelde assesseringsmodel word vervolgens aan die hand van die grondliggende uitgangspunte, die primêre doel en die toepassing van die model gedoen.

8.2 GRONDLIGGENDE UITGANGSPUNTE VAN DIE MODEL VIR GESINSASSESSERING

Die voorgestelde assesseringsmodel in hierdie studie vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering word vervolgens aan die hand van die basiese uitgangspunte daarvan bespreek. Dit behels naamlik die volgende aspekte: (1) fokus van die gesinsassesseringsmodel; (2) teoretiese verwysingsraamwerk; (3) kern professionele waardes betreffende die mens; en (4) die konteks van die gesin se lewensiklus.

8.2.1 Fokus van die gesinsassesseringsmodel

Gesinsassessering in egskeidingsevaluering behels die aktiwiteite wat daarop gerig is om die gesin-in-egskeiding te assesser en te verstaan en 'n plan van aksie tot herstel uit die toestand van disekwilibrium te ontwikkel (Sheafor et al., 1997: 319). Die fokus van die voorgestelde gesinsassesseringsmodel is die gesin-in-egskeiding met besondere aandag op die beste belang van die minderjarige kind. Die gegewe krisis wat bestaan, is naamlik die verbrokkeling van die huwelik tussen die egpaarsisteam wat noodwendig vir die kind 'n skeiding tussen die ouers meebring. Die tweeledige fokus van die gesinsassesseringsmodel in hierdie ondersoek sluit dus die minderjarige kind as deel van die gesin-in-egskeiding in asook die egskeidende gesin as deel van die gemeenskap (Ashford et al., 2001: 105).

Assessering word dus ten opsigte van die minderjarige kindsisteam as deel van die gesin-in-egskeiding gedoen asook ten opsigte van die totale gesinsisteam wat in egskeiding is.



Die aandag word vervolgens kortliks gevestig op die besondere teoretiese verwysingsraamwerk as tweede grondliggende uitgangspunt van die gesinsassesseringsmodel.

8.2.2 Die teoretiese verwysingsraamwerk

Die model vir gesinsassessering berus op die algemene sisteemteorie soos deur Ludwig von Bertalanffy as 'n "nuwe wetenskap" ontwikkel (Von Bertalanffy, 1973: xvii). Hy stel die algemene aanvaarding van die sistemiese benadering tot probleme in die wetenskap soos volg: "The system viewpoint has penetrated, and has indeed proved indispensable, in a vast variety of scientific and technological fields." Die algemene toepaslikheid van die sistemiese uitgangspunt asook die feit dat "... it represents a novel 'paradigm' in scientific thinking ..." het daartoe gelei dat die konsep "sisteem" gedefinieer en ontwikkel kon word "... in different ways as required by the objectives of research, and as reflecting different aspects of the central notion" (Von Bertalanffy, 1973: xvii). Von Bertalanffy self (1973: xix) het dit duidelik gestel dat die algemene sisteemteorie doelbewus so getipeer is weens die bruikbaarheid daarvan in die breedste konteks van wetenskaplike velde. Die algemene sisteemteorie het dus ontstaan uit die bewuswording van die geheelkarakter van sisteme, naamlik die feit dat die elemente of dele van 'n sisteem slegs verstaan kan word deur die interaksie of wisselwerking daartussen waar te neem (Von Bertalanffy, 1973: xix). Die aard van die algemene sisteemteorie word soos volg tipeer: "General systems theory, then, is scientific exploration of 'wholes' and 'wholeness'" (Von Bertalanffy, 1973: xx).


Die algemene sisteemteorie as verwysingsraamwerk vir hierdie studie is volledig in hoofstuk 2 bespreek.

Die begrip "holisme" (holism) is reeds in 1926 deur Jan Smuts geskep as verwysing na die uitgangspunt, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan (Delpino, 1975: ii). Holisme volgens Smuts "... demonstrates the pervading character of Wholeness as underlying and coordinating all others" (Delpino, 1975: ii).

Die gesin-in-egskeiding word as 'n sisteem beskou waarvan die geheel groter is as die som van die lede daarvan. Dit behels byvoorbeeld dat daar in 'n gesin van vier lede onder andere meer as vier individuele rolle en verhoudings teenwoordig is. Die voorgestelde assesseringsmodel is gebaseer op die konsep van holisme. Dit behels dat die totaliteit van die gesinsfunksionering konstruktief geassesseer kan word indien die wisselwerking tussen die

gesinslede onderling sowel as tussen die gesin- en gemeenskapsisteen in ag geneem word.

Hierdie wisselwerking kan skematies soos volg in Figuur 6 voorgestel word:



Figuur 6: Skematiese voorstelling van sistemiese wisselwerkende verhoudings

Uit Figuur 6 blyk dit duidelik dat met betrekking tot verhoudings in die gesinsisteen twee plus twee nie gelyk is aan vier nie. Dit beteken dus dat in 'n gesinsisteen van vier lede, naamlik die moeder, vader en twee kinders, daar sprake is van minstens sewe verhoudings per gesinslid. Hierdie verskeie verhoudings behels onder andere vir die minderjarige kind die volgende: 'n verhouding met die self, met die een ouer, met die ander ouer, met die sib, met die verhouding tussen die ouers met ander woorde die huweliksverhouding, met die verhouding tussen die moeder en sib, met die verhouding tussen die vader en sib. Die voorgenoemde verhoudings is dus ook van toepassing op elk van die ander drie lede van die gesinsisteen in die voorbeeld. Banai (2004: 39-46) identifiseer nege verhoudings per individu wat in verhouding tot 'n ander persoon staan. Die skrywer is van mening dat elke individu verder ook in verhouding tot sy eie lewensdoel asook tot die lewensdoel van die ander persoon staan.

Uit die voorgenoemde identifisering van die verskillende verhoudings in 'n gesinsisteen blyk dit verder dat elke lid meer as een rol binne die gesin vervul. Die minderjarige kind is byvoorbeeld nie slegs die kind nie, maar ook individu uit eie reg, broer/suster, oudste/jongste/middelste kind van die gesinsisteen. Hierdie feit word ook op al die ander gesinslede van toepassing gemaak.



In Figuur 6 word die beginsel van holisme in die algemene sisteemteorie, waarop hierdie assesseringsmodel berus, gedemonstreer, naamlik dat die geheel groter is as die som van die dele daarvan. Dit beteken dus dat die wisselwerking tussen die lede van die gesinsisteem sowel as tussen die gesin- en gemeenskapsisteem baie meer inligting aangaande die funksionering van die gesinsisteem bied as die blote feit dat die gesin uit 'n bepaalde aantal lede bestaan. By assessering van die individuele gesinslede in isolasie kan die bogenoemde holistiese perspektief van die gesinsisteem nie verkry word nie.

Die voorgestelde model vir gesinsassessering in egskeiding fokus op hierdie wisselwerking tussen al die subsisteme betrokke by die gesin-in-egskeiding ten einde die beste belang van die minderjarige kind te kan bepaal.

Die voorgenoemde fokus van die assesseringsmodel beklemtoon dus die verpersoonliking van elke gesinsisteem in egskeidingsevaluering. Sodanige fokus beklemtoon voorts die ondersoeker se bepaalde benadering tot die mens. Die professionele waardes, onderliggend aan die model, met betrekking tot die mens as deel van die gesinsisteem, is 'n kritiese aspek by die assessering van die wisselwerkende betrokkenheid van al die lede. Die bepaalde professionele waardes word vervolgens as derde grondliggende uitgangspunt van die assesseringsmodel uitgelig.

8.2.3 Kern professionele waardes betreffende die mens binne die model vir gesinsassessering

Professionele waardes kan beskryf word as "... unproven beliefs that guide and direct the work of a professional" (Compton & Galaway, 1989: 177). Sodanige waardes is nie eksklusief aan 'n bepaalde profesie nie, maar is elemente van die groter kultuurverbintenis van die professionele persoon wat uniekheid verkry in die besondere professionele toepassing daarvan. In hierdie verband beskryf Egan (1998: 42) die wisselwerkende aard van die kultuur van hulpverlening ("the culture of helping") soos volg: "The assumptions and beliefs held by helpers about themselves, their clients, the helping process, and the world around them interact with their values to generate norms that drive patterns of behavior in the helping relationship." Die historiese betekenis van hierdie waardes word soos volg deur Friedlander (1958: 1) gestel: "... they are ... rooted in the deep fertile beliefs that nourish civilizations."

Professionele waardes is dus die kriteria wat die professionele hulpverlener as riglyn by besluitneming in die hulpverleningsproses aanwend. Die volgende kern maatskaplike werk professionele waardes betreffende die mens is veral in



die toepassing van die voorgestelde model vir gesinsassessering in egskeiding van primêre belang, naamlik (1) aanvaarding van die uniekheid van elke mens; (2) respek vir die waardigheid van elke mens; en (3) aanvaarding van die selfdeterminasie van elke mens.

8.2.3.1 Uniekheid van elke mens as 'n professionele waarde

Die perspektief wat onderliggend is aan die model vir gesinsassessering beklemtoon die uniekheid van elke mens en elke gesin. Die individuele persoon as sisteem is saamgestel uit verskeie dele of subsisteme wat ontwikkel het uit die kombinasie van die eienskappe van die ouersisteem. Voorts is die individuele persoon as lid van die gesinsisteem in voortdurende wisselwerking met ander subsisteme betrokke waardeur die individu self verander word en terselfdertyd bydra tot verandering in die ander sisteme. Friedlander (1958: 6) verwys na die "... give-and-take relationship between our society and human beings as individuals, groups, and communities ...". Die mens ontwikkel dus as unieke persoon vanuit eie besondere genetiese samestelling sowel as die besondere sistemiese interaksie met ander sisteme waarby die bepaalde individu betrokke is. Berk (2006: 26) beklemtoon hierdie beskouing as die mees gedifferensieerde en volledige benadering tot die kontekstuele invloede op die kind se ontwikkeling. Die mens as unieke wese verdien respek, agting en aanvaarding soos die persoon is (Compton & Galaway, 1989: 178-179; Cournoyer, 2000: 9). Dit beteken dat verskeidenheid in menslike funksionering op alle vlakke erken, eerbiedig en verstaan moet word in die konteks van die besondere mens en die besondere omstandighede (Potgieter, 1998: 6). Dit bring dus mee dat geen algemene afleidings ten opsigte van enige gesin-in-egskeiding op grond van kennis van en ervaring met ander gesinne-in-egskeiding gemaak kan word nie, al deel sodanige gesinsisteme die egskeidingsproses as gemeenskaplikheid (Egan, 1998: 47).

In die konteks van die gesin-in-egskeiding beteken die toepassing van hierdie professionele waarde dus dat elke gesinsisteem vir die doeleindes van assessering binne die konteks van eie omstandighede, geskiedenis, verhoudings en sistemiese wisselwerkende verband beskou moet word. Gordon (1969 in Compton & Galaway, 1989: 178) beklemtoon dat hierdie tipe beskouing juis voorsiening maak vir die erkenning van uniekheid en verskeidenheid van die mens en omgewing in die wydste sin van die betekenis daarvan. Dit is die navorser se mening dat daar derhalwe nooit sprake kan wees van 'n bepaling ten opsigte van die beste belange van die minderjarige kind se toekoms indien die holistiese konteks van die gesin-in-egskeiding nie geassesseer is nie.



Erkenning van die uniekheid van elke mens en derhalwe elke gesinsisteem beklemtoon die volgende professionele waarde, naamlik die waardigheid van elke mens.

8.2.3.2 Die waardigheid van elke mens as 'n professionele waarde

Compton en Galaway (1989: 178) stel die waarde van 'n mens soos volg: "People are sufficient ends in themselves and are not to be treated as objects or as means to other ends." Hierdie waarde behels respek vir die bestansreg en inherente menswaardigheid van elke individu, soos die persoon is met sy/haar unieke potensiaal tot verandering en groei (Friedlander, 1958: 2; Compton & Galaway, 1989: 178; Cournoyer, 2000: 9).

Erkenning van die inherente waardigheid van elke individu as persoon fokus die aandag op die besondere potensiaal tot verandering by die individu en stimuleer bekragtiging van die persoon tot aksie in die hulpverleningsproses (Compton & Galaway, 1989: 181). Hepworth en Larsen (1993 in Potgieter, 1998: 9) beklemtoon die rol van die individu se potensiaal soos volg: "Focusing on strengths provides the basis for the stimulation of realistic hope for change and gives impetus to perseverance by client systems."

Hierdie professionele waarde se betekenis binne die konteks van gesinsassessering in egskeidingsevaluering verwys na die respek en agting vir elke individuele lid van die gesin-in-egskeiding sowel as die gesinsisteem as geheel. Dit behels dus ook respek vir en erkenning van die minderjarige kind as lid van die gesinsisteem en die waarde van die kind se bydrae tot die bepaling van die toekoms. Die fokus op die potensiaal van die individuele lid asook die gesinsisteem behels erkenning van die noodsaaklike rol wat die insette van die gesinsisteem in totaliteit vervul by die bepaling van die post-egskeidingsbedeling, veral ten opsigte van die beste belang van die minderjarige kind. Dit is die navorsers se mening dat die toepassing van hierdie professionele waarde in gesinsassessering in egskeiding die gesin-in-egskeiding tot aanvaarding van hulle eie waardigheid behoort te lei. Daardeur word die gesin se vermoë om insette te lewer ten opsigte van die oplossing van die krisis versterk met die doel om die beste voordeel vir die totale gesinsisteem te bepaal.

Die fokus op die individu of gesin se potensiaal tot verandering en groei lei die aandag na die volgende professionele waarde betreffende die mens, naamlik aanvaarding van die reg tot selfdeterminasie.



8.2.3.3 Selfdeterminasie van elke mens as 'n professionele waarde

Die reg van elke mens om insette en aktiewe deelname in besluitneming aangaande sy eie lewe te lewer, word erken en aangemoedig. So ook word die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van elke mens vir sy eie omstandighede binne die grense van die besondere omgewing erken en bevorder (Friedlander, 1958: 6).

Die inherente basis vir die erkenning van selfdeterminasie van die mens is die moontlikheid van keuse tussen alternatiewe (Compton & Galaway, 1989: 187-188) sowel as aanvaarding van selfverantwoordelikheid ("self-responsibility") (Egan, 1998: 51). Die mens behoort die geleentheid gebied te word tot keuse tussen verskeie oplossings en hierdie vryheid tot keuse ondersteun die persoon se eiewaarde (Friedlander, 1958: 3; Compton & Galaway, 1989: 190). Die toepassing van hierdie professionele waarde behels 'n begeleidende proses waardeur die persoon tot verantwoordelike, ingeligte keuse-beslissings ondersteun word (Friedlander, 1958: 3; Compton & Galaway, 1989: 190). Die waarde van sodanige benadering behels die bekragtiging van die mens ten einde meer effektief tot selfverandering te kan bydra (Egan, 1998: 51).

Binne die konteks van gesinsassessering in egskeidingsevaluering is die toepassing van hierdie professionele waarde van kernbelang. Daar kan egter slegs sprake wees van 'n begeleidende professionele proses van keuses tussen alternatiewe oplossings indien die gesin-in-egskeiding in totaliteit geassesseer word. Dit is die navorser se mening dat indien hierdie professionele waarde konsekwent in gesinsassessering in egskeidingsevaluering toegepas word, die litigasieproses grootliks verkort kan word. Die gesin-in-egskeiding is by uitstek die kenners van die gesinslede se potensiaal en sterk punte, en behoort dus deur 'n professionele begeleidingsproses die beste belang van die minderjarige kind binne die konteks van die post-egskeidingsfase te kan bepaal.

Die gesin-in-egskeiding word derhalwe as unieke, waardige sisteem binne besondere omstandighede beskou, wat die reg tot geleentheid vir die uitoefening van selfdeterminasie in die gesinskrisis het. Die gesinsisteem het die keuse tot ontwikkeling, aanvaarding en aanwending van verskeie alternatiewe in die proses van verandering na 'n nuwe toestand van homeostase in die post-egskeidingsfase. Identifisering en aanwending van die gesin en die omgewing se sterk punte word in hierdie model beklemtoon.



8.2.4 Konteks van die gesin se lewensiklus

Die vierde belangrike uitgangspunt van die assesseringsmodel sentreer rondom die erkenning van die konteks van die gesin se lewensiklus.


Die gesinsproses is 'n komplekse sirkulêre proses wat in die liniêre dimensie van tyd plaasvind wat meebring dat die gesinsisteam voortdurend met die verloop van tyd tot 'n meer komplekse sisteem ontwikkel (Carter & McGoldrick, 1989: 7; Minuchin & Fishman, 1999: 22). Die ontwikkeling van die gesinsisteam deur die lewensiklus word afgewissel met tydperke van balans en ekwilibrium, wanneer bepaalde take en vaardighede bemeester is, met fases van disekwilibrium, wanneer 'n nuwe uitdaging ontstaan wat aanpassings van die sisteem verg (Minuchin & Fishman, 1999: 22). Die ontwikkeling van die gesinsisteam deur die lewensiklus kan in vier hoof tydperke onderskei word, naamlik egpaar-vorming, die gesin met jong kinders, die gesin met skoolgaande kinders en die gesin met volwasse kinders (Minuchin & Fishman, 1999: 23). Die wedersydse invloed van verskillende generasies in die uitgebreide familiesisteam op die proses van gesinsontwikkeling kan beskou word as van die belangrikste hulpbronne in sodanige ontwikkelingsproses (Carter & McGoldrick, 1989: 4; Carter & McGoldrick, 1999: 1). Die interverwantskap van generasies en die invloed daarvan op die gesinsontwikkelingsproses sowel as die van die individuele lede word deur hierdie model erken. Die gesinsisteam se lewensiklus dien dus as primêre natuurlike konteks waarvolgens die individuele identiteit en ontwikkeling as mens beskou word en die effek op die maatskaplike sisteem bereken kan word (Carter & McGoldrick, 1989: 4; Carter & McGoldrick, 1999:1). Individuele mensontwikkeling, identiteit en gedrag kan derhalwe in egskeidingsevaluering nie in isolasie beskou word nie. In hierdie verband word die krisis van die egskeiding, met al die betrokke simptome, volgens hierdie voorgestelde assesseringsmodel binne die konteks van die ontwikkelingsmomentum van die gesin-in-egskeiding oor die lewensiklus van die gesinsisteam beskou. Dit is die navorser se mening dat die beste belang van die minderjarige kind binne die konteks van die gesinsisteam se lewensiklus geassesseer behoort te word. Carter (1978 in Carter & McGoldrick, 1989: 9) beklemtoon hierdie aspek soos volg: "It becomes imperative, therefore, to assess not only the dimensions of the current life cycle stress, but also their connections to family themes, triangles and labels coming down in the family over historical time."

Na die navorser se mening kan hipoteses vir toekomstige funksionering van die nuwe gesinsisteme, wat ná egskeiding gevorm word, op hierdie inligting gegrond word.

Die bespreking van die lewensiklus-konteks sluit die gedeelte oor die grondliggende uitgangspunte van die assesseringsmodel af. Vervolgens word die aandag op die toepassing van die model gevestig.

8.3 DIE AARD EN PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE MODEL VIR GESINSASSESSERING

Die aard en praktiese toepassing van die model vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering word vervolgens bespreek aan die hand van die proses waarvolgens die model verloop. Hierdie proses waarvolgens die assesseringsmodel toegepas word, word in terme van drie duidelike fases hanteer, naamlik die (1) aanvangsfase; (2) eksploreringsfase; en (3) termineringsfase. Die fases en komponente van die assesseringsmodel kan skematies soos volg in Figuur 7 voorgestel word:



Figuur 7: Fases en komponente van praktykmodel

Elk van die fases en komponente word vervolgens bespreek.

8.3.1 Aanvangsfase

Die aanvangsfase van die toepassing van die praktykmodel vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering is die eerste van drie identifiseerbare fases wat ten opsigte van die prosesmatige verloop van die model bespreek



word. In die beskrywing van die aanvangsfase word gefokus op (1) die aanmelding van die gesinsisteem; (2) die eerste konsultasies; en (3) kontraktering.

8.3.1.1 Aanmelding

Die aanmelding van die gesin-in-egskeiding behels die aanvangspunt van gesinsassessering. Die aanmelding of versoek tot deskundige hulp kan deur verskeie persone of instansies gedoen word en kan op 'n verskeidenheid maniere plaasvind. Die regsverteenvoerder van een van die ouerpartye of die Kantoor van die Gesinsadvokaat of 'n kollega of 'n ander professionele deskundige of een van die ouers self of 'n grootouersisteem is dikwels die aanmeldingsisteem wat met die hulpverleningsisteem kontak maak. Sodanige versoek kan telefonies of deur persoonlike kontak of per briefwisseling geskied.

Die proses van assessering word in die algemeen begin met die reël van 'n eerste konsultasie deur een van die ouers-in-egskeiding of een van die regsverteenvoerders vir een of beide van die ouerpartye met die oog op deskundige bystand met die ondersoek na die bepaling van die belange van die minderjarige kind(ers) betrokke in die dispuut ter sprake. Sodanige versoek word dikwels deur die regsverteenvoerder met ervaring in die veld van egskedingslitigasie geïnisieer met die doel om die proses van assessering te verkort of selfs te begunstig. Soms word ouers deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat versoek om verdere deskundige menings insake die belang van die minderjarige kinders te bekom. Dikwels is ouers self ongelukkig aangaande ander assesserings en versoek 'n tweede of selfs 'n verdere mening.

Die versoek na 'n ondersoek en reël van 'n eerste konsultasie word as aanmeldingsaspek beskou en geen gedetailleerde inligting word tydens hierdie gesprek ingewin nie. Hierdie gesprek het dit slegs ten doel om noodsaaklike inligting met die oog op kontak te bekom. Dit behels eerstens die identifiserende persoonlike besonderhede van elke ouer, soos naam en van, en tweedens kontaknommers van beide ouers. Die werkwyse volgens hierdie model word kortliks aan die aanmeldende persoon voorgehou en indien dit aanvaar word, word 'n datum vir die eerste konsultasie geskeduleer. Dit is verkieslik dat beide biologiese ouers tydens die eerste konsultasie teenwoordig is ten einde die mate van objektiwiteit van die ondersoek te versterk. Die aard van die verhouding tussen die egskedende ouers bepaal egter tot watter mate dit moontlik is om beide ouers gesamentlik in die eerste konsultasie te betrek.

Die graad van konflik tussen die ouers en die emosionele pyn wat hulle ervaar, verhoed in die meeste gevalle, waar egskedende ouers in 'n litigasieproses be-



trokke is, om hulle gesamentlik by die eerste konsultasie teenwoordig te kry. Dit is belangrik dat die ondersoeker persoonlik verifieer dat die nie-aanmeldende ouer nie saam die eerste konsultasie wil bywoon nie.

Die alternatiewe werkwyse is om met elke biologiese ouer afsonderlik 'n eerste konsultasie te onderneem. Dit word deur die navorser aanbeveel dat in sodanige omstandighede die ouer wat nie die ondersoek aangevra het nie eerste betrek word. Sodanige optrede kan daartoe bydra om 'n positiewe gesindheid by die nie-aanmeldende ouer te skep. 'n Deursigtige werkwyse is noodsaaklik en dit is dus belangrik om die aanmeldende ouer ingelig te hou oor die verloop van die proses.

Met die skedulering van die eerste konsultasie word die aanmelding as eerste stap in die aanmeldingsfase afgesluit. Dit word deur die eerste konsultasie opgevolg wat vervolgens aandag ontvang.

8.3.1.2 Eerste konsultasie

Die aanmelding van die ondersoek word bevestig deur die skedulering van die eerste konsultasie. Dit lei tot die aanvang van aktiewe ontwikkeling van die interaksie en verhouding tussen die ondersoeker en die gesinsisteam.

Die volgende riglyne word ten opsigte van die eerste konsultasie aanbeveel:

- Die eerste konsultasie behels die inwin van meer persoonlike inligting aangaande al die gesinslede in die gesinsisteam asook inligting van die ondersteuningsisteme.

Aanvanklik word die bespreking gewy aan besonderhede van die ouers en die betrokke minderjarige kind(ers), soos volle name, geboortedatums, adresse, asook inligting van ander subisteme betrokke, soos onder andere grootouers, vriende, organisasies, werk of skool. Bespreking van hierdie tipe inligting dien 'n tweeledige doel, naamlik om eerstens identifiserende en kontrakterende feite te bekom en tweedens om die spanning van die angstigheid van die onbekende situasie vir die ouer(s) te verlig. Die gesprek oor hierdie algemene spesifieke inligting, wat nie direk met die konflik van die egskeiding verband hou nie, dra daartoe by dat die ouer(s) op hulle gemak gestel kan word en die emosionele aard van die eerste konsultasie verminder word.

- Die geskiedenis van die huweliksverhouding word daarna op 'n saaklike wyse bespreek in terme van die basiese data soos huweliksdatum en plek,



duurte van huwelik, tydsverloop van verlowingstyd en inligting oor moontlike vorige huwelike.

- Die bespreking word hierna gewy aan die huidige stand van omstandighede met spesifieke fokus op wanneer die vervreemding, indien wel, plaasgevind het, aangesien die egskeiding ook 'n vinnige, meer krisisbesluit kan behels; wat elke ouer se huidige woonomstandighede behels asook wat die huidige verblyfreelings insake die minderjarige kind(ers) is. Die gesprek sluit 'n bespreking van oorsaaklike omstandighede of redes vir die huweliksverbroekeling in sonder om in detail daaroor uit te wy. Indien beide ouers teenwoordig is, word beide weergawes van die oorsaaklike redes verkry, maar indien slegs een ouer teenwoordig is, word slegs die betrokke ouer se perspektief by die besondere konsultasie verkry. Die ander ouer se perspektief op die oorsaaklike faktore moet by 'n volgende konsultasie met die betrokke ouer verkry word.
- Die motivering van beide ouers-in-egskeiding se aansoek om die sorg (bewaring) van die minderjarige kind(ers) word bespreek. Dit is noodsaaklik om elke ouer se denke en houding aangaande die sorg(bewaring) van die kind asook die kontak(toegang) van die kind tot die ander ouer uit te lig en aan te teken. Dit is immers die kern van die ondersoek en dit is belangrik dat elke ouer pertinent gedagtes daarvoor uitspreek.

Dit is noodsaaklik dat die professionele ondersoeker die fokus van die ondersoek aan die ouer uitspel, naamlik dat die belange van die minderjarige kind bepaal en aangespreek moet word in die oplossing van die dispuut aangaande die sorg van die kind (bewaringsdispuut). Dit is belangrik om aan die ouer uit te wys dat die ondersoek daarop gerig is om die bepaalde kind se behoeftes te bepaal asook hoe daar in die toekoms, ná die egskeiding, in hierdie behoeftes voorsien gaan word. Dit is noodsaaklik dat die ouer die versekering kry dat die ondersoek nie daarop ingestel is om te bepaal hoe die ouers fouteer het nie, maar dat die klem op die belange van die minderjarige kind geplaas word en dat beide ouers hierin hulle samewerking behoort te gee.

- Dit is noodsaaklik dat die tydsduur van 'n onderhoud met elke ouerparty dieselfde is ten einde te verseker dat daar geen sprake kan wees van partydigheid nie. 'n Afspraak van twee en 'n half uur vir die eerste onderhoud met elke ouer word voorgestel.
- Dit is belangrik om die eerste konsultasie met die ouers in 'n kliniese opset te onderneem en daarom moet dit verkieslik in die professionele ondersoeker



se spreekkamer plaasvind. Dit is 'n neutrale en objektiewe omgewing wat gewoonlik vir beide ouers vreemd en onbekend is.

- Die eerste onderhoud is grootliks bepalend vir die sukses van die verhouding met beide ouers tydens die ondersoek. Die mate van samewerking deur beide ouers word tot 'n groot mate deur die klimaat en aard van die eerste onderhoud bepaal. Derhalwe is dit belangrik dat die professionele ondersoeker waak teen moontlike bevoordeling van enige van die ouerpartye op enige wyse, soos om meer tyd aan een ouer se afspraak te bestee.
- By afhandeling van die inwin van die persoonlike inligting en elke ouer se weergawe van die agtergrond van die huweliksverhouding sowel as die motivering vir aansoek om die sorg(bewaring) van die minderjarige kind(ers), word die verdere werkwyse van die ondersoek asook die finansiële implikasies, naamlik die professionele fooi en betalingswyse, aan die ouer/s voorgehou. Daar word tot kontraktering oorgegaan voordat enige verdere tydskedule bepaal word.

Die inhoud van kontraktering as die derde stap van die aanvangsfase van die proses van hierdie praktykmodel vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering word vervolgens uitgelig.

8.3.1.3 Kontraktering

Die finale komponent tydens die aanvangsfase van die proses van gesinsassessering behels die kontraktering tussen die professionele ondersoeker en die ouer(s).

Kontraktering geskied aan die hand van die volgende riglyne:

- Die doel van die kontrak tussen die professionele ondersoeker en die gesinsisteam as die kliënt is om gebeure en gedrag waardeur die kliënt se lewe benadeel word deur middel van 'n onderhandelde ooreenkoms te beïnvloed (Potgieter, 1998: 154). Die kontrak binne die maatskaplikewerkpraktyk is 'n dinamiese, plooibare plan wat aangewend word ten einde verandering in die kliënt se situasie deur intervensie te bevorder. In egskeidingsevaluering volgens die praktykmodel behels die kontrak dus 'n plan van ondersoek na alle relevante inligting aangaande die gesin-in-egskeiding met die doel om die beste belang van die minderjarige kind te bepaal.



- Die sluit van 'n kontrak tussen die professionele ondersoeker en die skeidende ouers is van kardinale belang in die uitvoer van 'n professionele en wetenskaplike assesseringsproses. Die doelwitte van die kontrak behels naamlik die strukturering van die ondersoek deur (1) die beskrywing en aanvaarding van die werkwyse van die ondersoeker in die proses; (2) aanvaarding van aanspreeklikheid deur die ouer(s) vir samewerking in die assesseringsproses; en (3) aanvaarding van aanspreeklikheid deur die ouer(s) vir die finansiële implikasies van die ondersoek.
- Dit is noodsaaklik dat elke ouer wat by die kontraktering betrokke is 'n kopie van die kontrak ontvang. Dit verseker dat die ouer voortdurend op hoogte van die ooreenkoms is, dit skep geleentheid tot groter betrokkenheid van die ouers by die proses van assessering, dit kan medeverantwoordelikheid vir die beste besluit by ouers versterk en dit bekragtig die gesinsisteam se bydrae tot die oplossing in die ondersoek.
- Kontraktering plaas 'n amptelike stempel van erns en toegewydheid deur alle partye op die aanmeldingsfase van die ondersoek. Dit bevestig enersyds die gesinsisteam se outonomie in die ondersoek en andersyds die professionele ondersoeker se reg tot intervensie.

Die stap tot kontraktering skep 'n klimaat van gereedheid vir alle partye tot die eksploreringsfase wat as tweede fase na die aanvangsfase in die proses van assessering in hierdie model volg.

Vervolgens word die eksploreringsfase as tweede fase in die proses van die praktykmodel vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering bespreek.

8.3.2 Eksploreringsfase

Tydens die eksploreringsfase word die kliëntsisteam, wat die gesin-in-egskeiding is, by die uitbreiding en uitklaring van inligting aangaande die sisteem, die krisis en die situasie of omstandighede betrek (Cournoyer, 2000: 180).

Die eksploreringsfase van die proses van gesinsassessering in egskeiding volgens hierdie praktykmodel het ten doel om (1) die funksioneringspatrone van die gesinsisteam te bepaal; (2) die funksioneringsvlak, behoeftes en wense van die minderjarige kind(ers) te bepaal; (3) inligting aangaande die gesinsisteam,



die egskeidingsdispuut asook die sistemiese verbintenisse uit te brei, te klarifiseer en te verifieer; en (4) die post-egskeidingsbedeling te ondersoek. Die eksploreringsfase behoort dus die gesinsisteam sowel as die professionele ondersoeker te lei tot 'n meer omvattende en realistiese begrip van die geheelperspektief van die gesin-in-egskeiding (Cournoyer, 2000: 179).

Die eksploreringsfase as die tweede fase in die assesseringsproses in egskeidingsevaluering volgens hierdie model word vervolgens aan die hand van drie kernaspekte daarvan bespreek, naamlik die (1) eksploreringskonsultasies; (2) tuisbesoeke; en (3) kollaterale inligting.

8.3.2.1 Eksploreringskonsultasies

Die eksploreringsfase as tweede fase in die proses van gesinsassessering begin met die uitvoer van verdere kliniese konsultasies. Die doel van die eksploreringskonsultasies is om meer inligting aangaande die gesinsisteam se funksioneringspatrone, verhoudings, lewensiklus sowel as sistemiese verbintenisse in te win asook om inligting te klarifiseer, te verifieer en diepgaande te ondersoek.

8.3.2.1.1 Doelwitte van eksploreringskonsultasies

Die eksploreringskonsultasies behels onder andere die volgende doelwitte:

- Om gesinslede aan te moedig om meer inligting, idees, gedagtes en gevoelens aangaande hulleself, die faktore en aspekte wat tot die egskeiding gelei het, die maatskaplike konteks daarvan sowel as die omgewing waarin die gesin funksioneer met die ondersoeker te deel;
- Om groter begrip te ontwikkel aangaande die faktore wat met die oorsprong, ontwikkeling en instandhouding (“maintenance”) van die egskeidingsdispuut verband hou;
- Om inligting te ondersoek en 'n begrip te ontwikkel ten opsigte van die eenskappe, sterk punte en tekortkominge sowel as hulpbronne van die gesinsisteam asook van elke gesinslid met die oog op die bepaling van 'n oplossing vir die dispuut aangaande die beste belang van die minderjarige kind;
- Om die toekomstige bedeling van die gesinsisteme na egskeiding te ondersoek met betrekking tot hulle sterk punte, tekortkominge, bevoegdheids, ondersteuningsisteme sowel as lewensbekouings ten einde 'n ingeligte mening



aangaande die beste belang van die minderjarige kind vir die post-egskeidingsfase te vorm.

Die doelwitte van die eksploreringsfase word deurgaans ten opsigte van vier aspekte uitgevoer, naamlik (1) die gesinsisteam sowel as die subsysteme betrokke; (2) die egskedingsdispuut; (3) die belange van die minderjarige kind; en (4) die post-egskedingsbedeling (Cournoyer, 2000: 181-182).

Die praktykmodel vir gesinsassessering in egskedingsevaluering, soos in hierdie studie beskryf, plaas die fokus op die belang van die minderjarige kind. In die eksploreringsfase word die aandag hoofsaaklik aan hierdie fokuspunt gewy. Die eksploreringskonsultasies word volgens hierdie model deur middel van kliniese onderhoude met die minderjarige kind(ers) begin. Dit is in die belang van die minderjarige kind dat die ondersoeker die assessering van die kind in egskedingsevaluering begin sonder bepaalde vooropgestelde idees wat deur een of albei ouers oorgedra is. Die kind behoort dus die ondersoeker se primêre bron van inligting te wees.

Na kontraktering met die gesinsisteam word die kliniese onderhoude met die kinders geskeduleer. Dit is belangrik om in ag te neem dat die kind(ers) nie by die eerste konsultasie saam met die ouer(s) teenwoordig moet wees nie. Die teenwoordigheid van die kinders kan eerstens die ouers se aandag in beslag neem en die fokus op die doel van die onderhoud bemoeilik. Tweedens kan die teenwoordigheid van die kinders by die eerste onderhoud die emosionele aard van die klimaat verhoog en dit is potensieel nadelig vir die kind(ers).

8.3.2.1.2 Eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind

Die noodsaaklikheid van individuele kliniese eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind word soos volg deur Rustin (2000: 2) gemotiveer:

The study of the child's inner state in individual exploratory assessment sessions offers information of a different kind from that gained in other modes of assessment. The facts from the inner world complement what we can know from more external sources and the two taken together can enable us to make more solidly based predictions about what interventions may be required.

Die individuele eksploreringskonsultasies met die kind volgens hierdie praktykmodel word altyd binne die sistemiese konteks beskou. Uit eie ervaring ondersteun die navorser die volgende stelling deur Rustin (2000: 3) waardeur die



onderskeie perspektiewe van die gesinsisteem, naamlik dié van die individuele lid en dié van die ondersoeker, beklemtoon word: “The family as seen in the child’s mind will not be the same as the family we ourselves observe, but the two perspectives must be viewed as vertices whose divergences are of special interest.”

Riglyne vir eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind

Die volgende riglyne word ten opsigte van die uitvoer van die eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind aanbeveel:

- Die eerste onderhoud met die kind word vir ’n tydsduur van twee tot twee en ’n half uur in die spreekkamer van die ondersoeker geskeduleer. Die ouderdom van die kind is bepalend vir die duur van die onderhoud. So sal daar byvoorbeeld vir die jonger kind van peuterouderdom ’n korter tydsduur beplan word.

Die wyse waarop die ondersoeker die minderjarige kind by die assesseringsproses betrek, is bepalend vir die stigting van rapport tussen ondersoeker en kind en die ontwikkeling van die vertrouensverhouding. Dit is van kardinale belang om gedurende die eerste onderhoud met die kind die angswekkende aard van die vreemde situasie te midde van die spanningsvolle huislike omstandighede van die kind ernstig in ag te neem. Dit is uiters noodsaaklik dat die kind onbedreig voel en ’n gemaklike atmosfeer in die onderhoudsituasie beleef. Dit is noodsaaklik dat die kind opregte belangstelling in asook waardering en erkenning vir sy deelname aan die assesseringsproses ervaar. ’n Houding van en benadering met respek deur die ondersoeker tot die minderjarige kind dra by tot die skep van ’n professionele sowel as gemaklike milieu. Sodanige houding stimuleer die vestiging van ’n positiewe vertrouensverhouding met die kind wat ’n noodsaaklike instrument is in die ontsluiting van die kind se diepste gevoelens, vrese en frustrasies (Schoeman & Van der Merwe, 1996: 4).

- In erkenning van die kind se individualiteit en menswees is dit belangrik om die kind sover moontlik toe te laat en te motiveer om self persoonlike besonderhede soos naam en ouderdom neer te skryf.
- Die ondersoeker behoort te verseker dat die kind in die assesseringsproses nie aan leidende prosedures blootgestel word nie. ’n Non-direktiewe wyse van assessering word voorgestel ten einde objektiwiteit te verhoog. Dit behels dat die kind geassesseer word in ’n professionele klimaat waar hy/sy



toegelaat word om sy/haar eie persoon en menswees uit te druk. Ten einde die beste belang van die kind te kan bepaal, is dit noodsaaklik dat die kind se ongeïnhibeerde weergawe van sy/haar ervaring van die egskeiding verkry word en nie die inligting wat die kind dink die ouer(s) van hom/haar verwag nie.

- Dit is noodsaaklik om die kind ingelig te hou ten opsigte van die verloop van die assesseringsproses, soos enige verdere afspraak wat nodig is sowel as ander persone wat betrek kan word, byvoorbeeld die grootouers of 'n onderwyser. Dit is die kind se lewe wat radikaal beïnvloed word en aktiewe deelname aan die proses bied erkenning vir die inspraak van die kind in sy/haar eie sowel as die gesin se toekoms.
- Dit is vir die ondersoeker belangrik om met assessering van die minderjarige kind 'n volledige beeld van die totale funksionering van die kind te vorm. Die assessering behoort ten opsigte van die volgende areas uitgevoer te word: (1) die ontwikkelingsvlak van die kind volgens die chronologiese ouderdom; dit sluit in verwagte vaardighede op die sosiale, motoriese, taal en intellektuele domein; (2) die emosionele gemoedstoestand van die kind; (3) die kind se insig in die huidige huislike omstandighede; (4) die kind se sistemiese verbintenisse, soos verhoudings, rolle en take; (5) die kind se wense vir hom/ haarself asook vir die gesin; en (6) die behoeftes van die besondere kind in die ontwikkelingsproses tot volwaardige mens.

Aspekte aangaande die aard van die minderjarige kind

Die volgende aspekte van die aard van die minderjarige kind as mens behoort tydens assessering deur die ondersoeker in ag geneem te word, gekoppel aan die ouderdom van die besondere kind:

- die kind se vermoë tot verbalisering van gedagtes, wense, vrese, frustrasies en gevoelens is nog beperk;
- nieverbale kommunikasie is meer prominent by die kind en kom tot uiting in spel;
- die kind se aandagspan en konsentrasievermoë is kort;
- die vermoë tot konseptualisering van tyd en ruimte is nog beperk (Schoeman en Van der Merwe, 1996: 6-8).

Professionele tegnieke in eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind



By die assessering van die minderjarige kind is dit belangrik om tegnieke toe te pas wat eenvoudig en aangenaam is. Dit behoort ook voorsiening te maak vir die korter aandagspan van die kind. Die assesseringstegnieke volgens hierdie praktykmodel is gebaseer op die non-direktiewe terapie. Dit behels naamlik die uitgangspunt dat (1) die individu in homself die vermoë het om sy eie vraagstukke bevredigend op te los en (2) 'n inherente impuls van groei tot volwassenheid besit (Axline, 1993: 15). Die non-direktiewe uitgangspunt berus op die beginsels van (1) aanvaarding van die individu net soos hy/sy is; (2) toestemming aan die individu om te wees soos hy/sy is; (3) erkenning en klarifisering van die emosionele uitdrukking van die individu deur middel van reflektoring; en (4) aanbod van geleentheid aan die individu om hom-/haarself te wees, hom-/haarself te leer ken en sy/haar eie ontwikkelingskoers te bepaal (Axline, 1993: 15).

Speel word beskou as die natuurlike medium vir selfuitdrukking deur die kind (Oaklander, 1988: 160; Axline, 1993: 16; Hugo in Schoeman & Van der Merwe, 1996: v; Geldard & Geldard, 2002: 48; Sadock & Sadock, 2003: 1151) en kan daarom aangewend word om aan die kind die geleentheid te bied om opgehoopde en onderdrukte gevoelens van spanning, frustrasie, onsekerheid, aggressie, vrees en verwarring uit te druk. Speel is die plaasvervanger vir die woorde wat die kind ontbreek om homself uit te druk. Speeltegnieke kan dus baie effektief in die assessering van die minderjarige kind toegepas word.

Die volgende professionele tegnieke word tydens die assessering van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering volgens hierdie model toegepas:

- Kliniese onderhoudvoering

Die toepassing van die kliniese onderhoud word soos volg deur Sadock en Sadock (2003: 1151) gemotiveer: “Clinical interviews offer the most flexibility in understanding the evolution of problems and in establishing the role of environmental factors and life events.”

Die doeltreffendheid van die kliniese onderhoud word bepaal deur die professionele kennis van die ondersoeker aangaande normale ontwikkelingsparadigmas vir die kind, die ondersoeker se vermoë om 'n rapport en vertrouensverhouding met die kind te ontwikkel asook om op die vlak van die kind te kommunikeer.

Die belangrike taak vir die professionele ondersoeker tydens die kliniese onderhoud is om die kind uit te nooi en in staat te stel om sy/haar “storie” te vertel. Die kind moet dus geneë voel om inligting weer te gee en moet deur



toepaslike speelmateriaal daartoe in staat gestel word (Geldard & Geldard, 2002: 48). Indien die ondersoeker hierdie uitdaging suksesvol kan bemeester, word dit moontlik om unieke toegang tot die hoogs individuele leefwêreld en spesiale ervarings van die kind te verkry (Greenspan & Greenspan, 1991: 1). Sodoende word die ondersoeker in staat gestel om akkurate inligting aangaande die kind se wense en behoeftes te bekom.

- Waarneming

Die doel van waarneming as professionele tegniek tydens die eksplorasiekonsultasies is om behoorlik te sien, te luister en bewus te raak van alle moontlike aanduidings (“clues”) van inligting wat die kind aanbied. Dit is uiters belangrik vir die ondersoeker “... to stay out of the child’s way as he reveals, at his own pace and in his own ‘words’, the character and contents of his experiential world” (Greenspan & Greenspan, 1991: 1).

Aspekte wat tydens konsultasiesessies waargeneem moet word, is die verbale sowel as nieverbale gedrag van die kind: die mate van oogkontak, die wyse waarop die kind na die ondersoeker kyk of nie kyk nie, die persoonlike betrokkenheid van die kind by aktiwiteite, die wyse van aanbieding, die voorkoms van die kind, die wyse van skeiding van die ouer/persoon wat die kind na die sessies bring, die kind se gemoedstoestand tydens die sessies, temas in spel, die kind se oriëntasie ten opsigte van tyd, plek en persoon.

Die wyse waarop die kind aktiwiteite organiseer, die diepte van betrokkenheid en affek by die aktiwiteite en ondersoeker, die ouderdomstoepaslike gedrag, die temas in die spel asook die wisseling van gemoedstoestand is wyses waarop die kind die struktuur en inhoud van ervarings met die ondersoeker deel.

Dit is noodsaaklik vir die ondersoeker om waarnemings volledig te dokumenteer: datum, tyd en plek van onderhoud; naam en ouderdom van kind; aard van die aktiwiteit, met ander woorde, is dit spontaan/vrye keuse of ’n direkte opdrag; gemoed en persoonlike aanbieding van die kind asook alle relevante gedrag van die kind. Die volgende areas vir waarneming word voorgestel (Greenspan & Greenspan, 1991: 19-58; Geldard & Geldard, 2002: 89-92; Sadock & Sadock, 2003: 1155-1156):

- *Fisieke en neurologiese ontwikkeling*: Aspekte van belang is die kind se postuur, balans, gewig, lengte, algemene gesondheid, voorkoms, fyn motoriese koördinasie, growwe motoriese koördinasie, sensories-motoriese



koördinasie, spraak, stemtoon, stemkwaliteit, aard van reaksie tot sensasies soos geluid, aanraking, sig en beweging, vlak van aktiwiteit, fokus van die kind, aandagspan.

- *Gemoedstoestand*: Die kind se gedrag bied verwysings aan waardeur die ondersoeker die emosionele toon van die kind kan bepaal. Dit is belangrik om deurgaans vanaf die begin van die onderhoudsessie tot die einde die gemoed van die kind waar te neem en te volg. Aspekte om waar te neem is gesigsuitdrukking, optrede teenoor en kommunikasie met ander persone, gedrag in die algemeen (opgewek/neerslagtig/aktief/passief) en konsentrasievermoë. Daarby is 'n belangrike barometer van die kind se gemoed die intuïtiewe gevoel waarmee die ondersoeker aan die einde van die onderhoudsessie gelaat word, byvoorbeeld 'n gevoel van afgematheid/opwinding/hartseer. Die waarnemings tesame met die subjektiewe gevoel van die ondersoeker kan 'n duidelike beeld van die kind se gemoedstoestand bied.
- *Sosiale verhoudings van die kind*: Hierdie area van waarneming behels die wyse waarop die kind teenoor ander mense optree. Die kind se gedrag teenoor die persoon wat die kind na die sessie gebring het, teenoor ander persone in die wagkamer asook teenoor die ondersoeker is belangrike waarnemings in hierdie area, naamlik wyse van skeiding van en hereniging met die ouer/persoon wat kind gebring het.
- *Affek*: Die mate waartoe die kind se affek en angstigtheid gedurende die onderhoudsessies wissel, is 'n belangrike waarneming om te doen. Hoe die kind die ondersoeker en onderhoud aan die begin van die sessie ervaar teenoor die middel- en eindfasies is 'n belangrike aanduiding van die wisseling en volgorde van affek in die kind se lewe. Die kind se besondere affektiewe reaksies op insidente of aktiwiteite gedurende die sessie is 'n verdere aanduiding van die invloed van bepaalde gedrag of optrede op die kind. Uitinge van byvoorbeeld woede, kompetisie, afguns, empatie, versorging en emosionele deprivasie is 'n belangrike waarneming om te doen.
- *Kognisie en geheue*: Die woordeskat en begrip vir opdragte, probleemoplossende vaardighede en die wyse waarop die kind sy take en spel uitvoer, gee 'n aanduiding van die kind se algemene intellektuele funksionering. Die kind se vermoë om op toepaslike wyse objekte en opdragte te onthou en uit te voer kan 'n aanduiding gee van die geheue van die kind asook die invloed van angstigtheid of moontlike leerprobleme.



- *Oordeel en insig*: Die mate waartoe die kind die probleem verstaan, die kind se reaksies op die probleem van egskeiding, byvoorbeeld die kind se voorstel vir die oplossing van die probleem, asook die kind se siening van die post-egskeidingsfase gee 'n aanduiding van die kind se oordeel en insig.
 - *Gedagteprosesse en -inhoud*: Die mate waartoe die kind logies redeneer, die samehang van sinsgebruik, onderskeiding tussen fantasie en realiteit, enige obsessies, vrese, wense en belangstellings kan 'n aanduiding gee van die kind se gedagte-wêreld.
 - *Gebruikmaking van die omgewing*: Die wyse waarop die kind die konsultasieruimte aanwend, gee 'n aanduiding van sy/haar algemene funksionering. Die kind kan angs toon vir die vreemde omgewing, kan baie ondersoekend wees, of baie aktief, ingetoë, impulsief. Die wyse waarop die kind die konsultasie-omgewing benader en in verband bring en die elemente daarvan probeer integreer. Die ondersoeker kry uit sodanige waarneming 'n aanduiding van die kind se vermoë om dele van sy eie lewe en persoonlikheid te integreer.
- Aktiewe luister

Aktiewe luister as derde professionele tegniek in die eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind volgens hierdie praktykmodel is naamlik die tegniek wat verseker dat die kind ervaar dat wat hy/sy vertel belangrik is. Deur die aktiewe luistertegniek toe te pas dra die ondersoeker aan die kind die boodskap oor dat daar aandag geskenk word aan wat hy/sy vertel en dat hierdie inligting betekenis het vir die ondersoeker. Die kind ervaar respek vir sy persoon en beleef dat hy/sy betrek word by die ondersoek. Sodoende bevestig die ondersoeker aan die kind dat sy/haar deelname aan die ondersoek belangrik geag en gerespekteer word en dat die kind se siening waardeer word.

Belangrike vaardighede wat die ondersoeker aktiewe luister effektief laat toepas, is (1) passing van liggaamstaal; (2) aanwending van minimale response; (3) gebruik van reflektoring; en (4) gebruik van samevatting/opsomming (Geldard & Geldard, 2002: 92-99).
 - Projektiewe tegnieke



Projektiewe tegnieke is die vierde tipe tegniek wat in die afdeling oor professionele tegnieke in die eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind bespreek word.

Die gebruik van projektiewe tegnieke in die eksploreringskonsultasies van die assessering van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering skep vir die kind geleentheid tot fantasie. Latner (1986 in Schoeman, 1996: 64) beskryf projeksie as "... the fantasy process by which we visualize the environment in a different form than it presently has, in order to test out ideas for remaking the field." Die basiese beginsel onderliggend aan projektiewe tegnieke vir die kind is die gebruik van natuurlike media waardeur die kind sy response kan kommunikeer waar hy/sy dit andersins moeilik sou vind om te doen. Schoeman (1996: 65) motiveer die gebruik van projektiewe tegnieke in assessering van die kind soos volg: "... these techniques offer the child the opportunity to provide additional information which would not usually have been given willingly, due to fear, feelings of inadequacy or a belief that it is unimportant."

Die projektiewe tegnieke wat volgens hierdie model effektief en wetenskaplik van toepassing is op egskeidingsevaluering word vervolgens kortliks bespreek. Daar bestaan egter 'n breë verskeidenheid tegnieke wat argumentshalwe in die bespreking ingesluit kon word. Dit is egter noodsaaklik om in ag te neem dat die ondersoeker met assessering van die belange van die minderjarige kind in egskeiding betrokke is en nie met speltherapie nie.

Die volgende projektiewe tegnieke kan met vrug in die assessering van die belange van die minderjarige kind in egskeiding aangewend word:

- *DAP (Draw A Person)*: Hierdie toets is 'n projektiewe tegniek wat reeds 81 jaar oud is (Burns & Kaufman, 1970: 14; Blau, 1992: 6). Dié tegniek word op 'n bepaalde wyse uitgevoer ten einde effektief en doeltreffend te wees. Dit word dus aanbeveel dat 'n ondersoeker wat nie onderrig is in die toepassing van hierdie tegniek nie, dit nie behoort toe te pas nie. Die DAP word gewoonlik in twee tekeninge uitgevoer, naamlik (1) die primêre menstekening, gevolg deur (2) die menstekening van die teenoorgestelde geslag. Die belangrike aspek in hierdie verband behels die verkryging van relevante inligting met betrekking tot die kind se stres, gedragspatrone en 'n aanduiding van die oplossing vir die kind in die post-egskeidingsfase. Inligting wat uit die DAP-tekeninge verkry word, kan die volgende aspekte in die kind se leefwêreld na vore bring (Blau, 1992: 7-8):



- Graad van die kind se emosionele nood;
 - Angsvlakke van die kind;
 - Kind se selfkonsep;
 - Elemente uit die kind se omgewing wat bedreigend of vertroostend is;
 - Kind se kenmerkende reaksie op stres;
 - Vlak van psigoseksuele ontwikkeling;
 - Die toeganklikheid van en noodsaaklikheid vir behandeling by die kind
 - Die gehalte van die ouerlike figure in die kind se lewe.
- *KFD (Kinetic Family Drawing)*: Burns en Kaufman (1970: 5) glo in die gebruik van projektiewe tegnieke aanvullend tot onderhoudvoering en ander terapeutiese tegnieke in assessering van die kind aangesien dit dieper in die kind se leefwêreld kan indring. Sodoende kan meer alternatiewe opsies aangaande die kind se vraagstukke en die beste hantering daarvan gegenerer en oorweeg word. Mark (in Burns & Kaufman, 1970: 6) waarsku teen die risiko van ongegronde en ongeklarifiseerde interpretasies van die kind se tekening. Dit is van uiterste belang dat die ondersoeker die betekenis moet uitklear wat die kind aan die tekening gee.

Die kinetiese gesinstekening behels 'n tekening deur die kind van die gesin wat iets doen. Hierdie vorm van gesinstekening bring beweging as element in die projektiewe tekening by. Soos by die DAP word gewaarsku teen die toepassing van hierdie tegniek as die ondersoeker nie onderrig is in die gebruik daarvan nie. Die inligting wat uit die gesinstekening van die kind verkry kan word, behels onder andere funksioneringspatrone van die gesin, posisie van die kind in die gesin, emosionele behoeftes van die kind, betrokkenheid van ouerfigure en verhoudings met sibbe.

- *Ander projektiewe tekeninge*: Verskeie ander projektiewe tekeninge kan in die assessering van die kind in egskeidingsevaluering toegepas word. Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat die ondersoeker wat die kind assessee verkieslik opgelei en ervare in kinderassessering behoort te wees. Elke kind is uniek en kan besondere assesseringswyses vereis gekoppel aan die besondere kind se behoeftes.



Die volgende projektiewe tekeninge kan waardevolle inligting aangaande die kind se gevoelens, verhoudings, behoeftes en stresvlakke weergee:

- Maan/Eilandfantasie
- Krabbelpatroon
- 3 bome: regte boom/wensboom/droomboom
- HTP (House-Tree-Person)/Huis-Boom-Mens
- Lewensirkel
- Drie wense
- Dierefamilie/gesin

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die tegniek wat toegepas word nie 'n doel op sigself is nie. Tegnieke bied geen waarborg vir sukses nie. Die tegniek is slegs die katalisator vir kreatiewe uitdrukking van die kind se innerlike belewenis, volgens Oaklander (1988: 194). Dit is die proses wat rondom elke kind se assessering ontwikkel wat van belang is en die ondersoeker behoort hierdie proses van die kind te volg.

Die bogenoemde bespreking oor die professionele tegnieke wat in die eksploreringskonsultasies met die minderjarige kind in egskeidingsevaluering toegepas word, sluit die gedeelte oor die individuele eksploreringskonsultasies met die kind af. Vervolgens word die aandag gevestig op die eksploreringskonsultasies met die ouers.

8.3.2.1.3 Eksploreringskonsultasies met die ouers

Die eksploreringskonsultasies met die ouers is nie afhanklik van die konsultasies met die minderjarige kind nie. Dit kan dus voortgaan voordat die konsultasies met die kind afgehandel is.

Die volgende riglyne word in hierdie verband voorgestel:

- Na die eerste konsultasie is dit nodig om elke ouer afsonderlik in 'n eksploreringskonsultasie te betrek. Die doel hiervan is om 'n diepgaande gesprek te voer ten opsigte van die bepaalde ouer se siening van die gesinsproblematiek. Elke ouer word die geleentheid gebied om 'n persoonlike weergawe van die agtergrond van die huweliksprobleme asook 'n beskrywing van die huidige omstandighede en 'n vooruitskouing van die toekoms te gee. Dit is nodig dat die ouer dit beleef en kan benut as tyd in die assesseringsproses vir individuele insette en die stel van die spesifieke ouer se "kant" van die saak.



- Die eksploreringskonsultasies met die ouers word soos die eerste onderhoud in 'n professionele objektiewe milieu in die ondersoeker se spreekkamer gevoer. Sodoende word verseker dat die omgewing van die onderhoude konstant en neutraal is. Die tydsduur vir 'n eksploreringskonsultasie met elk van die ouers word vir een tot een en 'n half uur per onderhoud geskeduleer. Dit is noodsaaklik om voldoende tyd aan elke ouer te bestee ten einde hom/haar geleentheid te bied om insette met betrekking tot die egskeidingsituasie asook die toekoms te lewer. Dit is voorts belangrik dat die ondersoeker daarteen waak dat die ouer hierdie onderhoude grootliks gebruik om die ander ouer te blameer asook die ander ouer as persoon te bespreek. Die onderhoude word dus nie ongestruktureerd gevoer nie aangesien die ondersoeker spesifieke inligting benodig wat bydra tot die uitklaring van die individuele- en gesinsfunksionering. Die ondersoeker behoort dus die onderhoud te rig aan die hand van die inligting wat benodig word. Dit is egter ook noodsaaklik dat die ouer voldoende geleentheid kry om sy/haar persoonlike belewenis van die omstandighede op 'n non-direktiewe wyse weer te gee.
- Tydens die eksploreringskonsultasies met die ouers word kliniese onderhoudvoering, waarneming asook aktiewe luister hoofsaaklik as professionele tegnieke toegepas. Hierdie tegnieke is vooraf as deel van die eksploreringskonsultasies met die kind bespreek en daar word dus hier met dié bespreking volstaan.

Wanneer die individuele eksploreringskonsultasies afgehandel is, is dit verder van kardinale belang dat die persoonlike weergawe van die individue geverifieer word met waarneming deur die ondersoeker self. Ten einde 'n geverifieerde perspektief van die individuele- en gesinsfunksioneringspatrone te bekom, word die inwin van verdere inligting opgevolg deur die ondersoeker self en wel by wyse van waarneming van die kind en ouer in interaksie in die tuisomgewing.

Tuisbesoeke is dus die tweede aspek van die eksploreringsfase in die gesins-assesseringsproses in egskeidingsevaluering volgens hierdie model en word vervolgens bespreek.

8.3.2.2 Tuisbesoeke

Die praktykmodel vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering in hierdie studie beklemtoon die belangrikheid van die kind en ouer se natuurlike



omgewing. Die moontlikheid bestaan dat die objektiewe milieu van die ondersoeker se spreekkamer bepaalde beperkinge op die inwin van inligting kan plaas. Die tydsduur is beperk en die omgewing kan intimiderend voorkom aangesien dit meer formeel en amptelik is. Dit skep meer geleentheid vir geïnhibeerde en gemaskerde gedrag deurdat bepaalde vrae ten opsigte van die egskeidingsituasie gestel en beantwoord moet word. Elke ouer probeer die beste moontlike beeld van hom/haarself aanbied en sodoende 'n gunstige indruk by die ondersoeker skep.

Die volgende riglyne word vir die uitvoer van tuisbesoeke aanbeveel:

- Die doel van die tuisbesoek is hoofsaaklik die inwin van diepgaande inligting en kennis met betrekking tot die individuele lede en die gesinsisteam se funksioneringspatrone. Tweedens is die doel van die tuisbesoek om die inligting te verifieer wat deur die individuele lede aangebied is.
- Die tuisbesoek word non-direktief uitgevoer ten einde die gesinslede geleentheid te bied om die normale funksioneringspatrone te volg. Die ondersoeker vervul die rol van besoeker by die gesinsisteam vir die duur van die tyd soos beplan en soos benodig terwyl die gesin voortgaan met hulle daaglikse roetine, byvoorbeeld oggendtee of middagete. Die ondersoeker word dus deel van die gesinsisteam vir die duur van die tuisbesoek en kan selfs saam eet indien dit binne die bestek van die tuisbesoek sou gebeur en die gesin die ondersoeker daartoe uitnooi.
- Die tydsbeplanning van 'n tuisbesoek is nooit rigied nie, aangesien die ondersoeker die geleentheid tot 'n langer of korter besoek behoort te kry, soos benodig volgens sy/haar oordeel. 'n Verlengde besoek behoort egter, uit respek vir die gesin se program, eers met die gesinsisteam uitgeklaar te word. Struktuur vir die tuisbesoek in terme van tydsduur is egter noodsaaklik, maar voorsiening behoort tydens skedulering vir addisionele tyd van byvoorbeeld 'n halfuur gemaak te word.
- Die waarneming deur die ondersoeker word aan die hand van 'n bepaalde riglyn gestruktureer ten einde spesifieke aspekte van die funksioneringspatrone, soos vooraf in hoofstuk 7 bespreek, te kan beskryf. Aangesien die interaksie in die gesinsisteam deur die gesinsdinamika en stimuli van die oomblik bepaal word, kan daar dus nie sprake wees van 'n rigiede wyse waarop die besondere



aspekte in gesinsfunksionering voorkom nie. Dit is belangrik dat die ondersoeker deeglik vir die tuisbesoek voorberei is en wel ten opsigte van kennis van menslike gedrag in die algemeen sowel as van gesinsfunksionering in die besonder asook die bepaalde aspekte wat geassesseer moet word. Tydens die tuisbesoek fokus die ondersoeker op en noteer waarneming van relevante individuele gedrag sowel as die interaksie tussen die verskillende gesinslede.

- Dit is noodsaaklik vir die ondersoeker om die waarneming so volledig moontlik te noteer ten einde funksioneringspatrone te kan identifiseer met die doel om alle inligting te verifieer en sinvolle afleidings met betrekking tot die gesinsisteam se funksionering te kan maak.
- Volgens hierdie model van gesinsassessering in egskeidingsevaluering is waarneming van die funksioneringspatrone van die gesinsisteam in die natuurlike huislike omgewing krities noodsaaklik. Dit bied aan die gesinslede geleentheid tot meer vrye en spontane optrede. Die tydsduur van die besoek word nie beperk tot een of twee ure nie. Ruim tyd word beplan ten einde die ondersoeker geleentheid tot blootstelling aan 'n verskeidenheid aktiwiteite in die normale gang van die gesinsisteam se dag te bied. Dit word aanbeveel dat die tuisbesoek 'n tydsduur van gemiddeld drie tot vyf ure in beslag neem. Die tydsduur kan lank voorkom en daar kan kritiek wees teen die koste van sodanige besoeke. Indien dit egter opgeweeg word teen eerstens die doel van die gesinsassessering, naamlik om die beste belang van die minderjarige kind(ers) vir die toekoms binne die gebroke gesinsisteam te bepaal, is dit nie billik teenoor die kind en ouers om sodanige ondersoek in 'n beperkte tydsduur van twee tot drie ure te doen nie. Indien die koste verder opgeweeg word teen die koste van die litigasie- en hofprosesse asook die prys van die emosionele trauma vir veral die minderjarige kinders, vergelyk die koste en die waarde van hierdie tuisbesoeke positief.
- Die tuisbesoek word aan die huislike omgewing van beide ouers gebring indien een reeds die gemeenskaplike woning verlaat het. Die kinders moet tydens elke tuisbesoek teenwoordig wees. Dit is belangrik dat ander subsisteme, soos grootouers wat 'n belangrike rol in die besondere gesinsisteam se funksionering vervul en in die



normale gang van die funksionering teenwoordig sou wees, deel van die tuisbesoek vorm. Dit is noodsaaklik dat die huislike omstandighede tydens die tuisbesoek so natuurlik moontlik moet wees.

- Die tuisbesoek verleen 'n dieper dimensie aan die inligting wat reeds ingewin is. Met die tuisbesoek is dit moontlik om in die bepaalde tydskuur die gesinsisteem in totaliteit waar te neem binne 'n veilige en natuurlike omgewing waar die gedrag van die individuele lede meer spontaan is. Die wyse waarop die woning ingerig is, die wyse waarop individuele lede geakkommodeer word, die interaksie met mekaar en ander persone, die rolle van elke individu binne die gesin asook die verhoudings tussen lede onderling is tydens 'n tuisbesoek duidelik waarneembaar.
- Die tuisbesoek bied ook die geleentheid om die rol van ander sub sisteme in die gemeenskap, soos grootouers, vriende en skool, in die funksionering van die gesinsisteem te identifiseer en te betrek indien dit relevant is en 'n betekenisvolle bydrae tot die inligting kan lewer.

By afhandeling van die tuisbesoeke as tweede komponent in die eksploreringsfase van die gesinsassesseringsproses volgens hierdie model word die tersaaklike kollaterale inligting ondersoek. Hierdie derde aspek van die eksploreringsfase in egskeidingsevaluering volgens hierdie praktykmodel word vervolgens beskryf.

8.3.2.3 Kollaterale inligting

Kollaterale of aanvullende inligting word van addisionele bronne, wat nie die betrokke gesinslede van die gesin-in-egskeiding is nie, bekom ten einde bestaande inligting te kan verifieer en aanvul.

Kollaterale inligting as derde komponent in die eksploreringsfase van die proses van die model vir gesinsassessering in hierdie studie het enersyds ten doel om die inligting soos van die gesinsisteem verkry te verifieer. Andersyds is die doel daarvan om die perspektief op die gesinsfunksionering van die gesin-in-egskeiding te verbreed. Die gesinsisteem is saamgestel uit verskeie individuele lede as sub sisteme en is tegelykertyd deel van die groter gemeenskapsisteem waarvan die gesin dan 'n sub sisteem vorm.



Waardevolle inligting kan ingewin word uit gesprekke met betekenisvolle kollaterale bronne wat in interaksie met die gesinsisteam in ondersoek staan. Kennis van patrone van funksionering deur die onderskeie individuele gesinslede as sisteme in ander rolle binne die gemeenskapsisteam is belangrike inligting by die bepaling van die beste passing van ouer en kind. Sodanige aanvullende inligting wat van bronne buite die betrokke gesinsisteam verkry is, kan inligting wat van die gesinsisteam self verkry is, bevestig of weerspreek, byvoorbeeld die aard van die betrokkenheid van 'n ouer by die kind se skoolaktiwiteite of die aard van die interaksie tussen 'n ouer en die grootouersisteam of die houding van 'n ouer jeens die kind se maats en sosiale program. Die rolle wat gesinslede in die gemeenskapsisteam vervul, vorm deel van die gesinsisteam se agtergrond, kultuur en toekoms.

Kollaterale inligting kan aan die hand van die volgende riglyne ingewin word:

- Die ondersoeker behoort die gesinslede ook in hierdie aspek van die eksploreringsfase betrokke te hou in terme van watter persone geïdentifiseer is om 'n bydrae tot die assesseringsproses te maak.
- Onderhoude met kollaterale bronne benodig in die algemeen 'n korter tydsduur en daarom word konsultasies of gesprekke vir een-tot-een en 'n halwe uur beplan. Dit word beklemtoon dat daar ook nie in hierdie verband sprake van rigiditeit is nie. Die interaksie tussen mense is dinamies en daarom kan die tydsduur wat vir elke gesprek benodig word nooit rigied vasgestel word nie. Daar is ook plooibaarheid nodig by die toepassing van hierdie aspek van die eksploreringsfase van die assessering.
- Die ondersoeker moet sorg dra dat die bydrae van die spesifieke kollaterale bron tot die groter geheel van inligting noodsaaklik is. Vertroulikheid in die hantering van die kollaterale inligting is uiters belangrik. Daar behoort gewaak te word teen manipulerende versoeke om kollaterale bronne te betrek bloot met die doel om een ouer se kant van die saak te versterk.
- Dokumentêre inligting, soos vorige deskundige verslae, skoolverslae, mediese verslae en enige skriftelike rekord van insidente of gebeure wat tersaaklik is, word as deel van die kollaterale inligtingsbronne beskou. Hierdie inligtingstukke



behoort aangewend te word as aanvullende inligting en nie as bepalend vir die primêre mening van die ondersoeker nie.

Wanneer die vooraf bespreekte drie komponente van die eksploreringsfase, naamlik die eksploreringskonsultasies, tuisbesoeke en kollaterale inligting, afgehandel is, neem die proses van evaluering en aanbeveling in aanvang. Dit is die derde en finale fase van die proses van die model vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering en dit word voorts in besonderhede as die termineringsfase bespreek.

8.3.3 Termineringsfase

Die finale fase van die proses van die praktykmodel vir gesinsassessering behels die kulminasie van inligting en die evaluering daarvan met die doel om 'n intervensieplan in die vorm van 'n aanbeveling met betrekking tot die toekomstige versorging van die minderjarige kind(ers) in die gesin-in-egskeiding daar te stel.

Die termineringsfase word vervolgens aan die hand van vyf komponente bespreek, naamlik (1) evaluering; (2) addisionele assessering; (3) intervensieplan; (4) terugvoer; en (5) terminering van kontrak.

8.3.3.1 Evaluering

Die komponent van evaluering in die termineringsfase verwys na die oorweging van inligting wat reeds verkry is met die doel om te bepaal tot watter mate die doel van die ondersoek bereik is en watter inligting ontbreek ten einde 'n ingeligte aanbeveling te kan maak.

Evaluering in die finale fase is dié komponent van die termineringsfase wat verwys na die oorweging van die inligting wat tydens die eerste onderhoude en eksploreringsfases van die proses van die model vir gesinsassessering ingewin is. Die doel van die evaluering is die samevoeging van al die inligting en die evaluering daarvan in die totale verband ten einde die beste belang van die minderjarige kind betrokke te kan bepaal. Tydens die evaluering poog die ondersoeker om 'n geheelbeeld van die gesinsfunksionering uit al die dele van die inligtingspoel te vorm.

Die inligtingsdele word stelselmatig verwerk ten einde 'n intervensieplan te kan saamstel waarin die beste belang van die besondere minderjarige kind(ers) uit-



eengesit kan word met aanbevelings aangaande die toekomstige funksionering van die nuwe gesinsisteme in die post-egskeidingsfase.

Tweedens dien evaluering die doel om leemtes in die inligting uit te lig. Onduidelikhede in die inligting, onsekerhede asook gebrek aan voldoende inligting word deur die evaluering uitgewys. Dit bied die geleentheid om addisionele assesseringsessies soos nodig te skeduleer ten einde die inligting so volledig moontlik saam te stel.

Die tweede komponent van die termineringsfase in die proses van die praktykmodel vir gesinsassessering in egskedingsevaluering, naamlik addisionele assessering, word vervolgens bespreek.

8.3.3.2 Addisionele assessering

Die samevoeging van die inligting aangaande die gesinsisteme wat in egskedingsverkeer, vind in die finale fase van die proses, naamlik die termineringsfase, plaas. Tydens die evaluering van die inligting word moontlike leemtes aangedui. Dit kan 'n gebrek aan voldoende inligting behels, asook onduidelikhede oor bestaande inligting wat geverifieer moet word sowel as onsekerhede oor spesifieke inligting.

Addisionele assessering as tweede aspek van die termineringsfase behels dat aanvullende konsultasies of gesprekke soos benodig geskeduleer word. Hierdie addisionele assesseringsessies behoort van korter tydsduur te wees en behoort slegs nodig te wees om aanvullende inligting te bekom. Die aard van die leemte in die inligting is bepalend vir die wyse en tydsduur van die addisionele assesseringsessie. 'n Telefoongesprek kan dikwels die nodige uitklaring bied.

By afhandeling van die addisionele assessering word die inligting aangaande die gesin-in-egskedings en die deskundige mening van die ondersoeker met betrekking tot die dispuut oor die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind na egskedings as intervensieplan in verslagvorm saamgevat. Die intervensieplan vorm dus die derde komponent van die termineringsfase as finale fase in die proses van die model vir gesinsassessering in egskedingsevaluering. Hierdie aspek word in die volgende gedeelte uitgelig.

8.3.3.3 Intervensie



Die doel van intervensie as derde komponent in die termineringsfase in die proses van die praktykmodel vir gesinsassessering in egskeiding is die daarstel van 'n plan waarvolgens die bestaande egskeidingsdispuut hanteer kan word.

Die intervensie behels dat (1) die feite aangaande die gesinsisteam, wat al die persoonlike en maatskaplike besonderhede insluit, (2) die evaluering, wat die deskundige mening betreffende die betekenis van al die inligting behels, en (3) die plan van intervensie, wat die deskundige aanbevelings aangaande die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind asook die ouerlike plan omvat, in skriftelike verslagvorm uiteengesit word.

Die aard van die verslag word bepaal deur die fase in die regsproses waarin die gesinsisteam verkeer. Dit beteken dat daar in die algemeen drie moontlike situasies voorkom, naamlik dat (1) die ouersisteam reeds verwyder is van mekaar, apart woon en 'n tussentydse bevel aangaande die posisie van die minderjarige kind verlang; (2) die egskeidingsgeding pas aanhangig gemaak is en die ouers soms nog die gemeenskaplike woning deel en aanbeveel is om 'n deskundige verslag aan te vra aangaande die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind(ers); en (3) daar reeds ander deskundige verslae uitgebring is en 'n "nuwe" objektiewe mening verlang word of omstandighede sodanig verander het dat 'n verdere mening nodig geag word. Daar is dus sprake van 'n tussentydse verslag, asook 'n voorlopige sowel as 'n finale verslag. Die regsproses is 'n langsame gebeure en daar kan letterlik maande en selfs jare verloop voordat die egskeiding afgehandel word. Daar is soms van meer as een voorlopige verslag sprake voordat die finale verslag vir die finale hofverrigtinge gelewer word. Addisionele voorlopige verslae word as aanvullende verslae tot die voorlopige verslag beskou.

Dit is belangrik dat die ondersoeker die inligting aangaande die gesin-in-egskeiding voortdurend byhou en indien enige verandering in die omstandighede plaasvind, behoort addisionele assesseringsessies plaas te vind.

Die ondersoeker kan die reg voorbehou om nie 'n finale verslag te lewer alvorens 'n finale hofdatum verkry is nie. Die finale deskundige verslag behoort al die opgedateerde inligting te bevat met 'n intervensieplan wat die heersende omstandighede van die gesinsisteam teen die tyd van die hofdatum in ag neem.

Intervensie behoort voorsiening te maak vir die insluit van 'n ouerlike plan aangaande die toekomstige bedeling van die gesinsisteme met betrekking tot die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind. Die ouers behoort versoek en aangemoedig te word om hulle samewerking te gee in die opstel van 'n ouerlike plan. Sodanige plan behels die ouers se insette met



betrekking tot die hantering van die post-egskeidingsfase en die vestiging van afsonderlike gesinsisteme vir die minderjarige kind. Indien die vlak van konflik tussen die ouers tydens die assesseringstydperk so intens is dat gesamentlike gesprekke uitgeskakel word, word aanbeveel dat elke ouer versoek word om afsonderlik 'n ouerlike plan op te stel. Sodanige voorgestelde plan vorm deel van die inligting wat deur die deskundige oorweeg en evalueer word en by die finale verslag geïnkorporeer word.

Die opstel van 'n ouerlike plan, met die nodige insette van die ouer(s), maak die ouer(s) aktief deel van die realiteit van die oplossing vir die toekomstige post-egskeidingsbedeling. Die fokus van die oplossing word hierdeur na die belang van die minderjarige kind in die gesinsisteam gedwing en weg van die belang van die ouer as individuele sisteem. Dit is belangrik om die ouerlike plan as aanhangsel aan die deskundige verslag te heg. Dit beklemtoon die respek vir die ouers se mening asook die belangrikheid van die ouers se insette in die intervensieplan vir die toekomstige bedeling.

Die afhandeling van die finale verslag bring die proses van hierdie praktykmodel vir gesinsassessering in egskedingsevaluering by die aspek van terugvoer van inligting aan die gesinsisteam.

Terugvoer as vierde komponent van die termineringsfase as finale fase van die proses van die model vir gesinsassessering word gevolglik hierna beskryf.

8.3.3.4 Terugvoer

Terugvoer het eerstens ten doel om die deskundige bevindinge met die gesinsisteam, as erkenning vir die aktiewe deelname van elke lid, te deel. Voorts is die doel van terugvoer van inligting deur die ondersoeker aan die gesinsisteam om waninterpretasie van die deskundige mening, deur direkte kommunikasie, so ver moontlik te verminder.

Dit word van belang beskou dat die kinders en ouers na die eksplorasiefase en na die opstel van die deskundige verslag terugvoer sal ontvang. Deur die kinders en ouers op hoogte te bring van die bevindinge en die deskundige mening met betrekking tot die intervensie as oplossing vir die egskedingsdispuut word erkenning gebied aan die ouers en kinders se aktiewe deelname aan die oplossing vir die gesin se toekomstige bedeling. Hierdie praktykmodel erken dus die belang van die minderjarige kind as primêre fokus vir die intervensieplan. Die kind(ers) betrokke behoort daarom op 'n sensitiewe wyse deur die ondersoeker van die aanbevelings vir die post-



egskeidingsbedeling ingelig te word. By terugvoer word die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die minderjarige kind in ag geneem. Sorg moet deurentyd gedra word dat geen skuldgevoelens by die kind ten opsigte van die aanbevelings gewek word nie.

Dit is die gewenste situasie dat hierdie terugvoer tydens 'n gesamentlike sessie met beide ouers gedoen word. Sodanige sessie kan selfs met die onderskeie regsvertegenwoordigers teenwoordig plaasvind ten einde die geleentheid tot waninterpretasie van die intervensieplan teen te werk. Elke gesinsisteam is uniek en die ondersoeker behoort in hierdie aspek deur die kennis en belewenis van die besondere gesin gelei te word.

Nadat terugvoer bevredigend uitgevoer is, is dit noodsaaklik om die kontrak tussen ondersoeker en die gesinsisteam te termineer. Terminering as vyfde komponent in die termineringsfase van die proses van die praktykmodel vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering word in die volgende gedeelte bespreek.

8.3.3.5 Terminering

Terminering as vyfde komponent in die termineringsfase van hierdie model vir gesinsassessering se doel is eerstens om losmaking te fasiliteer van die verhouding wat tussen die ondersoeker en die gesinsisteam ontwikkel het. Voorts is die doel daarvan om die regsproses verder te stimuleer en derdens het dit ten doel om die finansiële verpligtinge van die gesinsisteam teenoor die ondersoeker af te sluit.

Die gesinsassesseringsproses aan die hand van hierdie praktykmodel is 'n intensiewe proses waardeur die ondersoeker en die gesinsisteam in 'n bepaalde verhouding staan. Die aard van die assesseringsproses bring 'n dieper dimensie in die ondersoek mee waardeur die ondersoeker op 'n persoonlike vlak met die funksioneringspatrone van die gesinsisteam kennis maak. Losmaking uit die verhouding wat ontwikkel het, is noodsaaklik ten einde die professionele karakter daarvan te beskerm.

Die voortgang van die regsproses is dikwels gekoppel aan die deskundige verslag en dit is belangrik vir al die lede van die gesinsisteam dat die proses so vinnig moontlik afgehandel word.

Voorlegging van die deskundige verslag en terugvoer aangaande die intervensieplan aan die gesinsisteam kan weerstand by die gesinsisteam of een ouer van



die gesinsisteam ontlok. Indien een van die ouers nie tevrede is met die aanbevelings nie kan die finansiële verpligting teenoor die deskundige ondersoeker vir afhandeling van die ondersoek 'n knelpunt word. Deeglike beskrywing van hierdie aspek in die kontrak is dus noodsaaklik en afhandeling daarvan vorm deel van die terminering van die kontrak.

Indien verdere insette en deskundige bystand van die ondersoeker verlang word, word aanbeveel dat 'n nuwe kontrak aangegaan word waarin die verdere dienste beskryf word en vergoeding bepaal word.

Finale terminering geskied by afhandeling van die hofverrigtinge en by die lewering van 'n finale bevel waarvolgens die huwelik amptelik ontbind en die toekomstige versorging van die minderjarige kinders gereël is.

Die bespreking van terminering as vyfde komponent van die termineringsfase van die proses van hierdie praktykmodel vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering sluit die beskrywing van die proses af. Die model bied 'n alternatiewe benaderingswyse vir egskeidingsevaluering met 'n bepaalde fokus op die beste belang van die minderjarige kind vanuit 'n sistemiese perspektief. Vervolgens sal ter afsluiting aandag geskenk word aan die waarde van hierdie model.

8.4 WAARDE VAN DIE MODEL

Die vraag kan tereg gevra word wat die betekenis van die besondere model is.

Soos uit die bespreking in die voorafgaande hoofstukke aangedui is, is die heersende beginsel grondliggend aan die besluit aangaande die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind in egskeiding naamlik “die beste belang van die minderjarige kind”. Dit is verder uitgewys dat hierdie beginsel as vaag en ongestruktureerd beskryf word. Die bepaling van die “beste belang” van die kind word dus oorgelaat aan die oordeel van alle partye en deskundiges wat by sodanige ondersoek betrokke is.

Die omvang van die opdrag om in egskeidingsevaluering die “beste belang” van die minderjarige kind, wat tussen twee skeidende ouers vasgevang is, vas te stel is 'n byna onhaalbare doelwit. Dit is egter die realiteit waarvoor duisende minderjarige kinders wat deur die egskeiding van hulle ouers gekonfronteer word te staan kom. Dit is ook onderliggend aan die dispuut in die egskeiding wat lei tot die emosioneel intense en koste-intensiewe proses van litigasie.



Ten einde te kan vasstel watter ouer in die post-egskeidingsbedeling die beste in die behoeftes van die betrokke minderjarige kind(ers) op alle vlakke kan en sal voorsien en die ontwikkeling van die kind tot volwaardige en gebalanseerde gelukkige volwassene met verantwoordelikheid kan en sal waarneem, is die gekompliseerde taak wat die beste belang van die minderjarige kind dien.

Die waarde van hierdie praktykmodel vir gesinsassessering in egskeding, soos in hierdie studie voorgestel, is geleë in die fokus op die holistiese benadering tot die gesin-in-egskeding vanuit die sistemiese perspektief.

Die waarde van die holistiese benadering en multidimensionele fokus op die minderjarige kind binne die gesin as maatskaplike sisteem bied die maatskaplike geskiedenis van die gesinsisteem in breë konteks aan. Daaruit kan grondige hipoteses vir toekomstige funksioneringspatrone gevorm word. Carter en McGoldrick (1999: 1) beklemtoon dat gesinsisteme beskik oor “...people who have a shared history and a shared future”. Die bydrae van ten minste drie geslagte in die vorming van die besondere gesinsisteem se funksioneringspatrone behoort in egskedingsevaluering in ag geneem te word met die oog op bepaling van die toekomstige funksionering.

Die klem wat op aktiewe deelname aan die proses van assessering deur elke lid van die gesinsisteem geplaas word, dring aan op medeverantwoordelikheid van die gesinsisteem vir die intervensieplan. Dit skep die geleentheid vir die fasilitering van die oplossing vir die dispuut.

Die fokus op voldoende direkte waarneming van gesinsfunksionering binne die natuurlike omgewing bied die geleentheid tot die insameling van diepgaande inligting wat onontbeerlik is vir volledige assessering van sodanige omvangryke en diepliggende vraagstuk.

Hierdie model skep deur die besondere werkwyse die geleentheid tot fasilitering van ’n ooreenkoms tussen die skeidende ouers wat daartoe aanleiding gee dat die litigasieproses aansienlik afgeskaal kan word. Die volledige insameling van inligting bied sterk motivering vir die intervensieplan.

Indien gesinsassessering in egskedingsevaluering volgens die voorgestelde praktykmodel toegepas word, veral voordat ouers die litigasieproses aanhangig maak, kan die effektiwiteit daarvan kostebesparing op materiële sowel as emosionele vlak meebring.

8.5 SLOTSOM



Die model vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering wat in hierdie studie voorgedra word en in hierdie hoofstuk beskryf is, beskou die belange van die minderjarige kind as van die uiterste belang. Hierdie model ondersteun dus en sluit aan by die doelwitte en algemene beginsels wat in die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) vervat is en vanaf 2007 in werking getree het. Die doelwitte sluit hoofsaaklik die volgende aspekte in, naamlik om (1) effek te gee aan die konstitusionele regte van die kind op toepaslike ouerlike/alternatiewe versorging; maatskaplike dienste; beskerming teen mishandeling/verwaarlosing en vernedering; en die oorheersende belangrikheid van die beginsel dat die beste belang van 'n kind in elke aangeleentheid rakende die kind gehandhaaf moet word; (2) om strukture te voorsien waarvolgens die gesonde fisieke, psigologiese, intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling van 'n kind bevorder en gemonitor word; (3) sorg en beskerming te verleen aan kinders wat dit benodig. Die doelwit van die nuwe Kinderwet kan opgesom word as die algemene bevordering van die beskerming, ontwikkeling en algemene welsyn van kinders. Die algemene beginsels van die nuwe Kinderwet maak addisioneel in besonder voorsiening vir (4) die vermyding van enige beandering van konfrontasie en die aanvaarding van 'n benadering van samewerking en probleemoplossing in enige aangeleentheid waarby 'n kind betrokke is; asook (5) die voorkoming van die vertraging van enige aksie/besluit met betrekking tot 'n aangeleentheid waarby 'n kind betrokke is. Die nuwe Kinderwet beklemtoon die handhawing van die beginsel dat die beste belang van die kind in alle aangeleenthede rakende die kind moet geld so sterk dat dit afsonderlik in afdeling sewe (7) uiteengesit word (Wet 38 van 2005: 32). Respek vir die kind se inherente menswaardigheid sowel as billike en regverdigte behandeling word sterk deur die nuwe Kinderwet gepropageer.

Die beste belang van die minderjarige kind word aan die hand van hierdie praktykmodel gedien deur voldoende tyd en aandag te bestee aan die bepaling van die besondere kind se besondere behoeftes. Daarby beklemtoon die model die belangrikheid van die beste passing tussen die minderjarige kind en ouer vir die beste funksioneringsomgewing in die post-egskeidingsbedeling.

Carter en McGoldrick (1999: 1) verwys tereg daarna dat die veranderende gesinspatrone in die gemeenskapsistiem dit toenemend bemoeilik om te bepaal wat is "normaal" in gesinsfunksionering. Hierdie model vir gesinsassessering in egskeidingsevaluering beskou die simptome en disfunksie van die gesin-in-egskeiding vanuit 'n sistemiese konteks en binne verband van die bepaalde kultuurgroep waarvan die gesinsistiem deel vorm oor die tydperk van die lewensiklus van die gesin. Sodoende is die doelwit om die gesinsisteme te help om in die post-egskeidingsfase die ontwikkelingsmomentum van die



hersaamgestelde gesinsisteme te herformuleer en te vestig ten einde die uniekheid van elke individuele lid en gesinsisteam te bevorder (Carter & McGoldrick, 1999: 1).

Die spontane en natuurlike interaksie tussen die lede van 'n gesinsisteam wat in egskeiding is, word nie binne die kliniese omgewing van 'n spreekkamer of kantoor openbaar nie. Die voorgestelde praktykmodel benadruk die belangrikheid van die interaksiepatrone, rolverdeling en taakfunksionering van al die lede binne die gesinsisteam en van die gesin binne die gemeenskapsisteam. Hierdie inligting word baie moeilik, indien wel, in enkele kliniese onderhoudsituasies uitgelig.

Die toepassing van hierdie model vereis dus 'n besondere ingesteldheid en benadering tot die vraagstuk van die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering.

Ten einde die waarde en effektiwiteit van die gesinsassesseringsmodel vir egskeidingsevaluering egter wetenskaplik te bewys, word die empiriese bevindinge wat uit die toepassing van die model in die maatskaplikewerkpraktyk verkry is vervolgens in die hoofstuk 9 uiteengesit.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 9

“A great truth is a truth whose opposite is also a great truth”.

*Thomas Mann
(in Kagan, 1994)*



HOOFSTUK 9

EMPIRIESE RESULTATE

9.1 INLEIDING

Egskeiding as maatskaplike probleem is 'n universele verskynsel met 'n sistemiese implikasie (Goldenberg & Goldenberg, 2004: 3, 72). Dit beïnvloed die welsyn van ouers, kinders en die uitgebreide gemeenskap in die vorm van versteurde ouer-kind-verhoudings, voortdurende onenigheid tussen die geskeide ouers, verlies aan emosionele ondersteuning, ekonomiese probleme en negatiewe lewensgebeurlikhede soos verhuising (Amato, 2000: 15).

Die tempo en aard van aanpassing ná egskeiding vir ouers en kinders word deur bepaalde faktore vergemaklik. Positiewe faktore wat die aanpassing vir ouers bevorder, is naamlik bronne soos skolastiese opvoeding en werkgeleentheid, ondersteuning deur 'n nuwe lewensmaat en wanneer die betrokke ouer die inisieerder van die egskeiding was (Amato, 2000: 15). Die positiewe faktore wat kinders se aanpassing ná egskeiding bevorder, is veral die aanwending van aktiewe hanteringsvaardighede, ondersteuning deur familie en vriende en toegang tot terapeutiese intervensies (Amato, 2000: 15). Dit is dus by egskeidingsevaluering noodsaaklik om hierdie faktore in die gesinsisteam in ag te neem ten einde die belange van die kind te bevorder.

In die bespreking van egskeiding as maatskaplike verskynsel in hoofstuk 5 is daar na die omvang van die verskynsel verwys. In Suid-Afrika word groot getalle kinders jaarliks in egskeiding betrek. Volgens die jongste statistiek was **45 123** kinders deur 35 798 egskeidings in 1998 (Statistics South Africa, 2006), **37 803** kinders in 2001, **31 370** in 2002, **33 424** in 2003, **29 597** in 2004 en **32 394** gedurende 2005 in die land beïnvloed (Statistics South Africa, 2005).

Pogings om kinders in egskeiding se belange te bevorder is uiteindelik in artikel 28(2) van die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) saamgevoeg met die erkenning van die beginsel dat die beste belang van die kind deurslaggewend is in alle aangeleenthede wat die kind raak (Cronje & Heaton, 2004b: 531). Die Kantoor van die Gesinsadvokaat is in terme van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede (Wet 24 van 1987) ingestel ten einde die hof by te staan in die uitvoering van bogenoemde beginsel (Cronje & Heaton, 2004b: 648). Hierdie wet is hoofsaaklik die uitvloeisel van algemene ontevredenheid met die manier waarop die hof



egskeidings hanteer, veral onbetwiste egskedings, sowel as die eensydige beslissings aangaande die toekoms van die minderjarige kind (Glasser, 2003: 109).

Die Kantoor van die Gesinsadvokaat dra derhalwe 'n belangrike en besliste verantwoordelikheid ten opsigte van die belange van die minderjarige kind in egskeding. Beskouing van egskedingsevaluering in Suid-Afrika is dus slegs volledig indien die rol van die Kantoor van die Gesinsadvokaat in ag geneem word. Die navorsingsprobleem vir hierdie studie het voortgevloei uit die identifisering van tekortkominge in egskedingsevaluering in Suid-Afrika, soos bespreek in hoofstuk 1.

9.2 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die navorser het die doel van hierdie ondersoek soos volg geformuleer:

Om 'n praktykmodel vir egskedingsevaluering te ontwikkel en empiries te evalueer ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.

Die doelwitte van die studie het die volgende behels:

- Om vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief egskeding as maatskaplike verskynsel, die gesin as maatskaplike sisteem en die belange van die minderjarige kind teoreties te konseptualiseer;
- Om die huidige egskedingsevalueringproses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, te ondersoek en te beskryf;
- Om 'n praktykmodel vir egskedingsevaluering vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief, wat die belange van die minderjarige kind bevorder, te ontwikkel;
- Om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskedingsevaluering empiries te evalueer;
- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die praktykbenutting van die nuut ontwikkelde praktykmodel om die belange van die minderjarige kind in egskedingsevaluering te bevorder.

Die wetenskaplike ondersoek en dokumentering van feite tref die onderskeid tussen empiriese kennis en spekulاسie. Die term “empiries” dui op inligting wat op waarneming en ervaring berus (Plug et al., 1997: 90). Dit is die doel van hierdie studie om by wyse van 'n beskrywing van die empiriese ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n nuut ontwikkelde egskedingsevaluering



ringsmodel die wetenskaplikheid daarvan te ondersoek ten einde aanvaarding daarvan in praktyk sover moontlik te bevorder.

9.3 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE VAN DIE STUDIE

Die volgende navorsingsvraag het uit die doel en doelwitte van die navorsing ontstaan:

Wat is die aard en inhoud van die egskeidingsevalueringsproses wat in die praktyk deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word ten einde die belange van die minderjarige kind te bevorder?

Die hipotese wat in hierdie studie gestel is, was die volgende:

Indien die sisteemteoretiese praktykmodel vir egskeidingsevaluering tydens egskeidingsdispute toegepas word, sal die beste belang van die minderjarige kind bevorder word.

9.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Ten einde die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering te bepaal, is daar in hierdie studie van die kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak. Vir die doeleindes van die studie is daar verder binne die konteks van toegepaste navorsing van intervensienavorsing gebruik gemaak, soos volledig in hoofstuk 1 bespreek. Die ontwikkeling van die praktykmodel as intervensie is gebaseer op Rothman en Thomas (1994) se O&O-model van intervensienavorsing.

Ten einde die doel en doelwitte van hierdie studie te kon bereik, die navorsingsvraag te kon beantwoord asook die hipotese te toets, het die navorser van die kwantitatief-beskrywende opname as navorsingsontwerp gebruik gemaak. Deur middel van 'n vraelys as opname instrument het die navorser 'n vergelyking tussen twee evalueringsprosesse vir egskeiding getref, naamlik die proses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in die praktyk toegepas en die sistemiese proses soos deur die nuut ontwikkelde praktykmodel geïmplementeer. Ten einde die genoemde twee evalueringsprosesse te kon vergelyk, was dit noodsaaklik om die aard en inhoud van elke proses te bepaal. Vir hierdie doel is die vraelys deur beide die gesinsraadgewers in diens van die Kantoor van die Gesinsadvokaat asook



die navorser self voltooi. Die vraelys (Aanhangsel G) het uit drie afdelings bestaan, naamlik:

- Afdeling A: professionele profiel van die gesinsraadgewer
- Afdeling B: profiel van die gesinsisteam in egskeidingsevaluering
- Afdeling C: aard en inhoud van evalueringsproses vir egskeidingsdispute.

Die vraelys is deur vyf gesinsraadgewers, verbonde aan die Kantoor van die Gesinsadvokaat, voltooi en wel ten opsigte van die egskeidingsevalueringproses soos op tien gesinsisteme toegepas. Elke gesinsraadgewer het dus twee vraelyste met betrekking tot twee verskillende gesinsisteme voltooi. Die navorser het van die handafgelewerde vraelys as dataversamelingsmetode gebruik gemaak en dit persoonlik per afspraak by elke gesinsraadgewer afgelewer en afgehaal. Daardeur is 'n 100% -respons verseker.

Navorser het na die implementering van die nuut ontwikkelde praktykmodel in die praktyk dieselfde vraelys voltooi en wel ten opsigte van die sistemiese egskeidingsevalueringproses soos op vyf nuwe gesinsisteme toegepas.

Die data van die vraelyste is per hand deur die navorser verwerk. Die data versamel is statisties ontleed en verder in hierdie hoofstuk uiteengesit. Die doel van die data wat versamel is, was naamlik die vergelyking van die twee verskillende egskeidingsevalueringprosesse ten einde die beste belang van die minderjarige kind in egskeiding te bevorder.

Die steekproef vir hierdie studie het uit twee dele bestaan. Die een deel het bestaan uit die seleksie van tien gesinsisteme (gevalle) in egskeidingsdispute wat deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria bedien is en waar die egskeidingsevalueringproses tussen 2000 en Maart 2005 afgehandel was. Die ander deel het vyf gesinsisteme in egskeidingsdispute behels wat by die implementering van die nuut ontwikkelde praktykmodel betrek is en deur hulle onderskeie regsverteenvoerders gedurende die tydperk April tot Mei 2005 vir evaluering na die navorser verwys is.

Die empiriese resultate word vervolgens in twee afdelings aangebied, naamlik:

- Afdeling I: Empiriese resultate ten opsigte van egskeidingsevaluering soos deur die gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas.

- Afdeling II: Empiriese resultate van die nuut ontwikkelde praktykmodel soos deur die navorser toegepas.

9.5 EMPIRIESE RESULTATE

9.5.1 AFDELING I: Empiriese resultate ten opsigte van egskeidings-evaluering soos deur gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas.


Die vraelys wat deur vyf respondente (gesinsraadgewers verbonde aan die Kantoor van die Gesinsadvokaat) ten opsigte van tien gesinne voltooi is, het uit drie afdelings bestaan, naamlik (a) biografiese inligting ten opsigte van die gesinsraadgewer – professionele profiel; (b) biografiese inligting (profiel) ten opsigte van die gesinsisteam wat geëvalueer is; en (c) aard en inhoud van die proses van assessering en evaluering in egskeidingsdispute (Aanhangsel G).

Empiriese resultate word ooreenkomstig hierdie drie afdelings aangebied.

Afdeling A: Professionele profiel van gesinsraadgewers

A.1 Hoogste akademiese kwalifikasie van gesinsraadgewers

In Figuur 8 word die hoogste akademiese kwalifikasies van die gesinsraadgewers weergegee.



Figuur 8: Akademiese kwalifikasies van

gesinsraadgewers

Dit blyk uit Figuur 8 dat:


- 1 uit 5 gesinsraadgewers, dus 20%, in die Kantoor van die Gesinsadvokaat oor 'n diploma in Maatskaplike Werk beskik het.



- 4 uit 5 gesinsraadgewers, 80%, in die Kantoor van die Gesinsadvokaat oor 'n eerste graad beskik het, naamlik B.A. in Maatskaplike Werk.
- # **Afleiding:** Dit blyk uit hierdie ondersoek dat 0 uit 5 gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat oor 'n nagraadse kwalifikasie in Maatskaplike Werk beskik het.

A.2 Addisionele kwalifikasies van gesinsraadgewers

Figuur 9 toon die kwalifikasies en opleiding waarvoor gesinsraadgewers addisioneel tot die hoogste akademiese kwalifikasies beskik het.



Figuur 9: Addisionele kwalifikasies van gesinsraadgewers


In Figuur 9 word aangetoon dat:

- Slegs 1 respondant uit 5 gesinsraadgewers, dus 20%, by die Kantoor van die Gesinsadvokaat, het oor 3 addisionele opleidingsertifikate beskik, naamlik (a) 'n sertifikaat in assessering van minderjarige kinders, (b) 'n sertifikaat in speltherapie en (c) 'n sertifikaat in gesinssterapie.
- 2 uit 5 gesinsraadgewers, 40%, by die Kantoor van die Gesinsadvokaat in hierdie ondersoek het kort opleiding in toepaslike aspekte ontvang, maar geen dokumentêre bewys daarvoor gekry nie. Aspekte wat gedek was, was (a) stres en trauma heling en (b) huweliksberading, volwasse assessering, individuele/volwasse en tienerterapie, huislike geweld, die impak van trauma op die breinontwikkeling van die jong kind en abortus berading.

- 2 uit 5 gesinsraadgewers, dus 40%, by die Kantoor van die Gesinsadvokaat in hierdie ondersoek het nie-verwante opleiding ontvang, naamlik in (a) menslike hulpbronbestuur en (b) sagteware toepassing.
- # **Afleiding:** Slegs een (20%) van die gesinsraadgewers by die Kantoor van die Gesinsadvokaat het addisionele opleiding in kinder- en gesinsassessering, met dokumentêre bewys daarvan, ontvang.

A.3 Ervaring van gesinsraadgewers sedert maatskaplike werk kwalifisering

In Figuur 10 word die jare van gesinsraadgewers se ervaring as maatskaplike werkers sedert kwalifisering weergegee.




Figuur 10: Jare ondervinding as maatskaplike werker sedert kwalifisering

Uit Figuur 10 blyk dit dat:

- 1 uit 5 gesinsraadgewers, naamlik 20%, het oor 4 tot 6 jaar ondervinding as maatskaplike werker beskik.
 - 1 uit 5 gesinsraadgewers, naamlik 20%, het oor 7 tot 9 jaar ervaring as maatskaplike werker beskik.
 - 2 uit 5 gesinsraadgewers, naamlik 40%, het oor 13 tot 15 jaar ervaring as maatskaplike werker beskik.
 - 1 uit 5 gesinsraadgewers, naamlik 20%, het oor meer as 15 jaar ondervinding as maatskaplike werker beskik.
- # **Afleiding:** Die gemiddelde tydperk van respondente se beroepservaring as maatskaplike werker was: 11,89 jaar

A.4 Ervaring as gesinsraadgewer

Figuur 11 toon die aantal jare ondervinding van die respondente as gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat.



Figuur 11: Aantal jare ondervinding as gesinsraadgewer in Kantoor van Gesinsadvokaat

Uit Figuur 11 is dit duidelik dat:

- 3 uit 5 gesinsraadgewers, naamlik 60%, in hierdie ondersoek slegs oor 0 tot 3 jaar ondervinding as gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskik het.
- 1 uit 5 gesinsraadgewers, dit wil sê 20%, oor 4 tot 6 jaar ervaring as gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskik het.
- 1 uit 5 gesinsraadgewers, naamlik 20%, oor 7 tot 9 jaar ervaring as gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskik het.
- Geen gesinsraadgewer in hierdie ondersoek het oor meer as 9 jaar ondervinding in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskik nie.

Afleiding: Die gemiddelde tydperk van ervaring van die respondente as gesinsraadgewer was: 3,8 jaar.

40% van die gesinsraadgewers het oor beduidende ervaring in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskik, naamlik tussen 4 tot 9 jaar, terwyl 60% gesinsraadgewers oor betreklik min ervaring in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskik het, naamlik 3 jaar en minder.

Afdeling B: Profiel van gesinsisteme in egskeidingsevaluering

Resultate in hierdie afdeling was gebaseer op 10 respondente (gesinsisteme) wat gedurende die tydperk 2000 tot Maart 2005 deur bogenoemde gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat geassesseer is.

B.1 Samestelling van gesinsisteme

In hierdie vraag moes respondente die totale aantal lede aandui waaruit die gesinsisteem wat geëvalueer was, bestaan het.

Tabel 1: Aantal lede per gesinsisteem wat geëvalueer is

| Gesinsisteem | Aantal lede |
|--------------|-------------|
| 1 | 4 |
| 2 | 5 |
| 3 | 4 |
| 4 | 5 |
| 5 | 5 |
| 6 | 5 |
| 7 | 3 |
| 8 | 7 |
| 9 | 4 |
| 10 | 5 |


Dit blyk uit Tabel 1 dat:

- 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, het uit 3 lede bestaan.
- 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, het elk uit 4 lede bestaan.
- 5 uit 10 gesinne, 50%, het elk uit 5 lede bestaan.
- 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, het uit 7 lede bestaan.

Afleiding: Die gemiddelde grootte van gesinsisteme wat geëvalueer was, was: 4,7 lede.

B.2 Samestelling en profiel van minderjarige kinders in gesinsisteem


Hierdie vraag het die aandag gefokus op die geslag, skoolfase en woonsituasie van die betrokke 22 minderjarige kinders in hierdie ondersoek, soos weergegee in Figuur 12, 13 en 14 onderskeidelik.



Figuur 12: Geslag van minderjarige kinders in 10 gesinsisteme

Figuur 12 dui aan dat:


- 10 uit 22 minderjarige kinders in 10 gesinsisteme, dus 45%, in hierdie ondersoek seuns was.
 - 12 uit 22 minderjarige kinders in 10 gesinsisteme, 55%, dogters was.
- # **Afleiding:** Dit blyk dus dat die geslagsverdeling van die 22 minderjarige kinders in hierdie ondersoek feitlik eweredig was.
- # Die gemiddelde aantal minderjarige kinders per gesinsisteam was dus 2.7.



Figuur 13: Skoolfase van minderjarige kinders in 10 gesinsisteme

Uit Figuur 13 blyk dit duidelik dat:

- 4 uit 22 minderjarige kinders in hierdie ondersoek, dus 18%, in die voorskoolse ouderdomsgroep was.
 - 12 uit 22 minderjarige kinders in hierdie ondersoek, 55%, in die laerskoolfase was.
 - 6 uit 22 minderjarige kinders, naamlik 27%, in hierdie ondersoek in die hoërskoolfase was.
- # **Afleiding:** Die grootste meerderheid, naamlik 55%, van die minderjarige kinders in hierdie ondersoek was in die laerskoolfase.
- # Die tweede grootste meerderheid, 27%, van die minderjarige kinders in hierdie ondersoek was in die hoërskoolfase.
- # 73% van die minderjarige kinders in hierdie ondersoek was baie jonk, naamlik onder 12 jaar.



Figuur 14: Woonsituasie van minderjarige kinders in 10 gesinsisteme

Uit Figuur 14 blyk dit dat:

- 16 uit 22 minderjarige kinders in 10 gesinsisteme, dus 73%, wat geëvalueer was, het by die gesinsisteme ingewoon. Hierdie 16 kinders was lede van 7 uit die 10 gesinne.
- 6 uit 22 minderjarige kinders in 10 gesinsisteme, 27%, wat geëvalueer was, het nie by die gesinsisteme ingewoon nie. Hierdie 6 kinders het 3 van die 10 gesinne verteenwoordig.

Afleiding: Dit blyk dus dat die meerderheid minderjarige kinders in hierdie ondersoek, naamlik 73%, by die gesinsisteme wat geëvalueer was, ingewoon het.

Samevattende afleiding: Uit Figuur 12, 13 en 14 blyk dit dus dat die geslagsverdeling tussen die kinders feitlik eweredig was; dat die grootste persentasie kinders, naamlik 55%, in die laerskoolfase was; dat die grootste persentasie kinders, naamlik 73%, baie jonk was (onder 12 jaar) en dat die meerderheid kinders, 73%, by die gesinsisteme ingewoon het.

B.3 Aantal huwelike en tydsduur per egpaarsisteme

Hierdie vraag het gefokus op twee fasette van die respondente se huwelik, naamlik die aantal huwelike asook die tydsduur daarvan, soos in Figuur 15 en 16 onderskeidelik weergegee.




Figuur 15: Aantal huwelike per egpaarsisteem

Figuur 15 dui die volgende aan:

- By 8 uit 10 egpaarsisteme, 80%, was dit die eerste huwelik wat beëindig is.
- By 1 uit 10 egpaarsisteme, 10%, was dit die derde huwelik wat beëindig is en dit het 7 jaar geduur.
- By 1 uit 10 egpaarsisteme, dus 10%, was dit die vierde huwelik wat beëindig is en dit het 2 jaar geduur.

Afleiding: Dit blyk dus dat die grootste meerderheid egskeidings in hierdie ondersoek, naamlik 80%, by die eerste huwelik voorgekom het.



Figuur 16: Tydsduur van 8 uit 10 eerste huwelike wat beëindig is


Uit Figuur 16 is die volgende duidelik:

- 1 uit 8 van die eerste huwelike wat beëindig was, 12,5%, het 0-3 jaar geduur.
- 2 uit 8 van die eerste huwelike wat beëindig was, 25%, het tussen 4-6 jaar geduur.

- 1 uit 8 van die eerste huwelike wat beëindig was, 12,5%, het tussen 7-9 jaar geduur.
 - 2 uit 8 van die eerste huwelike wat beëindig was, 25%, het tussen 13-15 jaar geduur.
 - 2 uit 8 van die eerste huwelike wat beëindig was, 25%, het 15 jaar of langer geduur.
- # **Afleiding:** By die grootste persentasie gesinsisteme in hierdie ondersoek, naamlik 80%, was dit die eerste huwelik wat beëindig is.
- # Van hierdie eerste huwelike het 50% tussen 13-20 jaar geduur en 50% tussen 3-9 jaar. Dit blyk dus dat die tydsduur van die eerste huwelike by die gesinsisteme wat geëvalueer was, eweredig verdeel was tussen langer as 10 jaar tydsduur en korter as 10 jaar tydsduur.

B.4 Werksituasie van ouersisteam

Die doel van hierdie vraag was om die aard van die werksituasie weer te gee van elke ouer in die gesinsisteme wat geëvalueer was, soos in Figuur 17 aangedui.



Figuur 17: Werksituasie van die ouers

Die volgende blyk uit Figuur 17:


- By 8 uit 10 gesinsisteme, 80%, het die vader 'n voltydse beroep buite die huis beoefen.
- By 5 uit 10 gesinsisteme, 50%, het die moeder 'n voltydse beroep buite die huis beoefen.
- By 1 uit 10 gesinne, 10%, het beide ouers 'n deeltydse beroep buite die huis beoefen.

- By 3 uit 10 gesinne, 30%, was die moeder voltyds huisvrou.
- By 1 uit 10 gesinne, 10%, was die vader deelyds selfwerksaam met 'n eie besigheid.
- Geen vader was werkloos nie terwyl by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die moeder as werkloos aangedui is.

Afleiding: By 80% gesinsisteme het die vader 'n voltydse buitenshuise beroep beoefen. By 50% gesinsisteme het die moeder 'n voltydse buitenshuise beroep beoefen. By 10% gesinsisteme het beide ouers 'n deelydse buitenshuise beroep beoefen en by 10% gesinsisteme was die vader selfwerksaam met 'n eie besigheid. By 30% gesinsisteme was die moeder voltyds huisvrou. By 10% gesinsisteme was die moeder as werkloos aangedui.

B.5 Betekenisvolle ander persone per gesinsisteam

In hierdie vraag word al die betekenisvolle ander persone wat by die gesinsisteme betrokke is asook hulle ouderdom en woonsituasie met betrekking tot die gesinsisteme in Figuur 18 weergegee.



Figuur18: Betekenisvolle ander persone per gesinsisteam

Figuur 18 toon die volgende aan:

- By 5 uit 10 gesinsisteme, 50%, was die materne grootmoeder betrokke: by 3 gesinne het die materne grootmoeder nie by die gesin ingewoon nie, terwyl die materne grootmoeder wel by 2 van die gesinsisteme ingewoon het.
- By 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, was die materne grootvader betrokke: by 1 gesin het die materne grootvader nie by die gesin ingewoon nie en by 1 gesinsisteam het die materne grootvader wel by die gesin ingewoon.




- By 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, was die paterne grootmoeder betrokke: by 1 gesinsisteam het die paterne grootmoeder by die gesin ingewoon en by 3 gesinne het die paterne grootmoeder nie by die gesin ingewoon nie.
- By 4 uit 10 gesinne, 40%, was die paterne grootvader betrokke: by 1 gesin het die paterne grootvader by die gesin ingewoon en by 3 gesinsisteme het die paterne grootvader nie by die gesin ingewoon nie.
- By 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, was die materne tante betrokke en het ook by die gesin ingewoon.
- By 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, was die materne susterskind betrokke en het ook by die gesinne ingewoon.

- # **Afleiding:** Die betekenisvolle persone betrokke by die gesinsisteme was hoofsaaklik grootouers.
- # Betekenisvolle persone wat by die gesinsisteam ingewoon het, het 'n sterker rol in die gesinsfunksioneringspatrone vervul en behoort as deel van die gesinsisteam by die assesseringsproses ingesluit te word.
- # Betekenisvolle ander persone wat by die gesinsisteam betrokke was, maar nie by die gesin ingewoon het nie, het deel van die ondersteunende struktuur van die gesinsisteam gevorm, maar het 'n meer indirekte rol in die gesinsfunksioneringspatrone vervul.

B.6 Aantal konsultasies per gesinsisteam by die Kantoor van Gesinsadvokaat

Hierdie vraag het gefokus op die totale aantal konsultasies wat die gesinsisteme tydens die evalueringsproses by die Kantoor van die Gesinsadvokaat gehad het.




Figuur 19: Totale aantal konsultasies van gesin tydens evaluering

Uit Figuur 19 is dit duidelik dat:

- daar by 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, slegs 1 konsultasie tydens die evalueringsproses by die Kantoor van die Gesinsadvokaat was.
 - daar by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, 2 konsultasies by die Kantoor van die Gesinsadvokaat was.
 - daar by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, in totaal 3 konsultasies tydens die evalueringsproses by die Kantoor van die Gesinsadvokaat was.
 - daar geen gesinsisteme was wat tydens die evalueringsproses meer as 3 konsultasies by die Kantoor van die Gesinsadvokaat deurloop het nie.
- # **Afleiding:** Die meerderheid gesinsisteme, naamlik 60%, het tydens die egskedingsevalueringproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat slegs 1 konsultasie ontvang.
- # Die maksimum konsultasies wat 'n gesinsisteme tydens die egskedingsevalueringproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat ontvang het, was 3.

B.7 Partye in dispuut

In hierdie vraag word die onderskeie partye wat in dispuut was, weergegee en in Figuur 20 aangedui.



Figuur 20: Partye in dispuut


Figuur 20 toon aan dat:

- by 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, beide ouers partye in die dispuut was.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die vader dispuut aangeteken het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die moeder die dispuut aangeteken het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die vader en die paterne grootouers in dispuut was.

Afleiding: By die grootste meerderheid, naamlik 90% van die gesinsisteme, was die dispuut aangaande die belang van die minderjarige kind tussen die biologiese ouers.

B.8 Inhoud van die dispuut

Hierdie vraag het die aandag gevestig op die inhoud van of rede vir die dispuut in die egskeidingsproses van die betrokke gesinsisteme, soos in Figuur 21 aangetoon.



Figuur 21: Inhoud van die egskeidingsdispuut

Figuur 21 dui aan dat:

- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, sorg (bewaring) alleen die fokus van die dispuut was.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, sorg (bewaring) en kontak (toegang) die kern van die dispuut was.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, sorg (bewaring) en kontak (toegang) en besoeke die onderwerp van die dispuut was.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, sorg (bewaring), kontak (toegang), besoeke asook onderhoud die fokuspunte van die dispuut was.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, sorg (bewaring), kontak (toegang), besoeke, onderhoud en gesinsgeweld die onderwerpe van die dispuut was.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, kontak (toegang), besoeke en onderhoud die rede vir die dispuut was.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, wysiging van sorg (bewaring) die kern van die aansoek was. Daar het geen dispuut geheers nie, maar 'n ondersoek is aangevra.



- # **Afleiding:** Sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind was by die meerderheid gesinsisteme, naamlik 50%, in dispuut terwyl sorg (bewaring) alleen by 30% gesinsisteme in dispuut was. Kontak (toegang) en besoeke het slegs by 10% gesinsisteme die kern van die dispuut gevorm.

Afdeling C: Aard en inhoud van die proses van assessering en evaluering

Resultate is gebaseer op 10 respondente (gesinsisteme) wat gedurende die tydperk 2000 tot Maart 2005 geassesseer is. Die gesinsraadgewers het self die seleksie van gesinsisteme as respondente gemaak. Die motivering vir die keuse was nie nagevors nie, maar die kriteria vir seleksie was naamlik dat 'n gesinsisteme in 'n egskeidingsdispuut aangaande die sorg (bewaring) en/of kontak (toegang) ten opsigte van die minderjarige kind/ers was en dat die evalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat reeds afgehandel moes wees met 'n aanbeveling aan die hof. Die data in hierdie afdeling het gefokus op verskillende fasette van die proses van gesinsassessering en -evaluering.

C.1 Datum van eerste konsultasie


In hierdie vraag is die jaar weergegee waarin die gesinsisteme die eerste assesseringskonsultasies by die Kantoor van die Gesinsadvokaat gehad het.

Uit die resultate op hierdie vraag blyk dit dat:

- 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, in 2000 die eerste konsultasie ontvang het, maar dat die evalueringsproses eers in 2005 afgehandel was.
 - 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, in 2004 die eerste konsultasie ontvang het.
 - 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, in 2005 die eerste konsultasie ontvang het.
- # **Afleiding:** Die meerderheid respondente (gesinsisteme) wat geselekteer was, naamlik 60%, het die eerste konsultasie in die evalueringsondersoek deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in 2004 gehad. 'n Verdere 30% gesinsisteme het in 2005 die eerste konsultasie gehad.
- # Die afhandeling van die egskeidingsevalueringsondersoeke deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat het vir al die respondente (gesinsisteme) (100%) meer as een jaar geduur.

C.2 Persone deur wie eerste konsultasie uitgevoer was

Hierdie vraag het gefokus op die aard van die uitvoering van die eerste konsultasie, naamlik of dit deur die gesinsraadgewer of 'n ander persoon of die gesinsraadgewer saam met 'n ander persoon uitgevoer was. Die resultaat word in Figuur 22 weergegee.



Figuur 22: Persone deur wie die eerste konsultasie uitgevoer was

Figuur 22 toon die volgende:

- By 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, was die eerste konsultasie deur die gesinsraadgewer alleen uitgevoer.
- By 9 uit 10 gesinsisteme, 90%, was die eerste konsultasie deur die gesinsraadgewer en 'n ander persoon uitgevoer. Dit was nie aangetoon wie die ander persoon was nie. Slegs by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, was aangedui dat die ander persoon die gesinsadvokaat was.

Afleiding: By die meerderheid gesinsisteme, naamlik 90%, was die eerste konsultasie gesamentlik deur die gesinsraadgewer en 'n ander persoon uitgevoer. Die ander persoon was by 10% gesinne die gesinsadvokaat.

C.3 – C.5: Voltooi indien die eerste konsultasie slegs deur 'n ander persoon alleen uitgevoer is.

Hierdie vrae het verwys na die professie en rol van 'n ander persoon as die gesinsraadgewer wat die eerste konsultasie uitgevoer het asook na die duur van die konsultasie en die gesinslede wat teenwoordig was.


Geen respons was ontvang nie, aangesien die eerste konsultasies by al 10 respondente (gesinsisteme), dus 100%, deur die gesinsraadgewer alleen of saam met 'n ander persoon onderneem was.

C.6 Aard van eerste konsultasie deur gesinsraadgewer uitgevoer

Hierdie vraag het twee komponente behels, naamlik (C.6.1) die tydsduur van die eerste konsultasie en (C.6.2) die rol wat die gesinsraadgewer tydens die eerste konsultasie vervul het.

C.6.1 Tydsduur van die eerste konsultasie

In hierdie vraag was die tydsduur van die eerste konsultasie aangedui, soos in Figuur 23 weergegee.



Figuur 23: Tydsduur van eerste konsultasie


Dit blyk uit Figuur 23 dat:

- by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, die eerste konsultasie 2 ure geduur het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die eerste konsultasie 2½ ure geduur het.
- by 4 uit 10 gesinsisteme, naamlik 40%, die eerste konsultasie 3 ure geduur het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die eerste konsultasie 3½ ure lank was.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, naamlik 30%, die eerste konsultasie 4 ure geduur het.

Afleiding: Die gemiddelde tydsduur vir die eerste konsultasie in die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat was 3,1 uur per gesinsisteam.

C.6.2 Rol van die gesinsraadgewer

In hierdie vraag is die rol uitgelig wat die gesinsraadgewer tydens die eerste konsultasie vervul het soos in Figuur 24 aangetoon.



Figuur 24: Rol van die gesinsraadgewer tydens die eerste konsultasie


Figuur 24 toon aan dat:

- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die rol van die gesinsraadgewer nie gespesifiseer was nie.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die vraag onbeantwoord was.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die gesinsraadgewer die rol van assessor en onderhandelaar vervul het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die gesinsraadgewer die rol van assessor en fasiliteerder vervul het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die gesinsraadgewer die rol van fasiliteerder alleen ingeneem het.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, die gesinsraadgewer die rol van assessor vervul het.

- # **Afleiding:** Die gesinsraadgewers het nie 'n standaardrol tydens die eerste konsultasie in die egskeidingsevalueringsproses vervul nie.
- # Die gesinsraadgewers het slegs in 30% van eerste konsultasies die uitsluitlike rol van assessor vervul.
- # Die gesinsraadgewers het ook soms die rolle van fasiliteerder en onderhandelaar tydens die eerste konsultasie vervul.
- # By 20% was die vraag onbeantwoord en ongespesifiseer wat aanduidend kan wees van die vaagheid van die gesinsraadgewer se rol.

C.7 Gesinslede wat by eerste konsultasie teenwoordig was

Hierdie vraag het gefokus op die gesinslede wat by die eerste konsultasie teenwoordig was en het die tydsduur gestipuleer wat die gesinslede betrek was. Die data word in Figuur 25 weergegee.



Figuur 25: Gesinslede teenwoordig by en tydsduur van eerste konsultasie

Uit Figuur 25 blyk dit dat:

- by 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, beide ouers en al die kinders by die eerste konsultasie teenwoordig was. Die gemiddelde tydsduur van die eerste konsultasie per gesinsisteme was 3,6 uur.
- by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, beide ouers sonder die kinders by die eerste konsultasie teenwoordig was. Die gemiddelde tydsduur per gesin was 2,6 uur.
- by 1 uit 10 gesinsisteme (10%) van die voorafgenoemde 4 gesinne waar die ouers alleen by die eerste konsultasie betrek was, was die vader addisioneel alleen gekonsulteer. Die tydsduur was 10 minute.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, van die voorafgenoemde 6 gesinne waar beide ouers met kinders teenwoordig was, was die minderjarige kinders addisioneel gesamentlik sonder die ouers in konsultasie betrek. Die totale tydsduur vir elke gesin se minderjarige kinders se konsultasie was onderskeidelik 30 minute en 60 minute.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, van die voorafgenoemde 4 gesinne waar beide ouers sonder kinders by die eerste konsultasie teenwoordig was, was die kinders individueel by die eerste konsultasie betrek. Die totale tydsduur van die konsultasie per gesinsisteme was onderskeidelik 45 minute en 50 minute.


Afleiding: Individuele assessering van die minderjarige kind tydens egskeidingsevaluering deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat blyk die uitsondering te wees. Die tydsduur van individuele konsultasies per minderjarige kind is onduidelik. Dit het geblyk dat die **gemiddelde**

tydsduur van die konsultasies met die minderjarige kinders per gesinsisteam 46 minute beloop het. Wanneer die gemiddelde 2 minderjarige kinders per gesinsisteam in hierdie ondersoek in berekening gebring word (sien resultate van vraag B.2), beteken dit dus dat die **gemiddelde tydsduur per minderjarige kind** per konsultasie **23 minute** beloop het.

- # As in ag geneem word dat die meerderheid minderjarige kinders in hierdie ondersoek tussen 6-12 jaar oud was, is dit kommerwekkend dat individuele konsultasies met die kind by uitsondering plaasgevind het, en indien wel, met die minimum tyd beskikbaar.
- # Die bepaling van die wense en insette van die minderjarige kind tydens die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat, het geblyk nie 'n prioriteit te wees nie.

C.8 Fasiliteite wat vir die eerste konsultasies gebruik word

In Figuur 26 is die tipe kantoorfasiliteite weergegee wat tydens die eerste konsultasie met die gesinsisteam gebruik was.



Figuur 26: Kantoorfasiliteite vir die eerste konsultasie

Figuur 26 dui aan dat:

- by 5 uit 10 gesinsisteme, 50%, die eerste konsultasie in 'n ongespesifiseerde kantoor gevoer is.
 - by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, die eerste konsultasie in die kantoor van gesinsraadgewer gevoer is.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die eerste konsultasie in die kantoor van gesinsadvokaat gevoer is.
- # **Afleiding:** Dit blyk dat daar geen bepaalde konsultasiefasiliteit vir gesinsassesserings gebruik was nie. Konsultasies met die gesinsisteam vir die



doeleindes van egskeidingsevaluering het in beperkte kantoorryuimtes plaasgevind.

- # Dit wil voorkom of daar nie gespesifiseerde fasiliteite vir konsultasies met gesinsisteme by die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskikbaar was nie.

C.9 Professionele tegnieke deur gesinsraadgewers aangewend

Die professionele tegnieke wat deur die gesinsraadgewers tydens die eerste konsultasie aangewend was, word in hierdie respons gestipuleer. Hierdie was 'n oop vraag en data, soos deur gesinsraadgewers gestipuleer was, word in Tabel 2 weergegee.

Tabel 2: *Professionele tegnieke deur gesinsraadgewers toegepas*

| Tegniek | Frekwensie |
|---|------------|
| Geen spesifikasie | 2 |
| Ondervraging (<i>enquiring</i>) | 1 |
| Mediasie | 4 |
| Projektiewe speltegnieke: kinders (geen spesifikasie) | 1 |
| Informele onderhoudvoering: kinders | 1 |
| Gesprekvoering | 1 |
| Onderhoudvoering | 2 |
| Kinderassessering | 1 |
| Evaluering | 1 |
| Verslagskrywing | 1 |
| “Advocating” | 1 |
| Luister | 1 |
| Verkenning | 1 |
| Individualisering | 1 |
| Konfrontasie | 1 |
| Klarifikasie | 1 |
| Warmte | 2 |
| Empatie | 2 |
| Waarneming | 2 |
| Inligting oordra | 1 |
| Oogkontak | 2 |
| Fasilitering | 1 |

Uit Tabel 2 blyk dit dat:

- sekere tegnieke wat aangedui is, naamlik evaluering en verslagskrywing, nie van toepassing is op die eerste konsultasie nie.
- sekere tegnieke wat aangedui is, naamlik kinderassessering, nie 'n professionele tegniek as sodanig is nie, maar eerder die proses waardeur inligting ingewin word ten einde 'n evaluering te kan maak. Dit is dus 'n baie omvattende proses waartydens verskillende professionele tegnieke aangewend word.



- sekere ander tegnieke wat aangedui is, naamlik warmte en empatie, ook nie professionele tegnieke per sé is nie, maar die vaardigheid of bedrewenheid behels waarmee die gesinsraadgewer bepaalde tegnieke tydens die eerste konsultasie beoefen.
 - die tegnieke soos in Tabel 2 aangedui is, ’n samevatting was van al die onderskeie gesinsraadgewers se response.
- # **Afleiding:** Data dui op ’n verskeidenheid enkele tegnieke wat deur die onderskeie gesinsraadgewers toegepas is.
- # Die weergee van ontoepaslike tegnieke kan ’n aanduiding wees van gebrek aan kennis ten opsigte van professionele tegnieke en die onderskeid met betrekking tot die aangewese professionele taak soos assessering.
- # Dit blyk asof daar geen bepaalde struktuur is waarvolgens die eerste konsultasie in egskeidingsevaluering deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas was nie.

C.10 Professionele vaardighede deur gesinsraadgewers aangewend

Ook hierdie vraag was ’n oop vraag waarvan die data, soos deur die gesinsraadgewers weergegee is, in Tabel 3 saamgevat word.

Tabel 3: Professionele vaardighede deur gesinsraadgewers toegepas


| Vaardigheid | Frekwensie |
|-------------------|------------|
| Luister | 7 |
| “Probing” | 2 |
| Reflektering | 2 |
| Probleemoplossing | 1 |
| Samevatting | 2 |
| Oogkontak | 1 |
| Waarneming | 1 |
| Vraagstelling | 2 |
| Inligting verskaf | 1 |
| Klarifikasie | 1 |
| Raadgewing | 1 |
| Ondersoeking | 1 |
| Individualisering | 1 |
| Advies | 1 |
| Mediasie | 1 |
| “Advocating” | 1 |
| Onderhoudvoering | 1 |
| Gevoelshantering | 1 |
| Eksplorاسie | 1 |
| Kommunikasie | 1 |

In Tabel 3 word aangedui dat:

- by 7 uit 10 gesinsisteme, 70%, luister aangedui is as vaardigheid wat tydens die eerste konsultasie deur die gesinsraadgewers toegepas is.
 - vaardighede wat tydens die eerste konsultasie belangrik is vir die vestiging van 'n professionele verhouding, soos warmte, empatie, aanvaarding en ondersteuning, nie deur die gesinsraadgewers weergegee is nie.
- # **Afleiding:** Dit blyk dat daar moontlik verwarring by gesinsraadgewers kon bestaan ten opsigte van die onderskeid tussen tegnieke en vaardighede.
- # Dit wil voorkom asof daar nie 'n bepaalde struktuur bestaan het vir die eerste konsultasie van die egskedingsevaluering deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat nie.
- # Die data dui op 'n verskeidenheid vaardighede wat tydens die eerste konsultasie deur gesinsraadgewers toegepas is.

C.11 Addisionele konsultasies met gesinsisteme gevoer

In hierdie vraag is bepaal of enige addisionele konsultasies met die gesinsisteme gevoer is, soos in Figuur 27 aangetoon.




Figuur 27: Addisionele konsultasies met die gesinsisteme gevoer

Figuur 27 bevestig dat:

- by 8 uit 10 gesinsisteme, naamlik 80%, addisionele konsultasies met die gesinsisteme gevoer is.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, geen addisionele konsultasies gevoer is nie.
- # **Afleiding:** Dit blyk dat by die meerderheid gesinsisteme, 80%, daar tydens die egskedingsevalueringproses met die gesin addisionele konsultasies gevoer is.

C.12 Aantal addisionele konsultasies

Die aantal addisionele konsultasies wat met 'n gesinsisteam onderneem is, is in hierdie vraag gestipuleer en in Figuur 28 weergegee.



Figuur 28: Aantal addisionele konsultasies met gesinsisteam

Uit Figuur 28 blyk dit dat:


- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, 1 addisionele konsultasie gevoer is. By 1 uit 3 van hierdie gesinsisteme is egter aangevoer dat die addisionele konsultasie met betekenisvolle ander persone gevoer is, wat impliseer dat die addisionele konsultasie nie met die gesinslede self gevoer is nie.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, 2 addisionele konsultasies gevoer is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, 3 addisionele konsultasies gevoer is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, 5 addisionele konsultasies gevoer is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, 6 addisionele konsultasies gevoer is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, geen addisionele konsultasie gevoer is nie.

Afleiding: Die gemiddelde aantal addisionele konsultasies per gesinsisteam was 2,12.

Hierdie inligting stem nie ooreen met die resultate in Vraag B.6 nie, waar gerapporteer is dat by 60% gesinsisteme slegs 1 konsultasie gevoer is. Hierdie weerspreking kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die addisionele konsultasies moontlik met ander betrokke persone gevoer is en nie noodwendig met die gesinsisteam nie.

C.13 Doelwit van addisionele konsultasies

In hierdie vraag is die doelwit van die addisionele konsultasies met die gesinsisteme in Figuur 29 weergegee.




Figuur 29: Doelwit van addisionele konsultasies

In Figuur 29 word aangedui dat:

- by 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, die doel was om meer inligting te bekom.
 - by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, die doel bespreking van inligting was.
 - 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, die doel verdere assessering van verhoudings was.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die doel aangegee is as verdere assessering van die ouers en kinders onderskeidelik.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die doel van die addisionele konsultasies aangedui was onder “ander”, naamlik die hantering van navrae en fasilitering van kontak .
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die doel terugvoer aangaande die inligting was.
- # **Afleiding:** Die belangrikste afleiding by die meerderheid respondente (gesinne), naamlik 60%, was dat die doel van die addisionele konsultasies was om meer inligting te bekom.
- # By 40% van die respondente gesinsisteme was die bespreking van inligting die doel van addisionele konsultasies met die gesin.
- # By slegs 30% van die gesinsisteme was verdere assessering van verhoudings aangedui as die doel van die addisionele konsultasies.
- # Dit wil voorkom of uitgebreide assessering van die gesinsverhoudings, die ouers of kinders as gesinslede nie ’n prioriteit was tydens die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in hierdie ondersoek nie.

C.14 Mate van sukses van addisionele konsultasies

Die mate waartoe die doelwit van die addisionele konsultasies suksesvol was, is in hierdie vraag aangedui en in Figuur 30 weergegee.



Figuur 30: Sukses van addisionele konsultasies

Figuur 30 stipuleer dat:

- by 9 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 90%, die gesinsraadgewer tevrede was dat die doel bereik is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, daar geen respons aangedui was nie.

Die redes wat respondente aangevoer het vir die suksesvolle bereiking van die doel van addisionele konsultasies by 9 uit 10 gesinsisteme, was die volgende:

- by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, die doel bereik is deurdat die gesinsraadgewer meer insig bekom het.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 30%, die doel bereik is deur klarifisering van inligting.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die doel bereik is deurdat meer inligting verkry is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die doel bereik is deurdat die inligting geverifieer is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, die doel bereik is deurdat die partye meer insig ontwikkel het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die doel bereik is deurdat die konflik tussen die partye verminder het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die doel bereik is deurdat nuwe inligting bekom is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 10%, die doel bereik is deurdat die navrae van partye beantwoord is.



- # **Afleiding:** Dit blyk dus dat die meerderheid van respondente (90%) tevrede was met die mate van sukses van die bereiking van die doel van addisionele konsultasies.
- # Uit die resultate blyk dit dat die sukses van die addisionele konsultasies aan verskillende redes toegeskryf is.

C.15 Konsultasies met persone buite die gesinsisteem

Hierdie vraag het 'n aanduiding gegee van enige konsultasies wat met persone buite die gesinsisteem gevoer is asook die hoeveelheid konsultasies.


Uit die resultate is aangetoon dat:

- by 6 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 60%, addisionele konsultasies met persone buite die gesinsisteem gevoer is.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, geen addisionele konsultasies met persone buite die gesinsisteem gevoer is nie.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, geen respons gebied is nie.
- by die genoemde 60% gesinsisteme is aangetoon dat daar in totaal 16 konsultasies met persone buite die gesinsisteem gevoer was.

- # **Afleiding:** Die gemiddelde aantal konsultasies met persone buite die gesinsisteem was: 2,66

C.16 Ander persone buite die gesinsisteem by konsultasies betrek

Hierdie vraag het gefokus op die spesifieke persone buite die gesinsisteem wat by konsultasies betrek was, soos in Figuur 31 aangetoon.



Figuur 31: Persone buite gesinsisteam by konsultasies betrek


Dit blyk uit Figuur 31 dat:

- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, konsultasies met die materne grootmoeder gevoer is.
 - by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, konsultasies met die paterne grootmoeder gevoer is.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, konsultasies met die paterne grootvader gevoer is.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, konsultasies met die materne tante gevoer is.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, konsultasies met die onderwyser gevoer is.
 - by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, konsultasies met 'n vriend gevoer is.
 - by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, konsultasies met 'n sielkundige gevoer is.
- # **Afleiding:** Grootouers is by 60% van die gesinsisteme as 'n bron van addisionele of kollaterale inligting betrek.
- # Vriende en sielkundiges is onderskeidelik by 30% van die gesinsisteme as 'n bron van kollaterale inligting betrek terwyl onderwysers slegs by 20% van die gesinsisteme betrek is.
- # Hoewel persone buite die gesinsisteam by konsultasies betrek is, wil dit voorkom asof daar geen bepaalde struktuur bestaan het waarvolgens gesinsraadgewers by die Kantoor van die Gesinsadvokaat ander persone buite die gesinsisteam vir kollaterale inligting betrek het nie.

Dit wil voorkom asof konsultasies met persone buite die gesinsisteam volgens die betrokke gesinsisteam se omstandighede sowel as die betrokke gesinsraadgewer se mening aangevra is.

C.17 Doel van konsultasies met ander persone buite die gesinsisteam

Die doel van hierdie vraag was naamlik om die doel van die konsultasies met persone buite die gesinsisteam aan te dui. Inligting word in Figuur 32 weergegee.



Figuur 32: Doel van konsultasies met ander persone

In Figuur 32 is dit duidelik dat:


- by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, die doel was om kollaterale inligting insake die gesinsisteam te bekom.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, inligting bekom is om verhoudings sowel as sistemiese verbintenisse te klarifiseer.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, professionele menings en evaluering met betrekking tot die gesinsisteam bekom is.

Afleiding: By 40% van gesinsisteme was die doel van die kollaterale inligting wat ingewin was, nie gespesifiseer nie.

Die klarifisering van verhoudings sowel as die inwin van professionele menings aangaande die gesinsisteme was eweredig as doel van die kollaterale inligting in hierdie ondersoek verdeel.

C.18 Fasiliteite aangewend in konsultasies met ander persone

Hierdie vraag het gefokus op watter fasiliteite in konsultasies met ander persone buite die gesinsisteam gebruik was, soos in Figuur 33 weergegee.



Figuur 33: Fasiliteite aangewend in konsultasies met ander persone


In Figuur 33 word aangedui dat:

- by 7 uit 10 gesinsisteme, 70%, die konsultasies met ander persone buite die gesinsisteam in die kantoor van die gesinsraadgewer gevoer is.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die konsultasies met ander persone telefonies gevoer is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die konsultasie met ander persone per tuisbesoek gedoen is.

Afleiding: Slegs by 10% van die gesinsisteme was 'n tuisbesoek vir konsultasie met ander persone uitgevoer.

C.19 Evaluering van gesinsfunksionering

In hierdie vraag is aangedui of die inligting ingesamel relevant genoeg was om die gesinsfunksionering te kon evalueer. Hierdie inligting word in Figuur 34 weergegee.



Figuur 34: Evaluering van gesinsfunksionering

Uit Figuur 34 blyk dit dat:




- by 7 uit 10 gesinsisteme, naamlik 70%, inligting ingewin deur gesinsraad-gewer as relevant genoeg beskou was om 'n evaluering van die gesinsfunksionering te kon doen.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die inligting ingewin nie as relevant genoeg beskou was om 'n evaluering van die gesinsfunksionering te kon doen nie.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, geen respons deur die gesinsraadgewers verskaf is nie.
- # **Afleiding:** By die meerderheid gesinsisteme, naamlik 70%, was die inligting ingewin relevant genoeg vir die doeleindes van 'n evaluering van die gesinsfunksionering deur die gesinsraadgewer.
- # By 20% van die gesinsisteme het die gesinsraadgewers geen respons verskaf nie. Dit is onseker of die inligting nie relevant genoeg was nie en of die gesinsraadgewers onseker oor die vraag en antwoord was.
- # Dit wil dus voorkom of die inligting ingewin in 30% van die gesinsisteme nie relevant genoeg was om 'n evaluering van die gesinsfunksionering te kon doen nie.

C.20 Faktore wat evaluering van gesinsfunksionering bemoeilik

Dit is belangrik om daarop te let dat vrae C.20-C.26 op faktore gefokus het wat (1) gesinsfunksionering, (2) gesinsverhoudings en (3) gesinsevaluering onderskeidelik bemoeilik en bevorder het. Dit het dus meegebring dat meer as een faktor per gesinsisteme 'n invloed kon uitoefen.

In vraag 20 is op al die toepaslike faktore wat die evaluering van die gesinsisteme se *funksionering bemoeilik* het, gefokus. Hierdie inligting word in Figuur 35 weergegee.



Figuur 35: Faktore wat evaluering van gesinsfunksionering bemoeilik het

Figuur 35 dui aan dat:

- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, geen respons gerapporteer is nie.
- by 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, onvoldoende klarifisering van inligting 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, emosionele intensiteit van die inligting 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, gebrekkige samewerking deur die gesinsisteem 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, onsekerheid oor die akkuraatheid van die inligting 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.


Afleiding: By die meerderheid gesinsisteme, naamlik 60%, is onvoldoende klarifisering van inligting 'n belangrike faktor wat evaluering van die gesinsisteem deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat bemoeilik het.

By 20% van die gesinsisteme is geen respons gerapporteer nie. Die rede daarvoor is onduidelik.

Dit wil dus voorkom asof die inwin van inligting aangaande 'n gesinsisteem, om 'n deeglike evaluering van die gesin se funksionering deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat te kon doen, deur verskeie faktore bemoeilik is.

C.21 Faktore wat evaluering van gesinsfunksionering bevorder

Hierdie vraag stipuleer die faktore wat die evaluering van die gesinsisteme se funksionering bevorder het. Die inligting word in Figuur 36 aangetoon.



Figuur 36: Faktore wat evaluering van gesinsfunsionering bevorder het

Dit blyk uit Figuur 36 dat:

- by 9 uit 10 gesinsisteme, 90%, voldoende klarifisering van inligting aangedui is as faktor wat evaluering van gesinsfunsionering bevorder het.
- by 7 uit 10 gesinsisteme, 70%, eie professionele ervaring aangedui is as faktor wat evaluering bevorder het.
- by 7 uit 10 gesinsisteme, 70%, samewerking deur die partye en die gesinsisteam 'n faktor was wat evaluering bevorder het.
- by 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, voldoende relevante inligting ingewin aangegee is as 'n faktor wat evaluering bevorder het.
- by 5 uit 10 gesinsisteme, 50%, eie professionele kennis aangedui is as faktor wat evaluering bevorder het.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, hulp deur 'n kollega aangegee is as faktor wat evaluering van die gesinsisteam se funksionering bevorder het.
- by 2 uit 20 gesinsisteme, 20%, dokumentasie en verklarings aangedui is as faktor wat evaluering bevorder het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, verslae deur ander kundiges aangegee is as faktor wat evaluering bevorder het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, lae emosionele intensiteit van inligting 'n faktor is wat evaluering van die gesinsfunsionering bevorder het.

Afleiding: Dit blyk dus dat voldoende klarifisering van inligting asook voldoende relevante inligting aangaande die gesinsisteam deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat as belangrike faktore beskou is wat evaluering van die gesinsfunsionering bevorder het.



- # Samewerking deur die partye en die gesinsisteam is deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat as 'n belangrike faktor ter bevordering van die evaluering van die gesinsfunksionering beskou.
- # Eie professionele ervaring en kennis is ook as belangrike faktore beskou wat evaluering bevorder het.

Algemene afleiding C.20 – C.21: Dit blyk dat die response op vraag C.20 en C.21 weersprekend voorkom ten opsigte van klarifisering van inligting as faktor in die evaluering van gesinsfunksionering. Gesinsraadgewers het by 60% gesinsisteme aangedui dat onvoldoende klarifisering die evaluering bemoeilik het. Die gesinsraadgewers het ook by 90% gesinsisteme aangedui dat voldoende klarifisering die faktor was wat evaluering van gesinsfunksionering bevorder het. Hierdie response kan as 'n diskrepansie geïnterpreteer word. Dit kon egter ook beïnvloed word deur die gesinsraadgewers se besondere interpretasie van die vraag. Dit is navorser se mening dat geen duidelike afleiding met betrekking tot 'n diskrepansie gemaak kon word nie.


C.22 Inligting met betrekking tot evaluering van verhoudings

In hierdie vraag is gestipuleer of die inligting ingewin voldoende was om die verhoudings in die gesinsisteme te kon evalueer.

- By 10 uit 10 gesinsisteme, 100%, is aangedui dat die inligting ingewin relevant genoeg was om die gesinsverhoudings te kon evalueer.

C.23 Faktore wat evaluering van verhoudings bemoeilik

Hierdie vraag het gefokus op al die faktore wat evaluering van die *gesinsverhoudings bemoeilik* het, soos aangetoon in Figuur 37.



Figuur 37: Faktore wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het

Figuur 37 gee 'n aanduiding dat:

- by 7 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 70%, die hoë graad van emosionaliteit van die inligting 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 4 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 40%, onvoldoende klarifisering van inligting 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 3 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 30%, gebrek aan samewerking deur gesinslede 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, dit wil sê 10%, onvoldoende inligting 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.

Afleiding: By die meerderheid gesinsisteme, naamlik 70%, was die hoë graad van emosionele lading waarmee inligting in egskeidingsevaluering gepaardgaan by uitstek die faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.


Dit blyk dat onvoldoende relevante geklarifiseerde inligting by 40% van die gesinsisteme 'n faktor was wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.

Indien die 10% gesinsisteme waar onvoldoende inligting as faktor gerapporteer is in ag geneem word, blyk dit dat die inligting aangaande die gesinsisteme verkry by die helfte van die gesinsisteme nie voldoende was om evaluering van die gesinsverhoudings te kon doen nie.

Daarby word 'n gebrek aan samewerking deur partye en gesinslede by 30% van die gesinsisteme aangedui as 'n faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.

C.24 Faktore wat evaluering van verhoudings bevorder

Die doel van hierdie vraag was naamlik om al die faktore te stipuleer wat evaluering van *gesinsverhoudings bevorder* het. Die data is in Figuur 38 weergegee.



Figuur 38: Faktore wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het

Uit Figuur 38 blyk dit dat:

- by 8 uit 10 gesinsisteme, 80%, eie professionele ervaring aangedui is as faktor wat evaluering vergemaklik het.
 - by 7 uit 10 gesinsisteme, 70%, voldoende relevante inligting aangedui is as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
 - by 7 uit 10 gesinsisteme, 70%, voldoende klarifisering van inligting aangedui is as faktor wat evaluering bevorder het.
 - by 6 uit 10 gesinsisteme, 60%, samewerking deur die gesinsisteam aangedui is as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
 - by 4 uit 10 gesinsisteme, 40%, eie professionele kennis aangedui is as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
 - by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, professionele bystand deur 'n kollega gerapporteer is as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, 'n lae graad van emosionele intensiteit gerapporteer is as faktor wat evaluering bevorder het.
- # **Afleiding:** Eie professionele ervaring is by 80% aangedui as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.



- # Verder blyk dit dat voldoende relevante inligting sowel as voldoende geklarifiseerde inligting aangaande die gesinsisteme elk by 70% gerapporteer is as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
- # Samewerking deur die gesinsisteme is ook aangegee as 'n belangrike faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het, naamlik by 60%.
- # Dit is interessant dat eie professionele kennis slegs by 40% gesinsisteme deur gesinsraadgewers gerapporteer is as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
- # Voorts blyk dit dat by 30% gesinsisteme die gesinsraadgewers van die Kantoor van die Gesinsadvokaat professionele bystand van 'n kollega aangedui het as faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
- # 'n Lae graad van emosionele intensiteit tydens die evalueringsproses is slegs by 20% aangedui as faktor wat evaluering bevorder het.

C.25 Leidinggewende faktore in die evalueringsproses

Hierdie was 'n ope vraag met die doel om al die faktore uit die beskikbare inligting aangaande die gesinsisteme aan te dui wat die gesinsraadgewer in die *evaluering* van die gesin gelei het. Dit is in Tabel 4 aangetoon.

Tabel 4: Leidinggewende faktore in die evalueringsproses

| Faktore | Frekwensie |
|--|------------|
| Geen respons | 2 |
| Verhouding tussen ouers & kinders | 2 |
| Verhouding tussen kinders & grootouers | 1 |
| Stabiliteit van ouer | 2 |
| Beskikbaarheid van ouer vir kind | 1 |
| Ouer se vermoë om in kind se behoeftes te voorsien | 1 |
| Wyse waarop ouer in kind se behoeftes voorsien | 1 |
| Wense van kinders & volwassenheid van kind | 2 |
| Emosionele kwaliteite – liefde & affeksie – in voorsiening van die kind se behoeftes | 1 |
| Emosionele en psigologiese volwassenheid van ouers | 1 |
| Ouers se vermoë om stres & konflik te hanteer | 2 |
| Duidelikheid oor gesinsituasie | 1 |
| Beskikbaarheid van ondersteuningsisteme | 1 |
| Samewerking deur gesinsisteme/partye | 2 |
| Kollaterale inligting | 1 |
| Eie professionele kennis | 2 |
| Psigodinamika van ouers/partye | 1 |
| Bloedtoetse | 1 |
| Eie begrip van betrokke kinders se ontwikkelings- en emosionele behoeftes | 1 |
| Kinders se rolle in konfliktsituasies in die gesinsisteme | 1 |
| Geskiedenis van betrokke sisteme | 1 |
| Psigologiese evaluering | 1 |



In Tabel 4 word aangedui dat:


- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, geen respons verskaf is nie.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die verhouding tussen ouers en kinders aangedui is as faktor wat die gesinsraadgewer in die evalueringsproses gelei het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die stabiliteit van die ouer aangegee is as faktor wat die gesinsraadgewer in die evalueringsproses gelei het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die vermoë van die ouer om stres en konflik te hanteer gerapporteer is as faktor wat die gesinsraadgewer in die evalueringsproses gelei het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die samewerking deur die partye en gesinslede aangedui is as faktor wat die gesinsraadgewer in die evalueringsproses gelei het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, eie professionele kennis aangegee is as faktor wat die gesinsraadgewer in die evalueringsproses gelei het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die wense asook die volwassenheid van die minderjarige kind aangedui is as leidinggewende faktore in die evalueringsproses.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, elk van die volgende aangedui is as leidinggewende faktore in die evalueringsproses wat op die ouer se rol en geskiktheid betrekking het: beskikbaarheid van die ouer vir die kind; ouer se vermoë om in die kind se behoeftes te voorsien; wyse waarop ouer in die kind se behoeftes voorsien; emosionele kwaliteite van liefde en affeksie in voorsiening van die kind se behoeftes; emosionele en psigologiese volwassenheid van ouers; psigodinamika van ouers.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, elk van die volgende weergegee is as leidinggewende faktore in die evalueringsproses wat op die ondersteuningsstelsel betrekking het: verhouding tussen kinders en grootouers; beskikbaarheid van 'n ondersteuningsstelsel.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, elk van die volgende gerapporteer is as leidinggewende faktore in die evalueringsproses wat op inligting aangaande die gesinsstelsel betrekking het: duidelikheid oor die gesinsituasie; kollaterale inligting; geskiedenis van betrokke gesinsstelsel.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die rol van die kinders in die konfliktsituasie aangedui is as leidinggewende faktor in die evalueringsproses.



- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, elk van die volgende aangedui is as leidinggewende faktore in die evalueringsproses: bloedtoetse; psigologiese evaluering; dokumentasie en verklarings.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die gesinsraadgewer se begrip van die kinders se ontwikkelings- en emosionele behoeftes gerapporteer is as leidinggewende faktor in die evalueringsproses.
- # **Afleiding:** Die terugvoer van die gesinsraadgewers van die Kantoor van die Gesinsadvokaat op hierdie ope vraag was baie uiteenlopend.
- # Dit blyk asof 22 faktore wat gesinsraadgewers in die evalueringsproses gelei het, geïdentifiseer is.
- # Gebaseer op die uiteenlopende aard van faktore wil dit voorkom asof die evalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat voorsiening gemaak het vir die individualisering van gesinsisteme.
- # Die wense van die minderjarige kind spesifiek was slegs by 20% as leidinggewende faktor in die evalueringsproses gerapporteer.

C.26 Faktore in die evalueringstelsel wat gesinsevaluering bemoeilik

Hierdie vraag het gefokus op al die faktore in die evalueringstelsel van die Kantoor van die Gesinsadvokaat wat die *evalueringstelsel* van die gesinsisteme *bemoeilik* het en word in Figuur 39 aangetoon.



Figuur 39: Faktore in die evalueringstelsel wat die evalueringstelsel bemoeilik het

Figuur 39 dui aan dat:

- by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, geen respons weergegee is nie.
- by 6 uit 10 gesinsisteme, naamlik 60%, die gebrek aan voldoende tyd aangedui is as faktor wat die evalueringstelsel bemoeilik het.




- by 3 uit 10 gesinsisteme, naamlik 30%, ondoeltreffende fasiliteite weergegee is as faktor wat die evalueringsproses bemoeilik het.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die gebrek aan samewerking deur partye 'n faktor in die evalueringsstelsel was wat die evalueringsproses bemoeilik het.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, ontoereikendheid as ouers by beide partye 'n faktor in die evalueringsstelsel was wat die evalueringsproses bemoeilik het.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die gebrek aan professionele en deskundige bronne aangedui is as faktor wat die evalueringsproses bemoeilik het.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, persoonlikheidsproblematiek by die ouers/partye aangedui is as faktor in die evalueringsstelsel wat die evalueringsproses bemoeilik het.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, die gebrek aan kollaterale inligting gerapporteer is as faktor in die evalueringsstelsel wat die evalueringsproses bemoeilik het.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, kulturele verskille aangedui is as faktor in die evalueringsstelsel wat die evalueringsproses bemoeilik het.
- # **Afleiding:** Gebrek aan voldoende tyd vir assessering was by die meerderheid gesinsisteme, naamlik 60%, die faktor in die evalueringsstelsel van die Kantoor van die Gesinsadvokaat wat die evalueringsproses bemoeilik het.
- # Ondoeltreffende fasiliteite vir assessering by die Kantoor van die Gesinsadvokaat was by feitlik een derde van die gesinsisteme, naamlik 30%, die faktor in die evalueringsstelsel wat die evalueringsproses bemoeilik het.
- # Die faktore wat deur die gesinsraadgewers gerapporteer is, het hoofsaaklik gefokus op die spesifieke probleme wat met elke besondere gesinsevaluering ondervind is.

Vrae C.27-C.28 het op die aanbevelings na evaluering gefokus. Al die aanbevelings wat deur die gesinsraadgewers gemaak is, is aangedui sowel as die faktore wat leidinggewend tot die aanbevelings was.

C.27 Aanbeveling deur gesinsraadgewers na evaluering

Hierdie vraag het die aanbevelings gestipuleer wat die gesinsraadgewers na evaluering met betrekking tot die egskedingsdispute gedoen het. Dit word in Figuur 40 aangetoon.



Figuur 40: Aanbevelings deur die gesinsraadgewers na evaluering


Uit Figuur 40 is dit duidelik dat:

- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, geen aanbeveling gemaak is nie.
 - by 3 uit 10 gesinsisteme, 30%, aanbeveel is dat die sorg (bewaring) van die minderjarige kinders aan die moeder toegestaan word.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, aanbeveel is dat die sorg (bewaring) van die minderjarige kinders aan die vader toegestaan word.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, aanbeveel is dat die sorg (bewaring) van die minderjarige kinders aan die grootouers toegestaan word.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, aanbeveel is dat die sorg (bewaring) van die minderjarige kinders tussen die ouers verdeel word, naamlik een kind na die vader en twee kinders na die moeder.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, 'n interim aanbeveling gedoen is met voorwaardes dat professionele hulp ontvang word.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, aanbeveel is dat redelike kontak (toegang) tussen die kind en die moeder toegestaan word.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, aanbeveel is dat redelike kontak (toegang) tussen die minderjarige kinders en die vader toegestaan word.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, aanbeveel is dat redelike kontak (toegang) tussen die minderjarige kinders en beide ouers toegestaan word.
- # **Afleiding:** By 20% gesinsisteme waar geen aanbeveling gemaak is nie, is die rede onduidelik.
- # Dit blyk dat daar geen stereotipe aanbeveling gemaak is nie en dat vier verskillende vorme van sorg (bewaring) van die minderjarige kinders aanbeveel is.

- # Dit blyk dat die aanbeveling ten opsigte van die sorg (bewaring) van die minderjarige kind feitlik eweredig tussen moeders en vaders verdeel is, met 'n klein meerderheid aan die moeder.
- # Dit wil voorkom of gesinsisteme se besondere omstandighede bepalend in die aanbevelings was. Buitengewone aanbevelings met betrekking tot die sorg (bewaring) van die minderjarige kind is gedoen, naamlik aan die grootouers asook verdeling van sorg (bewaring) tussen die ouers.

C.28 Faktore wat die aanbeveling van gesinsraadgewers beïnvloed

Die doel van hierdie vraag was naamlik om vas te stel watter faktore uit die inligting aangaande die gesinsisteme die aanbeveling deur die gesinsraadgewers beïnvloed het. Die inligting word in Figuur 41 weergegee.



Figuur 41: Faktore wat die aanbeveling deur die gesinsraadgewers beïnvloed het

Dit blyk uit Figuur 41 dat:


- by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, geen respons gebied is nie.
- by 7 uit 10 gesinsisteme, naamlik 70%, stabiliteit ten opsigte van finansies, werk en verblyf aangedui is as faktore wat die aanbeveling beïnvloed het.
- by 6 uit 10 gesinsisteme, naamlik 60%, ouerlike vaardighede, vermoë en houding aangedui is as faktore wat die aanbeveling beïnvloed het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die ouderdom van die kind die faktor is wat die aanbeveling beïnvloed het.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die status quo van die kind aangedui is as die faktor wat die aanbeveling beïnvloed het.



- by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die beskikbaarheid van die ouer gerapporteer is as die faktor wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die psigologiese en emosionele volwassenheid van die kind aangedui is as faktor wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die aard van die verhouding tussen die moeder en kind weergegee is as die faktor wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 2 uit 10 gesinsisteme, naamlik 20%, die ondersteuningsstelsel gerapporteer is as die faktor wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, die wense van die kind aangedui is as die faktor wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, waarneming van en inligting deur kollaterale bronne gerapporteer is as die faktor wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, naamlik 10%, elk van die volgende faktore weergegee is as leidend in die aanbeveling: probleemgedrag by ouers; familiegeskiedenis; geskiedenis van die aansoek.
- # **Afleiding:** In egskeidingsevaluering by die Kantoor van die Gesinsadvokaat is materiële stabiliteit as mees kritiese faktor in aanbevelings aangaande die belang van die minderjarige kind aangedui, naamlik 70%.
- # Ouerlike vaardighede, vermoë en houding is ook as kritiese faktore by aanbevelings beskou, naamlik 60%.
- # Dit blyk dat die wense van die minderjarige kind as onbeduidende faktor in aanbevelings aangaande die belang van die kind gerapporteer is, naamlik slegs 10%.

C.29 Opstel van 'n professionele evalueringsverslag

Hierdie vraag het 'n aanduiding gegee of die gesinsraadgewers 'n professionele evalueringsverslag met betrekking tot die gesinsisteme opgestel het, soos in Figuur 42 aangetoon.



Figuur 42: Opstel van 'n professionele evalueringsverslag

Figuur 42 dui aan dat:

- by 8 uit 10 gesinsisteme, 80%, 'n professionele verslag deur die gesinsraadgewers opgestel is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die professionele verslag hangend is.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, geen respons ontvang is nie.

Afleiding: By die meerderheid gesinsisteme, naamlik 80%, is 'n professionele evalueringsverslag deur die gesinsraadgewers opgestel.

C.30 Persoon aan wie die professionele verslag gelewer word

Hierdie vraag fokus op die persoon aan wie die gesinsraadgewers die professionele verslag gelewer het, soos onder andere die kantoorhoof, hof of gesinsadvokaat. Die resultaat word in Figuur 43 weergegee.



Figuur 43: Persoon aan wie die professionele verslag gelewer is

Uit Figuur 43 blyk dit dat:

- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, geen respons gelewer is nie.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die verslag aan die kantoorhoof gelewer is.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die professionele verslag aan die gesinsadvokaat gelewer is.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die verslag aan die hof gelewer is.



- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die verslag aan die gesinsadvokaat en hof gelewer is.
- # **Afleiding:** Die gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat in hierdie ondersoek het altyd na egskeidingsevaluering aan 'n ander persoon 'n professionele verslag gelewer.
- # Die resultaat op hierdie vraag skep verwarring met betrekking tot die lewering van die professionele verslag. Dit wil voorkom of die verslag soms slegs aan die gesinsadvokaat gelewer is, soms net aan die hof en soms aan die gesinsadvokaat en die hof.
- # Dit is onduidelik waarom geen respons by 20% gesinsisteme gelewer is nie.

C.31 Beroep van die ander persoon wat die professionele verslag ontvang


In hierdie vraag is die beroep van die persoon aan wie die professionele evalueringsverslag deur die gesinsraadgewers gelewer is, gespesifiseer.

Die resultate van hierdie vraag toon aan dat:

- by 8 uit 10 gesinsisteme, 80%, die professionele verslag deur die gesinsraadgewers aan 'n advokaat gelewer is.
- by 2 uit 10 gesinsisteme, 20%, die professionele verslag deur die gesinsraadgewers aan 'n regter gelewer is.
- # **Afleiding:** Die advokaat aan wie die professionele verslag van die gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat gelewer is, is naamlik die gesinsadvokaat.
- # Dit is onduidelik uit die resultaat of die gesinsraadgewers se professionele verslag in 20% gesinsisteme direk aan die regter gelewer is.

C.32 Aard van ander verslae waarvan die professionele verslag deel vorm

Hierdie vraag het gefokus op die aard van ander verslae waarvan die professionele verslag deur die gesinsraadgewers deel uitgemaak het, soos in Figuur 44 aangedui.



Figuur 44: Aard van ander verslag waarvan professionele verslag deel is

Figuur 44 dui aan dat:


- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, geen respons verskaf is nie.
- by 8 uit 10 gesinsisteme, 80%, die professionele verslag deur die gesinsraadgewer deel van die amptelike verslag van die Kantoor van die Gesinsadvokaat gevorm het.
- by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die professionele verslag deur die gesinsraadgewer deel van die gesinsadvokaat en sielkundige se verslag gevorm het.

Afleiding: Dit blyk dus dat die professionele evalueringsverslag deur die gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat altyd deel van 'n ander verslag gevorm het.

Dit blyk verder dat die professionele verslag deur die gesinsraadgewers deel van die amptelike verslag van die Kantoor van die Gesinsadvokaat aan die hof gevorm het.

C.33 Rol van die samesteller van die ander verslag

Die doel van hierdie vraag was om die rol van die samesteller van die ander verslag, waarvan die professionele verslag deur die gesinsraadgewers deel gevorm het, te spesifiseer. Die resultaat is in Figuur 45 aangetoon.



Figuur 45: Rol van samesteller van ander verslag



In Figuur 45 blyk dit dat:

- by 1 uit 10 respondente, 10%, geen respons gelever is nie.
 - by 1 uit 10 respondente, 10%, die antwoord as nie van toepassing nie beskou is.
 - by 3 uit 10 respondente, 30%, die samesteller van die ander verslag as die gesinsraadgewer self aangedui is.
 - by 3 uit 10 respondente, 30%, die samesteller van die ander verslag die spanleier en gesinsadvokaat was.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die samesteller van die ander verslag as die gesinsadvokaat aangedui is.
 - by 1 uit 10 gesinsisteme, 10%, die samesteller van die ander verslag as die spanleier aangedui is.
- # **Afleiding:** Die professionele verslag deur die gesinsraadgewers is in alle ondersoekes aan 'n ander persoon gelever.
- # By 80% van die resultate is die gesinsraadgewers se verslag aan die gesinsadvokaat gelever en het dit deel van die amptelike verslag van die Kantoor van die Gesinsadvokaat gevorm.
- # Dit blyk uit die totale resultate van vrae C.30 tot C.33 dat die gesinsraadgewers se professionele verslag altyd deel van die amptelike verslag, wat deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat aan die hof gelever word, gevorm het en by 80% ondersoekes deur die gesinsadvokaat as spanleier opgestel is. Die professionele verslag deur die gesinsraadgewers is dus nooit 'n selfstandige verslag aan die hof nie.

C.34 Terugvoer aangaande hofbevel


Die vraag het 'n aanduiding gegee of terugvoer vanaf die hof insake 'n hofbevel deur die gesinsraadgewers ontvang is.

Uit die resultate blyk dit dat:

- By 10 uit 10 gesinsisteme, naamlik 100%, geen terugvoer aangaande die hofbevel deur die gesinsraadgewers ontvang is nie.
- # **Afleiding:** Daar bestaan geen sisteem waarvolgens terugvoer aangaande die hofbevel, wat met egskeiding insake die minderjarige kind gemaak is, aan die gesinsraadgewers gelever is nie.

C.35 Voorstelle om die evalueringsproses in egskeiding te bevorder

Hierdie vraag het gefokus op gesinsraadgewers se voorstelle in verband met faktore wat die evalueringsproses van gesinsisteme in egskeiding kan bevorder. Die resultate is in Figuur 46 weergegee.



Figuur 46: Faktore wat die evalueringsproses kan bevorder

Uit Figuur 46 blyk dit dat:

- by 8 uit 10 respondente, 80%, meer tyd vir assessering aanbeveel is.
- by 5 uit 10 respondente, 50%, meer toepaslike fasiliteite vir assessering aanbeveel is.
- by 4 uit 10 respondente, 40%, meer geleentheid vir kollaterale ondersoeke aanbeveel is.
- by 4 uit 10 respondente, 40%, meer deskundige bronne aanbeveel is.
- by 3 uit 10 respondente, 30%, meer toegeruste en addisionele personeel aanbeveel is.
- by 1 uit 10 respondente, 10%, meer toepaslike leiding aanbeveel is.

Afleiding: Dit blyk dus dat meer tyd vir assessering in egskeidingsondersoeke by die meerderheid respondente, 80%, aangedui is as primêre faktor wat die evalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat kan bevorder.

Meer toepaslike fasiliteite vir assessering asook meer geleentheid tot kollaterale ondersoeke en deskundige bronne is ook as belangrike faktore beskou in die bevordering van die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat.

Dit blyk ook dat meer personeel en meer toegeruste personeel weergegee is as faktore wat die evalueringsproses kan bevorder.



In die volgende gedeelte word die empiriese resultate van Afdeling II van die studie weergegee, naamlik die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering.

9.5.2 AFDELING II: Empiriese resultate ten opsigte van die evalueringsproses volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel soos deur die navorser toegepas

Dieselfde vraelys soos deur die gesinsraadgewers voltooi is (Aanhangsel G), is deur die navorser voltooi ten opsigte van vyf gesinsisteme wat volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel geëvalueer is. Die empiriese resultate word dus volgens dieselfde drie afdelings weergegee, naamlik:

- Afdeling A: professionele profiel van die navorser
- Afdeling B: profiel van gesinsisteme in egskeidingsevaluering
- Afdeling C: aard en inhoud van evalueringsproses vir egskeidingsdispute.

Afdeling A: Professionele profiel van die navorser

A.1 Hoogste akademiese kwalifikasie

Hierdie vraag het gefokus op die akademiese opleiding van die navorser en gee die hoogste akademiese kwalifikasie weer.


Uit die resultaat blyk dit dat:

- die navorser oor 'n M.A.(S.W.) graad beskik het.

A.2 Addisionele kwalifikasie

Die doel van hierdie vraag was om te bepaal oor watter addisionele kwalifikasies die navorser beskik het, veral met die oog op toepaslike bewese opleiding in die veld van kinder- en gesinsevaluering.

Die inligting word in Figuur 47 aangetoon.



Figuur 47: Addisionele kwalifikasies van die navorser

Dit blyk uit Figuur 47 dat die navorser oor die volgende addisionele kwalifikasies beskik het:

- Speltherapiesertifikaat
- Gesinsterapiesertifikaat
- Ander:
 - Psigiatriese maatskaplikewerk-graad
 - Onderhandelingsvaardigheidsertifikaat
 - Bestuur van verandering-sertifikaat

Afleiding: Die navorser het oor toepaslike addisionele opleiding en kwalifikasies, naamlik in speltherapie sowel as gesinsterapie, beskik.

Die navorser het voorts beskik oor addisionele opleiding in onderhandeling asook die bestuur van verandering wat op die gesin-in-egskeiding van toepassing gemaak kan word.

A.3 Beroepsondervinding

In hierdie vraag is die aandag gevestig op die aantal jare ondervinding as maatskaplike werker sedert kwalifisering ten einde die ervaring van die navorser in die maatskaplikewerkveld te bepaal.

Uit die resultaat blyk dit dat navorser oor die volgende beroepsondervinding sedert kwalifisering as maatskaplike werker beskik het:

- 26 jaar



Afleiding: Dit blyk dat die navorser oor uitgebreide beroepsondervinding in die maatskaplikewerkveld beskik het, naamlik 26 jaar.

A.4 Ervaring as gesinsraadgewer

Die doel van hierdie vraag was naamlik om te bepaal of die navorser oor enige beroepsondervinding as gesinsraadgewer beskik het.

Die resultaat dui aan dat:

- Die navorser oor 2 jaar ondervinding as gesinsraadgewer beskik het.

Afdeling B: Profiel van gesinsisteme in egskeidingsevaluering

Resultate in Afdeling B is op 5 respondente (gesinne) gebaseer wat gedurende die tydperk April - Mei 2005 geassesseer is.

B.1 Samestelling van die gesinsisteme

Hierdie vraag het gefokus op die samestelling van die gesinsisteme in terme van die aantal gesinslede.


Die resultate dui aan dat:

- die aantal gesinsisteme in die ondersoek 5 was.
- gesin 1 bestaan het uit 6 lede.
- gesin 2 bestaan het uit 3 lede.
- gesin 3 bestaan het uit 4 lede.
- gesin 4 bestaan het uit 3 lede.
- gesin 5 bestaan het uit 5 lede.

Afleiding: Die gemiddelde aantal lede per gesinsisteem was: 4,2.

B.2 Samestelling van minderjarige kinders in die gesinsisteme


Die doel van hierdie vraag was naamlik om die samestelling van die minderjarige kinders in die gesinsisteme met betrekking tot geslag, ouderdom en opvoedkundige vlak te bepaal. Verder het die vraag 'n aanduiding gegee van hoeveel van die minderjarige kinders by die gesinsisteem ingewoon het of nie. Die resultate word in Figuur 48, 49 en 50 onderskeidelik weergegee.



Figuur 48: Geslagsverdeling van minderjarige kinders

Uit Figuur 48 blyk dit dat:

- uit 5 gesinsisteme daar 'n totaal van 8 minderjarige kinders was.
- uit 5 gesinsisteme die geslagsverdeling van 8 minderjarige kinders soos volg was: dogters = 6; seuns = 2.



Figuur 49: Aantal minderjarige kinders wat by gesinsisteme inwoon

Figuur 49 dui aan dat 8 uit 8 minderjarige kinders, dus 100%, by die gesinsisteme ingewoon het.



Figuur 50: Skoolfase van minderjarige kinders

Dit blyk uit Figuur 50 dat:

- 5 uit 8 minderjarige kinders, naamlik 62%, tussen 13-18 jaar oud was, dit beteken dus die hoërskoolfase.
 - 2 uit 8 minderjarige kinders, naamlik 25%, tussen 6-12 jaar oud was, dit beteken dus die laerskoolfase.
 - 1 uit 8 minderjarige kind, naamlik 13%, jonger was as 6 jaar, dit beteken dus voorskoolse fase.
- # **Afleiding:** Dogters het 75% van die minderjarige kinders in die ondersoek gevorm en seuns 25%.
- # 8 uit 8 minderjarige kinders uit 5 gesinsisteme in hierdie ondersoek, dit wil sê 100%, het by die betrokke gesinsisteme gewoon.
- # Die grootste persentasie minderjarige kinders in hierdie ondersoek, naamlik 62%, was in die hoërskoolouderdom en dus in die adolessente lewensfase.
- # Die tweede grootste meerderheid van die minderjarige kinders, naamlik 25%, het die laerskoolouderdomsgroep verteenwoordig terwyl die voorskoolse ouderdomsgroep slegs 13% van die minderjarige kinders in die ondersoek ingesluit het.

B.3 Aantal en tydsduur van huwelike per egpaarsisteme

Hierdie vraag stipuleer die aantal huwelike asook die tydsduur van die huidige huwelik vir gesinsisteme. Die vraag bepaal dus die hoeveelste huwelik die huidige vir die egpaarsisteme is en wat die tydsduur van die huwelik was, soos weergegee in Figuur 51 en 52.




Figuur 51: Aantal huwelike vir egpaarsisteme in 5 gesinne

Uit Figuur 51 blyk dit dat:

- by 3 uit 5 gesinsisteme, dus 60%, die huidige huwelik die eerste huwelik vir die egpaarsisteme was.

- by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, die huidige huwelik die tweede huwelik vir die egpaarsisteam was.




Figuur 52: Tydsduur van huwelike per egpaarsisteam (sien Figuur 51)

In Figuur 52 word aangedui dat:

- 1 uit 3 eerste huwelike, 20%, wat in hierdie ondersoek beëindig is 22 jaar geduur het.
 - 1 uit 3 eerste huwelike, 20%, wat in hierdie ondersoek beëindig is 12 jaar geduur het.
 - 1 uit 3 eerste huwelike, 20%, wat in hierdie ondersoek beëindig is 8 jaar geduur het.
 - 1 uit 2 tweede huwelike, 20%, wat in hierdie ondersoek beëindig is 9 jaar geduur het.
 - 1 uit 2 tweede huwelike, 20%, wat in hierdie ondersoek beëindig is 1 jaar geduur het.
- # **Afleiding:** By 60% gesinsisteme in hierdie ondersoek was dit die eerste huwelik wat beëindig is. By 40% gesinsisteme in hierdie ondersoek was dit die tweede huwelik wat beëindig is.
- # Die gemiddelde tydsduur van die eerste huwelike in hierdie ondersoek was 14 jaar en die gemiddelde tydsduur van die tweede huwelike in hierdie ondersoek was 5 jaar.

B.4 Struktuur van die gesinsisteam

Die doel van hierdie vraag was naamlik om die werkposisie van die ouers in die gesinsisteam te stipuleer, soos in Figuur 53 aangedui.



Figuur 53: Werkposisie van ouers in die gesinsisteem

Dit blyk uit Figuur 53 dat:

- by 5 uit 5 gesinsisteme, dus 100%, die vader voltyds in 'n buitenshuis beroep was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die moeder voltyds buitenshuis werksaam was.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die moeder deeltyds in 'n eie besigheid, selfwerkzaam was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, die moeder voltyds huisvrou was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die moeder deeltyds buitenshuis werksaam was.


Afleiding: By 100% gesinsisteme in hierdie ondersoek was die vader voltyds buitenshuis werksaam terwyl die moeder slegs by 20% gesinsisteme voltyds buitenshuis werksaam was.

By 40% gesinsisteme was die moeder deeltyds in 'n eie besigheid selfwerkzaam en by 20% van die gesinsisteme was die moeder deeltyds buitenshuis werksaam. Die moeder was dus by 60% van die gesinsisteme in hierdie ondersoek deeltyds werksaam.

By slegs 20% gesinsisteme was die moeder voltyds huisvrou.

B.5 Betekenisvolle ander persone in die gesinsisteem

In hierdie vraag is al die betekenisvolle ander persone van die gesinsisteem gerapporteer sowel as hulle ouderdom en inwoonstatus by die gesin, soos in Figuur 54 aangetoon.



Figuur 54: Betekenisvolle ander persone van die gesinsistiem


Figuur 54 toon aan dat:

- by 4 uit 5 gesinsisteme in hierdie ondersoek, 80%, die materne grootmoeder as betekenisvolle persoon betrokke was.
 - by 3 uit 5 gesinsisteme, 60%, die materne grootvader betrokke was.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die paterne grootmoeder betrokke was.
 - by 0 uit 5 gesinne die paterne grootvader betrokke was.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, 'n materne oom betrokke was.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, 'n stiefsuster ouer as 18 jaar betrokke was en by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, 'n stiefbroer ouer as 18 jaar betrokke was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, 'n stiefmoeder betrokke was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, 'n stiefvader by die gesin betrokke was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, 'n saamleefmaat van die ouer betrokke was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme in hierdie ondersoek, dus 20%, het die materne grootmoeder by die gesin ingewoon.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, respektiewelik het 'n stiefmoeder, 'n stiefvader en 'n saamleefmaat van die ouer by die gesin ingewoon.
- # **Afleiding:** Die materne grootmoeder en materne grootvader was by die grootste meerderheid van die gesinsisteme in hierdie ondersoek, naamlik 80% en 60% onderskeidelik, as ondersteuningsistiem betrokke.
- # Die paterne grootvader het by geen gesinsistiem in hierdie ondersoek as betekenisvolle ander persoon gefigureer nie. Die paterne grootmoeder was by 40% van die gesinsisteme as 'n betekenisvolle ander persoon aangedui.
- # By 40% gesinsisteme was ander familieledede, naamlik 'n materne oom en stiefsibbe, as ondersteuning betrokke. By 20% gesinsisteme was 'n stiefouer of saamleefmaat van die biologiese ouer betrokke.

Daar was dus by 3 uit 5 gesinsisteme, 60%, sprake van hersaamgestelde gesinsisteme, naamlik stiefouers asook 'n saamleefmaat wat by die gesin inwoon.

B.6 Aantal konsultasies per gesinsisteam

Hierdie vraag het op die totale aantal konsultasies wat die gesinsisteam tydens die evalueringsondersoek deur die navorser gehad het, gefokus. Die inligting word in Figuur 55 aangetoon.



Figuur 55: Aantal konsultasies per gesinsisteam tydens ondersoek

Dit blyk uit Figuur 55 dat:


- die totale aantal konsultasies vir 5 gesinsisteme tydens die evalueringsondersoek 31 was.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, die totale aantal konsultasies 4 was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die totale aantal konsultasies 5 was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die totale aantal konsultasies 8 was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die totale aantal konsultasies 10 was.

Afleiding: Die gemiddelde aantal konsultasies per gesinsisteam in hierdie ondersoek, was 6,2.

By 60% gesinsisteme was daar meer as 4 konsultasies en 40% gesinsisteme het 4 konsultasies ontvang. Die minimum aantal konsultasies per gesinsisteam in hierdie ondersoek was dus 4.

B.7 Partye in dispuut aangaande die belang van die minderjarige kind

Hierdie vraag het gestipuleer wie die partye was wat by die dispuut van die gesinsisteam in egskeiding betrokke was. Die resultate word in Figuur 56 uiteengesit.




Figuur 56: Partye in dispuut

Figuur 56 toon aan dat:

- by 5 uit 5 gesinsisteme in hierdie ondersoek, dus 100%, beide ouers die partye in dispuut was.
- # **Afleiding:** In hierdie ondersoek was daar geen ander persone soos grootouers as party by die egskeidingsdispuut betrokke nie.

B.8 Inhoud van die dispuut aangaande die belang van die minderjarige kind

Die doel van hierdie vraag was naamlik om die rede vir die dispuut in die egskeiding te stipuleer. Die resultate word in Figuur 57 weergegee.



Figuur 57: Inhoud van die dispuut

Dit blyk uit Figuur 57 dat:

- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die dispuut ten opsigte van die sorg (bewaring) en kontak (toegang) van die minderjarige kind was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die dispuut slegs ten opsigte van die sorg (bewaring) van die minderjarige kind was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die dispuut slegs ten opsigte van die kontak (toegang) tussen die ouer en minderjarige kind was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die dispuut ten opsigte van die besoekreëlings vir die minderjarige kind was.

Afleiding: By die grootste meerderheid van die gesinsisteme in hierdie ondersoek, naamlik 80%, was sorg (bewaring) en/of kontak (toegang) die rede vir die dispuut in belang van die minderjarige kind.

Afdeling C: Aard en inhoud van proses van assessering en evaluering


C.1 Datum van eerste konsultasie

Hierdie vraag gee 'n aanduiding van die tydperk waartydens die eerste konsultasies met gesinsisteme gevoer was.

Dit blyk uit die resultate dat al die eerste konsultasies met die betrokke vyf gesinsisteme gedurende April tot Mei 2005 gevoer is.

C.2 Persone deur wie eerste konsultasies uitgevoer is

In hierdie vraag is gestipuleer wie die eerste konsultasies in die evalueringproses uitgevoer het.



Figuur 58: Persone deur wie eerste konsultasies uitgevoer is

Die resultaat in Figuur 58 dui aan dat al die eerste konsultasies in hierdie ondersoek, dus 100%, deur die navorser alleen uitgevoer is.

C.3-C.5 Eerste konsultasie uitsluitlik deur 'n ander persoon uitgevoer

Hierdie vraag het betrekking indien die eerste konsultasie deur 'n ander persoon as die navorser uitgevoer is.


Nie van toepassing nie.

C.6 Aard van die eerste konsultasie

In hierdie tweeledige vraag was die fokus op (C.6.1) die tydsduur van die eerste konsultasie met die gesinsisteme en (C.6.2) die rol wat die navorser tydens die eerste konsultasie vervul het.

C.6.1 Tydsduur van eerste konsultasie

Die tydsduur van die eerste konsultasies met die vyf gesinsisteme word in Figuur 59 weergegee.



Figuur 59: Tydsduur van die eerste konsultasie

Uit Figuur 59 blyk dit dat:

- by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, die eerste konsultasie 1 uur geduur het.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die eerste konsultasie 2 ure lank was.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die eerste konsultasie 2½ ure geduur het.


Afleiding: By 40% gesinsisteme was die duur van die eerste konsultasie 1 uur en by 60% was dit 2 tot 2½ uur.

C.6.2 Rol wat navorser tydens die eerste konsultasies vervul het

Uit die resultaat blyk dit dat die navorser by al die eerste konsultasies die rol van assessor ingeneem het.

C.7 Gesinslede teenwoordig by die eerste konsultasie

Die doel van hierdie vraag was om te bepaal watter gesinslede by die eerste konsultasie teenwoordig was en hoe die tydsduur van die eerste konsultasie met die gesinslede verdeel is. Die resultate word in Figuur 60 weergegee.



Figuur 60: Gesinslede teenwoordig by en tydsduur van die eerste konsultasie


Figuur 60 toon aan dat:

- by 1 uit 5 gesinsisteme, dit wil sê 20%, die moeder en stiefvader sonder kinders by die eerste konsultasie teenwoordig was. Die tydsduur was 2 ure.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, die moeder en minderjarige kind teenwoordig was en die tydsduur was 2 ure.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die minderjarige kinders individueel by die eerste konsultasie teenwoordig was en die tydsduur per kind was onderskeidelik 1 uur en 1 ½ ure.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, naamlik 40%, die moeder alleen teenwoordig was. Die tydsduur van elk van die konsultasies was 1 uur.
- # **Afleiding:** By 20% gesinsisteme kon twee ouers, naamlik die moeder en stiefvader, by die eerste konsultasie betrek word.
- # By geen gesinsisteme kon beide biologiese ouers gesamentlik by die eerste konsultasie betrek word nie.
- # By 40% gesinsisteme was die minderjarige kinders by die eerste konsultasie teenwoordig.
- # By 80% gesinsisteme was die moeder by die eerste konsultasie teenwoordig.

Die gemiddelde tydsduur van die eerste konsultasie was 1.7 uur.

C.8 Fasiliteite wat vir die eerste konsultasies gebruik is

In hierdie vraag was die fokus op die tipe fasiliteite wat vir die eerste konsultasies gebruik is, soos in Figuur 61 aangedui.



Figuur 61:

Fasiliteite gebruik by eerste konsultasie

Figuur 61 toon aan dat:

- by 3 uit 5 gesinsisteme, dus 60%, die eerste konsultasie in die spreekkamer uitgevoer is.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die eerste konsultasie in 'n konferensiekamer uitgevoer is.

Afleiding: By 40% gesinsisteme is 'n konferensiekamer vir konsultasies gebruik, aangesien meer ruimte benodig was.

By 60% gesinsisteme was die spreekkamer voldoende vir die uitvoer van die eerste konsultasies.

By 100% gesinsisteme was die fasiliteite wat vir die eerste konsultasies aangewend was, professioneel en toepaslik vir die doel sowel as vir die ruimte wat benodig was.

C.9 Professionele tegnieke deur die navorser toegepas

Hierdie vraag het op die professionele tegnieke wat die navorser tydens die eerste konsultasie toegepas het, gefokus en word in Tabel 5 weergegee.

Tabel 5: *Professionele tegnieke deur die navorser toegepas*

| Tegniek | Frekwensie |
|---------------------------|------------|
| Bekendstelling | 5 |
| Uitklaring van doel | 5 |
| Kliniese onderhoudvoering | 5 |
| Vraagstelling | 5 |



| | |
|--|---|
| Projektiwe tegnieke: DAP; KFD; tekeninge | 5 |
| Waarneming | 5 |
| Gesprekvoering | 5 |
| Kontraktering | 5 |
| Verslagskrywing | 5 |

Uit Tabel 5 is dit duidelik dat:

- dieselfde professionele tegnieke tydens die eerste konsultasie by 100% van die gesinsisteme deur die navorser toegepas is.

Afleiding: Die tegnieke wat die navorser tydens die eerste konsultasie toegepas het, was gerig op die stigting van 'n professionele verhouding, beplanning van en kontraktering vir die evalueringsproses.

C.10 Professionele vaardighede deur die navorser toegepas

In hierdie vraag is die professionele vaardighede uitgelig wat die navorser tydens die eerste konsultasies aangewend het, soos in Tabel 6 weergegee.

Tabel 6: Professionele vaardighede deur die navorser toegepas

| Vaardigheid | Frekwensie | Vaardigheid | Frekwensie |
|--------------------------|------------|-----------------|------------|
| Bekendstelling | 5 | Assessering | 5 |
| Beplanning | 5 | Konfrontering | 1 |
| Vestiging van verhouding | 5 | Reflektering | 5 |
| Vraagstelling | 5 | Fokus | 5 |
| Luister | 5 | Organisering | 5 |
| Aktiewe luister | 5 | Terugvoer | 5 |
| Klarifisering | 5 | Interpretering | 5 |
| Deurdringing | 3 | Evaluering | 5 |
| Waarneming | 5 | Verslagskrywing | 5 |

Uit Tabel 6 blyk dit dat:

- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die navorser konfrontering as vaardigheid aangewend het.
- by 3 uit 5 gesinsisteme, 60%, die navorser deurdringing as vaardigheid toegepas het.
- al die ander vaardighede by 100% gesinsisteme toegepas is.

Afleiding: Dit blyk dat die navorser konsekwent was in die toepassing van professionele vaardighede.

Die navorser het gesinsisteme geïndividualiseer en het addisionele vaardighede aangewend soos in die besondere situasie verlang is.

- # Die professionele vaardighede wat die navorser tydens die eerste konsultasies aangewend het, was gerig op die vestiging van die professionele verhouding, individualisering van die gesinsisteam, die beplanning van die oplossing vir die krisis en kontraktering vir die evalueringsproses.

C.11 Addisionele konsultasies met gesinsisteam gevoer


Die doel van hierdie vraag was om te bepaal of enige addisionele konsultasies met die gesinsisteam gevoer is.

Die respons dui aan dat by 5 uit 5 gesinsisteam, dus 100%, addisionele konsultasies deur die navorser met die gesinsisteam gevoer is.

- # **Afleiding:** Addisionele konsultasies is in hierdie ondersoek tydens die evalueringsproses van elke gesinsisteam deur die navorser uitgevoer.

C.12 Aantal addisionele konsultasies per gesinsisteam

Hierdie vraag het die aantal addisionele konsultasies wat die navorser per gesinsisteam gevoer het, gestipuleer. Die resultate word in Figuur 62 weergegee.



Figuur 62: Aantal addisionele konsultasies per gesinsisteam


Figuur 62 toon aan dat:

- by 2 uit 5 gesinsisteam, naamlik 40%, 3 addisionele konsultasies uitgevoer is.
- by 1 uit 5 gesinsisteam, 20%, 4 addisionele konsultasies uitgevoer is.
- by 1 uit 5 gesinsisteam, dus 20%, 6 addisionele konsultasies uitgevoer is.
- by 1 uit 5 gesinsisteam, 20%, 8 addisionele konsultasies uitgevoer is.

- # **Afleiding:** Die gemiddelde aantal addisionele konsultasies wat die navorser per gesinsisteam onderneem het, was: 4,8.

C.13 Doelwit van addisionele konsultasies

Hierdie vraag het op die doel van die addisionele konsultasies met die gesinsisteme gefokus. Die resultate word in Figuur 63 aangetoon.



Figuur 63: Doelwit van addisionele konsultasies met gesinsisteme


Uit Figuur 63 blyk dit dat:

- by 5 uit 5 gesinsisteme, 100%, verdere assessering van die minderjarige kinders die doelwit was.
 - by 4 uit 5 gesinsisteme, 80%, verdere assessering van gesinsverhoudings die doelwit was.
 - by 3 uit 5 gesinsisteme, 60%, verdere assessering van die ouers die doelwit was.
 - by 3 uit 5 gesinsisteme, dus 60%, bespreking van die inligting met die gesinsisteme die doelwit was.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, terugvoer met betrekking tot inligting die doelwit was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die versamel van verdere inligting die doelwit was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, klarifisering van die inligting die doelwit was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, leiding ten opsigte van die hantering van omstandighede die doelwit was.
- # **Afleiding:** By 100% gesinsisteme was verdere assessering van minderjarige kinders die doelwit van addisionele konsultasies terwyl by 60% gesinsisteme verdere assessering van die ouers nodig was.
- # By byna al die gesinsisteme, naamlik 80%, was verdere assessering van gesinsverhoudings die doelwit.

- # By 60% gesinsisteme was onderskeidelik verdere assessering van die ouers sowel as terugvoer insake die inligting aangaande die gesinsisteme die doelwit van addisionele konsultasies.
- # By 40% gesinsisteme was bespreking van die inligting aangaande die gesinsisteme die doelwit van addisionele konsultasies.
- # Die navorser het in besonder klem geplaas op addisionele assessering van die minderjarige kind. Volledige assessering van gesinsverhoudings sowel as addisionele assessering van die ouers is as belangrik beskou.
- # Die navorser het verder hoë prioriteit op die bespreking van inligting, in-gewin met die gesinsisteme, geplaas.

C.14 Mate van sukses van doelwit by addisionele konsultasies

In hierdie vraag is die suksesvolle bereiking van die doelwit van die addisionele konsultasies uitgelig asook die wyse waarop die doelwit bereik was. Die resultate word in Figuur 64 aangetoon.



Figuur 64: Wyse van suksesvolle bereiking van doelwit van addisionele konsultasies

Die resultaat bevestig dat by 5 uit 5 gesinsisteme, dus 100%, die doelwit suksesvol bereik is.

In Figuur 64 word die wyse waarop die doelwit suksesvol bereik is, aange-toon:


- by 5 uit 5 gesinsisteme, naamlik 100%, was die interaksiepatrone binne die gesinsisteme waargeneem.

- by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, was die funksioneringspatrone binne die gesinsisteem waargeneem.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, was die verhoudings tussen kinders en ouers en grootouers waargeneem.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, was die kommunikasiepatrone en maatskaplike omstandighede binne die gesinsisteem waargeneem.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, was inligting met betrekking tot die funksioneringspatrone binne die gesinsisteem geklarifiseer.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, was die emosionele samestelling en behoeftes van die minderjarige kind in besonder waargeneem.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, was die ouerplan bespreek.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, was terugvoer insake inligting versamel oorgedra.

Afleiding: By 100% gesinsisteme was die doelwit van die addisionele konsultasies suksesvol bereik deurdat gesinspatrone van funksionering, interaksie en kommunikasie waargeneem en geklarifiseer kon word.

C.15 Konsultasies met persone buite die gesinsisteem

Die doel van hierdie tweeledige vraag was naamlik om te bepaal of konsultasies met enige persone buite die gesinsisteme gevoer is en indien wel, hoeveel konsultasies. Die resultate word in Figuur 65 uiteengesit.



Figuur 65: Konsultasies met ander persone buite die gesinsisteme

Dit blyk uit Figuur 65 dat:


- by 4 uit 5 gesinsisteme, dus 80%, konsultasies met persone buite die gesin gevoer is.

Die resultaat op die gedeelte van die vraag wat gehandel het oor die aantal konsultasies met persone buite die gesinsisteem dui aan dat:

- die totale aantal konsultasies met persone buite die gesinsisteam was 11.
- # **Afleiding:** By 80% gesinsisteme was konsultasies met persone buite die gesinsisteam gevoer.
- # Die gemiddelde aantal konsultasies met persone buite die gesinsisteam was 2,2.
- # Die navorser het klem op die inwin van inligting uit kollaterale bronne geplaas.

C.16 Persone buite die gesinsisteam by konsultasies betrek

Hierdie vraag het gespesifiseer met watter persone buite die gesinsisteme die navorser konsultasies gevoer het, soos in Figuur 66 aangedui.



Figuur 66: Persone buite die gesinsisteme wat by konsultasies betrek is


Dit blyk uit Figuur 66 dat:

- by 2 uit 5 gesinsisteme, dit wil sê 40%, die materne grootmoeder by konsultasies betrek was.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die materne grootvader by konsultasies betrek was.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, 'n onderwyser by konsultasies betrek was.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, vriende by konsultasies betrek was.

- by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, 'n maatskaplike werker betrek was.
- # **Afleiding:** By die meerderheid gesinsisteme in hierdie ondersoek, naamlik 80%, was grootouers as kollaterale bronne betrek.
- # By 60% gesinsisteme was 'n professionele persoon as kollaterale bron betrek en by 40% gesinsisteme was vriende as kollaterale bronne betrek.

C.17 Doel van konsultasies met persone buite die gesinsisteam

Hierdie vraag het gefokus op die doel van konsultasies deur die navorser met persone buite die gesinsisteme. Die inligting word in Figuur 67 weergegee.




Figuur 67: Doel van konsultasies met ander persone buite die gesinsisteme

Figuur 67 toon duidelik aan dat:

- by 3 uit 5 gesinsisteme, dus 60%, klarifisering van verhoudings die doelwit van konsultasies met persone buite die gesinsisteam was.
 - by 3 uit 5 gesinsisteme, 60%, klarifisering van sistemiese verbintenisse die doelwit was.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, naamlik 40%, kollaterale inligting bekom die doelwit was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, funksioneringspatrone bespreek is.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die professionele verslag bespreek is.
- # **Afleiding:** By die meerderheid gesinsisteme in hierdie ondersoek, naamlik 60%, het die navorser die verhoudings asook die sistemiese verbintenisse van die gesinsisteam met die hulp van kollaterale bronne geklarifiseer.
- # Kollaterale bronne het 'n onontbeerlike rol in die egskeidingsevalueeringsproses vervul.

C.18 Fasiliteite aangewend in konsultasies met ander persone buite die gesinsisteme

In hierdie vraag is aangedui watter fasiliteite vir die konsultasies met persone buite die gesinsisteme gebruik was, soos in Figuur 68 weergegee.



Figuur 68: Fasiliteite aangewend in konsultasies met persone buite die gesinsisteme

Uit Figuur 68 blyk dit dat:

- by 3 uit 5 gesinsisteme, dus 60%, persoonlike telefoonoproepe aangewend was in die konsultasies met persone buite die gesinsisteme.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, tuisbesoeke by die persone buite die gesinsisteme vir die konsultasies uitgevoer was.

Afleiding: Die navorser het in hierdie ondersoek van telefoniese konsultasies sowel as tuisbesoeke gebruik gemaak om kollaterale bronne te benut.

C.19 Relevansie van inligting ten opsigte van evaluering van gesinsfunksionering


Die doel van hierdie vraag was om te bepaal of die inligting aangaande die gesinsisteme ingewin, relevant genoeg was om gesinsfunksionering te kon evalueer.

Die resultaat dui aan dat by 5 uit 5 gesinsisteme, dit wil sê 100%, die inligting ingewin voldoende was om gesinsfunksionering te kon evalueer.

Dit is belangrik om daarop te let dat vrae C.20-C.26 gefokus het op al die faktore wat (1) gesinsfunksionering, (2) gesinsverhoudings en (3) gesinsevaluering inderskeidelik bemoeilik en bevorder het. Dit het dus meegebring dat meer as een faktor per gesinsisteme 'n invloed kon uitoefen.

C.20 Faktore wat evaluering van funksionering bemoeilik

Hierdie vraag het gefokus op die faktore wat evaluering van *gesinsfunksionering bemoeilik* het, soos aangedui in Figuur 69.



Figuur 69: Faktore wat evaluering van *gesinsfunksionering bemoeilik* het


Dit blyk uit Figuur 69 dat:

- by 3 uit 5 gesinsisteme, naamlik 60%, emosionele intensiteit van die inligting 'n faktor was wat evaluering van *gesinsfunksionering bemoeilik* het.
- by 3 uit 5 gesinsisteme, 60%, 'n gebrek aan samewerking deur die partye 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, onstabiele gedrag van die vader 'n faktor was wat evaluering van *gesinsfunksionering bemoeilik* het.

Afleiding: By die grootste meerderheid gesinsisteme in hierdie ondersoek, naamlik 60%, was die emosionele intensiteit van die inligting ter sprake sowel as die gebrek aan samewerking deur die onderskeie partye faktore wat die evaluering van *gesinsfunksionering bemoeilik* het.

C.21 Faktore wat evaluering van funksionering bevorder

Die fokus van hierdie vraag was naamlik op die faktore wat evaluering van *gesinsfunksionering bevorder* het. Die resultate word in Figuur 70 aangetoon.



Figuur 70: Faktore wat evaluering van gesinsfunksionering bevorder het

Figuur 70 toon aan dat:

- by 5 uit 5 gesinsisteme, 100%, die navorsers se eie professionele kennis sowel as die navorsers se eie professionele ervaring faktore was wat evaluering van gesinsfunksionering bevorder het.
 - by 4 uit 5 gesinsisteme, dus 80%, samewerking tussen familieledes 'n faktor was wat evaluering bevorder het.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die tuisbesoeke aan beide ouerhuise 'n faktor was wat evaluering bevorder het.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, die inwin van voldoende inligting 'n faktor was wat evaluering van gesinsfunksionering bevorder het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, voldoende duidelike inligting 'n faktor was wat evaluering bevorder het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die ouderdom en volwassenheid van die ouers 'n faktor was wat evaluering van gesinsfunksionering bevorder het.
- # **Afleiding:** By al die gesinsisteme, dit wil sê 100%, was die navorsers se eie professionele kennis en ervaring faktore wat gesinsevaluering bevorder het.
- # Samewerking tussen die lede van die gesinsisteam was by 'n groot persentasie gesinsisteme in hierdie ondersoek, naamlik 80%, 'n faktor wat gesinsevaluering bevorder het.
- # Die tuisbesoek aan beide ouerhuise sowel as die verkryging van voldoende duidelike inligting was ook by 'n groot persentasie gesinsisteme, 40%, faktore wat evaluering bevorder het.


C.22 Inligting met betrekking tot evaluering van verhoudings

In hierdie vraag is bepaal of die inligting wat aangaande die gesinsisteme ingewin is relevant genoeg was om gesinsverhoudings te kon evalueer.

Die resultaat toon aan dat by 5 uit 5 gesinsisteme, dus 100%, die inligting ingewin relevant genoeg was om die gesinsverhoudings te kon evalueer.

C.23 Faktore wat evaluering van verhoudings bemoeilik

Die fokus in hierdie vraag was op die faktore wat evaluering van *gesinsverhoudings bemoeilik* het, soos aangetoon in Figuur 71.



Figuur 71: Faktore wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het


Dit blyk uit Figuur 71 dat:

- by 3 uit 5 gesinsisteme, dus 60%, die hoë graad van emosionele intensiteit van inligting 'n faktor was wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.
- by 3 uit 5 gesinsisteme, 60%, die gebrek aan samewerking deur die partye in dispuut 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, dit wil sê 20%, 'n gebrek aan voldoende klarifisering van inligting 'n faktor was wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, gebrek aan kollaterale inligting 'n faktor was wat evaluering bemoeilik het.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, geen tuisbesoek 'n faktor was wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.

- # **Afleiding:** By 60% gesinsisteme in hierdie ondersoek was die hoë graad van emosionele intensiteit van die inligting ter sprake 'n faktor wat evaluering van verhoudings bemoeilik het.
- # Die gebrek aan samewerking deur die partye betrokke in die dispuut was ook by 'n groot groep respondente in hierdie ondersoek, naamlik 60%, 'n faktor wat evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.
- # Dit blyk dat onvoldoende geklarifiseerde inligting aangaande die gesinsisteme evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.
- # Dit blyk ook dat 'n gebrek aan 'n tuisbesoek by beide ouers evaluering van gesinsverhoudings bemoeilik het.

C.24 Faktore wat evaluering van verhoudings bevorder

Hierdie vraag het die faktore wat evaluering van *gesinsverhoudings bevorder* het, gestipuleer. Hierdie inligting word in Figuur 72 weergegee.



Figuur 72: Faktore wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het


In Figuur 72 word aangetoon dat:

- by 5 uit 5 gesinsisteme, dus 100%, die navorser se eie professionele kennis sowel as die navorser se eie professionele ervaring faktore was wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
- by 4 uit 5 gesinsisteme, 80%, die samewerking deur familieledede 'n faktor was wat evaluering bevorder het.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, dit wil sê 40%, voldoende relevante inligting 'n faktor was wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, tuisbesoeke aan beide ouerhuise 'n faktor was wat evaluering bevorder het.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, die ouderdom en volwassenheid van die ouers 'n faktor was wat evaluering van verhoudings bevorder het.

- # **Afleiding:** Die navorser se eie professionele kennis en ervaring was in hierdie ondersoek by 100% gesinsisteme faktore wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
- # Dit blyk ook dat by 'n groot meerderheid gesinsisteme, naamlik 80%, die samewerking deur familieledede 'n faktor was wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.
- # Dit blyk ook dat tuisbesoeke aan beide ouerhuise asook voldoende duidelike, geklarifiseerde inligting faktore was wat evaluering van gesinsverhoudings bevorder het.

C.25 Leidinggewende faktore in die evalueringsproses

Hierdie vraag het gefokus op die faktore uit die inligting ten opsigte van die gesinsisteme wat *leidinggewend* was in die *gesinsevaluering* deur die navorser. Die resultate word in Figuur 73 aangetoon.



Figuur 73: Leidinggewende faktore in die gesinsevaluering

Figuur 73 dui aan dat:


- by 2 uit 5 gesinsisteme, naamlik 40%, die behoeftes en wense van die minderjarige kind 'n faktor was wat die navorser in die evalueringsproses gelei het.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die verhouding tussen die kinders onderling 'n faktor was wat die navorser in die evalueringsproses gelei het.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, klarifikasie van risikogedrag by een ouer 'n faktor was wat leiding in die evalueringsproses gebied het.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die verhouding tussen ouers en kinders 'n faktor was wat leidinggewend in die evalueringsproses van die gesinsisteme was.



- by 1 uit 5 gesinne, dus 20%, die funksioneringspatrone van die ouers 'n faktor was wat leiding in die evalueringsproses gebied het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die ondersteuningsstelsel van die ouer 'n faktor was wat die navorser leiding in die gesinsevalueringsproses gegee het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, die emosionele stabiliteit van die ouer 'n faktor was wat die navorser in die evalueringsproses gelei het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die maatskaplike omstandighede van die gesinsistelsel 'n faktor was wat leidinggewend in die evalueringsproses was.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die emosionele vlak van die kind 'n faktor was wat leiding in die evalueringsproses gebied het.
- # **Afleiding:** By 40% gesinsisteme in hierdie ondersoek het die navorser die wense en behoeftes van die minderjarige kind as leidinggewende faktor in die gesinsevalueringsproses aangewend.
- # Dit blyk dat die navorser ook by 40% gesinne die verhouding tussen die kinders onderling as leidinggewende faktor in die gesinsevalueringsproses aangewend het.
- # Die navorser het by 20% gesinsisteme die emosionele vlak van die kind as leidinggewende faktor in die gesinsevaluering aangewend.
- # Die emosionele stabiliteit van die ouer, die funksioneringspatrone van die gesinsistelsel, die ondersteuningsstelsel van die gesinsistelsel asook die maatskaplike omstandighede het onderskeidelik by 20% gesinne aan die navorser leiding in die evalueringsproses gebied.
- # Dit blyk dus dat die navorser die behoeftes en wense en ontwikkelingsvlak van die minderjarige kind in die meerderheid gesinsisteme as leidinggewende faktore in gesinsevaluering aangewend het.

C.26 Faktore in die evalueringsstelsel wat gesinsevaluering bemoeilik

Die fokus in hierdie vraag was op die faktore in die evalueringsstelsel wat *gesinsevaluering* in egskeiding *bemoeilik* het, soos in Figuur 74 aangetoon.



Figuur 74: Faktore in evalueringstelsiem wat gesinsevaluering bemoeilik het

Dit blyk uit Figuur 74 dat:

- by 2 uit 5 gesinsisteme, dit wil sê 40%, die koste verbonde aan 'n uitgebreide kollaterale ondersoek 'n faktor was wat gesinsevaluering in die egskedingsproses bemoeilik het.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die emosionele intensiteit van die gesinsomstandighede 'n faktor was wat gesinsevaluering bemoeilik het.
- by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, gebrek aan samewerking deur een party 'n faktor was wat die gesinsevalueringstelsiem bemoeilik het.
- by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, die gebrek aan 'n stelsiem waardeur beide ouers deur dieselfde deskundige geëvalueer word 'n faktor was wat die gesinsevaluering tydens die egskedingsproses bemoeilik het.

Afleiding: In hierdie ondersoek blyk dit dat die koste verbonde aan 'n uitgebreide kollaterale ondersoek 'n faktor was wat deeglike gesinsevaluering bemoeilik het.

Dit blyk ook dat die emosionele intensiteit van die gesinsomstandighede 'n faktor was wat gesinsevaluering bemoeilik het.

In dieselfde mate blyk dit dat gebrek aan samewerking deur een party 'n faktor was wat gesinsevaluering in egskeding bemoeilik het. Hierdie feit sluit aan by die bevinding dat die gebrek aan 'n stelsiem waardeur beide ouers deur dieselfde professionele deskundige geëvalueer word, ook 'n faktor was wat gesinsevaluering in egskeding bemoeilik het.

Vrae C.27-C.38 het gefokus op die aanbevelings na evaluering asook die faktore wat leidinggewend tot die aanbeveling was. Weereens was daar verskeie faktore per gesinsistiem wat 'n invloed kon uitoefen.



C.27 Aanbevelings ten opsigte van die egskedingsdispuut na evaluering

Die doel van hierdie vraag was naamlik om die aanbevelings weer te gee wat die navorser na die gesinsevaluering met betrekking tot die egskedingsdispuut gemaak het.

Tabel 7: Aanbevelings ten opsigte van egskedingsdispuut na evaluering deur navorser


| |
|---|
| 1. Wysiging van sorg (bewaring) van minderjarige kind na gedeelde sorg (bewaring) tussen biologiese ouers met wysiging van kontak (toegang). |
| 2. Geen wysiging – herstel van sorg (bewaring) by moeder met opgeskorte kontak (toegang) tussen minderjarige kind en vader asook terapie aan minderjarige kind met betrekking tot hantering deur die vader. |
| 3. Gesamentlike sorg (bewaring) tussen biologiese ouers met primêre versorging deur vader met 'n ouerplan. |
| 4. Sorg (bewaring) aan moeder met beperkte kontak (toegang) onder supervisie tussen minderjarige kind en vader met gereelde professionele assessering van kontak (toegang). |
| 5. Sorg (bewaring) aan moeder met gereelde kontak (toegang) tussen minderjarige kinders en vader met professionele monitering van die aanpassing. |

Tabel 7 toon die volgende aan:

- by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, is gedeelde sorg (bewaring) van die minderjarige kind tussen die ouers aanbeveel.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, is sorg (bewaring) van die minderjarige kind by die moeder bekragtig en opgeskorte kontak (toegang) tussen die vader en die minderjarige kind aanbeveel. Individuele terapie vir die minderjarige kind ten einde die emosionele trauma aan te spreek, is ook aanbeveel.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, is gesamentlike sorg (bewaring) tussen biologiese ouers met primêre versorging deur die vader met 'n ouerplan vir hantering aanbeveel.
 - by 1 uit 5 gesinne, dus 20%, is sorg (bewaring) van die minderjarige kind aan die moeder met beperkte kontak (toegang) onder supervisie tussen die kind en vader aanbeveel. Gereelde professionele assessering van die kontak (toegang) is ook aanbeveel.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, is sorg (bewaring) van die minderjarige kinders aan die moeder met gereelde kontak (toegang) tussen die kinders en die vader aanbeveel met professionele assessering van die aanpassing.
- # **Afleiding:** Die navorser het geen standaardaanbeveling gedoen nie. Elke gesinsisteme was geïndividualiseer en 'n aanbeveling was gemaak met betrekking tot die egskedingsdispuut volgens die besondere behoeftes en omstandighede van die betrokke gesinsisteme.

C.28 Faktore wat die aanbeveling beïnvloed

Hierdie vraag het die faktore aangedui wat die navorser se aanbeveling met betrekking tot die egskeidingsdispuut beïnvloed het, soos in Figuur 75 aangetoon.



Figuur 75: Faktore wat aanbeveling deur navorser beïnvloed het

Uit Figuur 75 blyk dit dat:

- by 2 uit 5 gesinsisteme, naamlik 40%, die verhouding tussen kind en ouers die faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die wense van die minderjarige kind 'n faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, dus 40%, die behoeftes en ontwikkelingsvermoëns van die minderjarige kind 'n faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 2 uit 5 gesinsisteme, 40%, die risikogedrag deur die vader 'n faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, onstabiële gedrag deur die vader 'n faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die emosionele samestelling van die kind 'n faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, 20%, die psigo-sosiale omstandighede van die gesin 'n faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
 - by 1 uit 5 gesinsisteme, dus 20%, die ouderdom van die minderjarige kind 'n faktor was wat die aanbeveling beïnvloed het.
- # **Afleiding:** Die navorser het dus in hierdie ondersoek verskeie faktore by elke gesinsisteme in ag geneem by die finalisering van 'n aanbeveling met betrekking tot die egskeidingsdispuut.

- # Die verhouding tussen kinders en ouers, die wense van die minderjarige kind sowel as die behoeftes en ontwikkelingsvlak van die minderjarige kind en die risikogedrag deur 'n ouer was faktore wat deur die navorser in ag geneem is by die maak van die aanbeveling na evaluering.
- # Dit blyk verder dat ander faktore met betrekking tot die minderjarige kind, naamlik die emosionele samestelling van die minderjarige kind asook die ouderdom van die kind, bepalende faktore by die aanbeveling was.

C.29 Professionele verslag deur die navorser

In hierdie vraag is bepaal of daar 'n professionele verslag ten opsigte van die gesinsevaluering deur die navorser opgestel was.

Dit blyk uit die resultaat dat:

- By 5 uit 5 gesinsisteme, dus 100%, 'n professionele evalueringsverslag deur die navorser opgestel was.

C.30 Die professionele verslag

In hierdie vraag is aangedui aan wie die navorser die professionele evalueringsverslag na afhandeling gelewer het, soos in Figuur 76 aangetoon.



Figuur 76: Persone aan wie die professionele verslag gelewer word


Figuur 76 toon die volgende aan:

- by 5 uit 5 gesinsisteme, dus 100%, was die verslag aan die ouersisteme sowel as die regsverteenvoorder van elke gesinsisteme gelewer.

C.31 Beroep van persoon wat professionele verslag ontvang

Die vraag het 'n aanduiding gegee van die beroep van die persone wat die

professionele verslag vanaf die navorser ontvang het. Die resultaat word in Figuur 77 weergegee.



Figuur 77: Beroep van persoon

wat professionele verslag ontvang het

Figuur 77 toon aan dat:

- by 5 uit 5 gesinsisteme, naamlik 100%, die persoon wat die professionele verslag ontvang het die ouers was wat in die egskeidingsdispuut betrokke was.
- by 5 uit 5 gesinsisteme, 100%, die regsverteenvoordigers van die partye in dispuut ook die professionele verslag van die navorser ontvang het.

Afleiding: By 100% gesinsisteme het die ouers en die regsverteenvoordigers van die partye in dispuut die navorser se professionele verslag ontvang.

C.32 Ander verslae waarvan die professionele verslag deel uitmaak

Hierdie vraag het gefokus op ander verslae waarvan die navorser se professionele verslag deel gevorm het.

Uit die resultaat was dit duidelik dat by 5 uit 5 gesinsisteme, dus 100%, die navorser se professionele evalueringsverslag nie deel van 'n ander verslag uitgemaak het nie.


Afleiding: By 100% gesinsisteme in hierdie ondersoek was die navorser se professionele verslag dus 'n outonome en onafhanklike verslag.

C.33 Rol van die samesteller van die ander verslag

Nie van toepassing nie (sien C.32)

C.34 Terugvoer aangaande die hofbevel

In hierdie vraag was aangetoon of daar terugvoer aangaande die hofbevel ten opsigte van 'n gesinsisteam se egskeidingsdispuut deur navorser ontvang is. Die resultaat word in Figuur 78 weergegee.



Figuur 78: Terugvoer aangaande hofbevel

Uit Figuur 78 is dit duidelik dat:

- by 2 uit 5 gesinsisteme, naamlik 40%, terugvoer aangaande die hofbevel ontvang is.
- by 3 uit 5 gesinsisteme, dus 60%, geen terugvoer aangaande die hofbevel ontvang is nie, aangesien die egskeidingsaak nog nie afgehandel was nie.

Afleiding: Dit blyk dus dat in hierdie ondersoek die grootste meerderheid egskeidingsgedinge, naamlik 60% gesinsisteme, nog hangende was en dus nie afgehandel is nie. Die finale hofbevel was dus nie gelewer nie.

C.35 Voorstelle aangaande faktore wat die evalueringsproses in egskeidings kan bevorder

In hierdie vraag was die fokus op identifisering van die faktore wat egskeidingsevaluering kon bevorder. Die resultaat word in Tabel 8 aangetoon.

Tabel 8: Faktore wat egskeidingsevaluering kan bevorder

| |
|---|
| Spesifieke opleiding van gesinsraadgewers in gesinsevaluering en evaluering van die kind. |
| Verpligte evaluering van die gesinsisteam deur dieselfde professionele deskundige. |
| Laer kostes asook 'n sentrale fonds vir regshulp. |
| Meer mediasiegeleenthede en motivering vir mediasie. |
| Korter regsproses. |



Tabel 8 toon die volgende aan:

- opleiding van gesinsraadgewers in gesins- en kinderevaluering is 'n belangrike faktor wat egskeidingsevaluering kan bevorder.
 - 'n sisteem waardeur die gesinsisteem deur dieselfde professionele deskundige geëvalueer word, kan egskeidingsevaluering bevorder.
 - laer kostes van egskeidingsevaluering kon die proses bevorder.
 - groter klem op mediasie in egskeidingsdispute kan die evalueringproses bevorder.
 - minder tydvermorsing tydens die regsproses van egskeiding kan die evalueringproses bevorder.
- # **Afleiding:** Daar is ruim geleentheid om die evalueringproses in egskeiding meer vaartbelyn te maak en sodoende die belange van die minderjarige kind te bevorder.

9.6 SAMEVATTING

Die twee stelle empiriese data het die navorser in staat gestel om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel te evalueer. Die twee stelle data is verkry deur die voltooiing van dieselfde vraelys (Aanhangsel G) deur beide die gesinsraadgewers sowel as die navorser.

Die empiriese data het inligting verskaf aangaande dieselfde drie afdelings, naamlik:

A: professionele profiel van die deskundige ondersoekers, wat deelgeneem het aan die empiriese navorsing, dit wil sê die gesinsraadgewers in Afdeling I en die navorser in Afdeling II;

B: profiel van die gesinsisteme in egskeiding wat deur die deskundige ondersoekers in beide afdelings I en II van die empiriese navorsing geëvalueer is; en

C: aard en inhoud van die proses van assessering en evaluering wat deur die deskundige ondersoekers in beide afdelings I en II van die empiriese navorsing toegepas is.

Dit is hoofsaaklik die vergelyking van die twee afsonderlike evalueringprosesse wat deur die twee groepe deskundige ondersoekers in afdelings I en II toegepas is, wat van belang was. Sodanige vergelyking het na volledige ontleding van die empiriese data die belangrike aspekte van tydsduur van konsultasies, toedeling van assesseringstyd aan gesinslede



asook faktore wat besluitneming beïnvloed het, uitgelig. Gemeenskaplike probleemareas in die egskeidingsevalueringsproses kon ook geïdentifiseer word.

Gevolgtrekkings en aanbevelings in hierdie verband word in die volgende hoofstuk 10 weergegee.



HOOFSTUK 10

“I am a part of all that I have met”

Ulysses (Tennyson)



HOOFSTUK 10

ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS en AANBEVELINGS

10.1 INLEIDING

Die wêreldwye voorkoms van egskeiding as maatskaplike probleem word soos volg in 'n onlangse koerantberig bevestig: “Wêreldwyd woed die storm van egskeiding elke jaar sterker, en Suid-Afrika is geen uitsondering nie” (*Beeld*, 16 Oktober 2006: 20). Die statistiese gegewens met betrekking tot huwelike en egskeidings in Suid-Afrika bevestig bogenoemde stelling. In 2005 is daar 180 657 huwelike in Suid-Afrika voltrek en 32 484 egskeidings is afgehandel met die hoogste persentasie egskeidings eerstens in huwelike van tussen vyf en nege jaar, tweedens in huwelike van vier jaar en korter sowel as huwelike van tien tot veertien jaar (Statistics South Africa, 2006: 39). Die hoogste getal egskeidings het onder mans en vroue in die ouderdomsgroep van 30 tot 39 jaar voorgekom (Statistics South Africa, 2006: 3). Die getal egskeidings in 2005 toon 'n toename teenoor 2004 sowel as in 2003 en 2002 (Statistics South Africa, 2006: 4; 2003: viii).

Dit blyk dus uit die genoemde gegewens dat egskeidings al meer voorkom by huwelike waar jong kinders betrokke is. In 2005 was daar 32 394 minderjarige kinders by die 32 484 egskeidings in Suid-Afrika betrokke wat byna 2 000 meer is as in 2004 (Statistics South Africa, 2006: 4). Dit kom dus neer op 'n gemiddeld van byna een minderjarige kind per gesin-in-egskeiding.

Die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) bepaal in artikel 28(2) dat die beste belang van die minderjarige kind, in alle situasies rakende die kind, die hoogste voorrang moet verkry (Cronje & Heaton, 2004b: 522). 'n Minderjarige kind word as 'n persoon onder die ouderdom van agtien beskou (Cronje & Heaton, 2004b: 522). Hierdie beskerming van die minderjarige kind se belange bevestig die internasionaal aanvaarde beginsel dat die beste belang van die minderjarige kind in alle aksies wat die kind aangaan, ongeag deur watter instansie dit onderneem word, primêre oorweging sal geniet (Hodgkin & Newell, 1998: 37). Hierdie beginsel word in artikel 3 van die Handves vir die Regte van die Kind van die Verenigde Volke Organisasie vervat en is deur die meeste lande bekragtig (Hodgkin & Newell, 1998: 37).



Navorsing in Suid-Afrika dui egter daarop dat die insette van die kind ter bepaling van die belange van die kind in regsgedinge nie oorwegend in ag geneem word nie. Volgens Zaal (2003: 166-167) blyk dit dat maatskaplike werkers, prokureurs asook gesinsadvokate wat as professionele persone minderjarige kinders in hofgedinge bystaan, in die meeste gevalle hulle eie mening oor die beste belang van die kind aan die hof oordra. Die minderjarige kind word meestal nie gehelp om sy eie insette insake sy beste belang aan die hof oor te dra nie. Hierdie bevinding stem ooreen met 'n soortgelyke bevinding in Brittanje (Zaal, 2003: 168). In hierdie verband het Masson en Oakley (in Zaal, 2003: 168) soos volg bevind: "Neither children's interests nor their wishes are strenuously advocated by their representative in every case." Zaal (2003: 168) is van mening dat dit voorkom dat sommige professionele hulpverleners die beginsel in artikel 28(2) van die Grondwet van Suid-Afrika misverstaan en dat ander dit totaal verontagsaam. Hy kom tot die volgende gevolgtrekking: "... Genuine child-advocacy is infrequently provided by lawyers and social workers."

Die opponerende regsisteem waarvolgens egskedings beslis word, bring mee dat egskedende ouers dikwels deur middel van hulle onderskeie regsvertegenwoordigers in 'n ernstige dispuut aangaande die minderjarige kinders gewikkel raak. Die belange van die minderjarige kind word dikwels as motivering gebruik ten einde die belange van 'n ouer te bevorder.

'n Holistiese beskouing van die beste belang van die minderjarige kind in egskeding sluit die belange van die onderskeie gesinsisteme in. Sodanige beskouing verleen dus 'n sistemiese perspektief waarvolgens die beginsel van die beste belang van die minderjarige kind in egskedingsevaluering toegepas kan word. 'n Bepaalde standaard of riglyn vir egskedingsevaluering, wat interdisiplinêr aanvaarbaar is, kan die toepassing van die beginsel dat die beste belang van die minderjarige kind in alle aksies rakende die kind die hoogste voorrang geniet, in die praktyk laat realiseer.

Die doel van hierdie studie was derhalwe om vanuit 'n sistemiese perspektief 'n praktykmodel vir egskedingsevaluering te ontwikkel en empiries te evalueer ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.

Ten einde die doel te bereik, is die volgende doelwitte vir die studie geformuleer:



- Om vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief egskeiding as maatskaplike verskynsel, die gesin as maatskaplike sisteem en die belange van die minderjarige kind teoretiese te konseptualiseer.
- Om die huidige egskeidingsevalueringproses, soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, te ondersoek en te beskryf.
- Om 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief, wat die belange van die minderjarige kind bevorder, te ontwikkel.
- Om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering empiries te evalueer.
- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die praktykbenutting van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering om die belange van die minderjarige kind in egskeiding te bevorder.

Die volgende navorsingsvraag was vir die eksplorerende en beskrywende deel van die studie geformuleer:

- Wat is die aard en inhoud van die egskeidingsevalueringproses wat in die praktyk van die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word ten einde die belange van die minderjarige kind te bevorder?

Die tweede gedeelte van die studie, wat gefokus het op die ontwikkeling en evaluering van 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering, is deur die volgende hipotese gerig:

- Indien die sisteemteoretiese praktykmodel tydens egskeidingsdispute toegepas word, sal die beste belang van die minderjarige kind bevorder word.

Die insig wat uit die studie ontwikkel het, word vervolgens in die vorm van 'n algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings weergegee. Dit word in twee hoofpunte, naamlik (1) literatuurstudie en (2) empiriese resultate, onder die volgende besprekingspunte uitgelig:

- Literatuurstudie
 - Algemene inleiding
 - Algemene sisteemteorie as teoretiese fundering in egskeidingsevaluering
 - Die gesin as maatskaplike sisteem
 - Die minderjarige kind as subsisteem van die gesinsisteem



- Egskeiding as maatskaplike verskynsel
 - Die belange van die minderjarige kind binne die konteks van egskeiding
 - Gesinsassessering in egskeidingsevaluering vanuit 'n sistemiese perspektief.
- Empiriese resultate
 - Kwantitatiewe bevindings van gestruktureerde vraelys insake die eksplorering en beskrywing van die huidige proses van egskeidingsevaluering in die Kantoor van die Gesinsadvokaat
 - Kwantitatiewe bevindings gebaseer op gestruktureerde vraelys insake die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering.

10.2 LITERATUURSTUDIE

10.2.1 Algemene inleiding tot die studie

10.2.1.1 Samevatting

Die eerste hoofstuk dien as algemene inleiding tot die studie. Dit behels 'n inleiding en oriëntasie met betrekking tot die navorsingsonderzoek, gevolg deur die rasionaal vir die onderwerp, 'n fokus op die probleemformulering, die doel en doelwitte, navorsingsvraag en geformuleerde hipotese. Die kern van die eerste hoofstuk is naamlik uitklaring van die navorsingsmetodologie.

In hierdie eerste hoofstuk word die navorsingsbenadering bespreek asook die tipe navorsing, navorsingsontwerp en -prosedures wat gevolg is. Die vooronderzoek word uitgeklaar en aspekte van die universum, populasie en steekproef sowel as steekproefwyse word beskryf. Die relevante etiese aspekte word bespreek, gevolg deur 'n beskrywing van die tekortkominge van die studie. Die hoofkonsepte van die studie word gedefinieer en die hoofstuk word afgesluit met 'n verwysing na die inhoud van die opvolgende hoofstukke.



10.2.1.2 Gevolgtrekkings

Uit die literatuur in hoofstuk 1 kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Egskeiding is 'n wêreldwye verskynsel wat beduidende afmetings in veral die Westerse samelewings aanneem. Egskeiding kom die meeste onder jonger huwelike voor. Die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika bevestig hierdie patroon.
- Egskeiding het ingrypende gevolge vir die struktuur en funksionering van die gesinsisteem. Dit is hoofsaaklik die minderjarige kind wat ernstig deur die egskeiding van die ouers beïnvloed word.
- Groot getalle minderjarige kinders word deur egskeiding beïnvloed. Dit blyk dat gemiddeld een minderjarige kind per gesin-in-egskeiding betrokke is (Statistics South Africa, 2006: 4). In Suid-Afrika behels dit dat daar jaarliks ongeveer 30 000 minderjarige kinders by egskeiding betrokke is (Statistics South Africa, 2006: 4).
- Die regsisteem waarvolgens egskeidings besleg word, berus op die “no-fault”-beginsel. Dit bring mee dat beide ouers aanspraak het op die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind. Daardeur ontstaan 'n proses van omvattende evaluering ten einde die toekoms van die minderjarige kind te bepaal.
- Die heersende beginsel waarvolgens die minderjarige kind se toekoms na egskeiding bepaal moet word, is naamlik dat “die beste belang van die minderjarige kind die hoogste voorrang in alle sake rakende die kind moet geniet”.
- Dit blyk dat daar geen spesifieke wyse is waarvolgens bogenoemde beginsel bepaal word nie. Die interpretasie van die beginsel wissel volgens die besondere omstandighede en persone betrokke by 'n bepaalde gesinsisteem.
- Die opponerende regsproses wat in die beslissings aangaande egskeidings gevolg word, bring groot finansiële koste sowel as emosionele trauma per egskeidende gesinsisteem mee.
- Daar is behoefte aan 'n model waarvolgens 'n eenvormige werkwyse vir die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering ontwikkel kan word.

Gebaseer op die navorsingsmetodologie van die studie het die navorser tot die volgende gevolgtrekkings gekom:



- Die kwantitatiewe navorsingsbenadering in hierdie studie het die navorser in staat gestel om objektiewe waarneming van die vraagstuk te doen en die proses gestruktureer deur te voer. Die vergelyking van twee evalueringsprosesse is deur die proses bereik.
- Intervensienavorsing as tipe navorsing vir hierdie studie was die geskikte keuse aangesien 'n toepaslike intervensie ontwikkel moes word om die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind in egskeiding te bevorder.
- Die kwantitatief-beskrywende ondersoek as navorsingsontwerp in die studie het die navorser in staat gestel om die egskeidingsevalueringsprosesse, soos in die praktyk toegepas, te ontleed, te beskryf en te vergelyk.
- As tekortkominge van die studie het die prosesmatige en intensiewe aard van die studie meegebring dat 'n klein steekproef gebruik moes word wat veralgemenings nie moontlik gemaak het nie. Dit het egter nie die betroubaarheid van die data negatief beïnvloed nie. Verder het die tydintensiewe aard van die evalueringsproses en gebrek aan samewerking deur verwysende praktisyns die keuse van die steekproef bemoeilik.
- Die studie het die kwellings in die praktyk aangaande die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind bevestig en besondere leemtes in die egskeidingsevalueringsproses uitgelig. Hierdie studie kan dus 'n waardevolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n bepaalde standaard waarvolgens die belange van die minderjarige kind in egskeiding vasgestel kan word.

10.2.1.3 Aanbevelings

Die navorser beveel aan dat:

- verdere navorsing met betrekking tot die leemtes in die egskeidingsevalueringsproses in die praktyk onderneem word.
- die implementering van die beginsel van die beste belang van die kind gehandhaaf word. Samewerking tussen alle rolspelers in die veld van egskeiding, naamlik regspraktisyns, ander deskundiges, Kantoor van die Gesinsadvokaat asook ouers, is egter noodsaaklik ten einde hierdie beginsel uit te klaar om daardeur die belange van die minderjarige kind te bevorder.
- oorweging geskenk word aan die implementering van 'n goed geformuleerde riglyn waarvolgens die beste belang van die minderjarige kind en gesinsisteam in egskeidingsevaluering bevorder kan word.



10.2.2. Algemene sisteemteorie as teoretiese fundering in egskeidingsevaluering

10.2.2.1 Samevatting

Hoofstuk 2 is gewy aan literatuurstudie met betrekking tot die algemene sisteemteorie as fundering in egskeidingsevaluering. Die uniekheid van elke gesinsisteem is bespreek en die motivering vir die keuse van die algemene sisteemteorie uitgelig. Die toepaslikheid van die algemene sisteemteorie in egskeidingsevaluering is aan die hand van die inhoud van die teorie sowel as die waarde van die teorie vir bestudering van die gesin bespreek.

Die bespreking van die inhoud van die algemene sisteemteorie in hierdie hoofstuk het behels die omskrywing van 'n teorie in die algemeen ten einde te bepaal tot watter mate die algemene sisteemteorie aan die vereistes van die proses van teoretisering voldoen. Verder het die navorser die algemene argitektuur of plan van die teorie in terme van die intellektuele tradisie daarvan beskryf, waar fokus op die beginsel van holisme geplaas is, die primêre invloedsfere uitgelig is en die invloed op die gesinsterapiebeweging bespreek is. Aanvullend daarby is die uitgangspunte sowel as die onderliggende konsepte van die teorie beskryf. Die hoofstuk is afgesluit met 'n bespreking van die waarde van die algemene sisteemteorie binne die konteks van egskeidingsevaluering ten opsigte van die teoretiese betekenis daarvan asook die betekenis van die teorie vir die bestudering van die gesin.

10.2.2.2 Gevolgtrekkings

Die navorser het tot die volgende gevolgtrekkings ten opsigte van die literatuurstudie in hoofstuk 2 gekom:

- Elke gesinsisteem is uniek met 'n eiesoortige wisselwerkende interaksie tussen die lede daarvan wat beteken dat die karakter van elke gesin nie in 'n ander kombinasie van dieselfde lede herhaal kan word nie.
- Die algemene sisteemteorie is ontwikkel ten einde die georganiseerde kompleksiteit van die wetenskap in 'n eenheid te orden.
- Die algemene sisteemteorie fokus op die beginsel van holisme en die interverwantskap van die dele van 'n sisteem.
- Die algemene sisteemteorie het 'n resente karakter.



- Die algemene sisteemteorie word deur gedragswetenskappe in die algemeen erken en aanvaar.
- Die algemene sisteemteorie het 'n bepaalde invloed op die gesinsterapiebeweging en dit word spesifiek in maatskaplike werk benut.
- Die sisteemteoretiese perspektief bied 'n unieke toepaslike benadering tot gesinsassessering in egskeidingsevaluering waardeur die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind bevorder kan word.

10.2.2.3 Aanbevelings

Op grond van die literatuurstudie in hoofstuk 2 maak die navorser die volgende aanbevelings:

- Egskeidingsevaluering behoort vanuit 'n holistiese benadering beskou te word. Aanbevelings met betrekking tot die beste belang van die minderjarige kind behoort op assessering van die funksioneringspatrone van die interverwantskap van die lede van die gesin-in-egskeiding gegrond te word.
- Alle betrokke rolspelers in die veld van egskeidingsevaluering behoort opleiding in die algemene sisteemteorie te ontvang.

10.2.3 Die gesin as maatskaplike sisteem

10.2.3.1 Samevatting

Inleidend in hoofstuk 3 is literatuur met betrekking tot die konseptualisering en erkenning van die gesin as maatskaplike sisteem beskryf. Dit is opgevolg met 'n bespreking van die veranderde gesinsisteem met die fokus op die maatskaplike verandering van toepassing op die gesinsisteem soos dit in drie verskillende sisteemvlakke binne die gemeenskapsisteem voorkom. Die invloed van die maatskaplike verandering op die gesinstruktuur en gesinsproesse is uitgelig ten einde die veranderde gesinsprofiel te identifiseer.

Hoofstuk 3 is afgesluit met 'n verwysing na die verwantskap tussen die gesin as maatskaplike sisteem en die juridiese sisteem. In die verband is die



ontwikkeling van familiereg in Suid-Afrika uitgelig met 'n bespreking van die toepaslike wetgewing op die gesin-in-egskeiding.

10.2.3.2 Gevolgtrekkings

Die navorser het uit die literatuurstudie tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Die gesin is 'n maatskaplike sisteem binne die gemeenskapsisteem. Die gesinsisteem staan in voortdurende interaksie met ander subsisteme binne die gemeenskapsisteem. Daar vind konstante wedersydse wisselwerking en beïnvloeding tussen die gesinsisteem en gemeenskapsisteem plaas.
- Maatskaplike verandering sedert die industriële rewolusie het indringende aanpassing van die gesinsisteem geverg. Maatskaplike isolasie en onstabiliteit vir die gesinsisteem, met meer emosionele intensiteit binne die gesinsdinamika, is primêre gevolge van die maatskaplike verandering.
- Die gesin as maatskaplike sisteem en instelling toon deur die tyd van ewolusie groot verandering en verskeidenheid, maar terselfdertyd verrassende ooreenkomste met gesinsisteme oor tyd, ruimte en gemeenskappe heen.
- Die ontwikkeling van familiereg het erkenning vir die gelykwaardigheid van die vrou binne die huwelik meegebring. Verder het die verwantskap tussen die biologiese vader en kind buite die huwelik groter erkenning ontvang sodat die kind en vader die reg tot aanspraak op 'n verhouding met mekaar het.
- Die gesinsisteem as maatskaplike sisteem het 'n dinamiese karakter wat groter is as die som van die aantal lede van die gesin.

10.2.3.3 Aanbevelings

Uit die literatuur in hoofstuk 3 maak die navorser die volgende aanbevelings:

- Die gesin-in-egskeiding moet as 'n maatskaplike sisteem beskou word waarvan die geheel groter is as die som van die dele daarvan. In egskeidingsevaluering behoort die gesin dus vanuit 'n sistemiese perspektief beskou te word ten einde erkenning te verleen aan die wisselwerkende karakter van die gesinsfunksionering.



- Ten einde die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering te bevorder moet die gesinsisteem binne al die sistemiese verwantskappe geassesseer word.

10.2.4 Die minderjarige kind as subsisteem binne die gesinsisteem

10.2.4.1 Samevatting

Die literatuurstudie in hoofstuk 4 is gerig op die konseptualisering van die minderjarige kind as subsisteem binne die gesinsisteem. Die minderjarige kind as subsisteem is binne die konteks van egskeidingsevaluering uitgesonder, aangesien die dispute in hierdie verband betrekking het op die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind. Die hoofstuk het begin met 'n beskrywing van die onderskeie subsisteme binne die gesinsisteem en die interaksie daartussen.

Erkenning van die minderjarige kind as individuele mens is beklemtoon. Die hoofstuk het met 'n bespreking van die mensontwikkeling van die minderjarige kind vervolg. Aandag is gevestig op die prosesse, areas en determinante van mensontwikkeling. Hoofstuk 4 is afgesluit met verwysing na die behoeftes van die minderjarige kind tydens al die onderskeie fases van mensontwikkeling.

10.2.4.2 Gevolgtrekkings

Die navorser het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- By beskouing van die minderjarige kind as deel van die gesin-in-egskeiding bied die holistiese benadering van die sistemiese perspektief 'n volledige raamwerk vir bepaling van die beste belang van die kind.
- Die minderjarige kind as subsisteem binne die gesinsisteem is 'n mens in eie reg en produk van die proses van mensontwikkeling sowel as die interaktiewe verwantskap binne die gesin- en gemeenskapsisteme waarvan die kind deel is.
- Die toekoms van die minderjarige kind in egskeiding is onlosmaaklik aan die gesinsisteem van oorsprong gekoppel en die kind se beste belang

behoort binne die konteks van die totale gesinsfunksionering geassesseer te word.

10.2.4.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak:

- Assessering van die beste belang van die minderjarige kind behoort slegs deur deskundiges wat opleiding en ervaring in die ontwikkelingsproses en behoeftes van die minderjarige kind het, uitgevoer te word.
- Die beste belang van die minderjarige kind kan ten beste bevorder word indien die holistiese konteks van die gesinsisteem in ag geneem word.
- Die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering kan bevorder word indien voldoende tyd beskikbaar gestel word vir 'n ingeligte assessering van al die aspekte betrokke in die vorming van die besondere kind binne 'n unieke gesinsisteem.

10.2.5 Egskeiding as maatskaplike probleem

10.2.5.1 Samevatting

Hoofstuk 5 het na egskeiding as maatskaplike probleem verwys. Inleidend is na die instandhouding van die gemeenskaplike lewe of “konsortium” verwys wat deur die huwelik tussen die egpaar tot stand kom. Daarna het 'n konseptualisering van egskeiding as maatskaplike probleem gevolg. Die navorser het voorts die voorkoms van egskeiding as maatskaplike probleem bespreek met die fokus op die historiese konteks, die internasionale voorkoms asook die voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika.

Die prosesmatige aard van egskeiding is in terme van drie kenmerkende fases beskryf, naamlik die besluitnemingsfase, die juridiese fase en die herstellfase. Die navorser het die hoofstuk afgesluit met die bespreking van die sistemiese invloed van egskeiding. In hierdie verband is die invloed op die onderskeie individuele lede van die gesinsisteem, die invloed op die gesin- asook die gemeenskapsisteem krities beskou.



10.2.5.2 Gevolgtrekkings

Uit die literatuurstudie het die navorser tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Egskeiding is 'n wêreldwye verskynsel van sodanige aard dat dit internasionaal as maatskaplike probleem erken word.
- Dit blyk dat gemiddeld een tot twee minderjarige kinders per gesin-in-egskeiding betrokke is. Verder kom dit voor dat die ouderdom van die minderjarige kinders wat by egskeiding betrek word al jonger word.
- Dit kom voor dat die mees algemene reëling met betrekking tot die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind na egskeiding is om die moeder verantwoordelik te maak vir die kind se sorg(bewaring) terwyl die kind die reg van kontak(toegang) tot die vader as nie-versorgende (-bewarende) ouer ontvang.
- Dit blyk dat die vader as nie-versorgende (-bewarende) ouer meestal nie kontak met die minderjarige kind behou of fisiek, finansieel en emosioneel tot die kind se welsyn en versorging bydra nie, ten spyte van 'n hofbevel in die verband.
- Egskeiding het 'n sistemiese invloed en elke individuele lid van die gesin-in-egskeiding asook die subsysteme in die gemeenskapsisteam waarvan die gesin deel is, word beïnvloed.
- Die aanpassing van die gesinsisteam by die egskeidings- en post-egskeidingsfases word deur die gesinstruktuur en die egskeidingsproses bepaal, maar veral deur die gesinsfunksioneringsprosesse, die diverse ondervinding van die gesinsisteam en die betekenis daarvan vir die besondere gesin.

10.2.5.3 Aanbevelings

Die navorser maak die volgende aanbevelings:

- In egskeidingsevaluering, met betrekking tot die beste belang van die minderjarige kind, moet die aandag op die aspekte wat optimale aanpassing na egskeiding kan verseker asook die komponente in die gesins- en gemeenskapsfunksionering wat stabiliteit vir die minderjarige kind kan verseker, fokus.
- Ten einde die beste belang van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering te bevorder, moet die fokus van assessering op dié aspekte van



gesinsfunksionering wees wat die vermoë van die gesin tot aanpasbaarheid en veerkrag of terugkoms (“resilience”) bevorder.

- In egskeidingsevaluering sal die beste belang van die minderjarige kind bevorder word indien gesinsassessering toegepas word met die doel om die gesinsprosesse en die betekenis van verandering vir die individuele lede te verstaan.
- Deskundiges wat met egskeidingsevaluering vertrou word, moet opleiding in gesinsassessering ontvang .
- ’n Sisteem van gradering van deskundiges wat by egskeidingsevaluering betrokke is, moet in terme van opleiding, kwalifikasie, ervaring en objektiwiteit ingestel word.
- Deskundiges wat by egskeidingsevaluering betrokke is, moet by ’n nasionale liggaam wat bogenoemde gradering kan implementeer, geakkrediteer word.
- ’n Basiese riglyn vir egskeidingsevaluering, met die oog op die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind, moet deur ’n nasionale liggaam, soos bo aanbeveel, geïmplementeer word.

10.2.6 Die belange van die minderjarige kind binne die konteks van egskeiding

10.2.6.1 Samevatting

In hoofstuk 6 het die navorser by uitstek die belange van die minderjarige kind in egskeiding bespreek. Inleidend het die hoofstuk gehandel oor die posisie van die minderjarige kind binne die konteks van egskeiding en die invloed van die twee beginsels wat histories die sterkste invloed in hierdie verband uitgeoefen het, naamlik die sogenaamde “tender years doctrine” sowel as die “no fault”-benadering in egskeidingswetgewing. Dit is gevolg deur konseptualisering van die konsep “minderjarige kind”.

Die hoofstuk het voortgegaan met ’n bespreking van die implikasies van egskeiding vir die minderjarige kind. Die juridiese implikasies het gefokus op die aspekte van statutêre beskerming, sorg(bewaring), kontak(toegang), voogdyskap en onderhoud van die minderjarige kind. Die maatskaplike implikasies het verwys na die daaglikse bestaan van die kind terwyl die gedeelte oor die emosionele implikasies die gevoelens van die minderjarige kind ten opsigte van self, ouers en omstandighede beskryf het.



Die kerngedeelte van hoofstuk 6 het die beginsel “die beste belang van die kind” bespreek en dat die beginsel in alle aksies rakende die kind voorrang moet geniet. Die navorser bespreek die aanloop tot die aanvaarding van die beginsel, die inhoud van die beginsel asook die toepassing van die beginsel. In hierdie verband is na artikel 3 van die Handves vir Kinderregte van die Verenigde Nasies en die interpretasie van die beginsel verwys. Verder is die toepaslike faktore by bepaling van die beginsel uitgelig. Die navorser het die bespreking afgesluit met besondere aandag aan die inspraak van die minderjarige kind by toepassing van die beginsel.

10.2.6.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings is uit die literatuur in hoofstuk 6 gemaak:

- Die miskenning van die minderjarige kind as mens het gelei tot die aanvaarding van die Handves vir Kinderregte van die Verenigde Nasies met die doel om ’n universele riglyn ter beskerming van die regte van die kind daar te stel.
- Die toepassing van die beginsel dat die “beste belang van die kind” in alle aksies rakende die kind voorrang moet geniet, het in egskeidings-evaluering meegebring dat die minderjarige kind die onderwerp van die egskeidende ouers se dispuut in die opponerende regsisteem geword het.
- Dit blyk dat die beginsel van die “beste belang van die kind” in egskeidingsevaluering nie noodwendig in belang van die kind aangewend word nie, maar meer dikwels as motivering vir die belang van die ouer misbruik word.
- Dit blyk dat die minderjarige kind in egskeidingsevaluering meestal nie geleentheid tot inspraak in die bepaling van sy/haar beste belang het nie.
- Dit blyk dat die interpretasie van die beginsel van die “beste belang van die kind” deur die deskundige en regsvertegenwoordiger betrokke by elke besondere egskeidingsevaluering bepaal word. Daar bestaan geen riglyn of standaard waaraan die toepassing van die beginsel getoets kan word nie.

10.2.6.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings word in hierdie verband gemaak:



- Dat ’n riglyn en bepaalde prosedures met betrekking tot die toepassing van die beginsel “die beste belang van die kind” vir egskeidingsevaluering ontwikkel word.
- Ten einde die “beste belang van die kind” in egskeidingsevaluering te bevorder, moet die minderjarige kind meer inspraak in die ondersoek na oplossings vir die dispuut verkry.

10.2.7 Gesinsassessering in egskeidingsevaluering vanuit ’n sistemiese perspektief

10.2.7.1 Samevatting

In die inleiding van hoofstuk 7 is na die sistemiese impak van egskeiding wat ’n verlies aan die lewensvatbaarheid van die gesinsproses meebring, verwys. Die sistemiese verwantskap van die impak van egskeiding en die gevolge daarvan vir die bepaling van die sorg(bewaring) en kontak(toegang) van die minderjarige kind, is uitgelig. Dit is opgevolg deur die konseptualisering van die konsepte “gesinsassessering”, “egskeiding” sowel as “maatenskaplike funksionering”.

Die navorser het voorts die rasionaal vir gesinsassessering binne die konteks van egskeiding beskryf. Die kern van hoofstuk 7 is aan die bespreking van die dimensies van gesinsassessering gewy. Die aspekte wat uitgelig is, is gesinsfunksionering, gesinsverhoudings en gesinsinteraksie. Die hoofstuk is met die eienskappe van gesonde funksionerende gesinsisteme afgesluit.

10.2.7.2 Gevolgtrekkings

Uit die literatuur in hoofstuk 7 is die volgende gevolgtrekkings geformuleer:

- Die doel van gesinsassessering in egskeidingsevaluering impliseer die beste passing tussen die minderjarige kind en die ouersisteam wat in die post-egskeidingsfase die beste belang van die kind sal bevorder.
- Gesinsassessering vanuit ’n sistemiese perspektief is op enige gesinsisteam van toepassing, ongeag kulturele verband.
- Die dimensies van gesinsassessering behels gesinsfunksionering, gesinsverhoudings en gesinsinteraksie.



- Die dimensies van gesinsassessering is interverwant en moet nie in isolasie beskou word nie.
- Die kompleksiteit van die sistemiese funksionering beklemtoon die belangrikheid van 'n holistiese perspektief op egskeidingsevaluering en waarneming deur 'n deelnemende waarnemer.
- Die wyse waarop die evalueringproses met betrekking tot bepaling van die minderjarige kind se beste belang deur die betrokke deskundige gefasiliteer word, is bepalend vir die aanpassing van veral die kind in die post-egskeidingsfase.

10.2.7.3 Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat:

- Gesinsassessering in egskeidingsevaluering vanuit 'n holistiese perspektief benader word.
- Gesinsassessering in egskeidingsevaluering as vereiste by die bepaling van die minderjarige kind se beste belang gestel word.
- Deskundiges wat by egskeidingsevaluering betrokke is, opleiding in gesinsassessering verkry.
- Die unieke karakter van elke gesinsisteam in egskeidingsevaluering erken moet word.

10.3 EMPIRIESE RESULTATE

10.3.1 Resultate gebaseer op die eksplorering en beskrywing van die egskeidingsevalueringproses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas

10.3.1.1 Samevatting

Die kwantitatiewe resultate ten opsigte van die eerste gedeelte van hierdie navorsing, naamlik die eksplorering en beskrywing van die egskeidings-evalueringproses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, is volledig in die voorafgaande hoofstuk 9 uiteengesit. Die navorsers het van handafgelewerde vraelyste gebruik gemaak om kwantitatiewe data te bekom



ten einde die volgende geformuleerde navorsingsvraag vir hierdie gedeelte van die studie te beantwoord:

- Wat is die aard en inhoud van die egskedings-evalueringsproses wat in die praktyk van die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas word ten einde die belange van die minderjarige kind te bevorder?

Vraelyste is deur vyf gesinsraadgewers van die Kantoor van die Gesinsadvokaat ten opsigte van tien gesinsisteme in egskeding (twee gesinne per gesinsraadgewer) voltooi.

10.3.1.2 Gevolgtrekkings

Kwantitatiewe resultate in die eerste gedeelte van die navorsing is by wyse van die vraelys ten opsigte van drie afdelings verkry, naamlik (1) A - professionele profiel van die gesinsraadgewer wat die evaluering uitgevoer het - biografiese inligting; (2) B - profiel van die gesinsisteme wat geëvalueer is – biografiese inligting; en (3) C - die aard en inhoud van die evalueringsproses wat deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas is.

Gevolgtrekkings met betrekking tot die biografiese inligting ten opsigte van die gesinsraadgewers word vervolgens weergegee:

Afdeling A: Professionele profiel van gesinsraadgewers - biografiese inligting

Die populasie vir afdeling A van die eerste gedeelte van die studie het bestaan uit vyf gesinsraadgewers, almal maatskaplike werkers verbonde aan die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria, Gauteng, wat egskedings-evaluering doen met gesinsisteme uit die area wat deur hierdie kantoor bedien word.

- Dit blyk dat gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat oor 'n basiese kwalifikasie in Maatskaplike Werk beskik en dat nagraadse kwalifikasies en/of addisionele opleiding in kinder- en gesinsassessering en -evaluering nie vereiste professionele toerusting is vir die toepassing van egskedings-evaluering nie.
- Dit blyk dat beduidende beroepservaring nie 'n bepaalde vereiste is vir die toepassing van egskedings-evaluering deur gesinsraadgewers in die



Kantoor van die Gesinsadvokaat nie. Dit blyk dat die meerderheid gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat oor min besondere ervaring in egskeidingsevaluering beskik het.

- Dit kom dus voor dat daar nie `n besondere standaard van opleiding en beroepservaring bestaan waarvolgens gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat aangestel word om die intense vraagstuk van egskeidingsevaluering te hanteer nie.

Afdeling B: Profiel van gesinsisteme wat geëvalueer is - biografiese inligting

Die populasie vir afdeling B van die eerste gedeelte van die navorsing het bestaan uit tien gesinsisteme wat die egskeidingsevalueringproses by die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria deurloop het en waarvan die evalueringproses reeds afgehandel was.

- Die samestelling van die 10 gesinsisteme het aansienlik gewissel en die gemiddelde grootte van die gesinsisteme was 4,7 lede met `n totaal van 22 minderjarige kinders, waarvan 12 (55%) dogters was en 10 (45%) seuns.
- Die grootste persentasie minderjarige kinders, 55% (12), was in die laerskoolfase en 18% (4) was in die voorskoolse fase. Dit beteken dus dat 73% van die minderjarige kinders in hierdie populasie jonger as 12 jaar was.
- By die meerderheid respondente gesinsisteme, 80%, was dit die eerste huwelik wat beëindig is. Die helfte van hierdie eerste huwelike (4) het korter as 9 jaar geduur terwyl die ander helfte (4) langer as 13 jaar geduur het.
- By die ander 20% van die huwelike was 1 (10%) die derde huwelik en dit het 7 jaar geduur; die ander 1 (10%) was die vierde huwelik en dit het 2 jaar geduur.
- Die meerderheid huwelike (60%) by die respondente gesinsisteme in hierdie ondersoek het korter as 9 jaar geduur wat meebring dat die minderjarige kinders in sodanige huwelike dus waarskynlik jonger as 9 jaar sou wees. Dié feit word deur die resultaat dat 73% van die minderjarige kinders in hierdie ondersoek jonger as 12 jaar was, bevestig. Hierdie resultaat stem ook met die statistiese gegewens ooreen, naamlik dat die grootste persentasie huwelike wat in Suid Afrika deur egskeiding



ontbind word, huwelike is van tussen vyf en nege jaar duurte, soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek (sien par 1 p. 466).

- Die meerderheid ouers van die respondente gesinsisteme was almal werksaam met slegs 1 ouer(moeder) van die respondente gesinsisteme wat as werkloos aangedui is. Dit wil dus voorkom of die meerderheid gesinsisteme in hierdie ondersoek materieel versorg was.
- Die meerderheid betekenisvolle ander persone betrokke by die respondente gesinsisteme was grootouers. Die betrokkenheid deur die grootouers vanaf beide ouerpartye, naamlik matern sowel as patern, was feitlik eweredig versprei met 'n geringe meerderheid vanaf die materne grootmoeder. Hoewel die meerderheid grootouers nie by die respondente ingewoon het nie, het dit geblyk dat die grootouers hoofsaaklik die ondersteuningsisteme vir die gesinsisteme was.
- Die meerderheid respondente, naamlik 60%, het 1 konsultasie tydens die egskeddingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat ontvang. Geen responderende gesinsisteme het meer as 3 konsultasies tydens die egskeddingsevalueringsproses ontvang nie. Dit wil dus voorkom dat addisionele konsultasies met die gesinsisteme tydens die egskeddingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat in hierdie ondersoek die uitsondering was.
- By die meerderheid respondente, naamlik 60%, was beide biologiese ouers die partye in die egskeddingsdispuut. By 40% respondente was die sorg(bewaring) van die minderjarige kind alleen in dispuut en by 10% respondente was die kontak(toegang) alleen in dispuut. By die ander 50% respondente was die sorg(bewaring) en kontak(toegang) in dispuut. Dit blyk dus dat die sorg(bewaring) van die minderjarige kind in hierdie ondersoek die mees kritiese aspek in dispuut tussen beide ouers was, naamlik by 90% gesinsisteme. Dit wil dus voorkom of beide ouers by die meerderheid gesinsisteme aanspraak op die sorg(bewaring) van die minderjarige kinders gemaak het.

Afdeling C: Die aard en inhoud van die proses van assessering en egskeddingsevaluering deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat

In afdeling C van die eerste gedeelte van die navorsing is inligting weer-gegee ten opsigte van die eksplorering en beskrywing van die egskeddingsevalueringsproses soos in die praktyk deur die gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat in Pretoria toegepas is. Die kwantitatiewe data is verkry uit die toepassing van dieselfde handafgelewerde vraelys op 10 gesinsisteme (2 gesinsisteme per gesinsraadgewer) met betrekking tot wie die



assessering en egskeidingsevalueringsproses tussen 2000 en Maart 2005 uitgevoer was.

- By die meerderheid respondente, naamlik 60% was die eerste konsultasie gedurende 2004 uitgevoer terwyl 30% respondente gedurende 2005 by die eerste konsultasie betrokke was. Een van respondente (10%) het reeds gedurende 2000 die eerste konsultasie ontvang. Dit blyk dat die eerste konsultasies by die meerderheid ondersoekte, naamlik 70%, reeds tussen 6 maande tot 5 jaar gelede uitgevoer was. Let op die omskrywing van hierdie aspek as `n leemte in die studie, soos op bladsy 43 bespreek.
- By die meerderheid respondente, 90%, was die eerste konsultasie deur die gesinsraadgewer saam met `n ander persoon uitgevoer. Slegs by 10% respondente, dus 1, het die gesinsraadgewer die eerste konsultasie alleen uitgevoer. Dit kom dus voor dat die gesinsraadgewers by die meerderheid ondersoekte nie selfstandig as ondersoeker optree nie.
- By die meerderheid respondente, naamlik 80% het die eerste konsultasie tussen 3 en 4 ure geduur. Die gemiddelde tydsduur per responderende gesinsisteam vir die eerste konsultasie by die Kantoor van die Gesinsadvokaat was 3,2 ure. As in ag geneem word dat die meerderheid respondente slegs een konsultasie tydens die evalueringsonderzoek ontvang het, wil dit dus voorkom dat die gemiddelde tydsduur van konsultasies met die gesinsisteam-in-egskeiding slegs 3,2 uur beloop het, wat effektiewe professionele assessering negatief beïnvloed.
- Die rol van die gesinsraadgewer tydens die eerste konsultasie in die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat het feitlik eweredig tussen die respondente gewissel as assessor alleen, fasiliteerder alleen en assessor plus fasiliteerder. Dit blyk dus dat die gesinsraadgewers by die meerderheid gesinsisteme tydens die eerste konsultasie hulp as assessor en/of fasiliteerder verleen het.
- By die meerderheid respondente, dus 60%, was beide ouers en die minderjarige kinders tydens die eerste konsultasie teenwoordig met `n gemiddelde tydsduur van 3,6 uur. Van hierdie respondente is die minderjarige kinders by 2 gesinsisteme (20%) onderskeidelik addisioneel gesamentlik in konsultasie betrek met `n gemiddelde tydsduur van 45 minute. By die 40% respondente, waar beide ouers sonder die minderjarige kinders by die eerste konsultasie teenwoordig was (met `n gemiddelde tydsduur van 2,6 uur), was die minderjarige kinders by 2 gesinsisteme (20%) onderskeidelik individueel in konsultasie betrek met `n gemiddelde tydsduur van 47 minute per gesinsisteam. **Dit blyk dus dat die gemiddelde tydsduur per minderjarige kind per konsultasie**



tydens die evalueringsproses 23 minute beloop het (gemiddeld 2 minderjarige kinders per responderende gesinsisteam).

- By die helfte van die respondente was die eerste konsultasie in die kantoor van die gesinsraadgewer of gesinsadvokaat gevoer. By die ander 50% respondente was geen respons gelever nie. Dit wil dus voorkom dat die eerste konsultasies tydens die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat altyd in 'n kantoor as fasiliteit uitgevoer is, wat 'n beperkende invloed op die assesseringsproses kan uitoefen.
- Die responderende gesinsraadgewers het 22 professionele tegnieke en 20 verskillende professionele vaardighede gelys wat tydens die eerste konsultasies toegepas word. Hoewel die uniekheid van elke gesinsisteam in ag geneem word, wil dit tog voorkom asof daar geen spesifieke professionele hanteringswyse bestaan waarvolgens die eerste konsultasie tydens die egskeidingsevalueringsproses deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas is nie. Dit blyk dat elke responderende gesinsraadgewer die eerste konsultasie volgens persoonlike oordeel toegepas het.
- Dit blyk dat daar 'n diskrepansie bestaan tussen die resultate van vrae B.6 en C.11 en C.12: Die resultaat op vraag B.6 toon aan dat 40% responderende gesinsisteme addisionele konsultasies by die Kantoor van die Gesinsadvokaat ontvang het; C.11 toon aan dat 80% respondente addisionele konsultasies ontvang het en C.12 toon aan dat 60% respondente addisionele konsultasies ontvang het en by 'n verdere 30% respondente is addisionele konsultasies met ander persone gevoer. Daar bestaan dus 'n diskrepansie ten opsigte van die aantal addisionele konsultasies wat uitgevoer is, wat 'n geldige gevolgtrekking bemoeilik.
- Die verdere assessering van verhoudings was slegs by 30% respondente die doelwit van addisionele konsultasies en by slegs 20% respondente was verdere assessering van ouers en kinders die doelwit. By 30% respondente was bespreking van die inligting ingewin die doelwit. Dit wil dus voorkom asof daar geen bepaalde sisteem by die Kantoor van die Gesinsadvokaat bestaan waarvolgens die gesinsverhoudinge sowel as die funksioneringspatrone verder geassesseer word nie.
- Daar bestaan 'n verdere diskrepansie ten opsigte van die resultaat van vraag C.12 en C.15 waar onderskeidelik aangedui word dat konsultasies met ander persone buite die gesinsisteam by 30% respondente en 60% respondente onderskeidelik gevoer is, wat weereens 'n geldige gevolgtrekking bemoeilik.



- Die paterne grootmoeder, `n vriend en `n sielkundige was onderskeidelik by 40% respondente by addisionele konsultasies as kollaterale bronne betrek. `n Onderwyser is slegs by 20% respondente as kollaterale bron aangewend. Die materne grootmoeder sowel as die paterne grootvader is onderskeidelik by 20% respondente as kollaterale bronne betrek. As in ag geneem word dat 82% van die minderjarige kinders van die responderende gesinsisteme in die skoolfase was, is dit kommerwekkend dat die onderwyser slegs by 2 respondente as kollaterale bron betrek was. Dit wil dus voorkom asof die skool as kollaterale bron van inligting ten opsigte van die belange van die minderjarige kind in egskeidingsevaluering nie as `n standaard prosedure betrek word nie.
- By 30% respondente was die doel van die kollaterale inligting om verhoudings en sistemiese verbintenisse te klarifiseer. By `n verdere 30% respondente was kollaterale professionele menings en evaluering ingewin. Dit blyk dus dat kollaterale bronne nie as standaard werkwyse aangewend word om sistemiese verbintenisse te assesseer, bevestig of klarifiseer nie.
- Slegs by 10% respondente was `n tuisbesoek uitgevoer om kollaterale inligting te bekom. Die ander addisionele konsultasies is by die meerderheid respondente, 70%, in die kantoor van die gesinsraadgewer uitgevoer en 20% is telefonies gedoen. Dit wil dus voorkom dat tuisbesoeke slegs by uitsondering uitgevoer is.
- Respondente het aangedui dat die inligting wat tydens die konsultasie/s aangaande die gesinsisteme ingewin is by die meerderheid gesinne voldoende was om `n evaluering van gesinsfunksionering te kon maak.
- Respondente het verskillende faktore uitgelig wat die evalueringsproses van *gesinsfunksionering* bemoeilik, maar ook bevorder het. Onvoldoende klarifisering van inligting was by die meerderheid aangedui as dié faktor wat evaluering van *gesinsfunksionering bemoeilik* het. Die resultaat bevestig dus die belangrikheid van volledige assesserings wat slegs deur middel van voldoende konsultasies bereik kan word. Voldoende klarifisering van inligting, eie professionele ervaring, samewerking deur die partye asook voldoende relevante inligting is aangedui as belangrike faktore wat evaluering van *gesinsfunksionering bevorder* het. Dokumentasie, verklarings en verslae deur kundiges aangaande die gesinsisteme is ook as `n faktor beskou wat evaluering van gesinsfunksionering bevorder het. Dit blyk dus dat die faktore wat evaluering van *gesinsfunksionering bevorder* het hoofsaaklik die uitklaring van inligting aangaande die gesinsisteme behels het. Derhalwe



beklemtoon hierdie bevinding die noodsaaklikheid van voldoende konsultasies met die gesinsisteam sowel as met kollaterale bronne.

- Verskeie faktore is voorts deur die respondente aangedui wat die evaluering van *gesinsverhoudings* bemoeilik en bevorder het. Die hoë emosionele intensiteit van die inligting ter sprake was by uitstek die faktor wat evaluering van *gesinsverhoudings bemoeilik* het terwyl onvoldoende klarifisering van inligting sowel as 'n gebrek aan samewerking by die respondente ook as belangrike faktore aangedui is waardeur die evaluering van *gesinsverhoudings bemoeilik* is. Dit wil dus voorkom dat die faktore wat evaluering van die *gesinsverhoudings bemoeilik* het, kritiese faktore is wat addisionele konsultasies en volledige assessering noodsaaklik maak. Die *gesinsverhoudings* is 'n kritiese aspek in bepaling van die beste belang van die minderjarige kind en behoort so volledig moontlik geassesseer te word. Die respondente het aangedui dat eie professionele ervaring 'n belangrike faktor was wat die evaluering van *gesinsverhoudings bevorder* het terwyl voldoende relevante en geklarifiseerde inligting asook die samewerking van die gesinsisteam as faktore weergegee is wat die evaluering van *gesinsverhoudings bevorder* het bevorder. Hierdie resultaat het ook die noodsaaklikheid van voldoende assessering beklemtoon.
- Die resultate dui aan dat 22 faktore deur die gesinsraadgewers gelys is wat leidinggewend in die *gesinsevaluering* was. Daar is geen primêre leidinggewende faktore aangegee nie, wat 'n gebrek aan 'n bepaalde standaard of praktyksisteam kan aandui. Die wense van die minderjarige kind is slegs by 20% respondente aangedui as leidinggewende faktor in die evaluering. Dit wil dus voorkom asof die wense van die minderjarige kind nie as prioriteit in die bepaling van die beste belang van die minderjarige kind beskou is nie. Gebrek aan voldoende tyd vir gesinsassessering is by die meerderheid resultate aangedui as dié faktor in die evalueringstelsel wat *gesinsevaluering bemoeilik* het. Ondoeltreffende fasiliteite vir gesinsassessering is verder aangegee as 'n belangrike faktor in die evalueringstelsel wat *gesinsevaluering bemoeilik* het. Dit blyk dus dat daar by die Kantoor van die Gesinsadvokaat 'n leemte in die beskikbaarheid van beide hierdie kritiese faktore in volledige gesinsevaluering bestaan het.
- Die aanbeveling dat die sorg(bewaring) van die minderjarige kinders aan een ouer toegestaan word, is ongeveer eweredig tussen die geslagte versprei – 30% moeder; 20% vader. Geen stereotipe aanbevelings is in die resultate aangedui nie. Dit wil dus voorkom dat gesinsisteme geïndividualiseer is.



- Materiële stabiliteit is as die mees kritiese faktor aangegee wat aanbevelings aangaande die beste belang van die minderjarige kind beïnvloed het, naamlik 70%. Ouerlike vaardigheid in terme van vermoë en houding is ook as belangrike faktor in die bepaling van die aanbeveling aangaande die egskedingsdispuut aangedui (60%). Die wense van die minderjarige kind is slegs by 10% van die respondente, dus 1 van die 10 gesinne, aangedui as 'n faktor wat die aanbevelings aangaande die belang van die kind beïnvloed het. Dit blyk dus dat die materiële welsyn van die minderjarige kind die belangrikste faktor was wat aanbevelings in egskedingsdispute deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat beïnvloed het terwyl die resultate aangaande die profiel van die gesinsisteam aangetoon het dat beide ouers van al die gesinsisteme werksaam was (behalwe een moeder) (sien bespreking van resultaat op bladsy 484). Dit wil dus voorkom of die belange van die minderjarige kind in die egskedingsondersoeke deur die gesinsraadgewers aan die materiële welvaart van en versorging deur 'n ouer gekoppel was.
- 'n Professionele verslag is by 80% respondente opgestel wat beteken dat die ondersoeke afgehandel was en aanbevelings gemaak is. Dit wil voorkom of die ander verslag (20%) nie voltooi was nie.
- Die gesinsraadgewers se professionele verslag is altyd aan 'n ander persoon gelewer en dit wil voorkom of dit aan die gesinsadvokaat gelewer is. Die professionele verslag het altyd deel van die amptelike kantoorverslag wat aan die Hof gelewer word, gevorm. Dit blyk dus dat die gesinsraadgewers in die Kantoor van die Gesinsadvokaat nie 'n onafhanklike professionele verslag aan die Hof gelewer het nie.
- Daar bestaan geen sisteem waarvolgens die respondente terugvoer aangaande die finale hofbevel ten opsigte van 'n egskedingsdispuut ontvang het nie. Die afwesigheid van terugvoer vanaf die regsisteam na die professionele evalueringssisteem aangaande die hofbevel, kan dus die egskedingsevalueringssproses negatief beïnvloed, aangesien die gesinsraadgewers geen resultate met betrekking tot die uitslag van 'n egskedingsondersoek ontvang nie.
- Meer tyd vir gesinsassessering in egskedingsevaluering is by die meerderheid respondente, naamlik 80%, aangegee as primêre faktor wat die *egskedingsevalueringssproses* kan bevorder. Meer toepaslike fasiliteite asook meer geleentheid vir kollaterale ondersoeke sowel as die beskikbaarheid van meer deskundige bronne is verder aangedui as belangrike faktore wat die *egskedingsevalueringssproses* kan bevorder.



Meer toegeruste sowel as addisionele personeel is ook aangedui as faktore wat die *egskeidingsevalueringsproses* kan bevorder.

10.3.1.3 Aanbevelings

Gebaseer op die empiriese resultate word aanbeveel dat:

- 'n Praktyksisteam ontwikkel word waarvolgens die gesinsevaluering in egskedingsondersoeke aangaande die beste belang van die minderjarige kind aan die hand van 'n eenvormige standaard uitgevoer word.
- Personeel wat gesinsevaluering in egskedingsondersoeke behartig, moet gekeur en toepaslik in kinder- en gesinsassessering opgelei word, ten einde die beste belang van die minderjarige kind te kan bepaal.
- Daar moet meer tyd aan personeel beskikbaar gestel word om egskedingsevaluering vanuit 'n sistemiese perspektief uit te voer. Dit sal meebring dat meer tyd en geleentheid aan kinder- en gesinsassesserings sowel as tuisbesoeke bestee word.
- Toepaslike kantoorfasiliteite vir egskedingsevaluering beskikbaar gestel word ten einde geleentheid vir volledige kinder- en gesinsassesserings te bied.
- Die deskundige verwysingsisteam deur meer vrywillige deskundige personeel en/of deskundiges wat dienste teen 'n spesiaal onderhandelde tarief kan lewer, uitgebrei word.

10.3.2 Resultate gebaseer op die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskedingsevaluering

10.3.2.1 Samevatting

Die kwantitatiewe resultate ten opsigte van die tweede gedeelte van die navorsing, naamlik die toepassing van die evalueringproses deur die navorser volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskedingsevaluering, is volledig in die voorafgaande hoofstuk 9 uiteengesit.

Die navorser het dieselfde vraelys as die gesinsraadgewers van die Kantoor van die Gesinsadvokaat ten opsigte van die egskedingsevalueringproses voltooi. Die navorser het die vraelys ten opsigte van 5 gesinsisteme wat 'n



dispuut aangaande die belange van die minderjarige kind verklaar het, voltooi. 'n Totaal van 5 gesinsisteme het dus as respondente aan die tweede gedeelte van die navorsing deelgeneem, ten einde die volgende hipotese wat gestel is te toets:

- Indien die sistemiese praktykmodel vir egskedingsevaluering tydens egskedingsdispute toegepas word, sal die beste belang van die minderjarige kind bevorder word.

10.3.2.2 Gevolgtrekkings

Kwantitatiewe resultate vir die tweede gedeelte van die navorsing is soos met die eerste gedeelte ten opsigte van drie afdelings versamel, naamlik (1) A - professionele profiel van die navorser - biografiese inligting; (2) B - profiel van die gesinsisteme wat volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel geëvalueer is - biografiese inligting; en (3) C – die aard en inhoud van die egskedingsevalueringproses soos volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel toegepas.

Gevolgtrekkings met betrekking tot die biografiese inligting en professionele profiel van die navorser word vervolgens weergegee.

Afdeling A: Professionele profiel van navorser - biografiese inligting

- Die navorser het oor 'n nagraadse kwalifikasie in Maatskaplike Werk asook oor addisionele kwalifikasies met dokumentêre bewys daarvoor in speltherapie, gesinsterapie, onderhandelingsvaardigheid en die bestuur van verandering, beskik. Die opleiding in spel- en gesinsterapie sluit opleiding in kinder- en gesinsassessering in.
- Die navorser het oor 26 jaar ervaring in maatskaplike werk asook 2 jaar ervaring as gesinsraadgewer in die Kantoor van die Gesinsadvokaat beskik.

Die gevolgtrekkings met betrekking tot die biografiese inligting en profiel van die gesinsisteme in egskedingsevaluering word voorts uitgelig:



Afdeling B: Profiel van gesinsisteme in egskeidingsevaluering - biografiese inligting

Die populasie vir die tweede gedeelte van die navorsing het uit 5 gesinsisteme bestaan wat 'n egskeidingsdispuut aangaande die belange van die minderjarige kind verklaar het en wat nog nie 'n egskeidingsevalueringproses deurloop het nie. Hierdie respondente is deur regs- en ander professionele praktisyns in die veld van egskeidingsevaluering in die gebied van Pretoria na die navorser verwys. Hierdie 5 responderende gesinsisteme is gedurende die tydperk April tot Mei 2005 deur die navorser geassesseer en geëvalueer.

- Die gemiddelde grootte van die gesinsisteme was 4,2 lede. Die minderjarige kinders in die ondersoek was 8 waarvan die meerderheid, 75%, dogters was en 25% seuns. Al die minderjarige kinders was by die gesinsisteme woonagtig.
- Die meerderheid minderjarige kinders, naamlik 62%, was tussen 13-18 jarige ouderdom en in die hoërskoolfase. Die minderjarige kinders tussen 6-12 jaar en die laerskoolfase het 25% van die respondente gevorm en 10% was onder 6 jaar en in die voorskoolse fase. Die grootste meerderheid minderjarige kinders in hierdie ondersoek, naamlik 87%, was dus tussen 6-18 jarige ouderdom en in die skoolfase.
- Die aantal huwelike per respondente was feitlik eweredig tussen eerste en tweede huwelike versprei, naamlik 60% eerste en 40% tweede huwelike. Die gemiddelde tydsduur per huwelik het egter aansienlik tussen eerste en tweede huwelike verskil. Die gemiddelde tydsduur vir die eerste huwelike was 14 jaar en vir die tweede huwelike was dit 5 jaar.
- Die vaders in hierdie ondersoek was almal buitenshuis in 'n beroep betrokke. Die meerderheid van die moeders, naamlik 60%, was deelyds buitenshuis in 'n beroep betrokke terwyl 20% voltyds buitenshuis werksaam was en 20% voltyds huisvrou was.
- By die meerderheid respondente was die materne grootouers betrokke, naamlik 80% die materne grootmoeder en 60% die materne grootvader. Die paterne grootmoeder was by 40% respondente betrokke terwyl die paterne grootvader by geen respondente betrokke was nie.
- Die totale aantal konsultasies vir die respondente was 31 wat beteken het dat 'n gemiddelde aantal konsultasies van 6,2 per responderende gesinsisteme uitgevoer is. Die minimum aantal konsultasies per respondent was 4 terwyl die meerderheid respondente, 60%, meer as 4 konsultasies tydens die evalueringproses ontvang het.



- By al die respondente was beide ouers as partye in die dispuut betrokke.
- By al die respondente was die sorg(bewaring) en/of kontak(toegang) van die minderjarige kind in dispuut.

Die gevolgtrekkings ten opsigte van die evalueringsproses volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel word vervolgens weergegee.

Afdeling C: Die aard en inhoud van die proses van assessering en egskedinsevaluering volgens die nuut ontwikkelde praktykmodel.

- Al die eerste konsultasies met die 5 responderende gesinsisteme is gedurende April tot Mei 2005 deur die navorser uitgevoer.
- By die meerderheid respondente, 60%, het die eerste konsultasies 1 uur geduur en by 40% was die eerste konsultasies 2-2½ uur. Die navorser het by al die responderende gesinsisteme die rol van assessor ingeneem.
- By geen respondente kon beide ouers by die eerste konsultasie saam betrek word nie. By al die respondente was dit die moeder wat by die eerste konsultasie betrokke was. By 40% respondente was die minderjarige kinders by die eerste konsultasie betrek. Die gemiddelde tydsduur van die eerste konsultasie was 1 ½ ure.
- By die meerderheid respondente, 60%, was die eerste konsultasie in die spreekkamer van die navorser uitgevoer. By 40% respondente was 'n ruimer lokaal nodig, aangesien die minderjarige kinders teenwoordig was. Sodanige eerste konsultasie is in 'n konferensiekamer uitgevoer, wat ruim en meer verbruikersvriendelik was. Dit blyk dus dat die keuse van die fasiliteite vir die eerste konsultasies deur die behoeftes van die besondere gesinsisteme bepaal is.
- Die navorser het 9 professionele tegnieke wat tydens die eerste konsultasie toegepas is, gelys. Al die tegnieke is by 100% respondente toegepas. Die professionele tegnieke wat tydens die eerste konsultasies deur die navorser toegepas is, was op die stigting van 'n professionele verhouding met die gesinsisteme, beplanning van en kontraktering vir die evalueringsproses ingestel. Die professionele tegnieke was dus die aksies wat bepaal het *wat* gedoen was om die doelwit van die eerste konsultasie te bereik. Dit wil dus voorkom dat die eerste konsultasie volgens 'n standaard hanteringswyse uitgevoer is.
- Die navorser het afsonderlik 18 professionele vaardighede wat tydens die eerste konsultasie toegepas is, onderskei. Individualisering van responderende gesinsisteme het meegebring dat die navorser sekere vaardighede by bepaalde gesinsisteme toegepas het. By 20% van die



responderende gesinsisteme, dus 1 van die 5 gesinne, het die navorser konfrontering as vaardigheid toegepas en by 60%, dus 3 van die 5 gesinne, het die navorser deurdringing as vaardigheid toegepas. Die ander 16 vaardighede is by 100% respondente toegepas. Die professionele vaardighede wat deur die navorser tydens die eerste konsultasies toegepas is, was ingestel op ondersteuning van die uitvoering van die professionele tegnieke. Die vaardighede het dus die aksies behels wat bepaal het *hoe* die doelwit van die eerste konsultasie bereik is. Die toepassing van bepaalde professionele vaardighede dui dus op 'n standaard hanteringswyse tydens die uitvoering van die eerste konsultasies.

- Die gemiddelde aantal addisionele konsultasies per responderende gesinsisteam was 4,8. Die minimum aantal addisionele konsultasies per responderende gesinsisteam was 3 en die maksimum was 8. Dit blyk dus dat addisionele konsultasies per gesinsisteam 'n standaardprosedure was.
- By al die responderende gesinsisteme (100%) was verdere assessering van die minderjarige kinders die doelwit. By 'n groot meerderheid respondente, 80%, was verdere assessering van die gesinsverhoudings die doelwit. Verdere assessering van die ouersisteme was by 60% van die responderende gesinsisteme die doelwit. By al die responderende gesinsisteme, dus 100%, was terugvoer in verband met asook bespreking van die inligting ten opsigte van die gesinsisteam die doelwit. Die navorser het besonder klem geplaas op volledige assessering van die minderjarige kind in totaliteit asook op volledige assessering van die gesinsverhoudings ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder. Hoë prioriteit is op bespreking van die inligting ingewin, geplaas.
- By al die respondente, dus 100%, is die doelwit van die addisionele konsultasies suksesvol bereik deurdat gesinspatrone van funksionering, die gesinsinteraksie sowel as gesinskommunikasie waargeneem en geklarifiseer kon word om daardeur die belang van die minderjarige kind te kon bevorder.
- By die meerderheid respondente, naamlik 80%, het die navorser konsultasies met persone buite die gesin gevoer. Die gemiddelde aantal konsultasies met persone buite die responderende gesinsisteam was 2,2. Die navorser het klem geplaas op die verkryging van kollaterale inligting met betrekking tot sistemiese verbintenisse van 'n besondere gesinsisteam en klarifisering van inligting met die oog op bevordering van die beste belang van die minderjarige kind.



- Die grootouers is by die meerderheid respondente, naamlik 80%, as kollaterale bronne betrek. 'n Professionele persoon is by 60% respondente as kollaterale bron betrek en vriende was by 40% respondente die bronne van kollaterale inligting. Navorser kon deur middel van die kollaterale bronne by die meerderheid respondente, naamlik 60%, die gesinsverhoudings en sistemiese verbintenisse klarifiseer. Dit blyk dus dat die benutting van kollaterale bronne 'n standaard prosedure volgens die praktykmodel is.
- Tuisbesoeke asook persoonlike telefoniese oproepe is onderskeidelik by 80% en 60% respondente as fasiliteit vir die addisionele konsultasies aangewend. By 1 gesinsisteme (20%) was 'n tuisbesoek onnodig. Tuisbesoeke is dus as standaard prosedure uitgevoer.
- By al die responderende gesinsisteme, dus 100%, was die inligting wat ingewin was relevant genoeg ten einde die navorser in staat te stel om die gesinsfunksionering sistemies te evalueer.
- Verskeie faktore is aangedui wat die evaluering van *gesinsfunksionering* bemoeilik en bevorder het. Die emosionele intensiteit van die inligting ter sprake sowel as die gebrek aan samewerking deur die onderskeie ouerpartye was by die meerderheid respondente die faktore wat evaluering van *gesinsfunksionering* bemoeilik het. Die navorser se eie professionele kennis en ervaring was by al die respondente die faktore wat die evaluering van *gesinsfunksionering* bevorder het. Tuisbesoeke by beide ouerhuise sowel as samewerking tussen sekere lede van die gesinsisteme was belangrike faktore wat die evaluering van *gesinsfunksionering* by die meerderheid gesinsisteme bevorder het.
- By al die respondente was die inligting ingewin relevant genoeg sodat die navorser die *gesinsverhoudings* kon evalueer.
- Die mees belangrike faktore wat evaluering van die *gesinsverhoudings* bemoeilik het, was die hoë graad van emosionele intensiteit van die inligting ter sprake, die gebrek aan samewerking tussen die partye, onvoldoende klarifisering van inligting asook die gebrek aan 'n tuisbesoek aan beide ouerhuise.
- Die navorser se eie professionele kennis en ervaring, asook samewerking tussen familieledes en tuisbesoeke aan beide ouerhuise was die primêre faktore wat evaluering van *gesinsverhoudings* bevorder het.
- Die behoeftes, wense, verhoudings en ontwikkelingsvlak van die minderjarige kind was by die meerderheid responderende gesinsisteme die faktore wat leiding aan die navorser in die *evalueringsproses* gebied het. Die emosionele stabiliteit van die ouer, die funksioneringspatrone van die gesinsisteme, die ondersteuningsisteme van die gesinsisteme



asook die maatskaplike omstandighede van die gesinsisteam was verdere faktore wat die navorser in die *evalueringsproses* beïnvloed het. Die faktore wat *leidinggewend* aan die navorser in die *evalueringsproses* was, was ingestel om die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.

- Die mees kritiese faktore in die *evalueringsisteam* wat *gesinsevaluering bemoelilik* het, was die gebrek aan samewerking deur die ouerpartye asook die gebrek aan 'n sisteem waarvolgens beide ouerpartye gesamentlik deur dieselfde professionele deskundige by die evalueringsproses betrek kon word.
- Die navorser het al die responderende gesinsisteme geïndividualiseer en 'n aanbeveling gemaak ten opsigte van die besondere egskeidingsdispuut volgens die besondere behoeftes en omstandighede van die betrokke gesinsisteam, met primêre fokus op die beste belang van die minderjarige kind/ers.
- Die wense, behoeftes en ontwikkelingsvlak van die minderjarige kind, die verhouding tussen kinders en ouers, die risikogedrag van 'n ouer sowel as die emosionele samestelling en ouderdomsvlak van die minderjarige kind was faktore wat die aanbeveling met betrekking tot die egskeidingsdispuut beïnvloed het.
- By al die responderende gesinsisteme, dus 100%, het die navorser 'n professionele verslag met aanbevelings opgestel. By al die respondente het die navorser die verslag aan die ouersisteme sowel as die regsisteam gelewer. Dus het die navorser 'n verslag aan beide ouers sowel as hulle regsvertegenwoordigers gelewer. By 100% van die responderende gesinsisteme het die professionele verslag deur die navorser nie deel van 'n ander verslag gevorm nie, maar was dit 'n outonome, onafhanklike verslag.
- By 40% van die responderende gesinsisteme het die navorser terugvoer aangaande die hofbevel ontvang. By 60% van die respondente het die navorser nie terugvoer aangaande die hofbevel ontvang nie, aangesien die egskeidingsgeding nie afgehandel was nie.
- Die navorser het die volgende faktore wat die beste belang van die minderjarige kind in *egskeidingsevaluering* kan *bevorder*, uitgelig: laer koste vir egskeidingsevaluering, 'n sisteem waardeur albei ouerpartye by die evalueringsproses deur dieselfde professionele deskundige betrek kan word, groter klem op mediasie in egskeidingsdispute, minder tydverkwisting tydens die regsproses van egskeiding en opleiding van professionele ondersoekers in kinder- en gesinsassessering en -evaluering.

10.3.2.2.1 Samevattende gevolgtrekkings

Uit die vergelyking van die 2 evalueringsprosesse word die volgende samevattende gevolgtrekkings weergegee:

▪ **Konsultasies:**

- *Kantoor van die Gesinsadvokaat:* Tyd vir kinder- en gesinsassesserings is beperk in die evalueringsproses. Die gesinsisteam word gesamentlik in die eerste konsultasie betrek wat gemiddeld 3.2 uur duur. Addisionele konsultasies word op 'n **ad hoc basis**, met die oog op bereiking van 'n bepaalde doelwit vir die besondere gesinsisteam, uitgevoer.
- *Praktykmodel:* Die tydsduur vir kinder- en gesinsassesserings is onbeperk in die evalueringsproses en word beëindig wanneer voldoende inligting ingewin is. Die ouersisteme word by die eerste konsultasie, met gemiddeld 'n tydsduur van 1.5 uur, betrek. Addisionele konsultasies met die gesinsisteam, met die doel van volledige assesserings, vorm deel van die standaard werkwysse van die model.

▪ **Fasiliteite:**

- *Kantoor van die Gesinsadvokaat:* Die lokale vir kinder- en gesinsassesserings is ontoereikend en beperk in ruimte. Daar is hoofsaaklik van kantoorfasiliteite gebruik gemaak.
- *Praktykmodel:* Die lokale word vir die besondere behoeftes van die spesifieke konsultasie bepaal ten einde vir voldoende ruimte en toepaslike toerusting voorsiening te maak.

▪ **Kinderassessering:**

- *Kantoor van die Gesinsadvokaat:* Individuele konsultasies met die minderjarige kind is tot 'n **ad hoc basis** en onvoldoende tydsduur beperk. Die gemiddelde tydsduur van konsultasies met die minderjarige kinders was 23 minute. Dit blyk dat konsultasies met die minderjarige kinders tydens die evalueringsproses slegs by uitsondering uitgevoer is.



- *Praktykmodel*: Individuele konsultasies met die minderjarige kind vorm deel van die standaard prosedure van die evalueringsproses. `n Bepaalde werkswyse word voorgeskryf waarvolgens `n volledige assessering van die behoeftes, wense, ontwikkelingsvlak, verhoudings, sistemiese verbintenisse en funksioneringspatrone van die minderjarige kind gedoen word. Die proses waarvolgens die noodsaaklike en voldoende inligting aangaande die funksionering van die minderjarige kind ingewin word, is `n kritiese fokuspunt volgens die praktykmodel. Die tydsduur van hierdie proses is nie volgens hierdie model beperk nie.
- **Kollaterale ondersoeke:**
 - *Kantoor van die Gesinsadvokaat*: Kollaterale ondersoeke is nie `n standaard prosedure nie en word ook op `n ad hoc basis uitgevoer. Kollaterale ondersoeke vorm meer die uitsondering as die norm in die evalueringsproses.
 - *Praktykmodel*: Kollaterale ondersoeke vorm deel van die standaard prosedure van die evalueringsproses en word as noodsaaklik beskou ten einde die beste belang van die minderjarige kind volledig te bepaal. Die rol van die sistemiese verbintenisse van die gesinsisteam in `n volledige evalueringsondersoek na die beste belang van die minderjarige kind is van kritiese belang.
- **Opleiding:**
 - *Kantoor van die Gesinsadvokaat*: Gesinsassesserings in die evalueringsproses word hoofsaaklik deur personeel wat nie spesifiek vir die doel opgelei is nie, uitgevoer. Derhalwe kan `n hoë standaard van toepaslike dienslewering nie bereik word nie en kan selfstandige professionele optrede deur gesinsraadgewers nie verwag word nie soos die lewering van `n onafhanklike professionele verslag aan die Hof of leiding neem van die professionele span nie.
 - *Praktykmodel*: Ten einde die praktykmodel effektief te implementeer, moet die professionele ondersoeker addisioneel in kinder- en gesinsassessering en –valuering opgelei wees. Daarby moet die professionele ondersoeker selfstandig en onafhanklik kan funksioneer en verantwoordelikheid vir die uitslag van die evalueringsproses kan neem.



▪ **Deskundige bronne:**

- *Kantoor van die Gesinsadvokaat:* Dié instelling word wetlik bemaagtig om enige bron wat die belange van die minderjarige kind in die egskeidingsevalueringsproses kan bevorder, aan te wend. Dit blyk egter uit die resultate dat daar 'n behoefte by die gesinsraadgewers aan die beskikbaarheid van meer deskundige bronne in die evalueringsproses bestaan.
- *Praktykmodel:* Die aanwending van alle beskikbare deskundige bronne wat op enige wyse by die gesinsisteam betrokke was of is en 'n bydrae tot die evalueringsproses kon lewer, is op 'n standaardwyse volgens die praktykmodel betrek.

▪ **Koste:**

- *Kantoor van die Gesinsadvokaat:* Die diens van die instansie is gratis en derhalwe in sterk aanvraag waar partye in 'n egskeidingsdispuut aangaande die belange van die minderjarige kind verkeer. Die tydsduur van ondersoek is egter lank en kan veral op emosionele vlak hoë eise aan die gesinsisteam stel.
- *Praktykmodel:* Die diens volgens hierdie model in die privaattpraktik is koste intensief. Die rasionaal is egter dat die ondersoek só volledig is dat 'n professionele verslag binne die bestek van 1 maand gelewer kan word en sodoende tydbesparend vir die gesinsisteam is. Die werkwyse van die model kan ook mediasie in die egskeidingsevalueringsproses bevorder en tot 'n ooreenkoms tussen die partye lei. Daardeur kan aansienlike regskoste verminder word.

▪ **Professionele verslag:**

- *Kantoor van die Gesinsadvokaat:* Die lewering van die professionele verslag asook die insette van ander personeel in die kantoor, soos die gesinsadvokaat as leier van die span, is aan 'n groot werkslading onderhewig. Die lewering van die professionele verslag by dié instelling is dus tydrowend en neem hoofsaaklik verskeie maande om af te handel nadat die gesinsassesserings voltooi is.
- *Praktykmodel:* Die bepaalde werkswyse van die evalueringsproses volgens die model is op volledige en spoedige assesserings gerig. In hierdie studie is 5 ondersoek binne die bestek van 2 maande

afgehandel en was daar reeds terugvoer insake die hofbevel by 40% respondente.

▪ **Samewerking deur ouerpartye:**

- *Kantoor van die Gesinsadvokaat:* Dié instelling is volgens wet bemaatig om beide ouerpartye tot gesamentlike deelname aan die evalueringsproses te dwing. Die deelname van beide ouers aan 'n gesamentlike evalueringsproses is positief deurdat die klarifisering van inligting sodoende makliker en vinniger kan geskied en tydbesparend is. Die uitvoer van 'n gesamentlike konsultasie met ouers wat in konflik verkeer en balans tussen die behoeftes van beide ouers te verseker, verg egter aansienlike kundigheid ten einde die volle potensiaal van die situasie te benut.
- *Praktykmodel:* Daar bestaan geen sisteem waarvolgens beide ouers gedwing kan word om 'n gesamentlike konsultasie in privaat praktyk by te woon nie. Die verhouding tussen die twee ouerpartye asook die onderhandelingsvaardigheid van die ondersoeker kan bepaal in watter mate die ouerpartye gesamentlik in die evalueringsproses betrek word. Die belangrikheid van tuisbesoeke aan beide ouerhuise word deur die praktykmodel beklemtoon, maar dit kan problematies wees aangesien die professionele ondersoeker geen ouer kan dwing om 'n tuisbesoek toe te staan nie.

▪ **Samevattend** kan die gevolgtrekkings dus soos volg opgesom word:

- Uit die evalueringsproses deur die *Kantoor van die Gesinsadvokaat* het dit geblyk dat:
 - Addisionele konsultasies tot die eerste konsultasie met die gesinsisteem slegs op 'n **ad hoc basis** plaasvind en nie as 'n standaard werkwyse uitgevoer word nie;
 - Lokale vir kinder- en gesinsassesserings ontoereikend en beperk is;
 - Konsultasies met die minderjarige kinders individueel by uitsondering plaasvind en nie as 'n standaard werkwyse uitgevoer word nie;
 - Kollaterale ondersoeke is nie 'n standaard prosedure nie en vind by uitsondering en op 'n **ad hoc basis** plaas;
 - Kinder- en gesinsassesserings word hoofsaaklik deur personeel uitgevoer wat nie oor spesifieke opleiding vir die doel beskik nie;



- Daar bestaan `n behoefte aan die aanwending van meer deskundige bronne in die evalueringsproses;
 - Die finansiële koste verbonde aan ondersoek is gratis maar die lang tydperk wat afhandeling van die ondersoek in beslag neem, kan die emosionele trauma vir die gesinsisteem en veral die minderjarige kind verhoog;
 - Die lewering van die professionele verslag word deur `n groot werkslading asook burokratiese rompslomp vertraag;
 - `n Gesamentlike konsultasie met beide oerpartye kan afgedwing word.
- Die egskeidingsevalueringsproses volgens die *nuut ontwikkelde praktykmodel* het aangetoon dat:
 - Addisionele konsultasies tot die eerste konsultasie met die gesinsisteem is `n standaard prosedure en is ingestel op `n volledige ondersoek na die funksioneringspatrone van die gesinsisteem ten einde die beste belang van die minderjarige kind te kan bepaal;
 - Toepaslike lokale met voldoende ruimte word vir die kinder- en gesinsassessering aangewend;
 - Individuele konsultasies met die minderjarige kind is `n standaard prosedure met `n voorgeskrewe werkwyse waarvolgens `n volledige assessering van die belange van die minderjarige kind uitgevoer kan word;
 - Kollaterale ondersoek is volgens die praktykmodel `n noodsaaklike standaard prosedure in die assessering van die sistemiese verbintenisse van die gesinsisteem;
 - Die effektiewe toepassing van die praktykmodel vereis addisionele opleiding in kinder- en gesinsassessering en -evaluering;
 - Die benutting van alle deskundige bronne wat `n bydrae tot die evalueringsproses kan lewer, is `n standaard prosedure volgens die praktykmodel;
 - Die finansiële koste van die privaat diens volgens die praktykmodel kan intensief wees, maar die korter tydsduur wat afhandeling van ondersoek neem, kan die emosionele trauma vir die gesinsisteem verlaag;
 - `n Professionele verslag kan volgens die intensiewe werkwyse van die praktykmodel binne `n kort tydperk gefinaliseer word en aan die Hof gelewer word waardeur die litigasietydperk vir die gesinsisteem verkort kan word;



- Daar bestaan geen sisteem waarvolgens gesamentlike deelname deur beide ouerpartye aan konsultasies afdwingbaar is nie en die verifikasie van inligting word sodoende vertraag.

10.3.2.3 Aanbevelings

Ten einde die egskeidingsevalueringsproses en die belange van die minderjarige kind te bevorder, word daar aanbeveel dat:

- 'n Sistemiese perspektief in egskeidingsevaluering aanvaar word en toegepas word ten einde 'n eenvormige standaard te ontwikkel waarvolgens die beste belang van die minderjarige kind bepaal kan word.
- Addisionele opleiding, spesifiek in kinder- en gesinsassessering en –evaluering, 'n vereiste by aanstelling van professionele ondersoekers in egskeidingsevaluering moet wees.
- 'n Amptelike liggaam ingestel moet word vir akkreditasie van professionele ondersoekers in egskeidingsevaluering.
- 'n Praktyksisteem ontwikkel moet word waarvolgens beide ouerpartye deur dieselfde professionele deskundige geassesseer en evalueer kan word ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.
- Die tydskedule wat die regsproses van egskeiding neem hersien moet word en ingekort word ten einde die belange van die minderjarige kind te kan bevorder.
- Groter klem op die mediasieproses en onderhandeling in egskeidingsevaluering geplaas word.
- Die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel in die formaat van 'n opleidingshandleiding verwerk word.
- Opleiding in die nuut ontwikkelde praktykmodel in die maatskaplike werk beroep aangebied word ten einde praktiserende maatskaplike werkers as professionele ondersoekers in egskeidingsevaluering toe te rus.
- Die kurikulum van studente in maatskaplike werk aan te pas ten einde opleiding in die nuut ontwikkelde praktykmodel in te sluit.
- 'n Addisionele kursus in Forensiese Maatskaplike Werk ingestel word ten einde maatskaplike werkers as professionele deskundige getuies op te lei en toe te rus.
- Verdere navorsing gedoen word oor die effektiwiteit van die Kantoor van die Gesinsadvokaat in die huidige formaat, naamlik deur: (1) Ondersoek na die graad van tevredenheid van die ouer



partye/regsverteenwoordigers/deskundige getuies met die effektiwiteit van dié instelling landswyd; (2) Evaluering van die uitvoering van die wetlike opdrag om die minderjarige kind se beste belang te verteenwoordig; (3) Opvolgstudie ten einde die langtermyn invloed van die aanbevelings in egskeidingsdispute deur dié instelling te bepaal en te evalueer ten einde wysigings aan die werkwyse van die Kantoor van die Gesinsadvokaat op nasionale vlak aan te beveel.

10.4 BEREIKING VAN DOEL EN DOELWITTE VAN STUDIE

Doel van die studie: Om 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering te ontwikkel en empiries te evalueer ten einde die beste belang van die minderjarige kind te bevorder.

Tabel 9 bied 'n uiteensetting van die bereiking van die doel en doelwitte van die studie.

Tabel 9: Bereiking van studiedoelwitte

| Nr. | Doelwit | Bereiking van doelwit |
|------------|--|--|
| 1. | Om vanuit 'n sisteemteoretiese perspektief egskeiding as maatskaplike verskynsel, die gesin as maatskaplike sisteem en die belange van die minderjarige kind teoreties te konseptualiseer. | Hierdie doelwit is bereik, soos weergegee in die bespreking van hoofstuk 2-6. |
| 2. | Om die huidige egskeidingsevalueringproses soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas, te exploreer en te beskryf. | Hierdie doelwit is bereik, soos blyk uit die resultate wat in hoofstuk 9 weergegee is. |
| 3. | Om 'n praktykmodel vir egskeidingsevaluering vanuit 'n sistemiese perspektief, wat die belange van die minderjarige kind bevorder, te ontwikkel. | Die bereiking van hierdie doelwit word volledig in hoofstuk 8 beskryf. |
| 4. | Om die effektiwiteit van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering empiries te evalueer. | Hierdie doelwit is bereik, soos blyk uit hoofstuk 9 wat die resultate en bespreking van die toepassing van die model in die praktyk weergee. |
| 5. | Om aanbevelings te maak met betrekking tot verdere benutting van die nuut ontwikkelde praktykmodel vir egskeidingsevaluering binne die maatskaplikewerkdissipline. | Hierdie doelwit is bereik deur beskrywing van die aanbevelings in hoofstuk 10. |



10.5 SLOTSOM

In Suid-Afrika word duisende minderjarige kinders jaarliks deur die egskieding van hulle ouers beïnvloed. Die beginsel wat in die evaluering van die kinders se toekoms heers, is die sogenaamde “beste belang van die kind”.

Die toepassing van hierdie beginsel in die praktyk van egskiedingsevaluering is egter vaag en inkonsekwent en word meestal in die belang van die ouersisteem aangewend. Die uitsprake van Zaal (2003:166-168) in hierdie verband bevestig die inkonsekwente hantering van die beginsel deur regsverteenvoerders asook professionele deskundiges, soos vooraf in hierdie hoofstuk op bladsy 466 bespreek. Ten einde die beste belang van die minderjarige kind in egskieding te bevorder, behoort egskiedingsevaluering vanuit ’n sistemiese perspektief holisties benader te word. Sodoende sal die belang van die minderjarige kind in die totale wisselwerkende interaksie tussen al die betrokke sub sisteme geassesseer word. Sodanige benadering sal die inspraak van die minderjarige kind in die bepaling van die beste belang vir die toekoms bevorder.

Hierdie studie het deur die toepassing van die nuut ontwikkelde praktykmodel die ernstige leemtes wat in die evalueringsproses, soos deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat toegepas is, geïdentifiseer. Die Kantoor van die Gesinsadvokaat is by uitstek die nasionale instelling wat die belange van die minderjarige kind in egskiedingsdispute spesifiek moet beskerm. Dit het geblyk dat die minderjarige kind steeds feitlik geen inspraak het in die egskiedingsevalueringsproses nie. Die Kantoor van die Gesinsadvokaat kan nie die opdrag om die “stem” van die minderjarige kind in egskiedingsdispute te verteenwoordig na behore uitvoer indien die minimum tyd aan die assessering van die belange van die minderjarige kind bestee word nie. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die gebrek aan toegepaste kennis by die gesinsraadgewers, wat almal opgeleide maatskaplike werkers is, meebring dat daar onsekerheid bestaan ten opsigte van die taak om die belange van die kind te bepaal. Derhalwe word die inspraak van die kind moontlik geïgnoreer as nie belangrik nie.

Hierdie studie het die noodsaaklikheid van toegepaste kennis in kinder- en gesinsassessering en -evaluering ten einde die beste belang van die minderjarige kind in egskiedingsevaluering te kan bepaal, aangetoon. Die studie het uitgewys dat die deskundige ondersoek na die beste belang van



die minderjarige kind in egskeidingsdispute `n professionele taak is wat bepaalde toewyding en ingesteldheid verg.

Jamie Oliver, die bekende TV sjef, stel die belange van die gesin as `n prioriteit en maak die volgende stelling: “I`m hoping to get more people around the dinner table. I`d bet on the divorce rate going down by 30% if families ate around the table more often, chatting, arguing and laughing, ”. Die navorser ondersteun hierdie stelling. Dít behoort dan die doelstelling van egskeidingsevaluering te wees, naamlik om te bepaal watter nuwe gesinsisteam in die post-egskeidingsfase vir die minderjarige kind `n plek om die spreekwoordelike etenstafel sal gee. Met ander woorde watter ouer sal in die nuwe bedeling van die gesinsisteam aan die minderjarige kind die geleentheid gee om deel te wees van `n gesinsopset waarin die kind gelukkig kan wees en sy/haar volle potensiaal kan ontwikkel.



BIBLIOGRAFIE

Abrams, T.A. 1988. The Influence of Family Disruption on Clinician Bias in the Assessment of Children. *Journal of Divorce*. 11(4): 189-205.

Africa, A., Dawes, A., Swartz, L & Brandt, R. 2003. Criteria used by family counsellors in child custody cases: A psychological viewpoint. In Burman, S. (Ed.) *The Fate of the Child: Legal Decisions on Children in the New South Africa*. Landsdowne: Juta Law.

Allen, T. 1997. *You're still Mum and Dad: Helping children cope with separation*. Birkenhead, Auckland: David Ling Publishing Ltd.

Allers, E. 2002. Families and illness. *CME Your SA Journal of CPD*, 20(11):720-723.

Amato, P.R. 2000. The Consequences of Divorce for Adults and Children. *Journal for Marriage & the Family*. 62(4)

American Psychiatric Association. 2000. *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*. 4th ed. Text Revision. Washington, DC: American Psychiatric Association.

Ariès, P. 1979. The Family and the City in the Old World and the New. In Tufte, V. & Myerhoff, B. (Eds). *Changing Images of the Family*. London: Yale University Press.

Ashford, J.B., LeCroy, C.W. & Lortie, K.L. 2001. *Human Behavior in the Social Environment: A Multidimensional Perspective*. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Auerswald, E.H. 1989. Foreword. In Compher, J.V. *Family- Centered Practice: The Interactional Dance beyond the Family System*. New York: Human Sciences Press, Inc., Plenum Publishing Corporation.

Axline, V.M. 1993. *Play Therapy*. Revised Edition. New York: Ballantine Books.



Babbie, E. 2001. *The Practice of Social Research*. 9th ed. Belmont, CA, USA: Wadsworth/Thomson Learning.

Bailey, C. 1928. *The Greek Atomists and Epicurus: A Study*. Oxford: The Clarendon Press.

Banai, B. 2004. *Relationship with Relationship: The Transformational Approach*. Noordwyk, SA: Fame and Fortune Trading 112 (Pty) Ltd.

Banning, W. 1964. *Moderne Maatschappij Problemen*. Haarlem: De Erven F. Bohn N.V.

Baron, R.A. & Byrne, D. 2000. *Social Psychology*. 9th ed. Needham Heights, Massachusetts: Allyn & Bacon.

Barnes, G.G. & McCann, D. 2000. Into the Millennium. In Barnes, G.G., Down, G. & McCann, D. *Systemic Supervision: A Portable Guide for Supervision Training*. London: Jessica Kingsley Publishers Ltd.

Barratt, A. 2003. 'The best interest of the child'- Where is the child's voice? In Burman, S. (Ed.) *The Fate of the Child: Legal Decisions on Children in the New South Africa*. Landsdowne: Juta Law.

Battino, R. 2001. Hypnotherapy with Special Populations. In Battino, R. & South, T.L. *Ericksonian Approaches: A Comprehensive Manual*. Carmarthen, Wales: Crown House Publishing Ltd.

Baumann, S. 2003. Interviewing and assessment. In Robertson, B., Allwood, C. & Gagiano, C. (Eds.) *Textbook of Psychiatry for Southern Africa*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Bays, B. 2003. *The Journey for Kids: Liberating Your Child's Shining Potential*. London: HarperCollins Publishers Limited.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 1996. *Family Therapy: A Systemic Integration*. 3rd ed. Needham Heights, Massachusetts: Allyn & Bacon.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 2000. *Family Therapy: A Systemic Integration*. 4th ed. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 2006. *Family Therapy: A Systemic Integration*. 6th ed. Boston: Pearson Education Inc.

Beer, S. 1994. Holism and the Frou-Frou Slander. In Harnden, R. & Leonard, A. (Ed.). *How Many Grapes Went into the Wine: Stafford Beer on the Art and Science of Holistic Management*. Chichester, West-Sussex, England: John Wiley & Sons Ltd.

Bekink, B. & Brand, D. 2000. Constitutional Protection of Children. In Davel, C.J. (Ed.) *Introduction to Child Law in South Africa*. Landsdowne: Juta & Co, Ltd.

Benokraitis, N.V. 1999. *Marriages and Families: changes, choices and constraints*. 3rd ed. Upper Saddle River, New Jersey: Prentice Hall.

Benokraitis, N.V. 2005. *Marriages and Families: changes, choices and constraints*. 5th ed. Upper Saddle River, NJ: Pearson Prentice Hall.

Berk, L.E. 2006. *Child Development*. 7th ed. Boston, MA: Pearson Education, Inc.

Bezuidenhout, F.J. 1998. Family Disorganisation. In Bezuidenhout, F.J. (Ed.) *A Reader on Selected Social Issues*. Hatfield, Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Bezuidenhout, F.J. 1998. Divorce. In Bezuidenhout, F.J. (Ed.) *A Reader on Selected Social Issues*. Hatfield, Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Billeaud, F.P. 2003. *Communication Disorders in Infants and Toddlers: Assessment and Intervention*. 3rd ed. Missouri: Butterworth Heinemann.

Blau, T.H. 1992. *The Draw-A-Person Test : A Summary of Commonly Utilized Interpretive Features*. Tampa, Florida: Psychological Seminars, Inc.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. 2nd ed. Kenwyn: Juta & Co, Ltd.

Boberg, P.Q.R. 1977. *The Law of Persons and the Family*. Johannesburg: Juta & Company Ltd.

Bosman-Swanepoel, H.M. & Wessels, P.J. 1995. *’n Praktiese Benadering tot die Wet op Kindersorg*. 2e uitgawe. Pretoria: Digma-Publikasies (Edms) Bpk.

Bosman-Swanepoel, H., Fick, A. & Strydom, N. 1998. *Custody & Visitation Disputes: A Practical Guide*. Durban: Butterworth Publishers (Pty) Ltd.

Botha, A., Van Ede, D.A. & Piek, J.P. 1996. Early childhood. In Louw, D.A. (Ed.) *Human development*. Pretoria: KagisoTertiary.

Brandt, R., Swartz, L. & Dawes, A. 2005. Assessing custody and placement of children. In Tredoux, C., Foster, D., Allan, A., Cohen, A. & Wassenaar, D. *Psychology and Law*. Landsdowne, SA: Juta and Co Ltd.

Brody, V.A. 1995. *The Dialogue of Touch: Developmental Play Therapy*. Treasure Island, FL: Developmental Play Training Associates.

Burman, S., Matthias, C., Sloth-Nielsen, J. & Zaal, N. 2003. Beyond the Rights of the Child. In Burman, S. (Ed.) *The Fate of the Child: Legal Decisions on Children in the New South Africa*. Landsdowne: Juta Law.

Burns, R.C. & Kaufman, S.H. 1970. *Kinetic family drawings (KFD): An Introduction to Understanding Children through Kinetic Drawings*. London: Constable and Company Ltd.

Byng-Hall, J. 1995. *Tewriting Family Scripts: Improvisation and Systems Change*. New York: The Guilford Press.

Cairns, K. 2002. *Attachment, trauma and resilience: Therapeutic caring for children*. London: BAAF.

Carlson, J. 2003. Foreword. In Erdman, P. & Caffery, T. (Eds.) *Attachment and Family Systems: Conceptual, Empirical, and Therapeutic Relatedness*. New York: Brunner-Routledge.

Carter, B. & McGoldrick, M. 1989. *The Changing Family Life Cycle: A Framework for Family Therapy*. 2nd ed. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.



Cherlin, A.J. 2002. *Public and Private Families: An Introduction*. New York: McGraw-Hill Higher Education.

Clark, B. 1999. Duties of Support of Living Persons. In Van Heerden B., Cockrell, A. & Keightley, R. (Eds.). *Boberg's Law of Persons and the Family*. 2nd ed. Cape Town and Johannesburg: Juta & Co, Ltd.

Coltrane, S. & Collins, R. 2001. *Sociology Of Marriage & The Family: Gender, Love, and Property*. 5th ed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Compher, J.V. 1989. *Family-Centered Practice: The Interactional Dance beyond the Family System*. New York: Human Sciences Press, Inc.

Compton, B.R. & Galaway, B. 1989. *Social Work Processes*. 4th ed. Belmont, California: Wadsworth Publishing Company.

Copley, B. 2000. Family Explorations. In Rustin, M & Quagliata, E. (Eds.) *Assessment in Child Psychotherapy*. London: Gerald Duckworth & Co. Ltd.

Cournoyer, B. 2000. *The Social Work Skills Workbook*. 3rd ed. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Company.

Courter, G. 1995. *I Speak For This Child: True Stories of a Child Advocate*. New York: Crown Publishers, Inc.

Cronje, J.I. 1994. Management of Change : A Social Work Perspective. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 30(3): 248-256.

Cronje, D.S.P. & Heaton, J. 1999a. *Casebook on South African Family Law*. Durban: Butterworths.

Cronje, D.S.P. & Heaton, J. 1999b. *South African Family Law*. Durban: Butterworths.

Cronje, D.S.P. & Heaton, J. 2004a. *Die Suid-Afrikaanse Familiereg*. 2e uitgawe. Durban: LexisNexis Butterworths.

Cronje, D.S.P. & Heaton, J. 2004b. *Vonnisbundel oor die Suid-Afrikaanse Familiereg*. 2e uitgawe. Durban:LexisNexis Butterworths.

Crouter, A.C. 1994. Processes Linking Families and Work : Implications for Behavior and Development in Both Settings. In Parke, R.D. & Kellam, S.G. (Eds.) *Exploring Family Relationships with other Social Contexts*. Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

Curran, D.J. & Renzetti, C.M. 1996. *Social Problems: Society in Crisis*. 4th ed. Needham Heights, Massachusetts: Allyn and Bacon.

Daintith, J., Stibbs, A., Wright, E. & Pickering, D. 1994. *Dictionary of Quotations*. Britain: Bloomsbury Publishing Limited 1987.

Davel, T. 2000. The Status of Children in South African Private Law. In Davel, C.J. (Ed). *Introduction to Child Law in South Africa*. Landsdowne: Juta & Co, Ltd.

Davis, V.K. & Stolberg, A.L. 1988. Influences on Professionals` Child Custody Recommendations. *Journal of Divorce*. 11(4): 207-218.

De Laszlo, V.S. 1990. *The Basic Writings of C.G. Jung*. Princeton: Bollingen Princeton University Press.

Delpino, R.A. 1975. *A Comparative and Evaluative Analysis of the Concept Holism as represented in the Systems Theory and in the Work of J.C. Smuts*. Pretoria: University of South Africa (PhD Thesis).

Delport, C.S.L. & De Vos, A.S. 2002. Professional research and professional practice. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Delport, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. In De Vos, A.S., Strydom, H, Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.



Delport, C.S.L. & De Vos, A.S. 2005. Professional Research and professional practice. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2002a. Intervention Research. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 2nd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2002b. Scientific theory and professional research. In De Vos, A.S. (Ed), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 2nd ed.

De Vos, A.S. 2005a. Scientific theory and professional research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots : For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria : Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2005b. Intervention research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots: For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Dex, S. 2004. Work and Families. In Scott, J., Treas, J. & Richards, M. (Eds). *The Blackwell Companion to the Sociology of Families*. Oxford, UK: Blackwell Publishing Ltd.

Die Administratiewe Buro. 2001. *Psalmboek : Die Berymde en Omgedigte Psalms en Ander Skrifberymings in gebruik by Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Wellington, S.A.: N.G. Kerk Uitgewers

Di Leo, J.H. 1971. *Young children and their drawings*. London: Constable and Company Ltd.

Dinkmeyer, D. & McKay, G.D. 1982. *The Parent's Handbook: Systematic Training for Effective Parenting*. USA: American Guidance Service, Inc.

Du Toit, M.M. 1998. *Die Assessering van Gevangenes se Gesinne*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (D.Litt. et Phil Tesis).

Ebersöhn, L. & Eloff, I. 2003. *Life Skills & Assets*. Hatfield, Pretoria: Van Schaik.

Egan, G. 1998. *The Skilled Helper: A Problem-Management Approach to Helping*. 6th ed. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing Company.

Engelbrecht, R. & Rencken-Wentzel, A. 1999. *Divorce A South African Guide*. Rivonia: Zebra Press.

Everett, C.A. & Volgy, S.S. 1983. Family Assessment in Child Custody Disputes. *Journal of Marital and Family Therapy*. 9(4):343-353.

Finnegan, R. 1999. Starting from where you are. In Finnegan, R. & Drake, M. (Eds.). *From Family Tree to Family History: studying family and community history 19th and 20th centuries*. Cambridge: Press Syndicate, University of Cambridge.

Foster, J. [Sa]. *Divorce Conciliation: A study of services in England and abroad with implications for Scotland*. [Si]: Council for Single Parents Publication.

Fouche, H. 1998. Foreword. In Bosman-Swanepoel, H., Fick, A. & Strydom, A. *Custody and visitation disputes: A practical guide*.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005. Problem formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Friedlander, W.A. 1958. Introduction: Generic Principles of Social Work. In Friedlander, W.A. (Ed.) *Concepts and Methods of Social Work*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall, Inc.

Froneman, A.P. 2000. Criteria social workers employ in making child custody recommendations. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 36(3):286-287.

Gardner, R.A. 1989. *Family Evaluation in Child Custody Mediation, Arbitration, and Litigation*. Cresskill, NJ: Creative Therapeutics.

Geismar, L.L. & Camasso, M. 1993. *The Family Functioning Scale: A Guide to Research and Practice*. New York: Springer Publishing Company.

Geldard, K. & Geldard, D. 2002. *Counselling Children: A Practical Introduction*. 2nd ed. London: SAGE Publications Ltd.

Gerdes, L.C. & Van Ede, D.M. 1996. Adulthood. In Louw, D.A. (Ed.) *Human development*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Gerdes, L.C., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Louw, D.A. 2003. Vroeë en middelvolwassenheid. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling*. 3e uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiër.

Gillin, J.L. 1946. *Social Pathology*. 3rd ed. New York: Appleton-Century-Crofts, Inc.

Glasser, N. 2003. Custody on Divorce: Assessing the role of the family advocates. In Burman, S. (Ed.) *The Fate of the Child: Legal Decisions on Children in the new South Africa*. Landsdowne: Juta Law.

Goldenberg, H. & Goldenberg, I. 1998. *Counseling Today's Families*. 3rd ed. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing Company.

Goldenberg, I. & Goldenberg, H. 2004. *Family Therapy: An Overview*. 6th ed. Pacific Grove, CA: Thomson Brooks/Cole.

Goleman, D. 2000. Foreword. In Elias, M., Tobias, S. & Friedlander, B. *Emotionally Intelligent Parenting: How to Raise a Self-Disciplined, Responsible, Socially Skilled Child*. London: Hodder and Stoughton, Hodder Headline.

Gravetter, F.J. & Forzano, L.B. 2003. *Research Methods for the Behavioral Sciences*. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning Inc.

Greenspan, S.I. & Greenspan, N.T. 1991. *The Clinical Interview of the Child*. 2nd ed. Washington, DC: American Psychiatric Press, Inc.

Gunter, B. & Furnham, A. 1998. *Children as Consumers: A psychological analysis of the young people's market*. London: Routledge.

Hahlo, H.R. 1969. *The South African Law of Husband and Wife*. 3rd ed. Cape Town: Juta & Co., Limited.

Hall, A.D. & Fagan, R.E. 1974. Definition of System. In Buckley, W. (Ed.) *Modern Systems Research for the Behavioral Scientist: A Sourcebook*. Chicago: Aldine Publishing Company.

Hanson, B.G. 1995. *General Systems Theory : Beginning with Wholes*. Washington, DC: Taylor & Francis.

Harnden, R. & Leonard, A. 1994. *How Many Grapes Went into the Wine: Stafford Beer on the Art and Science of Holistic Management*. Chichester, West Sussex, England: John Wiley & Sons Ltd.

Herbert, M. 1997a. *Assessing Children in Need and Their Parents*. Camberwell, Melbourne, Victoria: The Australian Council for Educational Research Ltd.

Herbert, M. 1997b. *Separation and Divorce: Helping children cope*. Camberwell, Melbourne, Victoria: The Australian Council for Educational Research Ltd.

Hiemstra, V.G. & Gonin, H.L. 1984. *Engels-Afrikaanse regswoordeboek*. 2e uitgawe. Kenwyn: Juta & Kie, Beperk.

History of Technology. 1970. *Encyclopaedia Britannica*, 21:750-752L.
History of Medicine and Surgery. 1970. *Encyclopaedia Britannica*, 15: 93-106.

Hodgkin, R. & Newell, P. 1998. *Implementation Handbook for the Convention on the Rights of the Child*. New York: UNICEF.

Holden, R. 1992. *Stress Busters: 101 Ways to Inner Calm*. London: Thorsons, HarperCollins Publishers.

Hurlock, E. 1964. *Child Development*. 4th ed. New York: McGraw-Hill Book Company, Inc.

Jernberg, A.M. 1979. *Theraplay: A New Treatment Using Structured Play for Problem Children and Their Families*. San Francisco, California: Jossey-Bass Publishers.

Just Jamie, 2005. *Essentials*. April: 26

Kagan, J. 1994. *The Nature of the Child*. 10th ed. New York: Basic Books.

Kaplan, H.I., Sadock, B.J. & Grebb, J.A. 1994. *Synopsis of Psychiatry: Behavioral Sciences Clinical Psychiatry*. 7th ed. Baltimore, Maryland: Williams & Wilkins.

Kenkel, W.F. 1973. *The family in perspective*. 3rd ed. New York: ACC, Meredith Corporation.

Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005). *Staatskoerant*, Vol. 492, No. 28944 (19 Junie 2006). Kaapstad: Staatsdrukker.

Kirschbaum, T.H. 2002a. Maternal-Fetal Physiology. In Mishell, D.R., Kirschbaum, T.H. & Miller, D.S. (Eds.) *Year Book of Obstetrics, Gynecology, and Women's Health*. St. Louis, MO: Mosby, Inc.



Kirschbaum, T.H. 2002b. Fetal Complications of Pregnancy. In Mishell, D.R., Kirschbaum, T.H. & Miller, D.S. (Eds.) *Year Book of Obstetrics, Gynecology, and Women`s Health*. St. Louis, MO: Mosby, Inc.

Kirschbaum, T.H. 2002c. Newborn. In Mishell, D.R., Kirschbaum, T.H. & Miller, D.S. *Year Book of Obstetrics, Gynecology, and Women`s Health*. St. Louis, MO: Mosby, Inc.

Klein, D.M. & White, J.M. 1996. *Family Theories: An Introduction*. Thousand Oaks, California: Sage Publications, Inc.

Krech, D., Crutchfield, R.S. & Ballachey, E.L. 1962. *Individual in Society: A textbook of Social Psychology*. New York: McGraw-Hill Book Company, Inc.

Kruger, D.J., De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Venter, L. 2005. Quantitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Lauer, R.H. 1998. *Social Problems and the Quality of Life*. 7th ed. Boston, Massachusetts: McGraw-Hill.

Lauer, R.H. & Lauer, J.C. 2006. *Social Problems and the Quality of Life*. 10th ed. New York: McGraw-Hill.

Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. 1992a. Preface. In Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. (Ed.). *Analysis of Dynamic Psychological Systems: Basic Approaches to General Systems, Dynamic Systems, and Cybernetics*. Vol 1. New York: Plenum Press, Plenum Publishing Corporation.

Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. 1992b. Living Systems, Dynamical Systems, and Cybernetics: Historical Overview and Introduction to System Dynamics. In Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. (Ed.). *Analysis of Dynamic Psychological Systems: Basic Approaches to General Systems, Dynamic Systems, and Cybernetics*. Vol 1. New York: Plenum Press, Plenum Publishing Corporation.

Littlejohn, S.W. 2002. *Theories of Human Communication*. 7th ed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Louw, D.A. 1996. Preface. In Louw, D.A. (Ed.) *Human development*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Louw, D.A. 2003. Prenatale ontwikkeling en die geboorteproses. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling*. 3e uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Louw, D.A. & Louw, A.E. 1996. The neonatal phase and infancy. In Louw, D.A. (Ed.) *Human development*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Louw, D.A., Louw, A.E. & Van Ede, D.M. 2003. Die neonatale fase en babajare. In Louw, D.A., Van Ede, D.A. & Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling*. 3e uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Louw, D.A., Schoeman, W.J., Van Ede, D.M. & Wait, J. 1996. Middle childhood. In Louw, D.A. (Ed.) *Human development*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 2003. Die middelkinderjare. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling*. 3e uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Manoim, K.J. 1985. *Learning Disabilities and Family Functioning: An Approach to Assessment*. Johannesburg: University of the Witwatersrand (MA Dissertation).

Marais, J. 2005. Onderhoud met Joan Marais, prokureur van UNISA Regshulpklinik. 22 April. Pretoria.

Marvin, R.S. 2003. Implications of Attachment Research for the Field of Family Therapy. In Erdman, P. & Caffery, T. (Eds.) *Attachment and Family Systems: Conceptual, Empirical, and Therapeutic Relatedness*. New York: Brunner-Routledge.

Mash, E.J. & Wolfe, D.A. 2002. *Abnormal Child Psychology*. 2nd ed. Belmont, CA: Wadsworth Thomson Learning.



McKay, M., Rogers, P., Blades, J. & Gosse, M.A. 1999. *The Divorce Book: a practical and compassionate guide*. Oakland, CA: New Harbinger Publications, Inc.

Methodist Conference. 1992. *The Methodist Service Book*. Peterborough, G.B.: Methodist Publishing House.

Meyer, W.F. 1996. Basic concepts of developmental psychology. In Louw, D.A. (Ed.) *Human development*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Meyer, W.F. 2003. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. *Menslike Ontwikkeling*. 3e uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Meyer, W. & Moore, C. 2003. Personology. In Meyer, W., Moore, C. & Viljoen, H. *Personology: From individual to ecosystem*. 3rd ed. Sandown: Heinemann Publishers (Pty) Ltd.

Miller, J.G. & Miller, J.L. 1992. Cybernetics, General Systems Theory, and Living Systems Theory. In Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. (Ed.). *Analysis of Dynamic Psychological Systems: Basic Approaches to General Systems, Dynamic Systems, and Cybernetics*. Plenum Press, Plenum Publishing Corporation.

Milewski-Hertlein, K.A. 2001. The Use of a Socially Constructed Genogram in Clinical Practice. *The American Journal of Family Therapy*. 29(1): 23-38.

Minuchin, S. & Fishman, H.C. 1999. *Family Therapy Techniques*. Massachusetts: Harvard University Press.

Moore, C. 1997. The ecosystemic approach. In Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. *Personology: From individual to ecosystem*. Johannesburg: Heinemann Higher & Further Education (Pty) Ltd.

Morgan, M.Y. & Scanzoni, J. 1987. Assessing Variation in Permanence/Pragmatism Orientations: Implications for Marital Stability. *Journal of Divorce*, 11(1):1-24.

Myerhoff, B. & Tufte, V. 1979. Introduction. In Tufte, V. & Myerhoff, B. (Eds.) *Changing Images of the Family*. London: Yale University Press.

National Center for Health Statistics. 2006. *National Vital Statistics Reports: Births, Marriages, Divorces, and Deaths: Provisional Data for 2005 Vol 54 (20)*. Hyattsville, USA.

National Statistics UK. 2006. *Divorces: Couples and children of divorced couples, 1981, 1991, and 2001-2005*. [O]. Beskikbaar: <http://www.statistics.gov.uk/STATBASE/xsdataset.asp?More=Y>
Geraadpleeg op 2007/07/31

National Statistics UK. 2007. [O]. Beskikbaar: [http://www.statistics.gov.uk/STATBASE/table 4](http://www.statistics.gov.uk/STATBASE/table4)
Geraadpleeg op 2007/07/31

Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*. 4th ed. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Newton, Sir Isaac (1642-1727). 1970. *Encyclopaedia Britannica*. 16: 418-421

Niewoudt, E. 2005. Onderhoud met Advokaat E. Niewoudt, advokaat van die Regshulpraad, Departement van Justisie, S.A. 29 April. Pretoria.

Nye, F.I. 1979. Choice, Exchange, and the Family. In Burr, W.R., Hill, R., Nye, F.I & Reiss, I.L. *Contemporary Theories about the Family: General Theories/Theoretical Orientations vol. II*. New York: The Free Press.

Oaklander, V. 1988. *Windows to Our Children: A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents*. Gouldsboro, Maine: The Gestalt Journal Press.

Ogburn, W.F. 1963. Why the Family is changing. In Ross, H.L. *Perspectives on the Social Order: Readings in Sociology*. New York: McGraw-Hill book Company, Inc.



O'Reilly, L. 1997. Foreword. In Allen, T. *You're still Mum and Dad: Helping Children Cope with Separation*. Birkenhead, Auckland: David Ling Publishing Limited

Paetsch, J., Bala, N.M., Bertrand, L.D. & Glennon, L. 2004. Trends in the Formation and Dissolution of Couples. In Scott, J., Treas, J. & Richards, M (Eds). *The Blackwell Companion to the Sociology of Families*. Oxford, UK: Blackwell Publishing Ltd.

Page, J. 1996. Dancing on the Edge of Chaos: Therapists have no monopoly on systems theory. *Networker*, 20(6): 19-20.

Palmer, J.O. 1970. *The Psychological Assessment of Children*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Papalia, D.E., Olds, S.W. & Feldman, R.D. 2006. *A Child's World: Infancy Through Adolescence*. 10th ed. New York: McGraw-Hill.

Parke, R.D. & Kellam, S.G. 1994. Introduction and Overview. In Parke, R.D. & Kellam, S.G. (Eds.) *Exploring Family Relationships with other Social Contexts*. Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

Pearce, T. 2003. Meet my live-in ex. *The Globe and Mail*, 25 Oktober: F6.

Pierson, J. & Thomas, M. 2002. *Collins Dictionary Social Work*. Glasgow: HarperCollins Publishers.

Pillari, V. 1988. *Human Behavior in the Social Environment*. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Company.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek*. Sandton : Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Ponzetti, J.J. & Cate, R.M. 1987. The Developmental Course of Conflict in the Marital Dissolution Process. *Journal of Divorce*. 10(1/2): 1-16.



Ponzetti, J.J. & Cate, R.M. 1988. The Divorce Process: Toward a Typology of Marital Dissolution. *Journal of Divorce*, 11(3):1-20.

Potgieter, R.M. 1986. *Children of Divorce*. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth (MA Verhandeling).

Potgieter, M.C. 1998. *The Social Work Process: Development to Empower People*. South Africa: Prentice Hall (Pty) Ltd.

Pritchard, R. 1998. *When Parents Part How Kids Adapt: What hurts what heals*. NZ: Penguin Books (NZ) Ltd.

Pryor, J. & Trinder, L. 2004. Children, Families, and Divorce. In Scott, J., Treas, J. & Richards, M. (Eds). *The Blackwell Companion to the Sociology of Families*. Oxford, UK: Blackwell Publishing Ltd.

Rapoport, A. 1974. Foreword. In Buckley, W. (Ed.) *Modern Systems Research for the Behavioral Scientist: A Sourcebook*. Chicago, Illinois: Aldine Publishing Company.

Reader`s Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek/English-Afrikaans Dictionary. 1993. Cape Town: Reader`s Digest Association South Africa (Pty) Ltd.

Reason, P. 1981. Patterns of Discovery in the Social Sciences, by Paul Diesing: Editorial appreciation. In Reason, P. & Rowan, J. (Ed.). *Human Inquiry: A Sourcebook of New Paradigm Research*. Bath: John Wiley & Sons Ltd.

Robinson, R. 2000. Children and Divorce. In Davel, C.J. (Ed.) *Introduction to Child Law in South Africa*. Landsdowne: Juta Co, Ltd.

Roode, C.D. 1968. *Inleiding tot die Sosiologie*. Kaapstad: A.A. Balkema.

Rosen, R. 1977. *An Investigation into the effects of varying custody and access arrangements upon the emotional adjustment of children of divorce*. Cape Town: University of Cape Town. (PhD Thesis).

Rossouw, L.N. 1998. *’n Evaluering van ’n spanbenadering by die bepaling van beheer en toesig van kinders*. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (MA Verhandeling).

Rustin, M. 2000. Introduction. In Rustin, M. & Quagliata, E. (Eds.) *Assessment in Child Psychotherapy*. London: Gerald Duckworth & Co. Ltd.

Sadock, B.J. & Sadock, V.A. 2003. *Synopsis of Psychiatry: Behavioral Sciences/Clinical Psychiatry*. 9thed. Philadelphia, PA: Lippincott Williams & Wilkins.

Salts, C.J. 1985. Divorce Stage Theory and Therapy: Therapeutic Implications Throughout the Divorcing Process. *Journal of Psychotherapy & the Family*. 1(3): 13-23.

Saxton, L. 1996. *The Individual, Marriage, and the Family*. 9th ed. Belmont, California: Wadsworth Publishing Company.

Schoeman, J.H. 1980. Die sisteemteorie. In Grobbelaar, S.W.P. & Schoeman, J.H. *Benaderings in maatskaplike werk*. Pretoria:[sn].

Schoeman, J.P. 1996. Projection techniques. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. *Entering the child’s world:A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child’s world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Seadi, P. 2005. Onderhoud met Advokaat P. Seadi, Hoof Gesinsadvokaat van S.A. 2 Junie. Pretoria.

Shaw, R. 2003. *The Epidemic: The Rot of American Culture, Absentee and Permissive Parenting, and the Resultant Plague of Joyless, Selfish Children*. New York: Regan Books, Harper Collins Publishers.

Sheafor, B.W., Horejsi, C.R. & Horejsi, G.A. 1997. *Techniques and Guidelines for Social Work Practice*. 4th ed. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

- Silver, D. 1987. *The post-divorce non-custodial father-child relationship*. Pretoria: University of South Africa. (MA Dissertation).
- Sinclair, J.D. 1984. *’n Inleiding tot die Wet op Huweliksgoedere 1984*. Kenwyn: Juta en Kie, Bpk.
- Sinclair, J. 1999a. Introduction. In Van Heerden, B., Cockrell, A. & Keightley, R. (Eds.) *Boberg’s Law of Persons and The Family*. 2nd ed. Kenwyn: Juta & Co Ltd.
- Sinclair, J. 1999b. Marriage. In Van Heerden B., Cockrell, A. & Keightley, R. (Eds.) *Boberg’s Law of Persons and the Family*. 2nd ed. Kenwyn: Juta & Co Ltd.
- Special Joint Committee on Child Custody and Access. 1998. *For The Sake Of The Children*. Second Report. [S1] Canada:[sn].
- Spies, G.M. 2006. An explanation of the dynamics of incest families. In Spies, G.M. (Ed.) *Sexual Abuse: Dynamics, Assessment and Healing*. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Stamps, L.E., Kunen, S. & Rock-Faucheux, A. 1997. Judges’ Beliefs Dealing with Child Custody Decisions. *Journal of Divorce & Remarriage*. 28(1/2):3-16.
- Statistics South Africa. 1996. *Historical Table Divorces No. 03-07-01 (1996)*. Pretoria: Stats SA.
- Statistics South Africa. 1998. *Divorces*. Pretoria: Stats SA.
- Statistics South Africa. 2001. *Marriages and Divorces*. Pretoria: Stats SA.
- Statistics South Africa. 2003. *Marriages and Divorces No. 03-07-01*. Pretoria: Stats SA.
- Statistics South Africa. 2004. *Marriages and divorces 2004 P0307*. Pretoria: Stats SA.

Statistics South Africa. 2005. *Marriages and Divorces 2005 P0307*. Pretoria: Stats SA.

Statistics South Africa. 2006. *Marriages and Divorces Vital Statistics (Report 03-07-01)*. Pretoria: Stats SA.

Steyn, A.F. 1994. *Family structures in the RSA*. Pretoria: HSRC.

Storer, N.W. 1966. *The Social System of Science*. USA: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

Strom, R.D., Bernard, H.W. & Strom, S.K. 1989. *Human Development and Learning*. New York: Human Sciences Press, Inc.

Strydom, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005. The pilot study. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005. Writing the research report. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Sullivan, T.J. & Thompson, K.S. 1994. *Introduction to Social Problems*. 3rd ed. New York: Macmillan Publishing Company.

The Concise Oxford Dictionary. 1999. 10th ed. New York: Oxford University Press.

Thom, D.P. 1996. Adolescence. In Louw, D.A. (Ed.) *Human development*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

Thomas, R.M. 2000. *Comparing Theories of Child Development*. 5th ed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.

Tobias, P. 2005. *Into the Past: A memoir*. Johannesburg: Picador Africa & Wits University Press.

Turkat, I.D. 2000. Custody Battle Burnout. *The American Journal of Family Therapy*. 28(3): 201-215.

Turner, J.S. & Helms, D.B. 1987. *Lifespan Development*. 3rd ed. New York: Holt, Rinehart & Winston, CBS College Publishing.

Transportation. 1970. *Encyclopaedia Britannica*, 22 : 173-179.

Van der Merwe. 2005. Onderhoud met Regter Van der Merwe, Regter van die Hooggeregshof Transvaalse Afdeling. 6 Julie. Pretoria.

Van Dijk, R. [sa]. *Mens en Medemens: Een inleiding tot de algemene sociologie*. Wageningen: N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmaatschappij.

Van Heerden, B. 1999a. How The Parental Power is Acquired and Lost. In Van Heerden, B., Cockrell, A. & Keightley, R. (Eds) *Boberg's Law of Persons and The Family*. 2nd ed. Kenwyn: Juta & Co Ltd.

Van Heerden B. 1999b. Legitimacy, Illegitimacy and the Proof of Parentage. In Van Heerden B, Cockrell, A. & Keightley, R. (Eds.) *Boberg's Law of Persons and The Family*. 2nd ed. Kenwyn: Juta & Co Ltd.

Van Schalkwyk, G.J. 2002. *Human Development Perspectives: Monograph*. [SI]: Van Schaik Content Solutions.

Van Schalkwyk, N. 2000. Maintenance for Children. In Davel, C.J. (Ed.) *Introduction to Child Law in South Africa*. Landsdowne: Juta & Co, Ltd.



Van Westing, A. 1994. *Konkretisering van ouerlike gesagsbevoegdheede – met besondere verwysing na regte van toegang by buite-egtelike kinders en gesamentlike toesig en beheer oor kinders in `n serie-huwelik*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (MA Verhandeling).

Van Zyl, L. 2000. Family Mediation. In Davel, C.J. (Ed.) *Introduction to Child Law in South Africa*. Landsdowne: Juta & Co, Ltd.

Van Zyl. 2005. Onderhoud met Mnr. Van Zyl, Griffier van die Hooggeregshof, Transvaalse Afdeling. 27 April. Pretoria.

Visser, P.J. & Potgieter, J.M. 1998. *Inleiding tot die Familiereg*. 2e uitgawe. Kenwyn: Juta & Kie, Bpk.

Volgy, S.S. & Everett, C.A. 1985. Systemic Assessment Criteria for Joint Custody. In Sprenkle, D.H. (Ed.) *Divorce Therapy*. New York: The Haworth Press, Inc.

Von Bertalanffy, L. 1967. General System Theory. In Demerath, N.J. III & Peterson, R.A. (Ed.). *System, Change, and Conflict*. New York, USA: The Free Press, Macmillan Company.

Von Bertalanffy, L. 1973. *General System Theory: Foundations, Development, Applications*. Revised ed. New York, USA: George Braziller, Inc.

Von Bertalanffy, L. 1974. General System Theory – A Critical Review. In Buckley, W. (Ed.) *Modern Systems Research for the Behavioral Scientist: A Sourcebook*. Chicago, Illinois: Aldine Publishing Company.

Wall, J.C. & Amadio, C. 1994. An Integrated Approach to Child Custody Evaluation: Utilizing the “Best Interest” of the Child and Family Systems Frameworks. *Journal of Divorce and Remarriage*. 21(3/4): 39-57.

Wentzel, A. & Du Toit, I. [Sa]. *Egskeiding: `n Werkboek vir ouers en hulle kinders tydens `n egskeiding*. [SI]:[sn].

Wiener, N. 1974. Cybernetics in History. In Buckley, W. (Ed.). *Modern Systems Research for the Behavioral Scientist: A Sourcebook*. Chicago: Aldine Publishing Company.



Winner, K. 1996. *Divorced from Justice: The abuse of women and children by divorce lawyers and judges*. New York: Regan Books, HarperCollins Publishers, Inc.


Woudstra, M.R. 1997. *’n Opvoedkundig-Sielkundige Benadering tot die Gesin-in-egskeiding*. Johannesburg: RAU (D Ed Tesis).

Yatt, S. 1996. *Divorce therapy for preschool children*. Johannesburg: Rand Afrikaans University. (MA Dissertation).

Zaal, N. 2003. Hearing the voices of children in court: a field study and Evaluation. In Burman, S. (Ed.) *The fate of the child: legal discussions on children in the new South Africa*. Landsdowne: Juta Law.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 420-4111
Faks (012) 362-5168 / 362-5190 <http://www.up.ac.za>

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Maatskaplike Werk

Faks (012) 420-2093 Tel (012) 420-2325 *whisk / message*
cell 076 191 6381

29 MAART 2005

Mrs. P. Phokobye
Office of the Family Advocate
Pretoria

M. P. KIMBERG: D. PHIL (Maatskaplike Werk/Social Work) studie/study

Studente no / Student no: 915613

Titel/Title: Model vir Egskeidingevaluering: 'n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang / *Model for Divorce Evaluation: A Systemic Perspective in the Interests of the Minor Child in Custody and Access*

1. Ons persoonlike gesprek in hierdie verband het betrekking.
Our personal conversation in this regard refers.
2. Soos met u bespreek, word die deelname van 5 gesinne in egskeiding aan hierdie navorsing benodig ten einde die empiriese gedeelte van die studie af te handel.
As discussed with you the participation of 5 families in divorce is needed in this research to conclude the empirical research part of the study.
3. U verwysing van gesinne in egskeiding, waar daar 'n dispuut aangaande die bewaring en toegang van die minderjarige kinders bestaan, vir gesinsevaluering na onderstaande professionele ondersoeker word hoog op prys gestel.
Your referral of families in divorce where there is a dispute regarding the custody and access of the minor children for family assessment to undersigned professional investigator is highly appreciated.
4. Aangesien hierdie ondersoek deel van die empiriese navorsing van die studie uitmaak, is daar geen finansiële koste vir sodanige gesinne aan die professionele dienste deur die ondersoeker gedurende die evalueringsproses gelewer, verbonde nie.



As this investigation forms part of the empirical research of the study there will be no financial costs for the family regarding the professional services delivered during the family evaluation process

5. Aangeheg 'n verkorte Curriculum Vitae van ondersoeker ten einde u insae in die agtergrond en ervaring van ondersoeker te bied.

Attached a shortened Curriculum Vitae of investigator to inform you of the background and experience of the investigator.

6. Alle gesinne sal van 'n ingeligte toestemmingsvorm voorsien word waarin hulle regte vir deelname aan die ondersoek uiteengesit word.

All families will receive an informed consent letter in which their rights as participants are described.

U ondersteuning in hierdie ondersoek word hoog op prys gestel.

Your support in this investigation is highly appreciated.

.....
M.P.KIMBERG: D.Phil student

.....
PROF. R. DELPORT:UP
Studieleier/promotor

Second letter



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



University of Pretoria

The Chief Family Advocate
Department of Justice & Constitutional Development
Office of the Family Advocate Pretoria
Private Bag X 88
Pretoria
0001

Department of Social Work and Criminology
Tel. +27 12 420-2325
Fax. +27 12 420-2093

Attention: Adv. Peter Phokobye (Acting Supervisor)

**Application for Consent: Participation in research for D.Phil (Social Work) studies – Me M.P. Kimberg
University of Pretoria (Student number 91563136)**

1. Our personal conversation on Friday 4th February refers
2. As explained to you participation by the family councillors in permanent service at your office with questionnaires is required. Care will be taken that this will not interfere with the councillor's functioning at your office.
3. The title of the study is: "Egskeidingsevalueringsmodel: 'n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by die Bewaring en Toegang" (Model in Divorce Evaluation: A Systemic Perspective in the Interests of the Minor Child in Custody and Access)
4. It will be required of each of the 5 permanent councillors to complete a questionnaire regarding the process of investigation of two divorced families.
5. As discussed I would appreciate it if I could attend one or two of the investigations as a voluntary councillor as a part of my study.
6. The questionnaires will be available from the beginning of March 2005 and will be delivered to your office with clear instructions regarding the completion thereof.

Your kind co-operation is very much appreciated

M.P. Kimberg 9/02/2005

M.P. Kimberg
D.Phil Student

Prof C.S.L. Delport
Promoter



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PETRO KIMBERG

B.A.(MW)IV PU; M.A.(MW)UP

Kliniese Maatskaplike Werker /

Clinical Social Worker

Reg.10-09684 / PR 8902569

Dept. Maatskaplike Werk/

Social Work

K 10-6

UP

Tel. 076 191 6381

24 MAY 2005

THE CHIEF OF OFFICE
OFFICE OF THE FAMILY ADVOCATE
PRETORIA

Ph. D Social Work Study: RESEARCH PROJECT

The support and participation of your office in the empirical research project conducted by myself as part of the Ph.D study in Social Work at the University of Pretoria is highly appreciated.

The cooperation given by Advocate Peter Phokobye and the participation rendered by the Family Councilors secured the successful completion of this part of the project and needs to be mentioned.

Accept my sincere gratitude for the support from the staff of your office.

You will be notified of the completion of the study.

Yours faithfully,

PETRO KIMBERG



Departement Maatskaplike Werk & Kriminologie
Fakulteit Geesteswetenskappe
Tel.: +27 12 420-2325
Faks.: +27 12 420-2093/420-5256

17 August 2007

**THE CHIEF OF OFFICE
PRETORIA OFFICE OF THE FAMILY ADVOCATE
MEENT BUILDING
PRETORIUS STREET
PRETORIA**

ATTENTION: ADVOCATE CHRIS MARAIS

D. PHIL (SOCIAL WORK) RESEARCH PROJECT: MRS. M.P. KIMBERG

1. During April – May 2005 your office participated in a D. Phil research project by Mrs. M.P. Kimberg from the University of Pretoria.
2. In March 2005 the purpose and manner of the research project was discussed with and consent requested from Advocate Peter Phokobye, the acting head of your office at the time.
3. Consent was given to Mrs. Kimberg by Advocate Phokobye to conduct the research project at your office and to the five family councilors at your office to participate in the research project.
4. The research project was explained to every family councilor during an information session and a letter of informed consent was signed by every family councilor.
5. A letter of consent was requested from Advocate Phokobye but he went on leave during that time and only returned to the office when the research was done and the questionnaires completed. Due to his absence the letter of consent by him was not received.
6. The ethical committee of the University of Pretoria has now demanded an official written confirmation that the research project by Mrs. Kimberg was approved by your office.



7. An official confirmation from your office that the research project was approved is urgently requested.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Petro Kimberg', written over a horizontal dotted line.

PETRO KIMBERG

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'CSL Delport', written over a horizontal dotted line.

PROF CSL DELPORT : PROMOTER



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



OFFICE OF THE FAMILY ADVOCATE: PRETORIA

Private Bag X 88, PRETORIA, 0001 • The Meent Building, C/O Pretorius and Andries Streets, PRETORIA
Tel (012) 323 0760, Fax (012) 326 4633

Our Ref: (CMbrf213/mk)
Ref: Mrs Petro Kimberg
Enq: Adv C J Maree
E-mail: cmaree@justice.gov.za

22 August 2007

BY HAND

Mrs M P Kimberg
C/o University of Pretoria
PRETORIA
0002

Dear Mrs Kimberg,


RE: D. PHIL (SOCIAL WORK) RESEARCH PROJECT: MRS M P KIMBERG

Your letter dated 17 August 2007, the contents which I have noted, refers.

I confirm that I have knowledge of the consent given in this matter and reaffirm my approval of the research conducted herein, with the assistance and participation of this office.

Yours faithfully

**ADV P PHOKOBYE
FAMILY ADVOCATE, PRETORIA**



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 420-4111
Faks (012) 362-5168 / 362-5190 <http://www.up.ac.za>

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Maatskaplike Werk

Faks (012) 420-2093 Tel (012) 420-2325

29 MAART 2005

.....
.....
.....
.....

M. P. KIMBERG: D. PHIL (Maatskaplike Werk/Social Work) studie/study

Studente no / Student no: 915613

Titel/Title: Model vir Egskeidingevaluering: `n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang / *Model for Divorce Evaluation: A Systemic Perspective in the Interests of the Minor Child in Custody and Access*

1. Ons persoonlike gesprek in hierdie verband het betrekking.
Our personal conversation in this regard refers.
2. Soos met u bespreek, word die deelname van 5 gesinne in egskeiding aan hierdie navorsing benodig ten einde die empiriese gedeelte van die studie af te handel.
As discussed with you the participation of 5 families in divorce is needed in this research to conclude the empirical research part of the study.
3. U verwysing van gesinne in egskeiding, waar daar `n dispuut aangaande die bewaring en toegang van die minderjarige kinders bestaan, vir gesinsevaluering na onderstaande professionele ondersoeker word hoog op prys gestel.
Your referral of families in divorce where there is a dispute regarding the custody and access of the minor children for family assessment to undersigned professional investigator is highly appreciated.
4. Aangesien hierdie ondersoek deel van die empiriese navorsing van die studie uitmaak, is daar geen finansiële koste vir sodanige gesinne aan die professionele dienste deur die ondersoeker gedurende die evalueringsproses gelever, verbonde nie.



As this investigation forms part of the empirical research of the study there will be no financial costs for the family regarding the professional services delivered during the family evaluation process

5. Aangeheg 'n verkorte Curriculum Vitae van ondersoeker ten einde u insae in die agtergrond en ervaring van ondersoeker te bied.

Attached a shortened Curriculum Vitae of investigator to inform you of the background and experience of the investigator.

6. Alle gesinne sal van 'n ingeligte toestemmingsvorm voorsien word waarin hulle regte vir deelname aan die ondersoek uiteengesit word.


All families will receive an informed consent letter in which their rights as participants are described.

U ondersteuning in hierdie ondersoek word hoog op prys gestel.

Your support in this investigation is highly appreciated.

.....
M.P.KIMBERG: D.Phil student

.....
PROF. R. DELPORT:UP
Studieleier/promotor



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 420-4111
Faks (012) 362-5168 / 362-5190 <http://www.up.ac.za>

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Maatskaplike Werk

Faks (012) 420-2093 Tel (012) 420-2325

RESEARCH PROJECT/NAVORSINGSPROJEK

M.P. KIMBERG: D. Phil (Social Work/Maatskaplike Werk), UP

Student no /Studente nommer: 915613

Title/Titel: Model in Divorce Evaluation: A Systemic Perspective in the Interests of the Minor Child in Custody and Access / "Model vir Egskeidingevaluering: 'n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang"

Participation by Office of the Family Advocate/ Deelname deur die Kantoor van die Gesinsadvokaat

Informed Consent/Ingeligte Toestemming: Family Councillors/Gesinsraadgewers

Date/Datum:.....

Participating Family Councillor/Deelnemende Gesinsraadgewer:

(name/naam).....

Researcher/Navorsers: Martha Petro KIMBERG

**University of Pretoria/ Universiteit van Pretoria
PRETORIA**

Consent to participate/Toestemming tot deelname:

1. Title of Study/*Titel van Studie*: Model for Divorce Evaluation: A Systemic Perspective in the Interests of the Minor Child in Custody and Access / *Model vir Egskeidingevaluering: 'n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang*.
2. Purpose of Study/*Doel van studie*: The purpose of this study is to test and evaluate the application of a model for divorce evaluation by comparing it with the current family



- evaluation practice/*Die doel van die studie is om 'n model vir egskeidingevaluering te toets en evalueer deur dit met die huidige praktyk van gesinsevaluering te vergelyk.*
3. Procedure/*Prosedure*: To give feedback through the completion of a questionnaire regarding the process of divorce evaluation as it is practised by me during my normal duty at the Office of the Family Advocate/ *Deelname deur 'n vraelys te voltooi ten einde terugvoer te verskaf aangaande die proses van egskeidingevaluering soos deur my toegepas gedurende my normale werkkuitvoering in die Kantoor van die Gesinsadvokaat.*
 4. Risks /*Risiko*: I understand that my position as family councillor at the Office of the Family Advocate will not be jeopardized by participating in this research investigation and that my identity will not be disclosed on the research questionnaire / *Ek verstaan dat my posisie as gesinsraadgewer by die Kantoor van die Gesinsadvokaat nie enigsins benadeel sal word deur my deelname aan hierdie navorsingondersoek nie en dat my identiteit nie in die navorsingsvraelys geopenbaar sal word nie*
 5. Benefit/*Voordeel*: I understand that there is no personal benefit for myself as participant in this investigation but that this research investigation will benefit the promotion of developing an acceptable standard for evaluation in divorce to determine the best interests of the minor child / *Ek verstaan dat ek persoonlik geen voordeel uit my deelname aan hierdie ondersoek sal trek nie, maar dat hierdie navorsingondersoek die ontwikkeling van 'n aanvaarde standaard vir egskeidingevaluering waardeur die beste belang van die minderjarige kind bepaal kan word, sal bevorder.*
 6. Financial benefit /*Finansiële voordeel*: I understand that I will gain no financial benefit from this research investigation / *Ek verstaan dat ek geen finansiële voordeel uit hierdie navorsingondersoek sal bekom nie.*
 7. Rights of participant / *Regte van deelnemer*: I may withdraw at any time from participating in the investigation / *Ek mag te enige tyd as deelnemer aan die ondersoek onttrek.*
 8. Confidentiality /*Vertroulikheid*: The questionnaire completed by myself will purely be used for the purpose of this study and my identification will not form part of the information / *Die vraelys wat deur my as deelnemer in hierdie ondersoek voltooi word, word uitsluitlik vir die doeleindes van hierdie studie aangewend en my identiteit vorm nie deel van die inligting nie.*
 9. Queries /*Navrae*: I may call the research investigator if I have any queries or further questions regarding the investigation during my participation / *Ek mag die ondersoeker kontak indien ek verdere navrae insake die ondersoek gedurende my deelname aan die ondersoek het.*

I understand my rights as participant in this research investigation and I voluntarily give my consent to participate in the investigation as required from me. I understand what the study is about and by whom it is being done. I will receive a signed copy of this consent form / *Ek verstaan my regte as deelnemer aan hierdie ondersoek en gee hiermee my vrywillige toestemming tot deelname aan die ondersoek.*



Ek verstaan waaroor die studie gaan en deur wie dit uitgevoer word. Ek sal 'n getekende afskrif van hierdie toestemmingsvorm ontvang.

Signature of participant / *Handtekening van deelnemer*

Date/*Datum*

Signature of investigator/*Hantekening van ondersoeker*

Date/*Datum*



Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 420-4111
Faks (012) 362-5168 / 362-5190 <http://www.up.ac.za>

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Maatskaplike Werk
Faks (012) 420-2093 Tel (012) 420-2325

NAVORSINGSPROJEK/RESEARCH PROJECT

M.P. KIMBERG: D. Phil (Maatskaplike Werk/Social Work) studie/study

Studente no/Student no: 91563136

Titel/Title: Model vir Egskeidingevaluering: `n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang / *Model in Divorce Evaluation: A Systemic Perspective in the Interests of the Minor Child in Custody and Access*

**Deelname deur gesinne / Participation by families
GESINSASSESSERING/ FAMILY EVALUATION**

Ingeligte Toestemmingsvorm/Informed Consent form

Datum/Date:.....

Deelnemende gesinsisteam/Participating family system:
(naam/name).....

Ondersoeker/Investigator: Martha Petro KIMBERG
Universiteit van Pretoria/University of Pretoria
PRETORIA

Toestemming tot deelname/Consent to participate:

1. Titel van Studie: Model vir Egskeidingevaluering: `n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang
Title of study: Model in Divorce Evaluation: A Systemic Perspective in the Interests of the Minor Child in Custody and Access
2. Doel van Studie: Die doel van hierdie studie is om `n model vir egskeidingevaluering wat op gesinsassessering gebaseer is in die praktyk te toets en te evalueer
Purpose of study: The purpose of the study is to test and evaluate in practice a model in divorce evaluation



3. **Prosedure:** Deelname van die gesinslede aan gesamentlike asook individuele onderhoudvoering ten einde inligting te verskaf met die doel om 'n oplossing vir die egskeidingdispuut te vind en dat ek/ons toestemming gee vir die gebruik van die inligting sodoende bekom vir die doel van hierdie navorsing
Procedure: Participation by the family members in family as well as individual interviewing to gather information for the purpose of finding a solution for the divorce dispute and that I/us give permission for the use of such information for this research purposes.
4. **Voordeel:** Ek verstaan dat die aanbeveling wat op grond van die inligting wat uit hierdie ondersoek bekom is slegs as aanbeveling aan die Hooggeregshof sal dien en nie 'n hofbevel per se is nie
Benefit: I understand that the recommendation made on the information gathered from this investigation will only be a recommendation to the High Court and that it is no court order per se.
5. **Risiko:** Ek verstaan dat hierdie ondersoek gedoen word ten einde die beste belang van ons kinders na die egskeiding te bepaal en dat dit moontlik kan verskil van my eie mening
Risks: I understand that this investigation will be done to determine the best interests of our children after the divorce and that it may differ from my own opinion.
6. **Regte van deelname:** Ek verstaan dat ek te eniger tyd my eie deelname aan hierdie ondersoek kan termineer
Rights of participation: I understand that I may terminate my own participation in this investigation at any time.
7. **Finansiële vergoeding:** Ek verstaan dat ek geen finansiële vergoeding vir my deelname aan hierdie ondersoek sal ontvang nie en dat ek geen finansiële vergoeding aan die ondersoeker vir die ondersoek verskuldig is nie
Financial benefit: I understand that I will not receive any financial remuneration for my participation in this investigation and that I have no financial liability towards the investigator in this investigation.
8. **Vertroulikheid:** Ek verstaan dat die inligting wat ek in hierdie ondersoek aan die ondersoeker meedeel, aangewend sal word om die beste belang van ons kinders in hierdie saak te bepaal en dat dit deel mag vorm van 'n professionele verslag wat aan die Hof beskikbaar gestel sal word. Ek aanvaar dat die ondersoek te alle tye professioneel uitgevoer sal word en dat geen inligting hierin verskaf met buitestaanders gedeel sal word sonder my medewete nie. Ek aanvaar die gebruik van 'n bandopnemer tydens onderhoudvoering vir die doeleindes van die studie en dat my identiteit in geen opsig in die navorsingsverslag bekend gemaak sal word nie
Confidentiality: I understand that the information which I share with the investigator in this investigation will be used to determine the best interests of our children and that it may form part of a professional report which will be delivered to the Court. I accept that the investigation will be done professionally at all times and that no information gathered will be shared with outsiders without my knowledge. I accept the use of a tape recorder for the purposes of the study and that my identity will in no way be made known in the research report.



9. Onsekerheid: Ek aanvaar dat indien ek onduidelikheid of onsekerheid oor enige aspek van die ondersoek ervaar, ek geregtig is om dit met die ondersoeker uit te klaar sodat ek dit ten volle kan verstaan

Uncertainty: I understand that I may clarify any uncertainty which I may experience regarding any aspect of the investigation to my satisfaction.

Ek verstaan dat my deelname aan hierdie ondersoek vrywillig is en ek verstaan wat die doel daarvan is en wat my regte tydens deelname is. Ek verstaan dat ons minderjarige kinders ook ingesluit word as deelnemers en dat dit ook skriftelik erken word met die teken van hulle eie name. Ek sal 'n getekende kopie van hierdie ooreenkoms ontvang.

I understand that my participation in this investigation is voluntarily and I understand the purpose of the investigation and my rights during my participation. I understand that our minor children are included as participants and that it will be acknowledged with the signature of their own names. I will receive a signed copy of this agreement.

Deelnemende ouer/*Participating parent*

Datum/*Date*

Deelnemende ouer/*Participating parent*

Datum/*Date*

Ondersoeker/*Investigator*

Datum/*Date*

Ek verstaan dat ek mag deelneem aan die besluit waar ek sal gaan bly nadat mamma en pappa nie meer getroud is nie / geskei is.

I understand that I may take part in the decision about where I will live after mom and dad is divorced/ not married any more.

.....
Minderjarige kind/*Minor child*

.....
Datum/*Date*

.....
Minderjarige kind/*Minor child*

.....
Minderjarige kind/*Minor child*

.....
Minderjarige kind/*Minor child*

.....
Minderjarige kind/*Minor child*



GESINSASSESSERING / FAMILY ASSESSMENT

OOREENKOMS VAN DIENSLEWERING / AGREEMENT TO SERVICES

DATUM/DATE:.....

VERWYS DEUR/REFERRED BY:.....

REDE VIR VERWYSING / REASON FOR REFERRAL:.....

.....

.....

KLIËNT INLIGTING / CLIENT INFORMATION

Van/Surname:.....

Kinders/Children:

1. *Volle naam/Full name:*..... 2.....

Gebore/Born:.....

Skool/School:.....

Gr/Grade: Onderwyser/Teacher.....

Huidige woonadres /.....

Current home address.....

3. 4.....

(soos bo).....

.....

.....

Biologiese Ouers/Biological Parents:

Volle naam /Full name: Mother *Father*.....

Gebore /Born:.....

Woonadres/Home address:.....

.....

Tel. No: (h)..... (cell)..... *(h)..... (cell).....*

Kwalifikasies/Qualifications:.....

Beroep/Occupation:.....

Werkgewer/Employer:.....

Werkadres/Workaddress:.....

.....

Werk tel no/Work tel no:.....

Werksposisie /Job position:.....



Betekenisvolle persone / Significant others:

**Saamleefmaat van ouer/Live in partner of parent:*

Moeder **Vader**
.....
.....
.....

**----- Materne grootouers/Maternal grandparents:*

Volle name/Full name: *Tel no:*
Woonadres/Home address:
.....
Graad van betrokkenheid/Nature of commitment:

**-----Paterne grootouers /Paternal grandparents:*

Volle naam/Full name:
Woonadres/Home address:
.....
Graad van betrokkenheid/Nature of commitment:

**-----Ander/Others: Spesifiseer/Specify*

.....
.....
.....

WERKWIJSE / SERVICE PROCEDURE

Eerste konsultasie / First consultation: 2 – 3 ure/hours
Ouers / Parents = spreekkamer/consultation room
Verkieslik met ouers gesamentlik / Preferably with parents together

Eerste konsultasie / First consultation: 2 – 3 ure/hours
Minderjarige kinders / Minor children = spreekkamer / consultation room
Individueel / Individual

Opvolg konsultasies / Follow up consultations: 1½ - 3 ure/hours
Assessering / assessment = spreekkamer / consultation room
Ouers individueel / parents individual
Kinders individueel/gesamentlik soos nodig / children individual or together as necessary
Kollaterale bronne soos nodig / Collateral sources as necessary



-/3

- # **Tuisbesoek / Home visits:** 2 – 4 ure/hours
Besook aan huis van elke ouer afsonderlik met die kinders teenwoordig asook ander betrokke persone soos 'n saamleefmaat / grootouers / ouer kinders //
Visit at home of each parent separately with the children as well as other significant persons e.g. live in partner / grandparents / older children

- # **Telefoon konsultasies / telephonic consultations:**
Soos nodig met betrokke persone bv. predikant/werkgewer//
As needed with significant persons e.g. pastor/employer

- # **Dokumentere inligting / Documentary information:**
Soos van toepassing o.a skoolverslae; doktersverslae; spesiale ondersoeke; albums //
As applicable e.g. school reports; special reports; medical reports; family albums

- # **Verslag / Report:** +- 10 ure/hours (gemiddeld/approximately)
Finale geskrewe verslag = met aanbevelings mbt die beste belang van die minderjarige kinders //
Final written report = with recommendations regarding the best interests of the minor children

- # **Terugvoer konsultasie / Feedback consultation:** 1 – 2 ure/hours
Ouers gesamentlik // Parents together
Opsioneel //Optional = Regsverteenwoordiger // Legal representative

DIENSFOOI STRUKTUUR / SERVICE FEE STRUCTURE

Nie van toepassing by die ondersoeke vir empiriese navorsing nie // Not applicable for investigations as part of empirical research

ONDERNEMING / UNDERTAKING

Ek verstaan die aard van die werkwyse van hierdie ondersoek. Ek verstaan die doel van die ondersoek naamlik dat die beste belang van ons minderjarige kinders bepaal word en aanbevelings met betrekking tot hulle toekomstige bewaring en toegang aan die Hof gedoen word. Ek onderneem om vrywillig my samewerking in hierdie verband te bied.



-/4

Ek verstaan dat die verslag uit hierdie ondersoek nie `n hofbevel is nie en kan ek `n verdere mening inwin indien ek nie met die aanbevelings van die verslag tevrede is nie. *I understand the nature of the work procedure of this investigation. I understand the purpose of the investigation namely to determine the best interests of our minor children in order to make recommendations to the Court regarding their future custody and access. I understand that the report from this investigation is not a Court order and that I may refer to a further opinion should I not be satisfied with the recommendations.*

Geteken te / Signed at op
(plek/town) (datum/date)

(Biologiese moeder/biological mother)

(Biologiese vader/biological father)

(Professionele Ondersoeker / Professional Investigator)



NAVORSINGSPROJEK

M.P. KIMBERG: D. Phil (Maatskaplike Werk) studie (studente nommer 91563136)
Titel: "Model vir Egskeidingevaluering: 'n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang"

RIGLYN VIR GESINSASSESSERING IN EGSKEIDING

1. AANMELDING:

1.1 Deur wie aangemeld

1.2 Datum van aanmelding.....

1.3 DISPUUT IN EGSKEIDINGGEDING:.....

1.4 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN GESIN IN EGSKEIDING

.....
(Van)

.....
(Adres).....

.....
(Kontak nommers)

.....
(Getal kinders)

2. EERSTE KONSULTASIE: Spreekkamer

2.1 MINDERJARIGE KINDERS

2.1.1

* Skool:.....

* Skoolhoof:.....

* Maats:.....

* Geboortedatum:.....

* Graad in skool:.....

* Klasonderwyser:.....

2.1.2

* Skool:.....

* Skoolhoof:.....

* Maats:.....

* Geboortedatum:.....

* Graad in skool:.....

* Klasonderwyser:.....

2.1.3

* Skool:.....

* Skoolhoof:.....

* Geboortedatum:.....

* Graad in skool:.....

* Klasonderwyser:.....

* Maats:.....



2.2 BIOLOGIESE OUERS

2.2.1 Moeder

- * Volle name.....
- * Geboortedatum:.....
- * Betrekking:.....
- * Werkgewer:.....
- (adres)*.....
-

2.2.2 Vader

-
-
-
-
-

2.3 GROOTOUERS

2.3.1 Materne grootouers

- * Volle name.....
-
- * Geboortedatum:.....
-
- * Betrekking:.....
-
- * Adres:.....
-
- Kontaknommers:.....
-

2.3.2 Paterne grootouers

-
-
-
-
-
-
-
-
-

2.4 ANDER BETEKENISVOLLE PERSONE

- 2.4.1** * Naam:.....
- * Verwantskap:.....
 - * Kontaknommers:.....

- 2.4.2**
-
 -

- 2.4.3** * Naam:.....
- * Verwantskap:.....
 - * Kontaknommers:.....

- 2.4.4**
-
 -



2.5 GESINSAGTERGROND

2.5.1 Genogram van gesinsisteem

Stel genogram op afsonderlike vel papier saam en heg aan

2.5.2 Geskiedenis van die Huwelik

- Datum van huwelik
- Tydperk en omstandighede voor huwelik: bespreek ontmoeting, ontwikkeling van verhouding, verlowingstydperk, besluit tot huwelik – enige besondere motiverings?
- Aard van die huwelik: beskrywing van elke party se belewenis van die huwelik
- Aanvang van huweliksproblematiek: beskrywing van elke party se belewenis
- Besluit tot egskeiding: aanloop tot besluit; besluitnemingsproses = rol van elke party; wanneer is besluitneming gedoen
- Toekomsbeplanning: beskrywing van elke party se rol in die toekomsbeplanning; aard van die toekomsbeplanning

2.5.3 Huidige omstandighede

- Woonomstandighede van beide ouers asook die minderjarige kinders: wie bewoon gesamentlike woning; watter party het uitgetrek; waar word kinders gehuisves/geakkommodeer
- Is die kinders ingelig: hoe is dit gedoen; deur wie is dit gedoen; wanneer is dit gedoen; wat was kinders se reaksie/gedrag
- Ondersteuningsisteme: beskrywing van elke party se ondersteuningsisteme; waaruit bestaan die sisteme; hoe sterk is die verbintenis met die sisteme

2.6 BEWARING EN TOEGANG VAN DIE MINDERJARIGE KINDERS

2.6.1 Bewaring: Motivering deur elke ouer vir die aansoek om bewaring van die minderjarige kinders. Selfbeskrywing van ouerlike vaardighede ten einde die verantwoordelikheid van die bewaring te hanteer; selfbeskrywing deur elke ouer van eie tekortkominge in die hantering van die verantwoordelikheid van die bewaring

2.6.2 Toegangsreëlins: Bespreking van elke ouer se houding jeens die toegang tussen die minderjarige kinders en die nie-bewarende ouer. Selfbeskrywing deur elke ouer van die vaardighede van die ander ouer; beskrywing deur elke ouer van die tekortkominge van die ander ouer; motivering deur elke ouer met betrekking tot toegangsreelings vir die minderjarige kind



2.6.3 Fokus van die ondersoek: Uiteensetting en motivering van die fokus van die ondersoek na die beste belang van die minderjarige kinders. Bespreking van die impak vir ouers en kinders indien die bevel nie gunstig vir 'n ouer is nie.

2.7 KONTRAKTERING

2.7.1 Werkwyse: Uiteensetting van die bepaalde werkwyse van die ondersoek

2.7.2 Finansiële aspekte: Uiteensetting van die beraamde koste en wyse van vereffening.

2.7.3 Kontraktering: Aanvaarding van werksooreenkoms tussen ondersoeker en ouers .
Ondertekening van skriftelike werksooreenkoms deur beide ouers en ondersoeker.

3. EKSPLOLERING: Spreekkamer en tuisbesoek

3.1 MINDERJARIGE KINDSISTEEM

3.1.1 Assessering van ontwikkelingsvlak en individuele behoeftes: Spreekkamer
Individuele konsultasie met elke kind vlg. ouderdomsvlak

3.1.2 Assessering van verhouding tussen sibbe: Spreekkamer
Gesamentlike konsultasie met al die kinders

3.1.3 Assessering van verhouding tussen elke ouer en elke kind: Spreekkamer
Gesamentlike konsultasie tussen een ouer en al die kinders;
Gesamentlike konsultasie tussen ander ouer en al die kinders

3.1.4 Assessering van funksioneringspatrone van kinders: Tuisbesoek/e
Waarneming van verhoudingspatrone; individuele ontwikkelings –
funksioneringspatrone; waarneming van kommunikasiepatrone

3.1.5 Assessering van verhoudings tussen kinders en grootouers: Tuisbesoek
Waarneming van interaksiepatrone; verhoudingskwaliteite; kommunikasiepatrone

3.1.6 Assessering van verhoudings tussen kinders en betekenisvolle ander persone: Tuisbesoek
Waarneming van interaksiepatrone; verhoudingskwaliteite; kommunikasiepatrone



-/5

3.2 OUERSISTEEM

3.2.1 Assessering van funksioneringsvlak van elke ouer: Spreekkamer

3.2.2 Assessering van ouerlike vaardighede van elke ouer: Spreekkamer

3.2.3 Assessering van verhouding tussen elke ouer en elke kind: Spreekkamer

3.3 GESINSISTEEM

3.3.1 Assessering van funksioneringpatrone van gesinsisteem: Tuisbesoeke

**3.3.2 Assessering van verhoudings tussen elke ouer en kinders/ sibbe onderling:
Tuisbesoeke**

**3.3.3 Assessering van verhouding tussen ouer en kinders met grootouersisteme:
Tuisbesoeke**

**3.3.4 Assessering van die maatskaplike omstandighede van elke ouersisteem:
Tuisbesoeke**

3.4 KOLLATERALE INIGTING

**3.4.1 Verifieer funksionering van ouers- en kindsubsisteme binne ander sisteme:
werk/skool/sosiaal/religieus: Telefoniese konsultasies/spreekkamer/tuisbesoek**

3.4.2 Verifieer agtergrond van huwelik en gesin: telefonies/spreekkamer/tuisbesoek

**3.4.3 Verifieer verhouding van elke ouer met ondersteuningsisteme:
telefonies/spreekkamer/tuisbesoek**

4. TERMINERINGSFASE

4.1 EVALUERING

Bestudeer alle inligting ingewin; oorweeg en verifieer feite; beoordeel inligting en bepaal of finale aanbeveling gedoen kan word. Bepaal enige leemtes in inligting en oorweeg addisionele konsultasies.



4.2 ADDISIONELE KONSULTASIES

Beplan, motiveer en voer addisionele konsultasies uit aan die hand van die eerste evaluering.

4.3 INTERVENSIE

Vul bestaande inligting aan uit addisionele inligting ingewin;
Bestudeer, oorweeg en beoordeel alle inligting in terme van die toekomstige funksionering van die nuut gevormde gesinsisteme na egskeiding;
Bepaal wat in die beste belang van die betrokke minderjarige kinders en die nuwe gesinsisteme na egskeiding is.

Stel verslag met aanbevelings aangaande die bewaring en toegangsreelings van die minderjarige kinders.

Stel 'n ouerskap plan met spesifieke uiteensettings met betrekking tot die hantering van die bewaring en toegangsreelings deur elke ouer op. Aspekte soos terapeutiese intervensies na egskeiding word hierin vervat.

4.4 TERUGVOER AAN OUERSISTEME

Beplan en voer 'n konsultasie vir terugvoer met die ouersisteme aangaande die bevindinge en aanbevelings in die verslag en ouerskapplan.

4.5 TERMINEER KONTRAK

Na afhandeling van die intervensieplan en verslag, termineer die kontrak tussen ondersoeker en ouersisteme.

Voorsien verslag aan regsverteenvoerders met die oog op die finale egskeidingbevel en afskrifte aan elke ouer.



RESEARCH PROJECT

M. P. KIMBERG: D.Phil (Social Work) studies (Student number 91563136)

Title: "Model vir Egskeidingevaluering: 'n Sistemiese Perspektief op die Belange van die Minderjarige Kind by Bewaring en Toegang" // Model in Divorce Evaluation: A Systemic Perspective on the Interests of the Minor Child in Custody and Access

QUESTIONNAIRE FOR COMPLETION BY FAMILY COUNCILLORS AT THE OFFICE OF THE FAMILY ADVOCATE

SECTION A: FAMILY COUNCILLOR

A 1. Highest academic qualification: *(Please answer only ONE option)*

| | | | |
|------------------|------------------|-------------------|------------------------------|
| Dipl. S.W. _____ | B.A. (S.W) _____ | M.A. (S.W.) _____ | Other <i>(specify)</i> _____ |
|------------------|------------------|-------------------|------------------------------|

A 2. Additional qualification: *(Please answer ALL options applicable)*

| | | | Certificate | | Diploma | | Post Graduate | |
|------------------------|-------|----|-------------|----|---------|----|---------------|----|
| Playtherapy | Yes | No | Yes | No | Yes | No | Yes | No |
| Family Therapy | Yes | No | Yes | No | Yes | No | Yes | No |
| Other | Yes | No | Yes | No | Yes | No | Yes | No |
| <i>(specify other)</i> | | | | | | | | |

A 3. Experience: *(Please answer only ONE option)*

| | | | | | | | | |
|--|---|---|---|---|---|---|---|------------------------------|
| Total numbers of years working as social worker since qualifying until currently | | | | | | | | |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Other <i>(specify)</i> |

A 4. Experience as family councillor: *(Please answer the number of full years of service completed as family councillor)*

| | | | | | | | | |
|--|---|---|---|---|---|---|---|------------------------------|
| Total numbers of years working as family councillor at Office of Family Advocate | | | | | | | | |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | other <i>(specify)</i> |



Complete section B and C regarding EACH SEPARATE FAMILY SYSTEM

SECTION B: FAMILY SYSTEM IN DIVORCE

B 1. Composition of family system

(Please indicate the total number of members of the family system – circle ONE)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|-----------------------|
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Other (specify) |
|---|---|---|---|---|---|-----------------------|

B 2. Composition of minor children in family system: *(Please indicate the age, gender and educational level of EACH CHILD residing with the family)*

| Age | Gender | | Educational Level | | Is the child residing with the family | |
|-----|--------|---|-------------------|--------------|---------------------------------------|----|
| | M | F | Pre-school | School grade | Yes | No |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

B 3. Marriage: *(Please stipulate the number and duration of this marriage for EACH parent)*

| Parent | 1 st Marriage | Length (years) | 2 nd length | 3 rd length | Other (specify) | length |
|--------|--------------------------|----------------|------------------------|------------------------|-----------------|--------|
| Mother | | | | | | |
| Father | | | | | | |

B 4. Structure of family system: *(Please indicate the nature of employment of each parent – mark ONE for each parent)*

| Mother | | Father |
|--------|--|--------|
| | full time housewife/househusband | |
| | full time employed outside family system | |
| | part time employed outside family system | |
| | full time self employed | |
| | part time self employed | |
| | unemployed | |



B 5. Significant other persons: (Please indicate with *x* all other significant persons for the family, their age and whether residing with the family)

| Relationship of person | Age | Residing with family | |
|-------------------------------------|-----|----------------------|----|
| | | Yes | No |
| maternal grandmother | | Yes | No |
| maternal grandfather | | Yes | No |
| paternal grandmother | | Yes | No |
| paternal grandfather | | Yes | No |
| maternal aunt | | Yes | No |
| maternal uncle | | Yes | No |
| paternal aunt | | Yes | No |
| paternal uncle | | Yes | No |
| sister (child) older than 18 years | | Yes | No |
| brother (child) older than 18 years | | Yes | No |
| other (specify) | | | |
| | | | |

B 6. Consultation at Office of the Family Advocate: (Please indicate the total number of consultations this family had with the Office of the Family Advocate at termination of the service – circle ONE option)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|-----------------------|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | other (specify) |
|---|---|---|---|---|---|-----------------------|

B 7. Dispute parties: (Please indicate the disputing parties in the divorce process of this family – mark with *x*)

| | |
|-----------------------|--|
| mother | |
| father | |
| maternal grandparents | |
| paternal grandparents | |
| Other (specify) | |

B 8. Content of dispute: (Please indicate the reason for the dispute in the divorce process of this family system by answering yes/no in ALL options)

| | | |
|------------------------------|-----|----|
| Custody of minor children | Yes | No |
| Access of minor children | Yes | No |
| Visitation arrangements | Yes | No |
| Maintenance towards children | Yes | No |
| Other (specify)..... | | |



SECTION C: PROCESS OF ASSESSMENT AND EVALUATION

C 1. Date of first assessment: *(Please write down the date of the initial consultation of this family system with this Office of the Family Advocate)*

| |
|--|
| |
|--|

C 2. Nature of initial consultation: *(Please indicate by whom the initial consultation with this family system was conducted – mark the most appropriate option)*

| | |
|-----------------------------|--|
| by yourself | |
| another person | |
| yourself and another person | |
| Other (specify) | |

If the initial consultation was conducted solely by ANOTHER PERSON, please complete Questions C 3 to C 6

C 3. Initial consultation conducted by another person: *(Please indicate the profession and role of the other person who conducted the initial consultation – mark ONE option for profession and ONE for role)*

| | | | | |
|--|--------------|------------|----------|-----------------------|
| Profession of other person conducting initial consultation | | | | |
| Social worker | Psychologist | Lawyer | Advocate | Other (specify)..... |
| Role of other person conducting initial consultation | | | | |
| Leader | Facilitator | Negotiator | Assessor | Other (specify) |

C 4. Duration of the initial consultation: *(Please indicate the duration of the initial consultation – mark ONE option)*

| | | | | | | | |
|--------|---------|---------|----------|---------|----------|---------|----------------------|
| 1 hour | 1½ hour | 2 hours | 2½ hours | 3 hours | 3½ hours | 4 hours | Other (specify)..... |
|--------|---------|---------|----------|---------|----------|---------|----------------------|

| | | |
|------------------------------|-----|----|
| Other (specify) | Yes | No |
| Maintenance towards children | Yes | No |
| Visitation arrangements | Yes | No |
| Access of minor children | Yes | No |
| Custody of minor children | Yes | No |



C 5. Family members present at initial consultation: (Please indicate **which** family members were present at the initial consultation and stipulate **how** the family system was involved by answering the following- mark **ALL correct options**)

| | | | |
|--|-----|----|------------------------------------|
| both parents together: | Yes | No | How long (hrs/min)..... |
| both parents with all children together: | Yes | No | How long (hrs/min)..... |
| mother alone: | Yes | No | How long (hrs/min)..... |
| father alone: | Yes | No | How long (hrs/min) |
| all children together without parents: | Yes | No | How long (hrs/min) |
| all children individual: | Yes | No | How long (hrs/min) |
| other significant persons: (specify) | Yes | No | Who How long each (hrs/min).... |

If the initial consultation was solely or partly conducted by YOURSELF please complete questions C6 to C 10

C 6. Nature of initial consultation conducted by yourself: (Please indicate the **duration** of the initial consultation as well as what **role** you occupied conducting the initial consultation – mark **ONE** option for duration and **ONE** for role)

| | | | | | | | | |
|-----------|-------------|------------|----------|----------------------|------|-----|------|----------------------|
| Duration | | | | | | | | |
| 1hr | 1½hr | 2hr | 2½hr | 3hr | 3½hr | 4hr | 4½hr | Other (specify)..... |
| Your role | | | | | | | | |
| Leader | Facilitator | Negotiator | Assessor | Other (specify)..... | | | | |

C 7. Family members present at initial consultation conducted by yourself: (Please indicate **which** family members were present at the initial consultation and stipulate **how** the family system was involved by answering the following – mark

| | | | |
|--|-----|----|-----------------------------|
| both parents with all children: | Yes | No | How long (hrs/min)..... |
| both parents without children: | Yes | No | How long (hrs/min)..... |
| mother alone: | Yes | No | How long (hrs/min)..... |
| father alone: | Yes | No | How long (hrs/min) |
| all children together without parents: | Yes | No | How long (hrs/min) |
| all children individual: | Yes | No | How long each (hrs/min) ... |
| other (specify)..... | Yes | No | How long each (hrs/min).... |



C 8. Facilities: (Please indicate what **office facilities** were used in conducting the initial consultation – mark the **MOST** suitable option)

| |
|---|
| Office of interviewer |
| Board room |
| Conference room |
| Play therapy room |
| Special family consultation room |
| Combination of facilities (<i>specify</i>)..... |
| Other (<i>specify</i>)..... |

C 9. Techniques: (Please stipulate which **professional techniques** were applied by you during the initial consultation with the family system)

.....

C 10. Skills: (Please stipulate which **professional skills** were applied by you during the initial consultation with the family system)

.....

C 11. Additional consultations: (Please indicate if any **additional consultations** were conducted with the family system – mark yes/no)

| | | |
|---|-----|----|
| Additional consultations with family system | Yes | No |
|---|-----|----|

C 12. Number of additional consultations with family system: (Please indicate how **many** additional consultations were conducted with the family system until termination of service – circle **ONE** option)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|-------------------------------|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | Other (<i>specify</i>)..... |
|---|---|---|---|---|-------------------------------|



C 13. Purpose of additional consultations: (Please stipulate what the **purpose** of the additional consultations were –mark **ALL applicable options**)

| |
|-------------------------------------|
| to gain more information |
| further assessment of parents |
| further assessment of children |
| further assessment of relationships |
| feedback re information |
| discussion of information |
| other (<i>specify</i>)..... |

C 14. Success of purpose of additional consultation: (Please indicate whether the **purpose** of the additional consultations were met – circle **Yes/No** and stipulate how it was met)

| | | |
|---|-----|----|
| Was the purpose successful? | YES | NO |
| How was the purpose of the consultation met (<i>please indicate in own description</i>) | | |
| | | |
| | | |
| | | |

C 15. Consultations with other persons: (Please indicate whether any consultation was conducted with **other persons** outside the family system by answering **Yes/No** and stipulate how many consultations – circle **ONE** option)

| | | | | | |
|--|-----|----|---|---|-------------------------------|
| Any consultations conducted with other persons? | YES | NO | | | |
| Total number of consultations conducted with other persons: (<i>circle ONE option</i>) | | | | | |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | other (<i>specify</i>)..... |

C 16. Other persons involved: (Please stipulate which **other persons** were involved in consultations re the family system – mark **ALL relevant options**)

| | | | |
|-------------------------------|--|----------------------|--|
| maternal grandmother | | paternal grandmother | |
| maternal grandfather | | paternal grandfather | |
| maternal aunt | | paternal aunt | |
| maternal uncle | | paternal uncle | |
| teacher | | friend of mother | |
| religious minister | | friend of father | |
| employer | | friend of child | |
| other (<i>specify</i>)..... | | | |



C 17. Purpose of consultations with other persons: *(Please stipulate the purpose of consultations with other persons - mark ALL suitable options)*

| |
|--|
| to gain collateral information re the family |
| to clarify relationships |
| to clarify systemic connections of the family system |
| other (specify)..... |

C 18. Facilities used in consultations with other persons: *(Please stipulate which facilities were used to conduct consultations with other persons – mark ALL applicable options)*

| |
|----------------------------------|
| office of interviewer |
| board room |
| conference room |
| play therapy room |
| special family consultation room |
| other (specify)..... |

C 19. Evaluation of functioning: *(Please indicate the relevance of the information gained re evaluation of the functioning of the family system - mark yes/no)*

| | | |
|--|-----|----|
| Was the information gained relevant enough to evaluate the functioning of the family system? | YES | NO |
| | | |

C 20. Factors in evaluation process: *(Please indicate which factors created difficulties to evaluate the functioning of the family– mark ALL appropriate options)*

| |
|---|
| not enough relevant information |
| lack of co-operation by family |
| not enough clarification of information |
| emotional intensity of information |
| uncertain about truth of information |
| lack of own professional knowledge |
| lack of own professional experience |
| other (specify) |



C 21. Enhancing factors in evaluation process: *(Please stipulate which factors enhanced the process to evaluate the functioning of the family system- mark ALL relevant options)*

| |
|--|
| enough relevant information |
| co-operation by family |
| enough clear information |
| low emotional intensity of information |
| own professional knowledge |
| own professional experience |
| guidance from supervisor |
| assistance from professional colleague |
| other (<i>specify</i>)..... |

C 22. Evaluation of relationships in family system: *(Please indicate whether the information gained was relevant enough to evaluate the relationships in the family system – mark yes/no)*

| | | |
|--|-----|----|
| Was information relevant enough to evaluate relationships ? | YES | NO |
|--|-----|----|

C 23. Factors creating difficulty in evaluation of relationships: *(Please stipulate which factors created difficulty in evaluating the relationships of the family system – mark ALL appropriate options)*

| |
|--|
| high degree of emotional intensity |
| lack of clarification of information |
| lack of co-operation by family members |
| lack of collateral information |
| lack of own professional knowledge |
| lack of own professional experience |
| lack of enough information |
| lack of professional guidance |
| other (<i>specify</i>) |



C 24. Enhancing factors in evaluation process of relationships: *(Please indicate which factors enhanced the evaluation process of all the relationships in the family system – mark ALL relevant options)*

| |
|--|
| co-operation from family system |
| enough relevant collateral information |
| low degree of emotional intensity |
| enough clear information |
| own professional knowledge |
| own professional experience |
| professional guidance |
| professional support by colleague |
| other (<i>specify</i>)..... |

C 25. Guiding factors in evaluation process: *(Please stipulate which factors from the information re the family system did you apply as guidance in your evaluation of the family system - describe ALL in own words)*

.....

.....

.....

.....

.....

C 26. Evaluating system: *(Please stipulate which factors in the evaluating system created difficulty in the evaluation process of the family system in divorce – mark ALL suitable options)*

| |
|---------------------------------------|
| lack of enough time for assessment |
| lack of efficient facilities |
| different cultures |
| language barriers |
| lack of competent staff |
| lack of own professional knowledge |
| lack of own professional experience |
| inefficient administrative system |
| lack of professional/expert resources |
| lack of collateral investigation |
| other (<i>please specify</i>)..... |



C 27. Recommendation after evaluation: *(Please stipulate your recommendation after evaluation re the divorce dispute of this family system – describe ALL)*

.....

.....

.....

.....

C 28. Influential factors: *(Please indicate which factors from the information gained re the family system influenced your recommendation – stipulate in own words)*

.....

.....

.....

C 29. Report: *(Please indicate whether you compiled a professional report re the evaluation of the family system – stipulate yes/no)*

| | |
|-----|----|
| YES | NO |
|-----|----|

C 30. Professional report: *(Please stipulate to whom your professional report is delivered – answer ONE option)*

| | |
|----------------------|--|
| supervisor | |
| leader of team | |
| head of office | |
| colleague | |
| other (specify)..... | |

C 31. Receiver of professional report: *(Please stipulate the occupation of the person to whom your professional report is delivered – mark ONE option)*

| | |
|----------------------|--|
| social worker | |
| psychologist | |
| advocate | |
| lawyer | |
| other (specify)..... | |



C 32. Other reports: *(Please indicate whether your report is part of another report and if so stipulate the nature of the other report – mark ALL relevant options)*

| | | |
|--|-----|----|
| Does your professional report form part of another report? | YES | NO |
| Nature of the other report: | | |
| official report by office of the Family Advocate | YES | NO |
| report by another assessor | YES | NO |
| other (<i>specify</i>)..... | | |

C 33. Compiler of other report: *(Please indicate the role of the compiler of the other report – mark ONE option)*

| | |
|----------------------------------|--|
| yourself | |
| supervisor | |
| team leader | |
| head of office | |
| outsider (<i>specify</i>)..... | |

C 34. Feedback: *(Please indicate whether you received any feedback re the order made by the High Court in the divorce dispute of the family system in which you delivered a professional report– answer yes/no)*

| | | |
|--|-----|----|
| Did you receive any feedback re the other by the High Court? | YES | NO |
|--|-----|----|

C 35. Suggestions

(Please indicate what factors would promote the evaluation process of a family system in divorce – mark ALL relevant options)

| | |
|---|--|
| more time for assessments | |
| more competent professional staff | |
| more professional guidance | |
| more suitable facilities | |
| more expert resources | |
| special training (<i>specify</i>)..... | |
| more efficient administrative system | |
| better opportunities for collateral investigation | |
| other (<i>specify</i>)..... | |

Your kind co-operation is highly regarded and appreciated